

Die Boer-Hananwa-oorlog van 1894: Bergspitse, Berlyne sendingstasie, Boerokampe en -forte.
Uit: J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, p. 36.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**'n VERGELYKING TUSSEN
COLIN RAE EN CHRISTOPH SONNTAG SE WEERGAWES
VAN DIE BOER-HANANWA-OORLOG VAN 1894**

deur

LIZE KRIEL

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE (GESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
2002**

Promotor: Prof. J.S. Bergh
Medepromotor: Prof. O.J.O. Ferreira



INHOUD

	Bladsy
VOORWOORD	i
I DIE DAGBOEK AS GESKIEDSKRYWING EN LITERÊRE ARTEFAK	1
Tekstualiteit	2
Dekonstruksie en intertekstualiteit	6
Die ekstrateks: konteks en biografiese besonderhede	12
Outeurs en lesers; manuskripte en publikasies	13
Interne kritiek teenoor elemente van verduideliking	19
Getuienis oor die aanloop tot die Boer-Hananwa-oorlog	23
Die verowering van die Blouberg-landskap	25
Sendingbronne en geskiedskrywing	28
Vergelykende geskiedskrywing	31
Literêre teorie en kultuurgeskiedenis	35
II 'n KONTEKSTUALISERING VAN DIE BOER-HANANWA-KONFLIK VAN 1894: SOUTPANSBERG EN DIE ZAR	37
Fernand Braudel se nalatenskap	40
<i>Longue durée</i>: geografie as kulturele kategorie	42
Konjunkturele veranderinge rondom Blouberg gedurende die negentiende eeu	48
1. Die ontwikkeling van die Hananwa-politie	49
2. Die vestiging van witmense in die distrik Soutpansberg	55
Verowering van swart gemeenskappe : Blouberg, Soutpansberg en Pretoria	63
III DIE BOER-HANANWA-KONFLIK IN DIE KONTEKS VAN KOLONISERING ELDERS IN AFRIKA	76
Die Hananwa en die <i>Scramble for Africa</i>	77
Herinnering as konteks	97



IV	COLIN RAE EN CHRISTOPH SONNTAG: BIOGRAFIESE	
	AGTERGROND	103
	Twee persoonlike ontmoetings	103
	Colin Rae se vroeë loopbaan in Suid-Afrika: van Kimberley na die Rand	104
	Aanvangsjare van Christoph Sonntag se loopbaan: van Botshabelo na Blauberg	106
	Colin Rae in Fordsburg en Pretoria	108
	'n Vergelyking tussen die <i>Church of the Province of South Africa</i> en die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal	110
	1. Primêre doelstellings in die ZAR	111
	2. Finansiële posisie	112
	3. Agtergrond en opleiding van werknemers	113
	4. Effektiewe bestuur: instellings en persoonlikhede	115
	Rae en Sonntag se posisie met die aanvang van die 1894-konflik tussen die ZAR en Mmalebôh	117
	Die eerste ontmoeting tussen Rae en Sonntag: 1 Julie 1894	117
	Die tweede ontmoeting tussen Rae en Sonntag: 1 Augustus 1894	121
	Sonntag ná die 1894-oorlog: posisionering tussen die Hananwa- leierskap en die ZAR-regering	122
	Rae ná die 1894-oorlog: verleentheid en verplasing	126
	Verwikkelinge rondom Rae en Sonntag vanaf die laat-1890's	127
	Twee tragiese sterfgevälle	130
	Vergelykende sintese	134
V	DIE VERTELLERS IN DIE RAE- EN SONNTAG-TEKSTE	142
	Christoph Sonntag se dagboek, <i>My friend Maleboch</i>	142
	1. Eerstepersoonsverteller, mede-vertellers, vertaler	142
	2. Vertaler K. Sonntag as veskuilde verteller	145
	a. Toevoegings en wysigings deur die vertaler- redakteur	147
	b. Weglatings deur die vertaler-redakteur	155
	3. Van dagboek tot tragedie deur middel van seleksie	161
	Rae en die samestelling van sy <i>Malaboch</i> -publikasie	165
	1. Rae as eerstepersoonsverteller en outeur	165
	2. Skynbaar-deursigtige werkwyse van die outeur	166
	3. Rae se bron-tekste: <i>The Press</i>	168

a.	Verslaggewer A.C. Jenkins	171
b.	Verslaggewer V.P. Stent	176
c.	Jenkins/Rae v/s Stent/Sonntag	180
d.	Rae se aanwending van <i>The Press</i> problematies	182
4.	Persoonlike oorwegings agter Rae se seleksie-patrone	183
VI	DIE ONTVANGS VAN RAE EN SONNTAG SE TEKSTE	186
	Die veronderstelde ontvangers van die (verskillende) Sonntag-tekste	186
1.	Die sendeling se implisiete leser	186
2.	Die vertaler se implisiete leser	192
	Die veronderstelde ontvangers van die <i>The Press</i> -teks en die Rae-tekste	193
	Reële lesers van Rae en Sonntag se boeke	200
1.	Die werklike lesers van Rae se boek	201
2.	Die werklike lesers van <i>My friend Maleboch</i>	205
	Die Rae- en Sonntag-publikasies as egodokumente	214
VII	DIE SAMESTELLING VAN DIE NARRATIEWE	218
	Die vermoë van Rae en Sonntag om inligting waar te neem en weer te gee	218
1.	Fisiese vermoëns en ruimtelike posisie van die waarnemer	223
2.	Kennis van taal	228
3.	Kennis van militêre aangeleenthede en die gevegsterrein	230
4.	Begrip vir kultuurverskille	233
a.	Kennis van die Hananwa-kultuur	234
b.	Kennis van die Boerekultuur	236
	Die aanwending van persberigte	238
	Die strukture waarbinne die informasie aangebied is	241
1.	Kort uiteensetting van die narratiewe elemente van verduideliking: argument, <i>emplotment</i> en ideologie	244
2.	Trope	250
a.	Ironie as oorheersende troep in <i>My friend Maleboch</i>	252
b.	Metafoor en sinekdogee as die oorwegende trope in Colin Rae se bydrae tot <i>Malaboch</i>	260
	Die nut van White se elemente van verduideliking	267



VIII	DIE OORSAKE VAN DIE BOER-HANANWA-OORLOG VOLGENS RAE EN SONNTAG	270
	Die waarheid volgens Colin Rae	271
	Christoph en Konrad Sonntag se waarheid	279
IX	DIE VERLOOP EN AFLOOP VAN DIE BOER-HANANWA- OORLOG: VOORSTELLINGS VAN RUIMTE EN TYD	317
	Tydruimtes en landskappe	318
	Die ervaring van ruimte in die Rae- en Sonntagtekste: die landskappe van die ‘Malaboch-veldtog’	325
	1. Ruimtebeleving tot en met Colin Rae se aankoms te Blouberg	325
	2. Rae en Sonntag saam by Blouberg	329
	3. Rae en Sonntag se ruimtebeleving na afloop van die Boer- Hananwa-oorlog	347
	Rae en Sonntag se beleving en benutting van tyd tydens en na die ‘Malabochveldtog’	354
X	SLOTBESKOUIING	373
XI	BRONNE	381
	BYLAES	
A	CHRISTEN-HANANWA EN ‘FRIENDLY NATIVES’	397
B	AANSPRAKE OP DIE BLAUBERG SENDINGSTASIE- GROND	406
C	DIE REDES VIR DIE 1894-OORLOG SOOS GELYS DEUR SENDELING SONNTAG EN VERTALER SONNTAG	408

ILLUSTRASIES

Figuur		Bladsy
1	'n Bladsy uit die dagboek van sendeling Sonntag; Berlynse manuskrip	15
2	Nana Olomu van Ebrohimi	85
3	Kgaluši (Mmalebôhô) van Blouberg	85
4	Staatsartillerie met Maxim-masjiengewere	96
5	Sonntag se kommentaar op 'n koerantknipsel	124
6	<i>The Malaboch Extinguisher</i>	173
7	“Mr. Jenkins”	175
8	Fietsryer tussen Blouberg en Pietersburg	176
9	'n Bladsy uit die dagboek van sendeling Sonntag: Pretoria-manuskrip	189
10	Christoph Sonntag	223
11	Colin Rae	224
12	Die sendelingwoning op Blauberg	225
13	Die kerk op Blauberg-sendingstasie	225
14	Anthony Vlotman en Colin Rae	272



KAARTE

Kaart no.		Bladsy
Frontispies	Die Boer-Hananwa-oorlog van 1894	
1	Die negentiende-eeuse invloedseer van die Mmalebôhêheersers volgens Hananwa-segspersone.	44
2	Hananwa-gebied soos beskou deur die Boere teen die laat-negentiende eeu	44
3	Swart gemeenskappe in Transvaal teen die begin van die negentiende eeu	57
4	Wes-Afrika in die laat-negentiende eeu	82
5	Ijebu Ode	83
6	Ebrohimi	84
7	Sendingstasies in Transvaal	141



AFKORTINGS

BSG	Berlynse Sendinggenootskap (<i>Berliner Missionsgesellschaft</i>)
EA BMG	Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft
CPSA	<i>Historical and Literary Papers Library, Archives of the Church of the Province of South Africa, University of the Witwatersrand</i>
SHC	<i>Surrey History Centre, Woking</i>
SPG	<i>United Society for the Promotion of the Gospel</i>
TAB	Suid-Afrikaanse Nasionale Argief: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria
WMMS LA SA	<i>Cory Library, Rhodes University, Wesleyan Methodist Mission Society (London) Archive: South African Correspondence</i>
WMMS SA	<i>Cory Library, Rhodes University, Wesleyan Methodist Mission Society</i>
ZAR	<i>Zuid-Afrikaansche Republiek</i>

VOORWOORD

Soos dit gewoonlik met voorwoorde gebeur, is hierdie paar bladsye laaste geskryf, nadat die ondersoek voltooi is. Die bedoeling is om verantwoording te probeer doen van ten minste die ooglopendste aspekte wat in die ondersoek as vanselfsprekend voorkom of as gegewe aanvaar word, maar nogtans 'n aantal berekende besluite (en beslis ook emotiewe keuses) vooraf behels het. Die betekenis wat aan konsepte toegeken is en die spelwyses waarop daar vir name besluit is, word uiteengesit. 'n Opsomming word ook gegee van die magisterstudie waaruit hierdie proefskrif vertak het.

Die Boer-Hananwa-oorlog van 1894 was tot redelik onlangs in Afrikaanse sowel as Engelse literatuur beter bekend onder die naam van die Hananwa se leier, die Mmalebôhō. Daar is verwys na die *Malaboch Oorlog*,¹ of die *Veldtog teen Malaboch*² (of dan, *Maleboch*, *Malabokh*,³ *Malabock*,⁴ *Mallaboch*,⁵ *Malabog*, *Mmelebogo*⁶ – slegs maar 'n paar van die Afrikaanse en Engelse wisselvorme van *Mmalebôhō*). Daar is van die ouer benaming wegbeweeg juis omdat dit Mmalebôhō vanselfsprekend in die posisie van die antagonist geplaas het en die gebeure van 1894 dus slegs vanuit die oogpunt van die teenstanders van die Hananwa-mense voorgestel het. Die nuwer benaming, waarin albei opponerende partye verteenwoordig word, is deur Tlou Makhura, wat sy M.A.-verhandeling oor die negentiende-eeuse Hananwa-politie geskryf het, gemunt.⁷

Makhura se benaming is nie allesomvattend nie. Dit maak nie voorsiening vir die verdeeldheid binne Hananwa-geledere tussen die ondersteuners van Mmalebôhō en Kibi (Ramatho)⁸ nie. Die begrip *Boer* is ook nie selfverklarend nie.⁹ Binne die konteks waarin daar in die literatuur oor die negentiende eeu na die Zuid-

1. V.N. (pseud.), Uit onze geschiedenis. Een gebeurtenis uit de Malaboch Oorlog, *Die Brandwag*, 1911-08-01.
2. H.R. Haggard, *The people of the mist*, p. i. ("Author's note," 1894-09-20).
3. General Staff, War Office, *The native tribes of the Transvaal* (London, 1905) (Reprint by the University of South Africa, Pretoria, 1962), p. 53.
4. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief: Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: SS. 4140, R. 5950/94, SR. 1115/94, p. 110: Commissaris van Naturellen Kalkbank nu te Blauwberg zendt in Rapport re ultimatum dd. 12-4-94 tegen Malebock en zijn volk omtrent het invorderen van belasting en het opmaken van Census, 1894-06-01.
5. A. Schiel, *Drei und zwanzig Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika*, p. 289.
6. G.H. Franz, Mmalebogo, *Die Huisgenoot*, 1939-02-10, pp. 35 & 89-91.
7. T.J. (Tlou) Makhura doseer Geskiedenis aan die Vista-Sebokeng-kampus.
8. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing. Die Hananwa van Blouberg*. D. Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA, pp. 71-73. Die negentiende-eeuse skeuring in Hananwa-geledere sal deur die loop van die ondersoek in perspektief geplaas word.
9. Die hedendaagse konteks waarbinne die begrip *Boer* deur eietydse gemeenskappe en individue met uiteenlopende kulturele of politieke agendas as identiteit opgeëis word, verskil van dié van die laat-negentiende eeu en word hier ter syde gestel.

Afrikaansche Republiek, of Transvaal, as een van die Boererepublieke verwys word, word onder *Boere* verstaan die wit Afrikaans-/Nederlandssprekende gemeenskap vir wie boerdery tradisioneel die hoof- ekonomiese aktiwiteit was¹⁰ en wat die *Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR)* in die 1890's beheer en as hulle vaderland beskou het. In 1894 het Mmalebôhō se Hananwa geveg teen Boere wat hierdie definisie gestand sou doen sowel as Duits- en Engelssprekende wit inwoners van die ZAR - plus nagenoeg tweeduisend swartmense uit die Koni-, Birwa-, Ndebele- en ander gemeenskappe wat die witmense bygestaan het. Die benaming *Boer* in die titel omsluit dus alle persone wat onder ZAR-bevel gestaan het, met die implikasie dat die ZAR as 'n Boere-instelling beskou word. Die 'Boeremagte' wat teen die Hananwa gaan veg het, moet dus breër geles word as slegs burgers van die ZAR.¹¹

Transvaal word afwisselend as sinoniem vir die ZAR as staat en as geografiese verwysing na die gebied noord van die Vaalrivier en suid van die Limpoporivier gebruik. Die betekenisonderskeid sal duidelik uit die konteks blyk. Hoewel die Boere dit waarskynlik reeds sedert die laat-1850's as sodanig beskou het, is die Blouberg-gebied, die Hananwa se tuiste in die noordweste van Transvaal, eers in 1868 formeel binne die grense van die ZAR omskryf.¹² Die benaming *Blouberg* word, tesame met die kritiek daarteen, in besonderhede in die tweede hoofstuk van die proefskrif bespreek. Ten einde te onderskei tussen die gebergte en die Berlynse Sendingstasie aan die voet daarvan, word laasgenoemde met die Duitse spelling, *Blauberg*, aangedui.

Mmalebôhō / Mmalebôgô is die benaming waarmee die *Hananwa / Gananwa* na hulle hoogste gesagsfiguur, of *kgoši*, verwys. Die familienaam, *Lebogo*, word tans steeds deur die heersersfamilie gebruik en wel soos 'n van in die Westerse vorm. Ter wille van eenvormigheid, is vir die doeleindes van hierdie studie op die spelwyse *Hananwa*, en nie *Gananwa* nie, besluit. (Ouer tekste gebruik selfs nog 'n derde ortografie, *Xananwa*).¹³ Hoewel Makhura ook nog ten gunste van die 'g'-spelwyse is

-
10. In hoofstuk twee sal gesien word dat jag, eerder as landbou of veeteelt, vir lang tydperke heelparty 'boere' se hoof- ekonomiese aktiwiteit was. Hulle hunkering na en afhanklikheid van grond om 'n bestaan te maak en 'n geneigdheid om boerdery onder gunstiger omstandighede wel weer te hervat, het die benaming wel gepas gemaak.
 11. Die Britse onderdane wat die Boere teen Mmalebôhō help veg het, is wel burgerskap van die ZAR toegestaan. Burgerskap vir die ZAR se swart vriende is nie oorweeg nie – 'n voorstel van Kruger om £10 000 onder lojale swartmense wat aan die veldtog deelgeneem het, te versprei, is in die Volksraad met aansienlike teenkating en selfs vrese vir 'gelykstelling' begroet. C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, pp. 25 & 165-170.
 12. J.S. Bergh, Die veranderende grense van "Transvaal" 1840-1994, *Historia* 41(2), November 1996, p. 15.
 13. N.J. van Warmelo, *Ethnological publications V. A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa*, p. 44, verwys na die *baXananwa* van *Mmalebôxô*. Om verwarring of duplisering te vermy, is besluit om nie die die Noord-Sotho-meervoudsaanduiding, *ba-*, in hierdie Afrikaanse teks te gebruik nie.

en die Lebogo-familie dit skynbaar ook so gebruik,¹⁴ is *Hananwa* en *Mmalebôhō* die vorm wat tans deur die Noord-Sotho-/Pedi-taalkundiges wat geraadpleeg is, verkies word.¹⁵ Vir die uitstalling van die Hananwa-mense by die *African Window*-kompleks van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, is ook ten gunste van die ‘h’-spelwyse besluit.¹⁶

Die *Mmalebôhō* wat tydens die 1894-konflik aan bewind was, was Kgaluši. Hy het ook verskeie ander benamings gehad: Sekete, Masilo en, sedert die 1894-oorlog, Ratšhatšha, klanknabootsend van die vaardigheid waarmee hy sy geweer teen die Boere gebruik het.¹⁷ Aangesien daar nie werklik in hierdie studie op Kgaluši se voorgangers en opvolgers as *Mmalebôhō* van die Hananwa gefokus word nie, kan aanvaar word dat ongekwalifiseerde verwysings na *Mmalebôhō* in die hieropvolgende studie op Kgaluši dui. Om hierdie spesifieke *kgoši* te onderskei, word daar by tye verwys na *Kgaluši Mmalebôhō*. Strenggesproke is dit volgens Makhura foutief, aangesien die *Mma*- ‘n vroulike voorsetsel is.¹⁸ *Mmalebôhō*, alias Kgaluši, is skynbaar nie ten tye van die Boer-Hananwa-konflik, soos sy moderne opvolgers, met naam en van (bv. Colin Lebogo) aangespreek nie. *Kgaluši Lebogo* sou derhalwe ook ‘n anachronisme wees. By die Hananwa self sou daar natuurlik geen onduidelikheid gewees het oor hoe om hulle leier aan te spreek nie. Hoofsaak is waarskynlik om die Westerse verwarring dat *Mmalebôhō* ‘n eienaam van ‘n spesifieke individu was en dat daar in die afgelope honderd-en-vyftig jaar net een *Mmalebôhō* was, uit die weg te ruim.

Hierdie studie behels ‘n vergelyking van twee van die persoonlike dokumente (‘egodokumente’) waarin die Boer-Hananwa-oorlog van 1894 inderdaad die duidelikste as hooftema na vore kom en in die meeste besonderhede weergegee word: Colin Rae se *Malaboch* en Christoph Sonntag se *My friend Maleboch*. Weliswaar is hierdie nie die enigste twee dagboeke / herinneringskrifte waarin die konflik van 1894 ter sprake gebring word nie. Die twee tekste waarop in hierdie studie gefokus word, behoort gesien te word binne hierdie groter genre van die laat-negentiende-eeuse ‘egodokument’. ‘n Uitgebreide literatuurstudie oor egodokumente; watter tipe bronne daaronder verstaan word, watter nut dit vir geskiedskrywing inhou en wat beskikbaar

-
14. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, Acknowledgements.
 15. A.E. Kotzé, *Die fonologiese sisteem van Hananwa*, M.A.-verhandeling, UNISA, 1987; Persoonlike inligting: prof. D.J. Prinsloo, Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002, 1994-08-15; A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, pp. 29-47.
 16. Die uitstalling “Creating Hananwa. People of the Blue Mountain” is in 1997 geopen.
 17. A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, pp. 29-47.
 18. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. i & 36.

is omtrent die Boer-Hananwa-oorlog, het 'n aansienlike deel van die magisterstudie wat hierdie proefskrif voorafgegaan het, uitgemaak. Wat volg, is 'n opsomming van daardie aspekte wat ook op die huidige studie betrekking het.

Die term *egodokument* is ongeveer veertig jaar gelede in Nederland gemunt om *memoires*, outobiografieë, dagboeke, reisverhale, briewe en onderhoude as 'n aparte kategorie historiese bronne te beskryf. Daar word aangevoer dat dit aan 'n behoefte voldoen wat ook in ander tale bestaan en waarvoor die Engelse *personal document*, die Franse *document personnel* en die Duitse *Selbstzeugnis* geen volkome ekwivalent bied nie.¹⁹ Egodokumente kan omskryf word as dokumente waarin die leser voor 'n skrywende en beskrywende 'ek' te staan kom.²⁰ Dagboeke is in die verlede al as minder bruikbare historiese dokumente beskou omdat die teenwoordigheid van die 'ek' in die teks dit kwansuis uiters subjektief sou maak.²¹ Marijke van Faassen wys daarop dat wat die 'ek'-perspektief betref, die onderskeid tussen egodokumente en 'ander' historiese dokumente eerder 'n graadverskil as 'n beginselverskil is. Selfs wanneer die ego teruggetrek is agter amptelike of 'gedepersonaliseerde' taalgebruik, word die persoonlike visie van die outeur, of die standpunt van die groep waartoe die outeur(s) behoort, steeds deur 'n dokument oorgedra.²² Die kriteria waaraan historici die egtheid en betroubaarheid van historiese getuienis in die algemeen toets, kan dus in dieselfde mate op sogenaamde egodokumente van toepassing gemaak word. Die informasie in egodokumente moet ook net soos dié in enige historiese bron aan weergawes uit ander dokumente getoets word. Wanneer 'n egodokument op hierdie wyse geanaliseer is, kan die einste subjektiewe aard daarvan voordelig aangewend word om aspekte te belig wat minder 'ek'-gerigte bronne nouliks op hulle eie sal kan aandui.

Dit wil voorkom asof 'n haarklowery om pasklaar definisies vir die kategorisering van egodokumente te skep, die ondersoeker nie veel nader aan die betekenis van elke teks sal bring nie. Dagboeke en reisjoernale is byvoorbeeld nie as 'kategorieë' wedersyds uitsluitend nie. Voorts kan 'n mens byvoorbeeld te doen kry met 'n *memoire* (wat normaalweg verwys na die herinneringe van 'n openbare figuur) wat in dagboekvorm aangebied word; of 'n *memoire*-outobiografie waarin sterk op

-
19. M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere? *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, p. 3; R. Dekker, Egodocumenten: een literatuuroverzicht, *Tijdschrift voor Geschiedenis* 101, 1988, p. 161.
20. J. Presser, *Uit het werk van ...*, pp. 277-282, soos aangehaal in R. Dekker, Egodocumenten ..., p. 161.
21. Vergelyk M. Hugo, Die dagboek as historiese bron - met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell, *Historia* 34(2), November 1989, pp. 109-114 en E. van Heyningen, The diary as historical source: a response, *Historia* 38(1), May 1993, pp. 14 & 25 met M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere? *Theoretische Geschiedenis*, 18(1), 1991, pp. 3-13.
22. M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere? *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, pp. 3-13. Van Faassen was ten tye van die publikasie van hierdie artikel verbonde aan die *Instituut voor Nederlandsche Geschiedenis*, 's-Gravenhage.

dagboekinskrywings gesteun word. Dagboekinskrywings en briewe kan ineengevleg word in dieselfde teks – hetsy deur die outeur óf deur ‘n latere redakteur. Die persoonlike herinneringe van individue kan deur ‘n ander individu in sy/haar dagboek bewaar word. Dan moet daar nog ten opsigte van elke dokument gevra word of die outeur geskryf het met die bedoeling dat die inhoud van die dokument wêreldkundig gemaak en gepubliseer moes word. Die mate waarin die uitgewer in die teks ingegryp het en hoe sodanige wysigings/weglatings die betekenis beïnvloed het, moet eweneens oorweeg word. Ten slotte moet gevra word wat ‘n uitgewer op ‘n bepaalde tydstip beweeg om bepaalde tipe dagboeke te publiseer.²³

Egodokumente behels meer as dagboek-weergawes waarin gebeure en emosies, soos wat dit ervaar is, nog op dieselfde dag opgeteken is. Derhalwe is dit by die lees van egodokumente noodsaaklik om te besin oor die werking van herinnering en veral op watter wyse die verteller/outeur van ‘n egodokument die kollektiewe herinneringe van die gemeenskap waarby hy/sy ingeskakel is, in die teks weerspieël. Daar moet toegegee word dat die konsepte *kollektiewe bewussyn*, *historiese bewussyn* en *sosiale (of kollektiewe) herinnering* net so ontwykend en problematies is as wat dit fassinerend en openbarend is. A.-L. Shapiro definieer *historical consciousness* as ‘n persoonlike bewus-wees van die verlede as sodanig, sowel as ‘n behoefte om ervaringe te begryp in terme van tyd, verandering en herinnering.²⁴ Sedert die Franse sosioloog Maurice Halbwachs in die 1920’s daarop gewys het dat herinnering ‘n sosiale konstruksie is, is daar in geskiedskrywing besin oor die kollektiewe aard van die historiese bewussyn. Peter Burke²⁵ verduidelik:

Halbwachs argued that memories are constructed by social groups. It is individuals who remember, in the literal, physical sense, but it is social groups who determine what is ‘memorable’ and also how it will be remembered. Individuals identify with public events of importance to their group. They ‘remember’ a great deal that they have not experienced directly. A news item, for example, can become part of one’s life. Hence memory may be described as a group reconstruction of the past.²⁶

Burke verduidelik verder dat Halbwachs se aanvanklike onderskeid tussen kollektiewe herinnering as ‘n mondelinge sosiale konstruksie en geskrewe

23. M. Hugo, *Die dagboek as historiese bron ...*, pp. 110-114; M. van Faassen, *Het dagboek: een bron als alle andere? ...*, pp. 11-13; E. van Heyningen, *The diary as historical source: a response ...*, p. 25.
24. A.-L. Shapiro, *Whose (which) history is it anyway?*, *History and Theory* 36(4), December 1997, p. 3. Shapiro was medewerker aan hierdie uitgawe van *History and Theory* wat in sy geheel aan die stand van “memory studies” in geskiedskrywing gewy is.
25. Peter Burke is professor in Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Cambridge. Sy kundigheid oor die aard, teorie en metodiek van kultuurgeskieskrywing blyk uit verskeie publikasies. Hy is onder meer ook die redakteur van ‘n tweede uitgawe van *New perspectives on historical writing* (University Park Pennsylvania, 2001).
26. P. Burke, *Varieties of cultural history*, p. 44.

geskiedenis as 'n objektiewe weergawe van 'die waarheid', nie langer aanvaarbaar is nie.

It had become commonplace to point out that in different places and times, historians have considered different aspects of the past to be memorable (battles, politics, religion, the economy and so on) and that they have presented the past in very different ways, concentrating on events or structures, on great men or ordinary people, according to their group's point of view.²⁷

Burke beskou geskiedenis hier dus as *sosiale herinnering*. Geskiedenis as 'n akademiese praktyk, kan dan óf dien om die heersende historiese bewussyn van 'n gemeenskap te herbevestig, óf uit te daag deur te wys op 'feite' wat mense verkies het om te verswyg en latere generasies dan nie meer kan onthou nie. Dit bevestig ook net weer dat 'akademiese kundigheid' nie te onderskei is nie, maar eerder nou aansluit by die populêre aannames wat 'n bepaalde generasie belanghebbers aan 'n besondere stuk verlede heg.²⁸ Die bestudering van persoonlike dokumente kan dus ewe openbarend wees van die tyd waaroor dit vertel as die tyd van waaruit dit vertel.

Die egodokumente wat Colin Rae en Christoph Sonntag nagelaat het, staan in verhouding tot die dagboekinskrywings en *memoires* van 'n handvol ander tydgenote wat die gebeure van 1894 in 'n verskeidenheid hoedanighede waargeneem en opgeteken het:

K.R. Keizer, die sekretaris wat kommandant-generaal Piet Joubert²⁹ na Blouberg vergesel het, het as deel van sy ampstaak dagboek gehou van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) se 1894-veldtogte te Blouberg en in die Laeveld. Dit word saam met die ander dokumentasie vir die periode van die veldtog in die argiefgroep van die Kommandant-Generaal bewaar.³⁰ Die dagboek, in Keizer se netjiese handskrif, beslaan in totaal agtien bladsye in 'n hardeband A4-grootte boek. Die eerste twaalf

27. P. Burke, *Varieties of cultural history*, p. 45.

28. P. Burke, *Varieties of cultural history*, pp. 41-59; L. Kriel, Om die verlede te verbeel: 'Akademiese' geskiedskrywing en die historiese bewussyn, *Historia* 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

29. Petrus Jacobus Joubert (1831 – 1900) was sedert 1880 kommandant-generaal van die ZAR. Nadat sy oorwinning oor die Britte by Majuba (1881-02-27) die herstel van Transvaalse onafhanklikheid moontlik gemaak het, het hy gedurende die 1880's en 1890's talle Boereveldtogte teen die swart gemeenskappe binne die ZAR gevoer. Die feit dat die ampte van kommandant-generaal en 'superintendent van naturelle' tot in 1896 in hom as persoon verenig was, dui op die groot rol wat hy oor meer as 'n dekade in die lotgevalle van die swart gemeenskappe noord van die Vaalrivier sou speel. Sy taktiek tydens hierdie veldtogte, om swartmense met 'n fort-netwerk te beleër en hulle watervoorraad af te sny, is veral gekenmerk deur 'n oorversigtigheid om nie sy manskappe in gevaar te stel nie. W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, pp. 431-436; J.A. Mouton, Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 20 I, pp. 157 & 266-267.

30. TAB: KG. 640, pp. 1-18 & 399-400: Malaboch-Commando. Dagboek, 1894-06-12 tot 1894-09-20.

bladsye handel oor die gebeure by Blouberg. Daarna het Keizer sonder opskrif of onderbreking voortgegaan sodat die aanloop, verloop en afloop van die Laeveldveldtog in die oorblywende ses bladsye ontvou. Agter in die hardeband het Keizer 'n register van witmense wat in diens van die ZAR gewond of gedood is, bygehou.³¹

Die dagboek bied die indrukke van die oorlog volgens die persoonlike waarnemings van die kommandant-generaal se sekretaris. Die lengte van die dagboekinskrywings wissel gewoonlik tussen ses en tien reëls - soms effens langer, soms 'n enkele tweedrie reëls. Hy vermeld alle krygsraadsittings, so ook die bewegings van die poskoets en die aankoms- en vertrekdatums van die kommando's of enkele hooggeplaastes wat die Boerekamp besoek het. Hy maak gereeld opmerkings oor die aantal beeste wat gebuit is en hoe dit verdeel is. Keizer het ook deeglik boek gehou van die vordering met die inname van die Hananwa se bergvesting, maar volgens wat vir hom op 'n dag-tot-dag basis betekenisvol gelyk het. Om hierdie rede bevat Keizer se dagboek besonderhede oor die praktiese werksaamhede van die Boeremagte wat maklik weggelaat kon word in verslae wat uit 'n retrospektiewe geheelbeeld opgestel sou word.³² Hy was krities ingestel op die oorsprong en betroubaarheid van ontvangde inligting.³³ Keizer was ook versigtig om te oordryf. Nadat hy byvoorbeeld aanvanklik geskryf het "[v]an alle zijden bericht ontvangen," het hy "alle" doodgetrek en met "verskillende" vervang.³⁴

Binne 'n kort bestek dek Keizer se dagboek die hoofmomente in die stryd tussen die Hananwa en die Boere uit die oogpunt van laasgenoemde. As sodanig is dit betroubaar en bruikbaar om 'n indruk van die militêre verloop van die veldtog aan Boerekant te vorm. Die gedateerde inligting oor verdere notules en ander verslae wat opgestel is en geraadpleeg kan word, is nuttige verwysings. Die dokument het nie veel nut vir 'n ondersoek na Boere-mentaliteit nie en nog minder vir 'n ondersoek na Hananwa-mentaliteit.

Tydens die Boer-Hananwa-oorlog van 1894 was **Paul Kruger** reeds vir meer as 'n dekade lank president van die ZAR. Sy herinneringe is teen die einde van sy lewe, terwyl hy as gevolg van die oorlog tussen Boer en Brit in ballingskap in Europa was, opgeteken. H.C. Bredell, sy privaatsekretaris, en P.G.W. Grobler, Adjunk-Sekretaris van Buitelandse Sake, wat hom in 1900 na Europa vergesel het, het die *memoires* neergeskryf. 'n "Geauthoriseerde Nederlandse Uitgawe", bewerk deur F. Rompel, is

31. Malaboch-Commando. Dagboek, pp. 399-400.

32. Malaboch-Commando. Dagboek, p. 3.

33. Malaboch-Commando. Dagboek, p. 6.

34. Malaboch-Commando. Dagboek, p. 12.

in 1902 gepubliseer.³⁵ Indien die bewerker op sy woord geneem kan word, is hierdie publikasie betroubaar in dié sin dat dit inderdaad is wat dit voorgee om te wees: “zuivere herinneringen”. Die president het slegs vir die periode ná 1896 amptelike stukke wat geraadpleeg kon word, byderhand gehad. Die Boer-Hananwa-vertelling val in die periode wat hy “uit het geheugen” gedikteer het. Wanneer sy amanuensisse van hom verskil het, is hulle redevoeings ook (onderskeibaar van die *memoires* self) in die teks opgeneem, aangesien die president steeds volgehou het dat sy voorstelling die waarheid was. Sulke byvoegsels kom nie voor onder die gedeelte wat na Mmalebôhō verwys nie.³⁶ Die skrywers het waarskynlik geen beswaar gehad teen die wyse waarop Kruger die 1894-oorlog in herinnering geroep het nie.

Paul Kruger se *memoires* is dus materiaal vir ‘n studie in Boereherinneringe oor die konflik met die Hananwa vanuit die agternaperspektief van die Jameson-inval van 1896 en die oorlog teen Brittanje wat in 1899 uitbreek het. Die wisselende aandag wat in die *memoires* aan die verskillende aspekte van die 1894-gebeure bestee word, openbaar duidelik wát voorop in die Boere-amptenare se geheue was. Die ‘probleme met Malaboch’ by Blouberg word in minder as ‘n halwe bladsy verteltyd afgehandel.³⁷ Die wrywing wat die kommandering van Britse onderdane vir dié veldtog in Pretoria en aan die Rand veroorsaak het, geniet ‘n volle twee bladsye verteltyd.³⁸ Vir Kruger was die kommandering van Britse onderdane vir die veldtog teen Mmalebôhō die eerste geleentheid waar die *Transvaal National Union* hulle griewe teen sy regering gelug het en begin agiteer het vir stemreg. Die kwessie rondom die politieke regte van “Engelsche onderdanen” is in die halfdekade na die ‘Malaboch’-oorlog op die spits gedryf. Die oorlog waarin die president hom bevind het terwyl sy herinneringe opgeteken is, is beskou as ‘n uitvloeisel daarvan en het die herinneringe aan die verhoudinge tussen die Boere en die Hananwa binne daardie konteks geplaas.

Die kort vertellinkie oor die konflik met Mmalebôhō openbaar baie oor die Boere se algemene aannames oor swartmense in daardie tyd. As inwoners van die ZAR, is hulle beskou as ondergeskik aan en belastingpligtig teenoor die regering in Pretoria.

-
35. S.J.P. Kruger, *Gedenkskriften van ... geciteerd aan H.C. Bredell en P. Grobler* (red. F. Rompel). Kruger se *memoires* is ook in Engels gepubliseer: S.J.P. Kruger, *The memoirs of ...* (eds. H.C. Bredell & P. Grobler) (Johannesburg, 1986). Die naam en besonderhede van die vertaler word nie aangedui nie. Die Engelse vertaling van die gedeelte wat handel oor die ZAR se botsing met Mmalebôhō en die Hananwa stem, afgesien van die fyner semantiese nuanses wat vanselfsprekend met vertaling ingeboet word, grootliks ooreen met die Nederlandse teks.
36. S.J.P. Kruger, *Gedenkskriften van ...*, pp. 137-140.
37. S.J.P. Kruger, *Gedenkskriften van ...*, p. 137. *Verteltyd*: die bladsyruimte wat ‘n outeur aan ‘n bepaalde segment van die gebeure afstaan; teenoor *vertelde tyd*: die aantal ure, dae, ensovoorts waaroor die gebeure wat vertel word, afgespeel het. Sien hoofstuk ses vir ‘n vollediger bespreking.
38. S.J.P. Kruger, *Gedenkskriften van ...*, pp.137-140.

Enige optrede van swart gemeenskappe waardeur hulle onafhanklike beskouing van hulleself te kenne gegee is, is as moeilikheid en brutaliteit teen die regering beskou.³⁹

Waarskynlik juis omdat die vertelling oor Boer-Hananwa-spanning in die *memoires* so kort is, bied dit 'n goeie opsomming van daardie indrukke van die Hananwa wat die *durende herinneringe*⁴⁰ van die Boere-regering in Pretoria geword het. Dit is ook opmerklik hoe Kruger sy luisteraar probeer oortuig het dat 'n oorlog teen die Hananwa onvermydelik was. Weinig substansiële redes word aangevoer, maar die Hananwa word as 'n vyand wat sy verdiende loon gekry het, beskou:

“[T]he emotional memory, in a moment of revelation, restores [the past] to us as a living thing.”⁴¹ Sodanige emosionele herinneringe word gevind by **George Glaeser Munnik**: staatsamptenaar, skrywer en ná Uniewording in 1910 ook Transvaalse senator. Hy was 'n geestige verteller⁴² van wie verwag sou kon word dat hy sy emosionele herinneringe oor negentiende-eeuse Transvaal só op skrif sou vaslê. In 1921 verskyn uit sy pen *Kronieke van Noordelike Transvaal: die herinneringe van senator G.G. Munnik* en in 1934, die jaar voor sy dood, *Memoirs of Senator the Hon. G.G. Munnik, covering eighty years of thrilling South African history, politics and war*. In albei herinneringspublikasies word ongeveer twee bladsye verteltyd aan die ZAR se oorlog teen 'Malaboch' gewy. Sy *Kronieke* en *Memoirs* is nie betroubaar om 'feite en datums' te kontroleer nie, maar soos in die geval van Kruger se *memoires*, gee Munnik se herinneringe 'n voorstelling van die aannames en verwagtings van hom en sy tydgenote.

As landdros van die distrik Soutpansberg was Munnik teen 1894 op Pietersburg gesetel. Die oorlog tussen die ZAR en die Hananwa te Blouberg het dus binne sy jurisdiksie plaasgevind. Argivale materiaal en koerantberigte⁴³ uit die tyd bevestig dat hy homself met sy optrede en uitsprake direk by die 1894-konflik betrek het. Hy was voor Joubert se aankoms te Blouberg as't ware die skakelpersoon tussen die plaaslike kommandant, Barend Vorster, en die kommandant-generaal.⁴⁴

39. S.J.P. Kruger, *Gedenkskriften van ...*, p. 137.

40. Volgens Maurice Halbwachs word die meeste dinge wat in die verlede gebeur het, vergeet. Die herinneringe wat durende belangrikheid in die gemeenskap se kollektiewe bewussyn verkry, is daardie persoonlike herinneringe wat deur 'n bepaalde generasie gedeel word en vanweë die waarde wat dit het om die sosiale orde in stand te hou, voortdurend herhaal word. M. Halbwachs, *On collective memory* (ed. L.A. Coser), pp. 182-189.

41. P.A. Spalding, *Self-harvest. A study of diaries and the diarist*, pp. 58-59.

42. C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, pp. 401-402.

43. Sien hoofstuk een en *The Press*, 1894-05-12 & 1894-05-28.

44. TAB: SS. 4140, R. 1965/94, CR. 1200/94, SR. 904/94, pp. 62-64: Landdrost, Pietersburg – Commandant-Generaal, Pretoria, 1894-04-25.

Tussen twee en drie dekades ná die gebeure onthou Munnik, soos Kruger, die Boer-Hananwa-oorlog van 1894 steeds binne die konteks van die oorsake van die Anglo-Boereoorlog van 1899. Die herinneringe wat Munnik in 1921 vir sy Afrikaanse gehoor in *Kronieke* en in 1934 vir sy Engelse gehoor in *Memoirs* opgeteken het, verskil. Dit illustreer hoe die tydgees waarin (en die gehoor vir wie) 'n publikasie saamgestel word, die inhoud daarvan beïnvloed. Ook in *Memoirs* skryf Munnik oor die vyf Engelse gekommandeerdes wat geweier het om aan die kommando teen Mmalebôhê deel te neem, maar dertien jaar ná *Kronieke*, stel hy hulle situasie in 'n simpatieker lig en versuim hy om die verband tussen die 'Malaboeh'-veldtog en die Anglo-Boereoorlog uit te wys.⁴⁵ Die vereniging van Hertzog se Nasionale Party en Jan Smuts se Suid-Afrikaanse Party (met sy sterk Engelse aanhang) in daardie einste jaar, moes veel met Munnik se 'versoenende' herinneringe te doen gehad het.⁴⁶

Munnik het met sy staaltjies die waardes, idiome en vooroordele van die Soutpansbergse witmense teen die einde van die vorige eeu in volkleur weergegee. Sy karaktersketse van prominente figure is ook besonder tekenend. Hy verduidelik byvoorbeeld hoe die kleur van kommandant Barend Vorster van Kalkbank se baard hom die bynaam 'Swart Barend' besorg het.⁴⁷ Kaptein Adolf Schiel het hy as "van avontuurlike aard, biesonder heersugtig"⁴⁸ beskryf. Schiel se eie herinneringskrif bied die geleentheid om die geloofwaardigheid van hierdie beskrywing eerstehands te toets.

Voordat hy in 1878 na Suid-Afrika verhuis het, is **Adolf Friedrich Schiel** in Duitsland as infanteris en kavalleris opgelei. Sy verbintenis met die ZAR se Artilleriekorps begin in 1888 as vierde luitenant-onderwyser. Hoewel hy vinnig bevorder word tot kaptein-titulêr, lê hy in 1889 dié pos neer om 'n 'naturelle-kommissaris' in die distrik Soutpansberg te word. In 1894 keer hy tydelik terug na die Artillerie, wat sy dienste as gekwalifiseerde administrateur benodig het. In dié hoedanigheid voer hy die Artillerie aan tydens die ZAR se veldtog teen Mmalebôhê. Tydens die Anglo-Boereoorlog was hy in beheer van die Duitse korps wat aan Boerekant geveg het. Op 22 Oktober 1899 word 'n gewonde Schiel by Elandslaagte gevange geneem. In ballingskap op St. Helena skryf hy sy herinneringe neer.⁴⁹ Schiel se herinneringe, *Drei und zwanzig Jahre Sturm und Sonnenschein in*

45. G.G. Munnik, *Memoirs of Senator the Hon. ..., covering eighty years of thrilling South African history, politics and war*, pp. 156-157; G.G. Munnik, *Kronieke van Noordelike Transvaal: die herinneringe van senator ..., pp. 96-97.*

46. Dank aan dr. Alex Mouton, Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, wat hierdie punt uitgewys het. Sien C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 402.

47. G.G. Munnik, *Kronieke van ..., p. 57.*

48. G.G. Munnik, *Kronieke van ..., p. 82.*

49. W.J. de Kock & D.W. Krüger (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, pp. 645-646.

Südafrika, is in 1902 in Duits gepubliseer en bevat 'n hele hoofstuk oor die 1894-oorlog tussen die Boere en die Hananwa.⁵⁰ In die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* is die herinneringskrif geëvalueer as “'n lesenswaardige werk, maar nie altyd betroubaar nie omdat hy sonder bronne skryf, sy geheue hom by wyle parte speel en hy sy aandeel aan sake soms uitermate vergroot.”⁵¹

Van 'n vergrote aandeel aan sake getuig die hoofstuk oor sy betrokkenheid by die Boer-Hananwa-konflik maar te duidelik. Die navorser moet hom of haar nie blind staar teen die sentrale posisie wat Schiel in al sy vertellings inneem nie – dit is immers endemies aan die meeste *memoires*, waar die hoofkarakter die geleentheid kry om sy eie rol te skryf. Die leser hóéf nie vir Schiel al die erkenning waarop hy aanspraak maak, te gee nie. Die plan om die Hananwa tot oorgawe te dwing deur hulle watervoorraad af te sny, kon byvoorbeeld nie die eksklusiewe breinkind van Adolf Schiel gewees het nie. Tog is die wyse waarop hy die uitvoering daarvan beskryf, veel meer geloofwaardig as Munnik se odes aan die artilleriste wat die Hananwa soos “sneeu voor die son”⁵² laat verdwyn het. Die feit dat Adolf Schiel een van die weinige waarnemers van die oorlog te Blouberg was wat werklik oor militêre insig beskik het, behoort dus ook nie té geringgeskat word nie.

Die beterweterige selfvoldaanheid daarin ter syde gestel, het Schiel se kritiek op Joubert - en dié se kommentaar - groot waarde. Schiel bied die leser 'n blik op die Boere deur die oë van 'n buitestaander wat in hulle binnekringe opgeneem is. Sy herinneringe openbaar dat die Boere-kultuur van die laat-negentiende eeu van Europese kultuur onderskei moet word. Twee verskillende mentaliteite was ter sprake. Schiel se herinnering aan hoe Joubert gereageer het op sy voorstelle vir vernuwing, bevestig dit:

Schiel, jy kom altyd na my toe met jou Europese militêre idees. Ek het nie by Majuba enige kaarte gehad nie, ook nie by Niabel [Nyabela van die Ndzundza-Ndebele] nie, en God het my steeds die oorwinning gegee; en sal my by Mallaboch [sic] en Magato [Makhado van die Venda] ook weer help, sonder kaarte!⁵³

Met sy Duitse agtergrond het hy baie sake anders as die Boere gesien. Dit het hom laat kommentaar lewer op aspekte wat vir Boere-waarnemers 'n vanselfsprekendheid

50. A. Schiel, *Drei und zwanzig Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika*, pp. 284-327. Schiel se seun Anton het ook sy herinneringe aan sy vader se rol in die konflikte van die 1890's in die distrik Soutpansberg op skrif gestel. Sien TAB: A. 1279, pp. 1-7: Manuskrip Anton Schiel V, Oorsig van die Malabogoorlog, opgestel 1948.

51. W.J. de Kock & D.W. Krüger (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 646.

52. G.G. Munnik, *Memoirs of ...*, p. 157.

53. A. Schiel, *Drei und zwanzig Jahre ...*, p. 292. Vertaling L.K.

– of ‘n verleentheid – was en wat nie noodwendig in hulle egodokumente na vore sou tree nie. Dit behels oorbekende aspekte oor hulleself én die swartmense tussen wie hulle geleef het. Die Duitse leserspubliek op wie die publikasie gemik was, het immers geen kennis van Suid-Afrika gehad nie. Deurdat Schiel hulle in sy beskrywings in ag geneem het, het hy onbewustelik ook die hedendaagse leser tegemoet gekom. Vir die hedendaagse Suid-Afikaner is negentiende-eeuse Transvaal immers ook ‘n vreemde land.

Naas Adolf Schiel, was **S.P.E. Trichard** die enigste ander militêre kundige in die ZAR-krygsmag wie se skriftelike herinneringe aan die oorlog teen Mmalebôhê opgespoor kon word. Trichard was geen opgeleide artilleris nie, maar is deur sy tydgenote as ‘n bekwame krygsman beskou. Ten tye van die ‘Malaboch’-veldtog was hy kommandant van die Middelburg-kommando. In 1897 is hy te midde van omstredenheid omdat hy ‘n buitestaander was, as bevelvoerder van die Staatsartillerie ingesweer. (Die ander moontlike kandidaat was Adolf Schiel.) Gedurende die Anglo-Boereoorlog is hierdie pos van Trichard, weer eens te midde van omstredenheid, in Oktober 1900 afgeskaf en is Trichard in bevel van ‘n burgerkommando geplaas.⁵⁴

Ná die Anglo-Boereoorlog, in 1903, het Trichard en Thomas Kroon, sy amanuensis, die taak wat hulle reeds in 1898 aangepak het, hervat en voltooi. Uit dokumentêre gegewens en dagboek aantekeninge wat volgens sy familie voortdurend deur Trichard bygehou is, het hy sy herinneringe met die oog op publikasie aan Kroon gedikteer.⁵⁵

Die herinneringskrif is eers in 1975 as deel van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Bronnepublikasie reeks gepubliseer. Die redakteur, O.J.O. Ferreira,⁵⁶ het sy werkwyse deeglik verantwoord: van die metode waarvolgens die verskillende behoue manuskripte met mekaar vergelyk is, tot die besluit om die foutiewe spelling en willekeurige hooflettergebruik in die publikasie oor te neem. Die publikasie is ook gekontekstualiseer met biografiese gegewens oor beide Trichard en Kroon.⁵⁷ Die verantwoordbare wyse waarop hierdie dagboek geannoteer is, staan in skerp kontras met die manier waarop die Sonntag-dagboek, wat in die proefskrif ondersoek sal word, vir publikasie voorberei is.

54. S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven van ..., luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemzelve beschreven* (red. O.J.O. Ferreira). Pretoria, 1975. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Bronnepublikasie III, 1975, pp. xii-xvi; W.J. de Kock & D.W. Krüger (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, pp. 769-770.

55. S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en striven ...,* pp. xvi & xxi-xxiii.

56. Professor Cobus Ferreira, ‘n bekroonde kultuurhistorikus, is sedert 1980 aan die Universiteit van Pretoria verbonde.

57. S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven ...,* pp. xii-xxiv.



Die gedeelte van sy manuskrip waarin Trichard die “Malaboeh Oorlog 1894” behandel, beslaan nege bladsye in die gepubliseerde weergawe.⁵⁸ Daarvoor alleen het die redakteur nie minder nie as 48 voetnote voorsien. Met verwysing na ‘n wye reeks argivale bronne, tydskrifartikels en wetenskaplike studies oor die Boer-Hananwoorlog, is aangedui waar Trichard met datums en die opeenvolging van gebeure gefouteer het. Die voetnote identifiseer ook die persone na wie Trichard in sy herinneringe verwys. Dit is ‘n konsensieuse publikasie wat die bruikbaarheid van die manuskrip vir die kritiese navorser vermenigvuldig.

Die herinneringskrif is gepubliseer onder die titel wat Trichard oorspronklik daaraan toegeken het: *Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R., door hemzelve beschreven*. Die ietwat lompe bewoording is met rede behou: Trichard se motivering vir die opstelling van die geskrif is gedeeltelik daarin opgesluit. Ferreira verduidelik dit soos volg:

Moontlik het sy ontslag as luitenant-kolonel van die Staatsartillerie van die Z.A.R., hoewel nie oneervol nie, by hom die gevoel laat ontstaan dat hy en sy familie se historiese aandeel aan die Transvaalse geskiedenis nie genoeg erkenning gekry het nie en het hy dit onbewustelik in sy outobiografie probeer regstel.⁵⁹

Dit kom inderdaad na vore in Trichard se vertelling oor die ‘Malaboeh Oorlog’. In 1894, ten tye van die veldtog teen Mmalebôh, het Trichard nog nie ‘n verbintenis met die Artillerie gehad nie – hy was kommandant van Middelburg. Wanneer hy in 1903 terugkyk op hierdie veldtog, kry hy hom nie heeltemal losgemaak van sy Artillerie-identiteit wat hy eers in 1897 omhels het nie. Trichard verwys slegs een keer by name na Middelburg en dit sonder om sy persoonlike affiliasie met die kommando te koester.⁶⁰ Wat hy weergee, is nie die herinneringe aan *kommandant* Trichard se outentieke ervarings gedurende 1894 nie. Dit is eerder wat *luitenant-kolonel* Trichard van die *Staatsartillerie* in 1903 veronderstél het hy oor die 1894-veldtog behoort te onthou het.

Wat veronderstel was om Trichard se herinneringe aan die ‘Malaboeh-veldtog’ te wees, het skynbaar gedeeltelik ontaard in ‘n poging om die geskiedenis van die Staatsartillerie te konstrueer. Trichard se fiksasie op die Staatsartillerie het die behoefte om op die spoor van sy persoonlike wedervaringe terug te gaan en dít op papier vas te lê, begin oortref. Hierdie ontdekking knou die geloofwaardigheid van

58. S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven ...*, pp. 57-67.

59. S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven ...*, p. xxii.

60. S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven ...*, p. 59.

Trichard se vertelling oor 1894 as *herinneringe* aansienlik. Die dokumentêre gegewens wat hy volgens familieledede byderhand gehou het om die betroubaarheid van sy herinneringe te verseker, het dit in hierdie geval skynbaar juis belemmer. Die fragmentariese aard van die hele ‘Malaboch’-vertelling kan daarop dui dat die nege bladsye hier onder bespreking, ‘n sameflansing van dokumentêre gegewens, dagboeknotas en herinneringe is. Die resultaat is nie ‘feitelik’ onbetroubaar nie – veral nie nadat Ferreira die gegewens deeglik gekontroleer en probleme uitgewys het nie – maar dit is nie ‘n outentieke Trichard-egodokument nie.

Percy Fitzpatrick, politieke aktivis in die Transvaalse ‘Uitlander’-gemeenskap, het vir sy aandeel in die Jameson-inval in 1896 vir vier maande in die gevangenis in Pretoria beland. Die haglike toestande van aanhouding is toegevoeg tot die talle griewe wat hy reeds teen Paul Kruger se Boerestaat gekoester het.⁶¹ Sy dagboek en korrespondensie uit die tyd van sy gevangenskap bied ‘n nie-amptelike beskouing van ‘n aspek van die nagevolge van die 1894-Boer-Hananwa-oorlog wat in die ander egodokumente oor die konfrontasie verwaarloos is. Behalwe vir die Fitzpatrick-dokumente, het Mmalebôhō en sy gevolg se posisie in die gevangenis slegs in regeringsdokumente neerslag gevind.

‘n Seleksie uit Fitzpatrick se dokumentasie is in 1976 deur A.H. Duminy en W.R. Guest vir publikasie voorberei.⁶² Sy gevangenisdagboek en ‘n brief aan sy vrou waarin van Mmalebôhō melding gemaak is, vorm deel van die versameling. Die bewerkers het aansienlike kennis van die geskiedenis van die periode van hulle lesers veronderstel en nie veel verklarende opmerkings geannoteer nie. Waar hulle na noukeurige ontsyfering steeds nie ‘n frase of woord kon uitmaak nie, het hulle ‘n waarskynlike lesing daarvan ingevoeg, maar dit is telkens tussen vierkantige hakies as sodanig aangedui. Die enigste wysigings wat sonder verantwoording aangebring is, was leestekens en ooglopende spelfoute.⁶³ Daar is dus geen grondige rede om aan die betroubaarheid van die bewerkers van die publikasie te twyfel nie.

In ‘n gesels-brief aan sy vrou sou Fitzpatrick waarskynlik ook nie grondige rede gehad het om misleidende informasie oor Mmalebôhō te verskaf nie. Die volgende is ‘n uittreksel uit die brief van 31 Januarie 1896. Met sy veel-geroemde skryfstyl het

61. W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 305; J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within. A private record of public affairs*, pp. 251-281.

62. J.P. Fitzpatrick, ... *South African politician. Selected papers, 1888-1906* (eds. A.H. Duminy & W.R. Guest). Duminy is tans hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Argief en Guest ‘n professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Natal.

63. J.P. Fitzpatrick, *Selected papers ...*, p. 10.

Fitzpatrick die tronk-atmosfeer op papier vasgevang en wek hy deernis beide vir homself en Mmalebôhō:

My dearest Mate, In the social atmosphere in which I find myself at present, soaring companionship is to a certain extent limited. We are two - [Wools-] Sampson and I - here and we are not allowed, as you know, to mix with the other four [[‘Uitlander’-gevangenes]] and, when we tire of our books and each other, we have to fall back on Malaboch and his indunas - political martyrs like ourselves. For, of course, we could not afford to associate with criminals of another grade. As a consequence, we have become friendly with Malaboch, i.e. he sakabonas us and we stand him trifles of various kinds. He sits in the sun before it gets too hot and darns the splits and rents of his “towsies” - for they are pretty far down in the list of quoted stocks now - and, when it gets too warm, he squats in the shade, reads his Bible and makes notes with a blunt nail on a bit of slate stone.⁶⁴

Selfs in hulle solidariteit met Mmalebôhō, word die rasse-onderskeid tipies van die laat-negentiende-eeuse tydgees steeds in die gevangenis gehandhaaf, sodat Mmalebôhō teenoor Fitzpatrick se kameraad opmerk: “‘Hau, *baas*, it’s very bad!’”⁶⁵

‘n Dagboekinskrywing op Vrydag 1 Mei 1896 is saakliker as die brief aan sy vrou. ‘n Reeks gegewens word opgestapel. Die Hananwa-gevangenes se gebrek aan geriewe word uiteengesit, so ook die getalle van dié wat aan koors dood is. Fitzpatrick noem dat hulle na twee jaar steeds nie verhoor is nie. Die rede wat hy aanvoer, is verdere ondersoek werd. Volgens hom sou die “doings” (wanadministrasie en arbitrêre optrede?) van die betrokke ‘naturellekommissaris’(Swart Barend Vorster?) deur die ‘Uitlander’ wat Mmalebôhō se verdediging tydens die verhoor wou hanteer, na vore gebring word. “[A]nd so the trial was quietly dropped.”⁶⁶

Die Fitzpatrick-egodokumente het waarde as biografiese inligting oor Mmalebôhō en bied ‘n snydend-kritiese evaluasie van die ZAR se gevangenisstelsel. In beide gevalle moet die inligting met reeds-bestudeerde materiaal vergelyk word. Sendeling Sonntag, wat Mmalebôhō vanaf 1892 tot 1894 goed geken het, het byvoorbeeld nêrens aangedui dat hy kon lees of persoonlik belanggestel het om die Bybel te leer ken nie. Was dié slegs ‘n verwikkeling van die twee jaar wat hy toe reeds in gevangenskap deurgebring het, of was Mmalebôhō se leesvaardighede vir Sonntag vanselfsprekend? Selfs al word daar nie antwoorde gevind op al die vrae wat Fitzpatrick se vertellings laat ontstaan het nie, dra die vrae insigself reeds by tot ‘n meer verteenwoordigende beeld van die lot van die Hananwa ná 1894.

64. J.P. Fitzpatrick, *Selected papers* ..., p. 44.

65. J.P. Fitzpatrick, *Selected papers* ..., p. 44. Kursivering L.K.

66. J.P. Fitzpatrick, *Selected papers* ..., p. 47.



‘n Egodokument wat nie in die voorafgaande magisterstudie geraadpleeg is nie, maar wel met groot vrug in hierdie proefskrif aangewend kon word, is die *Herinneringsboek van Barend Jacobus Vorster*,⁶⁷ ‘n versameling herinneringe waarvan sommige skynbaar nog deur Vorster self gedikteer is en ander wat na sy dood in 1898 deur familieleden uit die geheue op skrif gestel is. Barend Jacobus Vorster het hom nie later nie as 1855 as boer en grootwildjagter permanent in Soutpansberg gevestig. Hy was eers veldkornet en daarna (vir dertig jaar lank), as kommandant te Kalkbank, verantwoordelik vir militêre aangeleenthede in die Soutpansberg-distrik. Sedert 1888, tot met sy dood in 1898, het hy tegelykertyd ook as ‘naturellekommissaris’ vir die wyk Kalkbank (Blouberg-omgewing ingesluit) diens gedoen.⁶⁸

Aangesien die onafhanklik-handelende Hananwa geensins van plan was om belasting aan die kommissaris te begin betaal en hom toe te laat om ‘n sensus op te neem sodat hy presies kom bereken hoeveel hulle die ZAR moes betaal nie, is dit vanselfsprekend dat die portefeuljes van kommissaris en kommandant in hierdie spesifieke geval onherroeplik ineengestremel geraak het. Dit is ook nie verrassend dat die beeld van die ZAR wat die Hananwa deur Vorster opgebou het, hulle met verloop van tyd net meer skepties, agterdogtig en afsydig jeens witmense sou stem nie.

In die wit gemeenskap, daarenteen, is Vorster onthou as dapper, standvastig, nougeset-godsdienstig en patriargaal.⁶⁹ Dit is juis hierdie beeld wat in die *Herinneringsboek* gekoester word. Verwysings na die 1894-oorlog word in verskeie vertellings teruggevind. Die twyfelagtige chronologie waarin gebeure geplaas word en die retrospektiewe verbande wat daartussen gelê word, is juis van waarde omdat dit ‘n indruk gee van die tipe ervarings wat in die bewussyn van ‘n gemeenskapsleier soos Vorster met mekaar geassosieer is. Dit weef ‘n tema van wit oorwinning oor voortdurende swart vyandigheid, die deurlopende motivering wat vir Vorster en sy gemeenskap betekenis aan jarelange stryd in die Soutpansberg-distrik gegee het. Soveel soos wat Vorster en sy gemeenskap se neerbuigende houding jeens die ‘Ander’, die swartmense, uit die herinneringe blyk, net soveel kan die genuanseerde gemeenskapslewe van die Soutpansbergse wit pioniers en hulle interpretasie van reg en geregtigheid binne die eie kring, in die *Herinneringsboek* gelees word.

67. TAB: A.126: *Herinneringsboek van Barend Jacobus Vorster*. 1913-08-20.

68. W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 896.

69. W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 896.

Naas egodokumente wat op die Boer-Hananwa-oorlog betrekking het, is relevante ánder literatuur, verhandelinge, proefskrifte sowel as die primêre bronne wat daarvoor geraadpleeg is, ook reeds in die magister-skripsie ter voorbereiding van hierdie studie, ontleed. Wat volg is 'n verkorte en opgedateerde uiteensetting van die belangrikste primêre bronne en navorsingsuitsette wat vir die proefskrif gebruik is.

Wat argivale materiaal betref, is die oorwig inligting oor die 1894-Boereveldtog gevind in die argiefgroepe van die Kommandant-Generaal en Staatssekretaris van die ZAR. Verskeie ander kleiner argiefgroepe van die Transvaalse regering is ook in die Suid-Afrikaanse Nasionale Argief se bewaarplek in Pretoria geraadpleeg. 'n Oorsig oor die dokumentasie van die *African Colonial Office*, gehuisves in die *Public Record Office* te Londen, dui daarop dat die Britse belangstelling in die Boer-Hananwa-veldtog grootliks gedraai het om die kommandering van Britse onderdane in die ZAR om ook teen Mmalebôhò te gaan veg. Hierdie aspek van die oorlog is in die ondersoek wat volg in ag geneem in soverre dit Rae se entoesiasme oor deelname aan die veldtog bevestig. (Vir 'n bespreking van die verreikende gevolge van die kommandering van Britse onderdane en die daaropvolgende, dramatiese besoek van die Britse Hoëkommissaris, Sir Henry Loch, aan Pretoria, word verwys na die publikasie van Tlou Makhura wat hieronder gelys word). Inligting oor die *Wesleyan Methodist Mission Society* se bedrywighede tydens die Boer-Hananwa-veldtog, is in die *Cory Library* by Rhodes Universiteit in Grahamstad geraadpleeg. Hierdie faset van die oorlog word ook nie in besonderhede in die proefskrif behandel nie. Die materiaal was wel besonder nuttig om te bevestig dat Sonntag se 'stryd' teen die 'heidendom' by tye veel meer van 'n stryd met ander wit sendelinge as met 'heidene' was en dat hierdie onderonsies veel meer van die sendeling se tyd in beslag geneem het as wat uit die gepubliseerde weergawe van sy dagboek mag blyk.

Nadat die standaard-sekondêre bronne oor die Anglikaanse Kerk en die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika gebruik is, is verskeie argiefbewaarplekke ook geraadpleeg op soek na biografiese inligting oor Colin Rae en Christoph Sonntag. Die dokumentasie van die Berlynse Sendingargief in die *Evangelisches Archiefzentrum*, Berlyn, het insiggewende inligting oor Sonntag opgelewer. Colin Rae se lewensverhaal is nagespeur uit dokumentasie in Johannesburg en Engeland. Die korrespondensie van H.B. Bousfield, die Biskop van Pretoria, in die *Archives of the Church of the Province of South Africa, Historical and Literary Papers Library*, Universiteit van die Witwatersrand, was besonder nuttig. Berigte oor die laaste jare van Rae se lewe was verrassend karakteropenbarend. Dié is opgespoor in die *Surrey Record Office* in Woking en die *Hampshire Record Office* in Winchester. Volledige

besonderhede van al hierdie argivale materiaal is in die bronnelys agter in die proefskrif opgeneem.

Die uitgebreide navorsing wat in die afgelope dekades⁷⁰ oor die Hananwa en hulle buurgemeenskappe in die groter Soutpansberg-distrik onderneem is en in 'n indrukwekkende aantal verhandelinge, proefskrifte en vakkundige tydskrifte verskyn het, was 'n web wat regdeur hierdie ondersoek stewige vastrapplek gebied het. Die bronneontleding wat ter voorbereiding vir hierdie proefskrif as magisterskripsie onderneem is, gee 'n gedetailleerde uiteensetting van wat beskikbaar is. Hieronder word die bronne wat sedert die voltooiing van daardie studie verskyn het, sowel as die mees onontbeerlike navorsingsuitsette, kortliks bespreek. J.S. Bergh se artikels oor grondkwessies in die ZAR en veral sy *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*,⁷¹ was 'n veelvlakkige padkaart deur die historiese landskap. Die rykheid van laasgenoemde as inligtingsbron om die wetlike, ekonomiese en sosiale intriges van gemeenskappe op 'n landbou- en mynboubodem te plot, kan kwalik oorskat word. J.W.N. Tempelhoff se proefskrif, *Die Okkupasiestelsel in die Distrik Soutpansberg, 1886-1899*,⁷² het die Boer-Hananwa-oorlog vir my geplaas in 'n wyer konteks wat met elke herlees steeds verbreed, maar veral ook verdiep. In 'n studie wat in die eerste plek gemoed is met die sosiale geskiedenis van die wit intrekkers in die Soutpansberg-distrik, is 'n illustrasie gevind van hoe die konfrontasie tussen die Boere en die Hananwa oor baie jare en te wyte aan 'n verskeidenheid faktore, ontplooi het.

T.J. Makhura se verhandeling, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*,⁷³ is 'n goed-deurdagte geskiedenis van die ontwikkelinge in die Hananwa-gemeenskap gedurende die negentiende eeu. My studie wat hier volg, fokus maar op een van die talle aspekte van die Hananwa-geskiedenis wat Makhura uit 'n indrukwekkend-uiteenlopende aantal bronne in 'n sterk sintese verwerk het. 'n Groot prestasie van die verhandeling is veral die hoë mate waarin hy die Hananwa-gemeenskap aan die projek laat deelneem en hulle

-
70. Ouer ondersoeke wat die eerste fondasies gelê het, sluit in: N.C. Weidemann, Die Malaboch-oorlog (1894), *Historiese Studies* 7(1), Maart 1946; H.W. Grimsehl, Onluste in Modjadiland, 1890-1894, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 18 II (Elsiesrivier, 1955); L.S. Kruger, *Die Makgoba-(Magoeba-) oorlog 1894-1895*, M.A.-verhandeling, U.P., 1955; J.A. Mouton, Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 20 I (Parow, 1957); J.I. Rademeyer, Die oorlog teen Magato (M'pefu), 1898, *Historiese Studies* 5(2), Junie 1944; M.H. Nemudzivhadi, *The conflict between Mphaphu and the South African Republic (1895-1899)*, M.A. dissertation, UNISA, 1977.
71. Pretoria, 1999. Professor Johan Bergh is hoof van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria en 'n kenner van tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika. Sy jongste navorsing fokus op die gebied noord van die Vaalrivier.
72. Pretoria, 1997. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 60.
73. University of Bophuthatswana, 1993.

mondelinge getuienis ingespan het. Vanuit 'n ander teoretiese benadering en ideologiese beskouing van sendeling Sonntag en priester Rae in my eie proefskrif, lewer ek kommentaar en kritiek op Makhura se geskiedskrywing deur gebruik te maak van fasette wat ek uit sy einste navorsing leen. Soveel soos wat ek in sommige interpretasies van hom verskil, glo ek dat dit deel is van 'n produktiewe proses van betekenisgeving wat by hom en nie by my begin het nie. Makhura se artikels en referate oor die Boer-Hananwa-konflik wat my studie op een of ander wyse beïnvloed het, sluit die volgende in:

In Junie 1995 verskyn sy ondersoek na die kommandering van Engelssprekende witmense om teen die Hananwa te veg, as 'n artikel, "The neglected role of the Boer-Bagananwa War as a factor in the coming of the Jameson Raid, 1894-1895" in die *Journal of Southern African Studies* 21(2). Ook in 1995 bring hy die oorlog onder die gender-historiese vergrootglas met 'n referaat getiteld "The role of women in the Boer-Bagananwa War, 1894-1895."⁷⁴ In die daaropvolgende jaar lewer hy 'n referaat oor "Mercenaries and missionaries in the Boer subjugation of the Bagananwa in the northern Transvaal, 1894-1895."⁷⁵ Sy referaat oor die sosio-ekonomiese heropbou van die Hananwa-samelewing na hulle konflik met die Boere, is in die Mei 1997-uitgawe van die *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* opgeneem.⁷⁶ Daar is dus nouliks 'n aspek van die oorlog wat nie deur Makhura in oënskou geneem is nie. Die Wesleyaanse sendelinge se aktiwiteite in die Blouberg-gebied is een van die min temas waaraan hy byna geen bespreking gewy het nie. Hierdie aspek van die Hananwa se negentiende-eeuse ervaringswêreld, wat tot dusver ook deur die meeste ander navorsers in die veld oorgesien is, is eerste deur J.S. Bergh uitgewys.⁷⁷

Die antropologiese studie van J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing, die Hananwa van Blouberg*,⁷⁸ het die historiese kennis van die Hananwa van die einde-negentiende eeu in 'n einde-twintigste-eeuse perspektief geplaas. Hierdie proefskrif van Van Schalkwyk is voorafgegaan deur twee insiggewende artikels waarin die oorlogsterrein verken en talle landmerke histories

-
74. Gelewer tydens die South African Historical Society Biennial Conference, Rhodes University, 2-6 July 1995.
75. African Studies Association Annual General Meeting, San Francisco, 24 November 1996.
76. 'The softening of the rock': political and socio-economic changes in the BaGananwa society, northern Transvaal, 1895-1910. South African Historical Society Biennial Conference, University of Pretoria, 6-9 July 1997.
77. 'n Referaat waarin hierdie tema verken word, is tydens die Nineteenth Congress of Historical Sciences, University of Oslo, 6-13 Augustus 2000, gelewer. Sien L. Kriel, A contest for converts? Missionary rivalry and the conquest of the Blue Mountains: the Boer-Hananwa War of 1894.
78. D. Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1995. J.A. (Johnny) van Schalkwyk is verbonde aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria.

verantwoord is.⁷⁹ ‘n Artikel wat Van Schalkwyk en Annekie Joubert in 1999 gesamentlik gepubliseer het, was openbarend van die wyse waarop ‘n verhaal en die vertelling daarvan mekaar voed en in tyd en plek telkens nuwe betekenis laat kry.⁸⁰ Annekie Joubert is besig met die afronding aan haar proefskrif, waarin aspekte soos hierdie in vergelykende perspektief gestel sal word.⁸¹ Dit is ook aan haar verskuldig dat ek Blouberg in 1995 kon besoek en onder meer die 1894-*mošate*, asook sommige van die ou Boere-fortifikasies, onder begeleiding van Hananwa-gidse kon besigtig.

Ek sou nie hierdie ondersoek aangepak het as professor Johan Bergh nie gedink het dit is moontlik nie – trouens, as hy nie sy honneurs-metodologie-oefening as ‘n onderwerp aan my afgestaan het nie. Dit is ook aan hom as studieleier te danke dat ek vir die laaste drie jaar van hierdie studie onder die Universiteit van Pretoria (UP) se Mellon Foundation Mentorskapprogram die finansiële vermoë gehad het om in die buiteland navorsing te doen. Professor Bergh se speurvernuf in argiewe, sy kundige leiding met die benadering tot ‘n hoofstuk, sy aanvoeling vir ‘n belowende invalshoek, sy geduld met my hopelose, maar hopelik-ontwikkende sin vir rigting en laastens, sy ruimteskeppende begrip vir sy personeel en studente se persoonlike lewens, was meer as wat ‘n mens van ‘n studieleier kon verwag.

As mede-studieleier was professor Ferreira se fyn oordeel en indringende vrae ‘n uitdaging. Sy vermoë om intelligensie en skerpsinnigheid, veral ironie, met beskeidenheid te kommunikeer, hou ‘n mens op jou tone. Ek het groot waardering vir sy aansporing.

Aan my kollegas in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis by die U.P. is ek baie dank verskuldig vir hulle begrip en ondersteuning tydens my studies – veral vir hulle gewilligheid om uit meerdere ervaring te deel en raad te gee. Die kommentaar van ‘n aantal kundiges van buite die Departement het ook in die afgelope paar jaar bepaald ‘n invloed gehad op die manier waarop ek die tema uiteindelik benader het. Alex Mouton het ‘n besonder leersame gesprek met hom en sy kollegas by die Universiteit van Suid-Afrika georganiseer. Dankie aan Fred Morton, Johannes du Bruyn, Greg Cuthbertson, Charles van Onselen, Dan Wylie, Alan Kirkaldy, Albert Wirz, Andrea Schultze, Mariana Kriel, Ian van der Waag en

79. Sien J.A. van Schalkwyk, Die kultuurhistoriese betekenis van die Berlynse sendingstasies in die Blouberg-omgewing, Noord Transvaal, *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990; J.A. van Schalkwyk & S.M. Moifatswane, The siege of Leboho: South African Republic fortifications in the Blouberg, Northern Transvaal, *Military history journal* 8(5), June 1991, pp. 175-183.

80. A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, pp. 29-47.

81. *The power of performance: linking past and present in Hananwa and Lobedu oral literature*, registered title, current research for a D.Phil. thesis, UNISA. Annekie Joubert is verbonde aan die Departement Afrikatale, Universiteit van Suid-Afrika.

Johan Ellis wat bereid was om uittreksels en uitvloeisels uit hierdie ondersoek krities te lees. Ek het groot waardering vir raad waarop ek nie kan aanspraak maak dat ek dit noodwendig reg toegepas het nie, maar wat die ondersoek end-uit vol opwindende nuwe gewaarwordings gehou het.

Die biblioteek- en argiefpersoneel van die onderskeie instansies wat ek vir hierdie ondersoek genader het, was deur die bank uiters bekwaam. Die entoesiasme en vriendelikheid waarmee ek bygestaan is, getuig van 'n motivering wat ver verby monetêre vergoeding strek. 'n Spesiale dankie aan Annemarie Bezuidenhout vir al die interbiblioteeklenings.

Heike Beyer het 'n aantal dokumente in die soms treiterende handskrifte van die Duitse sendelinge vir my getranskribeer. Marcus Melck het my met sy meerdere kennis van Duits gehelp om die taalkundige afwykings in die verskillende transkripsies en verwerkings van sendeling Sonntag se dagboek te onderskei. *Vielen Dank!*

Dankie ook aan Johnny van Schalkwyk vir 'n foto, maar veral vir 'n beeld van Blouberg en sy mense anderkant die papiertekste waartoe ek my voorstellings so maklik beperk.

Charlotte van Niekerk se logistieke hulp het dinge 'rondom Blouberg' altyd laat aanhou funksioneer – 'n opregte dankie daarvoor, en vir jou aansporing.

'n Doktorale beurs van die *National Research Foundation* (NRF) word met dank erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die NRF toegeskryf word nie.

Die navorsingstoekenning van die Andrew Mellon Foundation het besoeke aan internasionale konferensies en oorsese dokumentasiesentrums moontlik gemaak. Hierdie befondsing het 'n mens in staat gestel om die ondersoek-terrein uit te brei in rigtings waarvan andersins nie eens kennis geneem sou kon word nie. 'n Besondere dankie aan Johan Bergh in sy hoedanigheid as my Mellon Program-mentor en Charles van Onselen as voorsitter van die Mellon Mentorskap-komitee van die Universiteit van Pretoria.

Konrad Sonntag, vertaler en uitgewer van die Engelse publikasie van sendeling Christoph Sonntag se dagboek, is tydens die werk aan hierdie proefskrif oorlede. Die

publikasie van sendeling Sonntag se dagboek was sonder twyfel oor die afgelope twee dekades die grootste impetus vir die bestudering van die geskiedenis van die Hananwa. Al die erkenning vir die werk om hierdie bron te ontsyfer en vir 'n Engelse leserspubliek toeganklik te maak, moet gaan aan Konrad Sonntag en sy vrou Annegret. Groot dank aan die Sonntag-familie vir hulle toeganklikheid en hulp met hierdie studie.

Ek is hierdie studie in sy geheel aan my pa en ma, my sussie en my man verskuldig. Van alle mense is dit julle wat presies weet hoe selfsugtig 'n onderneming dit is om 'n proefskrif te skryf.

Niël, ek dra dit op aan jou, want ek het met die hele Blouberg en al sy nukkerige misweer by jou kom intrek en jy het, sonder voorbehoud, meer begrip en geduld en belangstelling gehad as wat billik van my was om van jou te vra.

Pretoria, Januarie 2002

I DIE DAGBOEK AS GESKIEDSKRYWING EN LITERÊRE ARTEFAK

We are much more than in former times ... a civilization of the written word.¹

Roland Barthes

Lees maar, er staat niet wat er staat.²

Marthinus Nijhoff in "Awater"

In 'n bespreking van Hayden White se *The content of the form*, vestig Nancy Partner³ die aandag op wat sy as die beste grap in White, een van dié invloedrykste geskiedenis-teoretici van ons tyd, se oeuvre teëgekomp het.⁴ White bespreek 'n jaarboek, of geskiedrol, wat gedurende die agtste eeu deur 'n monnik van St. Gall gehou is. Die annale bevat die opeenvolgende jaartalle met 'n enkele opmerking slegs teenoor sekeres daarvan. By heelparty jare is niks ingeskryf nie, sodat die leser in duister verwondering gehou word oor wat in daardie jaar kon gebeur het. Die meeste jaartalle word opgesom met 'n gebeurtenis wat 'n invloed op die landbou gehad het: soms vloede, soms 'n harde winter. Ander kere was die afsterwe van 'n persoon die gebeurtenis van die jaar. Dit wil voorkom of daar in hierdie jaarboek geen storielyn, geen kousale opeenvolging van gebeure is nie. White wil-wil dit beskryf as volkome vormlose geskiedskrywing: historiese inhoud waaraan daar geen vorm gegee is nie; geen sentrale onderwerp, geen begin, middel en einde nie – maar dán is daar 'n inskrywing: "Harde winter. Hertog Gottfried het gesterf". Vorm verskyn in die skynbaar vormlose; 'n storiëtjie waar daar geen bedoeling was om storie te vertel nie, selfs waar die struktuur van die teks dit glad nie ondersteun het nie. Vir White bevestig dit die "inexorable slide of history into narrative..."⁵ en soos Partner dit verwoord: "[t]he fact that history is a complex linguistic form, [which] always in the end consummates its irresistible attraction to coherence, connection, and meaning ..."⁶ So illustreer White dat vorm 'n kragtige determinant, 'n wesenlike element, is van kennis wat deur taal oorgedra word.⁷ Historiese betekenis kom nie op die vlak van die individuele stelling tot stand nie, maar deur die wyse waarop die historiese feite in 'n historiese teks geïntegreer word.

1. Aangehaal deur J. Hambidge, Tekstualiteit, in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 531.
2. In C.J. Aarts & M.C. van Etten (reds.), *Domweg gelukkig in de Dapperstraat. Die bekendste gedichten uit de Nederlandse literatuur*, p. 161.
3. Partner, verbonde aan McGill-universiteit, is 'n kenner van Hayden White se oeuvre en het heelwat dááror én oor postmodernistiese geskiedskrywing in die algemeen, gepubliseer.
4. N. Partner, Hayden White: The form of the content, *History and Theory* 37, 1998, pp. 162-172.
5. N. Partner, Hayden White: The form of the content, *History and Theory* 37, 1998, p. 167.
6. N. Partner, Hayden White: The form of the content, *History and Theory* 37, 1998, p. 167.
7. N. Partner, Hayden White: The form of the content, *History and Theory* 37, 1998, p. 162.

Tekstualiteit

Waarskynlik een van die sinvolste gewaarwordings wat vir geskiedskrywing uit die postmoderne debat van die afgelope dekades voortgevloei het, is dat die toegang wat ons, hier, in die hede, tot die verlede het, volledig gekondisioneer word deur tekstualiteit. Met die konsep *tekstualiteit* word daarop gewys dat geen enkele teks⁸ se betekenis finaal vasgepen óf bepaalbaar is nie. Geskiedskrywing moenie verwar word met die verlede waarvan dit vertel nie, maar gesien word as die mensgemaakte konstruksie wat dit is.⁹ Omdat daar geen noodwendige ooreenstemming (*correspondence*) tussen bepaalde woorde en bepaalde dinge, of dan taal en die verlede werklikheid is nie, kan die historiese teks slegs skakel met ander historiese tekste en sy betekenis verkry via hierdie ander tekste.¹⁰ Die verlede kan op geen ander manier geken word as via tekste nie: dokumente as teks; oorleweringe as teks; ooggetuie-weergawes as teks - selfs die instellings en sosiale gebruike van die verlede kan soos tekste geïnterpreteer word. Vervolgens is die uitset van die historikus, geskiedskrywing insigself, ook 'n teks, waarin bogenoemde tekste (bewysmateriaal) as intertekste geïntegreer word. Historiese betekenis kom as't ware intertekstueel tot stand. Tekstualiteit kan beskou word as teks- of betekenisproduksie.¹¹ Die historiese aktiwiteit van interpretasie kan dan gesien word as die vertaling van een teks (die verlede, soos tekstueel voorgestel in die bewysmateriaal) in 'n nuwe narratiewe weergawe wat 'n ander teks, en wel die historikus se skepping (geskiedskrywing), is.¹²

Vir 'n historikus om te vra na die waarheid van inligting, is dus nie dieselfde ondersoeksroete as om te vra na die betekenis en geloofwaardigheid van 'n stuk geskiedskrywing nie. In 'n teks word betekenis tot stand gebring deur die wyse waarop die verteller die feite (intertekste) orden – die storie aanmekaarsit – maar ook maak/skep deur seleksie en die keuse van 'n metode waarvolgens die stuk verlede verduidelik gaan word. Frank Ankersmit¹³ onderskei tussen beskrywings, waarin 'n

8. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word 'n teks beskou as 'n stuk taalgebruik wat sintakties, semanties en pragmaties 'n samehangende eenheid vorm. Sien R. Johl, *Teks en konteks* in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, pp. 530-531. Te oordeel aan die parallels tussen (verbale) tekste en prente, of beelde (*images*), soos bespreek deur Frank Ankersmit in sy bydrae (*Statements, texts and pictures*) tot H. Kellner & F. Ankersmit, *A new Philosophy of history*, pp. 212-240, sou 'n teks: as 'n betekenisdraende eenheid ook in veel breër terme omskryf kon word. 'n Skildery, 'n stuk choreografie, 'n ritueel of 'n situasie kan ook as 'n teks 'gelees' word.

9. L. Hutcheon, *A poetics of postmodernism. History, theory, fiction*, p. 16.

10. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 142.

11. R. Johl, *Teks en konteks* in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, pp. 530-531.

12. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 143.

13. F.R. Ankersmit is professor in Intellektuele Geskiedenis en Geskiedenis teorie aan die Universiteit van Groningen in Nederland.

onderwerp verwys na die werklikheid, en voorstelling (*representation*): ‘n stel beskrywings, wat as geheel gaan oor (“to be about”) die werklikheid. “And where ‘reference’ is fixed objectively, i.e. by an object in reality denoted by the subject-term of the description, ‘being about’ is essentially unstable and unfixed because it is in the case of each representation differently defined by the descriptions contained by the text.”¹⁴ Die diskussie in geskiedenis gaan volgens hom oor watter stel beskrywings (soos beliggaam in ‘n voorstelling/*representation*) ‘n stuk verlede werklikheid die beste voorstel/*represent*. Die historikus streef volgens Ankersmit na die weergawe wat die ‘karakter’ van ‘n bepaalde tyd die beste verwoord; wat die suksesvolste is “in meaningfully interrelating as many different aspects of the period in question”.¹⁵ Dit spreek vanself dat nie alle historici eenstemmigheid sal hê oor watter weergawe die suksesvolste sal wees nie. Soos met die teks self, sal historici (en daar sal hopelik ook méér lesers wees) se keuse van watter teks die suksesvolste is, beïnvloed word deur die sosiale en kulturele konteks waarbinne hulle staan. Dit bring ‘n mens terug by tekstualiteit: die omgaan met historiese tekste is ‘n voortdurende proses van betekenisproduksie.

Die sogenaamde *linguistic turn* wat dan ongeveer dertig jaar gelede met Hayden White aan die voorpunt in geskiedenis teorie teweeggebring is, was in ‘n groot mate ‘n wegdraai van die sterk fokus op die historiese feite as sodanig ten gunste van ‘n ondersoek na hoe hierdie feite in ‘n historiese teks geïntegreer word. In sy ekstreme vorm “[i]t is at this point that the historian disobeys the traditional rules by replacing the authority of the source with the form of its organisation.”¹⁶ Die gewaarwording was dat ons verstaan van die verlede nie alleen bepaal word deur hoe die verlede wás nie, maar ook deur die taal wat die historikus gebruik om daarvoor te praat. Die *linguistic turn* was in ‘n groot mate ‘n ontugtering met die sogenaamde *Quellenkritik*: “the technical and detailed study of the sources through the process of verification, comparison and colligation.”¹⁷ Kritiek is ingebring teen die empiristiese geloof dat die verklarende waarde van die bewysmateriaal toeneem soos wat die vergrotingslens van die *Quellenkritik*-mikroskoop al sterker gestel word. Daar is gevind dat dit nie logies daarop volg dat ons al meer en meer van die waarheid te siene sal kry hoe nader aan die bewysmateriaal ons kom nie. Frank Ankersmit het voorgestel dat historici, in plaas daarvan om elke teël van bewysmateriaal op te tel

14. F.R. Ankersmit, The linguistic turn, literary theory and historical theory, *Historia* 45(2), November 2000, p. 281.

15. F.R. Ankersmit, The linguistic turn, literary theory and historical theory, *Historia* 45(2), November 2000, p. 279.

16. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 165.

17. A. Munslow, *Deconstructing history*, pp. 168-169.

om te sien wat daaronder aangaan, eerder horisontaal van teël tot teël moes spring ten einde die pad waarlangs betekenis tot stand gebring is, te probeer volg.¹⁸

Die bewuswording van die tekstualiteit van historiese kennis en die narratiewe en dekonstruksionistiese benadering tot die geskiedenis wat daaruit voortgespruit het, was (ten minste vir wat Ankersmit “*sensible*” *deconstructionists* noem), nogtans nooit veronderstel om ‘n honderd-en-tagtig grade wegdraai, ‘n negering van wat die afgelope dertig jaar voorafgegaan het, te gewees het nie. Alun Munslow,¹⁹ wat ‘n deeglike studie van die nuwer tendens gemaak het, stel dit soos volg:

Deconstructionist historians do not automatically doubt the truth of individual referential statements, nor do they claim that it is impossible to demonstrate that certain events did or did not happen, that people were not short or tall, that decisions were or were not made, or that millions of Jews in the early part of the twentieth century were murdered by the German Nazi regime. But the deconstructive emphasis is upon the procedure for creating historical knowledge when we deal with the evidence. We are aware that we take simple verifiable statements, which we compose into a narrative so that they become meaningful (not necessarily the same as truthful). This operation is one of the historian’s imaginative/fictive power.²⁰

Die eerste gedeelte van Hayden White se nou-reeds oorbekende stelling oor historiese tekste (synde dat dit ‘n literêre artefak is met ‘n inhoud “*as much invented as found*”)²¹ was aanvanklik skynbaar só opspraakwekkend dat critici sowel as aanhangers daarvan uit die oog kon verloor het dat hy ‘n ‘en-en’, en nie ‘n ‘en-of’ benadering nie, voorgestel het.²² Nancy Partner beklemtoon dit dat White nêrens in sy werk die afskeep van bewyse en argumente goedpraat nie. Munslow bevestig dit:

... we historians, while we tell stories, have little of the imaginative freedom exercised by writers of fiction because we are in the business of the retrospective emplotment of historical events and narratives. While the historical account is a figurative exercise in the sense of being a product of the literary imagination, its relativism remains limited by the nature of the evidence.²³

18. F.R. Ankersmit, *Historiography and postmodernism*, *History and theory* 28, 1989, p. 146.

19. Munslow doseer *Geskiedenis aan Staffordshire-Universiteit in Brittanje*.

20. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 149.

21. H. White, *The historical text as literary artefact*, *Tropics of discourse. Essays in cultural criticism*, pp. 81-82.

22. F.R. Ankersmit, *The linguistic turn, literary theory and historical theory*, *Historia* 45(2), November 2000, p. 292.

23. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 74.

Munslow gaan selfs sover om te beweer dat die benadering van die historiese teks as 'n literêre skepping die ondersoeker noop om juis méér eerder as minder aandag aan die bewysmateriaal-as-intertekste te gee.

Hierdie insigte hou enersyds implikasies in vir die skryf van geskiedenis, andersyds vir die lees van geskiedskrywing. As skrywer moet die historikus voortdurend bewus wees van die gekonstrueerdheid van sy bewysmateriaal-as-tekste; dat briewe, verslae en mondelinge getuienis nie 'n spieëlbeeld van die werklikheid is nie. Elk verteenwoordig 'n bepaalde literêre vorm (genre) wat die betekenis van die talige inhoud beïnvloed.²⁴ Vir Roland Barthes²⁵ stel bewysmateriaal kettings van interpretasies voor, 'n "unending roundabout of meaning"²⁶: historici kan nie die bedoelings van die outeur van 'n bron as 'n vaste waarheid vasstel nie, omdat woorde geen vaste, of 'meester'-betekenisse het nie. Elke interpretasie open die moontlikheid vir 'n volgende intepretasie. Hayden White is meer besorg oor wat vir hom die onvermydelike ideologiese dimensie aan die interpretasie van bewysmateriaal is. Met sy standpunt dat daar geen enkele korrekte siening is van enige voorwerp wat 'n mens kan bestudeer nie, verskuif hy die fokus van die empiriese historici se jarelange strewe na dié objektiewe representasie, na 'n blootlegging van die subjektiewe aard van alle representasies.²⁷ Op hierdie punt is 'n redelike lang aanhaling van Alun Munslow die moeite werd:

Hopefully the narrative in a deconstructionist essay will be coherent and sensible, but it will not be epistemologically self-assured. This lack of certainty arises because of the doubts harboured about correspondences [tussen 'n stelling en die 'werklikheid' waarna dit veronderstel is om te verwys ten einde die stelling waar te maak]. How can we readily differentiate truth-effect plausibility from fact? How may we disentangle social theory arguments from low-level descriptions of events? How can we unpick ideologically inspired gaps and silences or unravel the collapsed signifier-referent? [Roland Barthes se sg. "death of the author" – dat die intensies van 'n outeur nie uit sy teks afgelei kan word nie omdat woorde nie meester-betekenis het nie.] For every history that aims to get to the past as it actually happened, there is always another version, which, like the first, is by definition another fiction. As to what

-
24. J. Tosh, *In pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history* (Third edition), p. 184.
25. Roland Barthes is 'n bekende figuur in twintigste-eeuse literêre teorie. Met sy post-strukturalistiese literatuurbeskouing word hy soms beskryf as semioloog (*semiologie*: die wetenskap van tekens, tekensisteme en betekenisproduksie). Hy besin veral oor *tekstualiteit*. Van sy bekendste werke sluit in *Elements of Semiology* (1967), *S/Z* (1974) en *Le plaisir du texte* (*The pleasure of the text*, 1975). Sien J. Hambidge, *Tekstualiteit*, in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, pp. 531-532.
26. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 63.
27. Wat lynreg ingaan teen die empiriste se strewe na objektiwiteit, is die aanvaarding van die dekonstruksioniste dat "all composed, written narratives are supported by a philosophy or ideology, often buried so deep that no amount of conscious historical awareness can eliminate it." A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 70.

constitutes good history then, it is that which is self-reflexive enough to acknowledge its limits, especially aware that the writing of history is far more precarious and speculative than empiricists usually admit. Deconstructionist history openly accepts a dissenting role for the historian as someone who must challenge the established notions of authority within contemporary society by refusing to 'tidy up' the past by ascribing origins and causes with the claim to evidentially certified truth.²⁸

Vir die leser van historiese narratiewe, hou Munslow se uiteensetting dan die implikasie in dat hy/sy op die uitkyk moet wees vir pogings om die verlede met té netjiese oorsake en gevolge 'op te ruim'. Geskiedenis moet gelees word met die gewaarwording waartoe die annale van St. Gall Hayden White gelaat het, dat geskiedskrywing die geneigdheid het om asof meedoënloos 'n narratiewe vorm aan te neem, "[which] imprisons history in the arms of law, political and social authority, the legitimate state of which the subjects of history are citizen-subjects."²⁹ Wanneer geskiedskrywing bestudeer word, is die uitdaging om die proses waardeur die narratief gekonstrueer is, tesame met die narratief self te volg. Die seleksie en ordening van stellings in die jaarboek van St. Gall was bepalend vir die wyse waarop betekenis daarin gekonstrueer is. Die monnik-outeur het gekonformeer aan die konvensies van sy besondere genre maar tegelykertyd onnadenkend, onintensioneel, begin interpreteer: feite georden om kousaliteit te impliseer. Wanneer die organisasie van bewysmateriaal op so 'n basiese vlak reeds betekenis skeppend kan wees, hoeveel te meer moet die konstruksie van die narratief nie by die lees van 'n dagboek met 'n meer komplekse vorm, in ag geneem word nie.

Dekonstruksie en intertekstualiteit

Die doel van hierdie studie is om twee dagboeke wat oor min of meer dieselfde stel gebeure handel en wat die afgelope dekade op verskeie wyses by geskiedskrywing oor dié gebeure betrek is, vergelykend as stukke geskiedskrywing te dekonstrueer. Gedeeltes uit die dagboeke van onderskeidelik Christoph Sonntag en Colin Rae is in verskeie artikels en verhandelinge oor die 1894-konflik wat hulle tussen die Boere en die Hananwa van Blouberg waargeneem het, opgeneem. Die wyse waarop betekenis in die twee tekste as geskiedskrywing, as 'historiese werke' in eie reg, tot stand gekom het, is tot dusver grootliks verwaarloos. Uittreksels uit Rae en Sonntag se weergawes van die 1894-oorlog is tot dusver redelik argeloos deur navorsers in hulle eie narratiewe ingeskuif. Die inligting in die twee egodokumente is telkens deur

28. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 71.

29. N. Partner, Hayden White: The form of the content, *History and theory* 37, 1998, p. 167.

navorsers diensbaar gemaak aan die ideologie wat die eie ondersoek gelei het, maar die ideologieë wat binne elke egodokument werkzaam is, is nog nouliks ondersoek. Dit is my oortuiging dat 'n dekonstruksie van die dagboeke as literêre tekste, die diep-gelaagdheid van die onderskeie voorstellings sal blootlê en die leser onder die indruk sal bring van die wyse waarop betekenis tydens die konstruksieproses in elk van hierdie lae ingebed is. Met die dekonstruksie sal klem gelê word op die wyse waarop die mense wat in die twee narratiewe aan die woord kom, hulle eie wêreld(e) ervaar en interpreteer het. Dit sal veral beklemtoon word dat die wêreld van hierdie onderskeie getuies nie net onderling skerp verskil het nie, maar verskillend is van die wêreld waaruit ons vandag oor hulle lees.³⁰ Die dekonstruksie sal onderneem word deur sover as moontlik van insigte uit die literêre teorie gebruik te maak, maar tog binne die parameters wat die historiese bewysmateriaal my toelaat, te bly.

Skepties soos wat Frank Ankersmit is oor die vermoë van literêre teorie om enigsins by te dra tot historiese teorie,³¹ gee hy toe dat “[w]hoever wants to write the history of historical writing can no longer afford to ignore literary theory” – “the historiographer’s main auxiliary science.”³² Literêre teorie is nie net 'n hulpmiddel by die lees en verstaan van 'n historiese teks nie, dit maak die leser ook bewus van die hoë graad van kompleksiteit van die historiese teks as genereerder van tekstuele betekenis. Die aanwending van literêre teorie in hierdie ondersoek is baie eklekties en probeer nie eers voorgee om 'n bepaalde skool in die literatuurstudie aan te hang nie. In die ondersoek het ek veral kennis geneem van die denkrigtings en spesifieke literêre terme wat reeds deur ander historiese navorsers op die lees van historiese tekste toegepas is. My ondervinding was dat van die bruikbaarste terme uit die strukturalisme, post-strukturalisme, of dekonstruktivisme, en resepsie-estetika afgelei is.

Dekonstruktivisme as filosofiese denkrigting en literêre teorie soos beoefen deur Roland Barthes, Jacques Derrida en Richard Rorty het, soos reeds uit die voorafgaande kon blyk, 'n omwenteling – die *linguistic turn* – in die denke rondom geskiedskrywing veroorsaak. Soos ook reeds genoem, is 'n deurlopende tema in die

-
30. J. Rüsen, Lo(o)s(en)ing the order of history: some aspects of historical studies at the intersection of modernity, postmodernity and the discussion on memory, *Historia* 45 (2), November 2000, p. 266.
31. In 'n neutedop, behels Ankersmit se argument dat die objek van studie in literêre teorie die literêre teks is, wat nuttig is wanneer historici hulle eie literêre tekste, geskiedskrywing, bestudeer. Literêre teorie het egter geen bydrae om te lewer op die terrein van historiese teorie nie. Historiese teorie behels volgens hom nie die bestudering van tekste nie, maar die histories-filosofiese probleem van die korrespondensie (of nie) tussen taal en werklikheid, of anders gestel, die verhouding tussen die tekstuele representasies van die verlede en die verlede self. Sien F.R. Ankersmit, The linguistic turn, literary theory and historical theory, *Historia* 45(2), November 2000, pp. 301-304 & 309-310.
32. F.R. Ankersmit, The linguistic turn, literary theory and historical theory, *Historia* 45(2), November 2000, p. 310.

dekonstruksionistiese filosowe en letterkundiges se werk die agterdog oor die vermoë van taal om na die werklikheid te verwys. Vir wát hierdie denkrigting vir historici impliseer het, wend ek my vir die doeleindes van hierdie ondersoek hoofsaaklik tot die resultate van Alun Munslow se ondersoek na kontemporêre historiese teorie. Sy kriptiese samevatting van wat dekonstruksionistiese geskiedenis behels, is ‘n werkbare vertrekpunt. Dekonstruksionistiese geskiedenis, is volgens Munslow:

... a model of study that questions the traditional assumptions of empiricism couched as factualism, disinterested analysis, objectivity, truth, and the continuing division between history, ideology, fiction and perspective. Instead, deconstructionist history accepts that language constitutes history’s content as well as the concepts and categories deployed to order and explain historical evidence through our linguistic power of figuration.³³

Literêre teoretikus A. Mertens se definisie van *dekonstruksie* was ook besonder nuttig weens die wyse waarop hy dit spesifiek gekoppel het aan sy besinning oor tekstualiteit en intertekstualiteit wat, soos binnekort sal blyk, twee sleutelkonsepte in die beoogde ondersoek sal wees:

Deconstructie beteken hier dat een tekst word opgevat as een constructie en de lezing ervan dient om na te gaan van welk materiaal men zich bij die constructie heeft bediend, welke beslissingen men tijdens het constructie heeft genomen, volgens welk plan men daarbij te werk is gegaan.³⁴

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, hou dit in dat die proses wat deurloop moes word om die uiteindelijke gepubliseerde konstruksies van Colin Rae en Christoph Sonntag tot stand te gebring het, nagespeur word. Hopelik sal dit antwoorde op die volgende vrae bied: Wat hét die leser in hierdie twee ‘geskiedenis’/tekste? Watter bestanddele - oertekste en intertekste - is daarin vervat en op watter wyse is dit in ‘n storie, of narratief, gerangskik? Wat word in die tekste verswyg – en waarom?

Alun Munslow waarsku dat die historikus so ‘n dekonstruksieproses nie met die verwagting moet onderneem dat die ‘ware bedoeling’ van die outeurs van die tekste ‘ontdek’ sal kan word nie. Hy beskryf dekonstruksie as historiese metode wel as die “de-layering of [...] constructed meanings and interpretations”; as ‘n “peeling-back process [which] seeks out that which is repressed in the text (primary or secondary)”,³⁵

33. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 181.

34. A. Mertens, Intertekstualiteit. Een inleiding, in A. Mertens & K. Beekman (red.), *Intertekstualiteit in teorie en praktijk*, p. 19.

35. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 102.

maar herinner ook aan Hayden White se insig dat “historians have to use language as they undertake this task, thus employing the same poor conductor of meaning as their sources.”³⁶ Gevolglik: “Historians can never strip the evidence of its accumulated meanings, nor by placing it in its context expect to rediscover its original author’s meaning.”³⁷ Die historikus kan hoogstens aspireer om uit te wys “that which is present in the text that runs against the grain of what, at first blush, it appears to assert.”³⁸ “Historians might, as a consequence, do well to conceive of evidence - texts and their intertextuality - as being ultimately determined by forces that are a highly complex mix of the cultural, the metaphoric and the narrativist.”³⁹ Frank Ankersmit wys daarop dat die literêre teorie baie behulpsaam kan wees in die uitwys van “hidden meanings”, of verskuilde betekenis, in tekste: betekenis wat oorgedra is sonder dat dit die outeur se bedoeling was en waarvan die belang ook nie deur die lesers van sy tyd begryp is nie.⁴⁰ Vir Munslow is dit juis daardie dinge wat die teks, dikwels in die naam van objektiwiteit en rasionaliteit, onverskillig of belangeloos teenoor staan, waarvoor die historikus op die uitkyk moet wees.⁴¹

Munslow, Ankersmit en Burke se verwysings na daardie aspekte in die teks wat teen die grein ingaan van wat dit met die eerste oogopslag probeer bevestig, is ‘n baie belangrike punt. Daar moet in gedagte gehou word dat die dagboeke wat vir hierdie ondersoek geselekteer is, voorstellings / *representations* maak van en kommentaar lewer op die Hananwa, ‘n swart gemeenskap wat op die punt gestaan het om gekoloniseer te word deur die einste koloniseerders waaronder die dagboekskrywers self ook sorteer het, lede van die “civilization of the written word” waarna Roland Barthes verwys. Die dagboeke, soos by verre die oorgrote meerderheid geskrewe tekste in laat-negentiende-eeuse Suid-Afrika, is koloniale dokumente. Hoewel dit te veel gevra sou wees om van ‘n koloniale dokument te verwag om die standpunt van die gekoloniseerde te stel, kan veel van die koloniseerders se opmerkings, maniërismes, uitlatings en stiltes in die teks ‘teen die grein in’ geles word om ten minste ‘n beter indruk te vorm van die houdings waarmee die gekoloniseerdes gekonfronteer is. Hierdie kwessie kom weer ter sprake wanneer die vergelykende metode wat vir die ondersoek gekies is, gemotiveer word, sowel as wanneer verder uitgebrei word op die koloniseerders se “othering” van die gekoloniseerdes in hulle tekste.

36. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 107.

37. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 107.

38. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 102.

39. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 106.

40. F.R. Ankersmit, The linguistic turn, literary theory and historical theory, *Historia* 45(2), November 2000, p. 304.

41. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 102.

‘n Leenkonsiep uit die literêre teorie wat herhaaldelik reeds ter sprake gekom het en met groot vrug in die ondersoek benut sal word, is *intertekstualiteit*. Die beginsel daaragter is dat betekenis tot stand kom deur die verhouding van tekste met vroeëre tekste, deur die verhouding met dit wat alreeds betekenis het.⁴² Vir die kultuurhistorikus wat sy taak, soos Roger Chartier, sien as die bestudering van die proses waardeur betekenis gekonstrueer word,⁴³ is kennisname van hierdie literêre konsiep dus onontbeerlik. Mertens definieer *intertekstualiteit* kortweg soos volg: “verschijsnel waarin auteurs in hun werk naar andere teksten verwijzen of waarin zij andere teksten verwerken.”⁴⁴ Anders gestel: “Die literêre teks is naamlik soos ‘n ‘mosaïek van sitate’ opgebou waarin ‘n onbepaalde aantal vroeëre en tydgenootlike tekste opgeneem en verwerk is. Elke deel van ‘n teks is repliek op ‘n ander teks.”⁴⁵

Mertens beklemtoon dat strukturalis en semioloog Julia Kristeva, toe sy die term *intertekstualiteit* in die laat 1960’s gemunt het, veel enger toepassingsmoottikhede daarmee beoog het as waarbinne dit tans benut word. Tans word die beskouing van die intertekstualiteitsbenadering as synde ‘n aanvulling tot die filologies-hermeneutiese ondersoek van bronne, ook aanvaar. Mertens bespreek die intertekstuele benadering as streng behorende tot die literatuurstudie – teenoor historiese ondersoek. Die besef van die tekstualiteit, die mensgemaaktheid, van geskrewe ‘geskiedenis’, Hayden White se argument dat geskiedenis “as much invented as found” is, hef die argument ten gunste van sulke rigoriese kompartementalisering in ‘n groot mate op. Soos reeds gesien, huiwer Alun Munslow ook nie om dit ten opsigte van geskiedskrywing met verwysing na bewysmateriaal ter sprake te bring nie.

Die konsiep *intertekstualiteit* impliseer ‘n aktiewe rol vir die leser van ‘n bepaalde teks. Wanneer ‘n leser ‘n teks ter hand neem, het h/sy sekere leesverwagtinge wat reeds geskep is deur ander tekste wat h/sy gelees het. Die wyse waarop ‘n leser ‘n teks interpreteer, en of h/sy hoegenaamd in staat is om ‘n teks te interpreteer, hang derhalwe in ‘n groot mate daarvan af of die leser die bevoegdheid of ervaring het om verskillende intertekste in die bepaalde teks te herken. Daarop volg dit dat verskillende generasies lesers, na mate insig in bepaalde intertekste vervaag of

42. M. Meijer, *In tekst gevat: inleiding tot een kritiek van representatie*, p. 18.

43. R. Chartier (translator L.G. Cochrane), *Cultural History. Between practices and representations*, p. 14. Roger Chartier was ten tye van die publikasie van hierdie bundel, waarvoor ‘n keur uit sy Franse navorsing in Engels vertaal is, *Directeur d’Études* aan die *École des Hautes Études en Sciences Sociales* in Parys.

44. A. Mertens, Intertekstualiteit. Een inleiding, in A. Mertens & K. Beekman, *Intertekstualiteit in theorie en praktijk*, pp. 2-3.

45. M. Hardt, Julia Kristeva, in W. Lange (Hrsg.), *Französische Literaturkritik der Gegenwart in Einzeldarstellungen*, soos oorgeneem deur R. Malan, Intertekstualiteit, in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 187.

verbeter, 'n bepaalde teks telkens verskillend sal interpreteer en in die proses nuwe tekste sal genereer. Betekenis(se) word meervoudig en soms selfs teenstrydig.⁴⁶ Dit is hierdie onvastheid, die onbepaalbaarheid van die betekenis van 'n teks, waarna die post-strukturaliste as *tekstualiteit* verwys: “teksproduksie of betekenisproduksie as ‘n metodologies selfbewuste strategie of aktiwiteit waarin die prosesse van skryf en lees ‘saamgedink’ word”.⁴⁷ Dit sal daarom sinvol wees om in die ondersoek na Rae en Sonntag se dagboeke ook kers op te steek by die benaderings in die literatuurstudie wat spesifiek gemoeid is met lesers se resepsie van literêre werke.

Die *resepsie-estetika* soos in die laat jare sestig van die twintigste eeu deur Hans Robert Jauss en Wolfgang Iser⁴⁸ bekendgestel, bied insigte wat met groot vrug vir hierdie ondersoek aangepas kon word. Met my benutting van die konsepte *verwagtingshorison* en *implisiete leser* gee ek nie eers voor om die kompleksiteit waarmee dit deur onderskeidelik Jauss en Iser uitgewerk is, te deurgrond nie. Die blote kennisname van die mees elementêre implikasies van hierdie konsepte, het vir my nuwe roetes voorgestel om persoonlike dokumente as 'n sub-genre van geskiedskrywing, beter te benut. Mabel Rossouw⁴⁹ se verheldering van Jauss en Iser se teorieë was besonder nuttig: Jauss het in sy ondersoek veral gefokus op die resepsie van tekste deur ‘werklike lesers’, vandaar sy term *verwagtingshorison*,⁵⁰ waarmee bedoel word die verwagting wat ‘n leser van ‘n teks het op grond van die genrenorme aan hom/haar bekend, sy/haar kennis en ervaring van reeds gelese tekste uit dieselfde tydperk en die teenstelling teks/werklikheid. Jauss onderskei die *verwagtingshorison* wat in die sisteem van die literêre werk self vervat is en dié wat vanuit lewenservaring deur die leser in die werk ingedra word. Iser weer, het sterker gefokus op die “werking van literêre tekste, d.w.s. die wyse waarop die resepsie gerig word deur bepaalde tekseienskappe en strategieë, wat as ‘n leserrol in die teks self beslote lê.”⁵¹ Met sy konsep *implisiete leser* bedoel Iser dan die ideële of hipotetiese leserrol waarin alle tekstuele aanwysings vervat is – alle aanduidings in die teks van daardie leser wat die outeur in gedagte gehad het toe h/sy die teks gekonstrueer het.

46. R. Chartier (translator L.G. Cochrane), *Cultural History. Between practices and representations*, p. 14.

47. R. Johl, Teks en konteks in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 530.

48. Beide Duitse literêre teoretici van die sogenaamde *Konstanzer Schule*, wat vanuit die nalatenskap van die strukturalisme die fokus in die bestudering van tekste na die rol van die leser verskuif het.

49. Letterkundige, ten tye van die publikasie van Cloete se *Literêre terme en teorieë* verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

50. Die term *verwagtingshorison* is oorspronklik deur die sosioloog Karl Mannheim gemunt. Sien M.A. Rossouw, *Resepsieteorie* in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 427.

51. M.A. Rossouw, *Resepsieteorie* in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 428.

Die ekstrateks: konteks en biografiese besonderhede

As leser van 'n historiese teks uit 'n periode met ander kodes en konvensies as dié waarvolgens ek tans lewe, sou ek die 'verwagtingshorison' van hierdie 'implisiete leser' as 'n deurslaggewende interteks beskou vir die betekenis wat ek uiteindelik aan die historiese dagboekteks sal heg. Met erkenning aan die post-strukturaliste se agterdog oor ons onvermoë om 'n outeur se oorspronklike bedoelings te agterhaal, moet toegegee word dat so 'n interteks insigself ook 'n konstruksie van die ondersoeker is. Die Russiese semioloog Jurij M. Lotman se konsep *ekstrateks* kom hiervoor handig te pas. Volgens Lotman kan geen teks los van sy ekstrateks benader word nie. Die moontlikhede vir die spesifieke organisasie van 'n teks bestaan volgens hom ekstratekstueel. Met die *ekstrateks* verwys Lotman na die 'werklikheid' waarna die teks (volgens die post-strukturaliste: probeer) verwys (eerder: voorstel/*represent*): die kulturele en maatskaplike konteks waarbinne die teks teen die tyd dat dit geskryf is, funksioneer het en die biografiese besonderhede van die skrywer.⁵²

Intertekstualiteit sal deurlopend tydens hierdie ondersoek ter sprake kom, maar in die volgende twee hoofstukke word veral die sogenaamde *ekstrateks* onder die loep geneem. In hoofstukke twee en drie word probeer om 'n indruk te gee van die 'strukturele en konjunkturele' konteks waarbinne die 1894-konflik tussen die Boere en die Hananwa uitgebreek het. Daaronder word gereken die Hananwa-politie; die gebied wat dit beslaan het, die aard van die terrein, die inwoners en die wyse waarop hulle 'n bestaan gemaak het en waarop magsverhoudinge tussen hulle gereël is. Daar word ook gekyk na die stand van sake in die Zuid-Afrikaanse Republiek teen die 1890's, beide wat betref die Boereregering se verhouding tot buitelandse moondhede én plaaslike gemeenskappe, swart sowel as wit. Die onderstrominge wat die politieke intrige op die oppervlak beïnvloed het, word dus aangeroer. Die meester in die voorstelling van sodanige konteks vir die tipe 'gebeuregeskiedenis' wat verderaan in hierdie ondersoek sal volg, was natuurlik Fernand Braudel, leier van die tweede generasie Franse *Annalistes*. Ongeag al die voorbehoude oor sy deterministiese, kwantitatiewe aanpak wat vir kultuur en mentaliteit bloot voorsiening maak as skuim op die kruin van die historiese golf, blyk dit tog sinvol om Braudel se beskouing van die gelaagdheid van historiese tyd minstens te heroorweeg.⁵³ Steeds aan die hand van

52. R. Malan, Intertekstualiteit in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 188.

53. Vir besprekings van Fernand Braudel en die Franse *Annales*-skool, sien P. Vries, De zegetocht van de *Annales*, in H. Beliën en G.J. van Setten (reds.), *Geschiedschrijving in de twintigste eeu. Discussie zonder eind*, pp. 181-122; P. Burke, *The French historical revolution. The Annales School 1929-89*, pp. 32-79; L. Hunt, Introduction: History, culture and text, in L. Hunt (ed.), *The new cultural history*, pp. 1-20.

die belang wat Lotman aan die *ekstrateks* heg, word die biografiese besonderhede van die twee persone waaraan die outeursreg van die twee gepubliseerde dagboeke gekoppel is, in hoofstuk vier behandel ten einde 'n indruk te skep van die aard van die wêreld wat hulle houdings en beskouings gevorm het.

Outeurs en lesers; manuskripte en publikasies

Na aanleiding van Mertens se definisie van intertekstualiteit, naamlik outeurs se verwysing na en verwerking van ander tekste, verwys ek na die volgende twee hoofstukke as 'n 'redaksionele dekonstruksie' van die gepubliseerde dagboeke van Colin Rae en Christoph Sonntag. Hoewel nog ter sprake, word die fokus geleidelik verskuif vanaf die *ekstrateks* en met die literêre kommunikasieproses⁵⁴ in gedagte, word die twee komponente *outeur* en *leser* onderskeidelik in hoofstukke vyf en ses ondersoek. In hoofstuk vyf word die outeurskap en die kategorisering van die twee publikasies as dagboeke geïntegreer aan die hand van die intertekste wat in beide werke onderskei word. Daar sal aangedui word dat beide publikasies die produk was van 'n ywerige redakteur wat in die vertellersrol ingegryp het en verreikende veranderinge aan ouer manuskripte en koerantberigte aangebring het. In hoofstuk ses word die fokus verskuif van die vertellersrol ten einde die lesers en die lees van die Rae- en Sonntagtekste te vergelyk. Daar word gepoog om die veranderinge in die verwagtingshorisonne van opeenvolgende geslagte lesers te illustreer. Beide Jauss se fokus op 'werklike lesers' en Iser se fokus op die lesersrol in die teks, word benut.

Die twee tekste wat primêr in hierdie vergelykende ondersoek teenoor mekaar gestel word, is *My friend Maleboch, chief of the Blue mountains*, die 1983-publikasie van sendeling Christoph Sonntag se dagboek, en Colin Rae se 1898-publikasie, *Malaboch, or notes from my dairy on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic to which is appended a synopsis of the Johannesburg crisis of 1896*. *My friend Maleboch* is Konrad Sonntag se vertaling en verwerking van sy vader se manuskrip wat tans in die Suid-Afrikaanse Nasionale Argief bewaar word.⁵⁵ *My friend* is ook 'n repliek op

54. Sien M.A. Rossouw, *Resepsieteorie in T.T. Cloete (red.), Literêre terme en teorieë*, p. 427 vir Roman Jakobson se model vir talige kommunikasie: outeur – literêre teks – leser.

55. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Pretoria: A. 1281, Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895. 'n Volledige getikte transkripsie van hierdie dokument, wat in opdrag van wyle G. Sonntag (dogter van die sendeling) voltooi is, is goedgegunstig deur haar skoonsuster, Isolde Sonntag, aan my beskikbaar gestel. Sien C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*.

Colin Rae se teks, soos wat vertalende redakteur Konrad Sonntag in die voorwoord tot sy publikasie aangedui het. Colin Rae se teks is op sy beurt 'n verwerking van dagboeknotas wat hy skynbaar gedurende die 1894-veldtog gemaak het. Anders as Christoph Sonntag se dagboek wat deur sy familie aan die Nasionale Argief geskenk is, kon geen manuskrip van Rae opgespoor word nie. Terwyl Rae se eie notas slegs in die verwysings daarna in die 1898-publikasie bestaan, was sy ander interteks, die berigte uit die Transvaalse koerant *The Press*, wel vir die ondersoeker toeganklik.

Naas die manuskrip van die Sonntag-dagboek wat tans in die Nasionale Argiefbewaarplek in Pretoria bewaar word en vroeër in die persoonlike besit van sendeling Christoph Sonntag (en na sy dood sy familie) gebly het, is daar ook die kopieë wat die sendeling van sy eie dagboek gemaak het en na sy superintendent deurgestuur het. Hierdie kopieë (waarin Sonntag minder doodgetrek het en die blou potloodmerke en handtekening van superintendent Oswald Krause⁵⁶ duidelik onderskei kan word) word tans in die *Evangelisches Archivzentrum* in Berlyn, Duitsland bewaar.⁵⁷ (Sien Figuur 1). Vertaler Konrad Sonntag het nie vir sy 1983-publikasie toegang tot hierdie manuskrip gehad het nie, sodat dit geen effek kon gehad het op die implisiete lesersrol wat hy in sy 1983-verwerking ingebou het nie. Vir die Duitse weergawe van die dagboek⁵⁸ wat Konrad Sonntag in 1999 as medewerker van dr. Ulrich van der Heyden⁵⁹ gepubliseer het, het die twee redakteurs wel toegang tot die Pretoria Argief- sowel as die Berlyn-manuskrip gehad. Tog lyk dit of die verskille tussen die 1983-Engelse en die 1999-Duitse publikasies eerder op die vlak van redaksionele verwerking lê as wat dit teweeggebring is deur 'nuwe inligting' wat die Berlyn-manuskrip sou kon bied.

-
56. Oswald Robert Paul Krause is in 1892, 'n paar maande nadat Christoph Sonntag na Blaumberg verhuis het, as superintendent van die Noord-Transvaalse sinodale streek van die Berlynse Sendinggenootskap (BSG), op Mphome, aangestel. Hy is onthou as 'n "getrou[e] en onopsigtelik[e]" werker, wat "nooit na eie roem en eer gestrewe het nie." Sien L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hulle nageslag*, pp. 215-216.
57. *Evangelisches Archivzentrum*, Berlin: *Berliner Missionsgesellschaft* (EA BMG): Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaumberg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd 2: Tagebuch der Station Blaumberg: Von Ch. Sonntag.
58. C. Sonntag, *Mein Freund Maleboch* (Herausgegeben und eingeleitet von U. van der Heyden & K. Sonntag. (Berlin, 1999).
59. Vanuit Berlyn as basis, spesialiseer Van der Heyden in sendingdokumente as bronne vir geskiedskrywing. Hy is veral goed onderlê in die transkribering van ou Duitse handskrifte en is daartoe verbind om ou manuskrippe as bronnepublikasies vir meer lesers toeganklik te maak.

258/

aaner inbegrip, dat in alle Misp ongeregeld
het een Malabore ind jaie Stokk ge An Jie
heft ge bringe, dat ge een lefse Hie, die
ge uitwastepse."

Meroye jell de jriepstest, de ller de
Stokk, mo die Malabore mef jell; qstione
imnde. Feri emillie wallek jrieme, walgende
de anker in Stokk. It as ewig op, ewig
if mef. It miid jriepstest mef jri - ind
jriepstest ind mef mef miff allat gliek

de greeke tag Mege de lere ind
ind in jelle Hanne. Mer jell jriepstest
die jell jrieme ewig ind jrieme ind
jrieme, an de Banne, de die mef in
de lere mef mef jelle, jrieme de lere
jrieme Mege jell die de jrieme ind
mef mef ind jelle jrieme jrieme. jelle in
Mege ewig, de lere ewig jrieme
lere in jelle jrieme. die die in de lere
Mege in mef. de lere jelle Mege ind jelle
mef Mege, ewig jelle Mege, ewig.
de de jrieme Mege. -

Donnerstag 2. 21. Juli. de die de ewig
jelle Mege jell ind jrieme, jrieme de jrieme
jrieme jelle Mege jelle jelle. Mege jelle

Jef. Mege. 30/3/95 Mege

Figuur 1: 'n Bladsy uit die manuskrip van sendeling Christoph Sonntag se dagboek wat tans in die *Evangelisches Archivzentrum*, Berlyn, bewaar word. Die handtekening van Sonntag se toesighouer, superintendent Oswald Krause, kan duidelik in die linkerkantste onderste hoek onderskei word.
Uit: *Evangelisches Archivzentrum*, Berlin: *Berliner Missionsgesellschaft (EA BMG)*: *Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaubeurg, 1894-1905*: III, 5, 8, Bd 2, p. 258: *Tagebuch der Station Blaubeurg: Von Ch. Sonntag, 1894-07-21.*

‘n Omvattende vergelyking tussen die twee manuskripte in Pretoria en Berlyn sou ‘n studie op sy eie wees. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, waarin gefokus word op die konstruksie van die 1983-Engelse publikasie en die resepsie daarvan, word verwysings grootliks beperk tot die Pretoria-manuskrip – dié een waartoe die redakteur van die 1983-publikasie toegang gehad het. ‘n Aantal inskrywings in die Pretoria-manuskrip is wel met die Berlyn-manuskrip vergelyk ten einde ‘n indruk te vorm van die tipe self-sensuur wat sendeling Sonntag toegepas het toe hy sy dagboek vir sy seniors oorgeskryf het. (Die lesers wat die sendeling in gedagte gehad het terwyl hy dagboek gehou het, word weer in hoofstuk ses bespreek; dit word hier slegs aangeroer om die proses waarlangs die ‘Pretoria-teks’ gekopieer is om die ‘Berlyn-teks’ te skep, uit te pluus.) Die Berlyn-manuskrip se inskrywings is soms meer omskrywend, asof Sonntag wou seker maak dat daar ‘n duidelike agtergrond geskets was vir superintendent Krause op Mphome, direkteur Wangemann⁶⁰ in Berlyn en, ingeval sy vertellings gekies sou word vir publikasie, die Duitse lesers van die *Berliner Missionsberichte*. Waar die Pretoria-manuskrip byvoorbeeld die posisie van die Rustenburg-laer aangedui het “in der Nähe unseres Wohnsitzes”⁶¹ (in die nabyheid van ons woonplek), is in die Berlyn-manuskrip “unweit der Waterberge”⁶² (nie ver van die Waterberglaer nie) bygevoeg. By ‘n ander geleentheid sou Sonntag sy aanvanklike woorde wysig om die nood waarin ‘n groep mense verkeer het, sterker te stel. So kon hy die groot rol wat hy gespeel het om aan hulle ‘n uitkoms te bied, duideliker onder die aandag van sy lesers bring. Die Pretoria-manuskrip lees soos volg:

Die Glieder der andern[sic] Gemeinde der Wesleyaner unter Lazarus Moremi kamen heute hierher. Auch ihnen gewähren wir Aufnahme.⁶³

... die Berlynse teks:

Die Glieder der anderen Gemeinde der Wesleyaner, unter Lazarus Moremi fliehen heute hierher, auch ihnen gewähren wir Aufnahme so gut wir es vermögen.⁶⁴

In die Berlyn-teks arriveer die lede van die Wesleyaanse Christen-gemeente van ‘Lazarus Moremi’ (oor wie later meer) nie net by Sonntag se stasie nie, hulle vlug

-
60. Sien hoofstuk twee vir meer besonderhede oor H.T. Wangemann se loopbaan as direkteur van die BSG in Berlyn.
61. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 222 (1894-06-22).
62. EA BMG: Acta ... Blaubeurg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd 2, pp. 199-200: Tagebuch der Station Blaubeurg: Von Ch. Sonntag, 1894-06-23.
63. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 196 (1894-05-10).
64. EA BMG: Acta ... Blaubeurg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd 2, p. 71: Tagebuch der Station Blaubeurg: Von Ch. Sonntag, 1894-05-10.

daarheen; en hulle word nie net ontvang nie; hulle word na die beste van Sonntag-hulle se vermoëns gehuisves. Terwyl Sonntag sy dagboek netjies oorgeskryf het, moes hy natuurlik voortdurend die goedkeurende, of fronsende, leersoë van die superintendent en die direkteur in gedagte gehad het.

Tog is gedeeltes waarin Sonntag moedelose versugtinge uitspreek, soos dat hy wens dat hy net van Blouberg kon wegkom,⁶⁵ of dat hy graag bietjie langer by sy Duitse vriende wou kuier⁶⁶ – die tipe uitlatings wat ‘n mens sou verwag dat hy teenoor homself in die Pretoria-manuskrip sou maak, maar van die oë van sy toesighouers sou weghou – juis nie uit die Berlyn-manuskrip weggelaat nie. Dié steekproewe wat onderneem is, dui nie daarop dat Sonntag homself drasties gekorrigeer het met die oorskryf van sy dagboek vir sy superintendent nie. Nogtans, kan selfs die subtielste wysigings van die betekenisvolstes wees. Derhalwe word hierdie studie eerder beperk tot die wyses waarop sendeling Sonntag se eerste woorde op papier deur ander geïnterpreteer en voorgestel is en nie hoe hy homself gemodereer en ge-reinvent het nie. Die aard van die wysigings wat sendeling Sonntag aan sy eie teks aangebring het, stem in ‘n groot mate ooreen met die tipe ‘verbeteringe’ wat sy seun Konrad negentig jaar later vir die dagboek se Engelse publikasie sou in- en by-vertaal. Die wysigings wat ‘n persoon aan sy eie skryfwerk aanbring wanneer hy dit van die rowwe kopie oorskryf om aan sy toesighouer voor te lê, val beslis in ‘n ander kategorie as wysigings wat ‘n vertaler met ‘n eeu se agternaperspektief aanbring asof dit deur die skrywer self gedoen is. Konrad Sonntag se wysigings en die implikasies daarvan, word wel deeglik in hoofstuk vyf bespreek.

Terwyl ek met hierdie ondersoek onderweg is na ‘n illustrasie van die wyse waarop dieselfde ‘feite’ in uiteenlopende narratiewe verskillende betekenis kan verkry, het ek, in ooreenstemming met die ‘en-en’ benadering waarna Ankersmit verwys, die ‘feite’ self ook ondersoek. In my poging om, na wat hy verwys as “horisontaal van

-
65. Sien byvoorbeeld die dagboekinskrywing van 16 Augustus 1894. Pretoria-manuskrip: C. Sonntag, *Notizen ...*, p.257: “Ich fühle mich so schlaff, matt und müde, daß ich nicht das Geringste thun und denken kann. Ich wünscht wohl, ich wäre weit weg von hier und könnte einmal alles vergessen. Ich kann aber grad jetzt unmöglich fort.” Berlyn-manuskrip: EA BMG: Acta ... Blaubeurg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd 2, p. 136: Tagebuch der Station Blaubeurg: Von Ch. Sonntag, 1894-08-16: “Fühle mich seelisch und so schlaff, matt und müde, daß ich nicht das Geringste thun und denken kann. Ich wünsche wohl, daß ich weit weg von hier wäre und einmal alles vergessen könnte. Aber gerade jetzt kann und darf ich nicht vort.” C. Sonntag, *Mein Freund Maleboch*, p. 202 stem feitlik ooreen met die Berlyn-manuskrip. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), p. 136: “The end of the war has left me so limp, languid and weary that I can neither work nor think. I wish I were far away from here and could forget everything. But now is the most impossible time to think of deserting Blaauwberg.”
66. Sien die dagboekinskrywing van 29 Augustus 1894. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 259; EA BMG: Acta ... Blaubeurg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd 2, p. 139: Tagebuch der Station Blaubeurg: Von Ch. Sonntag, 1894-08-29.

teël tot teël” te spring, het ek tog heelpartykeer gestop om te kyk wat onder ‘n teël aangaan. Die dekonstruksionistiese historici het wel oortuigend geïllustreer dat ‘n dieper en dieper delf na die waarheid van stukkies bewysmateriaal nie die roete is waarlangs uiteindelik tot die verstaan van ‘n stel gebeure gekom word nie. Die betekenis van ‘n ‘verhaal’ lê wel primêr opgesluit in die vertelstrategie wat gevolg is; in die wyse waarop die narratief gekonstrueer is. Tog kon ek nie met ‘n stel gebeure waaroor daar onder historici nog soveel onsekerheid en omstredenheid bestaan oor die ‘boustene’ tot ons beskikking, wegspring met ‘n vergelykende ondersoek na twee narratiewe sonder om van tyd tot tyd die outentiekheid en betroubaarheid van bepaalde boustene te bevraagteken nie. Die empiriese toerusting vir die toetsing van egtheid (eksterne kritiek), en betroubaarheid (interne kritiek) van bronne, kon nie anders as om van hulle gesaghebbendheid in te boet ná die gewaarwording van die onvastheid en vloeibaarheid van betekenis waartoe die post-strukturaliste se sienings oor taal ons gebring het nie. Nogtans bly bied hierdie ‘historiese metode’ nuttige maatstawwe om relativisme te minimaliseer. Van die heelparty metodologie-handboeke waarin die geskiedenisstudent onderrig word in die toepassing van interne en eksterne kritiek,⁶⁷ was dit die stapsgewyse verduidelikings van R.J. Shafer⁶⁸ wat die blywendste indruk op my gemaak het.

Die identifisering (in hoofstukke vyf en ses) van die twee ‘oertekste’ waarop beide Colin Rae en Konrad Sonntag hulle publikasies gebaseer het, sou in Shafer se taal as die toepassing van eksterne kritiek beskou kon word in soverre die outentiekheid van die gepubliseerde dagboekweergawes daardeur verdag gemaak word. Dié roete wat met die historiese metode ingeslaan word, is dié van die rekonstruksionistiese historikus en sou beskou kon word as ‘n soeke na ‘n oorspronklike, egte teks wat die ‘éintlike geskiedenis’ kan onthul. Op die dekonstruksionistiese roete wat met die vyfde en sesde hoofstuk van hierdie ondersoek ingeslaan is, word dikwels by dieselfde plekke as die rekonstruksionis aangedoen.⁶⁹ Die verskil lê in die doel en die bestemming van die reis. Die doel van die dekonstruksionis se reis sou nie wees om

67. Sien byvoorbeeld H.C. Hockett se *The critical method in historical research and writing* (Toronto, 1955); J. Black & D.M. MacRaild, *Studying history* (London, 2000).

68. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method* (Belmont, 1980). Die Amerikaner Robert Jones Shafer, wat geskiedenisstudente van Europa tot Suid-Afrika die afgelope dekades touwys gemaak het in die aanpak van historiese navorsingsprojekte, se handleiding het onlangs weer ‘n nuwe uitgawe beleef.

69. A. Munslow, *Deconstructing history*, pp. 179-188, onderskei *rekonstruksie, konstruksie en dekonstruksie* as die drie hoofrigtings in historiese ondersoek. Onder *rekonstruksionistiese* benaderings groepeer hy alle geskiedskrywing met empiriese navorsing (die verkryging van kennis deur waarneming en die vasstelling van ‘die waarheid’ deur argumentasie) as uitgangspunt. *Konstruksionistiese* historici is diegene wat nie voorgee om die verhaal in die verlede te ‘ontdek’ nie, maar ‘n teoretiese model op ‘n bepaalde stel gebeure toepas. *Dekonstruksionistiese* historici is skepties oor beide die ander groeperings, bevraagteken die haalbaarheid van ‘n objektiewe waarheid omtrent die verlede en is voortdurend bewus van die beperkinge van die ideologies-gelaaide taal waarmee historiese bewysmateriaal verduidelik en georden moet word.

‘n bepaalde teks op grond van egtheid en gesaghebbendheid goed te keur en die ander tekste as vervalsings te diskwalifiseer nie. Die dekonstruksionis beskou elke variasie op die dagboeke eerder as ‘n interteks: Daar word eerder gevra na die betekenis van die verskille tussen die onderskeie intertekste en wat dit onthul van die veranderende wyse waarop verskillende generasies lesers ‘n bepaalde representasie geïnterpreteer het. Die dekonstruksionis se reis het nie noodwendig ‘n eindbestemming nie, maar neem voortdurend ‘n *linguistic turn* soos wat die een teks as repliek op die ander gelees word en daardie repliek insigself die skepping van ‘n nuwe teks is. Frank Ankersmit praat hiervan as ‘n “intertextual interplay”.⁷⁰

Interne kritiek teenoor elemente van verduideliking

In hoofstuk sewe jukstaponeer ek die toepassing van interne kritiek volgens die historiese metode met die aanwending van Hayden White se narratiewe elemente van verduideliking as maniere om die inhoud van die Rae en Sonntag se tekste te vergelyk. Eersgenoemde is die tradisionele aanslag van diegene wat, soos Arthur Marwick, daarvan oortuig is dat geskiedenis in sy wese gaan oor die uitvind van dinge en die prosesse waarlangs probleme opgelos word.⁷¹ Die tweede afdeling is geïnspireer deur White se oortuiging dat historiese betekenis uiteindelik besluit word op die vlak van die aanmeekaarsit van die narratief en die vertelling van ‘n storie. Daar word gehoop dat daar met hierdie jukstaposisie geïllustreer kan word dat geskiedskrywing ten minste net soveel van laasgenoemde as van eersgenoemde behels.

Hayden White se boek *Metahistory* (1973) het die afgelope drie dekades letterlik ‘n ‘verskuivende’ uitwerking op beskouings oor geskiedskrywing gehad. In hierdie waterskeidende boek illustreer White die elemente van verduideliking, of historiese bewussyn, in negentiende-eeuse geskiedskrywing en filosofie van geskiedenis. Hy gebruik sy teorie van trope, waarmee hy die dominante modusse in negentiende-eeuse Europese historiese denke karakteriseer, as basis vir ‘n algemene teorie van poëtiese taal.⁷² Die Hayden White van die jaar 2001 het, wat sy beskouings en belangstellings betref, sedert die skryf van *Metahistory* in die vroeë jare sewentig vanselfsprekend

70. F.R. Ankersmit, *History and tropology: the rise and fall of metaphor*, p. 72, soos aangehaal in A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 161.

71. A. Marwick, *The nature of history*, p. 21. Sien ook A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 39. Britse historikus Arthur Marwick se *The nature of history* is pas weer in ‘n opgedateerde uitgawe gepubliseer. Dit word allerweë beskou as een van die omvattendste sistematiese oorsigte oor Westerse historiografie.

72. H. White, *Metahistory. The historical imagination in nineteenth-century Europe*, pp. 38-42.

aanbeweeg. Tog beskou beide Alun Munslow en Keith Jenkins⁷³ die toepassing van sy teorie van trope soos dit in hierdie werk gelees word, teen die laat jare negentig steeds as 'n insiggewende illustrasie van die rigting wat geskiedskrywing met die *linguistic turn* ingeslaan het. In die handleidings waarmee hulle geskiedenisstudente inlei in die 'nuwe' geskiedenissteorie, word die bestudering van die verlede opmerklik anders benader as die 'kontrolelyns'-styl wat vantevore in Shafer se metodologie-handboek voorgeskryf is. Die indruk wat *Metahistory* gemaak het, was nietemin so sterk dat hulle White se reeks elemente van verduideliking vir die student aanbied asof 'n nuwe 'kontrolelyns' van aspekte om voor op die uitkyk te wees by die lees – en selfs skryf – van 'n historiese teks.⁷⁴

Met hierdie byna resepmatige aanbieding van White se teorie, mag die student die gevaarlik-misleidende indruk kry van 'n nuwe voorskriftelikheid by die benadering van 'n historiese teks. Tog hef die blote feit dat White sy studie tot negentiende-eeuse Westerse historiografie beperk het, enige aansprake op die algemeen-geldendheid van sy 'kontrolelyns' op. Ongeag hierdie voorbehoude oor wat White met *Metahistory* wou bereik het of nie, het die student dan minstens hier 'n illustrasie van hoe betekenis in negentiende-eeuse geskiedskrywing tot stand gebring is en verhoed niks hom/haar om wat White met bepaalde tekste gedoen het, ook met die lees van ander tipe tekste te gaan 'uitprobeer' nie. In hierdie ondersoek plaas ek gepubliseerde negentiende-eeuse dagboeke in dieselfde posisie as wat White negentiende-eeuse geskiedskrywing geplaas het. Ek maak dus die aanname dat dagboeke, soos historiese werke, as 'n narratief gelees behoort te word. Dat White se elemente van verduideliking (hoe wisselvallig ook al) ook in Rae en Sonntag se tekste aangedui kan word, illustreer dat selfs hierdie vorm van geskiedskrywing, ('ooggetuieverslae' wat voorgee om bloot waarnemings weer te gee en weinig verwerking en redigering te ondergaan het) steeds 'n sosiale konstruksie is. Waar Shafer se kriteria die menslike, ideologiese en emosionele inwerking op die 'feite' probeer minimaliseer, dui Jenkins en Munslow met White se teorie aan dat dit juis dit is wat Shafer probeer uitskakel, waarin historiese betekenis belê word.

Die einste toepassing van White se teorie op dagboeke, 'n tipe teks wat tot stand kom soos wat die verteller lewe, plaas 'n vraagteken agter White se eie standpunt dat geen mens 'n storie leef nie, maar dat historici, wat vanuit agternaperspektief werk, die alleenreg het op *emplotment* (die kousaliteit, kontekstualiteit en samehang waarmee

73. Britse historikus Keith Jenkins se historiografiese publikasies lewer 'n groot bydrae om studente te begelei om hulleself in 'n post-modernistiese wêreld te oriënteer. Sy ander publikasies sluit in *Rethinking history* (1991) en (as redakteur) *The post-modern history reader* (1997).

74. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, pp. 1-14 & 134-196; A. Munslow, *Deconstructing history*, pp. 140-162.



gebeure verbind word om 'n bepaalde narratief te vorm).⁷⁵ Ek skaar my by Alun Munslow wanneer hy daarop wys dat 'n mens nie op hierdie punt met White akkoord hoef te gaan nie. Soos wat ek Rae en Sonntag se tekste lees, lyk dit tog moontlik dat 'n bepaalde persoon die geneigdheid kan hê om sy eie ervarings as deel van 'n romantiese, komiese, tragiese of satiriese plot te interpreteer. Aanklank tot 'n sekere plotstruktuur word immers sterk beïnvloed deur die ideologiese uitgangspunt van die verteller, ongeag of dit 'n historikus of 'n dagboekhouer is. Munslow: "History as an essentially literary endeavour may not preclude the possibility that people living in the past did indeed explain their lives to themselves as narratives as constructed within their particular *episteme*" (volgens Michel Foucault.⁷⁶ 'n denkstruktuur van gedeelde aannames binne 'n bepaalde historiese periode).⁷⁷ Die toepasbaarheid van White se teorie op persoonlike dokumente bevestig enersyds dat hierdie tipe tekste as geskiedskrywing beskou kan word, maar illustreer ook aan die ander kant dat dit 'n tipe geskiedskrywing is wat nie uit 'n eenmalige agternaperspektief gekonstrueer word nie, maar op 'n basis van gereelde, in baie gevalle selfs 'n daaglikse, terugskouing, soos wat die historikus 'lewe'. Daaruit volg die dikwelse geneigdheid tot onkonsekwente standpunte binne 'n enkele dagboek. Isabel Hofmeyr het dit met die titel van haar boek oor die mondelinge geskiedenis van die Kekana-Ndebele, wat sy uit die Psalms geleen het, treffend uitgedruk: "We spend our years as a tale that is told."⁷⁸

Ongeag die enorme verskille in die wyse waarop historici genoop is om mondelinge en skriftelike bewysmateriaal te benader, kan beide as tekste, weliswaar elk met sy eie betekenisdraende konvensies (vorm), 'gelees' word. Beide 'n stuk mondelinge getuienis en 'n dagboekinskrywing is narratiewe waarin die verteller reflekteer, selekteer en orden ten einde 'n verhaal te vorm. By elke nodige geleentheid word die verhaal, of narratief, dan ook weer hervorm tot 'n nuwe teks waarbinne die verteller hom/haarself in 'n bepaalde hede psigies, moreel, polities- in watter opsig ook al - staande kan hou. 'Gisters' word sodanig vertel dat dit 'vandags' kan regverdig. Terwyl 'n dagboek deur die verteller tegelykertyd gelees en 'aan-geskryf' word, word 'n mondelinge narratief tegelykertyd vertel en 'oor-vertel'.

75. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 182.

76. Met, onder meer, sy herbesinning oor die aard van mag en die verhouding van kennis tot mag, was die Franse akademikus en aktivis Michel Foucault een van die invloedrykste denkers van die twintigste eeu. Hy het byvoorbeeld kousale verbande tussen gebeure en episteme verwerp en verkies om eerder na 'n 'begin' te verwys, wat aandui hoeveel klem hy op diskontinuiteit, teenoor tradisionele aannames oor 'progressie', geplaas het. Hy was in Parys hoogleraar in die Geskiedenis van Denksisteme en het onder meer geskiedenis van waansin, misdaad, dissipline en seksualiteit geskryf.

77. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 144.

78. Psalm 90:9. Sien I. Hofmeyr, *We spend our years as a tale that is told. Oral historical narrative in a South African Chiefdom*. (Johannesburg, 1993). Hofmeyr is professor in Afrika-letterkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand. Haar publikasies het 'n sterk kultuurhistoriese strekking.

Dié onverwagse ooreenstemming tussen mondelinge narratiewe en dagboeke bring ‘n mens daarby dat selfs wat akademiese historiese diskoers betref, daar nie so ‘n wesensverskil tussen die skriftelike en mondelinge proses van betekenisgeving oor die verlede is as wat dit op die oog af mag blyk nie. Die onderskeid tussen die skriftelike en die mondelinge proses is waarskynlik selfs nie eens so duidelik omskryfbaar as wat ‘n mens sou vermoed nie. Die historiese bewussyn⁷⁹ van selfs die hoogste-geletterde gemeenskap is immers ‘n ‘tekstualiteit’ wat nouliks in geskrewe formaat vasgevat sal kan word. Wat Hofmeyr in die volgende aanhaling beweer oor mondelinge oorlewering, kon net sowel van ‘n “intertextual interplay” wat op papier gevoer is, gesê word:

Not only do historical narratives refer to the past and mediate an understanding of the past through their form, the stories and their tellers also pass through time and are shaped by its often precipitously changing circumstances. Stories then, comment on the passing of time and times past; they also enfold fragments of themselves while they simultaneously transmute under the pressures of a changing social climate.⁸⁰

Dagboeke roteer ook op ‘n ander, opwindende manier tussen die orale en die skriftelike domein. Hofmeyr het dit in haar boek hoofsaaklik oor die stories van ‘n gemeenskap wat van geslag tot geslag oorgedra word. Die fokus met hierdie ondersoek is egter nie soseer op die Hananwa- en Boere- kollektiewe herinneringe aan die oorlog van 1894 nie, maar eerder op wat tydens die veldtog gesê is – of dan, die dagboekhouers se voorstellings van wat gesê is. Selfs al is dit erg verwring en selfs al onthul dit meer van die optekenaar se ideologie as van die getuie self, is Rae en veral Sonntag se dagboek ‘n besondere versameling van uiteenlopende tydgenootlike mededelings. Kru soos hulle dit ook al gedoen het, het die dagboekhouers ‘n tipe mondelinge getuienis wat nie noodwendig in die orale tradisie van die Hananwa of die kollektiewe herinnering van die Boere ondervang sou word nie, hoe onbedoeld ook al, ingesamel en neergeskryf en dus, bewaar. Dit is veral tot hierdie ‘getuienis’ dat ek my in hoofstukke agt en nege, waar ek by ‘n vergelyking van die inhoud van die twee dagboektekste uitkom, wend.

79. Sien die **VOORWOORD** vir die betekenis wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek aan ‘historiese bewussyn’ en ‘kollektiewe herinnering’ toegeken word.

80. I. Hofmeyr, *We spend our years as a tale that is told ...*, p. xi.

Getuienis oor die aanloop tot die Boer-Hananwa-oorlog

In hoofstuk agt word die aanloop tot die Boer-Hananwa-oorlog soos dit in Rae en Sonntag se onderskeie tekste aangebied word, vergelyk met spesifieke fokus op die getuies wat deur die twee vertellers aan die woord gestel is. Die wyse waarop Rae en Sonntag hierdie getuienis as intertekste in hulle onderskeie tekste opgeneem het en daarop replek gelewer het, geniet besondere aandag. Daar word ook aangedui hoe Konrad Sonntag van die geleentheid gebruik maak om in sy vertaalde aanbieding van die oorsake vir die oorlog op Rae se interteks replek te lewer. Die intertekste tot die beskikking van die ondersoeker self: ánder dagboeke, herinneringskrifte en regeringsdokumente – sommige waartoe Colin Rae en óf Christoph óf Konrad Sonntag ook toegang gehad het, word ook aan die leser van hierdie ondersoek bekend gestel. Hierdie intertekste, tesame met die interpretasies wat ander historici reeds vir die oorsake van die oorlog aangebied het, kleur immers die verwagtingshorison waarteen ek Rae en Sonntag se voorstellings van die aanloop tot die konflik vergelyk.

Edward Said⁸¹ het in sy *Culture and Imperialism* met groot oortuiging geïllustreer hoe die mag van negentiende-eeuse koloniserende gemeenskappe oor gekoloniseerdes in Afrika en Asië in 'n groot mate in die koloniseerders se literêre werke ingeskryf is. Om oor 'n Afrika-gemeenskap te kon skryf, was in 'n groot mate om hulle te koloniseer, omdat dit die skrywer was wat bepaal het hoe die koloniseerders die Afrikane sou ken. Die representasie van Afrikane in antropologiese, literêre en historiese tekste as primitief, lui, en sonder enige kennis van God, het die koloniale onderwerping van hierdie 'mindere, afhanklike wesens' vir die lesende Westerling geregverdig. Omdat hulle nie deel was van wat Barthes die "civilisation of the written word" sou noem nie, is hulle nie ingereken onder die beskaafdes nie. Die gekoloniseerdes het nie in die geskrewe teks die geleentheid gehad om 'n alternatiewe representasie van hulleself aan te bied nie. Die lesers van Rae en Sonntag se tekste moet onder geen illusie verkeer dat die stemme van die Hananwa 'onbewerk' uit hierdie koloniale tekste tot hulle kan spreek nie.

Wat die leser wel met sy/haar agternaperspektief uit sy/haar hede kan doen, is om die be-skryfde gemeenskap teen die grein in te lees van die implisiete lesersrol wat die outeur aanvanklik met die skryf van die teks in gedagte gehad het. Dit geld natuurlik

81. Hierdie Arabies-Amerikaanse professor in Engels en Vergelykende Letterkunde, het met sy boek *Orientalism* (1978) en die 'opvolg'-publikasie *Culture and imperialism* (1993) 'n nuwe rigting aangedui in die studie van die wyse waarop 'ander' gemeenskappe in Westerse literatuur voorgestel is en hoe dit die kulturele identiteit van beide die 'koloniseerder' en die 'gekoloniseerde' beïnvloed het.

in die eerste plek vir die Hananwa, maar in 'n betekenisvolle mate ook vir die wyse waarop Rae en Sonntag, as nie volkome behorende tot die Boeregemeenskap nie, ook die Boere per geleentheid aan 'n Europese maatstaf onderwerp wat nie meer oortuigend op hulle van toepassing was nie. In Rae se teks is dit nietemin baie duidelik dat die verteller Boere en Britte by sy 'ons' inreken wanneer hy na die Hananwa, die 'vyand', as die Ander verwys. In kultuurstudie word die konsep van die 'Ander' ('*Other*') gebruik met verwysing na dit wat buite 'n bepaalde kultuur of samelewing se epistemologiese grense lê. "Society requires an Other without which there can be no sense of self."⁸² Sendeling Sonntag se "sense of self" is veel kompleks en daarom interessanter as Rae s'n. Wanneer Sonntag van 'ons' praat, skaar hy homself by die Hananwa waarna hy verwys, maar daar is tog 'n duidelike mate van "othering" in die invloedryke rol wat hy in sy dagboek vir homself oor hulle toe-eien.

Dit is veral by die beskouing van die wyse waarop koloniale bronne die Boer-Hananwa-oorlog verklaar het, dat die "othering" van die Hananwa duidelik blyk. Dit is 'n tendens wat in heelparty akademiese tekste van die afgelope dekades eerder voortgesit as oopgevelek is.⁸³ In die woorde van Edward Said:

Without significant exception the universalising discourses of modern Europe and the United States assume the silence, willing or otherwise, of the non-European world. There is incorporation, there is inclusion; there is direct rule; there is coercion. But there is only infrequently an acknowledgement that the colonised people should be heard from, their ideas known.⁸⁴

Deur Sonntag se behandeling van die oorsake van die Boer-Hananwa-konflik te vergelyk met dié van Rae en die mense vir wie Rae verteenwoordig het, sal ek probeer illustreer dat Sonntag tot hierdie seldsame, laaste kategorie waarna Said verwys, behoort het.

Die "othering" van die Hananwa kan, omdat dit in die inhoud sowél as die vorm van die dagboektekste ingebed is, baie beter geïllustreer word in 'n vergelykende dekonstruksie waarin die *tekste as sodanig*, die onderwerp van ondersoek gemaak word. Juis dít is die roete wat met hierdie proefskrif ingeslaan word. Die minder gewenste tipe navorsingsuitset sou een wees waarin gefokus word op die inligting wat

82. K. Malik, *The meaning of race. Race, history and culture in Western society*, p. 221.

83. Sien byvoorbeeld N.C. Weidemann, Die Malabocho-oorlog (1894), *Historiese Studies* 7(1), Maart 1946; J.A. Mouton, Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 20 I (Parow, 1957).

84. E.W. Said, *Culture and imperialism*, p. 58.

as ‘inhoud’ uit ‘n wye verskeidenheid tekste onttrek en aan ‘n nuwe sintese gediensig gemaak word. Met so ‘n benadering sou daar weinig sensitiwiteit wees vir die konteks waarbinne elke brokkie inligting vantevore betekenis oorgedra het. Dit staan ‘n verteller natuurlik vry om ‘inhoude’ wat uit ander tekste verkry is te selekteer en te orden in ‘n narratief waarmee hy/sy ideologies sou kon identifiseer. ‘n Mens sou waarskynlik selfs so ver moet gaan om te erken dat dit onvermydelik is in enige poging om ‘n stuk verlede tekstueel te konstrueer. Dit sou nietemin vir ‘n historikus wat daarop aanspraak maak dat hy/sy die verlede met integriteit probeer representeer, onverantwoordelik wees om voor te gee dat hy/sy nie daarvan bewus is dat ‘inhoud’ telkens wanneer dit in ‘n nuwe vorm voorgestel word, ook ‘n nuwe betekenis verkry nie. Veral weens die lig wat dit kan werp op die “othering” van een gemeenskap deur ‘n ander, is daar in geskiedskrywing beslis ook ruimte vir die bestudering van hierdie einste proses van betekenisgenerering binne opeenvolgende tekste.

Die verowering van die Blouberg-landskap

In hoofstuk nege word die verloop en afloop van die Boer-Hananwa-oorlog met vertellers Rae en Sonntag se belewing van tyd en ruimte as vertrekpunt, behandel. Oor watter insidente alles in dié reeks gebeure hoort, het die meeste historici reeds redelike eenstemmigheid bereik. Nietemin boet ons, deur argeloos te wees oor die vorm waarin ‘n bepaalde stuk ‘inhoud’ destyds vir ‘n bepaalde groep lesers aangebied is, in ‘n groot mate steeds in aan die potensiaal om iets van die karakter van hierdie stuk verlede te kan verstaan. Eerder dan om voort te gaan om al dieper te gaan delf na die betroubaarheid van verskillende weergawes van gebeurtenisse tydens en na die oorlog, word in hoofstuk nege, soos ook in hoofstuk agt, by uitstek aandag gewy aan die wyse waarop betekenis binne teksverband in onderskeidelik Rae en Sonntag se publikasies opgebou is. Belewenis van ruimte en tyd word as vertrekpunt geneem, aangesien die twee vertellers se houdings teenoor die vegtende partye (identifisering met die een en “othering” van die ander) so treffend aan die hand daarvan geïllustreer kan word.

Wat Edward Said in die hiervolgende kwytraak met verwysing na die laat-negentiende-eeuse Westerse roman, het ook betrekking op tekste soos dié van Sonntag, maar veral van Rae, wat vir ‘n laat-negentiende-eeuse gehoor van koloniseerdes geskryf het:

To think about distant places, to colonize them, to populate or depopulate them: all of this occurs on, about, or because of land. The actual

geographical possession of land is what empire in the final analysis is all about. At the moment when a coincidence occurs between real control and power, the idea of what a given place was (could be, might become), and an actual place – at that moment the struggle for empire is launched.⁸⁵

Uit Said se verduidelikings volg dat Rae en Sonntag se aannames oor ruimte in 1894 (Konrad Sonntag, eers 1983) in 'n kontinuum voortspruit uit vroeëre vorme van sosiale diskriminasie wat alreeds in vroeëre historiese en realistiese romans gesaghebbendheid verwerf het.⁸⁶ Daar sal in hoofstuk nege 'n vergelyking getref word tussen die mate waarin Rae en Sonntag se tekste 'ruimte laat' vir die versterking, of ondermyning, van die gesaghebbende laat-negentiende-eeuse persepsie dat swartmense se aansprake op ruimtes ondergeskik was aan die behoeftes van wit koloniseerders.

Sedert die agtiende eeu het die romantiese digters soos William Wordsworth en landskapskilders soos die Amerikaners Sanford Gifford⁸⁷ en Asher Brown Durand⁸⁸ geleidelik bygedra tot 'n tipe beskouing van die natuur in die Westerse wêreld wat neerkom op 'n bekoring met, byna 'n verheerliking van, 'wildernisse': berge, woude en woestyne. In stede daarvan om die natuur bloot te beskou as 'n reservoir van hulpbronne om te kan voortbestaan, het verstedelike westerlinge 'ongerepte' landskappe toenemend vir hulle skoonheid en kalmte begin waardeer. John Berger gaan sover om te beweer dat alle kuns wat gebaseer is op waarnemings van die natuur uiteindelik ook die wyse waarop mense die natuur sien, verander.⁸⁹ Paul Shepard sluit hierby aan wanneer hy beweer dat 'n "adequate body of painting and literature" 'n voorvereiste is vir mense om moeilik begaanbare, onherbergsame terrein te besigtig en dit te bewonder: "Scenery is no scenery without the right cultural baggage."⁹⁰

Dit was met hierdie veranderde, verheerlikende beskouing van die landskap in hulle eie milieu, dat Europeërs gedurende die negentiende eeu in 'ander', 'verre' landskappe as koloniseerders inbeweeg het. Shepard merk die volgende op by 'n skildery van Albert Bierstadt, wat met sy Europese (Duitse) 'kulturele bagasie' die negentiende-eeuse persepsie van die Amerikaanse landskap help konstrueer het:

85. E.W. Said, *Culture and imperialism*, p. 93.

86. E.W. Said, *Culture and imperialism*, p. 94.

87. P. Atkins, I. Simmons & B. Roberts, *People, land and time. An historical introduction to the relations between landscape, culture and environment*, p. 240.

88. S. Schama, *Landscape and memory*, p. 197.

89. P. Atkins, I. Simmons, & B. Roberts, *People, land and time...*, pp. 239-241.

90. P. Shepard, *Man in the landscape. A historic view of the aesthetics of nature*, p. 132. Shepard het sy loopbaan in natuurbewaring begin. Hierdie boek, wat die eerste keer in 1967 verskyn het, is 'n verwerking van 'n doktorsale proefskrif wat aan *Yale University* in geskiedenis verwerf is.

The dream of a virgin nature, wild and yet beautiful, sublime and yet pastoral, was a dream of splendor that extended the essential utopian expression of the will to love. The combination of geomorphic and biotic elements fell into place in the nineteenth-century enthusiasm for wild nature, a fusion of all the disparate images of admirable landscapes that had gone before: the poetry of meadows, the romance of the forest, the awesomeness of time in the decay of mountain walls, and, above all, the unblemished purity of a new world.⁹¹

Terwyl die meeste Boere se bewussyn van Europese landskappe teen 1894 volkome deur tekste ingegewe sou wees, het Colin Rae en Christoph Sonntag gevoed op beide 'n tekstuele sowel as 'n 'eerstehandse' ervaring van Europese landskappe. (Beide het eers op volwasse ouderdom na Suid-Afrika gekom.) Uit Rae en Sonntag se representasies van die kolonisering van die Hananwa-ruimte, blyk enersyds die Boere se uitbuiting van die hulpbronne uit die 'ondergeskiktes' se omgewing, maar andersyds ook 'n toe-eiening van die skoonheid van die gebied as 'n prys wat die superieure wit veroweraars waardig was. Dit was geen unieke verskynsel nie. In sy boek *Landscape and memory* illustreer Simon Schama treffend hoe die woude van die Sierra Nevada, nadat dit van die inheemse gemeenskappe 'gesuiwer' is, onder wit Amerikaners 'n nasionale trots op die uniekheid van 'hulle' natuurlike erfenis aangewakker het. Die verwondering aan die besondere natuurskoon het selfs gekulmineer in 'n verheerliking van die 'nasionale God' en die 'hemelse geskenk' is as die Verenigde State se eerste nasionale park, Yosemite, geproklameer.⁹²

Negentiende-eeuse landskappe en literatuur kan soos volg by mekaar uitgebring word: Reisigers, koloniste, administrateurs, romanskrywers, skilders, dramaturge – om nie te vergeet van die sendelinge en kapelane nie – het dit gedurende die negentiende eeu dikwels as hulle plig beskou om die gekoloniseerde ruimte voor te stel as 'n voorwerp wat van belang was om geïnterpreteer te word. Deur die inheemse gemeenskap deur die literêre handeling in 'n milieu te plaas wat verwyderd van en *anders* was as die ruimtes wat aan die outeur en sy implisiete lesers bekend was, is die gemeenskap self as vreemd en fundamenteel anders as die waarnemer voorgestel. Vandaar was dit maar 'n geringe stap om die onbekende in die ander kultuur as irrasioneel af te maak, die verowering van die ruimte en onteiening van die bewoners te regverdig terwyl die veroweraar in die proses al hoe meer onder die indruk gekom het van sy eie superioriteit.⁹³ Terwyl Rae se teks opgaan in hierdie proses, is dit in die vergelyking met Sonntag se teks dat die hedendaagse leser tot

91. P. Shepard, *Man in the landscape. A historic view of the aesthetics of nature*, opposite p. 171.

92. S. Schama, *Landscape and memory*, pp. 158-201.

93. P. Atkins, I. Simmons & B. Roberts, *People, land and time...*, p. 245.

dieselfde gewaarwording as die Franse filosoof Paul Ricoeur kan kom: “When we discover that there are several cultures, instead of just one ... Suddenly it becomes possible that there are just *Others*, that we ourselves are an ‘other’ among Others.”⁹⁴ Deur te leen van die konsepte uit die literêre teorie, sal in hoofstuk nege aangedui word dat die anderse betekenis wat ‘n bepaalde gemeenskap aan tyd heg, net so bepalend as die ‘anderse’ ruimte is in die wyse waarop een gemeenskap ‘n ander in ‘n staat van gekoloniseerd-wees, in-skryf.

Sendingbronne en geskiedskrywing

‘n Studie van die Suid-Afrikaanse verlede waarin evangeliste se geskrifte as ‘n deurslaggewende bron gebruik word, kan kwalik meer onderneem word sonder inagneming van antropoloë John en Jean Comaroff⁹⁵ se waterskeidende werke oor die suidelike Tswana se interaksie met nonkonformistiese sendelinge gedurende die negentiende eeu. Dit is juis in navolging van die Comaroffs dat die Hananwa se posisie hierbo as ‘n ‘staat van gekoloniseerd-wees’, voorgestel is: hulle verduidelik naamlik dat die swartmense se *staat* (synde hulle bestaanswyse - grondaanwending, ekonomiese lewe, interne gesagstrukture) tydens die koloniseringsproses in ‘n nuwe *staat* (synde die jurisdiksie van die wit regering) opgeneem is. Hulle beskou interaksie tussen ‘n swart gemeenskap en ‘n sendeling as ‘n kulturele konfrontasie “of domination and reaction, struggle and innovation”.⁹⁶ Volgens die Comaroffs het die Britse sendelinge se ‘long conversation’ met die Tswana op twee vlakke gewerk: die poging om hulle te bekeer tot die Christendom en die poging om die tekens en gebruike van die Europese kultuur in hulle inheemse wêreld in te prent.⁹⁷ Die Berlynse sendelinge het die Hananwa onder soortgelyke ‘kulturele onderwerping’ probeer bring,⁹⁸ hoewel nie in die naam van “God and Great Britain” nie.⁹⁹ Sonntag se teenwoordigheid te Blouberg in 1894, as ‘n onderdaan van die Boere, maak hom by implikasie ook medepligtig aan die gewelddadige onderwerping van die Hananwa deur die ZAR. Dit was immers in Sonntag se dienstydpark te Blauberg dat die plaaslike swartmense se onafhanklike staat by die Boerestaat geïnkorporeer is.

94. Soos aangehaal in P. Atkins, I. Simmons & B. Roberts, *People, land and time ...*, p. 245.

95. Die Comaroffs is beide professors aan die Universiteit van Chicago.

96. J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution. Christianity, colonialism and consciousness in South Africa I*, p. xi.

97. J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution ...*, p. 311.

98. J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution ...*, p. xii.

99. J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution ...*, p. 309.

Die gelyke klem wat die Comaroffs op 'n bestudering van die koloniseerder sowel as die gekoloniseerde se wêreld plaas ten einde iets van die interaksie tussen hulle te probeer verstaan, betrek uiteindelik ook vir Colin Rae by die koloniseringsproses. Rae het direkte kontak met swartmense in 'n sendingkonteks sover as moontlik vermy. Nogtans het hy, deur die godsdienstige oortuigings wat hy in die sentrum van die koloniserende mag onder wit kerkgangers vertroetel het, soos 'n Aäron van ouds die koloniserende samelewing se arms as't ware omhoog gehou. Deur die wit samelewing waarin hy gewerk het se stereotipes van swartmense – as mense wat dit verdien het om oorheers te word – te kondoneer, het hy dit as't ware vir hierdie witmense vanuit die kerk se oogpunt gesanksioneer. Soos David Chidester dit stel: “Whether practiced on the colonized periphery or at the colonizing center, the study of religion was entangled in the power relations of frontier conflict, military conquest and resistance, and imperial expansion.”¹⁰⁰ So kry 'n mens die ironiese situasie dat Rae aanvanklik geen aandeel wou gehad het in die sendingaktiwiteit, dit wat vir navorsers soos die Comaroffs die fokuspunt van kolonisering was, nie. In 1894 ontbloom hy dan sy eintlike affiliasie deur die militêre mag wat die Hananwa gaan verower, as geestelike helper te vergesel. Dit terwyl Sonntag, wat op die veronderstelde voorpunt van kolonisering was, met die aankoms van die koloniserende leërmag op die periferie waar hy woon en werk, homself met diegene wat gekoloniseer sou word, vereenselwig.

Soveel soos wat hulle insigte die ondersoeker se lees van Rae en Sonntag se tekste ook al kan rig, bly staan die vraag: hoe toepaslik die Comaroffs se gevolgtrekkings met betrekking tot die suid-Tswana op 'n noord-Sotho-gemeenskap kan wees. Die Hananwa se ontmoetings was met 'n ander predikante in 'n ander konteks met gans ander veranderlikes. Meer nog, daar moet toegegee word dat die besware wat teen die Comaroff-onderzoek op die suid-Tswana ingebring is, waarskynlik vermenigvuldig wanneer die teorie na 'n ander scenario oorgeplaas word. Die kritiek op die Comaroffs se werk, dat dit swartmense té passief, té dikwels onaktief aan die ontvangkant van sendeling-inisiatiewe uitbeeld, is veral problematies. Dit is juis met 'n teen-die-grein-in lees van Rae en Sonntag se dagboeke dat aangedui wil word dat die vertellende 'ek' se handelende, dominerende posisie in sy eie literêre skepping dikwels juis net dít is: sy eie skepping. Dit is nie noodwendig die geval dat die objekte waarna die dagboekhouer verwys, dieselfde graad van manipulasie sou ervaar as wat die hoofrolspeler in sy eie teks aan hulle toegeskryf het nie.

100. D. Chidester, *Savage systems. Colonialism and comparative religion in Southern Africa*, pp. xii-xiv. David Chidester is verbonde aan die *Institute for Comparative Religion in Southern Africa* aan die Universiteit van Kaapstad.

Terwyl ek met hierdie ondersoek poog om van die vernuwende insigte van die Comaroffs kennis te neem, hoop ek ook om my deur die leemtes wat in hulle werk geïdentifiseer is, te laat lei. Soos Johannes du Bruyn dit stel, moet in gedagte gehou word dat daar 'n groot diskrepans is tussen wat sendelinge hulle voorgeneem het om te bereik, wat hulle gedink het dat hulle bereik het, hoe hulle daarvoor verslag gelewer het en hoe die sendeling se gehoor dit wat uiteindelik wél gebeur het, vir hulleself voorgestel het.¹⁰¹ Die volgende aanhaling van Du Bruyn is direk van toepassing op die vergelyking tussen Rae en Sonntag se tekste en bevestig dat die problematiek van hierdie ondersoek nie in die eerste plek op die vlak van die antropologie lê nie, maar in die benadering tot 'n persoonlike dokument as beide literêre artefak en historiese bron:

Missionary texts – particularly unpublished ones – are not wholly about control: they did not have the benefit of hindsight to realise that their endeavours did pave the way for colonisation. So their narratives often reflect historical indeterminacies and uncertainties which enable the other's voice to come through.¹⁰²

Anders as wat die 'rekonstruksionistiese' kultuurhistorikus Maria Hugo oor dagboeke beweer, is dit nie die "volkome eerlikheid en objektiwiteit" of die "suiwer aanvoeling" "aan die kant van die skrywer"¹⁰³ wat daaraan betekenis gee nie. Die 'objektiwiteit' waarvan die outeur self so oortuig kan wees, moet ontbloot word as sy besondere 'subjektiwiteit', wat sy bepaalde voorstelling van die gebeure van die ander waarnemers se voorstellings onderskei. Soos Marjike van Faassen dit stel, moet 'n dagboek gelees word met die vraag of dit inderdaad is wat dit voorgee om te wees.¹⁰⁴ Onsekerhede en teenstrydighede wat tussen die ongepubliseerde en die persklaar fase van 'n manuskrip uitgestryk word, vergroot natuurlik die graad van 'voorgee' en kan, soos Du Bruyn hierbo aangedui het, die betekenis wat in 'n teks ingelees word, ingrypend beïnvloed. Deur 'n vergelyking tussen Rae se gepubliseerde boek en Sonntag se een ongepubliseerde en twee gepubliseerde dagboekweergawes, hoop ek om die subjektiewe geskakeerdheid van die verskillende vertellerstemme sodanig te illustreer dat die ruimtes tussen-in groot genoeg sal wees om ook die Ander se stemme te kan verbeel.

101. J. du Bruyn, Of muffled Southern Tswana and overwhelming missionaries: the Comaroffs and the Colonial Encounter, *South African Historical Journal* 31, November 1994, pp. 306-307. Johannes du Bruyn is professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika.

102. J. du Bruyn, Of muffled Southern Tswana and overwhelming missionaries ..., p. 308.

103. M. Hugo, Die dagboek as historiese bron – met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell, *Historia* 34(2), November 1989, p. 110.

104. M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere? *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, p. 6.

Vergelykende geskiedskrywing

Die basis van vergelyking waarop hierdie ondersoek aangepak is, vereis 'n motivering. Dat vergelykende geskiedenis in die afgelope dekade, in die woorde van Jürgen Kocha, “a major field of historical research”¹⁰⁵ geword het, bevestig bloot dat hierdie ondersoek die tydgees adem en dien geensins as regverdiging vir die benadering wat ek gevolg het nie. Dit noodsaak, intendeel, juis 'n verantwoording van my keuse om óók vergelykend te probeer werk.

Daar moet onmiddellik opgemerk word dat 'n wyd-uiteenlopende aantal benaderings en temas onder 'vergelijkinge geskiedenis' gehuisves word en dat heelparty van die ondersoek wat die afgelope dekade onderneem is, metodologies weinig met mekaar in gemeen het. In 1995 het G.M. Fredrickson¹⁰⁶ 'n gedagteryke vergelykende geskiedenis gepubliseer oor swart ideologieë en bevryding in die Verenigde State van Amerika en Suid-Afrika.¹⁰⁷ Dit het gevolg op sy vorige vergelyking tussen Amerikaanse en Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat reeds in 1981 verskyn het.¹⁰⁸ Gedurende 1999 is daar in die joernaal *History and Theory* onder 'n “Forum on Comparative History” vyf artikels byeengebring. Uit die temas blyk dit dat die oorwig vergelykende studies wat onlangs voltooi is, (soos dié van Frederickson) op makrovlak, of ten minste op die vlak van nasionale geskiedenis, onderneem is. Sien byvoorbeeld die volgende titels: “The future of the past: historiographical disputes and competing memories in Germany and Israel”¹⁰⁹ deur Daniel Levy en “Politics and industrialisation: early railroads in the United States and Prussia”¹¹⁰ deur C.A. Dunlavy. Met sy “What time is Japan? Problems of comparative (intercultural) historiography”¹¹¹ is ook Sebastian Conrad se vergelykende fokus op die vlak van 'n geskiedenis vir Japan *in verhouding tot* die geskiedenis van Westerse state.

105. J. Kocha, Asymmetrical historical comparison: The case of the German Sonderweg, *Forum on Comparative history, History and theory* 38(1), 1999, p. 40.

106. George M. Fredrickson spesialiseer in die geskiedenis van swart-wit verhoudinge in die Verenigde State van Amerika. Hy was in die agt jaar wat hy aan sy tweede vergelykende geskiedenis tussen die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse situasie gewerk het, onder meer aan Oxford-, Harvard- en verskeie Suid-Afrikaanse universiteite verbonde.

107. G.M. Fredrickson, *Black Liberation. A comparative history in the United States and South Africa*. (New York, 1995).

108. G.M. Fredrickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*. (New York, 1981).

109. Opgeneem in *Forum on Comparative history, History and theory* 38(1), 1999, pp. 51-66.

110. *In Central European History* 29, 1996.

111. Opgeneem in *Forum on Comparative history, History and theory* 38(1), 1999, pp. 67-83.

Met wat hy in sy bydrae “Asymmetrical historical comparison: the case of the German *Sonderweg*”¹¹² in dieselfde uitgawe van *History and Theory* opmerk, bevestig Kocha dat sy eie en die meeste ander bydraers se ondersoeke ten minste twee verskillende gevalle, of voorvalle, of stelle gebeurtenisse, teenoor mekaar stel: “Frequently, historical comparisons are asymmetrical in the sense that they investigate one case carefully while limiting themselves to a mere sketch of the other case(s) which serve(s) as comparative reference point(s).”¹¹³ Asimmetrie in ‘n vergelyking is ‘n tendens wat reeds in 1981 deur Fredrickson gekritiseer is. Hy beskou dit as ‘n hoër fase van vergelyking indien beide, of ál die betrokke gevalle (indien meer as twee voorvalle vergelyk word,) ewe veel belig word. Vir Fredrickson lê die waarde van ‘n vergelykende benadering daarin dat dit die ondersoeker bevry van ‘n verabsoluttering van die eie.

Wanneer Fredrickson na ‘gevalle’ verwys, is sy uitgangspunt nietemin ook steeds dat die vergelyking die spieëling van *verskillende samelewings* aan *mekaar* sal inhou.¹¹⁴ Met die sessie oor vergelykende geskiedenis tydens die *International Congress of Historical Sciences* wat gedurende 2000 in Oslo, Noorweë, gehou is, was hierdie tendens om verskillende nasiestate as ‘gevalle’ vir vergelyking te identifiseer, steeds aan die orde van die dag. Tydens die besprekingsgeleentheid het Romila Thapar van Indië¹¹⁵ aangedui dat daar, naas die heersende fokus op nasionale geskiedenis, beslis ook ruimte gelaat moet word vir vergelykende studies wat van kleiner omvang kan wees en nie noodwendig deur Westerse grensafbakenings bepaal hoef te word nie. Fredrickson het wel reeds in sy 1981-publikasie vir sodanige benadering voorsiening gemaak deur aan te dui dat “comparative history should be genuinely multi-national *or* multi-cultural”.¹¹⁶

Dit is slegs in R.J.B. Bosworth se bydrae in die 1999-*History and theory*, “Explaining Auschwitz: after the end of history: the case of Italy”¹¹⁷, dat daar ‘n nouer ooreenstemming met die fokus in my eie ondersoek te bespeur is. Soos in die geval van hierdie Rae/Sonntag-ondersoek, word daar in Bosworth se artikel ook verskillende weergawes van een en dieselfde stel gebeure (of ‘geval’), vergelyk. Fredrickson se ‘multi-kulturaliteit’ word na die diversiteit binne ‘n enkele ‘nasie’, of

112. Opgeneem in Forum on Comparative history, *History and theory* 38(1), 1999, pp. 40-50.

113. J. Kocha, Asymmetrical historical comparison: The case of the German *Sonderweg*, Forum on Comparative history, *History and theory* 38(1), 1999, p. 40.

114. G.M. Fredrickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, pp. xiv-xv.

115. Thapar was een van drie historici wat verantwoordelik was vir die openingsrede van die konferensie en het die perspektief van die ontwikkelende wêreld in die post-koloniale situasie verteenwoordig.

116. G.M. Fredrickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, p. xv. Kursivering L.K.

117. Opgeneem in Forum on Comparative history, *History and theory* 38(1), 1999, p. 84.

‘samelewing’, herlei. Bosworth stel dit soos volg: “1990s Italian historians ... give very mixed messages about the fascist past: these are the messages I describe and decode.”¹¹⁸ Hoewel ek op baie kleiner skaal as Bosworth werk, is dit dan ook die “very mixed messages” van Suid-Afrikaanse historici oor die Boer-Hananwa-veldtog van 1894 en spesifiek die aandeel van sendeling Sonntag daarin, waaruit die motivering vir hierdie vergelykende beskrywing en dekodering van Rae en Sonntag se persoonlike dokumente gegroei het.

Christoph Sonntag se rol tydens die oorlog is uiters omstrede. J.A. van Schalkwyk kom in sy antropologiese studie tot die gevolgtrekking dat dié spesifieke sendeling ‘n besonder positiewe rol onder die Hananwa gespeel het:

Hy het sonder om te versuim, in hierdie stryd die kant van die Hananwa gekies. Na afloop van die oorlog het Sonntag ook heelwat gedoen om die Hananwa weer op te hef en hulle lyding te verlig.¹¹⁹

G.J. Jooste fel in sy proefskrif oor die Berlynse Sendiggenootskap se rassebeskouings ‘n subtieler, maar beslis minder vleierende oordeel oor Sonntag. Hy noem Sonntag se optrede as voorbeeld om twee van sy argumente te staaf: dat die Berlynse sendelinge ‘n bydrae gelewer het om swartmense daartoe te bring om die ZAR as wettige owerheid te sien en dat hierdie sendelinge se aanvanklike pligsbesef teenoor die staat mettertyd in vriendskap en lojaliteit ontwikkel het.¹²⁰ T.J. Makhura is in sy verhandeling oor die Hananwa-politie gedurende die negentiende eeu besonder uitgesproke oor die sleutelrol wat Sonntag volgens hom willens en wetens gespeel het om Mmalebôhō en sy mense gewelddadig te onderwerp:

... it was perhaps by far the Rev. Sonntag who clearly demonstrated the extent at which the missionaries were accomplices in the political subjugation of the Bagananwa.¹²¹

My hipotese is dat Sonntag se grootste bydrae/aandeel/rol in die konflik van 1894 tussen die Boere en die Hananwa nóg in sy bystand aan die Boere, nóg in sy ontferming oor die Hananwa lê. Die verskynsel dat ondersoekers tot dusver lynreg teenoorgestelde afleidings oor Sonntag se aandeel, al dan nie, in die Boere se onderwerping van die Hananwa gemaak het, maak die moontlikheid dat hy

-
118. R.J.B. Bosworth, *Explaining Auschwitz: after the end of history: the case of Italy*, *Forum on Comparative history, History and theory* 38(1), 1999, p. 84.
119. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van ‘n landelike samelewing. Die Hananwa van Blouberg*. D. Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA, p. 106.
120. G.J. Jooste, *Ras, volk en politiek in die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika tot 1961*, D.D.-proefskrif, U.P., 1996, p. 80.
121. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c.1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, pp. 100, 117 & 134.

hoegenaamd 'n deurslaggewende rol in die uiteindelijke verloop van die konflik kon gespeel het, verdag. Sy deurslaggewende rol lê myns insiens eerder op die terrein van die skep van 'n geskiedenis oor die konfrontasie - sy waarnemings soos hy dit in sy dagboek verhaal het. Selfs in sy poging om 'n *people's history* vir die Hananwa te konstrueer, was T.J. Makhura net so sterk - indien nie sterker nie - op die inligting in Sonntag se dagboek-tekste aangewese as op die inligting verkry uit mondelinge oorleweringe. Ook hierdie historikus, wat Sonntag op ideologiese gronde ten skerpste veroordeel, is dus 'verleë' oor die inligting wat die sendeling nagelaat het.

Die dekonstruksie van Sonntag se tekste blyk die beste metode te wees om hierdie historiografiese rol van Sonntag aan te dui. Tot dusver het historiese navorsers, naas Sonntag, ook aan Rae 'n geskiedeniskeppende rol toegeken deur die inligting in sy tekste gelyke of selfs voorkeur-behandeling bó die van Sonntag te gee.¹²² Fredrickson merk tereg op dat ooreenstemming tussen twee aspekte 'n vereiste vir vergelyking is: in hierdie geval lê die ooreenstemming daarin dat beide Rae en Sonntag se tekste as 'geskiedenis' van die Boer-Hananwa-oorlog voorgelê word. Soos met enige vergelyking, is dit die ooreenstemming tussen die twee 'gevalle' (hier eerder twee 'weergawes') wat die ondersoek moontlik maak, maar die doelstelling word daarná juis om die verskille binne daardie gemeenskaplikheid uit te wys.¹²³ Slegs deur 'n vergelykende dekonstruksie van die vorm, inhoud (en resepsie) van beide Rae en Sonntag se tekste kan die aanname dat Rae 'n gelykwaardige geskiedeniskeppende rol as Sonntag sou kon vervul, ongedaan gemaak word. Soos Fredrickson dit stel: "... after a first common ground is established, it is differences that will compel most of the historian's attention ..."¹²⁴

'n Vergelykende dekonstruksie sal die verskil in die geloofwaardigheid van die bewysmateriaal soos dit onderskeidelik in Rae en Sonntag se narratiewe opgeneem is, en die betekenis daarvan, uitwys. Hierdie vergelyking sal dus nie noodwendig slaag in die doel van 'n vergelyking soos uitgewys deur De Klerk,¹²⁵ naamlik om in 'n behoefte aan groter eenheid en groter algemeenheid te voorsien nie. Dit daag eerder die netjiese aannames oor die ideologiese eenduidigheid van die waarnemings wat

122. Makhura is in sy verhandeling byvoorbeeld nie so agterdogtig oor die geloofwaardigheid van die Rae-tekste of die motiewe agter Rae se optrede as wat hy oor sendeling Sonntag is nie. Van Schalkwyk sien eweneens nie die behoefte om Rae met agterdog te bejeën nie, maar ag dit wel nodig om homself ter verdediging van Sonntag as persoon uit te spreek. Sonntag, en nie Rae nie, is duidelik die omstrede figuur in hierdie navorsingsuitsette.

123. G.M. Fredrickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, p. xv.

124. G.M. Fredrickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, p. xv.

125. P. de Klerk, *Geskiedenisvergelyking. Die gebruik van vergelykende metodes wat gerig is op generalisasie in die geskiedkunde*. Potchefstroom, 1973. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Publikasiereeks 23, 1973. Professor De Klerk is verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

sendeling Sonntag en kapelaan Rae tydens die oorlog opgeteken het, uit. In ooreenstemming met Fredrickson, is die hoofdoelstelling van die vergelyking 'n beter begrip van die individuele 'gevalle' – hier eerder, 'weergawes' van dieselfde voorval. Tog sal die resultaat, anders as wat Fredrickson aanvoer, nie noodwendig op meer diskrete kousale patrone dui nie, maar juis die wyse waarop kousaliteit vanuit 'n individuele vertellershoek gekonstrueer word, illustreer.

In soverre die problematiek rondom Sonntag die vertrekpunt vir die vergelyking was, sou hierdie ondersoek as 'n 'asimetrie vergelyking' getipeer kon word. Daar sal nietemin met die studie gepoog word om weg te beweeg van hierdie tipering deur die aanname dat 'n problematiek rondom die Sonntag-tekste 'n probleemvye Rae-tekste impliseer, te betwis. Die ideologiese geladendheid rondom die Rae-tekste sal juis ook ontgin word en naas dié van die Sonntag-tekste geplaas word.

Literêre teorie en kultuurgeskiedenis

In soverre met hierdie ondersoek 'n "close reading", of 'n "reading against the grain" van koloniale tekste beoog word, het die vergelykende benadering 'n bykomende voordeel. Uit die post-modernisme het historici geleer om in bewysmateriaal voortdurend te soek na dit wat nie pertinent daarin gestel word nie, dit wat so vanselfsprekend vir die tydperk was dat dit nie in die bronne ter sprake gebring is. Soos Ankersmit dit stel: "Just as the fish does not know that it is swimming in the water, what is most characteristic of a period, most omnipresent in a period, is unknown to the period itself."¹²⁶ Soos in die psigoanalise, is dit dikwels die onnadenkende opmerking, die skynbaar mees irrelevante brokkies detail, wat vir die historikus karakteropenbarend van 'n tydperk word. Die soeke na sodanige 'afwesig-aanwesige' leidrade oor die mentaliteit van die gemeenskappe betrokke by die Boer-Hananwa-oorlog kan aansienlik vergemaklik word deur die Rae- en Sonntagtekste te vergelyk vir teenstrydige en ooreenstemmende brokkies (oënskynlik-) irrelevante detail.

Volgens die klassifikasie wat John Tosh¹²⁷ in sy jongste uitgawe van *The pursuit of history* voorstel, sou hierdie ondersoek waarskynlik die gemaklikste voel in die kategorie kultuurgeskiedenis. Kultuur word vir hierdie doeleindes verstaan as die web van betekenis wat 'n samelewing karakteriseer en diegene wat daaraan behoort, bymekaar hou: van geloofsoortuigings en rituele tot die vanselfsprekende logika wat

126. F.R. Ankersmit, *Historiography and postmodernism*, *History and theory* 28, 1989, p. 146.

127. John Tosh is professor in Geskiedenis aan die Universiteit van North London. Hy spesialiseer in Afrikageskiedenis, gendergeskiedenis en historiografie.

mense in gebare en voorkoms openbaar. Tosh onderskei drie duidelike teoretiese raamwerke waarbinne die kultuurhistoriese onderneming aangepak word: die sielkunde, literêre teorie en kulturele antropologie. My ondersoek bou natuurlik hoofsaaklik vanuit die tweede raamwerk. Wat Tosh daarvoor te sê het, gebruik ek nie net as regverdiging vir hierdie ondersoek nie, maar ook as apologie vir die klein stukkie geskiedenis wat ek as terrein vir hierdie ondersoek afgekleim het. My sterk identifikasie met Tosh se analise van die huidige stand van navorsing, bevestig natuurlik ook dat ek niks nuuts onder die son probeer nie:

Traditionally historians regarded their primary sources as a point of access to events or states of mind – to what had an ‘objective’ or demonstrable existence beyond the text. Literary theory teaches historians to focus on the text itself, since its value lies less in the reflection of reality than in revealing the categories through which reality was perceived. From this perspective, primary sources are essentially cultural evidence – of rhetorical strategies, codes of representation, social metaphors and so on. Literary theory gives historians the confidence to move beyond the letter of the text (the traditional focus of their scholarship) and to listen to a wider range of voices which goes well beyond the scope of Marc Bloch’s injunction to treat the sources as ‘witnesses in spite of themselves.’ Close reading – or ‘reading against the grain’ – is even more time-consuming than the time-honoured procedures of the historical method, and for this reason it intends to be applied to smaller bodies of source material of considerable textual richness.¹²⁸

128. J. Tosh, *In pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history* (Third edition), p. 183.

II 'n KONTEKSTUALISERING VAN DIE BOER-HANANWA-KONFLIK VAN 1894: SOUTPANSBERG EN DIE ZAR

Context In history, the background to the events described, knowledge of which assists in the creation of meaning. In practice the context is the framework of other facts, events and preceding circumstances.¹

Op 7 Mei 1894 het Piet Joubert, kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), 'n finale ultimatum aan die Hananwa-leier, Kgaluši Mmalebôhò, gerig. As straf omdat hulle geweier het om belasting aan die ZAR te betaal, moes die Hananwa-leier en sy mense hulle bergvesting te Blouberg, in wat vandag die noordwestelike deel van die Noordelike Provinsie is, binne agt dae verlaat.² Mmalebôhò was nie bereid om sy mense sodanig te ontwig en te ontheem nie. Op 8 Junie het die Boeremagte met 'n beleg van die Hananwa-vesting begin. Die eerste groot aanval is op 14 Junie geloods. Joubert se strategie, wat by tye heftig as sloertaktiek gekritiseer is, het onder meer die volgende behels: die afbrand van die Hananwa-nedersettings en die omringende bosse; pogings om die natuurlike rotsvesting met dinamiet op te blaas; en, uiteindelik die geslaagste, 'n netwerk van forte wat al nouer en nouer om die hoofsetel getrek is, totdat die Hananwa daarbinne van alle watertoevoer afgesny is.³ Afgesien daarvan dat sommige bronne die indruk skep dat die Hananwa nie veel weerstand gebied het nie, is daar onder die Hananwa self, en ten minste sommige wit waarnemers, herinneringe aan hewige gevegte.⁴ Op 1 Augustus het die watertekort die Hananwa wat in die hoofsetel vaskeer was, gedwing om oor te gee. Mmalebôhò en 'n groot groep Hananwa-leiers is na die gevangenis in Pretoria gestuur. Mmalebôhò se moeder, Mmaseketa, wat in sy afwesigheid as regentes sou optree, sowel as sy seun (Mabea) en 'n aansienlike deel van die Hananwa-bevolking, het die hande van die Boere vrygespring. Die Hananwa-vroue en -kinders wat wel gevang is, is vir 'n tydperk van vyf jaar as arbeiders by boere van verskeie distrikte in die ZAR ingeboek. Min inboekelinge het vir hulle volle dienstynd aangebly; talle het hulle weg voor die vyf jaar verstykte, na Blouberg

-
1. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 180.
 2. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: SS. 4700, R. 4002/94, pp. 152-154: Waarschuwing en ultimatum, P.J. Joubert – Malabock, Pietersburg, 1894-05-07.
 3. TAB: SS. 4700, R. 2004/95: *Verslag of Algemeen Overzicht van den Commandant-Generaal van den gevoerden krijg tegen de oproerige Kafferstammen van Malaboch (Blouberg), Seleboel, Magoeba, Mahoepa en anderen, wonende in de Lage Velden van het district Zoutpansberg*, 1895-02-20, p. 3; T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, pp. 338-342.
 4. A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, pp. 29-47; V.N. (pseud.), Uit onze geschiedenis. Een gebeurtenis uit de Malaboch Oorlog, *Die Brandwag*, 1911-08-01; G.H. Franz, Mmalebogo, *Laaste verhale*, p. 22. Hierdie opstel van Franz is vroeër ook gepubliseer as 'n artikel in *Die Huisgenoot* 23(881), 1939-02-10, p. 89.

teruggevind.⁵ Die onafhanklikheid van die Hananwa-politie is wel deur die oorlog beëindig. Die Hananwa-leiers sou voortaan binne die bepalings van die ZAR, en daarna, Suid-Afrika, se wetgewing rakende swartmense moes optree.

Geen poging om 'n betreklik eng-omskrewe historiese gebeurtenis, soos dié 1894-konflik tussen die Boere en die Hananwa, binne 'n breër konteks te plaas, kan sonder inagneming van die werk van Fernand Braudel onderneem word nie. Braudel, invloedryke patriarg van die tweede generasie Franse *Annales*-historici, het homself met sy ruime en gewigtige opvatting van dié konsep as die meester van kontekstualisering gevestig. Sedert Braudel se *magnum opus* oor die geskiedenis van die Mediterreense wêreld in 1949 gepubliseer is,⁶ is die klem wat hy so sterk op die 'kelder van materiële faktore' geplaas het, intussen verskuif na die 'mentaliteit op die solder' – soos Emmanuel Le Roy Ladurie⁷ dit treffend gestel het.⁸ Daar word lank nie meer aanvaar dat kultuur, soos Braudel dit voorgestel het, maar bloot die versiersuiker op die historiese koek is nie. Daarvoor het die post-strukturaliste die gebrekkige verwysingsvermoë van taal en die onvermydelike kulturele geladendheid van alle konsepte waarmee ons interpreteer en verklaar, té onherroeplik uitgewys. Vanuit ons posisie ná die *linguistic turn*, en dan die *cultural turn*, behoort 'n herbesinning van Braudel se sienswyse van historiese tyd nietemin steeds 'n leidraad te kan bied hoe om 'n verhaal soos dié van Kgaluši Mmalebôhê en die Boere te verhef bo die kader van 'n verstrengelde streeksgeskiedenis, of erger, die blote anekdotiese.

In 'n tyd waarin meesternarratiewe⁹ met besondere groot agterdog bejeën word, klink Braudel se ideaal van 'n totale geskiedenis waarin “alles in hulle samehang met

-
5. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), pp. 148-149.
 6. F. Braudel, *La Méditerranée et le monde méditerranéen à l'époque de Philippe II* (Paris, 1949). Die werk is ook in Engels vertaal: *The Mediterranean and the Mediterranean World in the age of Philip II*, 2 vols. (translator Sian Reynolds) (New York, 1972-1974).
 7. 'n *Annales*-historikus van die generasie ná Braudel. Anders as sy voorganger, het hy die geografiese, sosiale, ekonomiese, maar veral kulturele 'lae' van tydsverloop op streeksvlak toegepas. Die resultaat was 'n akademiese kragtoer wat danksy die eskapades in die veertiende-eeuse kettorsdorpie in die suide van Frankryk die dubbele prestasie behaal het om ook 'n populêre topverkoper te word. Sien E. Le Roy Ladurie, *Montaillou, village occitan de 1294 a 1324* (1975). In Engels vertaal deur B. Bray as *Montaillou. The promised land of error* (1978). Onderopskrifte sluit in “The domus”, “The shepherd's mental outlook”, “The libido of the Clerques” en “Morality, wealth and labour”.
 8. “[F]rom the cellar to the attic”, aangehaal deur P. Burke, *The French historical revolution*, pp. 67 & 125.
 9. *Meesternarratief*: 'n verhaal oor 'n bepaalde periode wat allesomvattend probeer wees en verbande tussen soveel as moontlik sake probeer lê, maar daardie 'feite' wat nie by die gekose verklaring (voorgehou as 'die waarheid') inpas nie, ignoreer, byvoorbeeld die 'Verhaal van die beskawing', die 'Val van die Romeinse Ryk', of die 'Opkoms van Suid-Afrika'. Daarnaas, word met *meta-narratief* verwys na 'n stel aannames oor die hede, verlede en toekoms wat nie pertinent in die teks genoem hoef te word nie, maar wat die rigting waarin die vertelling oor die verlede gestuur word, bepaal, byvoorbeeld Marxisme (van slawearbeid tot feudalisme tot kapitalisme tot sosialisme) of die Christelike verwagting van 'n wederkoms en laaste oordeel ná 'n skepping, sondeval en verlossing. N. Etherington, *Poststructuralism, postmodernism and the practice of South African history*. Paper presented at the

alles”¹⁰ geskets word, natuurlik vergesog. Met ons bewussyn tans, van die kultureel-gekondisioneerde van alle kategorieë, sou ‘n mens die ‘Malabochoorlog’ kwalik meer ‘n vaste plek in ‘n enkele groot verhaal wou toeken. Braudel se insigte kan ‘n mens nietemin beweeg om dié spesifieke konflik van 1894 te laat toetree tot veel meer en ‘n veel breër spektrum diskoerse¹¹ as die ooglopende.

Na ‘n kort uiteensetting van verwickelinge in *Annales*-geskiedskrywing en die effek daarvan op kultuurgeskiedskrywing sedert Braudel, sal die volgende kontekstuele lae, wat as die ekstrateks vir Rae en Sonntag se dagboektekste beskou kan word, in hierdie hoofstuk verken word: die Hananwa-politie in die Blouberg-omgewing en die negentiende-eeuse *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR). Die breër konteks van verowering elders in Afrika, wat deel was van die Europese imperiale ryke se laat-negentiende-eeuse uitbreiding waarby ook Asië betrek is, geniet in die volgende hoofstuk aandag. Elkeen van hierdie geografiese kontekste word natuurlik voorgestel (*gerepresent*) in ‘n eie, hoewel dikwels nou-verwante en oorvleuelende, tekstuele diskoers – ‘n diskoers wat voor die gewaarwording van die kulturele bepaaldheid daarvan, as ‘n ‘meesternarratief’ beskou sou kon word. Die Boer-Hananwa-oorlog is die verhaal van Kgaluši se dapperheid, net soveel soos wat dit die verhaal van die Boere se vestiging van oppergesag oor die swartmense in die ZAR is, net soveel soos wat dit die verhaal van sekondêre ryke in hulle gelyktydige naboetsing van en verset teen die groter ryk is. Die Boer-Hananwa-konflik staan prominent in die historiografie van die Hananwa en die ZAR, maar is skaars bekend in ‘n Suid-Afrikaanse historiese / historiografiese konteks en word byna glad nie genoem in die historiografie oor imperialisme en die *Scramble for Africa* nie.¹² Dit is juis hier waar

Second Biennial International Conference of the African Studies Association of South Africa, University of Port Elizabeth, 5-8 July 1995; A. Munslow, *Deconstructing history*, pp. 14-15.

10. P. Vries, De zegetocht van de ‘Annales’, in H. Beliën & G.J. van Setten, *Geschiedschrijving in de twintigste eeuw. Discussie zonder eind*, p. 187.
11. *Diskoers* kan soos volg omskryf word: “The result of the placement or insertion of a text (usually longer than a simple sentence) into its context so that it derives a coherent meaning shared by both author(s) and reader(s). As a shared language terrain, a discourse has reference to extra-linguistic dimensions as found in the material and ideological worlds of institutional and economic power.” A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 181.
12. Met “noteworthy publications” soos dié van J.B. Peires, J. Guy en P. Delius is die sosiale geskiedenis van die “vanquished indigenous kingdoms” van die Xhosa, die Zulu en die Pedi reeds sedert die jare tagtig stewig in die Suid-Afrikaanse historiografie gevestig. (Sien G. Verbeeck, New concepts of history for South Africa. Between Europeanisation and globalisation (paper presented at the Biennial Conference of the South African Historical Society, University of the North West, 8-11 July 2001, p. 2.). In sterk kontras hiermee, verwys ‘algemene’ werke oor die geskiedenis van Suid-Afrika besonder vlugtig, of glad nie, na die Boere se laat-negentiende-eeuse verowerings van die swart gemeenskappe in die noorde van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) nie. Sien byvoorbeeld T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern History* (fourth edition, 1991), wat die swart gemeenskappe van die gebied noord van die Vaalrivier behandel onder die opskrif “Chiefdoms of the Eastern Transvaal: Pedi, Lovedu, Venda and Ndzundza” (pp. 51-52). Onder die bespreking van konflik tussen wit en swart in die negentiende eeu word daar wat die mees noordelike gemeenskappe betref, weer eens slegs na die Lobedu en die Venda verwys (pp. 146-147). (Onveranderd in die 2000-uitgawe). Hoewel die Hananwa nie daar genoem word nie, behaal Kgaluši die ‘prestasie’ om in die afdeling oor die politieke ekonomie van Suid-Afrika vermeld te word rakende die arbeidstekort wat die 1894-oorlog in die Randse goudmyne

Braudel se ambisieuse geografiese kontekstualiserings van die rak gehaal en afgestof kan word.

Fernand Braudel se nalatenskap

Peer Vries¹³ se verduideliking van Braudel se nalatenskap is veral verhelderend:

Het begrip context moest in de meest ruime zin van het woord worden opgevat. Historici moest in hun beschrijvingen en analyses van historische onderwerpen steeds de geografische, demografische, economische, sociale, mentale, politieke en eventuele andere facetten en achtergronden ervan aan de orde stellen en in hun samenhang tonen. ... Direct in het verlengde van het voorgaande ligt Braudels opvatting dat ontwikkelingen in een bepaald gebied of land altijd dienen geworden geplaatst binnen een bredere geografische context.¹⁴

Hieruit volg die twee aspekte van Braudel se geskiedenisbeskouing wat op hierdie ondersoek van toepassing gemaak sal word: dat die geskiedenis van 'n bepaalde streek in verskillende vlakke van historiese tyd beskou moet word; en dat verandering in 'n bepaalde streek in verhouding tot verandering in ander streke en die groter gebied geïllustreer moet word.

Braudel se onderskeid tussen drie vlakke van historiese tyd is die oorspronklikste aspek van sy werk en waarskynlik ook dié wat die blywendste indruk gemaak het. Braudel het dit benadruk dat die historiese proses nie volgens 'n enkele tempo verloop nie. "Op een en hetzelfde moment in de tijd kunnen er verschijnselen zijn die zeer snel veranderen, terwijl andere geen enkele wijziging ondergaan."¹⁵ Terwyl veranderinge op politieke terrein mekaar snel opvolg, is dit moontlik dat daar, op byvoorbeeld die terrein van die landbou, hoegenaamd geen verandering plaasvind nie, sodat 'landboutyd' as't ware stilstaan. Aspekte soos 'landboutyd', daardie aspekte van die mens se verhouding met sy omgewing wat slegs oor 'n baie lang tyd

veroorsoek het. (p. 497). Hierdie verwysing na Mmalebôh is in die 2000-uitgawe behou, maar anders as in die vroeëre uitgawe, is die Hananwa-leier se naam "Malaboch" nie weer in die indeks van die nuwe uitgawe opgeneem nie. (T.R.H. Davenport & C. Saunders, *South Africa. A modern History* (fifth edition, 2000), pp. 610 & 794). In C. Saunders & N. Southey se *A dictionary of South African history* (Cape Town, 1998), is al die swart leiers en gemeenskappe van die ou Soutpansberg-distrik as inskrywings oorgesien, terwyl veel groter vrygewigheid aan die dag gelê is teenoor figure uit die Kaapse en Natalse koloniale geskiedenis.

Eweneens bring die standaardwerke oor die sogenaamde *Scramble for Africa* nie die ZAR en ander Europese veldtogte in Afrika tydens die laaste twee dekades van die negentiende eeu met mekaar in verband nie. Sien hoofstuk drie.

13. Nederlandse historikus wat naas sy kundigheid oor die *Annales*-historici, ook onderlê is in historiese sosiologie.

14. P. Vries, *De zegetocht ...*, pp. 186-187.

15. P. Vries, *De zegetocht ...*, p. 188.

verander, in Braudel se eie woorde “history that is almost changeless”,¹⁶ word bestudeer as *longue durée*, of *struktuur*. Hieronder sorteer die topografie, die klimaat, die plantegroei, die mineraleneerslag: dit wat uit die omgewing tot die mens se beskikking is. Veranderinge wat hoort tot die volgende vlak van historiese tyd, Braudel se sogenaamde *konjunktuur*, dui op prosesse en bewegings wat min of meer in die periode van een of meer dekades tot ‘n enkele eeu uitgespeel kan word, soos ekonomiese en sosiale verskuiwinge.¹⁷ In sy geskiedenis van die Middellandse Seegebied in die tyd van Philips II, wou Braudel veral duidelikheid kry oor hoe die diep onderstrominge op hierdie vlak uiteindelik in die komplekse arena van oorlog, na die oppervlak gebeur het. Met hierdie opmerking maak Braudel se werk by uitstek aanspraak op besinning waar dit kom by die bestudering van ‘n oorlog waarvan die oorsake so omstrede is soos by die Boer-Hananwa-konflik. Dit bring ‘n mens by die derde vlak van historiese tyd, ‘*l’histoire événementielle*’, of gebeuregeskiedenis, op die oog af so opwindend en vol intrige. Vir Braudel is dit onveilig en verbysterend, ‘n blinde wêreld, tensy dit verstaan word in die konteks van die veranderinge wat oor ‘n veel langer tyd hierdie rimpelings op die oppervlakte moontlik gemaak het.¹⁸

Besware teen Braudel se werk is legio en veel daarvan kom neer op die meester se eie gebrekkige toepassing van sy meesterplan. Sy geskiedenis word beskou as te deterministies, asof alle gebeure die simptome van, eerder as die aanleiding tot, sosiale verandering is. Die metodiek is gekritiseer as beperkend tot die kwantitatiewe metode en ook tot onderwerpe waarin besondere lang tydperke bestudeer moet word. Voorts is gevra hoe toepaslik dit kan wees op ander tydperke en gebiede as Middeleeuse - en vroeg-moderne Europa.¹⁹ Die grootste leemtes was waarskynlik die verwaarlosing van die rol van individue, maar veral die relegering van kultuur en agentskap tot faktore behorende tot die dartelende en oppervlakkige gebeuregeskiedenis.²⁰

16. *The Mediterranean and the Mediterranean World in the Age of Philip II*, extract from the Preface, in F. Braudel, *On history* (translator S. Matthews), p. 3.

17. L. Hunt (ed.), *The New Cultural History*, p. 3; P. Vries, *De zegetocht ...*, p. 189.

18. *The Mediterranean and the Mediterranean World in the Age of Philip II*, extract from the Preface, in F. Braudel, *On history* (translator S. Matthews), p. 3; L. Hunt (ed.), *The New Cultural History*, p. 3; P. Vries, *De zegetocht ...*, pp. 188-189.

19. Jan Vansina, die Belgiese historikus wat deur vele beskou word as een van die grondleggers van ‘n metodologie vir die navors van Afrikageskiedenis, het wel die *Annales*-benadering in Afrikageskiedskrywing ingevoer toe hy sy geskiedenis van die Kuba van binne ‘n raamwerk van lang-, medium- en korttermyn verwickelinge onderneem het. Daarteenoor, het Marc Bloch (een van die vaders van die *Annales*-skool) se student Henri Brunschwig wegbeweeg van die *Annales*-benadering omdat “his concern with the recent past and the relatively short term (1871-1914) appeared to make this more irrelevant.” P. Burke, *The French historical revolution ...*, pp. 98-99.

20. P. Burke, *The French historical revolution ...*, p. 91.

Die derde, maar veral die vierde generasie *Annalistes* (wat hulle grootliks met die sg. *cultural turn* sou identifiseer) sou hierin aansienlik van Braudel verskil. Vir eksponente van die sogenaamde *New Cultural History*, by uitstek Roger Chartier, was juis dit wat die ouer *Annales*-generasies tot die derde vlak van historiese tyd, die sogenaamde gebeurevlak, ingeperk het, die primêre bepaler van historiese werklikheid. Die mentaliteit van die individue wie se handeling deur die ouer *Annalistes* as gebeure met vervlietende impak beskou is, het die sleutel tot die verstaan van die verlede geword. Mense se aannames, waardes, gewoontes, idees en kennis word nie meer beskou as bepaal deur materiële determinante nie. Ekonomiese en sosiale verhoudinge word nie meer gesien as voorafgaande tot kulturele verhoudings nie, maar as velde van kultuurbeoefening en kultuurproduksie insigsself. Geen dimensie van menslike ervaring kan buite-om kultuur verduidelik word nie. Soos Michel Foucault so oortuigend geïllustreer het, daar is geen ‘natuurlike’ intellektuele objekte nie.²¹

Teen die agtergrond van hierdie gewaarwording, kan Braudel se drie vlakke van historiese tyd dan slegs nuttig wees in soverre ‘geografie’, ‘demografie’, ‘ekonomie’ en ‘die samelewing’ beskou word, nie as universeel-geldige kategorieë nie, maar elk as ‘n eie diskoers met ‘n eie geskiedenis en dinamiek. Die haalbaarheid van die ‘totale geskiedenis’ waarvoor Braudel gepleit het, bly dus twyfelagtig. Nogtans hou ‘n bewus-wees van Braudel se werk ten minste die moontlikheid in om van ‘n klein streekspektief af op te kyk. Dit bied ook geleenthede om die vergelyking van diverse insidente oor ‘n breë geografiese konteks te oorweeg. Hierdie moontlikhede is opwindend vir ons verstaan van hoe betekenis gegenerer word. Dit sou sinvol wees selfs al kon ons bloot net die wyse waarop verwante gebeure in dieselfde, of teenstrydige ‘meesternarratiewe’ gerangskik is, illustreer, of die armoede van so ‘n narratief aan die kaak stel deur aan te dui wát alles vantevore daaruit weggelaat is.


***Longue durée*: geografie as kulturele kategorie**

Reeds in die keuse en afbakening van ‘n bepaalde terrein en die beskouing daarvan as ‘n eenheid vir beskrywing en bespreking, lê betekenis opgesluit. Blouberg en die gebied daarrondom is in negentiende-eeuse sowel as twintigste-eeuse (populêre en akademiese) literatuur geïdentifiseer as die woonplek en invloedssfeer van die Noord-Sothosprekende Hananwa van die Mmalebôhê-heersers. Groot onsekerheid ontstaan oor wanneer die mense na wie ons vandag as die Hananwa verwys, uit die

21. L. Hunt (ed.), *The New Cultural History*, p. 7.


teenswoordige Botswana in die Blouberg-omgewing aangekom het. Na deeglike oorweging van talle weergawes, kom J.A. van Schalkwyk tot die gevolgtrekking dat die Hananwa “na alle waarskynlikheid voor 1830, maar nie vroeër as 1750, al by Blouberg gevestig kon gewees het.”²² Beide Van Schalkwyk en Tlou Makhura staan in hulle onderskeidelik antropologiese en historiese studies van die Hananwa ‘n agtergrondshoofstuk aan die geografie af. In ‘n populêre artikel in *Die Huisgenoot* van 1939 verskaf G.H. Franz²³ insiggewende inligting (hoewel stewig verpak in die sendeling-idioom) oor die betekenis wat die landskap vir die Hananwa-inwoners gedra het. Tog is dit slegs Makhura wat uitwys dat die tans-ingeburgerde benaming ‘Blouberg’ eers in die negentiende eeu deur die Boere ingevoer is. Hy verkies die benaming ‘Bochum area’ om te verwys na die groter gebied (en die huidige magistraatsdistrik) wat die Hananwa-politie²⁴ uitgemaak het. Volgens inligting wat Makhura van Hananwa-leiersfigure ontvang het, het die negentiende-eeuse Hananwa-invloedsfeer noord tot by die Limpopo gestrek en oos tot by Soutpan, of dan, die westelike punt van die Soutpansberg. Die wesgrens het volgens hierdie informante ver verby die Mogalakwena-rivier gestrek en is gedeel met die Ba-ga-Seleka, ‘n Noord-Ndebelegemeenskap van die teenswoordige Ellisras-omgewing, aan die Lephalarivier. In die suide is die grens gedeel met die Langa-Ndebele van Mapela (Mankopane) en die Kekana-Ndebele van Mókopane (Mugombhane), sowel as die Koni van Matlala en die Moletši-Kwêna.²⁵ (Kaart 1). Dit is ‘n veel groter gebied as die grense wat later in die negentiende eeu deur die Boere afgebaken is (Kaart 2), óf tans in besit van die gemeenskap is.²⁶

-
22. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing: 'n antropologiese studie van die Hananwa van Blouberg*, D. Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA, p. 77. Sien ook pp. 68-77 vir ‘n volledige uiteensetting. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, pp. 35-40, is ten gunste van die bewyse wat daarop dui dat die ‘Baitsweng’ vroeg in die negentiende eeu aangekom het by ‘n Blouberg wat in daardie stadium deur Sangemeenskappe en die ‘Batau van Madibana’ bewoon is. Die mense van Madibana sou in die geleedere van die nuwe aankomelinge, wat hulleself ‘Hananwa’ begin noem het, opgeneem word.
23. Seun van die Berlynse sendeling Carl Heinrich Robert Franz, wat Christoph Sonntag in 1897 by Blouberg opgevolg het. G.H. (Heinrich) Franz (1896-1956), ‘n vlot Noord-Sotho-spreker, het as volwassene noue kontak met die Hananwa-gemeenskap onder wie hy grootgeword het, behou en verskeie senior poste in swart onderwys beklee. As skrywer het hy Hananwa-verhale en -herinneringe in sy boeke opgeneem. Enkeles daarvan is in die bronnelys van hierdie proefskrif ingesluit. Sien ook L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hulle nageslag*, pp. 86-87.
24. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word *politie* gebruik soos wat T.J. Makhura dit in sy verhandeling voorgestel het: as verwysing na die gebied waarin die Hananwa wat deur Mmalebôhō geregeer is, gewoon het, maar ook wyer: ander gemeenskappe wat lojaal aan Mmalebôhō was of hulleself binne die Hananwa se invloedseer bevind het, word daarby ingereken.
25. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 25. N.J. van Warmelo, *Ethnological publications V. A preliminary survey of the Bantu Tribes of South Africa*, map 17 en J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, pp. 107, 108, 114, 158, 160 & 165 is geraadpleeg om Makhura se verwysings na die verskillende gemeenskappe te spesifiseer.
26. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 25-26; J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, pp. 30-32.



Kaart 1: Die invloedsefer van die Mmalebôhê-heersers van Blouberg gedurende die negentiende eeu soos dit deur Hananwa-segspersone T.P. Lebogo en C.P. Chula onthou en in 1991 aan Tlou Makhura meegedeel is.

Uit: T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, facing p. 26.



Kaart 2: Die veel kleiner area wat teen die einde van die negentiende eeu deur die Boere as Hananwa-gebied beskou is. Tlou Makhura het hierdie voorstelling gemaak volgens inligting uit die *Transvaal Mines Department Report on Reconnaissance of the north-western Zoutpansberg District* (Pretoria, 1908) en die doktorsale proefskrif van J.B. de Vaal, *Die rol van João Albasini in die geskiedenis van die Transvaal*, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 16 I (1953).

Uit: T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, facing p. 26.

Blouberg was die sentrum van waar die Hananwa-leierskap hulle gesag uitgeoefen het en ook die simbool van hulle politieke mag,²⁷ vandaar dat dit as 'n vesting/*stronghold*²⁸ teen die Boere (maar ook teen vroeëre vyande, soos die Pedi van Sekwati (c.1831))²⁹ beskou is en die hoofteiken van die 1894-Boereveldtog was. *Blouberg*, die Boerebenaming, dui op die blou skynsel wat die immergroen bergplantegroei daaraan gee. Dit is 'n benaming wat sinspeel op besigtiging vanaf 'n afstand, en wat gebruik word soos 'n versamelterm vir al die bergspitse, maar skynbaar sonder die veronderstelling van te veel kennis of belangstelling in die samestelling van die gebergte.³⁰ Die naam dateer waarskynlik uit die tyd toe avontuurlustige wit jagters die gebied sedert die jare twintig en dertig van die negentiende eeu besoek het.³¹ Die benaming word steeds op moderne topografiese kaarte gevind. Ook in Hananwa-poësie word die immergroenheid van die berg besing, maar as die inwoners van die gebied, het die Hananwa naamgewing veel verder geneem as die wit waarnemers wat van 'n afstand gekyk het. (Blouberg en onmiddellike omgewing is nooit deur witmense beset vir bewoning nie). Die klinkende Noord-Sotho-name vir elke afsonderlike bergspits en waterloop dui op die betekenis waarmee die inwoners hulle hartland gemerk het: Monnaasenamoriri (man sonder hare, vir 'n kaal kop); Lenare (soos 'n buffel); Sehlong (soos 'n ystervark); Sesalong (verlate, of die oorblywene/agtergelatene) ...³² (Sien frontispies vir kaart met verdere voorbeelde).

27. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, p. 32.

28. Tydens die Boere se veldtog teen die Hananwa in 1894 het die Engelse pers na Mmalebôhō se hoofsetel in Blouberg as 'n "stronghold" verwys. Sien byvoorbeeld *The Press*, 1894-06-11. Volgens militêre historikus John Keegan, *A history of warfare*, pp. 139-140, het die term *vesting*, of "*stronghold*" 'n baie spesifieke betekenis: Hy onderskei eerstens tussen 'n *vesting* en 'n *skuiling*, wat slegs vir kort-termyn beveiliging gebruik word. Anders as a *skuiling* (*refuge*), is 'n *vesting* "a place not merely of safety from attack but also of active defence, a centre where the defenders are secure from surprise or superior numbers, and also a base from which they may sally forth to hold predators at bay and to impose military control over the area in which their interests lie. There is a symbiosis between a stronghold and its surroundings." Volgens hierdie verduideliking, kan die wyse waarop die Hananwa Blouberg aangewend het, inderdaad as 'n 'natuurlike' *vesting* beskou word, want die rol van heelparty van die elemente wat Keegan as bouwerk aan 'n *vesting* uitwys, is in die geval van die Hananwa-*vesting* in 'n groot mate deur die rotswande van Blouberg vervul. Hoewel die Hananwa-*vesting* uiteindelik onder die Boere se beleg van 1894 geval het, het die wit waarnemers in die tyd, deur daarna as 'n *stronghold* te verwys, onbewustelik erkenning gegee aan 'n aansienlike mate van sofistikasie in die Hananwa se denke en beplanning rondom verdediging.

29. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, pp. 76-78 wys op die onsekerheid of die Ndebele-aanvallers, waarna Hananwa-segspersone óók verwys, die Ndebele van Mzilikazi (1820's) kon gewees het en of dit eerder hulle nader bure, die Langa-Ndebele onder Mankopane, moes gewees het.

30. Die Boere se onkunde oor die moeilik-begaanbare terrein met die aanvang van die 1894-veldtog teen Mmalebôhō, ondersteun so 'n interpretasie. Sien TAB: SSA.2, RA 14/94, p. 27: Résumé re houding Magato en andere kapiteins en vermelding van feiten omtrent den oorlog tegen Malaboch volgens Minute R.6039/94, 1894-06-20; A. Schiel, *Drei und zwanzig Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika*, p. 293.

31. J.W.N. Tempelhoff, Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 60, pp. 5-6 & 196.

32. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 26-27; G.H. Franz, Mmalebogo, *Laaste verhale*, p. 17; J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, pp. 34-35.

Met die benaming 'Blouberg' word dus eintlik verwys na 'n reeks berge wat oor 'n afstand van ongeveer veertig kilometer in 'n ruwe kurwe van noordoos na noordwes strek en tot ongeveer eenduisend-tweehonderd meter bo die omringende vlakke uittoon.³³ Hoewel Blouberg en die omliggende gebied histories by die Soutpansberg ingereken word (dit was deel van die Soutpansberg-distrik in die negentiende-eeuse Boerestaat), vorm dit topografies deel van die Pietersburgplato, wat met sy saggolwende landskap strek vanaf die Strydpoortberge tot teen die Soutpansberg.³⁴ Die gebied is koud in die winter en kan in die somer baie warm word, met gemiddeld negentig tot honderd-en-twintig dae per jaar waarop die maksimumtemperatuur bo dertig grade Celsius styg. Reën, gemiddeld tussen 400 en 500 mm per jaar, val gewoonlik in die somer.³⁵ Soos verwag kan word, is die temperatuur in die berge gemiddeld laer en die gemiddelde reënval aansienlik hoër as bogenoemde syfers vir die laerliggende dele.³⁶ Mis kom regdeur die jaar in die berge voor, soos ook tydens die 1894-oorlog beleef is.³⁷ Die klimaat in die berge self is redelik gesond, maar dieselfde kon nie 'n honderd jaar gelede van die sendingstasieterrein (aan die suidekant van die berge, aan die voet van die Lenare-kop) gesê word nie.³⁸ (Sien frontispies vir kaart). Dele van die Hananwa-gebied was met muskiete en tsetsevlies besmet.³⁹

In die westelike deel van die berge is twee waterbronne wat teen die begin van die twintigste eeu nog standhoudend was: Kubu en Boshla.⁴⁰ Eersgenoemde is benut as waterbron vir die hoofsetel van Kgaluši Mmalebôhò, die Hananwa-leier ten tye van die oorlog teen die Boere. Tans word lopende water nog slegs bo-op die berg regdeur die jaar aangetref. Die bergstrome kwyn normaalweg nog voordat dit die voet van die berg bereik, maar kan in die reënseisoen weer verskyn en vir 'n hele paar weke aanhou vloei.⁴¹ Sytakke van die Limpoporivier in die laerliggende dele, is onder meer die Mogalakwena-, die Hout- en die Hlako-(Brak-) riviere.⁴² (Sien weer frontispies vir kaart). Anders as 'n honderd jaar tevore, is die meeste Hananwa

-
33. General Staff, War Office, *Native strongholds and locations of the Transvaal*, p. 9.
 34. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. ..., p. 1; J.S. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie* ..., p. 33.
 35. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. ..., pp. 1-3; T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 28.
 36. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie* ..., p. 35.
 37. General Staff, War Office, *Native strongholds and locations of the Transvaal*, p. 11; C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, p. 189.
 38. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. xiii; General Staff, War Office, *Native strongholds and locations of the Transvaal*, p. 16; G.H. Franz, *Mmalebogo, Laaste verhale*, p. 18.
 39. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity*..., p. 28.
 40. General Staff, War Office, *Native strongholds and locations of the Transvaal*, p. 11.
 41. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie* ..., p. 39.
 42. T.J. Makura, *The Bagananwa polity* ..., p. 26.



deesdae van water uit boorgate of putte afhanklik.⁴³ Hoewel water tans skynbaar skaarser in die Bochum-gebied is as in die verlede, is kritieke droogtes en gepaardgaande hongersnood wel reeds sedert die negentiende eeu in die gebied opgeteken.⁴⁴ Makhura wys uit hoe droogtes sosio-ekonomiese differensiasie, kompetisie en konflik kon vererger en dat dit armer mense kon noop om hulle aan meer welvarende lede van hulle eie gemeenskap, of ander meer welvarende gemeenskappe, te onderwerp.⁴⁵

Waar die berge nie rotsagtig is nie, is die plantegroei bosagtig en ruig. Menslike bewoning het die landskap gedurende die afgelope eeu aansienlik gewysig. Die bosveld en savanna wat die berge omring het, is gekenmerk deur bladwisselende bome, doringbome en -bosse en lang gras. Wild was besonder volop,⁴⁶ maar is sedert die jagaktiwiteite van die 1830's/40's stelselmatig uitgedun. Die area se geskiktheid vir beesboerdery was 'n eienskap wat uit die staanspoor deur die Hananwa sowel as hulle voorgangers, én later die Boere, ter harte geneem is. Gewasse wat met sukses verbou kon word, sluit in sorghum, giers, mielies en grondbone. Vrugte soos perskes, pere, lemoene, suurlimoene, veselperskes en avokado's aard goed in die gebied en is deur die Boere en die sendelinge ingevoer.⁴⁷ Groot swerms sprinkane wat die gebied periodiek deurtrek het, was 'n plaag in soverre dit plantegroei en landerye in die slag laat bly het, maar die plaag self kon dan ook weer geëet word en het so gedeeltelik gekompenseer vir die voedselverlies wat mense gely het.⁴⁸ Ryk mineraalneerslae is nie in die gebied gevind nie.⁴⁹ Franz maak wel melding van 'n fontein waarvan die water 'n salpeterneerslag gelaat het, wat deur die Hananwa gebruik is om hulle eie buskruit te vervaardig.⁵⁰

In beide swart en wit gemeenskappe is die tuiste van die Hananwa in die Blouberg-omgewing vir die afgelope twee eeue as 'n betreklik afgesonderde gebied ervaar. Tot so laat as 1965 het Franz aangedui dat die Noord-Sothosprekendes die Soutpansberg "Moeder van die Bobbejaan" genoem het en dat Blouberg die 'Bobbejaantjie' wat "alleen en verlate" in die westelike vlaktes agtergelaat is toe die 'moeder' ooswaarts getrek het.⁵¹ Dit was waarskynlik juis die afgesonderdheid wat dit vir die Hurutshe-

43. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie* ..., p. 40.

44. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., p. 153.

45. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 50.

46. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 27.

47. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 29.

48. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 49; C. Rae, *Malaboch* ..., p. 55.

49. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie* ..., p. 36.

50. Dié fontein het volgens Franz na 'n aardbewing in 1903 verdwyn, enersyds 'n bevestiging dat Braudel se 'struktuur' wel oor tyd verander, maar andersyds 'n struikelblok vir dié wat die geloofwaardigheid van Franz se storie wil toets. G.H. Franz, Mmalebogo, *Laaste verhale*, pp. 20-21.

51. G.H. Franz, Mmalebogo, *Laaste verhale*, p. 16.

vlugtelinge uit die teenswoordige Botswana (diegene wat hulleself mettertyd 'Hananwa' sou begin noem) in die eerste helfte van die negentiende eeu so 'n aantreklike vestigingsgebied gemaak het. Hiervandaan kon hulle die omliggende landskap benut en bestuur, veilig wees na veldtogte en selfs vir vlugteling skuiling bied.⁵²

Dit is duidelik dat die bergvesting die sentrale betekenis in die landskap gedra het. Die veiligheid wat dit gebied het en die reeds genoemde politieke status wat dit simboliseer het, was die motivering vir die Hananwa se vestiging in die gebied. Toe die Boereregering teen die jare laat-tagtig en negentig van die negentiende eeu hulle mag oor die swart gemeenskappe van die Soutpansberg-distrik wou vestig, het hulle dit beleid gemaak dat swart leiers uit bergagtige gebiede verdryf moes word.⁵³ Swart gemeenskappe se beheer oor berglandskappe het hulle 'onbeheerbaar' vir die wit regering gemaak. So dien die afgesonderdheid van Blouberg reeds as (gedeeltelike) verklaring waarom die Boere in 1894 'n veldtog teen die Hananwa geloods het. Dit laat ook 'n raaisel onbeantwoord: waarom is die Hananwa, van al die swart gemeenskappe wat op bergvestigings staatgemaak het, die eerste teiken gemaak, terwyl die volgelinge van die ander berg-verskanste leiers veel meer dikwels in konflik met Boere-nedersetters was as die afgesonderde Hananwa? Hoe die Hananwa se afgesonderde berglandskap ingetrek is in die bedrywighede van die Boerestaat totdat dit uiteindelik met geweld daaraan onderwerp is, word belig deur 'n ondersoek na 'konjunktorele' veranderinge. Die vraag is egter of die konjunktorele verwickelinge ruimte laat vir die innovasie van individue en in watter mate die optrede van individue die 'onafwendbaarheid' van konjunktorele skuiwe kan uitoorlê. Die regstelling lê waarskynlik daarin dat dit wat Braudel as konjunktorele determinante sou beskou, insigself deur menslike houdings en waardes – kultuur – gerig is.

Konjunktorele veranderinge rondom Blouberg gedurende die negentiende eeu

T.J. Makhura gee in sy verhandeling 'n breedvoerige uiteensetting van die daarstelling en ontwikkeling van die ekonomiese, sosiale en politieke lewe van die Hananwa sedert hulle vestiging te Blouberg. J.A. van Schalkwyk gee in sy studie 'n uiteensetting van die aard en die ligging van die talle negentiende-eeuse nedersettings van hierdie mense. Waar die Hananwa spesifiek die fokus van Makhura en Van Schalkwyk se studie is, belig J.W.N. Tempelhoff weer die konjunktorele

52. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 89-90.

53. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, p. 262.

veranderinge waarmee al die gemeenskappe binne die groter gebied wat die Boere as die Soutpansberg-distrik sou administreer, gekonfronteer is. Waar Makhura insig bied in die verwickelinge binne die Hananwa-politie, plaas Tempelhoff dié gemeenskappe binne die breër konteks van 'n Boerestaat wat, soos wat dit geleidelik meer effektief en selfversekerd geword het, toenemende aansprake sou maak op die hulpbronne van gemeenskappe soos die Hananwa. Met elke aanspraak sou die inbreuk op die leefwyse en leefwêreld van die Hananwa en hulle bure natuurlik ook toeneem. Hoewel die twee prosesse hier onder twee verskillende opskrifte bespreek word, is dit belangrik om daarop te let dat die Hananwa nie uit die staanspoor of uit beginsel weggeskram het van interaksie met witmense of afwysend was jeens hulle kulturele aanbod nie. Sedert die vroegste aanraking met witmense, het die Hananwa vir hulleself uit hierdie kulturele stelsel die ekonomiese en tegnologiese hulpmiddels wat vir hulle van nut en waarde kon wees, opgeëis. Hierdie einste toegëienende aspekte van westerse kultuur sou tydens, maar ook ná die uiteindelijke gewelddadige konfrontasie met die Boere in 1894, aangewend word om hulle eie kulturele bestaan, nou in 'n onherroeplik hibridiese vorm, voort te sit.⁵⁴

1. Die ontwikkeling van die Hananwa-politie

In navolging van Makhura, word vir die doeleindes van die skets van hierdie konteks, gewerk met die aanname dat die Hananwa-politie vroeg in die negentiende eeu te Blouberg gevestig is.⁵⁵ Makhura skryf die betreklike gemak waarmee die Hananwa hulle hegemonie⁵⁶ oor die vroeëre inwoners in die gebied gevestig het en hulle konfederasie uitgebrei het, toe aan die volgende faktore: As gevolg van 'n lang geskiedenis van migrasie, was die Hananwa-kern insigself nie homogeen nie;

54. Volgens Edward Said, *Culture and imperialism*, p. xxix: "Partly because of empire, all cultures are involved in one another; none is single and pure, all are hybrid, heterogeneous, extraordinarily differentiated, and unmonolithic." Vir Homi Bhabha is kulturele verhoudings gebaseer "not on the exoticism of multiculturalism or the *diversity* of cultures, but on the inscription and articulation of culture's *hybridity*. ... it is the 'inter' – the cutting edge of translation and negotiation, the *in-between* space – that carries the burden of the meaning of culture." H. Bhabha, *The location of culture*, pp. 38-39, as quoted in D. Chidester, *Savage systems. Colonialism and comparative religion in Southern Africa*, p. xv.

55. Makhura verskaf breedvoerige inligting oor die 'Baitsweng' se reis na Blouberg, die aanname van die nuwe naam, 'Bagananwa', die verskillende totems wat die Hananwa tans huldig en hoe dit die interaksie tussen verskillende gemeenskappe wat vandag in die Hananwa opgeneem is, weerspieël. Sien T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 31-38.

56. Dié konsep, wat groot interpretasie-verskille oplewer, word gewoonlik aan Antonio Gramsci toegeskryf. Die Comaroffs se besinning oor die wisselwerking tussen hegemonie, ideologie en kultuur is besonder verhelderend: "Hegemony, we suggest, exists in reciprocal interdependence with ideology: it is that part of a dominant worldview which has been naturalised and, having hidden itself in orthodoxy, no more appears as ideology at all." J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution I: Christianity, colonialism and consciousness in South Africa*, p. 25. Sien pp. 19-27 vir 'n omvattende beredenering.

nuwelinge is steeds in die gemeenskap opgeneem en daarby was die politieke, sosiale en ekonomiese sisteem van die Hananwa gedentraliseerd.⁵⁷

Van Schalkwyk se uiteensetting van die talle nedersettings wat by hierdie sisteem ingeskakel het, skets die situasie soos wat dit waarskynlik gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu, op die vooraand van die 1894-Boereveldtog, daar moes uitgesien het. Christoph Sonntag en Colin Rae sou in hulle dagboeke na heelparty van hierdie gemeenskappe en hulle leiers verwys: Die mense van Kibi (Ramatho), 'n tweede, kleiner seksie van die Hananwa wie se skeuring met Mmalebôhō hieronder verduidelik word, het in die oostelike gedeelte van Blouberg gewoon. Aan die suidoostekant van Blouberg het Manaka, volgens Sonntag die leier van ongeveer 'n derde van Mmalebôhō se onderdane, gewoon. Aangesien Manaka se gemeenskap betreklik groot was, het heelparty van hulle ook op die vlakte suid van Blouberg geboer. In die noorde van Blouberg het die klein gemeenskappie van Mabotsha gewoon. Aan die suidwestekant van Blouberg, was die nedersetting van die mense van Morotsi – volgens Van Schalkwyk se segspersone was hulle hoofdoel om Blouberg teen aanvalle uit daardie rigting te verdedig. Dit moes dus vir Mmalebôhō 'n groot terugslag gewees het toe die Boere Morotsi in 1894 reeds met hulle eerste groot aanval op die berg verdryf het. Mahote se mense het in die berge, waarskynlik nie te ver van Kgaluši Mmalebôhō se hoofsetel nie, gewoon. Dié hoofsetel (*mošate*) was hoër op in die westelike gedeelte van die berg. Dit was strategies tussen rotse uitgelê sodat dit slegs een ingang gehad het. Dit het uit ongeveer ses tot agt wooneenhede (vir ongeveer seshonderd individue) bestaan.⁵⁸

In die Makgabeng-gebergte suid van Blouberg, het nog gemeenskappe wat lojaal jeens Mmalebôhō was, gewoon; onder meer die mense van Hlako en Monyebodi. Van Schalkwyk wys daarop dat nie ál die Hananwa en verwante gemeenskappe in die berge gewoon het nie. Daar is reeds verwys na 'n gedeelte van Manaka se mense op die vlakte suid van Blouberg. Khobe en sy mense (van Birwa-herkoms) het suidwes van 'n reeks rante wat Blouberg en Makgabeng verbind, gewoon. 'n Ander gemeenskap van Birwa-herkoms, die mense van Mapene, het noord van Blouberg gewoon, maar hulle sou tydens die 1894-oorlog, soos Kibi, saam met die Boere téén Kgaluši veg.⁵⁹

57. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 40.

58. Van Schalkwyk het antropologiese, argeologiese en historiese inligting en tegnieke gekombineer om sy voorstelling van die Hananwa-nedersettings wat hier opgesom word, te konstrueer. Sien J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, pp. 78-84.

59. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, pp. 78-84.

Die Berlynse sendelinge het geskat dat die gemeenskappe in en om Blouberg ongeveer twaalfduisend mense verteenwoordig het en dié in die Makgabeng-omgewing ongeveer vierduisend.⁶⁰ Makhura het die aantal mense teen wie die Boere in 1894 sou veg, dit wil sê diegene in die onmiddellike omgewing van Blouberg wat nie voortydig aan die Boere sou oorgee of teen Kgaluši sou draai nie, op tweeduisend geskat.⁶¹

Met die landskap nou ingeklee met mense, kan Makhura se voorstelling van die dag-tot-dag bestaan van die gemeenskappe, hulle onderlinge verhoudinge en die geleidelike veranderinge wat daarin ingetree het, met groter sinvolheid gevolg word.

Hoewel die Hananwa 'n aantal vroulike regeerders opgelewer het, verduidelik Makhura dat die stelsel waarvolgens politieke en geregtelike orde in die gemeenskap gehandhaaf is, oorwegend patriargaal was. Die eerste vlak van gesag was dié van die getroude man: daarna die *rakgoro*, wat uitspraak gelewer het oor sake wat die groep huishoudings waartoe hy behoort het, geraak het. Die *kgošana* was verantwoordelik vir al die huishoudings in sy gehuggie. (Monyebodi, Khobe en Manaka sou in hierdie kategorie val). 'n Volgende figuur was dan weer verantwoordelik vir al die gehuggies in 'n bepaalde streek. Hierdie persoon, op die vlak van regspraak en bestuur net onder die *kgoši*, of hoogste gesagsfiguur, het ook tot die *kgoši* se klas informante en ambassadeurs behoort.⁶² Omdat daar geen tradisie van 'n staande krygsmag was nie, het die *kgoši* in die geval van oorlog self die manne aangevoer. 'n Stelsel van raadsittings en openbare vergaderings (*dipitšo*) het verseker dat die *kgoši* in belang van die gemeenskap optree.⁶³

Wat die organisasie van arbeid betref: In die vroeg-negentiende eeu was vervaardiging hoofsaaklik in die hande van ambagsmanne wat gespesialiseer het in hout-, leer-, yster- of weefwerk. Terwyl die manlike wewers die groot graanopgaarmandjies gewee het, was daar ook vroue wat gespesialiseer het in die weef van kleiner mandjies en matjies, en veral pottebakkerie.⁶⁴ Van die produkte is spesifiek vir ruilhandel vervaardig. Die soutpan oos van Blouberg was die kern van 'n uitgebreide handelsnetwerk tussen die verskillende Noord-Sothogemeenskappe van die Oor-Vaalse gebied. Hananwa-karavane het teruggekeer na Blouberg met ivoor, diervelle, vere en ysterwerktuie.⁶⁵ Hierdie handelsnetwerk sou maklik

60. J. Richter, *Geschiede der Berliner Missionsgesellschaft, 1824-1924*, p. 251.

61. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 163.

62. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 41-44.

63. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 44-46.

64. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 47.

65. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 48.

uitgebrei kon word om met verloop van tyd ook Europese items te versprei. Dit sou vir die Hananwa, as kranige jagters,⁶⁶ vanselfsprekend wees om by te bly met die jongste wapen-tegnologie, wat binne 'n aantal dekades Europese gewere sou wees.

Vervaardiging was in 'n groot mate toegespits op een van die vernaamste ekonomiese aktiwiteite: landbou. Berghange en valleie is skoongemaak vir die verbouing van giers, sorghum en mielies. In die sterk kommunale stelsel, was die vernaamste produksie-eenheid die huishouding. Meer vroue per huishouding was voordelig, omdat meer kinders, dus arbeiders, sodoende voorsien kon word sonder dat te veel druk op individuele vroue geplaas is. Seuns is aangewend as beeswagters. Veeposte is regoor die Hananwa-invloedsfeer opgerig, waaruit die sogenaamde *mafisa*-stelsel geleidelik ontwikkel het. Daarvolgens sou 'n plaaslike gemeenskap ooreengekom het om die Hananwa se beeste in hulle gebied te versorg. Soos Makhura dit stel: die aankoms van die Hananwa in die Blouberg-area "led to a rapid transformation of the area on a scale possibly not experienced before."⁶⁷ Met klip, gras en hout geredelik in die beboste omgewing beskikbaar, sou dié vooruitstrewende gemeenskap hulle stempel op die landskap ook verder begin afdruk in die vorm van groter en meer permanente nedersettings.⁶⁸

Deur die loop van die negentiende eeu is die Hananwa se sosiale en ekonomiese lewe deur 'n aantal eksterne faktore uitgedaag en beïnvloed: In die vroeë 1830's is die strategiese waarde van Blouberg as vesting bevestig toe Sekwati van die Pedi, wat self op die trekpad was weens die ontwrigting wat Nguni-krygers van Mzilikazi in sy gebied aangerig het, ook die Hananwa met strooptogte geteister het. Vanweë die afgesonderdheid van Blouberg in die verre noordweste, het die Hananwa slegs die rimpelings van die *Difaqane* se grootskaalse ontwrigting ervaar en het hulle 'n veilige hawe vir vlugtelinge begin bied. Onder die bekendes wat gedurende die jare twintig en dertig by die Hananwa geskuil het, was ook die jong Sekhukhune, wat later die gedugte leier van die Pedi-politie sou word.⁶⁹ Die veiligheid en onaantasbaarheid wat hulle afgeleë ligging en hulle Blouberg-vesting gebied het, was dus vroeg reeds prominent in die Hananwa-bewussyn en sou verskeie kere tydens die negentiende eeu herbevestig word – 'n kollektiewe ervaring van die Hananwa wat in ag geneem moet

66. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 51.

67. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 51.

68. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 51.

69. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., pp. 65-68. Die verwysing na Sekhukhune vind Makhura in 'n bydrae van die Berlynse sendeling Carl Stech in die *Berliner Missionsberichte* 4/5, 1880, pp. 372-273. Stech het Sekhukhune in Pretoria ontmoet, waar laasgenoemde gevange gehou is nadat hy deur die Britte verower is.

word wanneer hulle bereidheid in 1894 om die Staatsartillerie en Boere-kommando's van regoor die ZAR te trotseer, beoordeel word.

Sedert die 1830's het die Hananwa ook toenemend kontak met mense van Europese kultuur gehad. Die aanvanklike kontak was via die gekleurde Buysgemeenskap (wat op die noord-oostelike randgebied van die Hananwa-invloedsfeer gaan vestig het). Sedert die laat jare dertig en veral die veertigerjare, sou dit via Portugese handelaars en Boerejagters wees. Makhura bespreek hierdie kontak in besonderhede.⁷⁰ Die feit dat die Hananwa dit soms met geweld moes benadruk dat wat die Boere as 'hulle jagveld' beskou het eintlik Hananwa-terrein was, moes vir hulle 'n vroeë aanduiding gewees het dat witmense se aansprake op hulle gebied en hulpbronne in die toekoms kon vererger.

Teen die agtergrond van 'n voortdurende bewustheid van die behoefte aan selfverdediging (in herinnering aan die *Difaqane* en met die meer onlangse ervarings van konflik met wit jagters) het die Hananwa die Berlynse (Lutherse) Sendinggenootskap in 1868 toegelaat om in hulle gebied te vestig.⁷¹ Die Wesleyaanse Sendinggenootskap sou, vanaf hulle stasie te Good Hope, Smitsdorp, (ongeveer tweehonderd kilometer suid van Blouberg) eers sedert 1888 ook in Blouberg betrokke begin raak. Die wit sendeling het "lekepredikers"⁷² van hierdie basis af uitgestuur om die gemeenskappe tot aan die Limpopo-rivier te probeer 'bereik'. Daar is nie formele sendingstasies verder noord as Good Hope gestig nie, sodat formele toestemming om in Hananwa-gebied te opereer, nie vir die Wesleyane so 'n groot kwessie was soos vir die strenger-gestruktureerde Berlynse Genootskap nie. Teen die vroeë 1890's was vier swart evangeliste van die *Wesleyan Methodist Mission Society* in die Blouberg-omgewing werksaam – van hulle was digby die Berlynse Genootskap se stasie gestasioneer. Terwyl hulle werksaamhede in die Blouberg-omgewing vir die Hananwa-leierskap potensieel minder problematies was as dié van die wit Duitse sendeling, was die moontlikhede om munt te slaat uit die teenwoordigheid van 'n witman ook weer soveel groter.⁷³

70. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 69-83.

71. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 97-98.

72. W.A. Venter, *Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die negentiende eeu*. D. Phil.-proefskrif, UOVS, p. 208.

73. Dit verklaar deels waarom die profiel van die Wesleyaanse Genootskap soveel laer as dié van die Berlynse is in die geskiedskrywing oor die interaksie tussen die Hananwa en die Boere. Die ander rede is waarskynlik dat die bewysmateriaal oor die Wesleyane se werk op die oog af nie so opvallend, opspraakwekkend of merkwaardig is soos byvoorbeeld 'n gepubliseerde dagboek van die Sonntag-tipe nie.

Die Hananwa was aanvanklik immers nie veel geïnteresseerd in die boodskap van die sendelinge nie. Makhura se bewering dat 'n derde van die mense wat aan Mmalebôhō onderhorig was teen 1894 reeds Christene was,⁷⁴ is te betwyfel indien in aanmerking geneem word hoeveel die Berlynse sendelinge gekla het oor die gebrekkige belangstelling in hulle preke. Vanaf die laat 1860's tot 1893 het die Berlynse sendelinge maar slegs 208 mense te Blauberg en 49 te Makgabeng gedoop.⁷⁵ Teen die tyd dat die oorlog uitbreek het, het die Wesleyane altesaam maar 'n gemeente van 49 mense, waaronder talle van die Berlynse sendeling 'afgerokkel' is, bedien.⁷⁶

Dit maak sin dat die lede van 'n welvarende en selfversekerde landbou- en handelsgemeenskap, met 'n sterk leierskap en 'n betreklik veilige, of verdedigbare, woonomgewing, nie juis ontvanklik sou wees vir die vreemde godsdienstige leerstellinge van die wit Berlynse Sendelinge nie. Reeds sedert die aanvanklike vestiging van hulle politie, het die Hananwa geestelike genesers in hulle geleedere opgeneem. Via hulle bande met die Lobedu-heersers van die noordooste van Transvaal, het hulle prominensie as reënmakers in eie reg begin kry en sterk rituele daarrondom gevestig.⁷⁷ Hierdie was nié mense wat uitgehonger was vir geestelike vervulling nie. Die sendelinge is in die gebied ontvang vir die baie praktiese oorweging dat hulle die Hananwa van gewere, kruut en lood kon voorsien. Die eerste twee verteenwoordigers van die Berlynse Genootskap, eerwaarde Emil Bernhard Beyer (te Blouberg 1868-1874)⁷⁸ en eerwaarde Carl C.H. Stech (1874 – 1892),⁷⁹ was dan, hetsy vir persoonlike gewin of as kompromis om in die gebied geduld te word, nie ongeneë om hierdie rol te vervul nie.⁸⁰ Die feit dat sendeling Christoph Sonntag (1892-1897), ten spyte daarvan dat hy nie in wapensmokkelary betrokke wou raak nie, wel deur die Hananwa in hulle gebied 'aangehou' is, dui daarop dat die doeleindes waarvoor sendelinge aangewend kon word, soos wat spanning met die Boere opgelaai het, ook gediversifiseer het: die sendeling het ook die rol van die *kgoši* se bode, wat boodskappe aan die Boereregering moes aflewer, vertaler en 'nuusagentskap' begin vervul. Deur die loop van hierdie studie sal die

74. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 113.

75. J. Richter, *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824-1924*, p. 251. Indien in aanmerking geneem word hoe gretig die Wesleyane (wit 'sendelinge' en swart 'evangeliste') was om bekeerlinge van die Berlynse Genootskap vir hulle gemeente 'oor te neem', is dit onwaarskynlik dat hulle die Hananwa teen 1894 in veel groter getalle as die Berlynners sou gekersten het. Sien **BYLAE A** vir meer inligting oor die Wesleyaanse Christene van Blouberg.

76. *Cory Library, Rhodes University, Wesleyan Methodist Mission Society (London) Archive: South African Correspondence (WMMS): H. 2711, Box no. 329, Tvl. S.A. 31, 1894, no. 1040, W.J. Underwood, Pretoria – M. Hartley, London, 1894-06-23.*

77. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., pp. 35, 39 & 58-59.

78. L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, pp. 45-46.

79. L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, p. 442.

80. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., pp. 98-99.

gesofistikeerde diplomاسie blyk waarmee Kgaluši Mmalebôhó vir Christoph Sonntag tot sy eie voordeel aangewend het sonder om die sendeling ooit te laat voel dat hy van sy eie beginsels en doelstellings gekompromitteer het.

Tot in die 1880's kom dit voor asof die Hananwa die opeenvolgende vlae van indringing in hulle gebied met aansienlike selfvertroue en selfs innovasie hanteer het. Wanneer die Hananwa in isolasie beskou word, is dit moeilik om te verklaar waarom hulle (spesifiek die meerderheid van die gemeenskappe wat onder Kgaluši verenig was) nie hulle onafhanklike bestaan sou kon voortsit nie. Die antwoord lê heel waarskynlik in die 'groter kontekste' waarmee Kgaluši en sy raadgeewers gekonfronteer is en waarvan die omvang kwalik van binne die politie bereken kon word. Daarnaas moet die hefboomkrag wat enkeling-indringers (soos 'n Boerekommissaris) in die gebied gehad het om die aanslag van hierdie 'kontekste' te verhaas, nie onderskat word nie. Die 'groter kontekste' is natuurlik die Britse Ryk, wat reeds met hulle eerste besetting van Transvaal in die laat jare sewentig hulle effektiewe owerheidsbeheer ook aan die Hananwa kom demonstreer het,⁸¹ en die Transvaalse Boerestaat (ZAR). Veral na die ontdekking van die Witwatersrandse goud in die middel-tagtigerjare, het die ZAR in 'n gedugte 'sekondêre ryk' ontpop. Alvorens die samevloeiing van hierdie kontekste in volgende afdelings in meer besonderhede ondersoek word, is dit nodig om aan te dui hoe die Hananwa as maar slegs een van vele 'swart bedreigings' in die bewussyn van die wit indringers in die Soutpansberg-distrik vasgelê is.

2. Die vestiging van witmense in die distrik Soutpansberg


Die geleidelike indringing van wit boere al dieper die binneland van Suid-Afrika in, was 'n deurlopende proses met sy aanvang reeds in die sewentiende eeu. In die eerste helfte van die negentiende eeu het die trekproses 'n meer georganiseerde en politieke karakter verkry toe groter groepe gelyktydig veral vanaf die Kaapse oosgrens noordwaarts begin trek het. Ontevredenheid met Britse beleid in die Kaapkolonie, voortdurende konfrontasie met die Xhosa-gemeenskappe in die gebied, maar ook 'n *wanderlust*-mentaliteit gevorm deur opeenvolgende geslagte se ervarings van

81. Sien T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 124-132 vir 'n breedvoerige uiteensetting. Op p. 126 stel hy dit soos volg: "The [British] administrative scaffold brought colonial rule closer to the Bagananwa than it was the case during the earlier period of the SAR." ... "As state functionaries on the ground, the Commissioners endeavoured to implement policies, maintain law and order, procure and control land transactions, labour and guns for European settlers in the area. In addition to these functions, taxes were to be collected, principally from the African communities. ... taxes, especially the ten shilling hut tax, were vigorously imposed upon Africans. The Boers were similarly subject to stricter tax collection."

rondtrek agter water, weiding en avontuur aan, is as redes vir wat later as die ‘Voortrekkers’ se ‘Groot Trek’ sou bekendstaan, aangevoer.⁸²

Tempelhoff⁸³ deel die proses van wit vestiging in wat later die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR)⁸⁴ sou word, in drie fases in. Die eerste fase, die sogenaamde proto-vestigingsfase, het in die 1820’s ‘n aanvang geneem en voor 1840 ten einde geloop. Die witmense wat die terrein in hierdie jare betree het, het dit nie gedoen met die oog op permanente vestiging nie. Hulle was meestal op soek na weiding of ‘n deurgang na ‘n seehawe. Vir al die vroeë pioniers was dit ‘n traumatise ervaring; die Van Rensburg-trek is byvoorbeeld uitgemoor.⁸⁵ Soos reeds gesien met Makhura se bespreking van die Hananwa se alliansies met verskeie gemeenskappe, het die witmense ‘n binneland ‘verken’ waarin daar aansienlike, en in hierdie stadium juis, onstuimige, menslike bedrywigheid was. Tot 1837 was Mzilikazi se Ndebele ‘n gedugte faksie waarmee al die ander gemeenskappe rekening moes hou: die verskillende Noord-Ndebele gemeenskappe het in die suid-westelike dele gewoon; verskeie gemeenskappe is onder die Venda in die vrugbare Soutpansberg-gebied verenig; Tsonga-Shangana-gemeenskappies het hulle in die Laeveld gevestig; Noord-Sothogemeenskappe, naas die Hananwa, wat hulle in die gebied bevind het, was onder meer die Birwa (ook in die omgewing van Blouberg), die Tlôkwa en (in die Laeveld:) die Lobedu van Modjadji, die Phalaborwa, die Kolobe van Mmamabolo, en die Kgaga.⁸⁶ (Sien Kaart 3).

-
82. Vir ‘n bondige opsomming van die aanloop tot die proses en die mees gesaghebbende literatuur daaroor, sien T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, pp. 44-48.
83. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, pp. 2-13.
84. Die naam *Zuid-Afrikaanse Republiek* is in 1858 aangeneem toe die Soutpansbergse en Potchefstroomse faksies onder ‘n nuwe grondwet met mekaar versoen is en een staat gevorm het. Die Vierkleur as staatsvlag en Pretoria as regeringsetel is ook tydens hierdie geleentheid aanvaar. Die distrik Lydenburg sou eers in 1860 by die verenigde staat aansluit. Sien J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. ...*, pp. 133-135.
85. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel*, pp. 4-5.
86. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel*, pp. 2-3; J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. ...*, pp. 10 & 105-109.



Kaart 3: Swart gemeenskappe in Transvaal teen die begin van die negentiende eeu.
Uit: J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, p. 10.

Die tweede fase van wit vestiging soos deur Tempelhoff onderskei, sou duur tot 1886 en was die era van dorpstigting en grootskeepse eksploitering van natuurlike hulpbronne deur witmense. Die aantrekkingskrag van die gebied was die vrugbare grond, die beskikbaarheid van sout en die volop wild. Volgens Tempelhoff was die Voortrekker Andries Hendrik Potgieter en sy geselskap se aankoms aan die voet van die Soutpansberg in 1848 die kerninsident wat die gebied sy status (vanuit 'n wit oogpunt) as onbekende voorpos laat verloor het.⁸⁷ Eers teen die einde van die 1840's⁸⁸ was daar dan tussen die Pietersburgse plato en die Soutpansberg 'n meer permanente wit gemeenskap wat met hulle teenwoordigheid 'n betekenisvolle indruk gemaak het. Dit sou ongenueanseerd wees om die ervaring van wat in daardie stadium die mees noordelike wit gemeenskap tussen die Vaal- en die Limpoporivier was, uit te beeld as oorheers en bepaal deur een volgehoue stryd met die verskillende swart gemeenskappe. Siektes onder hulle vee, wat hierdie mense se grootse materiële bate was, was vir hulle 'n groot terugslag.⁸⁹ Op politieke terrein was daar onmin en verdeeldheid tussen die Soutpansbergers en die wit gemeenskappe rondom Potchefstroom en Lydenburg. Dié struweling sou hulle tot minstens die laat jare

87. J.W.N. Tempelhoff, *Die okupasieselsel* ..., pp. 6-8.

88. Dit wil sê, kort na die aanvaarding van die sg. "Drie en Dertig Artikelen" (waarmee 'n mate van eenheid tussen die verskillende faksies vir die eerste keer bewerkstellig is) in 1844 en kort voor die formele erkenning van die onafhanklikheid van die Oor-Vaalse witmense deur Brittanje in 1852. Sien J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika* ..., p. 134.

89. J.W.N. Tempelhoff, *Die okupasieselsel* ..., p. 7.

vyftig nog besighou.⁹⁰ Nogtans wás die Soutpansberg-distrik tradisioneel dié distrik in die ZAR met die grootste swart bevolking. Tempelhoff beskou die verslegting van die wit gemeenskap se verhouding met die Venda onder Makhado gedurende die sestigerjare as die grootste terugslag vir wit vestiging tydens die eksploiteringsfase. In 1867 moes Schoemansdal, grootliks weens swart bedreiging, ontruim word. Swart weerstand was ook een van die redes vir die ontruiming van Piet Potgietersrus in dieselfde jaar. In 1876 is die Transvalers byna deur Sekhukhune se Pedi (net suid van die Soutpansberg-distrik, in die Distrik Lydenburg) verslaan. Dit kom as geen verrassing dat die Britte die Boere se onvermoë om hulleself teen vyandige swart gemeenskappe te handhaaf, in 1877 as rede vir die anneksasie van die ZAR aangevoer het.⁹¹ Hulle eintlike motivering was natuurlik om die onwillige Boere in hulle planne vir 'n pro-Britse Suid-Afrikaanse federasie te laat inpas.⁹²

Die Boere wat hulle onafhanklikheid in 1881 van die Britte teruggewen het, was nie meer dieselfde as die mense wat in 1877 geannekseer is nie. Die legendariese oorwinning by Majuba sou die opwelling van 'n Transvaalse nasionalisme begin simboliseer. Die Boere was nou gretig om hulle onafhanklikheid teenoor Brittanje uit te leef en sou reageer op die Britse en Duitse kompetisie om die beheer van meer grondgebied in Suid-Afrika, deur 'n soortgelyke strategie as hulle kompetisie te volg.⁹³ Tempelhoff beskryf die diepgaande invloed wat hierdie ervaring op die witmense van Transvaal moes gehad het deur die stappe wat in die 1880's geneem is om Schoemansdal as dorp te hervestig, soos volg te verduidelik:

Die sielkundige nederlaag wat met die ontruiming van Schoemansdal gely is, is steeds gevoel. Vir die Transvalers wat nasionaalbewus geword het onder die Britse bewind [1877-1881], was dit 'n beginselsaak om reg te stel. Reeds op 25 Oktober 1881 (minder as twee maande nadat Brittanje die staat formeel aan die Transvalers teruggegee het) het die Uitvoerende Raad besluit om weer 'n dorp in Soutpansberg te stig.⁹⁴

Dit is dus nie te betwyfel dat die Boere van die Soutpansberg swartmense teen die einde van die eksploiteringsfase reeds in veralgemenende terme as bedreiging vir hulle selfbehoud, maar ook vir die handhawing van hulle nasionale eer, beskou het nie. Dat die Hananwa van Mmalebôhò nie by een van hierdie genoemde insidente betrokke was nie, het nie daaraan verander dat 'n defensiewe houding teenoor swartmense in die algemeen, teen 1894 steeds deel van die verwysingsraamwerk van

90. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. ..., pp. 134-135.

91. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., p. 11.

92. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., pp. 12 & 17.

93. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., pp. 12 & 17.

94. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., p. 11.

die Soutpansbergse Boere sou wees en die potensiaal vir konfrontasie ook met hulle, sou verhoog nie. Die vestiging van sodanige houdings onder die oppervlak van 'gebeuregeskiedenis' bevestig weer eens dat mentaliteit net so 'n kragtige 'konjunktuur' as 'n ekonomiese tendens kan wees en meer nog, dat Braudel se kategorieë moeilik uitmekaar gehou kan word.

Dit was nie net die wit gemeenskappe wat in stereotipe en monolitiese terme aan swartmense begin dink het nie. Die swartmense het ook op defensiewe wyse aan hierdie witmense in die algemeen begin dink. Volgens sendeling Christoph Sonntag het die Hananwa in die Soutpansbergse Boere spesifiek 'n weersin gehad,⁹⁵ wat nie verbasend is wanneer die lang reeks konfrontasies wat hulle teen die 1890's reeds in oënskou kon neem, in ag geneem word nie. Intussen het elke nuwe fase in die wit eksploitering van die Soutpansberg-gebied die gronde vir konfrontasie tussen wit en swart laat toeneem, maar tegelykertyd die swartmense in toenemende mate by die wit ekonomiese stelsel betrek.

Tot in die 1860's was jag die wit gemeenskap se hoof-ekonomiese aktiwiteit. Soos Makhura aangedui het, het wit jagters se teenwoordigheid net so dikwels tot konflik met swartmense gelei as wat dit swart individue die geleentheid gebied het om as helpers van die wit jagters goed te leer skiet en self gewere te bekom. Wat die witmense betref, het jag aan die tradisioneel-boerderygemeenskap 'n kontant-uitkoms gebied nadat hulle hulle veestapels verloor en in die moeilike pioniersomstandighede verarm het. (Boerderybedrywighede is, nietemin, in geen stadium heeltemal laat vaar nie.) In die laat 1860's het die ontdekking van diamante by die huidige Kimberly en goud by Eersteling in die ZAR 'n totaal nuwe toevoeging tot die ekonomiese bedrywighede van al die Soutpansbergse gemeenskappe beteken. Vir die witmense was die mynbedryf 'n uitkoms op 'n tydstip toe die jagtersbedryf agteruit begin gaan het.⁹⁶ Vir die groot aantal swartmense wat na Kimberly gestroom het (volgens Makhura is Kimberly bo die Soutpansbergse goudmyne verkies)⁹⁷ het die diamantvelde blootstelling aan die Westerse ekonomie en produkte beteken. Volgens Franz, het Kgaluši Mmalebôhō ter voorbereiding van 'n konfrontasie met die Boere, wat hy voorsien het wel in die toekoms sou plaasvind, al sy manlike onderdane verplig om na inisiasie na Kimberly te gaan. Met hulle terugkeer van die arbeid op die myne, moes hulle óf 'n geweer, óf geld of diamante waarmee gewere gekoop kon word, saambring.⁹⁸

95. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 39.

96. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., pp. 10-11.

97. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 92.

98. G.H. Franz, Mmaleboho, *Laaste verhale*, p. 20.

Kgaluši Mmalebôhò het *kgoši* van die Hananwa geword juis in die tyd (ca. 1879/1880) dat die eksploiteringsfase van wit vestiging in die Soutpansberg-distrik ten einde begin loop het. Soos reeds genoem, is die eerste stappe om Schoemansdal as dorp te hervestig, reeds vanaf 1881 geneem. Die uitvaardiging van die *Occupatiewet* in 1886, ingevolge waarvan plase gratis aan voornemende permanente (wit) okkupante voorsien sou word, kan as amptelike aanvang van die derde fase van wit indringing, die finale vestigingsoffensief in die Soutpansberg-distrik, beskou word.⁹⁹ Die uitstaande kenmerk van dié fase, was 'n strewe om die distrik te ontwikkel deur die daarstelling van doeltreffende owerheidsbeheer.¹⁰⁰ Die voorbeeld wat die Britte tussen 1877 en 1881 vir die Boere hierin gestel het, is deeglik ter harte geneem en tot sy volle konsekwensies gevoer.¹⁰¹ Die dorp Pietersburg is gelyktydig met die uitvaardiging van die *Occupatiewet* geproklameer en groot bedrae geld sou deur die Boereregering vanuit Pretoria bestee word om 'n kommunikasienetwerk en ander infrastruktuur daar te stel.¹⁰² Die wit inwoners van die distrik Soutpansberg moes uiteindelik hulle tot-nog-toe mobiele leefwyse laat vaar en by 'n vaste adres vestig sodat hulle kon dien as permanente menslike buffer teen die swartmense van die gebied, wat toenemend as bedreiging vir die hele ZAR beskou is.¹⁰³ Dieselfde bestendige arm van owerheidsbeheer is ook na dié einste swart gemeenskappe uitgestrek. In die toekoms, sou die volgende administratiewe en beleidsmaatreëls meer doeltreffend toegepas word: die afbakening en toekenning van reservate; die beperking van swart vestiging in wat as wit gebiede geïdentifiseer is; en die invordering van belasting.¹⁰⁴ Die beamptes wat die okkupasie van wit plase moes bestuur, te wete die Landdros in Pietersburg, die kommandante en kommissaris, asook die veldkornette in elke wyk van die distrik,¹⁰⁵ het gelyktydig met die regulering en administrasie van wit plaasokkupasie, ook toegesien dat die talle swart gemeenskappe in die distrik onder wit beheer gehou word.

Teen 1880 is Soutpansberg se wit pioniersgemeenskap op 814 mense gereken.¹⁰⁶ Die sogenaamde *occupanten*, wat hierdie ouer kern vanaf 1886 aangevul het, was in die meeste gevalle verteenwoordigend van die armste, desperaatste Boerefamilies. Dit was mense wat in daardie laat stadium nog nie vir hulleself 'n eie stuk grond bekom

-
99. Occupatiewet nommer 8 van 1886, *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek* 6(286), p. 311, 1886-07-14. Verwysing volgens J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, p. 12.
100. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, p. 253.
101. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 124-131.
102. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, pp. 132 & 142-146.
103. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, p. 81.
104. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, p. 253.
105. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, pp. 38-39.
106. Britse Blouboek, C2950 (1881), p. 192. *South African Affairs: Further Correspondence*, soos aangedui in J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, p. 11.

het nie. Sommige het van so ver as die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat gekom. Die feit dat hulle die uitnodiging aanvaar het om in 'n gedeelte van Suid-Afrika so afgeleë van en vyandig jeens wit aspirasies te gaan woon, dui daarop hoe skaars en gesog boerderygrond teen die middel van die tagtigerjare geword het. Dit onthul ook die feit dat Boeregesinne wat in daardie stadium nie toegang tot grond gehad het nie, weinig ander geleentehede gesien het hoe hulle 'n bestaan sou kon maak.¹⁰⁷ Sommige plase is baie naby swart gemeenskappe se woonplekke uitgemeet. Veral in die wyk Houtbosberg is okkupasielplase toegeken op grond wat die mense van Tsolobolo, Mahoepa en Makgoba self benut het. Gevolglik het hulle die okkupante van die 'plase' verwilder.¹⁰⁸ Sommige ontnugterde okkupante het sodanige optrede deur die ZAR-amptenary as 'n ope uitnodiging vir konfrontasie gesien. 'n Sekere J.J. le Roux het die Okkupasiekommissie laat weet dat Piet Joubert, die ZAR se kommandant-generaal en superintendent van swart aangeleenthede, "niet denken moet om hem hier te plaatsen om kaffers the schieten."¹⁰⁹ Die Boereregering was vasbeslote om die Soutpansberg-distrik te bestendig en ekonomies te ontwikkel. As die sukses daarvan daarop sou aankom, sou hulle presies dit wat Le Roux voorsien het, van die okkupante verwag. Vanaf die jare negentig het van die Soutpansbergers (pioniers en okkupante) wat vasberade was om te bly op wat hulle nou as hulle grond beskou het, selfs van die regering verwag om hulle beleid sneller uit te voer. Die Staatsartillerie en kommando's van oor die hele ZAR sou uiteindelik gemobiliseer word om die swart gemeenskappe met geweld van hulle grond te verwyder en in reservate in te perk.

Die fases van wit vestiging in die Soutpansberg-distrik wat in die 1890's uitgeloop het op militêre veldtogte teen Mmalebôhô van Blouberg, Tsolobolo, Mahoepa, Makhoba¹¹⁰ en Modjadji in die Laeveld¹¹¹ en die Vendagemeenskappe¹¹² van die Soutpansberg, kan verduidelik word as 'n klassieke geval van 'n grensgebied wat van 'n 'oop' na 'n 'sluitende' situasie verander soos wat nuwe intrekkers in die gebied geleidelik beheer oor al die ouer inwoners vestig. Die teorie van die grensgebied as 'n betwiste area, waarin interaksie tussen gemeenskappe geleidelik al hoe strenger

107. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, pp. 167-174.

108. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, pp. 97 & 259.

109. TAB: SS. 2483a, p. 19. R. 11296a/90: Verslag Schoeman-kommissie; SS. 1546, p. 11. R. 924/88: Notulen der occupatie commissie, Pietersburg, 1890-07-10, soos aangehaal in J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, p. 98.

110. Vir 'n uitgebreide bespreking van die veldtog teen Makgoba, sien L.S. Kruger, *Die Makgoba-(Magoeba) oorlog 1894-1895*, M.A.-verhandeling, U.P., 1955.

111. Sien H.W. Grimsehl, *Onluste in Modjadjiland, 1890-1894*, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 18 II, 1955.

112. Vir 'n uiteensetting van die veldtog teen die Venda van Makhado en sy opvolger, Mphephu, sien J.I. Rademeyer, *Die oorlog teen Magato (M'pefu)*, 1898, *Historiese Studies* 5(2), Junie 1944. Sien ook M.H. Nemudzivhadi, *The conflict between Mphephu and the South African Republic (1895-1899)*, M.A. dissertation, UNISA, 1977.

gereguleer word en 'n enkele owerheid uiteindelik die oorhand oor al die inwoners verkry, teenoor die tradisionele beskouing van die grens as 'n strak skeidslyn tussen groepe, is in Suid-Afrika veral deur Martin Legassick en Herman Giliomee ontwikkel.¹¹³ Hoewel gebeure in die Soutpansberg-distrik hulle eie en eenmalige verloop geneem het, was daar sekere tipiese kenmerke aan wit indringing in die gebied wat vantevore reeds byvoorbeeld aan die Kaapse Oosgrens tussen witmense en die Xhosasprekendes asook in die Transoranje tussen wit Boere, Britte, Griekwas en Sotho's te bespeur was.¹¹⁴

In Giliomee se terme, sou Tempelhoff se proto- en eksploiteringsfases van wit vestiging in die distrik Soutpansberg 'n oopgrenssituasie genoem kon word: daar was kompetisie om grond en hulpbronne tussen verskillende gemeenskappe en nie een kon sy gesag volkome oor die ander vestig nie.¹¹⁵ Die tipiese kenmerke van die sluitende grens kan met redelike gemak op die situasie in die Soutpansberg-distrik sedert die 1880's, Tempelhoff se koloniseringsfase, toegepas word. Soos reeds genoem, was die 1886-*Occupatiewet* 'n doelbewuste poging van die ZAR tot groter bestendigheid in dié distrik, deur wit en swart stewiger onder sy beheer en administrasie te kry. Die 1886-wet het eerstens voorsiening gemaak vir die bekoming van grond deur 'n wit boer slegs as hy dit effektief en permanent sou bewoon (die rustelose, rondtrekkende jagter-boer van vroeër is aan 'n tuiste gebind). Dit het ook die inperking van swart gemeenskappe tot aangewese reservate behels. Dit pas gemaklik in Giliomee se eerste kenmerk van die sluitende grens:

Die grens wat besig was om toe te gaan, het bowenal van die oop grens verskil deur die verlies van die vryheid wat enkelinge en groepe eens gehad het om hulleself te laat geld en hulle belange te handhaaf.¹¹⁶

Vir Giliomee is die tweede manier waarop die toegaan van die grens getoon word, die verandering in die verhouding van die bevolking tot grond, wat grond 'n besonder gesogte kommoditeit sou maak.¹¹⁷ In die Soutpansberg is die laat jare tagtig gekenmerk deur die instroming van nuwe wit inwoners, die *occupanten*, juis om grond te beset. Giliomee se derde kenmerk: met die toegaan van 'n grens, verloor

-
113. Beide het in dié verband hoofstukke bygedra tot H. Giliomee & R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1840*.
114. H.Giliomee, Processes in development of the southern African frontier, in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*, p. 79. Soos die titel van hierdie studie aandui, is die grensteorie ook op die Amerikaanse ervaring van wit uitbreiding na die weste van Noord-Amerika, toegepas.
115. H.Giliomee, Die Oosgrens 1770 – 1812, in H. Giliomee & R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1840*, p. 438.
116. H. Giliomee, Die Oosgrens 1770 – 1812 ..., p. 462.
117. H. Giliomee, Die Oosgrens 1770 – 1812 ..., p. 463.

inheemse gemeenskappe die vermoë om hulle dienste van die wit gemeenskap te weerhou en buite 'n Westerse arbeidsituasie te kan voortbestaan.¹¹⁸ In die Soutpansberg-distrik is die wit regering se invordering van belasting, wat mense onvermydelik aan die Westerse geld-ekonomie bind, reeds in die laat 1870's deur die Britte, en daarna deur die ZAR-regering vanuit Pretoria, groot prominensie gegee. In die volgende afdeling sal aangedui word hoe die konjunkturale veranderinge in die Soutpansberg-distrik, binne konteks van ontwikkelinge in die ZAR, in 1894 te Blouberg na die oppervlak gekom het: In 'n dramatiese militêre veldtog sou die Boereregering poog om die grenssituasie 'eens en vir altyd' te sluit.

Verowering van swart gemeenskappe: Blouberg, Soutpansberg en Pretoria

Die swart gemeenskappe nader aan Pretoria, in die sentrale dele van die ZAR, is reeds teen die vroeë jare sewentig met aansienlike welslae deur die Boereregering beheer en geadministreer. Die wetgewing ingevolge waarvan hierdie beheer uitgeoefen is, was veronderstel om vir alle swartmense binne die grense van die Transvaalse Boerestaat te geld. Soos egter uit die voorafgaande geblyk het, was daar verskeie swart gemeenskappe in die noordelike distrik, Soutpansberg, wat die effek van Boerewetgewing op hulle tot en met die laaste twee dekades van die negentiende eeu, skaars gevoel het. Hierdie sentrale gemeenskappe het dan per geleentheid ook hulle ontevredenheid daaroor uitgespreek dat die noordelike swartmense (van Modjadji, Makgoba, Maupa, Tsolobolo, Mmalebôhō en Makhado) in die praktyk nie dieselfde druk van witmense ervaar het as hulle nie. Dit wil dus voorkom asof die swart gemeenskappe nader aan Pretoria vroeër, maar met vreedsaamer resultate, voor die druk van wit onderhorigheid geswig het as die gemeenskappe verder weg van die setel van die sentrale ZAR-regering, waar die wit bevolking nog nie so dig was nie.¹¹⁹

Sodra die aantal wit inwoners in die Soutpansberg-distrik begin toeneem het, het hulle, soos die witmense wat 'n paar dekades tevore in die sentrale dele gaan vestig het, ook by die sentrale regering daarop begin aandring dat iets gedoen moes word om swartmense onderdanig en diensbaar te stel. Daar was nietemin ook 'n opvallende verskil tussen die sentrale dele en die Soutpansbegdistrik: Die toename in

118. H. Giliomee, *Die Oosgrens 1770 – 1812 ...*, p. 463.

119. J.S. Bergh wys daarop dat heelparty van hierdie 'sentrale' swart gemeenskappe, te midde van die immer-toenemende owerheidsinsae in hulle doen en late, wel daarin geslaag het om hulleself te handhaaf deur met verskeie oorspronlike inisiatiewe te reageer. Sommige gemeenskappe het vir hulleself addisionele grond aangekoop en dit in die naam van 'n wit sendeling laat registreer; ander het die Boere se beperkinge op hulle opgehef deur buite die ZAR in Betsjoeanaland, die teenswoordige Botswana, te gaan hervestig. Sien J.S. Bergh, *African reaction to white penetration: The central districts of the Transvaal in the 1870s*, *Historia* 45(1), May 2000, pp. 47-56.

die wit bevolking van die distrik Soutpansberg sedert die tweede helfte van die 1880's is deur die sentrale regering self teweeg gebring. Dit was deel van 'n aktiewe beleid om effektiewe beheer te vestig in die laaste gedeelte van hulle Republiek waar swartmense hulle politieë steeds asof onafhanklike state regeer het. Dit spreek vanself dat die leiers van hierdie gemeenskappe nie hulle *de facto* soewereiniteit vrywillig sou prysgee deur die nuwe intrekkeers op hulle drempel te verwelkom nie. Hulle sou ook nie daarmee geneë wees om na afgebakende reservate te verhuis en getrou belastings te begin betaal bloot omdat die Boereregering daarop aangedring het nie. In die jare negentig sou die Pretoria-regering uiteindelik van militêre mag gebruik moes maak om hierdie gemeenskappe te dwing om Boerebewind te aanvaar. Dat hulle hierin, so tipies van die koloniale veldtogte wat in hierdie stadium oraloor Afrika gevoer is, van die vooraf-verowerde swartmense in die sentrale dele sou gebruik maak, word onder 'n volgende opskrif weer uitgewys.

In hierdie afdeling sal die Hananwa van Blouberg se reaksie op die Pretoria-regering se maatreëls om hulle in Boereonderdane te omskep, beskou word teen die agtergrond van die reaksie van die swart gemeenskappe in die sentrale dele van die ZAR ongeveer 'n dekade en 'n half tevore. Die Hananwa staan natuurlik ook in die konteks van ander Soutpansbergse gemeenskappe wat gelyklopend met hulle vir onderwerping geormerk is. Daar moet in gedagte gehou word dat die onderwerping van die Hananwa maar een stap in die rigting van wit oppergesag in die gebied was. Hoewel die ZAR met hulle 1886-*Occupatiewet* 'n uniforme doelstelling vir die distrik as geheel gehad het, het die uiteenlopende omstandighede van elk van die noordelike gemeenskappe, veral met betrekking tot geografiese ligging en die persoonlikheid van leiersfigure, spesifieke verskille in die reaksie van elke gemeenskap tot gevolg gehad. Soos reeds genoem, het die gemeenskappe in die Laeveld, (onder meer Modjadji se Lobedu),¹²⁰ maar ook die Venda, die inmenging van wit boere op hulle grond baie meer akuit ervaar as die Hananwa in die noordweste, waar veel minder *occupanten* gaan vestig het.¹²¹ Ondanks hierdie verskille, was die aansprake van die Boereregering op die gemeenskappe in die Laeveld en die Blouberg-Soutpansberg-gordel gemaak het, soortgelyk tot op 'n vlak waar veralgemeen kan word en dit as 'n 'latere noordelike' met die 'vroeëre sentrale' fase van die vestiging van wit oppergesag, vergelyk kan word. Ten einde hierdie twee tendense van die 1880-90's en die 1870's onderskeidelik te vergelyk, word die Hananwa in die noorde en die

120. Ander gemeenskappe in die omgewing wat met die probleme van die Lobedu geïdentifiseer het en soms ook met hulle geassosieer is, het die Letswalo/Narene, die Thabina, die Kgaga en die Tlou ingesluit. Sien J.S. Bergh, *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. ..., pp. 201-213.

121. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., pp. 257 & 261. Sien ook J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. ..., pp. 201-213.

swart gemeenskappe rondom Pretoria en Rustenburg in die suide, as ‘gevallestudies’ op die voorgrond geplaas.

Grond, arbeid en belasting, die drie elemente in ‘n swart gemeenskap se bestaan wat vir die wit Boere noodsaaklik was om te beheer, word as punte van vergelyking aangewend. Wat die bekoming van swart grond betref, het die regering in Pretoria gedurende die 1880’s drie inisiatiewe geloods wat die Soutpansberg-distrik by uitstek sou raak. Die afbakening van reservate vir al die groot swart gemeenskappe (regoor die Boererepubliek, deur die sg. Lokasiekommissie wat in 1881 aangestel is) het hand aan hand gegaan met die proklamering van die *Occupatiewet* van 1886, wat die ‘ontruimde’ grond in die Soutpansberg-gebied vir witmense oopgestel het. Die Plakkerswet van 1887 (ook van toepassing regoor die ZAR) het bepaal dat nie meer as vyf swart huishoudings per plaas buite die reservate toegelaat sou word nie.¹²² Hierdie drie maatreëls het die Boere ‘n strategie gegee om hulle vernedering van 1867, toe die Venda hulle uit Schoemansdal teruggedryf het,¹²³ om te keer. ‘n Getalsterker wit bevolking sou aangewend kon word om die bepaling dat swart gemeenskappe moes woon binne die areas wat die regering vir hulle afgebaken het, af te dwing – daarom die vereiste dat okkupante hulle plase permanent moes bewoon. Met die swartmense in reservate byeengebring, sou dit ook vir die plaaslike Boereamptenare moontlik wees om belastings baie effektiewer in te samel. Dít sou weer die Boere se verkryging van plaasarbeid vergemaklik, want ‘n swartman wat nie vir ‘n witman gewerk het nie, het nie geld gehad om sy belasting te betaal nie.¹²⁴

So veel soos wat die inpalming van swart grond ten gunste van wit setlaars ‘n sleutelkomponent van die Boerebeleid vir die distrik Soutpansberg was, net so min was grond die sentrale twisappel in die groeiende spanning tussen Mmalebôhō se Hananwa en die witmense gedurende die laat jare tagtig – vroeë 1890’s. Wat grond betref, het Mmalebôhō se situasie aansienlik verskil van dié van die Laeveldse swart gemeenskappe, waar die oorvleueling van swart en wit aansprake op stukke grond soveel konflik met die okkupante veroorsaak het dat die wit regering die swartmense dringend tot reservate sou moes beperk indien hulle hulle vestigingsinisiatief sou wou behou. Daar is reeds aangedui dat slegs die suidelike randgebiede van Mmalebôhō se invloedssfeer deur wit okkupante binnegedring is.¹²⁵ Anders as in die Laeveld, was

-
122. TAB: SN 177, Notule Lokasiekommissie, 1887-12-26, pp. 43-45; Wet no. 11 van 1887. Gewysig deur Wet no. 21 van 1895. Uiteengesit in J.S. Bergh, Grondregte in Suid-Afrika: ‘n 19de eeuse Transvaalse perspektief, *Historia* 40(2), November 1995, p. 43.
123. R. Wagner, Zoutpansberg: the dynamics of a hunting frontier, in S. Marks & A. Atmore, *Economy and society in pre-industrial South Africa*, pp. 313-349.
124. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. ..., pp. 214-216; J.W.N. Tempelhoff, Die okkupasiestelsel ..., pp. 241-242 & 17-19.
125. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity*..., pp. 142 & 147.

die Hananwa geen direkte bedreiging vir wit setlaars nie en is hulleself ook nie direk deur nuwe wit indringers op hulle grond bedreig nie.¹²⁶

Tydens sy besoeke aan die Hananwa het Barend Vorster senior,¹²⁷ die plaaslike kommandant en kommissaris, die Boereregering se voorneme om 'n sensus van die geneenskap op te neem en hulle van hulle bergvesting na 'n reservaat in die oopte te verskuif, aan hulle bekend gemaak.¹²⁸ Tog was dit nie vir Vorster en die Blouberg-omgewing se klein wit gemeenskappie (onder wie veral ouer pioniers) so 'n spoedeisende kwessie nie. Indien Vorster die Hananwa van hulle grond sou afdwing, sou dit nie in die eerste plek wees om ruimte te skep vir meer okkupante nie, maar om die Hananwa te lig uit hulle strategies 'onaantasbare' posisie, van waar hulle inderdaad nie gevoel het dat die eise van die Pretoria-regering hulle kon affekteer nie. Mmalebôhō het duidelik die afgesonderdheid van sy grondgebied en die ontoeganklikheid van sy vesting uitgebuit om die betaal van belasting aan die Boere vry te spring. Belasting was die één hulpbron van die Hananwa wat die regering in daardie stadium veral in geïnteresseerd was. Selfs in die opeenvolgende ultimatus wat die Boere tussen April en Junie 1894 aan die Hananwa gestuur het,¹²⁹ blyk dit dat die regering die kwessie van Mmalebôhō se grond eers begin ophaal het toe hulle besef het dat dit die enigste wyse was waarop hulle hom sou kon dwing tot 'n posisie van onderdanigheid waarin hy nie meer in staat sou kon wees om belastingbetaling te weier nie. Hierdie belastingkwessie sal binnekort in meer besonderhede behandel word.

Die selfversekerdheid waarmee Kgaluši Mmalebôhō sy mense se grond bestuur het en sy geografiese ligging benut het om sy soewereiniteit te bevestig, staan in skerp kontras met die swart gemeenskappe van die Pretoria- en Rustenburgomgewing. Anthony Vlotman, een van kommissaris Vorster se helpers, se herinnering aan die besoek wat hulle in 1890 aan Mmalebôhō gebring het, word in besonderhede in 'n volgende hoofstuk bespreek. Vlotman se weergawe van die *kgoši* se reaksie, is so

126. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel...*, p. 261.

127. TAB: SS. R. 4678/88, SR. 379/88: Vorster - Superintendent van Naturellen, 1888-05-14, soos bespreek deur T.J. Makhura, *The Bagananwa polity...*, p. 143.

128. TAB: SS. R. 4413, R. 8813/94, pp. 69 & 79-85: Ultimatum of laatste waarschuwing aan kapitein Malebock en zijn volk, 1894-04-27; P. Joubert – B.J. Vorster, 1894-05-07.

tekenend dat dit ook hier aangehaal word: “I am baas upon this mountain and will not allow the census to be taken.”¹³⁰ Of Mmalebôhō hierdie woorde inderdaad geuiter het en of dit in Vlotman se verbeelding uitgekristalliseer het, dit illustreer in volkleur die Boere se verontwaardiging dat hulle in daardie stadium nog nie in beheer van die Blouberg-area was nie. Terwyl gemeenskappe nader aan Pretoria, byvoorbeeld die Kgafêla Kgatla en die Motsha Kgatla, reeds in die jare sewentig en tagtig op die goeie guns van sendelinge moes staatmaak ten einde grond vir hulle gemeenskappe te laat aankoop, was Mmalebôhō teen 1890 nog baie seker van sy dominasie oor sy gebied. Selfs die Berlynse sendelinge aan die voet van Blouberg kon dit nie waag om hom daaraan te herinner dat die grond waarop die sendingstasie gebou was, eintlik aan hulle genootskap behoort het nie. Dit was een van die redes waarom sendeling Carl Stech by die Hananwa in onguns verval het en sy opvolger Herbst in 1892 aangesê is om die Blouberg-stasie te verlaat.¹³¹ Toe Christoph Sonntag die stasie oorgeneem het, was hy baie duidelik onder die indruk dat die eienaarskap daarvan nie met Mmalebôhō bespreek moes word nie: “Whilst the land on which the station stood did legally belong to the Mission Society, it would be unwise to mention this fact. To insist on our right of ownership would lead us nowhere.”¹³²

Ironies genoeg, is Mmalebôhō se volgelinge nié na hulle nederlaag teen die Boere in 1894 na die reservaat wat vir hulle geormerk is, verskuif nie. Talle Hananwa was haweloos na die vernietigende oorlog. Ongeveer vyfhonderd mense het by Sonntag skuiling gevind op die einste sendingstasie waarvandaan Herbst ‘n paar jaar tevore wegge wys is. Onder hulle was ook die *kgoši* se familieledede wat Hananwa-sake bestuur het terwyl Kgaluši in die gevangenis in Pretoria was.¹³³ Die oorlog van 1894 het nie daarin geslaag om die Hananwa van hulle bergvesting te vervreem nie. Gedurende die twintigste eeu is die *kgoši* se *mošate* weer in die berge herbou. Eers so laat as 1980 het Colin Lebogo die eerste *kgoši* geword om sy huishouding na die voet van die berg te verskuif.¹³⁴ Die grond wat aan die Hananwa toegeken is, tesame met

-
130. Soos aangehaal in C. Rae, *Malaboeh* ..., p. xviii. Vlotman het hom met die datum misgis. Die ontmoeting het nie in 1891 nie, maar op 19 Desember 1890 plaasgevind. Sien TAB: SS. 4140, R. 17552/90, pp. 77-80; B.J. Vorster – Supt. van Naturellen, 1890-12-19. ‘n Uitgebreide bespreking volg in die hoofstuk oor die oorsake van die Boer-Hananwa-oorlog.
131. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity*..., pp. 145-146; L. Zöllner & H. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, p. 442; TAB: A. 1281, Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, pp. 449-450. Sien C. Sonntag, *My friend Maleboeh* ..., pp. 1-2 vir die Engelse vertaling.
132. C. Sonntag, *My friend Maleboeh* ..., p. 2. Sien die oorspronklike Duitse inskrywing: TAB: A. 1281, Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, p. 449: “Obgleich der Platz auf dem die Station steht der Gesellschaft gehört, so darf man davon nichts verlauten lassen, sondern mit Güte beginnen. Was würde das helfen, auf unser Besitzrecht zu pochen?”
133. TAB: SS. 4681, R. 1581/95: Ch Sonntag Zending te Blauwberg skryf een antwoord op BB10/1/95 re toestand van die Kaffers aldaar, 1895-01-26; SS. 4403, R. 8527/94, SR. 60/95: p. 106: C. Sonntag – B.J. Vorster, 1895-03-05.
134. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie* ..., p. 128.

dit wat hulle ingevolge die 1913- en 1936-Grond wette vir hulle self aangekoop het, sluit vandag die ou bergvesting sowel as die reservaat wat oorspronklik in 1888 deur die Boere vir hulle uitgemeet is, in.¹³⁵

Soos in die geval met grond, was ook arbeid nie die vernaamste twisappel tussen die Hananwa en die witmense van die Soutpansberg-distrik nie. Ook in hierdie opsig moet die Hananwa onderskei word van die Soutpansbergse swartmense wat nader aan die konsentrasie van wit okkupasielplase gewoon het. Net soos die wit boere in die distrikte Pretoria en Rustenburg gedurende die 1870's, het hierdie okkupante wat na 1886 na die distrik Soutpansberg getrek het, 'n ernstige behoefte aan plaasarbeiders gehad – en hulle het van die swart gemeenskappe in hulle onmiddellike omgewing ver wag om in daardie behoefte te voorsien. Die Laeveldse arbeidsonderonsies tussen wit boere en die onderdane van onder meer Modjadji en Makgoba, moet nie verwar of gelykgestel word met die situasie te Blouberg in die meer geïsoleerde noordweste nie.

Indien Vorster op sy woord geneem kan word, kom dit voor asof gemoedelike, vrywillige arbeidsooreenkomste tussen sommige Hananwa en sommige wit jagterpioniers ten minste so vroeg as die 1850's en 1860's tog moontlik kon gewees het.¹³⁶ Dat onmin ook uit sulke ooreenkomste met die jagters kon voortspruit, spreek natuurlik vanself, maar die kennis opgedoen deur die Hananwa-mans wat die ekspedisies meegemaak het, moes die risiko vir hulle die moeite werd gemaak het. Selfs toe die ekonomiese klem in die Soutpansberg-distrik sedert die laat 1860's begin wegbeweeg het van die jagbedryf,¹³⁷ wil dit nie voorkom asof Mmalebôhô homself enigszins ontstel het oor witmense wat van Blouberg-arbeiders gebruik wou maak nie. Vorster self het in 'n brief wat hy tussen Januarie en Maart 1894 aan die Pretoria-regering gestuur het, bevestig dat hy geen probleme ondervind het om voldoende arbeiders aan die wit bevolking in sy wyk te voorsien nie. Hy het nie eers die moontlikheid om die Hananwa as arbeiders te werf, oorweeg nie:

Zoodra eene aanvraag om werksvolk voorkomt zend ik van het jonge volk die buiten de locatie van Moletse woonen uit om bij de burgers dienst te doen tegen eene billijke belooning. Ik ben hierin tot nog toe zeer goed geslaagd, en heerscht er algemeene tevredenheid onder de burgers hierover.¹³⁸

135. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, pp. 159-165.

136. TAB: A. 126, p. 46: Herinneringsboek van Barend Jacobus Vorster, 1913-08-20.

137. R. Wagner, *Zoutpansberg: the dynamics of a hunting frontier ...*, p. 334; J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, pp. 10-12.

138. TAB: SN. 25, SR. 549/94: Nat. Koms. Kalkbank – Supt. v. Naturellen, 1894-03-15.

Die reservaat van die Moletše-Kwêna was ongeveer sestig kilometer suid van Blouberg, noord-wes van Pietersburg. Sien J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. ...*, pp. 40 & 107.

Vorster het selfs so ver gegaan om die sentrale regering te laat weet dat dit vir hom onmoontlik sou wees om die reeds-vermelde Plakkerswet van 1887 in die gebied onder sy jursidiksie (dit wil sê Blouberg ingesluit) te implementeer. Deur die aantal swart huishoudings per plaas tot vyf te beperk, was die wet veronderstel om swart arbeid 'eweredig' aan wit boere beskikbaar te stel, terwyl al die ander swartmense in reservate moes woon. Die wetgewing was duidelik ontwerp vir areas met 'n digter wit bevolking as Blouberg – die ouer distrikte nader aan Pretoria, en ook die Soutpansbergse gebiede waar die nuwe okkupante sou begin inbeweeg. Vorster se gevoel was dat hy nie die paar swartmense onder sy jursidiksie wat wel bereid was om belasting te betaal, kon vervreem omdat hulle 'n wet oortree het wat geen doel in sy area gedien het nie.¹³⁹

Uit die vorige paragraaf wil dit voorkom asof 'n wit behoefte aan plaasarbeiders nie as 'n rede vir die uitbreek van die 1894-oorlog tussen die ZAR en die Hananwa aangevoer kan word nie. Die inboeking van gevange Hananwa-vroue en -kinders was eerder 'n neweproduk van die nagevolge van die oorlog. Hierdie arbeiders is toegewys aan burgers wat aan die veldtog deelgeneem het, maar elders geboer het, soos in die Rustenburg- en Pretoriadistrikte, waar 'n arbeidsbehoefte wel bestaan het.¹⁴⁰

Terwyl die Hananwa voor hulle 1894-nederlaag dan skynbaar nie op groot skaal by arbeid op wit plase betrek is nie, was hulle sedert die diamantmyne in die laat 1860's in Kimberly ontwikkel het, as trekarbeiders wel daarby betrokke. Sedert die 1880's het ook die Johannesburgse goudmynbedryf 'n toenemende aantal Hananwa trekarbeiders in diens geneem. Mynwerk het finansiële gewin vir die Hananwa-individu sowel as die gemeenskap geïmpliseer.¹⁴¹ Anders as in die sentrale dele van die ZAR, waar die mynmaatskappye in strawwe kompetisie met die boere was om plaasarbeiders te verkry, het die mynagente wat die Hananwa-domein besoek het, geen sodanige probleme ondervind nie. Die Hananwa-leiersfigure kon direk genader word om ooreenkomste te sluit. Dit mag verklaar waarom soveel mynagente in die vroeë jare negentig in die Blouberg-omgewing opgemerk is.¹⁴²

139. Sien ook TAB: SS. 4209, R. 3863, SR. 133/94: Nat. Koms. Kalkbank – Supt. v. Naturellen, 1894-01-15. TAB: SN. 25, SR. 549/94: Nat. Koms. Kalkbank – Supt. v. Naturellen, 1894-03-15: "...zodra die plakkerswet gehandhaafd word, zullen de naturellen die onder de wet zijn naar de wettelooze en vyandige Kaffers gediene worden, en verliest de Gouvernement de belastinggelden en wordt den vijand daardoor versterkt."

Sien ook J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel...*, p. 250.

140. TAB: SS. 4700, R. 2004/95: *Verslag of algemeen overzicht ...*, pp. 8-9.

141. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity...*, pp. 92, 120 & 148.

142. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity...*, p. 148.

Daar kan dus aanvaar word dat die Hananwa, tot met hulle militêre verowering in 1894, relatief min dwang ondervind het om hulle arbeid aan buitestaanders te verkoop.¹⁴³ Diegene wat aan trekarbeid deelgeneem het, het dit tot die voordeel van die politie gedoen. Aangesien die Transvaalse regering nóg die metodes nóg die mannekrag gehad het om die Hananwa te dwing om 'n gedeelte van hulle inkomste uit trekarbeid aan die ZAR oor te betaal, kon die Hananwa natuurlik ook geen rede sien waarom hulle goedgunstiglik daarvan moes afstand doen nie. Hulle het eerder hierdie fondse gebruik om vuurwapens te koop en hulle posisie teen die Transvaalse regering selfs verder te versterk.¹⁴⁴

Die 1866- en 1870-wetgewing waarvolgens die ZAR swartmense verplig het om belasting te betaal, was enersyds gemik op die skep van 'n inkomste vir die staat. Andersyds, soos reeds verduidelik, was belastingpligtigheid 'n metode om swartmense as arbeiders aan witmense diensbaar te maak.¹⁴⁵ Daar is reeds aangedui dat daar na alle waarskynlikheid geen aansienlike groep wit okkupante was wat die Hananwa as plaaswerkers sou opraap nie. Tog was die Hananwa se weerstand teen die herhaalde pogings van Barend Vorster om belasting van hulle in te samel, volgens die Boere se militêre bevelvoerder die hoofrede waarom die ZAR in 1894 teen die Hananwa van Mmalebôhō oorlog verklaar het.¹⁴⁶ Beteken dit dat die verlies aan belastinginkomste veroorsaak deur die uitdagende houding van 'n swart gemeenskap vir die Transvaalse regering voldoende motivering was vir oorlog? Vorster het wel vroeg in 1894 aan die sentrale regering in Pretoria verduidelik dat hulle jaarliks ongeveer sesduisend pond (ongeveer die prys van ses plase) aan Hananwa-belastinggeld verloor het.¹⁴⁷ Wat waarskynlik belangriker was, was die feit dat Vorster se verslae oor sy vrugtelose belastingekspedisies na Blouberg die Hananwa

143. Makhura beklemtoon die rol wat sendelinge gespeel het om die persepsie te vestig dat loonarbeid 'n waardige manier vir 'n individu was om homself te onderhou. Tog voorsien hy ook inligting wat dit minder waarskynlik maak dat die sendelinge se boodskap in die spesifieke geval van die Hananwa in die 1890's, so 'n diepgaande vormende invloed op die gemeenskap as geheel kon gehad het. Sien T.J. Makhura, *The Bagananwa polity...*, pp. 101-102 & 119.

144. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity...*, p. 122.

145. Wet no. 9, 1870 gepubliseer in F. Jeppe (red.), *De Locale Wetten der Suid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885*, pp. 378-383. Sien ook J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. ...*, pp. 170-174 vir die opeenvolgende wette wat in hierdie verband aanvaar is. Wet no. 9 van 1870 is herroep deur Wet no. 4 van 1885 ("To provide for the better government and better administration of justice among the native population of this republic"), gepubliseer in C. Jeppe & J.H. Gey van Pittius (eds.), *Statute Law of the Transvaal 1839-1910 (in force on 31st May, 1910) I, 1839-1900 (South African Republic)*, pp. 13-139. Die hef van belasting op swartmense word nie in die wet van 1885 behandel nie. Wet no. 6 van 1880 het in die tussentyd reeds voorsiening gemaak vir regulasies in dié verband. (Sien gepubliseer in F. Jeppe (red.), *De Locale Wetten ... 1849-1885 ...*, pp. 748-751).

146. TAB: SS. 4700, R. 2004/95: *Verslag of algemeen overzicht ...*, pp. 1-2; TAB: SS. 4413, R. 8813/94, pp. 69 & 79-85: Ultimatum of laatste waarschuwing aan kapitein Malebock en zijn volk. 1894-04-27.

147. TAB: SS. 4209, R. 3863, SR. 133/94: Nat. Koms. Kalkbank - Supt. v. Naturellen, 1894-01-15.

as uitdagend, halsstarrig en gevaarlik voorgestel het.¹⁴⁸ Dit terwyl die verwagte profiel van 'n swart gemeenskap vir die ZAR-regering gedurende die 1890's een van gehoorsaamheid en onderdanigheid was.

Die ZAR was net so gretig soos die Hananwa om hulle sowereiniteit in wat hulle as hulle staat beskou het, te illustreer. Anders as die Hananwa, wat 'n streeksmoonheid was, kon die ZAR-regering reken op die steun van kommando's wit burgers uit elke distrik sowel as lojale swart krygers uit die talle distrikte waarin die ZAR alreeds sy oppergesag geïllustreer het. Kommando's van die volgende distrikte sou aan die veldtog teen Mmalebôhō deelneem: Pretoria (wat 'n groepie Engelssprekende gekommandeerdes ingesluit het), Middelburg, Rustenburg, Marico, Waterberg en Soutpansberg. Nieteenstaande die Boere se onverbiddelikheid oor die toestaan van politieke regte aan swartmense, het 'n republikeinse wet van 1883 wel bepaal dat swartmense ook vir militêre diens gekommandeer kon word.¹⁴⁹ Dit was een van die tipe dienste wat swartmense wat nader aan die sentrum van wit beheer as die Hananwa gelewe het, in ruil vir oorlogsbuit aan die ZAR gelewer het. Makhura skat dat ongeveer een derde van die sesduisend man wat teen die Hananwa geveg het, swartmense was.¹⁵⁰ Meer oor hierdie praktyk van die Boere volg in die laaste afdeling van hierdie, sowel as in die volgende hoofstuk.

Barend Vorster het in die hele affêre 'n merkwaardige rol gespeel: as 'n plaaslike regeringsamptenaar het hy die sentrale regering sover gekry om hulle volle aandag te fokus op 'n afgesonderde swart gemeenskap wie se grootste oortreding belastingontduiking (en die aanmoediging daarvan onder ander gemeenskappe) was. Die verbete toewyding waarmee hy belasting van die Hananwa probeer insamel het, sou as 'n prysenswaardige vorm van pligsbesef beskryf kon word as dit nie daarvoor was dat hy vyf persent van alles wat hy ingesamel het, in sy eie sak kon steek nie.¹⁵¹ Vorster was nie die enigste kommissaris wat so opgetree het nie. Abel Erasmus, vanaf 1881 tot 1900 kommissaris van die oostelike distrik Lydenburg, het homself op soortgelyke wyse verryk. Peter Delius, kenner van negentiende-eeuse Transvaalse geskiedenis, verduidelik in sy studie van Abel Erasmus dat die ZAR se gebrekkige kontrole oor die bedrywighede van 'Natuurlikekommissarisse' hierdie individue en hulle handlangers in staat gestel het om hulleself op allerlei onwettige wyses te

148. T.A: SS. 4413, R. 8813/94, CR. 4823/94: Commdt. Generaal zendt in rapport onderzoek toestand naturellen Zpberg, 1894-05-10, pp. 78-80.

149. Wet no. 2 van 1883, gepubliseer in F. Jeppe (red.), *De Locale Wetten ... 1849-1885 ...*, p. 1166.

150. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity...*, pp. 162-163.

151. Wet no. 6, 1880, gepubliseer in F. Jeppe (red.), *De Locale Wetten ... 1849-1885 ...*, p. 749.

bevoordeel.¹⁵² Vorster is uit verskeie oorde daarvan verdink dat hy aan ten minste een van die praktyke waarmee ook Erasmus homself verryk het, meegedoen het: swartmense wat nie hulle belasting kontant kon betaal nie, se beste is veel laer as die markprys gewaardeer, sodat die kommissaris veel meer vee kon konfiskeer as waarop die regering sou aanspraak maak.¹⁵³

Daar is al aan die hand gedoen dat die Hananwa se ligging op die sogenaamde ‘roete na die noorde’, wat witmense deurgang tot die Limpoporivier gegee het, ook kon bygedra het tot die Boere se besluit om die Hananwa aan te val.¹⁵⁴ Tog was Vorster in sy korrespondensie met die ZAR-regering maar redelik vaag hieroor. Heel moontlik dui dit daarop dat hierdie kwessie nie voor-op in sy gedagtes was toe hy die regering probeer oorhaal het om die Hananwa te onderwerp nie. Indien die Hananwa onderwerp kon word en van hulle bergvesting na ‘n reservaat op die vlakte verskuif kon word, sou Vorster se belastinggaarder-ekspedisies veel gemakliker verloop het. En sy vooruitsigte vir groter materiële gewin, sou natuurlik ook aansienlik verbeter het. So illustreer Vorster se optrede die relatiewe vry hand waarmee ‘n regeringsamptenaar in ‘n grenssituasie wat nog nie volkome deur ‘n sentrale regering ‘gesluit’ is nie, kon optree. Vorster se pleidooie by die regering in Pretoria was só kragtig en dringend, dat dit vir Piet Joubert die nodige regverdiging gegee het vir sy strategie om die ‘makliker’ veldtogte eerste aan te durf en die oorlog teen die Boere se mees gedugte swart vyand, Makhado se Venda, tot heel laaste uit te stel.¹⁵⁵ (Nadat Mmalebôhō verslaan is, is eers Modjadji en haar bondgenote (einde 1894), en daarna Makgoba (1895) en uiteindelik in 1898 eers, die Venda deur die Boere onderwerp).

Noudat dit redelik waarskynlik lyk dat belasting, eerder as ‘n behoefte aan grond of arbeid, die vernaamste rede was waarom die ZAR-regering se verteenwoordiger druk op die Hananwa probeer plaas het, kan gevra word hoe Mmalebôhō, sy *dikgošana* en gewone onderdane, maar ook sy teenstanders, hierdie druk hanteer het. Vergeleke met die aggressiewe magsvertoon van Mmalebôhō se krygers teenoor ongeveer twintig belastinggaarders in 1890, was die *kgoši* se gebare teenoor die kommissaris aan die begin van 1894 veel meer versoenend. In die maande wat die oorlog voorafgegaan het, het hy hom gewend tot die taktiek van ontwyking en uitstel. Eers het hy die verskoning aangebied dat sy mense te arm was om te betaal; dan het hy die

152. P. Delius, Power and profit in the Eastern Transvaal, in W. Beinart, P. Delius & S. Trapido (eds.), *Putting a plough to the ground. Accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*, pp. 176-217.

153. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 34.

154. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., pp. 261-262.

155. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel* ..., p. 263.

weer die kommissaris probeer paai. Met die kommandant-generaal se aankoms te Blouberg vroeg in Junie 1894, het hy vir hom geskenke soos osse en 'n olifantand gestuur en voorgegee dat hy nie die verskil tussen skatting en belasting verstaan het nie. Hy sou ook verskeie kere die plaaslike sendeling, Sonntag, gebruik om vir hom tyd te wen. Toe die vyandelikhede eers uitgebreek het en die Transvaalse magte bewus geword het van die hoë kwaliteit van die Hananwa se gewere, was dit vir die regering duidelik dat die Hananwa 'n militêre konfrontasie voorsien het en hulleself vir geruime tyd reeds daarteen probeer staal het.¹⁵⁶

Mmalebôhō se teenstanders, Kibi en Mapene, het dit volgens Sonntag tot 1894 reggekry om belastingbetaling te ontwyk "saying that they were dependent on him [Mmalebôhō] and could not pay taxes without his express permission."¹⁵⁷ Vorster het in 1891 berig dat hulle aangedui het dat hulle bereid was om te betaal, maar dat hulle dan beskerming teen Mmalebôhō sou nodig hê.¹⁵⁸ Op 28 April 1894 het die ZAR-regering aangekondig dat hulle die Hananwa voortaan nie sou toelaat om hulle lande te oes tensy hulle hulle belasting betaal het nie. Op daardie selfde dag het Kibi beloof om homself aan die Boere te onderwerp en aangebied om die Boeremagte teen Mmalebôhō te help. Op 1 Mei het Mapene sy voorbeeld gevolg.¹⁵⁹

Manaka en sy volgelinge het ook gekapituleer toe dit vir hulle duidelik begin word het dat hulle hulle oeste op geen ander manier sou kon red nie. Gedurende Mei 1894 het verskeie botsings tussen Vorster se patrollies en Hananawa-oesters voorgekom. (Dit is opmerklik dat die Boere nie self hierdie patrollies beman het nie, maar die werk veral aan Koni-krygers van Matlala opgedra het.) Op 22 Mei het *kgošana* Khobe en die twintig huishoudings onder hom ook aan Vorster oorgegee. Teen daardie tyd het die Lutherse¹⁶⁰ en Wesleyaanse Christene ook reeds hulle belasting betaal. Teen die middel van Junie 1894, met die beleg van Blouberg in volle gang, het Mmalebôhō na raming reeds die steun van die helfte van sy onderdane verloor.¹⁶¹

156. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 9, 23-26 & 29.

157. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 12.

158. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, pp. 85-87; SR. 849/90: Commissaris Kalkbank bericht dat Kapt Kewe indien hij zijne belasting betaald heeft hulp aanvraagt bij de Regeering tegen Maleboch, 1890-12-23.

159. TAB: SS. 4140, R. 5950/94, SR. 1115: Commissaris Naturellen Kalkbank nu te Blauwberg - Zendt in Rapport re ultimatum dd. 12.4.94 tegen Maleboch en zijn volk omtrent het invorderen van belasting en het opmaken van census, pp. 113-116, 1894-04-12.

160. D.w.s. die bekeerlinge van die Berlyne Sendinggenootskap

161. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 25, 29, 34, 40 & 118; TAB: SS. 4268, R. 5489/94, pp. 70-73: Commdt. Generaal zendt telegram van Landdrost Zoutpansberg meldende dat volgens bericht van Commdt. Vorster d.d. 22 Mei, 2 Kapiteins en 20 onder Kapiteins van Malaboch zich hebben overgegeven en in locatie getrokken zijn; verder dat omtrent ½ van Malaboch's volk hem afvallig is geworden, 1894-05-26.

Die Boere se uiteindelijke oorwinning oor die Hananwa teen die einde van Julie 1894, was oortuigend genoeg, maar die sukses van die veldtog was nie so maklik om te evalueer nie. Dit het nie die spanning tussen die wit okkupante en die swartmense van die Laeveld verlig nie en Makhado se gedugte Venda is hoegenaamd nie geaffekteer nie. Die wyse waarop die ZAR-regering die koste van die oorlog probeer delg het, deur “vexatious, enforced contributions”¹⁶² van instellings soos Standard Bank in te vorder, het beslis nie die beeld van die Kruger-regering bevorder nie. Joernaliste in die Engelstalige pers wat die Boereveldtog teen die Hananwa in Mei verwelkom het as ‘n oplossing vir die arbeidstekort op die Witwatersrandse goudmyne, se verwagtinge het ook nie gerealiseer nie.¹⁶³ Die omvang van die veldtog is duidelik onderskat toe daar aangeneem is dat mans uit ‘n onderwerpte Hananwa-gemeenskap, oor wie hulle voormalige leier sy houvas verloor het, selfs nog makliker as mynwerkers gerekruteer sou kon word. Die redenasie dat onderwerping belastingpligtigheid sou impliseer, wat weer die behoefte aan ‘n kontantinkomste sou skep, waarvoor gewerk sou moes word, is na alle waarskynlikheid gevolg. Wat nie deur hierdie joernaliste voorsien is nie, is hoe ingrypend die afsny van die toevoer van mynwerkers vanuit die noorde gedurende die oorlog die mynbedryf sou ontwig. Die ZAR-regering moes selfs help om dienskontrakte te reguleer, terwyl die Kamer van Mynwese tot ‘n ooreenkoms met die Portugese gekom het om in die toekoms mynwerkers in hulle gebied te rekruteer.¹⁶⁴ Ook Barend Vorster kon nie die gevolge van die veldtog wat hy as so onvermydelik beskou het, volkome voorsien nie. Met Mmalebôhô in die gevangenis en die Hananwa se onafhanklikheid gebreek, kon hy uiteindelik in 1895 sonder teenkanting die sensus onder die mense begin opneem en belasting begin insamel. Hy moes, sekerlik tot sy groot teleurstelling, berig dat die Hananwa na die oorlog inderdaad te arm was om belasting te kon betaal.¹⁶⁵ Die verskoning wat Mmalebôhô voor die oorlog aangebied het, was ‘n selfvervullende profesie.

-
162. A. Mabin & B. Conradie (eds.), *The confidence of the whole country. Standard Bank reports on economic conditions in southern Africa, 1865-1902*, pp. 351 & 361. (GMO3/2/1/1, ‘Special’, 8.8.1894).
 163. Editorial, *The Press*, 1894-05-28; 1894-06-11.
 164. T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern History*, p. 497.
 165. TAB: SS. 4403, R. 8527/94, pp. 141-143; B.J. Vorster – P. Joubert, 1895-07-30. Die Boere (Vorster inkluis) en hulle helpers het tydens die konflik soveel van die Hananwa se beste gebuit dat selfs dít nie as betaling gekonfiskeer kon word nie. TAB: SSA. 2, RA. 14/94, pp. 72-74; P.J. Joubert – S.J.P. Kruger, 1894-07-24; pp. 75-78; H.K.J. van Noorden (Secr. commissie tot verdeling van den buit) – P.J. Joubert, 1894-06-24; SS. 4367, R. 7919/94, CR. 2621/94, pp. 132-141; Secret. v.d. Krijgsraad Blauwbg. Zendt copijen der notulen enz., in re. de zaak van “Het Krijgsgericht v.s. G. Nefdt”, 1894-07-24.



Die negentiende-eeuse geskiedenis van die interaksie tussen swart en wit in die voormalige Transvaal is gekenmerk deur grond, arbeid en belastingkwessies as die vernaamste oorsake van konflik. Wit boere het swart grond en arbeid nodig gehad en hulle regering het wetgewing ingestel om hulle toegang tot beide te gee. Die belastingstelsel is ontwerp om die wit regering van 'n inkomste te voorsien maar veral om swartmense in loonarbeid in te forseer. Hierdie belasting/arbeid-verhouding, wat vanaf die 1870's so goed tot die dubbele voordeel van die wit boere en die wit regering in die sentrale dele van Transvaal gewerk het, het onprakties geblyk te wees in die geval van die Hananwa: in hulle gebied was 'n wit behoefte aan grond en arbeid allermins van sodanige omvang dat dit die Boere se militêre veldtog van 1894 kan verklaar. Nogtans was die Hananwa met hulle grondgebied en al hulle hulpbronne vasgevang binne die grense van die Boererepubliek. Onder die nasionale en veral internasionale politieke omstandighede waarbinne die regering van die ZAR teen die 1890's moes optree, kon 'n onafhanklike swart politie binne-in hulle eie soewereine staat, ter wille van hulle eie selfbehoud, nie langer geduld word nie.

III DIE BOER-HANANWA-KONFLIK IN DIE KONTEKS VAN KOLONISERING ELDERS IN AFRIKA

Geschiedenis is in laatste instantie altijd wereldgeschiedenis. Ontwikkelingen op diverse plaatsen dienen steeds waar mogelijk aan elkaar te worden gerelateerd en met elkaar te worden vergeleken.¹

Hierdie hoofstuk sit die kontekstualisering van die Boer-Hananwa-stryd van 1894 (anders gestel: die daarstelling van 'n *ekstrateks* vir die Rae- en Sonntag-tekste) waarmee in die vorige hoofstuk begin is, voort. Daar is reeds in hoofstuk twee aangedui hoe die geografiese konteks waarbinne die Boer-Hananwa-oorlog vertel word, die betekenis van die verhaal beïnvloed. Die verhaal waarin die Hananwa se stryd teen die Boere as 'n dramatiese gebeurtenis vanuit Blouberg as middelpunt vertel word, verskil aansienlik van die verhaal wat vertel word met die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) se beleid vir die Soutpansberg-distrik as geheel, as vertrekpunt. Só 'n fokus bied weer die moontlikheid vir verhale wat konsentreer op die interaksie tussen die Pretoria-regering en hulle wit onderdane in Soutpansberg, met laasgenoemde se aandrang op belangstelling en ingryping in hulle lotgevalle. 'n Ander moontlikheid is verhale waarin die ZAR haar vermoë moet bewys om haarself as onafhanklike staat te midde van Britse ryksbelange te handhaaf. Die betekenis van die verhaal/narratief verander na gelang van die 'meesternarratief' waarbinne dit ingeskuif word.

In hierdie hoofstuk word gepoog om die Hananwa se stryd teen die Boere in nog 'n breër geografiese, en dan noodwendig ook nuwe ideologiese, konteks as die vorige bespreking te plaas, naamlik die talle verowerings van swart gemeenskappe oral oor Afrika gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu. Die kontekste waarop Braudel historici se aandag 'n halfeeu gelede gevestig het, is tans meer veelfasettig as ooit. Na die *cultural turn* is dit nie werklik meer moontlik om geografiese, ekonomiese en politieke kontekste vir 'n historiese gebeurtenis te skets (ten einde 'n diskoers daar te stel) sonder om ook elk van hierdie kontekste as 'n diskoers met 'n eie geskiedenis en eiesoortige bagasie, te aanvaar nie. Hierdie gewaarwording, wat reeds in die vorige hoofstuk opgehaal is, is selfs belangriker vir die eerste afdeling van hierdie hoofstuk. Koloniale oorloë van die laat-negentiende / begin-twintigste eeu is sedertdien opgeneem in die nasionale geskiedenis van moderne state met politieke en ekonomiese kulture so uiteenlopend soos dié van Brittanje, Nigerië en Suid-Afrika.²

1. P. Vries, *De zegetocht ...*, pp. 186-187, met verwysing na Fernand Braudel. Vergelyk hoofstuk twee.
2. Die grootste leemte in die konstruksie van hierdie 'Afrika-konteks' in die eerste afdeling van hierdie hoofstuk, is myns insiens dat dit stuit voor die ooglopende groter koloniale konteks: Indië, die

Die kultuurhistoriese konteks en die historiografiese konteks van waaruit ons historiese gebeurtenisse in herinnering roep, het onafwendbaar vervleg geraak. Die ondersoek na die verlede en die besinning oor die aanpak van dié ondersoek, is nie wedersyds uitsluitende prosesse nie.³ Hierdie gewaarwording is die motivering vir die tweede afdeling van hierdie hoofstuk. Die historiografiese konteks behels nie net die geskiedenis teorie en akademiese navorsingsuitsette wat reeds oor die gebeure wat ondersoek word, verskyn het nie. Die manier waarop besinning oor en die onthou van die gebeure begin en met die tyd verander het, is ‘n deel van die historiografiese konteks en meer nog: die ondersoeker en leser word óók onvermydelik deel daarvan.⁴ In die tweede afdeling van hierdie hoofstuk word gevra hoe die mense wat indertyd as die verloorders in die koloniseringskonteks gesien is, betekenis aan die gebeure gegee en hulle self staande gehou, of selfs bemagtig het, deur die seleksie, ordening en interpretasie van die historiese kennis tot hulle beskikking. Daar word gefokus op die ‘verloorders’, die ‘Ander’, omdat hulle, indien hoegenaamd, eers heelwat later begin deelneem het aan die diskoers oor hulle verowering – daardie diskoers waardeur die hegemonie van waaruit historici hulle ook waarneem, bewerk is (‘n hegemonie/wêreldbeeld waarin hierdie ‘Ander’ kultureel gevorm is, maar wat hulle tegelykertyd ook wil ómvorm).⁵ Met verwysing na die Hananwa en heelparty ander gekoloniseerde gemeenskappe, word hierdie aspek verken onder die opskrif “Herinnering as konteks.”

Die Hananwa en die *Scramble for Africa*

Die Boere het die Hananwa in Augustus 1894 verower; die Lobedu en ander kleiner Laeveldse gemeenskappe ‘n maand of wat later; Makgoba se Tlou eers in 1895⁶ en die Venda onder Mphaphu in 1898.⁷

In 1895 is Somaliland se Habar Awal deur die Britte verower;⁸ in 1897 is die Yoruba van Benin aan hulle onderwerp.⁹ Ook in dieselfde dekadete het Cecil Rhodes se *British*

Ottomaanse Ryk en China, wat in hierdie stadium eerder ágter my verwagtingshorison lê as wat dit daarop figureer.

3. Volgens Michel Foucault “there cannot be any distinction between what philosophers of history think and practitioners do.” Bespreek in A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 121.
4. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 121. Aldus Foucault: “... the past construed as history is an endless process of interpretation by the historian as an act of imagination, and our categories of analysis, assumptions, modes and figurative style all themselves become a part of the history we are trying to unravel.”
5. Sien weer J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution I: Christianity, colonialism and consciousness in South Africa*, pp. 19-27 vir ‘n sinvolle uiteensetting.
6. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, pp. 205-209.
7. J.S. Bergh, *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. ...*, pp. 210-213.
8. A. Adu Boahen (ed.), *General history of Africa VII. Africa under colonial domination 1880-1935*, p. 44. Hierdie was die laaste van vier Britse ekspedisies teen Somali-leiers wat nie bereid was om hulle

South Africa Company die Shona en die Ndebele in wat vandag Zimbabwe is, onderwerp,¹⁰ het die Duitsers die Herero in hedendaagse Namibië feitlik uitgewis¹¹ en die Hehe in die huidige Tanzanië verslaan.¹² Die Franse het tussen 1880 en 1900 verskeie Wes-Afrika-ryke in militêre veldtogte verslaan, onder meer die Tukolor-ryk van Ahmadu, Dahomey onder Behanzin en Mandinka onder Samori Ture.¹³

Bostaande is maar enkele voorbeelde – en daar word nie eens geraak aan die Europese grootmoondhede se bedrywighede elders ter wêreld gedurende hierdie dekades nie. Soos P.J. Cain en A.J. Hopkins dit stel in hulle veelbesproke nuwe teorie oor Britse imperialisme:

Accidents of course happen, but when they occur in clusters and on a global scale some thought needs to be given to the possibility that they had underlying causes which, while still being man-made, were not in themselves, accidental.¹⁴

Die sogenaamde *Scramble for Africa*, of die ‘verdeling van Afrika’, blyk die vanselfsprekendste tema te wees waaronder inligting oor die laat-negentiende eeuse Europese verowerings van gemeenskappe in Afrika gesoek sou kon word. Nogtans sluit die literatuur oor hierdie tema¹⁵ nouliks enige informasie in oor die Boere se verowerings oor die Hananwa en hulle bure in die noordelike dele van die ZAR. Eweneens is ‘n breër Afrika- of wêreldperspektief feitlik afwesig in die merkwaardige groot – en veral onlangs gepubliseerde – versameling navorsingsuitsette oor hierdie gewapende konfrontasies in die Soutpansberg-distrik.¹⁶ Die motiverings en oorsake van hierdie konflikte word met groot oortuiging geanker in die politiek, ekonomie en mentaliteit van Suid(elike) Afrika. Braudel se pleidooi vir ‘n wêreldgeskiedenis laat die vraag ontstaan of Suid-Afrikaanse navorsers, eksel

soewereiniteit vrywillig op te gee nie: Veldtogte is in 1886 en weer in 1890 teen die Isa geloods; in 1893 teen die Habar Gerhaijs en in 1895 teen die Habar Awal.

9. E. Isichei, *A history of Nigeria*, p. 367.
10. P.Curtin, S. Feierman. L. Thompson & J. Vansina, *African history from earliest times to independence*, p. 419; T. Pakenham, *The scramble for Africa, 1876-1912*, pp. 490-495; T.O. Ranger, *Revolt in southern Rhodesia, 1896-7* (London, 1967).
11. R.A. Voeltz, *German colonialism and the South West Africa Company, 1884-1914*, pp. 45-54; K. Shillington, *History of Africa*, pp. 327-329.
12. G.N. Sanderson & R. Oliver (eds.), *The Cambridge history of Africa VI, c. 1870-c. 1905*, pp. 573-574; T.O. Ranger, African reaction to the imposition of colonial rule in East and Central Africa in R.O. Collins (ed.), *Problems in the history of colonial Africa, 1860-1960*, p. 77.
13. A. Adu Boahen (ed.), *General history of Africa VII. Africa under colonial domination 1880-1935*, pp. 55-63.
14. P.J. Cain & A.G. Hopkins, *British imperialism. Innovation and expansion, 1688-1914*, p. 43.
15. Sien, *inter alia*, S. Marks, Scrambling for South Africa, *Journal of African History* 23, 1982, pp. 97-113; T. Pakenham, *The scramble for Africa, 1876-1912*; D. M. Schreuder, *The scramble for Southern Africa, 1877-1895: the politics of partition reappraised* (Cambridge, 1980); B. Vandervort, *Wars of imperial conquest in Africa, 1830-1914* (London, 1998); H.L. Wesseling, *Divide and rule: the partition of Africa, 1880-1914* (London, 1996).
16. Voorbeelde is bespreek in die voorwoord, hoofstukke een en twee.

inkluis, nie so diep ingetrek is in die onstuimige Suid-Afrikaanse historiografiese waters dat ons tot dusver die moontlike verbintenis tussen hierdie gebeure en die breër konteks van die *Scramble* verwaarloos het nie.¹⁷

Met die *Scramble for Africa* word verwys na daardie vlaag (meerendeels gewelddadige) Europese verowerings van grondgebied in Afrika tussen die 1880's en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914. Ten einde Suidelike Afrika in hierdie episode van die geskiedenis van imperialisme en kolonialisme te posisioneer, is 'n begrip van die konsep 'sekondêre ryk' noodsaaklik. Sekondêre ryke verwys na Afrika-gemeenskappe wat hulle gedeeltelike monopolie oor Europese militêre tegnologie aangewend het om hulle bure te koloniseer.¹⁸ Deur die ZAR as 'n sekondêre ryk te beskou, kan 'n mens vrae begin vra oor die Boere se komplekse identiteit binne die konteks van kolonialisme. Sou dit aanvaarbaar wees om die Boere as koloniserende Europeërs te omskryf? Daar is ooreenkomste tussen die Boere-, Asanti- en Egiptiese ervarings (om maar enkele 'sekondêre ryke' te noem) as moondhede wat geaspireer het om uit te brei, maar altyd geopereer het in die skadu van Brittanje, wat die 'klein uitbreiders' enige oomblik deel van haar eie uitbreidings kon maak. Hierdie aspirasie om soos die groter ryk te wees, tesame met die verknorsing om deur die einste groter ryk verswelg te word, dui daarop dat Boere-identiteit waarskynlik meer hibridies is as ons vooropgestelde idees van hoe die tipiese koloniseerder, of gekoloniseerde, daar sou uitsien.

In die vorige hoofstuk is die verbande tussen die Hananwa en hulle bure se ervaring van Boere-verowering, reeds aangedui. In hierdie afdeling word gepoog om die Boer-Hananwa-konfrontasie van 1894, as een voorbeeld van 'n tipe Boere-kolonisasie, vergelykend in die breër konteks van Europese veldtogte elders in Afrika in te skuif. Die Boere-uitbreiding word, gegewe die oorsigtelike omvang van hierdie ondersoek, hoofsaaklik beperk tot 'n vergelyking met Britse imperialisme.¹⁹ Dit

17. G.D. Scholtz het alreeds in die 1950's daarop gewys dat Suid-Afrikaanse geskiedenis teen 'n breër internasionale agtergrond bestudeer behoort te word. Hoewel hy hoofsaaklik op 'blank Suid-Afrika' se betrekkinge met Brittanje en die Europese vasteland gesinspeel het, is die volgende uittreksels uit sy inleiding tot *Suid-Afrika en die wêreldpolitiek, 1652-1952*, 'n halfeeu later, natuurlik in 'n nuwe konteks, steeds geldig: "Die Suid-Afrikaanse geskiedenis is te veel gesien soos 'n liggaam wat heeltemal op sy eentjie deur die hemelruim beweeg, terwyl dit in werklikheid gesien moet word as 'n satelliet wat hom om 'n groter ster beweeg. Die doel van hierdie werk is dan ook om te probeer aantoon dat die geskiedenis van Suid-Afrika nooit van die groot wêreldgebeure losgemaak mag word nie en dat dit alleen in samehang daarmee moontlik begryp kan word." G.D. Scholtz was redakteur van die dagblad *Die Transvaler* en ook ereprofessor in Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Sy talle Afrikaanse publikasies sluit in *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog* (Johannesburg, 1941); *Die Afrikaner en die see* (Johannesburg, 1969) en *Generaals Hertzog en Smuts en die Britse Ryk* (Johannesburg, 1974).

18. P.Curtin, S. Feierman. L. Thompson & J. Vansina, *African history from earliest times to independence*, p. 407.

19. 'n Vergelyking met ander 'sekondêre ryke' behoort ook besonder insiggewend te wees.

maak ook sin wanneer die reuse-omvang van Britse uitbreiding in Afrika, en die ingrypende impak wat dit op die geskiedenis van die ZAR gehad het, in ag geneem word.²⁰

Vir die doeleindes van die bespreking wat volg, word die konsepte *imperialisme* en *kolonialisme* soos volg verstaan:

Imperialisme: die praktyk, die teorie en die houdings waarmee 'n dominante metropolitaanse sentrum 'n gebied regeer wat in afstand daarvan verwyder is. (Hoe groot die 'afstand' veronderstel was om te wees, het deur die loop van die geskiedenis en van die een imperialistiese moondheid na die ander gewissel: in die negentiende eeu was dit vir die Britte moeilik om oor Ierland in dieselfde asem as Indië of *British West Africa* te dink; Rusland, daarteenoor, het feitlik uitsluitlik aangrensende gebiede gekoloniseer; in die geval van 'sekondêre ryke' was die afstand tussen die sentrum van die ryk en die periferie waaroor regeer is, vanselfsprekend kleiner).²¹

Kolonialisme: kan byna as die gevolg van imperialisme beskryf word: die wyse waarop die dominante sentrum die beheer oor die gebiede waarop dit aanspraak gemaak het, uitgeoefen het – gedurende die negentiende eeu veral, deur die vestiging van nedersettings in daardie gebiede.²² Kolonies sou beskou word as deel van die sogenaamde *formal empire* terwyl “[m]embers of the imformal empire saw neither colonial governors nor colonial tax-gatherers, but they remained, nevertheless, under London’s [die imperiale sentrum se] economic, cultural and diplomatic dominion.”²³

Dit spreek vanself dat 'n proses so kompleks soos hierdie, met kragtige ideologiese formasies ter regverdiging van imperiale praktyke daaragter, kwalik beverdigend in 'n enkele definisie omskryf kan word. Said se verduideliking hierbo word bloot as vertrekpunt gebruik. Hy beklemtoon dat, in die geval van imperialisme, territoriale uitbreiding gewoonlik saamhang met die aanname onder die dominante gemeenskap dat hulle dominasie tot die beswil van die gekoloniseerdes is.²⁴

Vir hierdie vlugtige en, toegegee, uiters selektiewe verkenning, word P.J. Cain²⁵ en A.G. Hopkins²⁶ se nuwer verduideliking van Britse uitbreiding gevolg, soos wat hulle

-
20. Die beperking van hierdie ondersoek tot Britse voorbeelde van kolonisasie sluit natuurlik nie die moontlikheid uit dat merkwaardige ooreenkomste ook tussen Duitse, Franse en Boere-veldtogte teen swart gemeenskappe gevind sou kon word (wat betref die veroweraars se aannames en strategieë en die swart gemeenskappe se reaksies) nie.
21. E.W. Said, *Culture and imperialism*, pp. 8-9.
22. E.W. Said, *Culture and imperialism*, p. 8.
23. P.J. Cain & A.J. Hopkins, *British imperialism, 1688-2000*, p. 26.
24. E. W. Said, *Culture and imperialism*, pp. 8-9.
25. P.J. Cain is navorsingsprofessor in Geskiedenis aan Sheffield Hallam-universiteit.
26. A.G. Hopkins is aan die Universiteit van Cambridge verbonde as *Smuts Professor of Commonwealth History*.

dit self teenoor die ouer, eens gesaghebbende, hipotese van R. Robinson en L. Gallagher gestel het.²⁷ Cain & Hopkins is daarvan oortuig dat die impetus vir Britse oorsese uitbreiding nie buite Brittanje gesoek moet word nie, maar in die ekonomiese vereistes wat deur die metropool self gestel is. Die ouer Robinson/Gallagher-uitgangspunt was dat toestande op die periferie, d.w.s in die Afrika-gebiede wat op die punt gestaan het om gekoloniseer te word, die aanleidende oorsaak tot die snelle en formele ryksuitbreiding van die laat-negentiende-eeu was. Dit was hulle standpunt dat verwickelinge in die Afrika-gebiede Brittanje 'genoodsaak' het om in te gryp. Dit is 'n redenasie wat daarop sou kon neerkom dat die gekoloniseerders self vir hulle koloniserings geblameer moet word (die Boere, byvoorbeeld, vir die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902). Toegepas op die uitbreidings van 'n 'sekondêre ryk' soos, byvoorbeeld die ZAR in die 1890's in die Soutpansberg-gebied, sou dit kon impliseer dat die Hananwa, die Lobedu en die Venda deur hulle optrede die Boere se militêre 'reaksie' uitgelok het. So 'n verduideliking klink besonder baie na 'n napraat van die Boere se selfregverdiging vir hulle aggressiewe optrede, waarin hulle berekende uitbreidingsinisiatief (vergeelyk die 1886-*Okkupatiewet* en die 1887-*Plakkerswet* in hoofstuk twee) as 'onvermydelike' *reaksie* op swart 'uitdagendheid' voorgehou is. Vir die doeleindes van hierdie verkenning word die Gallagher/Robinson-hipotese dus ter syde gestel ten gunste van Cain & Hopkins se argument dat ryksuitbreiding vanuit die sentrum van die ryk self (Londen, of in die geval van die sekondêre ryk, Pretoria) geïnspireer is.²⁸


In die vergelyking wat volg, word die ekonomiese behoeftes van die sentrum as motivering vir koloniale uitbreiding as uitgangspunt gebruik, maar die bedoeling hier is nie om met Cain & Hopkins se teorie in gesprek te tree en die werking van Londen en Pretoria as metropole te analiseer nie. Die feit dat Pretoria wel 'n uitgewerkte strategie gehad het om die Soutpansberg-distrik ekonomies te ontwikkel en dat militêre verowerings deel van hierdie strategie was, word as voldoende aanknopingspunt beskou om die vergelykbaarheid van Pretoria en Londen as inisiërende metropole te bevestig. Daar sal hier eerder gepoog word om vanuit die periferie te kyk en te vra wat die ooreenkomste is in die wyse waarop die koloniseringsproses van dáár ervaar is. Spesiale aandag word gewy aan die

27. R. Robinson & J. Gallagher with A. Denny, *Africa and the Victorians. The official mind of imperialism* (London, 1981). Ronald Robinson en Jack Gallagher het met hulle onderskeid tussen gebiede wat 'formeel', regstegnies, en 'informeel', bloot deur Britse invloed, by Britse imperiale ryk betrek is, vir veertig jaar lank die rigting in die studie van imperiale geskiedenis aangedui.

28. P.J. Cain & A.G. Hopkins, *British imperialism. Innovation and expansion, 1688-1914*, pp. 9 & 42-43. In die tweede volume, *Crisis and deconstruction, 1914-1990* (London, 1993), illustreer die outeurs dat die "Gentlemanly Capitalism" wat Londen die sentrum gemaak het waarvandaan Britse uitbreiding in die negentiende eeu aangedryf is, tot diep in die twintigste eeu staande gebly het. Toe die Britse Ryk uiteindelik begin verkrummel het, het die *City of London* aangepas en 'n nuwe rol, as tussenganger tussen nuwe moondhede met veel sterker ekonomiese, begin vertolk.

veroweringsdiskoers: die tipe taal waarmee die plaaslike koloniserende amptenare hulle mag bevestig het en die woorde waarmee die gekoloniseerdes dit sou probeer ondermyn. Die vraag word gevra in watter mate die gekoloniseerdes, of diegene in die proses om gekoloniseer te word, die wyse waarop hulle deur die paternalistiese veroweraars gesien is, aanvaar, betwis, geïroniseer of probeer uitbuit het.

Ten einde te probeer aandui dat 'n vergelyking van 'n hele aantal betekenisvolle faktore regdeur die verloop van koloniale veroweringsveldtogte volgehou kan word, is die voorbeelde waarmee die Hananwa vergelyk word, grootliks beperk tot twee ander gemeenskappe, albei in wes-Afrika (huidige Nigerië – Kaart 4): die Ijebu, die eerste Yoruba-gemeenskap om in 1892 deur die Britte verower te word (net soos die Hananwa die Boere se eerste verowering in die Soutpansberg-distrik was); en die Itsekiri van Ebrohimi, wat vir die vergelyking gekies is omdat hulle veldtog teen die Britte chronologies ongeveer presies saamgeval het met die Boereveldtog teen die Hananwa. Beide Nana Olomu van Ebrohimi en Kgalusi 'Ratshasha' Mmalebôhô, die Hananwa *kgoši*, sou 'n sterk saak kon uitgemaak het dat hulle die slagoffers was van 'n smeerveldtog wat deur naburige vyande teen hulle geloods is en deur die uitbreidende eksterne moondhede uitgebuit is.



Kaart 4: Die ligging van Ijebu Ode en Itsekiri langs die kus van Wes-Afrika (huidige Nigerië). Van die ander prominente rye en state wie se weerstand tydens die koloniale verowerings van die laat 1890's / vroeë 1900's in Crowder se bundel bespreek is, word ook hier aangedui. Sien byvoorbeeld Samori Ture se Mandinka-ryk en Ahmadu se Tukolor-ryk. Die Ashanti, wat as sekondêre ryk dominasie oor ander Afrika-gemeenskappe, soos die Fanté, gevestig het voordat hulle sêlf voor Britse dominasie gebuig het, kan ook onderskei word.

Uit: M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, frontispiece.

Die vernaamste stappe in die Boere-verowering van die Hananwa van Mmalebôhò is reeds in hoofstuk twee bespreek. Die verloop van die veldtogte teen die Ijebu en die Itsekiri en die prominentste protagoniste en antagonist in elk van dié verhale, word vervolgens kortliks geskets.

Die Ijebu-Yoruba se hoofsetel, Ijebu Ode, is in Mei 1892 vanaf die Britse kolonie te Lagos aangeval. (Sien Kaart 5) Na hierdie eerste stap, het die Britte hulle heerskappy oor die Yoruba-gemeenskappe vinnig uitgebrei en die administrasie in 1906 onder 'n Lagos-protectoraat byeengebring. Brittanje het die Ijebu as 'n hindernis beskou vir direkte handel tussen hulle hawekolonie te Lagos en die Yoruba-gemeenskappe dieper die binneland in. Hulle wou ook 'n einde bring aan die interne oorloë en politieke konflik wat die vloeï van handelsprodukte na die kus vertraag het. Die plaaslike amptenare verantwoordelik vir die uitskakeling van die Ijebu-‘struikelblok’, was die assistant-koloniale sekretaris, ene Millson, en die pas-aangestelde goewerneur van Lagos, Gilbert Carter.²⁹



Kaart 5: Die ligging van Ijebu Ode ten opsigte van Lagos, aan die kus van Wes-Afrika. Die Egba- en Remo-gemeenskappe wes van die Ijebu-gebied kom ook in hierdie hoofstuk ter sprake.

Uit: M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 173.


29. E. Isichei, *A history of Nigeria*, p. 365; R. Smith, *Nigeria-Ijebu*, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp.170-204; J.D. Fage & R. Oliver (general eds.), *The Cambridge history of Africa VI, c. 1870-c. 1905*, pp. 270-271.

Die tweede gemeenskap wat met die Hananwa vergelyk word, is die Itsekiri-handelaars van Ebrohimi, die gedugte vesting (sien Kaart 6) van die hoogsuksesvolle, maar berugte leier, Nana Olomu. (Sien Figuur 2).



Kaart 6: 'n Voorstelling van die roete wat in September 1894 deur die Britse aanvalsmag gevolg is om Ebrohimi, die vesting van die Itsekiri onder Nana Olomu, te bereik.

Uit: M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 225.



Figuur 2: Nana Olomu van Ebrohimi in ballingskap, ongeveer 1896. Die foto is waarskynlik in Calabar of in Accra geneem.

Uit: M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, taken from O. Ikime, *Merchant prince of the Niger Delta* (Heinemann, 1968).



Figuur 3: Mmalebôhō in die gevangenis in Pretoria, ongeveer 1899.

Uit: Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: Foto 22736.

Dit kom as geen verrassing dat die Britse belangstelling in Ebrohimi gedraai het om die begeerte na 'n groter aandeel in die handel van die gebied wat onder Nana se beheer was nie. Ook in hierdie geval was daar *men-on-the-spot*³⁰ wat soortgelyke rolle teenoor Nana gespeel het as wat kommissaris Barend Vorster en Pietersburgse Landdros, G.G. Munnik, teenoor Mmalebôhō (Sien Figuur 3) vertolk het: Die vise-konsul, Benin-rivier, was Henry Lionel Gallwey. Die konsul-generaal, Sir Claude Macdonald, was betrokke by die aanloop tot die konfrontasie, maar Ralph Moor het vir die duur van vyandelikhede vir hom ingestaan. Skoutadmiraal F.G. Bedford, bevelvoerder van die Britse Afrika-eskader, het op 18 September 1894 persoonlik die bevel oor die ekspedisie teen Nana opgeneem.³¹ Bedford en Piet Joubert, vir die Hananwa-geval, staan dus in vergelykbare posisies.

Terwyl dit die Britte minder as 'n maand geneem het om die hele ekspedisie teen die Ijebu af te handel,³² het die verowering van Mmalebôhō se bergvesting ongeveer drie maande geduur.³³ Nana se gefortifiseerde stad in die moerasse van die Brohemie-inham, is binne twee maande ingeneem.³⁴

Die eerste aspek ten opsigte waarvan die drie veldtogte vergelyk word, is die rol van die plaaslike regeringsamptenare, die sogenaamde *men-on-the-spot* – grensindividue wat in die periode voordat die indringer-owerheid sy gesag oortuigend in die grensgebied gevestig het, die vryheid gehad het om aansienlike persoonlike styl aan die dag te lê.³⁵ Cain & Hopkins temper die indruk dat 'n Vorster of 'n Carter of 'n MacDonald onbeperkte eie inisiatief sou kon neem, deur te herinner dat hulle in die eerste plek nie op die periferie sou gewees het as die sentrale regering hulle nie daar geplaas het nie: wanneer hulle gehandel het, was dit met 'n mandaat van hulle onderskeie sentrale regerings.³⁶

-
30. Verteelwoordigers van die koloniserende sentrum op die periferie: in die geval van die Britte: konsuls en goewerneurs; in die geval van die Boere: kommissarisse en kommandante.
31. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 205-232.
32. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 182 & 190.
33. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Pretoria: SS. 4700, R. 2004/95: *Verlag of Algemeen Overzicht van den Commandant-Generaal van den gevoerden krijg tegen de oproerige Kafferstammen van Malaboeh (Blouberg), Seleboel, Magoeba, Mahoepa en anderen, wonende in de Lage Velden van het district Zoutpansberg*, 1895-02-20.
34. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 219 & 226.
35. Daar moet toegegee word dat die verdere verfyning van die ooreenkoms wat hier geïdentifiseer is, problematies is wanneer in ag geneem word dat die ZAR wilmense in die Soutpansberg-distrik wou laat vestig, terwyl die Britte se belangstelling in Wes-Afrika handelsgedrewe was en nie ingestel was op die vestiging van 'n wit setlaarsgemeenskap nie.
36. P.J. Cain & A.G. Hopkins, *British imperialism. Innovation and expansion, 1688-2000*, pp. 29 & 336-339.

Tog blyk dit vir die *men-on-the-spot* moontlik te gewees het om 'n sterk invloed te gehad het op die volgorde en verloop van verowerings op die periferie. Daar moet in gedagte gehou word dat die besluitnemers in die sentrum hulle voorstellings van die situasie op die periferie feitlik uitsluitlik gebou het op inligting soos geïnterpreteer en aan hulle oorgedra deur die amptenare op die toneel. 'n Ywerige sendeling of plaaslike amptenaar kon die aandag op 'n spesifieke 'probleem'-gemeenskap gevestig het as 'n gerieflike invalshoek vir die sentrale moondheid om toegang tot, of 'n houvas op, 'n groter gebied te verkry. Uit die bespreking van die Soutpansberg-distrik in die vorige hoofstuk, sal herinner word dat die hewige spanning tussen swart inwoners en wit *occupanten* oor grondbenutting in die Laeveldse wyk Houtbosberg, en nie by Blouberg nie, voorgekom het.³⁷ Joernaliste in Pretoria was verder oortuig dat die Venda, en nie die Hananwa nie, die eintlike swartmense was wat Boereoppergesag in die distrik Soutpansberg uitgedaag het.³⁸ Nogtans is die sagter teiken, die Hananwa, eerste aangeval. Barend Vorster se voortdurende pleidooie vir militêre optrede in sy eie agterplaas, het vir Boerebevelvoerder Piet Joubert die voorwendsel gegee wat hy benodig het om die ZAR se Soutpansbergse teenstanders van (gewaande) maklikste na moeilikste, op te ruim.³⁹

'n Soortgelyke voorbeeld uit Wes-Afrika: Die Ijebu en hulle bure, die Egba, het ten minste ewe veel aandeel gehad in die blokkasie van Yoruba-handelsware wat dieper vanuit die binneland na die Britse handelskolonie aan die kus vervoer moes word. Tog is slegs die Ijebu in 1892 deur die Britte aangeval. Volgens historikus Robert Smith is die feit dat die Ijebu as die "principle obstacle to the achievement of British objectives"⁴⁰ geïdentifiseer is, toe te skryf aan die klagtes wat die Anglikaanse sendelinge in die gebied oor hulle geopper het, sowel as die manier waarop die plaaslike amptenare, spesifiek Millson en Carter, hierdie klagtes ingesluit het in die verslae wat hulle Londen toe gestuur het.

-
37. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel ...*, pp. 257 & 261; J.S. Bergh (red.) *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. ...*, pp. 201-213.
38. *The Press*, 1894-06-15: "Malaboch [Mmalebôhò] is so small and unimportant a chief that it has been generally felt that it does not matter much what he does. It is the attitude of Magato [Makhado] which is important."
39. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, pp. 65-104: Waarnemende Landdrost Pietersburg zendt rapport van Commissaris Vorster waarin hij meldt van botsingen die hij had bij de vordering van belasting bij Kapitein Malleboch, 1890-12-19; TAB: SS. 4140, R. 2696/92. SR. 187/92, pp. 105-109: Commissaris Kalkbank klaagt over het gedrag van Kapitein Malebock die weigert Makera die van hem beesten in bezit heeft, uitleveren, 1892-02-08; TAB: SS. 4140, R. 1965/94, pp. 20-64: Commissaris Naturellen Kalkbank. Rapport omtrent eene expeditie door hem ondernomen tegen de naturellen woonachtig te Blauwberg, 1894-01-17; TAB: SS. 4209, R. 3863/94, SR. 133/94, pp. 16-18: Commissaris Naturellen Kalkbank – Superintendent van Naturellen, Pretoria, 1894-01-15; TAB: SS. 4413, R. 8813/94, CR. 1417/94, p. 78: Commissaris Vorster – Commandant-Generaal, 1894-05-06.
40. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 176. Robert Smith, 'n spesialis in Yoruba-geskiedenis, was met die publikasie van hierdie boek medeprofessor in Geskiedenis aan die Universiteit van Lagos.

Of die koloniseerder Boer of Brit was, daar was 'n duidelike ooreenstemming in die dinamiek tussen die amptenare in die sentrum (London / Pretoria) en op die periferie (Lagos / Pietersburg). In die geval van die Hananwa, het plaaslike amptenare Barend Vorster en George Munnik nou met die Berlynse sendeling Carl Stech saamgewerk ten einde 'n voorstelling van die Hananwa te skep soortgelyk aan dié wat die Anglikaanse sendelinge, asook Millson en Carter, van die Ijebu gevestig het.⁴¹ Vergelyk die volgende opmerkings van Britse en Boere-amptenare:

Britse uitlating:

Millson (14 Februarie 1890):

The difficulties put in the way of the realisation of [this] prosperity alike for Lagos and the land of the Yoruba lie solely at the doors of the king and people of Jebu ...⁴²

... en Boere-uitlatings:

Vorster (15 Januarie 1894):

De naturellen aan Blauwberg vooral, zijn ons district tot groot nadeel. Gedurig wordt er vee gestolen en wordt naar Blauberg gevoerd waar den vee in veiligheid zijn, en de dieven door de Kapitein beschermd worden.⁴³

Munnik (25 April 1894):

Ik heb de grootste vertrouwen in Cmdt Vorster en denk niet dat hij buiten zijn instructies handelen zal en ik neem deze geleenheid waar mijne sienswijze aan Ued Gest bekend te stellen dat de tijd geheel en al voorbij is om de naturellen en voornamelijk Malaboch met een klein politiemacht hetzij blank of gekleurd te trachten te intimideren ...⁴⁴

Uit beide die Britse en die Boere-aanhalings hierbo, mag dit lyk asof die periferie optrede vanuit die sentrum dikteer. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die vestiging van oppergesag in die twee dele van Afrika waarna onderskeidelik verwys word, reeds deel was van die groter beplanning van beide die Britse en die Boere se sentrale owerhede. Dit was verkieslik om die onderhorigheid van die plaaslike gemeenskappe vreedsaam te bewerkstellig, maar beide regerings was bereid om militêre stappe te neem eerder as om toe te sien dat hulle oppergesag uitgedaag word en hulle hulle houvas in die onderskeie gebiede verloor.

41. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 177.

42. Public Record Office, London: CO 879/33, as quoted in Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 176.

43. TAB: SS. 4209, R. 3863/94, SR. 133/94, pp. 16-18: Commissaris Naturellen Kalkbank – Superintendent van Naturellen, Pretoria, 1894-01-15.

44. TAB: SS. 4140, R. 1965/94, CR. 1200/94, SR. 904/94, pp. 62-64: Landdrost, Pietersburg – Commandant-Generaal, Pretoria, 1894-04-25.

Dit is opmerklik dat beide die Boere en die Britte hulleself as die lydende partye voorgedoen het in die krisis wat deur hulle eie toedoen op hulle randgebiede van uitbreiding ontstaan het. Tog moet 'n mens nie die mate waarin die amptenaar (of die okkupant) die situasie op die periferie as 'n werklike krisis beleef het, geringskat nie. Omdat hierdie persone 'n mandaat van hulle eie owerhede gehad het om in die gebied op te tree en omdat die moraliteit van wit oppergesag nie in hulle eie gemeenskappe verdag was nie, moes dit inderdaad vir hulle sin gemaak het dat die probleme wat hulle in die grensgebied ondervind het, aan die halsstarrigheid van die plaaslike swart gemeenskappe te wyte was. Die argument bly nietemin staan dat, indien die Boere nie die hulpbronne in die Soutpansberg-distrik wou beheer nie en indien die Britte nie 'n aandeel in die Yoruba-handel wou gehad het nie, daar geen krisis met die swart gemeenskappe op hande sou gewees het nie.

Neem die volgende as voorbeeld: In Mei 1891 het die Britse waarnemende goewerneur in Lagos, ene Denton, die Ijebu besoek en geëis dat die handelsroetes deur hulle gebied oopgestel moes word sodat die Britte groter voordeel daaruit kon trek. Die Ijebu het hulle verontwaardiging te kenne gegee deur Denton se gebruikelike geskenke van die hand te wys en hom te verhoed om verder noordoos deur hulle gebied te reis. Die Ijebu-reaksie is op hulle beurt weer deur die Britte met verontwaardiging begroet. Die insident is aan Whitehall berig, van waar instruksie gegee is dat 'n formele verskoning, sowel as "free and unmolested" deurgang deur Ijebu-gebied vir "all traders and other persons"⁴⁵ geëis moes word.

Pas in die vorige jaar is 'n soortgelyke krisis deur kommissaris Vorster by Blouberg ontketen. Daar is reeds verwys na Mmalebôh se dreigende reaksie toe die twintigtal regeringsamptenare in 1890 op belasting van die Hananwa aangedring het. Mmalebôh se verontwaardiging met hierdie uitdaging van sy gesag in sy eie domein is deur Vorster met ewe groot verontwaardiging begroet. Soos in die geval van Denton met die Ijebu, het hy 'n verdoemende verslag na Pretoria gestuur.⁴⁶

Ook in die geval van Nana van Ebrohimi, is die swart leier die sondebok gemaak toe die uitbreidende moondheid se handel in die spesifieke area nie winsgewind genoeg was nie. Die Britte se ekspedisie teen Nana se Itsekiri in 1894 is geregverdig deur hom soos volg te beskuldig:

45. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 176.

46. Sien die behandeling van die aanloop tot die Boer-Hananwa-oorlog in 'n volgende hoofstuk vir 'n vollediger bespreking.

causing a breach of peace [wie se vrede?], of breaking his treaty obligations [‘n verdrag wat opgestel is sodat die Britte daaruit voordeel kon trek] and engaging in slave trade.”⁴⁷ [...asof die Britte self nie maar net hulle voormalige betrokkenheid by die Trans-Atlantiese slawehandel nou verruil het vir ‘n nuwe manier om mense vir hulle eie ekonomiese gewin te manipuleer nie.]⁴⁸

Dit is in al bostaande gevalle duidelik dat die krisis wat geskep is, die toedoen was van die *men-on-the-spot* se pogings om die instruksies wat hulle van die sentrum (London en Pretoria) ontvang het, op die periferie van die Britse en Boere- (sekondêre) ryke onderskeidelik, uit te voer.

In hulle argumente waarom dit nodig was om hulle gesag (met geweld of die dreigement van geweld) oor ‘n randgebied wat in ‘krisis’ verkeer het, uit te brei, het die koloniale amptenare dikwels aangevoer dat hulle moes ingryp om swakker swart gemeenskappe van hulle swart onderdrukkers te red. In 1892 was goewerneur Carter van Lagos oortuig dat “an important section of the Ijebu, the Remo, were anxious to escape from the yoke of Ijebu Ode and were well disposed towards his own government.”⁴⁹ Twee jaar later te Blouberg, het ons gesien hoe Mmalebôhò daarvoor verantwoordelik gehou is dat sy bure, Mapene en Kibi, wat volgens die Boere heel gretig was om belasing te betaal, dit nie kon doen nie.⁵⁰ Ongeveer in dieselfde tyd in Wes-Afrika (Junie 1894), het die Britte die saak van Urhobo-mense wat deur Nana se krygers gevange geneem is, opgeneem. Die belangstelling in die lot van die Urhobo juis toe hulle gevang is deur die Itsekiri-leier wie die Britte so gretig was om vas te trek, is opmerklik.⁵¹

Die mentaliteit van die koloniseerdes was sodanig dat hulle die geregtigheid van die uitbreiding van hulle gesag oor gemeenskappe in Afrika nie bevraagteken het nie. Die koloniseerders het ‘n behoefte aan die insette van die gekoloniseerdes gehad: hulle handel, arbeid en ander hulpbronne was ‘nodig’ om die koloniseerders se ekonomiese stelsel te laat werk. Volgens die redenasies van die koloniseerder, het die samewerking van die Afrika-leiers volkome sin gemaak. Daarom is die Hananwa, die Ijebu en Nana se Itsekiri berispe wanneer hulle nie opgetree het volgens die rolle wat deur die koloniseerder vir hulle ontwerp is nie. In die verwysingsraamwerk van die

47. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 215-216.

48. K. Shillington, *History of Africa*, pp. 232-239.

49. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 178.

50. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), p. 12.

51. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 215-216.

koloniseerder (die fiksie, politieke wetenskap, rasseteorie en reisbeskrywings waarmee (Britse) mans grootgeword het)⁵² is die swartmense in die rol van onderdaniges gesien reeds lank voordat hulle hulleself sover kon bring om dit te aanvaar. Dit is asof die ondergeskikte rolle van die gemeenskappe in Afrika vir die koloniseerders so vanselfsprekend was dat hulle nie kon begryp waarom dit sulke kragtige oorreding gekos het om die Afrikane dit ook te laat insien nie. Dit is merkwaardig hoe dikwels die Boere en die Britte aangeneem het dat die blote dreigement van gewelddadige optrede voldoende sou wees om 'n Afrika-gemeenskap⁵³ te oorreed om oor te gee.

In 1892 het goewerneur Carter die “pusillanimous Jebu [Ijebu]” met die “warlike Ibadans” vergelyk en die Britse *Colonial Office* uit Lagos laat weet dat hy nie “any difficulty from a military point of view”⁵⁴ van eersgenoemde verwag het nie. Twee jaar later is die Hananwa op soortgelyke wyse in 'n Pretoriase koerant vergelyk met Zoeloe en die Swazi, wat veronderstel was om baie meer oorlogsugtig as die Hananwa te wees. Al wat volgens landdrost Munnik te Pietersburg nodig was om die Hananwa so ver te kry om belasting te begin betaal, was om hulle groot te laat skrik vir 'n skouspelagtige magsvertoon deur 'n aansienlike aantal burgers.⁵⁵ Soos Munnik in die ZAR, het Ralph Moor 'n maand of twee later in Yorubaland blykbaar ook geglo dat die beleërde Nana en sy volgelinge sou oorgee nog voordat dit nodig sou wees om die Britse militêre vermoëns in volsterkte teen hulle aan te wend.⁵⁶

Wanneer dreigemente geïgnoreer is en die koloniseerders inderdaad tot konfrontasie moes oorgaan, is daar steeds geglo dat hulle bereidheid om die een gemeenskap gewelddadig te onderwerp, as les vir hulle bure sou dien om hulleself vroegtydig, vreedsaam, te onderwerp. So het die 1892-veldtog teen die Ijebu inderdaad as 'n waarskuwingsles vir die Egba geslaag. Die Boere se 1894-oorlog teen Mmalebôhó

52. E.W. Said, *Culture and imperialism*, p. 128.

53. Die wissel terme 'Afrika-gemeenskap' en 'swart gemeenskap' word hier ingevoer omdat daar, sodra daar verwys word na veroweraars en verowerdes noord van Suid-Afrika, redelike duidelikheid bestaan oor die Europeesheid van die veroweraar en die 'Afrika-heid' van die verowerde. (Selfs met verwysing na sekondêre Afrikaryke noord van die Steenbokskeerkring (bv. die Asanti), is die term Afrikagemeenskap ondubbelsinnig.) In die geval van suider-Afrika, daarenteen, moet swart (Afrika-) gemeenskappe as sodanig geïdentifiseer word om hulle te onderskei van wit (Afrika-?) gemeenskappe wat nie meer tot 'n Europese staat behoort het nie en ook op Afrika as hulle vaderland aanspraak gemaak het. Hoewel hulle tegelykertyd ook op hulle Europeesheid geroem het, het hulle optrede teenoor swart gemeenskappe en die beskouing wat Brittanje as koloniseerder van hulle gehad het, dit soms weerspreek.

54. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 178.

55. TAB: SS. 4140, R. 1965/94, CR. 1200/94, SR. 904/94, pp. 62-64: Landdrost, Pietersburg – Commandant-Generaal, Pretoria, 1894-04-25. “... en dat het vereischt spoedigste en goedkoopste om deze zaak tot een eind te brengen zou zijn om met een behoorlijk aantal burgers te gaan wanneer ik geen twyfel heb of dat Malaboch zal betalen ...”

56. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 218.

het weer nié in dié doel geslaag nie. Nadat Tsolobolo, Makgoba, Mahoepa en andere in 1894-1895 ook met geweld onderwerp is, het die Boere steeds gehoop dat die, teen hierdie tyd veelvuldige voorbeeld, die Venda sou oorhaal om hulle vreedsaam te onderwerp. Ook dít was 'n valse hoop.

Met dié dat die Boere- en Britse koloniseerders dit as so vanselfsprekend aanvaar het dat die gemeenskappe op die periferie by hulle stelsels moes inskakel, het dit skynbaar nie by hulle opgekom hoe veel die swart gemeenskappe onder Boere- of Britse heerskappy sou moes prysgee nie. Ongeag die ondenkbaarheid daarvan in die koloniseerder se eie gemeenskap, is daar eenvoudig aanvaar dat Afrika-leiers wat nie van hulle onafhanklikheid en outonomie wou afstand doen nie, dwaas en hardkoppig en, soos reeds met verwysing na Mmalebôhò genoem, gevaarlik, was. Dit onderstreep die dilemma waarmee 'n Afrika-leier gekonfronteer is wanneer hy die gebruikelike ultimatus⁵⁷ van die koloniseerders ontvang het. Wat deur die koloniseerders as 'n genadige keuse tussen onderhandelinge en oorlog aan hulle voorgedra is, is hoegenaamd nie deur die swart gemeenskap as 'n keuse van enige aard gesien nie. 'n Ultimatum insigself was reeds die boodskap dat die koloniseerder besluit het om die onafhanklikheid van 'n gemeenskap tot 'n einde te bring. Die bekende Afrika-historikus J.D. Hargreaves het die dilemma tekenend opgesom in sy bespreking van die tweestryd tussen die eens magtige Samori Touré van Mandinka en die Franse imperiale magte:

Samori's case thus hardly supports the view of Professor Oliver and Fage that 'nothing was to be gained by resistance and much by negotiation,' nothing that he [the African ruler] held important could have been permanently gained by either method.⁵⁸

Daar is duidelike ooreenkomste tussen die taktiek wat beide Mmalebôhò en Nana aangewend het om die koloniseerders se eintlike bedoelings met die onderhandelinge waartoe hulle uitgenooi is, bloot te lê. Aangesien die geval van Mmalebôhò nog in besonderhede regdeur hierdie studie bestudeer sal word, word die oorwig voorbeelde hier uit Nana se ervaring opgehaal. Die uitruil van boodskappe tussen Mmalebôhò en kommissaris Vorster (later kommandant-generaal Joubert)⁵⁹ stem sterk ooreen met die kommunikasie gedurende dieselfde maand (Junie 1894) tussen Nana en

57. TAB: SS. 4413, R. 8813/94, pp. 69 & 79-85: Ultimatum of laatste waarschuwing aan kapitein Malebock en zijn volk, 1894-04-27.

58. J.D. Hargreaves, African reaction to the imposition of colonial rule in West Africa in R.O. Collins, *Problems in the history of colonial Africa 1860-1960*, p. 64. Die verwysing na Oliver en Fage is uit: R. Oliver & J.D. Fage, *A short history of Africa*, pp. 202-203.

59. C. Sonntag, *My friend Malebock ...*, pp 16, 18, 22, 26, 45 & 49-50. Verdere verwysings word in die hieropvolgende voetnote verskaf.

waarnemende konsul-generaal Ralph Moor.⁶⁰ Die gesprekke illustreer dat Nana en Mmalebôhê maar te bewus was van die koloniseerders se gretigheid om hulle as leiers te elimineer en só beheer oor hulle gemeenskappe te bewerk. Dit kom voor asof beide die koloniseerders en hulle teikengemeenskappe die uitkakeling van 'n enkele leiersfiguur as die simboliese verowering van 'n hele gemeenskap beskou het. Die kollektiewe herinnering van die onderskeie gemeenskappe sou met verloop van tyd die belangrikheid wat aan die charisma van 'n enkele individu gekoppel is, verder versterk.

Toe Nana vir samesprekings deur Ralph Moore na die vise-konsulaat ontbied is, het hy met 'n hele reeks verskonings gereageer:

... there had been three recent deaths in his family and ... his brother was even then seriously ill. He found it impossible to travel in the circumstances but would send his trusted messenger, Tonwe, to represent him at any discussions the consul might wish to hold.⁶¹

Met elke verskoning, wat vir die koloniale amptenaar vermoedelik pynlik irriterend moes wees, het Nana hom uitgelok om meer besonderhede oor sy intensies met die 'samesprekings' te gee. Deur 'n plaasvervanger voor te stel, het Nana vasgestel of die Britte werklik sake gehad het om te bespreek en of hulle 'n geleentheid gesoek het om hom in hegtenis te neem en sy outoriteit met hulle eie te vervang. Moore was inderdaad nie bereid om met 'n plaasvervanger te onderhandel nie en het Nana vervolgens laat weet dat hy 'n ontmoeting móés bywoon om "matters of great importance"⁶² met die vise-konsul te bespreek. Nana het ook hierdie versoek soos die vorigers hanteer.⁶³ Die vae verwysing na sake wat veronderstel was om so besonder dringend te wees, was vir hom die teken dat die Brite net daarin belanggestel het om hom persoonlik gevange te neem.

Mmalebôhê is alreeds in April 1894 'uitgenooi' om kommissaris Vorster by sy kampplek (op die vlakte, 'n veilige ent van die Hananwa-hoofsetel) te gaan besoek.⁶⁴ Mmalebôhê het baie diplomaties geantwoord:

-
60. Bronverwysings na voorbeelde word in die hieropvolgende voetnootverwysings verskaf.
61. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 216.
62. F.O. 2/64, Moor to Nana, 24 June 1894, as quoted in O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 216.
63. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 216.
64. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 20.

Please ask the commissioner to come closer so that we can better discuss the whole matter. He has come to pay me a visit [waarmee hy onderstreep dat die Boereamptenaar gebied betree het waaroor hy in die oë van die Hananwa geen jurisdiksie gehad het nie, maar slegs 'n besoeker was], so why does he stand still so far away in the fields?⁶⁵

Deur 'n fisiese ontmoeting met die Boereleiers te vermy, het Mmalebôhò, soos Nana, hulle sover gekry om sy agterdog te bevestig. Die Hananwa sou geen keuse gebied word of hulle onderwerping sou aanvaar of nie.

Mmalebôhò en Nana het nie werklik enige ander keuse gehad as om die invallers met geweld te weerstaan nie. Daar moet in ag geneem word dat hierdie leiers wat hulleself nog as onafhanklik beskou het, groot vertroue in hulle outonome posisie gehad het, dat hulle oor 'n aansienlike tydperk reeds goeie wapens versamel het⁶⁶ en dat hulle mag en militêre vermoëns nog nie vantevore in hulle eie milieu in twyfel getrek is nie. Dit maak dus sin dat hulle oortuig kon gewees het dat hulle deur te veg, steeds 'n kans gestaan het om hulle onafhanklikheid te verdedig. Die Ijebu was inderdaad oortuig dat hulle 'n baie goeie kans gestaan het om die inval in hulle gebied af te slaan.⁶⁷ Deur nie die invallers te weerstaan nie, sou die Afrikaleier gevoel het dat hy in elk geval alles waarvoor hy gestaan het, onmiddellik prysgegee het: sy waardigheid, sy gesag oor sy volgelinge en byna verseker, ook sy persoonlike vryheid, indien nie sy lewe nie.

65. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 23.

66. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 156-157 beklemtoon dat die Hananwa teen 1894 alreeds vir dekades met vuurwapens bekend was en dit langs 'n uitgebreide en veelsydige netwerk self ook kon bekom. So vroeg as die 1850's was daar al Hananwa-mans as skuts in diens van Boerejagters; Lobeduen Venda-middelmannes het dit ook via Delagoabaai se Portugese handelaars aan hulle beskikbaar gestel; derdens het hulle direkte transaksies met smokkelaars uit die teenswoordige Botswana, maar ook in die ZAR, beklank; vierdens was van die Berlynse sendelinge bereid om gewere te herstel en laastens het die Hananwa wat op die myne gaan werk het, kontant gehad om gewere mee te koop. Die Boere was met die 1894-veldtog verbaas om sommige Hananwa-krygers met besonder moderne gewere op te merk. (*The Press*, 1894-07-28).

Volgens Smith, moes die meeste van die Ijebu-krygers in besit van een of ander tipe vuurwapen gewees het. Verskeie het waarskynlik nog met voorlaiders (*Dane-guns*, soos hulle langs die weskus van Afrika genoem is) geveg. Wanneer 'n mens in ag neem dat die Ijebu sedert die vroeë 1800's die voortou onder die Yoruba begin neem het in die verkryging van moderne wapens, en dat agterlaiders reeds sedert die 1870's in daardie deel van Afrika verkrygbaar was, is die moontlikheid groot dat die meeste Ijebu-krygers met Snider-gewere gewapen was. Na hulle nederlaag, is 'n groot hoeveelheid gewere sowel as buskruit in die Ijebu-kamp gevind. Sien R. Smith, *Nigeria-Ijebu*, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 181.

Voor die Britse ekspedisie teen Nana, was sy krygers se oorlogservaring beperk tot talle eendag-gevegte met handelsteenstanders. Hulle het (ironies, via Britse handelaars) toegang tot die gesofistikeerdste wapens gehad – insluitend moderne gewere, masjiengewere en kanonne – maar hulle gebrek aan ervaring in die hantering daarvan, het dit beslis minder effektief gemaak. Sien O. Ikime, *Nigeria-Ebrohimi* in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 214, 226-228.

67. R. Smith, *Nigeria-Ijebu*, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 179.

Was dit 'n vergissing van die Afrikaleiers om te glo dat hulle in staat sou wees om die koloniseerders se militêre aanslag af te weer? Die redes waarom Afrikagemeenskappe gedurende die laat-negentiende / begin-twintigste eeu almal in hulle weerstand teen koloniseerders se gewelddadige aanslae gefaal het, is as studierrein al deur verskeie historici deurtrap. Die Hananwa en die twee gemeenskappe uit Wes-Afrika word vervolgens vergelykend aan hulle verklarings gemeet.

Soos die Britte, het die Boere beter wapens as die swartmense gehad, insluitend die gevreesde Maxim-masjiengeweer⁶⁸ (Figuur 4 op volgende bladsy). Dit was waarskynlik die grootste enkele faktor wat die oorlog in die guns van die Boere beklank het. Makhura het dan ook daarop gewys dat die Boere en hulle bondgenote wat aantal krygers betref, veel sterker as die Hananwa was.⁶⁹ Tog kon die Ijebu, wat nie hierdie probleem gehad het nie (vir elke Britse aanvaller was daar ongeveer tien Ijebu-krygers), ook nie die Britte verslaan nie.⁷⁰ Dit lyk dus asof groot getalle krygers geen waarborg vir sukses was tensy hulle met die beste tegnologie bewapen was nie. Vir die Boere se taktiek om die Hananwa te omsingel, in hulle vesting vas te keer en te wag tot hulle watervoorraad opraak, was die grootte van die besettingsmag uiters belangrik.⁷¹


68. Volgens R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 179 "[t]he armament of the [invading force against the Ijebu] was as heterogeneous as its composition": *Gold Coast constabulary – Martini Henry-gewere; Lagos constabulary – Sniders; 'n Wes-Indiese kompanjie van Sierra Leone – Martini-Henry's; Ibadan volunteers – Dane guns of Sniders*. Die artillerie wat aan die ekspedisie toegeys is: drie sewe-ponder kanonne, een Maxim-masjiengeweer, twee Nordenfeldt masjiengewere en drie 'vuurpyllanseerders'. Om die *Itsekiri* van Nana te onderwerp, het Ralph Moor drie oorlogskepe en al die manne en militêre hulpbronne van die *Niger Coast Protectorate* tot sy beskikking gehad. Die artillerie wat gebruik is om Ebrohimi in te neem, was soortgelyk aan die kanonne wat teen die Ijebu gebruik is: sewe-ponder kanonne, Maxim-masjiengewere en vuurpyle. (O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 222-226. Vir die ekspedisie teen die *Hananwa*, was die Staatsartillerie van die ZAR toegerus met een 3.7 cm snelvuurkanon, twee Martini Henry Maxims, vier 6.5 cm Krupp-bergkanonne en twee 7.5 cm Krupp-kanonne, almal agterlaaiers, hoewel 1870-modelle. (S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven van ..., luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemzelve beschreven* (red. O.J.O. Ferreira) Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Bronnepublikasie (Pretoria, 1975), p. 59).

Van al hierdie wapens was die enkelloop Maxim-masjiengeweer by verre die mees gevreesde onder Afrikane. Hierdie 1884- waterverkoelde ontwerp van die Amerikaner Hiram Maxim, wat tot in die Eerste Wêreldoorlog 'n verwoestende rol sou speel, is met groot sukses buite die bereik van swart wapenhandelaars gehou. Dit kon seshonderd koeëls per minuut vuur en omdat dit veel ligter as vorige masjiengewere soos die Gatling en die Mitrailleur (byvoorbeeld die Nordenfeldts) was, kon daar makliker mee vorentoe beweeg word. Die Maxim het koloniale magte gedurende die jare negentig van die negentiende eeu telkemale in staat gestel om die opmars van veel groter krygsmagte te stuit. M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 8 & 16; J. Keegan, *A history of warfare*, p. 312.

69. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 163.

70. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in

71. TAB: SS. 4700, R.2004/95: *Verslag of Algemeen Overzicht ...*, p. 7.



Figuur 4: Lede van die Staatsartillerie van die *Zuid-Afrikaanse Republiek* poseer vir 'n foto by hulle Martini Henry Maxims in die kamp aan die voet van Blouberg, 1894.

Uit: Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Pretoria: Foto 22742.

Anders as die swart gemeenskappe van die teenswoordige Nigerië,⁷² het die Hananwa skuts met hulle akkuraatheid die Boere se respek afgedwing.⁷³ Mmalebôhò se eie vermoëns as kranige skut kon veral nie geïgnoreer word nie.⁷⁴ Die wapens wat die Hananwa wel gehad het, het hulle dus goed bemeester. 'n Ander faktor wat dikwels genoem word, is dat die soldate wat vir imperialistiese magte geveg het, beter georganiseerd was as die verdedigers. Die Britse troepe wat teen die Ijebu en die Itsekiri geveg het, sou as voorbeeld genoem kon word, maar nié die Boere wat gekommandeer is om teen Mmalebôhò te veg nie. Die Boeremagte was berug vir hulle gebrekkige militêre dissipline en het hulleself daarop geroem dat hulle eerder die beleg sou verleng en eers na hulle eie veiligheid sou omsien. Die gevoel was dat 'n ekspedisie teen 'n swart gemeenskap nie die moeite werd was om jouself voor dapper te hou en die risiko te loop om met 'n koeëlwond beloon te word nie.⁷⁵

'n Veel sterker korrelasie tussen die faktore wat die nederlae van die Hananwa en die Wes-Afrika-gemeenskappe aangehelp het, lê in die rol wat die sogenaamde "friendly blacks" of "friendly natives" in beide Boere- en Britse ekspedisies van die 1890's gespeel het. Gemeenskappe wat reeds tydens vorige konflikte in die ryk / sekondêre

72. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 192; O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 215-216, 226 & 228.

73. *The Press*, 1894-06-23.

74. *The Press*, 1894-07-03.

75. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 76, 98 & 101.

ryk opgeneem is, sowel as buurgemeenskappe wat samewerking met die invaller as 'n manier gesien het om streekshiërargieë in hulle eie guns te herskommel, het die invallende magte toegelaat om deur hulle grondgebied na die krisis op die 'nuwe' periferie te beweeg. Hierdie mense is dan ook vir allerlei take aangewend: as draers, padbouers en beslis ook as krygers.⁷⁶ In Bylae A word 'n uiteensetting gegee van die swartmense wat die Boere in die verowering van die Hananwa bygestaan het.

In teenstelling met hierdie hulp vir die Boere en Britse invallers, is die gemeenskap wat aangeval is, selde te hulp gesnel deur ander swart gemeenskappe wat die koloniseerders ook nog vyandiggesind was (diegene vir wie die veldtog wat op daardie tydstip geloods is, as 'n waarskuwing moes dien). Die Egba het nie die Ijebu gaan help nie en die Venda het nie krygers gestuur om die Hananwa by te staan nie. Die verwantskap en ooreenkomste tussen die onderskeie Afrikagemeenskappe was net nie van so 'n aard dat dit daarvoor voorsiening gemaak het nie. Hierdie geleentheid vir die koloniale veroweraar om gemeenskappe een vir een oor te neem, soms met die hulp van ander gemeenskappe, maar altyd met kanonne soos die Maxim, het hulle besonder suksesvol in hulle veroweringstog gemaak.

Waar die verhouding Brit-Boer-Afrika/swart gemeenskap hierbo bespreek is, is die Boere van die ZAR hoofsaaklik in hulle hoedanigheid as verowerende sekondêre ryk uitgebeeld. Die rolle is in 1899 omgekeer toe die Britte, steeds as die koloniseerder, die Boere, as 'n Afrika-gemeenskap (asof 'n swart gemeenskap?) gekoloniseer het. Hoewel hoegenaamd nie die tema van hierdie ondersoek nie, moes die dilemmas van die Boere in 1899 geëggo het met die situasie waarin die Itsekiri en die Ijebu hulle 'n paar jaar tevore reeds teenoor die Britse uitdaging bevind het. Die ironie is dan dat die Boere in 1899 hulleself in dieselfde onmoontlike situasie bevind het as wat hulle die Hananwa in 1894 geplaas het.

Herinnering as konteks

In hierdie hoofstuk is gepoog om die gebeure wat in 1894 by Blouberg afgespeel het, in die konteks te plaas van wat dit in tyd voorafgegaan het. Met tyd is Braudel se verskillende tempo's van historiese verloop in ag geneem om te probeer illustreer hoeveel verskillende prosesse stukrag aan die uitbarsting op die oppervlak gegee het.

76. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, pp. 182-183; O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 222; C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 51; C. Sonntag, *My friend Maleboeh ...*, p. 98.

Daar is ook probeer om die Blouberg-gebeure in ruimte oor 'n groter geografiese gebied en daarmee saam binne verskeie kompeterende politiek-ideologiese invloedsfere, te plaas. Benewens dit alles, is daar dan ook nog 'n 'vierde' kontekstuele dimensie, die dimensie van herinnering: hoe die gemeenskappe wat by hierdie gebeure betrokke was, sekere dinge vergeet het, ander onthou het en deur die jare telkens die betekenis daarvan by hulle nuwe situasie aangepas het. In kollektiewe herinnering word baie dinge as vanselfsprekend aanvaar en word sekerhede moeilik bevraagteken. Omdat hierdie herinneringe so 'n onvermydelike en potensieel-bepalende konteks kan wees vir die persoon wat poog om die gebeure 'wetenskaplik' te herbesoek, word die hoofstuk afgesluit met 'n vergelykende besinning oor herinneringe aan verowering. Hiermee word die *ekstrateks* ook daargestel vir 'n besinning wat in hoofstuk agt sal volg oor sendeling Sonntag se onvermoë om in 1894 te kon verstaan waarom die Hananwa moes oorlog maak.

Die sosiale herinneringe aan die militêre onderwerping van Afrika-gemeenskappe onthul dat die feit dat die Afrikane verloor het, met tyd minder belangrik geword het as die wete dat daar dapper weerstand gebied is. In al die gevalle wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is 'n nederlaag op die oorlogsveld nie omvorm tot 'n herinnering aan swakheid en vernedering nie, maar tot 'n baken wat die trots en die moed van die gemeenskap en die uitdagende onverskrokkenheid van hulle leiers verteenwoordig. Die storie van weerstand, eerder as vernietiging, het die Afrika-verbeelding gevoed en die materiaal vir die weef van 'n identiteit voorsien. Deur die veldtogte en die helde van die laat-negentiende-eeuse oorloë só te onthou, word die onsuksesvolle pogings om weerstand te gebied het, ontdaan van futiliteit. Mmalebôhò en soveel ander se weerstand, hoewel onsuksesvol, het die vertrekpunt geword vir stories van voortgesette weerstand.

Terrence Ranger⁷⁷ se besinning oor die belang van die Hehe van moderne Tanzanië se mislukte weerstand teen Duitse imperialisme – ook in 1894 – en sy kommentaar op die vroeër-vermelde opmerkings van historici Oliver en Fage, dra by tot 'n breër insig in weerstandsherinneringe.⁷⁸ Volgens Ranger,

[t]he Wahehe of Tanzania seem to be a perfect example of a people broken by futile resistance. They were crushed by military might. They

77. Terrence Ranger het 'n in-diepte studie gemaak van die weerstand van die Shona en die Ndebele in die vroeëre Rhodesië en is 'n kundige op die terrein van koloniale Afrika.

78. A. Adu Boahen (ed.), *General history of Africa VII. Africa under colonial domination 1880-1935*, p. 75. Die Hehe se hoofsetel is in 1894 deur die Duitsers verower. Anders as Mmalebôhò, wat gevange geneem is, het Mkwawa ontsnap en uiteindelik selfmoord gepleeg eerder as om in die hande van sy vyande te val.

did not even achieve a negotiated peace. Defeat left the people in a desperate state. ...⁷⁹

Dieselfde sou van die Hananwa gesê kon word. Hulle leiers is sonder verhoor in die tronk gesit; hulle vyande is aangemoedig om diegene wat nie uit die berge wou padgee nie, uit te snuffel en dood te maak; droogte en runderpes het die verwoeste landerye en woonplekke van ná die oorlog begroet.⁸⁰

Nogtans, gaan Ranger voort:

...memories of their [Hehe] resistance dominated subsequent German and Wahehe thinking alike. Partly because of pride in these memories Wahehe institutions, or more likely a Wahehe sense of identity, survived so well that Uhehe became the site of the most successful Tanganyikan experiment in indirect rule. Both the Germans and the British felt respect for the Wahehe, so that in later years Wahehe institutions were taken especially seriously ...⁸¹

In hierdie opsigte toon die Ijebu, eerder as die Hananwa, ooreenkomste met die Hehe. Volgens Robert Smith het die Ijebu na hulle nederlaag beide die Christelike godsdiens en Westerse onderwys entoesiasties omhels.⁸² Die Hananwa was na hulle nederlaag ook meer ontvanklik vir die Christelike onderrig,⁸³ maar dit het nie vir hulle dieselfde voordeel as vir die Ijebu gebring nie. Die Ijebu het 'n aansienlike rol daarin gespeel om vir die Yoruba 'n invloedryke rol in die politiek en die handel van die nuwe Britse protektoraat, en uiteindelik in Nigerië, te verseker. Boereamptenare het oor die algemeen weinig respek vir Hananwa-instellings gehad⁸⁴ en selfs al het die Hananwa die Britte in die Anglo-Boereoorlog ondersteun, was hulle, soos Tlou Makhura dit opsom, "pyrrhic victors and ultimate victims of [this] war."⁸⁵ In die vredesverdrag van 1902 is die saak van Suid-Afrika se swart gemeenskappe

79. T.O. Ranger, African reaction to the imposition of colonial rule in East and Central Africa in R.O. Collins (ed.), *Problems in the history of colonial Africa, 1860-1960*, p. 77.

80. T.J. Makhura, 'The softening of the rock': political and socio-economic changes in the BaGananwa society, northern Transvaal, 1895-1910. Paper presented at the South African Historical Society Biennial Conference, University of Pretoria, 6-9 July 1997.

81. T.O. Ranger, African reaction to the imposition of colonial rule in East and Central Africa in R.O. Collins (ed.), *Problems in the history of colonial Africa, 1860-1960*, p. 77.

82. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 194.

83. *Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft (EA BMG): Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaubeurg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd.2: Das Eindringen der Wesleyaner in unser Missionsgebiet von Blaubeurg, 1894-10-04, p.21; T.J. Makhura, 'The softening of the Baitsweng' ..., p. 7.*

84. Boere-amptenare sou belangrike inligting deur die eerste gewillige boodskapper by Mmalebôhō laat aflewer (hy is byvoorbeeld per brief laat weet dat hy nie meer die leier van sy volgelinge was nie); die houtkrokodil wat die Hananwa tydens inisiasie-seremonies gebruik het, is as 'n rariteit vir die museum in Pretoria gebuit; dan was daar ook groot onkunde oor gesagstrukture in die Hananwa-gemeenskap. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 45, 49, 80, 117, 136; C. Rae, *Malaboch ...*, p. 188.

85. T.J. Makhura, 'The softening of the Baitsweng' ..., p. 16.

opgeoffer ter wille van versoening tussen Boer en Brit. Nogtans sou daar selfs in hierdie ontnugterende omstandighede ‘n Hananwa-identiteit oorleef.⁸⁶

Om terug te keer tot Ranger se argument:

Oliver and Fage tell us that
for the African peoples the most important factor at this stage of colonial history was ... the intangible psychological issue of whether any given society or group was left feeling that it had turned the colonial occupation to its own advantage, or alternatively that it had been humiliated.

The Wahehe can hardly be said to have turned the early colonial situation to their profit, but they did not come out with a sense of humiliation. “Today all Wahehe idolize Mkwawa,” wrote a British district officer in the early Mandatory period. “This may be because he actually beat the white man in battle.”⁸⁷

Hierdie herinneringe aan Mkwawa roep Afrikanerlegendes rondom Anglo-Boereoorlogfigure soos Christiaan de Wet op. In sulke heldeverering is dit van weinig belang of Mkwawa en De Wet⁸⁸ uiteindelik deur die Britte verslaan is. Die neergeslane gemeenskap vind troos en inspirasie in die uitdagende gees van die individu en hulle kies gevolglik om dít in die herinnering te koester.

Vir hulle Itsekiri- en Hananwa-nageslag onderskeidelik, het Nana en Mmalebôhò ook so ‘n figuur verteenwoordig. Volgens historikus Obaro Ikime⁸⁹ was Nana en die Itsekiri verower, maar nie ontээр nie. Hoewel Nana, nadat hy probeer vlug het, deur die Britte gevang, verhoor, skuldig bevind en verban is, is hy in 1906, toe ‘n man in sy vyftigerjare, toegelaat om terug te keer na Ebrohimi:

For the ten more years of his life that were left to him, he demonstrated that he had not lost all the drive, energy and organisation that had won him a trading empire and the envy and hatred of lesser Itsekiri men and ambitious British empire builders. He died on 3 July 1916.⁹⁰

86. T.J. Makhura, ‘The softening of the Baitsweng’ ..., p. 16.

87. T.O. Ranger, African reaction to the imposition of colonial rule in East and Central Africa in R.O. Collins (ed.), *Problems in the history of colonial Africa, 1860-1960*, p. 77.

88. Die legendariese generaal De Wet is wel nooit deur die Britte gevang nie, maar selfs hy kon nie die oorhand oor hulle kry nie en moes uiteindelik oorgee. ‘n Biografie oor De Wet deur Fransjohan Pretorius, Anglo-Boereoorlog-kenner verbonde aan die Universiteit van Pretoria, het pas in 2001 verskyn: *The great escape of the Boer pimpernel: Christiaan de Wet. The making of a legend*.

89. Ikime het sy doktorsgraad aan die Universiteit van Ibadan verwerf en het reeds in 1968 ‘n biografie oor Nana Olomu die lig laat sien.

90. O. Ikime, Nigeria-Ebrohimi in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 228.

Mmalebôhō en sy raadgewers het ses jaar lank in die Pretoriase gevangenis op ‘n Boereverhoor gewag. Ironies genoeg, was die Britte in hierdie geval hulle redders toe hulle die Hananwa-leiers met die besetting van Pretoria in 1900 vrygelaat het. Mmalebôhō het na Blouberg teruggekeer en weer die rol van die Hananwa-*kgoši* begin vervul. Sy invloed oor die gebied was sodanig dat dit hom met sy dood in Desember 1938 ‘n huldeblyk in die vorm van ‘n uitgebreide artikel in die Afrikaanse gesinstydskrif, *Die Huisgenoot*, besorg het.⁹¹ Hoewel Mmalebôhō op hierdie manier ook as ‘n waardige teenstander in *Afrikanerherinneringe* opgeneem is, was hy allereers ‘n simbool van trots en waardigheid in die Hananwa se kollektiewe herinneringe. In 1989 is ‘n opvoering van Mmalebôhō se pryslied tydens ‘n politieke byeenkoms te Blouberg deur antropoloog Johnny van Schalkwyk en sy assistent S.M. Moifatswane opgeneem. In die konteks van die ‘tuislandpolitiek’ van die voormalige Lebowa, was die uitvoering gerig as ‘n vingerwysing na die tuisland-leiers, wat geen bande met die tradisionele aristokrasie gehad het nie. Vir die aanwesiges was die boodskap duidelik: indien die politici die steun van die Hananwa wou hê, moes hulle erken watter lang en belangrike bydrae tradisionele leiers, soos Mmalebôhō, gelewer het om die Hananwa as ‘n gemeenskap staande te laat bly.’⁹²

Die geval van die Ijebu verskil weer eens opmerklik van dié van die Hananwa, vandag ‘n verarmde gemeenskap wat hulleself eers in ‘n Apartheid-tuisland milieu moes handhaaf en nou hulle hoop verskuif het na nuwe regeringsingrype, of toerisme-inisiatiewe.⁹³ Vir die Ijebu, wat na die koloniale oorlog van die 1890’s vooruitgegaan het, “the sacrifice and courage of the warriors at Pobo, Majoda and Yemoji [let daarop dat Robert Smith plekke, en nie die name van individue nie, opnoem] sometimes seem forgotten” in die nuwe (onafhanklike) Nigeriese orde van die 1960’s en daarna “... and yet, for good or ill, they continue to nourish that sense of political and spiritual identity which binds the Ijebu everywhere.”⁹⁴ Volgens Smith se voorstelling, lyk dit of die Ijebu se herinneringe aan oorlog en heldedade minder helder in die kollektiewe bewussyn figureer as in die geval van die Hananwa-aristokrasie, vir wie die inspirasie wat hulle uit hulle historiese identiteit kan put, nog iets beteken.

-
91. G.H. Franz, Mmalebogo, *Die Huisgenoot* 23(881), 1939-02-10, p. 89.
92. A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, p. 30.
93. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van ‘n landelike samelewing: ‘n antropologiese studie van die Hananwa van Blouberg*, D. Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA, pp. 57-60 & 141-152; Persoonlike inligting: dr. J.A. van Schalkwyk, Nasionale Kultuurhistoriese museum, African Window, Pretoria, Julie 2000.
94. R. Smith, Nigeria-Ijebu, in M. Crowder (ed.), *West African resistance. The military response to colonial occupation*, p. 194.

Die relatiewe prominensie van historiese helde in die kollektiewe herinnering, blyk inderdaad te verwissel soos wat 'n gemeenskap se konteks in die hede verander. Wanneer in hoofstuk agt van hierdie ondersoek besin word oor sendeling Sonntag se verklaring vir waarom die Boer-Hananwa-oorlog uitgebreek het, sal die 'herinneringskonteks' wat hier in verhouding tot ander Afrika-gemeenskappe geskets is, weer opgehaal en in gesprek met die sendeling se teks gebring word.

IV COLIN RAE EN CHRISTOPH SONNTAG: BIOGRAFIESE AGTERGROND

Die biografiese vergelyking tussen Sonntag en Rae se loopbane tydens hulle verblyf in Transvaal, sluit aan by die vorige twee hoofstukke deurdat dit die *ekstrateks* waarmee die twee dagboektekste gelees word, verder inkleur. Die Rae- en Sonntag-dokumente kan nie werklik losgemaak word van die biografiese Colin Rae en Christoph Sonntag nie. Daarvoor speel biografies-ingebedde faktore te sterk in op die wyse waarop daar deur hierdie getuies waargeneem is. “Historical sentences are dependent on the personality of the historian.” Persoonlike omstandighede, die invloed van persone en groepe en elke tydgebonde wêreldbeskouing (die waardes en norme van die samelewing), bepaal elke waarnemer se subjektiwiteit en beïnvloed dus ook sy betroubaarheid.¹ Dit is derhalwe noodsaaklik dat getuies Rae en Sonntag se afkoms, opleiding, ervarings, motiverings en omswerwinge in hierdie hoofstuk nagegaan word.

Twee persoonlike ontmoetings

Colin Rae en Christoph Sonntag het albei twee geleenthede opgeteken waartydens hulle mekaar ontmoet het – die eerste dag van onderskeidelik Julie en Augustus 1894. Die ontmoeting is deur Rae geïnisieer, en het telkens plaasgevind op die Blauberg-sendingstasie waar Sonntag woonagtig was.² Sowel hierdie persoonlike ontmoetings tussen Rae en Sonntag as die vergelyking tussen hulle wat hier volg, is terug te herlei na een en dieselfde gebeurtenis: die volskaalse konflik wat gedurende die winter van 1894 rondom Blouberg gewoed het toe die magte van die Transvaalse regering teen die Hananwa van Mmalebôhō (Kgaluši) opgetrek het. Rae het die gebeure as tydelike kapelaan in diens van die Pretoria-kommando meegemaak en Sonntag was teen die tyd dat die konflik ontstaan het, reeds as sendeling onder die Hananwa werksaam. Albei het waardevolle ooggetuieverslae oor die konfrontasie nagelaat. Die Rae- en Sonntag-weergawes, opgeteken vanuit persoonlike ervaring, is waarskynlik die bekendste en omvattendste tydensgenootlike dokumente oor die konflik.

-
1. F.A. van Jaarsveld & J.I. Rademeyer, *Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig*, p. 40; J. Rüsen, *Studies in metahistory, Human Sciences Research Council series in methodology* (ed. J. Mouton), 1993, pp. 50-51.
 2. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), pp. 82-84 & 120; C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, pp. 104-105 & 185.

Ongeag die feit dat die twee outeurs mekaar minstens twee keer tydens die verloop van die 1894-gebeure ontmoet het, is hulle twee manuskripte volkome onafhanklik van mekaar opgestel. Dit vergroot natuurlik die moontlikheid vir die tref van vergelykings tussen die twee weergawes met die oog op die konstruksie van 'n genuanseerde voorstelling van die konflik en die betekenis(se) wat daaraan geheg is.

Colin Rae se vroeë loopbaan in Suid-Afrika: van Kimberley na die Rand

Nadat Colin Rae, die jongste seun van 'n kunstenaar, op vierjarige ouderdom wees gelaat is, het sy voogde voorsien dat hy 'n loopbaan in die besigheidswêreld sou volg. Rae het egter verkies om 'n predikant te word.³ In 'n gemeentetydskrif uit 1910 word "King's College, University of London"⁴ agter sy naam aangedui. Dit is nie seker wanneer hy aan hierdie instelling gestudeer het en wat die aard van die kwalifikasie was nie. Teen 1890 was hy as geestelike, maar nog lank nie as priester nie, in die bisdom Bloemfontein werksaam.⁵ Volgens sy eie getuienis het hy in daardie selfde jaar nog uit Brittanje in Suid-Afrika aangekom.⁶ Dit lyk redelik seker dat hy teen die tweede helfte van 1891 in Beaconsfield, Kimberly, werksaam moes gewees het, wel as sub-diaken⁷ onder ene priester David Rees.⁸ In die vroeg-somer van 1893 het Rae en Rees hulle werksaamhede by Beaconsfield afgesluit en die drie dae-lange reis na Pretoria aangepak. In Pretoria het hulle by Henry Brougham Bousfield, die biskop verantwoordelik vir die hele gebied noord van die Vaalrivier en die persoon onder wie hulle voortaan sou werk, aangedoen.⁹ Vir die navorser is Rae se omvangryke korrespondensie met die biskop van Pretoria, wat reeds sedert die maande voor sy vertrek vanaf Beaconsfield dateer en as deel van die Bousfield-versameling behoue gebly het, 'n nuttige vonds. Rae deel allerlei persoonlike ervarings met die biskop. Enige mededeling oor die afsterwe van sy eggenote ontbreek egter in hierdie korrespondensie. Daar kan dus aanvaar word dat Rae, teen die tyd dat hy na Pretoria

-
3. *Surrey History Centre (SHC), Woking: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., The Reverend Colin Rae, The Letherhead Parish Magazine 32(9), September 1911, p. 6.*
 4. *SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., Clergy, Letherhead Parish Magazine 31(1), January 1910, p. 1.*
 5. *Historical and Literary Papers Library, Archives of the Church of the Province of South Africa (CPSA), University of the Witwatersrand: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: D. Rees – H.B. Bousfield, 1893-06-17; Bishop of Bloemfontein – H.B. Bousfield, 1893-07-19.*
 6. *C. Rae, Malaboeh ..., p. 10.*
 7. Die Anglikaanse term *deacon* is as *diaken* vertaal. In hierdie hoofstuk word die term deurgaans met sy Anglikaanse betekenisonderskeiding gebruik, naamlik 'n predikant laer in rang as 'n priester en 'n biskop.
 8. *CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: D. Rees – H.B. Bousfield, 1893-06-17; Bishop of Bloemfontein – H.B. Bousfield, 1893-07-19.*
 9. *CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 23 June 1892 – 11 January 1894, p. 583: H.B. Bousfield – D. Rees, 1893-09-15; letters received February 1893 – October 1893: C. Rae – H.B. Bousfield, 1893-09-18; D. Rees – H.B. Bousfield, 1893-09-30.*

verskuif het, geruime tyd reeds ‘n wewenaar was.¹⁰ Vanaf *Bishop’s Cote*, die Bousfields se woning in Schoemanstraat, het Rae en Rees – ook ‘n vrygesel – na hulle nuwe tuiste, Fordsburg, vertrek.¹¹

Vir Rae was die verhuising na die Rand die begin van ‘n ses jaar-lange verblyf in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR). Dit is moeilik om te bepaal waarom hy sy skynbaar belowende loopbaan in Kimberly laat vaar het en Rees gevolg het om ‘n nuwe gemeente¹² by Fordsburg, “a mining and mechanic suburb of Johannesburg”,¹³ te gaan beman. Rae was ten tye van hulle vertrek uit die Bloemfontein-bisdom hoof van die *All Saints*-skool in Beaconsfield.¹⁴ Die aartsdiaken van Bloemfontein het sy persoonlike spyt uitgespreek oor sy besluit om hulle bisdom te verlaat.¹⁵ Daarteenoor, was biskop Bousfield, met sy outokratiese en konserwatiewe beskouings,¹⁶ nie besonder beïndruk met Rae se gebrekkige kennis van Antieke Tale nie en sou hy heelwat meer eise aan die sub-diaken stel voordat hy bereid sou wees om hom te orden.¹⁷ Het Rae gevlei gevoel omdat Rees slegs bereid was om die beroep na Fordsburg te aanvaar op voorwaarde dat sy musikale en vaardige helper van die voorafgaande byna drie jaar, hom kon vergesel?¹⁸ Kan Rae se rusteloosheid en *wanderlust* toegeskryf word aan ‘n hunkering terug na die besige stadslewe wat hy in Londen geken het gedurende die vyf jaar dat hy daar geestelike werker was?¹⁹ Sedert die *De Beers’ Corporation* Kimberly se diamantvelde in 1880 gemonopoliseer het, het die aantal onafhanklike individuele delwers daar skerp begin afneem.²⁰ Waarskynlik was die daling in die aantal potensiële kerkgangers wat hierdie wending noodwendig vir die Beaconsfield-gemeente ingehou het,²¹ vir Rae, soos vir Rees, ‘n

-
10. St. Alban’s Cathedral, Anglican Diocese of Pretoria: Cathedral Marriage Register 21 February 1871 – 6 March 1905, p. 126: no. 247, 1898-07-06. Daar word op die huweliksertifikaat aangedui dat Rae ‘n wewenaar was.
 11. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: C. Rae – H.B. Bousfield, 1893-09-18.
 12. Die Anglikaanse term *parish* is as *gemeente* vertaal.
 13. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, record-book, Church Record Library – Pretoria 1890-1894, p. 390: H.B. Bousfield’s testimony on D. Rees, 1895-07-11.
 14. Geskrewe inligting: C.J. Wakeling, Archivist, United Society for the Promotion of the Gospel, Partnership House, 157 Waterloo Road, London SE1 8XA, England, 1995-11-28.
 15. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: Bishop of Bloemfontein – C. Rae, 1893-07-13.
 16. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 154 & 159; A.D. Mawby, The right reverend doctor Henry Brougham Bousfield, first Anglican Bishop of Pretoria: the first phase in the Transvaal (1879-1886), *Historia* 8(2), June 1963, p. 87.
 17. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 23 June 1892 – 11 January 1894, p. 425: H.B. Bousfield – D. Rees, 1893-06-19.
 18. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: D. Rees – H.B. Bousfield, 1893-06-17 & 1893-06-22.
 19. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: D. Rees – H.B. Bousfield, 1893-06-17.
 20. C. van Onselen, *The seed is mine. The life of Kas Maine, a South African sharecropper 1894 - 1985*, p. 34.
 21. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: D. Rees – E. Jones, 1893-05-27.

belangrike oorweging om 'n nuwe werksfeer op te soek. Vir die twee vrygeselle was hierdie drastiese verskuiwing waarskynlik ook minder ontwrigtend en riskant as wat die geval sou wees indien hulle enige afhanklikes moes gehad het. Wát Rae se motivering ook al was, die ses jaar in die ZAR sou nie vir hom besonder voorspoedig verloop nie.

Aanvangsjare van Christoph Sonntag se loopbaan: van Botshabelo na Blauberg²²

Christoph Sonntag se kinderjare was waarskynlik minder ontwrig as dié van Rae, wat beide sy ouers vroeg verloor het. Sonntag se ouers, kleinboere van die Oos-Pruisiese dorpie Fürstenau, het vir hom deur briefwisseling²³ 'n punt van vastigheid bly bied toe hy in 1885 deur die Lutherse Berlynse Sendinggenootskap (BSG) na Suid-Afrika gestuur is. Na 'n aanvanklike opleidingsjaar by Neu-Halle op die Springbokvlakte, is hy in Desember 1887 na Botshabelo naby Middelburg in die ZAR verplaas (Sien Kaart 7 aan die einde van die hoofstuk). Hy sou uiteindelik meer as dertig jaar, tot met sy dood in Januarie 1919, in Transvaal woon en werk. Met sy aankoms in Suid-Afrika, het Sonntag reeds 'n kwalifikasie van die Berlynse Onderwyskollege agter sy naam gehad.²⁴ Soos Rae, sou ook Sonntag vir die volle duur van sy loopbaan nou met die onderwys gemoeid wees.²⁵ Op Botshabelo het hy, met die aflegging van die finale eksamens en lewering van proefpreke in Sepedi, ook sy sendingopleiding suksesvol voltooi.²⁶ In teenstelling met die talle besware en oponthoude wat Rae tot byna 'n dekade later nog sou moes trotseer, is Sonntag reeds op 2 September 1888, skynbaar sonder enige voorbehoud, in sy amp georden. Nog in dieselfde jaar, 'n week voor Kersfees, is hy getroud met Marie Brenning, sy studente-liefde wat hom vanuit Duitsland na die ZAR gevolg het.²⁷

In 1892 het Sonntag 'n beroep aanvaar na Blauberg, die sendingstasie vir die Hananwa, wat reeds in 1868 deur eerwaarde E.B. Beyer in die huidige Noordelike Provinsie aangelê is. *Kgoši Matsiokwane* (Mmalebôhò), wat die toestemming tot die stigting van die stasie verleen het, is reeds in 1879 oorlede. Hy is opgevolg deur Kgaluši (dié legendariese 'Maleboch' van die 1894-oorlog), maar in dieselfde tyd het

22. 'n Kaart aan die einde van die hoofstuk gee 'n aanduiding van die ligging van die Berlynse en ander sendingstasies waarna verwys sal word.

23. C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, pp. 1-2.

24. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. xiii-xiv.

25. C. Sonntag, *Notizen ...*. Sien onder meer pp. 27, 60, 71 & 123.

26. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 67; C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. xiii.

27. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 68-69.

‘n faksie van die Hananwa ook weggebreek onder ‘n mindere leier, Kibi (Ramatho).²⁸ In sy dagboek beskryf Sonntag die geleentheid om uiteindelik onder hierdie ‘heidene’ te kon gaan werk, as die vervulling van ‘n jarelange hartewens.

Die Sonntags en hulle twee klein kindertjies het die tog na Blauberg op 4 Julie 1892 aangepak.²⁹ Op 11 Julie het hulle Neu Halle-sendingstasie aangedoen en ‘n dag daar gerus voordat hulle verder gereis het. By Waterberg-stasie (Modimulle – sien Kaart 7 aan die einde van die hoofstuk), waar die Botshabelo-helpers met hulle twee waens die Sonntags en hulle besittings agtergelaat het, het die gesin drie weke verpoos (14 Julie tot 5 Augustus). Terwyl die mankolieke Blauberg-stasie se wa opgeknop is vir die oorblywende deel van die reis, het Oswald Krause vir Sonntag op die hoogte gebring met die stand van sake tussen die Hananwa en die BSG.³⁰ Groot omsigtigheid sou inderdaad aan die dag gelê moes word indien die BSG sy werksaamhede op Blouberg weer op ‘n gesonde grondslag wou kry.³¹ Verhoudinge tussen (Kgaluši) Mmalebôhō en die BSG is ernstig ontwig deur die volgende onnadenkende handeling van Sonntag se voorganger, eerwaarde C.H.C. Stech: eerstens, sy aandrang op erkenning van die BSG se wetlike aanspraak op die stasiegrond,³² tweedens, die “goud-besigheid”, soos Sonntag dit gestel het, waarby hy Mmalebôhō betrek het en dan laastens, sy vertrek vanaf die stasie sonder om afskeid te neem, wat deur die Hananwa as ‘vlug’ geïnterpreteer is. Na hierdie opeenvolgende negatiewe ervarings, wou Mmalebôhō Stech se tydelike plaasvervanger, eerwaarde A.G.E.G. Herbst, nie eens toelaat om op die Blauberg-stasie te vertoef nie.³³ In die lig van hierdie verwickelinge, kan die feit dat die BSG Sonntag gekies het om sake te kom beredder, gesien word as ‘n mosie van vertrouwe in sy bekwaamheid as bemiddelaar.

Die nuwe sendeling en sy gesin het middel-Augustus 1892,³⁴ dit wil sê ongeveer ‘n jaar voordat Rae sy finale voorbereidings begin tref het om na Fordsburg te verhuis,³⁵ op die Blauberg-sendingstasie aangekom. Albei die getuies het dus min of meer gelyktydig ‘n betekenisvolle nuwe fase in hulle loopbane betree. Vanuit die oogpunt van hierdie ondersoek, kan gesê word dat Sonntag se aankoms op Blauberg byna twee

-
28. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 49; T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*. M.A. dissertation, UNIBO, 1993, pp. ii & 98. Sien hoofstuk twee vir meer besonderhede.
29. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 123.
30. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 125.
31. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 126.
32. Sien **BYLAE B** vir ‘n uiteensetting van dié grondkwestie.
33. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 128.
34. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 126.
35. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 23 June 1893 – 11 January 1894, p. 583, H.B. Bousfield – D. Rees, 1893-09-15.

jaar voor die 1894-oorlog, waardevolle voorbereidingstyd aan hom gebied het - wat ongetwyfeld van betekenis sou wees tydens die latere waarneming en optekening van dié gebeure. Tydens hierdie twee voorafgaande jare, het Sonntag nie net verdraagsaamheid nie, maar selfs die goeie guns van Mmalebôhō gewen. So kon Sonntag hom, met die gemoedsrus van amptelike goedkeuring, in sy sendingtaak verdiep.³⁶

Sonntag het gedurende sy eerste twee jaar op Blauberg ook 'n gesonde verhouding met sy toesighouer in die sendinggenootskap opgebou. Minder as 'n maand nadat hy by Blauberg aangekom het, is Carl Knothe, die superintendent van die Noord-Transvaalse sinodale streek, oorlede. Hy is op Mphome (sien Kaart 7) opgevolg deur Oswald Krause,³⁷ die einste persoon wat Sonntag by Waterberg help voorberei het op sy nuwe missie. Krause het sy direkteure in Berlyn in April 1894 in 'n vertroulike brief versoek of Sonntag hom nie op Mphome kon kom bystaan nie. Hoewel hierdie versoek nie gerealiseer het nie, het dit Krause so ver gebring om sy waardering vir Sonntag se rustige, verstandige werkwyse as bemiddelaar, op skrif te stel. In die brief beskryf hy ook hoe beweeglik Sonntag met sy perd was en hoe goed hy daarin geslaag het om kontak met mense in afgeleë dele en steil bergwêreld te behou.³⁸ Min sou Krause in daardie stadium weet hoe voordelig dit in die daaropvolgende maande vir die BSG sou wees om die persoon met hierdie vaardighede eerder by Blouberg gestasioneer te hê.

Colin Rae in Fordsburg en Pretoria

Terwyl Sonntag Blouberg en omstreke leer ken het, die sendingstasie vir homself en sy gesin ingerig het en die Hananwa- en die Boere-regering se leiers ontmoet het,³⁹ het Rae nie in Fordsburg ingeburger geraak nie. Kort nadat hy en Rees daar met hulle werksaamhede begin het en pas nadat hy as diaken georden is, het Rae aan die biskop

-
36. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 134-136 is Sonntag se beskrywing van sy eerste en suksesvolle besoek aan Mmalebôhō op 27 Oktober 1892. Vertaler K. Sonntag het hierdie besoek, asook die tweede ontmoeting tussen sy vader en Mmalebôhō, wat op 21 Maart 1893 plaasgevind het, as deel van die proloog tot die 1894-oorlog, by sy Engelse publikasie ingesluit. Sien C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 5-10.
37. L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hulle nageslag ...* pp. 194-195 & 215-216.
38. *Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft (EA BMG): Acta betreffend Nord-Transvaal, März 1894 – December 1897: ABT 4 no. 5, pp. 4-6: O. Krause – Comité. 1894-04-16.*
39. C. Sonntag, *Notizen ...*. Sien onder meer p. 133 (ontmoeting met 'naturellekommissaris' Barend. J. Vorster sr.), p. 134 (ontmoeting met Kibi), pp.146-148 & 155 (onderskeidelik eerste en tweede ontmoeting met (Kgaluši) Mmalebôhō.

geskryf en ‘n oorplasing na ‘n ander werksfeer gevra.⁴⁰ Bousfield moes inderdaad oorbluf gewees het:⁴¹ in hulle voorafgaande korrespondensie het Rae en Rees immers die indruk geskep dat hulle ‘n hegte en gesonde werksverhouding gehad het.⁴² In die daaropvolgende weke het Rae se versoek om van sy verpligtinge by Fordsburg verlos te word, al hoe knaender geword, Rees se klagtes by die biskop oor Rae se beweerde dwarstrekkerie al hoe dringender, en die biskop se vermanings aan Rae (onder meer dat hy moes ophou om sy toekomstige loopbaan in die gevaar te stel) al hoe ernstiger.⁴³ Uitendelik het die biskop Rae se versoek toegestaan. Aan die begin van Mei 1894 het hy ‘n tydelike pos in Pretoria aanvaar,⁴⁴ hoewel ‘n verplasing na ‘n besige stadswyk, soos Braamfontein, “where there is plenty to be done”,⁴⁵ veel meer in sy smaak sou geval het.

Rae wy nie self uit oor die aard van sy werk in Pretoria nie. Die sendeling-rol van die Anglikaanse Kerk se sendingliggaam, die *Society for the Promotion of the Gospel* (SPG), dui aan dat hy gedurende 1894 in die *Cathedral Mission* in Pretoria gedien het.⁴⁶ Hoewel daar aanduidings bestaan dat Rae se werk in Beaconsfield ook sendingwerk ingesluit het,⁴⁷ het hy homself, in lynregte teenstelling met Sonntag, beslis nie as ‘n sendeling beskou nie. Trouens, hy het hom eerder van die sendeling se werkwyse en beskouings gedistansieer.⁴⁸ Dit verklaar miskien waarom hy nie self meer besonderhede gegee het oor die aard van sy tydelike pos in Pretoria nie.

-
40. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 1893-1899, p. 72: Return of confirmations during the ecclesiastical year, Advent 1893-1894; letters received 27 October 1893 – July 1894: C. Rae – D. Rees, 1894-01-08 & C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-01-13.
41. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 12 January 1894 – 4 December 1894, pp. 6 & 7: H.B. Bousfield – C. Rae & H.B. Bousfield – D. Rees, 1894-01-18.
42. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: D. Rees – H.B. Bousfield, 1893-06-22.
43. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received 27 October 1893 – July 1894: D. Rees – H.B. Bousfield, 1894-01-20; C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-01-27; D. Rees – H.B. Bousfield, 1894-02-05; letter-book 12 January 1894 – 4 December 1896, p. 54: H.B. Bousfield – C. Rae, 1894-03-29.
44. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received 27 October 1893 – July 1894: C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-05-04; C. Rae, *Malaboeh ...*, p. vii.
45. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received 27 October 1893 – July 1894: C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-01-13.
46. Geskrewe inligting: C.J. Wakeling, Archivist, United Society for the Promotion of the Gospel, Partnership House, 157 Waterloo Road, London SE1 8XA, England, 1995-11-28. Die 1894-geval is die enigste inskrywing in die *missionary roll* wat Rae met die SPG verbind.
47. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 – October 1893: Bishop of Bloemfontein – H.B. Bousfield, 1893-07-19.
48. C. Rae, *Malaboeh ...*, pp. 105-106.

‘n Vergelyking tussen die *Church of the Province of South Africa* en die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal

‘n Uiteensetting van die stand van sake in Rae en Sonntag se onderskeie denominasies in Transvaal van die 1890’s, is nodig om die ondersoeker meer vertrouwd te maak met elk van die getuies se werklikheidsbeskouing. Die liturgiese en dogmatiese verskille⁴⁹ tussen die *Church of the Province of South Africa (CPSA)*⁵⁰ se Pretoria-bisdom en die Lutherse BSG se Transvaalse sinodale streke, het tot op organisatoriese vlak deurgewerk. Sonntag en Rae se onvermoë om op persoonlike vlak by mekaar te kon aanklank vind, was ‘n weerspieëling-in-die-kleine van die algemene apatie wat ook op hoë vlak tussen die twee denominasies bestaan het.⁵¹ Sonntag se BSG was in hierdie jare, ten minste wat die ZAR betref, ongetwyfeld meer dinamies en welvarend as die Anglikaanse kerk onder biskop Bousfield.⁵² Die verskille tussen die twee denominasies word vervolgens sistematies bekyk.

Tussen 1860 en 1900 het die BSG dertig sendingstasies met 105 buiteposte in Transvaal tot stand gebring.⁵³ Daarteenoor, het die Anglikaanse Kerk teen 1890 slegs een swart sendingstasie in Transvaal gehad. Moloti (St Michael’s) te Potchefstroom is eers in 1886 gestig en was teen 1891 reeds in die proses om tot ‘regeringslokasie’ omvorm te word⁵⁴ - ‘n tendens, terloops, wat die BSG sterk teengestaan het.⁵⁵ (Moloti word nie meer op Kaart 7 aangedui nie).

-
49. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 159.
50. Vir die doeleindes van hierdie bespreking, word die benaminge *CPSA* en *Anglikaanse Kerk* as sinonieme gebruik.
51. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 163.
52. Henry Brougham Bousfield was die eerste biskop van Pretoria. Hy het in 1879 in Pretoria aangekom en sou sy bisdom, wat die hele Transvaal ingesluit het, vir die volgende 23 jaar beheer. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 153-154. Die Berlynse Sendinggenootskap het hulle werksaamhede in 1860 na die Transvaal uitgebrei, toe Alexander Merensky en Heinrich Grutzner as sendelinge na die Swazi gestuur is. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 10.
53. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 163.
54. C. Lewis & G.E. Edwards, *Historical records of the Church of the Province of South Africa*, pp. 588-589.
55. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 143.

1. Primêre doelstellings in die ZAR

‘n Eerste rede vir hierdie verskil in aantal sendingstasies lê waarskynlik in die verskil tussen die twee groepe se primêre doelstellings in die ZAR. Vertoë om die totstandbrenging van ‘n eie Anglikaanse bisdom vir Transvaal, het eers pas na die Britse anneksasie daarvan in 1877,⁵⁶ vrugte afgewerp. Dit bevestig dat die geestelike welsyn van die Engelse gemeenskap die eerste prioriteit van die CPSA in Transvaal was. Biskop Bousfield het hom persoonlik baie sterk daarvoor uitgelaat. Om ‘heidene’ in die kerk te vergader terwyl Engelse self besig was om te verheidens, was vir hom ongehoord.⁵⁷ Daarteenoor, was die BSG se toetrede tot die gebied noord van die Vaalrivier en die uitbreiding van hulle aktiwiteite aldaar, primêr gemik op die kerstening van swartmense, of sogenaamde heidene.⁵⁸ Die BSG was immers ‘n sendinggenootskap, en in die Suid-Afrikaanse konteks het die woorde *heiden* en *sending*, ook vir die Anglikane, ongetwyfeld betrekking gehad op mense wat nié wit was nie.⁵⁹

Die feit dat die Engelse gemeenskappies van Transvaal hulle eerste prioriteit was en dat hulle slegs een sendingstasie in die gebied tot stand kon bring, het nie beteken dat die Anglikane geen ander swartmense as dié van Moloti bereik het nie. Die swartmense wat die landelike ‘stamgebiede’ verlaat het om ‘n kontant-inkomste uit mynbou te gaan verdien, het - soos die Engelse wat die mynbousentra om dieselfde rede opgesoek het - juis dáár binne die visier van die Anglikane beland. Rae sou herhaaldelik tydens sy wedervaringe in Transvaal vir sulke swart gemeentes preek.⁶⁰ Waar die BSG swartmense direk vanuit die landelike en tradisionele samelewing wou kersten en Westers ‘opvoed’, was die swartmense met wie die Anglikane op die myndorpe in aanraking gekom het, reeds ingewy tot die Westerse leefwyse. Die Transvaalse mineralerewolusie (en die aanvoerwerk wat genootskappe soos die BSG gedoen het om mense uit die tradisionele samelewings te ontwortel), het die

-
56. C. Lewis & G.E. Edwards, *Historical records of the Church of the Province of South Africa*, p. 580.
 57. C. Lewis & G.E. Edwards, *Historical records of the Church of the Province of South Africa*, pp. 580-581.
 58. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, pp. 1-2, 25 & 145.
 59. Vergelyk byvoorbeeld die verwysing van die BSG na die outohtone tale van Suidelike Afrika as “heidense tale”; D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 1. Rae se lang alleensprake in C. Rae, *Malaboeh ...*, pp. 47-48, waarin hy hom distansieer van die sendelingberoep, bevestig die algemene beskouing van die tyd dat ‘sending’ werk onder swartmense behels het. Hoewel hy dit nie heeltemal só rigories en deurlopend toepas nie, blyk dié rasse-onderseid ook uit P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, p. 157, se verduideliking dat “ministering” vir die nie-Anglikaanse delwers nodig was, maar dat swart mynwerkers as ‘n “new missionary field” beskou is.
 60. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 12 January 1894 – 4 December 1896, p. 203: H.B. Bousfield – C. Rae, 1894-09-06; letters received November 1898 – May 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-04-10.

Anglikane se sendingveld dus as't ware op 'n skinkbord vir hulle aangebring na waar hulle reeds werksaam was.

Volgens die kerkhistorikus Peter Hinchliff sou hierdie 'sendingveld op 'n skinkbord' in die hande van 'n meer bedrewe bestuurder as Bousfield, met veel groter sukses bearbei kon word.⁶¹ Wat nietemin duidelik blyk, is dat die aanvanklike keuse van teikengroepe, demografiese realiteite en die mynbou-geörienteerde ekonomiese ontwaking van Transvaal, vroeg reeds bygedra het tot die plasing van die BSG in die rol van ontwrigter en die CPSA in die rol van weldoener teenoor swartmense - 'n persepsie wat gedurende die twintigste eeu dieper inslag sou vind. Rae en Sonntag se persoonlike vooroordele sal illustreer dat hierdie persepsie nie altyd op grondvlak toepaslik was nie.⁶² Om terug te kom tot die negentiende-eeuse agterstand van die Anglikane wat aantal sendingstasies betref: indien die Anglikane meer fondse tot hulle beskikking gehad het, sou dit waarskynlik sigbaarder gewees het dat, hoewel mense soos Rae nie hierdie sentiment gedeel het nie, daar wel sendingywer in hulle geledere was.

2. Finansiële posisie

Die finansiële posisie van die BSG en die CPSA in Transvaal het aansienlik verskil. Reeds met Bousfield se aankoms in Pretoria en die afstigting van sy bisdom van dié van Bloemfontein in 1878, het die Anglikaanse Kerk in Transvaal finansiële probleme ondervind. Die oorlog van 1880-1881 het die situasie geensins verbeter nie en teen die 1890's moes Bousfield per geleentheid kerkeiendom verkoop om uitgawes te kon dek.⁶³ Die rede vir hierdie finansiële krisis het veral gelê in die CPSA se wisselvallige bronne van inkomste.⁶⁴ SPG-subsidies vanuit Londen was strenggesproke bestem vir sendingwerk en nie in die eerste plek beskikbaar om maandelikse uitgawes te dek nie.⁶⁵ Die Engelse gemeenskappies van Transvaal, wat veronderstel was om geld vir die bou van kerke en die salarisse van geestelikes te voorsien, se getalle het na die onafhanklikwording van die Republiek in 1881 aansienlik gekrimp.⁶⁶ 'n Groot

61. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, p. 157.

62. Let op hoe die volgende veralgemenende en idealistiese uitspraak deur 'n kerkhistorikus, gemaak in 1911, die situasie in Bousfield se bisdom weerspreek: "It is to be clearly understood that bishops and clergy in the various dioceses labour indifferently among white and coloured and black." (J. du Plessis, *A history of Christian missions in South Africa*, p. 359). Die aanhaling sou eerder 'n gepaste beskrywing gewees het van Sonntag se erediens op 'n Botshabelo-buitestatie soos Hartebeesthoek. Sien C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 75.

63. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 154-155 & 162.

64. C. Lewis & G.E. Edwards, *Historical records of the Church of the Province of South Africa*, p. 585.

65. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 157 & 158.

66. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, p. 155.

persentasie van die veronderstelde Anglikaanse gemeentelede was boonop delwers of myners - nie 'n besonder betroubare of stabiele bron van inkomste vir die geestelikes wat hulle moes bedien nie.⁶⁷ Rae se klagte teenoor Bousfield, dat Rees teen die helfte van die maand nog nie sy salaris aan hom oorbetaal het nie,⁶⁸ was geen uitsonderlike voorval nie.⁶⁹ Die salarisse wat sommige gemeentes bereid was om te betaal, het 'n voorkeur vir enkelopende Anglikaanse geestelikes, teenoor getroudes met kinders, laat ontstaan.⁷⁰

Dit kon nouliks finansiële vergoeding gewees het wat óf Anglikaanse predikante óf Berlynse sendelinge na Transvaal gelok het. Hoewel ook hulle nie 'n fortuin sou maak uit sendingwerk nie (Sonntag was byvoorbeeld besonder spaarsamig),⁷¹ het die gesonde finansiële posisie van die BSG verseker dat daar veel groter gemoedsrus onder sy werknemers geheers het.⁷² Die BSG se sterk finansiële basis was grootliks te danke aan die goeie grondslag wat direkteur H.T. Wangemann tydens sy diensjare (1865-1894) gelê het. Die BSG kon ook staatmaak op vrygewige finansiële ondersteuning vanuit Duitsland.⁷³ Daarteenoor, kon die basiese finansiële probleme wat die CPSA van Transvaal in sy dag-tot-dag funksionering ondervind het en wat die doeltreffendheid van die instelling benadeel het, nie deur die moontlikheid van SPG-subsidie uit Londen goedgemaak word nie.

3. Agtergrond en opleiding van werknemers

'n Volgende verskil tussen die CPSA en die BSG wat uitgewys behoort te word, is die uiteenlopende aard van die groep werknemers waarvan Rae en Sonntag onderskeidelik deel was. Terwyl biskop Bousfield in Maart 1892 teenoor die aartsdiake van Bloemfontein gekla dat hy nie "any more shakey characters"⁷⁴ in sy bisdom wou akkommodeer nie, het die BSG teen die einde van die negentiende eeu reeds 'n gevestigde tradisie van streng keuring en opleiding vir sy sendelinge gehad.

67. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 157-158.

68. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received 27 October 1893 – July 1894: C.Rae – H.B. Bousfield, 1894-01-13.

69. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 155 & 160.

70. C. Lewis & G.E. Edwards, *Historical records of the Church of the Province of South Africa*, p. 588; CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 1 July 1898 – 27 December 1901, p. 230: H.B. Bousfield – The Church Wardens of Lijdenburg, 1899-05-10.

71. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 37 & 56.

72. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, pp. 1 & 7.

73. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, pp. 6-7.

74. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 27 July 1891 – 22 June 1892, p. 541: H.B. Bousfield – Archdeacon of Bloemfontein, 1892-03-29.

Met die hersiening van die sendingreglement in 1882, is die vereistes selfs verder verhoog. Na 'n deeglike en uitgebreide opleiding van vier en 'n half jaar, moes daar voor 'n kommissie eksamen afgelê word. 'n Verdere twee jaar proeftermyn op die sendingveld het gevolg voordat die leerling-sendeling deur 'n senior sendeling, op gesag van die Koninklike Pruisiese Konsistorium, georden is.⁷⁵

Teenoor die BSG se standaard-kursus vir die opleiding van sendelinge, het die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika in daardie stadium geen uniforme opleidingstelsel vir geestelikes gehad nie. Volgens die sogenaamde *provincial scheme*, was Latyn byvoorbeeld nie 'n vereiste vir diakens om georden te word nie. Aangesien beide die biskoppe van Bloemfontein en Pretoria nie daarmee geneë was nie, moes Rae, alhoewel hy die *provincial scheme*-eksamens geslaag het, eers sy kennis van Latyn en Grieks bybring voordat hy georden kon word.⁷⁶

Die toereikendheid van Rae se akademiese skoling is meermale deur sy seniors in twyfel getrek,⁷⁷ terwyl aanduidings van soortgelyke aard nie in student Sonntag se geval opgespoor kon word nie.⁷⁸ Indien Rae dan teen 1894 Sonntag se mindere was as dit gekom het by teoretiese en akademiese opleiding - kennis van Antieke Tale, of kerklike leerstellings - sou dit weliswaar nie sy vermoë om betroubaar oor die Blouberg-oorlog verslag te doen, direk belemmer het nie. Tog sou die praktiese aspekte van die BSG-opleiding, wat Rae óók kortgekom het, Sonntag wel as waarnemer van die konflik kon bevoordeel. Handvaardighede, elementêre mediese kennis en opleiding in die tale van ál die betrokke partye - modern (Engels en Nederlands) sowel as heidens (Noord-Sotho/Sepedi)⁷⁹ - het die Berlynse sendeling ongetwyfeld meer in voeling met sy sendingveld-leefruimte geplaas. Daar kon, in die lig van sy Engels-akademiese, byna middeleeus-georiënteerde opleiding onder

75. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 2.

76. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 - October 1893: Bishop of Bloemfontein - H.B. Bousfield, 1893-07-19; letter-book 23 June 1892 - 11 January 1894, p. 670: H.B. Bousfield - C. Rae, 1893-11-28.

77. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received February 1893 - October 1893: Bishop of Bloemfontein - H.B. Bousfield, 1893-07-19; letter-book 4 December 1896 - January 1899, p. 93: H.B. Bousfield - C. Rae, 1897-01-18; letters received May 1901 - December 1901: C. Rae - H.B. Bousfield, 1901-11-28.

78. Dit sal veral uit die hieropvolgende hoofstukke blyk dat dit 'n tipiese kenmerk van Sonntag was om homself te verweer die oomblik dat sy vaardigheid of integriteit in twyfel getrek is. Indien hy dan wel enige aanduidings ontvang het dat sy akademiese vordering nie na wense was nie, sal dit moeilik wees om te verklaar waarom geen tekens van selfregverdiging in hiërdie verband, in sy dagboek gevind kon word nie. Sy pligsgetroue voorbereidings vir die eksamen van 17 April 1888 kan, saam met die beskrywing van allerlei ander daaglikse verpligtinge, in sy dagboek gevolg word. Die bevinding van vyf verskillende eksaminatore, was, in Sonntag se eie woorde: "[i]n allen Fächern gut" (in alle vakke goed). Sien C. Sonntag, *Notizen ...*, onder meer pp. 31, 41 & 66-67.

79. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 2.

Bousfield, nie van Rae verwag word om tot dieselfde mate as Sonntag in voeling met die 1894-oorlogsmilieu te gewees het nie.

4. Effektiewe bestuur: instellings en persoonlikhede

Met sy persoonlike voorkeur vir die ou tradisies van die oorspronklike *Church of England*,⁸⁰ het Bousfield se bestuurstyl nie werklik 'n antwoord gebied op die uitdagende vraagstukke waarvoor die *CPSA* se diakens, priesters, toegewyde leke en enkele sendelinge in die 1890's in Transvaal te staan gekom het nie. Ter versagting van die oordeel oor Bousfield, moet genoem word dat die *CPSA* nie soos die BSG op die gemoedelike ondersteuning van die Boereregering, wat in 1881 weer beheer oor die staat oorgeneem het, kon staatmaak nie.⁸¹ Tog verklaar dit nog nie waarom Bousfield sy weergawe van die Engelse parogiale stelsel onbuigsaam op die Suid-Afrikaanse realiteit bly toepas het, terwyl die wydverspreide en krimpemde Engelse gemeenskappies van Transvaal buite die Rand, om 'n logieser, pragmatiese benadering gevra het nie.⁸² Die nuwe era wat die ontdekking van goud aan die Rand ten opsigte van gemeentelike bediening én sending ingelui het, het ook om nuwe administratiewe masjinerie gevra.⁸³ Die bisdom Pretoria is gedurende die 1890's geteister deur 'n bitter stryd tussen Bousfield, verteenwoordiger van die 'ou orde', en John Darragh, die priester in beheer van die Witwatersrand en 'n kampvegter vir vernuwing.⁸⁴

Vir die volle duur van sy verblyf in dié bisdom (en selfs daarna) het Rae, ten spyte van 'n paar skerp teregwysings oor sy persoonlike gedrag,⁸⁵ soos die spreekwoordelike hond aan sy meester Bousfield lojaal gebly.⁸⁶ Bousfield se vermanings aan Rae, tot groter insiklikheid en gemoedeliker samewerking met sy Anglikaanse kollegas, het reeds vroeër in hierdie hoofstuk aandag geniet. Afgesien van die groeperinge rondom die groter Bousfield-Darragh-stryd, moes kleinliker onderlinge onmin soos hierdie, óók nog deur die *CPSA* getrotseer word.

80. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 154 & 156.

81. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, p. 155; D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 12.

82. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 155-156.

83. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 157-158.

84. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 159-162.

85. Sien byvoorbeeld *CPSA: AB. 383 BOUSFIELD*, letter-book 12 January 1894 – 4 December 1896, p. 604; H.B. Bousfield – C. Rae, 1895-08-08.

86. *CPSA: AB. 383 BOUSFIELD*, letters received May 1901 – December 1901: C. Rae – H.B. Bousfield, 1901-11-28.

Die BSG het ook nie heeltemal gespaar gebly van interne twiste nie. In 1879-1880 het ten minste drie sendelinge uit die Genootskap bedank uit protes teen die bepalings van die nuwe superintendentskapsreglement. Dit sou na bewering hulle vryheid van optrede aan bande lê.⁸⁷ Tog het die instelling van die superintendentstelsel die funksionering van die Genootskap op die lang duur tot groot voordeel gestrek. Die superintendent het die sendingstasies onder sy beheer gereeld besoek. Hy het verantwoordelikheid vir die persoonlike gedrag van die sendelinge onder hom aanvaar. Hy het hulle dagboeke en verslae bestudeer en voorstelle aan die BSG-komitee in Duitsland daarvanuit geformuleer. Op versoek van die sendelinge onder hom, moes hy sinodesittings belê. Soos wat die sendingaktiwiteite uitgebrei het, is bykomende superintendente benoem.⁸⁸ Gedurende 'n later fase van sy loopbaan, sou Christoph Sonntag juis bevorder word tot visie-superintendent van Noord-Transvaal.⁸⁹

Net so véél as wat hierdie stelsel bygedra het om die Berlyners se sendingveld tot 'n eenheid te konsolideer,⁹⁰ net so mín het Bousfield se stelsel konsolidering in sy bisdom bewerkstellig. 'n Groot hoeveelheid tyd en energie is verspil bloot om met sy gefragmenteerde wit kudde regoor Transvaal kontak te behou⁹¹ - én om die "shakey characters" in sy diens op 'n deurlopende basis te vermaan of, ten einde raad, te ontslaan.⁹² Terwyl die BSG se wit sendelinge en swart evangeliste besin het oor die mate waartoe die gebruik van drank onder bekeerlinge beperk moes word,⁹³ het Bousfield ernstiger probleme ondervind: hoe om sy eie geestelikes sober te hou.⁹⁴ Dit sou spoedig blyk dat ook Rae in hierdie kategorie geval het.

-
87. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 19.
88. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, pp. 18-20.
89. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag). Unpublished, typed manuscript, p. iv.
90. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 20.
91. P. Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, p. 155.
92. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 27 July 1891 – 22 June 1892, p. 541; H.B. Bousfield – Archdeacon of Bloemfontein, 1892-03-29; letter-book 1893-1898, pp. 93-94; H.B. Bousfield – J.R. Godfrey, 1895-05-30; record-book, Church Record Library – Pretoria 1890-1894, pp. 390-392; H.B. Bousfield's testimony on D. Rees, 1895-07-11.
93. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 23.
94. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 12 January 1894 – 4 December 1896, p. 95; H.B. Bousfield – D. Rees, 1894-05-23; p. 619; H.B. Bousfield – C. Rae, 1895-08-23; letter-book 1893-1898, pp. 93-94; H.B. Bousfield – J.R. Godfrey, 1895-05-30.

Rae en Sonntag se posisie met die aanvang van die 1894-konflik tussen die ZAR en Mmalebôhō

Met die uiteensetting van die denominasionele verband waarbinne Rae en Sonntag onderskeidelik gestaan het, afgehandel, kan die spore van die twee individue weer in 1894 opgevolg word. Rae is op 19 Mei deur biskop Bousfield vrygestel van die verpligtinge van sy tydelike pos in Pretoria. Die ZAR het pas tevore die Pretoria-kommando opgeroep om deel te neem aan 'n veldtog teen Mmalebôhō van Blouberg. 'n Twintigtal van die gekommandeerdes was afkomstig uit die Engelssprekende sogenaamde Uitlander-gemeenskap van Pretoria.⁹⁵ Bousfield het amptelike toestemming van die regering verkry om 'n kapelaan tot hulle beskikking te stel. Sy keuse om die kommando te vergesel, het op Rae geval.⁹⁶ Dit was dan onder hierdie onwaarskynlike omstandighede, gedurende die wintermaande van 1894, dat Rae die Blouberg-leefruimte van Sonntag (en miskien belangriker, die Hananwa) betree het. Rae was 36 en Sonntag 32 jaar oud toe hulle mekaar ontmoet het. Die konflik van Junie en Julie 1894 sou die gemeenskaplike kern van hulle waarnemings, wat uiteindelik in twee afsonderlike publikasies weergegee is, vorm.

Die eerste ontmoeting tussen Rae en Sonntag: 1 Julie 1894

'n Insiggewende aspek van Rae en Sonntag se waarnemings, was natuurlik die wyse waarop hulle mekaar tydens hulle ontmoeting op 1 Julie 1894 opgesom het. Albei waarnemers het hierdie ontmoeting in hulle onderskeie egodokumente aangeteken. Die wyse waarop Sonntag homself van assosiasie met Rae gedistansieer het, is 'n direkte aanhaling werd:

Sunday 1 July 1894

Amongst others an English preacher paid me a visit. He was taking part in the campaign as army chaplain. He spoke and understood only English and could therefore serve only troops coming from Pretoria. He belonged to the English High Church and looked like anything but a clergyman. I understood from him that the episode of the bell-ringing, together with all the suspicions directed against me, had been reported in the Pretoria newspapers.⁹⁷

95. C. Jeppe, *The kaleidoscopic Transvaal*, p. 152.

96. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 1-5; Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: KG. 78, CR. 1622/94: H.B. Bousfield – P.J. Joubert, 1894-05-19.

97. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 82-84.

Dit is opvallend hoe Sonntag, in teenstelling met sy gebruikelike akkuraatheid, versuim om Rae se naam te noem. Hy lê ook besondere nadruk op wat hy as die uiters beperkte omvang van Rae se verpligtinge tydens die veldtog beskou. Rae het Sonntag wel ontstellende inligting verskaf oor die 'kloklui-insident': Dit was die gebruik op die sendingstasie om die Christene met die lui van 'n klok op te roep vir gesamentlike gebede en kerkdienste. Sonntag het toenemend bewus geword van gerugte onder die regeringsmagte, dat hy die klok tydens die ZAR se aanval op 14 Junie 1894 met opset gebruik het om die Hananwa te waarsku.⁹⁸ Die verspreiding van hierdie aantygings in die pers het die sendeling, wat veronderstel was om onder alle omstandighede aan die Boere-regering lojaal te bly,⁹⁹ se eie posisie ten nouste geraak. Sou Sonntag, as dit nie vir Rae se informasie dááror was nie, hoegenaamd die Anglikaan se besoek en sy teenwoordigheid tydens die veldtog, noemenswaardig genoeg geag het om in sy dagboek aan te teken?

Die probleme wat vertaling vir interpretasie meebring - en wat in die volgende hoofstukke meer spesifiek onder die loep geneem word - blyk reeds uit bogenoemde uittreksel uit Sonntag se dagboek. Die leser van die Engelse teks sal waarskynlik meer oortuigend 'nee' antwoord op bogenoemde vraag as die leser van die oorspronklike Duits. Daar bestaan dus aanduidings dat die vertaler wel die leser kan lei (mislei?) tot 'n sekere interpretasie van die teks. Nogtans is dit moontlik dat vrae soos die volgende, ingevoeg by die transkripsie uit die oorspronklike Duits, gestel kan word (Let op die ontgogelende implikasie wat dit kan inhou vir die gevolgtrekkings wat pas gemaak is):

Sonntag, den 1. Juli. Eine Anzahl Waterberger und mehr Botsabeloer Christen nehmen an dem heutigen Gottesdienst teil. [*Waarom beskou die vertaler hierdie sin as irrelevant genoeg om weggelaat te word? Is hy nie miskien besig om die leser se aandag uitsluitlik te probeer fokus op Sonntag se beskouing van Rae nie - ten einde te verseker dat hy die leser wel tot 'n oordeel oor Rae se karakter beweeg nie?*] Unter anderen beehrt mich auch heute ein engl. Prediger mit seinem Besuch. [*Het Sonntag Rae se besoek wel as 'n eer beskou? Waarom het die vertaler dit weggelaat - omdat Sonntag dit gewoon as wyse van spreke geskryf het en nie werklik bedoel het dat hy die besoek waardeur het nie? Wat as Sonntag inderdaad geëerd gevoel het?*] Er macht den Feldzug als Feldprediger mit. Er spricht und versteht nur englisch und kann somit nur den direkt aus Pretoria Stadt kommenden Truppen dienen. Der Herr [*Waarom het die vertaler hier slegs die persoonlike voornaamwoord 'he' (Duits 'er') gebruik? Was hy in die kol met sy afleiding dat Sonntag die benaming*

98. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 59 & 67-68.

99. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, pp. 12-14.



ietwat sarkasties gebruik het? In daardie geval gee sy oënskynlik neutrale 'he' die trant van die sendeling se vertelling beter weer as wat met 'n direkte vertaling, soos 'the gentleman', bereik sou word. Maar wat indien Sonntag opreg was in sy beleefde 'den Herr'/'the Gentleman'-benaming vir Rae? In daardie geval, was Sonntag self versigtiger in sy oordeel oor Rae as die vertaler, en gevolglik ook die leser van die Engelse teks] gehört der Englischen Hochkirche an und sieht allem andern, nur nicht einem Geistlichen ähnlich. - Wie mir berichtet wird, [Volgens hierdie woordkeuse is dit nie so 'n uitgemaakte saak dat dit spesifiek Rae was wat die klokklui-mededeling aan Sonntag gemaak het as wat die vertaler insinueer nie] hat die Geschichte vom Glockenläuten, mit sich daran knüpfender Verdächtigung auch in Pretoria Zeitung Aufnahme gefunden. - Bis jetzt soll man den Bahananoa gegen 3000 Stück Vieh abgenommen haben [Weer 'n opmerking wat die vertaler nie as die moeite werd geag het vir sy lesers om te sien nie. Tog is die verwysing na die buit van die Hananwa se vee openbarend ten opsigte van Sonntag se besorgdheid oor die Hananwa].¹⁰⁰

Genoeg van bostaande gekoggel met al wat veronderstel is om 'logiese afleiding' te wees - die wyse waarop inligting in die vertaler se narratief noodwendig aan sy persoonlike interpretasie diensbaar word, kom in 'n volgende hoofstuk onder die loep.: Bloot op grond daarvan dat Sonntag self 'n geestelike was en dat mense normaalweg nie negatief dink oor hulle eie identiteit nie, máák leser én vertaler die afleiding dat Rae se voorkoms, wat nié soos die van 'n geestelike was nie, Sonntag nie sou aangestaan het nie.

Sonntag se aantekening oor Rae se besoek is in een opsig vir die leser van groter waarde as wat die sendeling self met die skrywe daarvan sou vermoed: Die verwysing na die Pretoria-koerante verklap dat Rae in daardie stadium meer toegang tot hierdie bron van informasie gehad het as Sonntag. Rae kon die spesifieke koerantberig self onder oë gehad het, of hy kon die inhoud van die berigte verneem het per pos vanaf Pretoria¹⁰¹ - óf van sy vriende op kommando, waarvan een sêlf 'n korrespondent vir *De Volksstem* was.¹⁰² Dat Rae in sy eie weergawe van sy ontmoeting met Sonntag vertel van "a report in the *Johannesburg and Pretoria papers*",¹⁰³ ondersteun die afleiding dat hy meer spesifieke kennis oor die saak as Sonntag moes gehad het. Rae se vertelling bevat ook Sonntag se lang en heftige reaksie op die berig, heel selfversekerd in aanhalingstekens geplaas, asof Rae die presiese woorde mooi kon onthou:

100. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 226.

101. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 78. Veral biskop Bousfield se vrou het Rae onderskraag met gereelde pos uit Pretoria.

102. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. viii.

103. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 104. Kursifering L.K.

“The reports,” he said, “were fabulous and altogether false. The bell, indeed, is rung every morning soon after sunrise, and has been for years; but it is only used for the purpose for which it is intended, namely, to call the people together for worship. I have done all I can to bring Malaboch to reason, even at some risk to my life. I have interviewed him three times during the last week; and, indeed, while your forces were going up, I preceeded them in order to persuade the Chief to surrender; I have always upheld the Government.

Christianity, culture and civilisation can only be promulgated under a white government, and no matter what may have caused the war, it matters not to me; it is not for me to judge, and so I say nothing. I work for the Lord to christianise these people, and to try and make them peaceable and loyal subjects; this is my sole work, the rest I leave entirely. I have no desire to interfere in the internal affairs of the country; politics do not concern me, my work lies in another channel altogether. It is wicked, sir, very wicked, that such an infamous charge should be laid against me.¹⁰⁴
[Interessant genoeg, is die sluitende aanhalingstekens hier weggelaat.]

Die leser kan haarself afvra of Rae-hulle se besoek aan Sonntag nie meer berekend was as wat voorgegee is nie – om eerstehands kennis te maak met dié sendeling wat die ‘vyand,’ volgens gerugte, so goedgesind was én om hom te pols oor sy ware gevoelens. Sonntag was juis, soos reeds aangedui is, geneig tot selfregverdiging en sou nie op hom laat wag het nie. Indien Rae nie werklik notas gemaak het van Sonntag se verdediging nie, het hy die aanhalingstekens steeds met ‘n baie spesifieke doel gebruik: om aan te dui hoe sterk hy hom van Sonntag se standpunte wou distansieer. Rae was wel beleefd genoeg om die “most kind and hospitable”¹⁰⁵ manier waarop “Mr. Sonntag” hulle ontvang het, te erken, maar die grootste deel van sy beskrywing van die besoek word gewy aan ‘n uiteensetting van sy persoonlike afwysende houding teenoor sendelinge soos Sonntag:

I felt for Mr. Sonntag ... I do not altogether agree with their *modus operandi*, for I am in entire sympathy with the policy if the Government with regard to the native tribes.¹⁰⁶

Na hierdie uitspraak, brei hy ‘n hele bladsy lank uit oor hoe die regering swartmense se lui tradisionele bestaan moes beëindig en hulle moes dwing om by ‘n loonarbeidstelsel in te skakel.

104. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 104-105.

105. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 104.

106. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 105.

Twee dinge kan dus redelik seker uit Rae en Sonntag se onderskeie weergawes van hulle eerste ontmoeting afgelei word: dat hulle beleefd was teenoor mekaar, maar ook nie graag té nou met mekaar geassosieer wou word nie.

Die tweede ontmoeting tussen Rae en Sonntag: 1 Augustus 1894

Nadat Mmalebôhô homself op die middag van 31 Julie 1894 aan die Boere-magte oorgegee het, het Rae die tog huiswaarts op 2 Augustus saam met 'n seëvierende Pretoria-kommando aangepak¹⁰⁷ - maar nie sonder om die vorige dag nog eers van Sonntag te gaan afskeid neem nie.:

Whilst the Pretorians from Fort Ferreira were returning to laager, I rode with Dr. Liknaitzky to catch a glimpse of the prisoners in the Rustenburg laager, and to bid farewell to the Rev. G. [sic] Sonntag. Mr. Sonntag expressed himself with regard to the war in very plain terms. I give his own words: 'I am much disgusted with the whole proceedings, and feel very sorry for Malaboch, as I consider he has been most unjustly treated.' Bidding the reverend gentleman adieu, we wended our way to the Rustenburg laager, which was close by ...¹⁰⁸

In sy eie dagboekinskriving van die 1 Augustus-ontmoeting, maak Sonntag self geen melding van bogenoemde mededeling aan Rae nie. Dat hy wel ontsteld was oor die lot van die oorwonne Hananwa en veral van Mmalebôhô, blyk nietemin duidelik uit sy eie vertelling.¹⁰⁹ Die aanhaling wat Rae aan hom toedig, is egter onverskilliger, venyniger en net ietwat té blantant-krities om as 'n tipiese Sonntag-uitlating geloofwaardig te wees. Indien Sonntag wel die spesifieke woorde geuiter het soos wat Rae beweer, sou dit waarskynlik slegs op 'n spesifieke aspek van die regering se hantering van Mmalebôhô as gevangene gewees het en nie oor die ZAR-regering se oorlogsbeleid as sodanig nie. Sonntag was eenvoudig te bewus daarvan dat hy nie die verdraagsaamheid van die regering met sulke uitsprake durf uitdaag nie.

107. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 177 & 189.

108. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 185.

109. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 120.

Sonntag ná die 1894-oorlog: posisionering tussen die Hananwa-leierskap en die ZAR-regering

Terug in Pretoria, het Rae persoonlik met Mmalebôhò, die staatsgevangene, gaan kennis maak.¹¹⁰ Die omstandighede van hierdie ontmoeting staan in skerp kontras met die wyse waarop Sonntag die Hananwa-*kgoši*, uit die dae voor die oorlog, toe hy nog heerser oor Blouberg was, sou onthou. Die vertaler van sy dagboek wys daarop dat sendeling Sonntag nie weer probeer het om met Mmalebôhò kontak te maak nadat hy as gevangene na Pretoria weggevoer is nie.¹¹¹ Rae was dus inderdaad die laaste van die twee waarnemers om Mmalebôhò te gesien het. Mmalebôhò self sou die sendeling wel nog 'n laaste keer voor sy wegvoering wóú gesien het, maar aangesien die boodskap wat Sonntag in dié verband bereik het besonder vaag was, het hy nie daarop gereageer nie.¹¹² Sonntag se afsydigheid rakende die lot van Mmalebôhò as gevangene laat die leser onwillekeuring vra na die opregtheid van sy simpatie met die Hananwa en hulle leier. Sonntag se onbetrokkenheid by die Mmalebôhò-verhoor¹¹³ kontrasteer byvoorbeeld skerp met ('n Anglikaan soos!) biskop Colenso van Natal se welbekende en daadwerklike pogings om die Zoeloe-leier Cetshwayo se ballingskap in 1883 te beëindig.¹¹⁴

'n Verklaring vir Sonntag se optrede moet gesoek word in die geweldige erns wat hy gemaak het met sy sendingtaak en die groot mate waarin hy vir die voorreg om daarmee te kon voortgaan, aan die goedkeuring van die ZAR-regering uitgelewer was. Gehoorsaamheid aan alle wette van die ZAR was die voorwaarde waarop hulle werksaamhede as sendelinge toegelaat is.¹¹⁵ In Bylae B word verduidelik hoe die sendelinge selfs vir die grond waarop die sendingstasie gebou is, oor die Boereregering verleë was. "Dit wil dus blyk asof die sendelinge van die BSG dit as volkome in ooreenstemming met hulle sendingtaak beskou het om die staat, ook wat sy beleid ten opsigte van die nie-blankes betref het, met woord en daad te

110. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 205-206.

111. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 129.

112. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 129.

113. Alvorens die finale en wettige beslissings rakende Mmalebôhò en sy volgelinge kragtens Uitvoerende Raadsbesluit 440 in Pretoria geneem is, het die Krygsraad te Blouberg hulle ook reeds uitsprake rondom Mmalebôhò veroorloof. Sien TAB: SS. 4409, R. 8721/94, pp. 145-154: Kantoor Superintendent Naturellen Z.A.R. zendt copie eener besluit genomen door de Krijgsraad re het versteken of verbergen van Malaboch's volk, Pietersburg, 1894-08-11. Ingevolge die lasbrief wat Joubert op 7 Augustus 1894 te Blouberg opgemaak het, moes Mmalebôhò en sy 183 mede-leiers na die gevangenis in Pretoria geneem word ten einde hulle *teregstelling* daar af te wag. TAB: SSA. 2, R. 14/94, pp. 117-118: P.J. Joubert – H.P. Malan, 1894-08-07. Die Krygsraad se beslissings ten gunste van teregstelling is nooit deur die Uitvoerende Raad bekrachtig nie, maar daar bestaan ook geen aanduidings dat Sonntag hom in enige stadium van die verwickelinge vergewis het en die saak van die Hananwa bepleit het nie.


114. T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, pp. 152-153.

115. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 14.

eerbiedig.”¹¹⁶ Mmalebôhō en die Hananwa was vyande van die staat en indien Sonntag hom as hulle medepligtige voorgedoen het, sou hy dienooreenkomstig behandel word – en sy geleentheid om hulle as sendeling te bearbei, sou noodwendig van die baan wees. Die agterdog wat die ‘kloklui-insident’ met die aanvang van die oorlog in die koerante van die tyd gewek het, moes Sonntag maar te sterk onder die indruk van hierdie gevaar gebring het. Dit het hom waarskynlik selfs nog versigtiger en meer geïnhibeerd as gewoonlik gemaak. Hy en superintendent C.T. Nauhaus (van die Suid-Transvaalse sinodale streek) het dit byvoorbeeld nodig geag om sy posisie ook in ‘n brief aan die pers te verdedig.¹¹⁷

Met die wete dat hy hom na die veranderde omstandighede, soos bepaal deur die Boere-oorwinnaars, sou moes skik indien hy hoegenaamd nog enige rol in die Hananwa-gemeenskap wou speel, het Sonntag, sonder om ‘n vinger te verroer, toegekyk het hoe die laaste Boere met waens vol ingeboekte Hananwa-vroue en - kinders in Augustus 1894 vanaf Blouberg vertrek het¹¹⁸ Binne so ‘n raamwerk het Sonntag inderdaad nie veel beweegruimte oorgehad indien hy hom wel vir die saak van die verowerdes wou beywer nie. Dit moes nie vir Sonntag maklik gewees het om sy sin vir geregtigheid en sy persoonlike empatie met die Hananwa te smoor ten einde die taak waarvoor hy onder hulle gewoon het, te kon voortsit nie. In die Sendingargief in Berlyn is ‘n koerantknipsel met kommentaar in Sonntag se handskrif ingesluit by die dagboekinskrywings wat hy vir die begin van Junie 1894 (nog voor die ‘kloklui-insident’) vir sy toesighouers voorberei het.¹¹⁹ (Figuur 5)

-
116. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 12.
117. C. Sonntag & C.T. Nauhaus, De Heer Zendeling Zonntag en Malaboch, *De Volksstem*, 1894-10-20.
118. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 130-131.
119. EA BMG: Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaueberg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd 2: Tagebuch der Station Blaueberg: Von Ch. Sonntag, 1894-06-08..



Figuur 5: Knipsel uit 'n Nederlandstalige Transvaalse koerant (*De Volksstem?*) deur sendeling Sonntag ingesluit by die dagboek wat hy vir die kwartaal Mei – Augustus 1894 na sy superintendent gestuur het. Oswald Krause het dit weer aangestuur na die sendingdirekteure in Berlyn. Sonntag het die volgende frases onderstreep: “[de houding van Malabock] die bij een gelegenheid zoo brutaal was” (Sonntag se kommentaar: “?!!! waar?”); “Veel ingezetenen aldaar staan in onmiddelijk gevaar” (Sonntag se kommentaar: “?!!!”); “[Ook het leven en eigendom der getrouwe naturellen moet worden beschermd, want in vele gevallen wanneer het wordt bemerkt dat zij hunne belasting betalen, worden zij geplunderd en] door Malabock's volk gedood” (kommentaar ?).

Uit: *Evangelisches Archivzentrum*, Berlin: *Berliner Missionsgesellschaft* (EA BMG): *Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaubeurg, 1894-1905*: III, 5, 8, Bd 2: *Tagebuch der Station Blaubeurg*: Von Ch. Sonntag, 1894-08-06.

In teenstelling met die skynbaar beheerste gelatenheid waarmee hy die Boere-wette en -optrede teen die Hananwa aanvaar het, het hy die beskuldigings jeens die Hananwa wat as regverdiging vir die oorlog gebruik is, met vraag- en uitroeptekens in die kantlyn van die koerant, betwis. Hoewel hy die opmerkings waarskynlik in 'n onbewaakte oomblik van verontwaardiging gemaak het, moes dit 'n baie berekende besluit gewees het om die koerantknipsel in die maande na die oorlog in te sluit by die dagboekweergawe wat hy netjies oorgeskryf en na Krause op Mphome versend het. Dit is te betwyfel of Sonntag se ongemak met Boere-optrede volkome tot kantopmerkings en ink-uitroeptekens beperk sou bly. Hy sou sy vraagtekens jeens Boerebeleid in die praktyk nietemin veel subtieler moes plant as wat hy op papier gedoen het.

Sy werkwyse sou wees om deurgaans goeie verhoudinge met Piet Joubert, kommandant-generaal en superintendent van 'naturellesake', te bly handhaaf. Hy het

daardeur byvoorbeeld toestemming verkry om alle Hananwa wat deur die oorlog haweloos gelaat is, op die sendingstasie te laat vestig.¹²⁰ Die goeie verhouding wat hy reeds sedert die oorlog met Joubert gehandhaaf het, het hom ook vroeg in 1895 gered: Leiers (soos Kibi) van die anti-Mmalebôhō-faksies het by kommissaris Barend Vorster gaan kla dat Sonntag hulle belemmer het in die uitvoering van hulle regeringsopdrag om die oorblywende of terugkerende Hananwa uit Blouberg te gaan verwyder.¹²¹ Dit was klaarblyklik nie waar nie. Sonntag was deeglik bewus van en het, soos sy gebruik was, akkoord gegaan met die regeringsbesluit dat Blouberg in die toekoms vir Mmalebôhō se mense verbode sou wees.¹²² Anders as 'n Boer soos kommissaris Vorster, was Sonntag egter nie bereid om Kibi se persoonlike fete en wraaksug teen Mmalebôhō in te span ten einde hierdie doel op 'n gewelddadige wyse te verwesenlik nie.¹²³ Die briewe aan Joubert, waarin Sonntag hom teen Kibi en Vorster se aantygings verweer het, is duidelike bewys dat hierdie sendeling geglo het dat hy sy lojaliteit teenoor die regering en sy regverdigheidsin teenoor Mmalebôhō se Hananwa, as twee versoenbare belange kon dien:

Ja, het was ook mijn hartelijke wenst, dat de laatste kaffer uit den berg mocht zoo spoedig als mogelijk uitkomen. [Soortgelyke versugtinge verskyn inderdaad reeds op vroeëre datums in sy dagboek].

Het was echter volgens evenvermelde geruchte te vreezen, dat de kapiteins de orders, die ze ontvangen hadden, misbruiken zouden, want hoe onbarmhartig en wreed de Kaffernaties tegen elkander zijn, is genoegzaam bekend. [Let op hoe Sonntag hier meedoen aan die rassisties-veralgemenende retoriek van sy dag]. Dit aangezien heb ik Kiviet [Kibi] en Mapen verzocht by het voldoen van de ontvangen orders, toch zoo humaan als mogelijk voor te gaan. Hoe hadde ik het wagen durven om hen te beletten aan de orders die aan hen gegeven waren, te voldoen?¹²⁴

Die laaste sin bevestig weer eens die tipiese BSG-ondedanigheid aan die regering. Soos vir homself as sendeling, het Sonntag waarskynlik geglo dat gehoorsaamheid

-
120. TAB: KG. 639, p. 62: P.J. Joubert – C. Sonntag, 1894-09-04; C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 140.
121. TAB: SS. 4403, R. 8527/94, pp. 128-132: B.J. Vorster – P.J. Joubert, 1894-11-06; C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 143-145.
122. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 139-143. Vergelyk die volgende woorde van Sonntag: "I ...urged her ... to insist ... should leave the montains at once. ..must not think that I would defend them in any way."
123. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 140 ("A visit to Kibi. ... He made exhaustive enquiries about the [Mmalebôhō] Bahananwa and signified that he would see to it that they left the mountains") & 142 ("... Kibi, urged by his deadly hate for the [Mmalebôhō] Hananwa ...").
124. TAB: SS. 4681, R. 1581/95, p. 50: C. Sonntag – P.J. Joubert, 1894-12-15. Beklemtoning C. Sonntag.

aan die regering ook vir die Hananwa die enigste werkbare opsie was - die enigste wyse waarop 'n vreedsame voortbestaan gebou kon word.¹²⁵

Rae ná die 1894-oorlog: verleentheid en verplasing

Waar dit vir Sonntag deel van sy dagtaak was, was dit vir Rae 'n doelbewuste keuse om hom na die Blouberg-oorlog steeds met die Hananwa te bemoei. Na 'n paar weke van rus in Pretoria, is hy na Roodepoort verplaas, waar hy einde-Augustus 1894 aangekom het.¹²⁶ Te midde van groot en ambisieuse werkywer in sy nuwe gemeente,¹²⁷ en die voorneme om 'n boek oor sy wedervaringe op kommando te skryf,¹²⁸ het neerslagtigheid die oorhand oor hom gekry.¹²⁹ Hy het homself herhaaldelik in die openbaar aan oormatige drankgebruik skuldig gemaak - tot toenemende verleentheid van sy kerk. In die tussentyd moes die biskop boonop verneem dat Rae hom reeds by vorige geleenthede - ook voor en tydens die 1894-veldtog - aan drank vergryp het. Die terugtrekking van sy diaken-lisensie op 29 Januarie 1895 was onvermydelik.¹³⁰ Rae het skuld op al die aanklagte erken en berouvol om verskoning gevra. Hyself, wat beweer het dat hy vir die grootste gedeelte van sy lewe 'n geheelonthouer was, het sy swak gedrag van die voorafgaande jaar aan werksdruk, eensaamheid en depressie toegeskryf.¹³¹

Dit was dan Rae se drankprobleem wat hom verplig het om 'n verplasing na Pelgrimsrus te aanvaar.¹³² Hy het op 29 Maart 1895 daar aangekom¹³³ - 'n tydstip toe die plek van die individuele delwers reeds grootliks deur verskeie mynmaatskappye ingeneem is. Binne die daaropvolgende twee jaar het één maatkappy, die *Transvaal*

125. Sien in hierdie verband sy pleitdooi van Sondag 30 September 1894 tydens 'n ontmoeting met Mmalebôhō se moeder: C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 140.

126. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 212.

127. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-08-27; 1894-09-04; 1894-11-08 & 1894-11-19.

128. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-11-08: "I should have written to your lordship before now had it not been for an accident I met with my falling off a borrowed horse - my right and was very much hurt."

.....
"I have not been able to do anything to my book since my accident, but hope to start again soon."

129. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-11-08 & 1894-11-19.

130. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 12 January 1894 – 4 December 1896, pp. 350-351: H.B. Bousfield – C. Rae, 1895-01-28 & 1895-01-29; letter-book 1893-1898, p. 64, 1895-01-29.

131. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-01-28; 1895-01-29; letters received March 1895 – September 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-09-06.

132. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-02-25; letter-book 12 January 1894 – 4 December 1896, pp. 405-406: H.B. Bousfield – C. Rae, 1895-02-27.

133. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received March 1895 – September 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-03-30.

Gold Mining Estates Limited, alle kleiner mynaanlegte gekonsolideer en aan die dorp as permanente nedersetting beslag gegee. Die verhuring van erwe aan enige bedryfsinstansie, hetsy die staat, kerke, besighede of privaat inwoners, was die prerogatief van die maatskappy.¹³⁴ Rae se verskuiwing na hierdie maatskappy-dorpie het geensins sy gevoel van depressie en eensaamheid laat opklaar nie.¹³⁵ As deel van sy pogings om homself te rehabiliteer, het hy hom nou met alle ywer gewerp in sy grootse onderneming om sy ervaringe tydens die Blouberg-veldtog persklaar te maak. Op 18 September 1895 het hy aan die biskop geskryf dat hy reeds 'n driekwart van die manuskrip voltooi het en binne die daaropvolgende twee weke die hele kopie op rof gereed sou hê.¹³⁶ Dit verklaar dan ook waarom sy verhaal oor die oorwinning oor Mmalebôhō van die noordweste van Transvaal, in Oos-Transvaal voltooi is. Meer inligting oor die skryfproses van beide manuskripte volg in 'n latere afdeling.

Verwikkelinge rondom Rae en Sonntag vanaf die laat-1890's

Rae sou tot en met sy vertrek uit die ZAR in 1899, in die ooste van Transvaal werksaam bly. Op 7 November 1895, na nege maande van probasie, het hy weer sy lisensie as diaken terugontvang.¹³⁷ In 1897 het Bousfield hom uiteindelik as priester georden.¹³⁸ Dit was in hierdie selfde jaar dat Sonntag Blouberg verlaat het en na Malekong verskuif het om onder die Noord-Ndebele te gaan werk.¹³⁹

Ook op persoonlike vlak het Rae en Sonntag in hierdie ooreenstemmende tyd afwisselend groot ontwrigting en vreugde ervaar: Terwyl Sonntag sy vrou Marie tydens sy laaste jaar op Blauberg moes begrawe,¹⁴⁰ sou Rae in die daaropvolgende jaar weer in die huwelik tree. Marion Nahl Roche het vanuit Engeland by hom kom aansluit; sy was een-en-dertig en dit was haar eerste huwelik. Die seremonie is op 6 Julie 1898 deur biskop Bousfield in die St. Albanskatedraal in Pretoria voltrek.¹⁴¹

134. A.P. Coston, *Die ontwikkeling van Pilgrim's Rest as museumdorp*, M.A.-verhandeling, U.P., 1995, pp. 1, 9, 10 & 16.

135. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received March 1895 – September 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-04-05.

136. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received March 1895 – September 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-09-18.

137. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-books 1893-1899, p. 126: H.B. Bousfield – C. Rae, 1895-11-07.

138. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, ACTA 1878-1899, p. 97: Institutions, licences, 1897-03-27.

139. C. Sonntag, *My vriend Maleboch, kaptein van die Blouberge* (red. K. Sonntag). Ongepubliseerde, getikte manuskrip, p. iv.

140. J.A. van Schalkwyk, Die kultuurhistoriese betekenis van die Berlynse sendingstasies in die Blouberg-omgewing, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, pp. 245-246.

141. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received April 1898 – October 1898: C. Rae – H.B. Bousfield, 1898-05-02; St. Alban's Cathedral, Anglican Diocese of Pretoria: Cathedral Marriage Register 21 February 1871 – 6 March 1905, p. 126: no. 247, 1898-07-06.

Sonntag sou reeds in 1899, binne twee jaar na die dood van Marie, hertrou. Magdalene Trümpelmann, sy tweede vrou en die dogter van sendeling Gustav Trümpelmann,¹⁴² het hom op noemenswaardige wyse bygestaan in die veeleisende bediening op Malekong, en sedert 1905, te Tšhakoma in Venda.¹⁴³ (Sien Kaart 7 aan die einde van die hoofstuk). Magdalene Sonntag was beide Sepedi en Venda goed magtig – veel beter as Engels. Konrad Sonntag, vertaler van die sendeling se dagboek, was haar oudste seun. Hy was nog maar ‘n kleuter toe sy vader, sendeling van Tšhakoma en vise-superintendent van die BSG in Noord-Transvaal, op 19 Januarie 1919 aan malaria oorlede is.¹⁴⁴

Terug by Rae op Pelgrimsrus: sy nuwe status as priester en getroude man het slegs ‘n illusie van geluk ingehou. Sy laaste jare in die ZAR sou gewoon ‘n voortsetting wees van die ewe onbevredigende, onvervulde bestaan van die voorafgaande tyd. Hierdie persoonlike situasie het hom boonop afgespeel binne ‘n raamwerk van ekonomiese depressie.¹⁴⁵ Dit het vir die wisselvallige Anglikaanse kerkgemeenskappe al hoe moeiliker geword om hulle geestelikes te onderhou.¹⁴⁶ Die priester van Lydenburg, J.G. Reid, onder wie se toesig Rae gestaan het, se gesin het weens finansiële krisis en gesondheidsprobleme gedreig om uitmekaar te skeur en hulle was verplig om te verhuis.¹⁴⁷ Daar moet ook gewys word op Bousfield se traagheid - hetsy weens onvermoë of onwilligheid, om aan beide Reid en Rae se versoeke om verplasing, gehoor te gee.¹⁴⁸

Met Reid se uiteindelijke vertrek, is die Lydenburg- en Pelgrimsrus-gemeentes gesamentlik onder Rae se bestuur geplaas – in die hoop dat die groter werksfeer hom en sy vrou van ‘n leefbare inkomste sou kon voorsien. Vir die oomblik het dit na ‘n praktiese uitweg gelyk om die kerk in Lydenburg nie heeltemal prys te gee nie en

142. Rudolph Friedrich Gustav Trümpelmann was hoof van die Berlynse Genootskap se seminarie op Botshabelo naby Middelburg. Sien L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, pp. 448-449.

143. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. xiii-xiv.

144. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. xiv; Persoonlike inligting: K. en A. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.

145. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received October 1895 – March 1896: C. Rae – H.B. Bousfield, 1896-03-01; August 1896 – December 1896: C. Rae – H.B. Bousfield, 1896-09-23; J.G. Reid – H.B. Bousfield, 1896-12-07; January 1897 – April 1897, C. Rae – H.B. Bousfield, 1897-01-06; J.G. Reid – H.B. Bousfield, 1897-02-19.

146. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received May 1897 – March 1898: J.G. Reid – H.B. Bousfield, 1898-03-14.

147. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received April 1898 – October 1898: J.G. Reid – H.B. Bousfield, 1898-07-01; 1898-07-07.

148. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 4 December 1896 – 1 October 1901, p. 449: H.B. Bousfield – J.G. Reid, 1898-03-18; letters received April 1898 – October 1898: C.Rae – H.B. Bousfield, 1898-05-02; letter-book 4 December 1896 – 1 October 1901, p. 524: H.B. Bousfield – C. Rae, 1898-05-06.

tegelykertyd Rae se nuwe situasie te akkommodeer.¹⁴⁹ In heroënskou, en soos Rae self ook na agt maande sou besef, was hierdie reëling júis nie prakties nie, maar idealisties en onwerkbaar. Die 65 kilometer tussen Pelgrimsrus en Lydenburg was in die 1890's, en met die hulpbronne tot Rae se beskikking, 'n duur en tydrawende struikelblok. Daar moet in ag geneem word dat, anders as in die geval van Sonntag, Rae se inkomste grootliks bepaal is deur die aantal preke wat hy gelewer het en die aantal verskillende gehore aan wie hy hulle kón lewer.¹⁵⁰ Soos die Reids voor hulle, sou die Rae-egpaar ook nie kon wen teen die Lydenburg-uitdaging nie. Daar kan selfs gevra word of Rae nie kortsigtig was om 'n vrou na Oos-Transvaal te laat kom het sonder dat hy die versekering gehad het dat hy haar (en homself) sou kon onderhou nie – in 'n tyd, natuurlik, toe 'respektabele' vroue se geleenthede nog sodanig beperk was dat hulle van mans verwag het om hulle te onderhou.

Die depressie het voortgeduur en Rae en veral sy vrou se gesondheid het in die Laeveld agteruitgegaan. In April 1899 het hy Bousfield weer om 'n verplasing gesmeek.¹⁵¹ Nadat sy swanger vrou boonop nog ernstig beseer is toe sy by 'n bewegende perdekar uitgeslinger is, het daar vir die Raes geen ander keuse gebly as om 'n dokter se aanbeveling te volg en na Kaapstad te verskuif nie.¹⁵² Hulle verblyf in die Kaap het langer geduur as wat aanvanklik verwag is, sodat Rae sy verbintenis met Bousfield se bisdom beëindig het en vir 'n nuwe werk begin uitkyk het.¹⁵³ Dit lyk nie asof Bousfield, sy simpatie met mevrou Rae ten spyt, werklik teleurgesteld was nie.¹⁵⁴ Na 'n ernstige operasie is die Raes se babatjie doodgebore.¹⁵⁵ Daar moet wel toegegee word dat kindersterftes selfs onder die middelklas in die vorige eeu veel algemener was as vandag - ook die Sonntags het ervaring daarvan gehad.¹⁵⁶ Statistiek maak so 'n verlies op persoonlike vlak egter nie minder voelbaar nie - veral nie in Rae se geval, waar sy vrou se doktersonkoste bly oploop het terwyl hy teen einde Junie 1899 steeds nie seker was of hy weer werk sou kry nie.¹⁵⁷

149. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received April 1898 – October 1898: J.G. Reid – H.B. Bousfield, 1898-07-01.

150. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received November 1898 – May 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-03-13.

151. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received November 1898 – May 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-04-10.

152. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received November 1898 – May 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-04-12.

153. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received November 1898 – May 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-05-01; June 1899 – October 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-08-01.

154. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 1 July 1898 – 27 December 1901, pp. 228 & 254: H.B. Bousfield – C. Rae, 1899-05-10 & 1899-06-22.

155. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received June 1899 – October 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-06-26.

156. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.

157. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received June 1899 – October 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-06-30.

Dit lyk redelik seker dat Rae teen 1900 wel weer werk gehad het - as *curate* (hulp priester) van *St. Mark's* in Kaapstad.¹⁵⁸ Teen November 1901 was hy definitief reeds in Knysna,¹⁵⁹ waar hy tot in 1905 as *curate* en skoolhoof sou aanbly.¹⁶⁰ Rae is daarna terug na Engeland. Ondanks die skynbare moontlikheid van 'n pos onder die aartsbiskop van Kaapstad, het Rae verkies om in Engeland aan te bly. Vanaf 1906 tot 1909 was hy *curate* van Stowting, Hythe, in Kent. In September 1909 het hy na Letherhead in Surrey, suid van Londen, verskuif.¹⁶¹ Die skynbare tevredenheid van Rae se seniors en gemeentede met sy loopbaan in Engeland,¹⁶² vergroot die waarskynlikheid dat Bousfield hom tydens sy jare in Transvaal besonder stief behandel het. Tog bly die vraagtekens rondom Colin Rae hang. Was hy die tipe priester wat deur die gemiddelde kerkganger gerespekteer en bemin is uit die aard van sy posisie, maar waaroor diegene, soos Bousfield, wat sy gewoontes geken het, maar so min as moontlik wou sê? Was hy 'n doodgewone mens wat ongewone ervarings aangegryp het, dit nie so goed hanteer het nie, en dan tog die meeste daaruit probeer munt het?

Twee tragiese sterfgevalle

As dit nie was vir sy tragiese dood op 28 Julie 1911 nie, sou weinig verdere karakteropenbarende inligting oor Rae waarskynlik tydens sy laaste jare in Engeland opgeteken gewees het. Tussen die uiters respektabele doodsberig in die Letherhead-gemeenteblyd en die indringende koerantberigte op die dorp waar hy dood is, neem 'n mens afskeid van dieselfde goedige, onnadenkende ongeluksvoël wat Suid-Afrika in 1905 verlaat het.

-
158. Geskrewe inligting: C.J. Wakeling, Archivist, United Society for the Promotion of the Gospel, Partnership House, 157 Waterloo Road, London SE1 8XA, England, 1995-11-28.
159. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received May 1901 – December 1901: C. Rae – H.B. Bousfield, 1901-11-28. Hierdie is Rae se laaste brief wat in die Bousfield-versameling behoue gebly het. Bousfield is in Januarie 1902 tydens 'n sinodesitting in Kaapstad oorlede. C. Lewis & G.E. Edwards, *Historical records of the Church of the Province of South Africa*, p. 592.
160. Geskrewe inligting: C.J. Wakeling, Archivist, United Society for the Promotion of the Gospel, Partnership House, 157 Waterloo Road, London SE1 8XA, England, 1995-11-28.
161. *Surrey History Centre* (SHC), Woking: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., The Reverend Colin Rae, *The Letherhead Parish Magazine* 32(9), September 1911, p.8; Anon., The Four Marks Bicycle Accident. Death of the Rev. Colin Rae. Story told at the inquest, *Hampshire Chronicle & General Advertiser for the South & West of England*, 1911-08-05, p. 3.
162. SHC: LE/7/4: Service Registers, 1909-09-26 – 1911-07-02; SHC: 6524/3/19: Parish Magazines: Anon., Clergy, *Letherhead Parish Magazine* 30(10), October 1909, p. 1; SHC: 6524/3/19: Parish Magazines: Anon., News from the local Deaneries. Leatherhead – the Rev. Colin Rae, *Winchester Diocesan Chronicle*, November 1909, p. 180; SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., An enjoyable musical programme was contributed by Rev. Colin Rae, *Letherhead Parish Magazine* 31(10), November 1910, p. 10; SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., Anti-gambling guild, *Letherhead Parish Magazine* 31(12), December 1910, p. 10, SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., Letherhead Missionary Association, *Letherhead Parish Magazine* 32(3), March 1911, p. 9. In al hierdie bydraes tot die *Letherhead Parish Magazine* word Rae se goeie werk op 'n verskeidenheid terreine vermeld.

In Julie 1911 het Rae, opmerklik, sonder sy vrou, sy diensvakansie as hulpprediker in Alton, naby Winchester, gaan deurbring. Op 20 Julie het hy per fiets na Southampton gereis, volgens die gemeentebled, om vir sy suster te gaan kuier en krieket te kyk;¹⁶³ volgens die Winchester-koerante verál om te gaan krieket kyk.¹⁶⁴ Die wedstryd moes waarskynlik langer aangegaan het as wat Rae gehoop het; daar was moontlik ‘n dringende rede waarom hy die volgende oggend terug in Alton moes wees; miskien was hy nie gemaklik daarmee om by sy swaer in Southampton te oornag nie ... dalk het hy die terugrit onderskat ... wát sy rede ook al was: om kwart-voor-sewe daardie aand het hy die onbesonne daad aangepak en begin terugfiets Alton toe. Hy was byna suksesvol, maar drie myl van sy eindbestemming af het hy in die donker geval. Nadat hy vir ure langs die pad gelê het, is hy opgelaa en na die *Royal Hants County Hospital* in Winchester geneem waar hy ‘n week later, na ‘n mislukte operasie, oorlede is.¹⁶⁵

Die geskokte Letherhead-gemeente het vir hom ‘n mooi doodsberig geskryf. Daar is verwys na Rae se

... activity and untiring energy, his assiduous visiting, his efforts to get into personal touch with all the people, his strenuous endeavours to win souls for Christ, and ... his unfailing sympathy and readiness to give help in every possible way.¹⁶⁶

Daar was selfs ‘n poging om vir hom ‘n gedenkteken op te rig.¹⁶⁷ Tog het die omstandighede rondom sy dood ‘n geregtelike ondersoek in Winchester genoodsaak. Die hof se bevinding het Rae se naam in ere gehou, maar die getuienis van die laaste mense wat hom daardie nag gesien het, sou Christoph Sonntag weer, soos sewentien jaar tevore, laat opmerk het dat Rae se optrede nie “anything like” dié van “a clergyman”¹⁶⁸ was nie. Toe hy Alresford om 22:20 bereik het, het hy reeds ‘n keer van sy fiets afgeval. Was die whisky en soda wat hy, “a little tired and exhausted, or

163. SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., The Reverend Colin Rae, *The Letherhead Parish Magazine* 32(9), September 1911, p. 8.

164. Anon., The Four Marks Bicycle Accident. Death of the Rev. Colin Rae. Story told at the inquest, *Hampshire Chronicle* ..., 1911-08-05, p. 3; Anon., Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer & County & Local Newspaper & General Advertiser*, 1911-08-05, p. 4.

165. Anon., The Four Marks Bicycle Accident. Death of the Rev. Colin Rae. Story told at the inquest, *Hampshire Chronicle* ..., 1911-08-05, p. 3; Anon., Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer* ..., 1911-08-05, p. 4.

166. SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., The Reverend Colin Rae, *The Letherhead Parish Magazine* 32(9), September 1911, p. 8.

167. SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., The late Reverend Colin Rae, *The Letherhead Parish Magazine* 32(11), November 1911, p. 10.

168. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 84.

perhaps nervous and agitated,”¹⁶⁹ binne ‘n kwartier by die *Running Horse Inn* klaar gedrink het, sy eerste vir die aand? Dit was nie sy laaste nie. Om 22:45 het hy dieselfde bestelling by die *Bell Hotel*, steeds in Alresford, geplaas en soos met die vorige drankie, die pad na Alton gevra. Teen twintig voor een die oggend was hy weer goed oppad: hy is deur ‘n konstabel opgemerk waar hy sy fiets teen ‘n heuwel halfpad tussen Four Marks en Lymington Bottom opgestoot het. “As far as witness could recollect, deceased said ‘Good-night’ very cheerfully”¹⁷⁰ – dalk té “cheerfully”? Die volgende getuie het Rae om 04:30, met fiets en al, aan die *regterkant* van die pad sien lê. Dit was die laaste persoon teenoor wie Rae iets gemompel het voordat hy sy bewussyn finaal verloor het.

Gegewe Rae se geskiedenis, is dit is asof die jurie, die getuies, die dokter wat die nadoodse ondersoek gedoen het, almal net té hard probeer het om ‘n beskonke priester sober te praat. Daar is oordrewe klem gelê op Rae se gesondheidstoestand tydens elke fase van die reis: “[H]e was in perfect health at the time”¹⁷¹ dat hy uit Southampton vertrek het; hy was senuweeagtig en geagiteerd, maar “perfectly sober, and ... in good health”¹⁷² toe hy by die *Running Horse* ingestap het; hy het die *Bell Hotel* “perfectly sober and rational” verlaat. Nadat niemand dit ontken het dat hy wel ‘n paar drankies gedrink het nie, kom die nadoodse verslag as ietwat misterieus oor: “There was not the slightest suggestion that he had been drinking to any extent; witness was very clear upon that.”¹⁷³

Dit is moontlik dat drank inderdaad geen rol in Rae se dood kon gespeel het nie, dat die uitputting en die “slight inflammation of the brain”¹⁷⁴ waaraan die dokter sy duiseligheid toegeskryf het, die volle verklaring was. Maar dan is dit asof selfs die *Parish magazine* dalk net té pertinent verwys na Rae se “activity and success in promoting Temperance work on the Common,”¹⁷⁵ Is die ywer in al hierdie protestasies nie self-ondermynend nie? Dit laat ‘n mens ook onwillekeurig wonder waarom mevrou Rae, wat reeds nie die vakansie saam met haar man op Alton

-
169. Anon, Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer* ..., 1911-08-05, p. 4.
170. Anon, Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer*..., 1911-08-05, p. 4.
171. Anon, Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer*..., 1911-08-05, p. 4.
172. Anon, Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer*..., 1911-08-05, p. 4.
173. Anon, Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer*..., 1911-08-05, p. 4.
174. Anon, Clergyman’s fall from a cycle at Medstead. Death at the county hospital, *Hampshire Observer*..., 1911-08-05, p. 4.
175. SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., The Reverend Colin Rae, *The Letherhead Parish Magazine* 32(9), September 1911, p. 7.

deurgebring het nie, ook nie van Letherhead af na Winchester gekom het om hom in die hospitaal te besoek, of sy begrafnis by te woon nie.¹⁷⁶ Colin Rae was waarskynlik nie 'n dronklap nie; hy was by tye waarskynlik selfs 'n goeie, geliefde priester, maar hy kon ook by tye onbedagsaam leef. In die 1890's het dit hom 'n goeie boek gekos; in 1911, sy lewe.

Net soos Rae, is Sonntag ook nie met sy afsterwe agt jaar later, begrawe¹⁷⁷ op die plek waar hy in daardie stadium woonagtig was nie. Sendeling Sonntag het aan malaria, die siekte wat hom oor jare uitgemergel het, beswyk terwyl hy by sy skoonvader te Middelburg was – juis om uiteindelik daar te probeer aansterk. In 'n brief wat superintendent Johannes Wedepohl aan die sendingdirekteur in Europa gestuur het, skets Gustav Trümpelmann die omstandighede rondom sy skoonseun se dood.¹⁷⁸ Daar kan uit die brief afgelei word dat Sonntag sy gesondheidstoestand onder sy werksomstandighede laat verwaarloos het deur behandeling telkens uit te gestel het. In sy verswakte toestand was hy, soos so vele ander, nie in staat om die griepvirus van 1919 te deurstaan nie. Dit is opvalled dat tydgenote in beide Rae en Sonntag se optrede 'n onverskilligheid as bydraende faktor tot die dood oorweeg het. In Rae se geval was dit 'n onverskilligheid jeens sy werk; in Sonntag se geval 'n onverskilligheid juis omrede, ter wille van, sy werk.

Of die skoner lug en omgewing wat die dokters aanbeveel het, effektiewe behandeling sou wees wat Sonntag se lewe noemenswaardig sou kon verleng, is natuurlik te betwyfel. Malaria was 'n algemene oorsaak van die dood onder witmense in Transvaal – veral onder sendelinge. Teenoor die ophef rondom Rae, was daar niks skouspelagtigs omtrent Sonntag se dood nie. Uit vrees dat die liggaan die siekte verder kon versprei, is Sonntag vinnig, reeds op die twintigste Januarie, begrawe. Die witmense op sy begrafnis was hoofsaaklik Duitsers, die swartmense hoofsaaklik van Botshabelo digby Middelburg – Tšhakoma was weens swaar reën van die buitewêreld afgesny, sodat Magdalene Sonntag ook nie háár man se begrafnis kon bywoon nie.¹⁷⁹

176. SHC: 6524/3/20: Parish Magazines: Anon., The Reverend Colin Rae, *The Letherhead Parish Magazine* 32(9), September 1911, p. 9.

177. Hampshire Record Office, Winchester: Miscellaneous: cemetery registers, school log books, etc.: Burials in Winchester Cemetery in consecrated portion of the grounds, 1911, no. 15337, 1911-08-02. (Microfysche 58).

178. Tensy anders vermeld, is die inligting omtrent Sonntag se afsterwe wat hier volg, alles afgelei uit die volgende dokument: *Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft* (EA BMG): Acta von Missionszögling Christoph Sonntag betreffend 1878-1919: II, 3, 13: J. Wedepohl, Kreutzburg – D. Axenfeld, Basel, 1919-01-20.

179. EA BMG: Acta von Missionszögling Christoph Sonntag betreffend 1878-1919: II, 3, 13: J. Wedepohl, Kreutzburg – D. Axenfeld, Basel, 1919-01-20.

Die doodsberig wat in die Berlynse sendingblad gepubliseer is, het minder gehad om te verduidelik as dié van Rae. Soos met doodsberigte gebeur, was die karakterskets van Sonntag wat daarin opgeneem is, natuurlik gevleid. Nogtans korreleer die eienskappe van die sendeling wat daarin vermeld word, met die wyse waarop hy in die lewe ook deur waarnemers voorgestel is. Veral in die opmerking dat hy in die kleinste en kleinste pligte net so opmerkzaam, sorvuldig en nougeset was as in die grootste take,¹⁸⁰ word die outeur van die Blauberg-dagboek herken.

Vergelykende sintese

In nabetragting, kan 'n paar betekenisvolle ooreenkomste en verskille in die lewensloop van Sonntag en Rae geïdentifiseer word.

Beide Sonntag en Rae het Europa verlaat om die Christelike godsdiens in Afrika te verkondig. Albei het onderwys met hulle prediking gekombineer. Die aard van die groepe onder wie hulle gewerk het, het egter verskil. Rae het nooit werklik uit die Engelssprekende kringe uitbeweeg nie en ten opsigte van die Afrikaans- en Bantoesprekende gemeenskappe 'n randfiguur gebly. Sonntag het hom op die sendingstasie in 'n meer landelike omgewing bevind. Die hoofrolspelers in sy daaglikse werksaamhede was die swartmense by wie hy gestasioneer was, die spekulante, handelaars en mynagente wat per geleentheid by die sendingwoning aangedoen het, die boere van die omgewing, asook die Duitse kerngemeenskap van Berlynse sendeling-gesinne.¹⁸¹

Albei getuies het emosionele bagasie met hulle saamgedra. Soos reeds uitgewys, het Rae as wewenaar in Suid-Afrika aangekom en sou Sonntag ook hierdie leed leer ken. Albei is met eensaamheid, heimweë en min sigbare vrug op hulle arbeid gekonfronteer en moes maniere vind om daarmee saam te leef. Sonntag was gelukkig om vir die grootste gedeelte van sy meer as dertig jaar in Suid-Afrika die bestendigheid van 'n vrou en gesin te geniet. Die meeste van sy uitings van verlange na sy vaderland, dateer uit die beginjare in Suid-Afrika, voor sy huwelik met Marie

180. J. Richer, *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824-1924*, p. 458. "Stille, unermüdliche Tätigkeit, in der auch recht erhebliche Leistungen als völlig selbstverständlich angesehen wurden, ein allseitiges Erfassen der Missionarspflichten, wobei das Kleine und Kleinste mit der gleichen Aufmerksamkeit und ebenso sorgfältig und gewissenhaft bearbeitet wurde wie das Große, ein volles Überschauen der zusammenhänge, eine durchaus stetige, ohne jede Halt, aber auch ohne Jeden Stillstehen, getriebene Arbeit bezeichneten den Mann, der innerlich völlig an sein Werk gebunden war und in ihm aufging."

181. Vir voorbeelde, sien: C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 102; C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 60, 85 & 98.

Brenning.¹⁸² In Rae se korrespondensie, daarenteen, keer die bekentenisse oor sy neerslagtigheid deurlopend terug.¹⁸³

Waar Rae ook al in Transvaal beland het, het hy misplaas gevoel. Die diep landelike wortels van die Boererepubliek, hier en daar versteur deur die ontredding en dekadensie wat gepaard gaan met die ontdekking van minerale, het immers verseker dat nóg Fordsburg, nóg Roodepoort, nóg Pelgrimsrus kon kompenseer vir die stimulerende Londense stadslewe waarna hy terugverlang het. Vir 'n jaar of wat moes die whisky-bottel dit probeer doen - veral in die tydperk rondom 1894, toe hierdie stadsjapie sy lyf oorlogskapelaan moes hou en kommandolewe moes trotseer tydens die ZAR se veldtog teen Mmalebôhô. Op Pelgrimsrus en Lydenburg het Rae gefrusteerd en vasgekeer gevoel in die kleindorpse sosiale ritme. Hy skryf die volgende aan Bousfield:

I trust, my lord, you will consider the state of affairs and kindly find me another sphere where there will be more scope for real work and not mere conventional sociability, for it appears to me, that what is required of a priest here, is to play cricket, tennis & croquet - mark the tennis court & to take charge of the mallet, racquets etc. - also to be ready at any moment to take a forty miles ride - Your lordship will understand that this is not a priest's work ...¹⁸⁴

Sonder om die geweldige inspanning wat dit van 'n negentiende-eeuse Europeër geverg het om op die sendingveld aan te pas, gering te skat: ten minste twee dinge dui daarop dat Sonntag beter toegerus was as Rae om die emosionele sowel as praktiese uitdagings van sy loopbaan in Suid-Afrika die hoof te bied. In die eerste plek, soos reeds beskryf, was hy deeglik daarvoor opgelei. Tweedens, was hy van boere-afkoms: sy ouers was dorpskleinboere.¹⁸⁵ Die onvermydelike landboubedrywighede wat met die sendingwerk gepaard gegaan het,¹⁸⁶ was vir Sonntag die voortsetting van 'n leefwyse waarmee hy opgegroeï het. Was Sonntag miskien 'n sterker karakterbouer as Rae? Terwyl hy in 1894 van die oorlog dagboek gehou het, was hy immers, op geestelike en materiële vlak, ooglopend tuiser en stabiel gevestig in sy werksmilieu as Rae.

182. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 2-3 & 42.

183. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1894-11-19; March 1895 – September 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-04-05; November 1898 – May 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-03-13.

184. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received November 1898 – May 1899: C. Rae – A.B. Bousfield, 1899-03-13.

185. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 1.

186. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 44 & 60; C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 131.

Nieteenstaande die aan- of afwesigheid van persoonlike stabiliteit, het beide Rae en Sonntag se loopbane gepaard gegaan met 'n redelike mate van omstredenheid. Die omstredenheid rondom Rae se akademiese kwalifikasies en drinkgewoontes is reeds bekend. Daar is ook aantygings teen hom ingebring dat hy tydens sy termyn in Roodepoort betrokke was by die wanadministrasie van kerkgeld. Te Pelgrimsrus het Bousfield hom berispe nadat hy van die skoolfondse gebruik het om 'n klok vir die kerk te koop.¹⁸⁷ Sonntag se omstredenheid het onder meer gespruit uit die reeds-genoemde kloklui-insident tydens die 1894-oorlog. Die aantygings teen hom, dat hy na die oorlog vir Kibi en Mapene sou verhoed om regeringsopdragte rakende die Hananwa uit te voer, is ook reeds bespreek. Daarby het 'Makenna' Mokone, stigter van die Ethiopiese Sending wat van die Europese-beheerde sendingkerke weggebreek het, ná die Blouberg-oorlog Sonntag se optrede aan swartmense voorgehou as 'n voorbeeld van sendelinge se vyandiggesindheid jeens hulle.¹⁸⁸

Daar is 'n groot verskil tussen Sonntag en Rae se omstredenheid: Te midde van alle onaangenaamheid, kon Sonntag op die steun van sy Genootskap reken. Piet Joubert, die regeringsamptenaar met direkte gesag oor al die aangeleenthede hierbo genoem, het Sonntag ook elke keer gelyk gegee. Die gesaghebbende groepe binne Sonntag se sosiale raamwerk, het hom dus ondersteun. Daar is ook nie rede om te aanvaar dat hy minder legitimiteit onder die Hananwa (en later die Ndebele en Venda) geniet het as enige ander BSG-sendeling van sy tyd nie.¹⁸⁹ Rae, daarenteen, moes homself nie net handhaaf teen anti-Britse sentiment in die Boere-republiek nie;¹⁹⁰ hy moes ook by herhaling 'n agterdogtige Bousfield verseker van sy eie morele kredietwaardigheid. Dit blyk asof Bousfield se teleurstelling in Rae, teen die tyd dat hy hom Pelgrimsrus toe gestuur het, reeds onherroeplik was. Bousfield se oortuiging van Rae se intellektuele minderwaardigheid het veral vas gestaan. Hy was vasbeslote om verdere verleenthede te vermy en Rae nie gou uit die Oos-Transvaalse mynbou-omgewing te verskuif nie - ten spyte van (of juis vanweë) die sukses wat hy daar met sy prediking en onderwys behaal het.¹⁹¹ Rae se persoonlike behoeftes, hetsy finansiële of

-
187. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 2 January 1894 – 4 December 1896, p. 604: H.B. Bousfield – C. Rae, 1895-08-08; letters received March 1895 – September 1895, C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-08-13.
188. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 160.
189. Persoonlike inligting: I.M. Sonntag, Pienaarstraat 249, Brooklyn, Pretoria, 1994-07-28. Tydens hulle honderdste herdenkingsjaar (1968), het die Lutherse gemeente van Blauberg Sonntag gehuldig vir sy optrede tydens die 1894-oorlog.
190. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received May 1901 – December 1901: C. Rae – A.B. Bousfield, 1901-11-28.
191. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 4 December 1896 – 1 October 1901, pp. 524 & 566: A.B. Bousfield – C. Rae, 1898-05-06 & 1898-06-01; letter-books, Church Record Library – Pretoria 1890-1899, p. 385: H.B. Bousfield – C. Rae, 1899-03-21.

emosioneel, kon hom nie van standpunt laat verander nie.¹⁹² Bousfield se heel laaste briefie aan Rae bevestig hoe 'n blywend-negatiewe indruk sy omstredenheid op die biskop gemaak het:

Recalling the conditions of your ordination, the scandals attaching to your, otherwise apparently so successful and hopeful a ministry, and the circumstances of your leaving the diocese, I regret that I cannot think of again receiving you into it.¹⁹³

Nog 'n laaste opmerking moet gemaak word oor Rae en Sonntag se omstredenheid: elk se onderskeie reaksie daarop, is karakteropenbarend. Die selfverontskuldiging en selfregverdiging wat Sonntag se reaksies kenmerk, is reeds bekend.¹⁹⁴ Eers in sy 'afskeidsbrief' aan Bousfield in 1901, gaan Rae oor tot heftige selfregverdiging.¹⁹⁵ Deur die voorafgaande tydperk was hy ook gereed om homself teen aantygings te verdedig,¹⁹⁶ maar sy tipiese reaksie op tereg wysings was eerder om plegtig en nederig om verskoning te vra.¹⁹⁷ Albei die predikante se briewe getuig immers van uiterse hoflikheid.

Dit kom voor asof Sonntag baie gesteld daarop was om korrek op te tree; by die reëls te hou - vandaar sy verontwaardiging as hy volgens sy mening onregverdig veroordeel is. Rae weer, het 'n meer opportunistiese geaardheid gehad; in sy voortvarendheid was hy geneig om normale prosedures effens te omseil. Hy sou 'n saak sover moontlik op eie inisiatief voer - totdat hy belet is om daarmee voor te gaan. Op hierdie manier het hy die kerkklok vir Pelgrimsrus uit ongemagtigde fondse gekoop - en ook later meer verbeteringe aan die kerkgebou aangebring as waartoe hy gemagtig was.¹⁹⁸ In 1895, nog op Roodepoort, het hy direk aan staatspresident Kruger geskryf toe die gebruiklike staatsmasjinerie volgens sy oordeel te stadig was om aan hom grond toe te ken vir die bou van 'n kerk en skool.¹⁹⁹

192. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received April 1898 – October 1898: J.G. Reid – H.B. Bousfield, 1898-05-20; November 1898 – May 1899: C. Rae – A.B. Bousfield, 1899-03-13.

193. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 1 July 1898 – 27 December 1901, p. 432: H.B. Bousfield – C. Rae, 1901-10-31.

194. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 67-68. Sien ook weer sy brief aan kommandant-generaal Joubert, soos aangehaal in voetnoot 122.

195. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received May 1901 – December 1901: C. Rae – A.B. Bousfield, 1901-11-28.

196. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received March 1895 – September 1895, C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-08-13.

197. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-01-29; March 1895 – September 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-09-18 & 1895-09-27; November 1898 – May 1899: C. Rae – H.B. Bousfield, 1899-01-03 & 1899-02-17.

198. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 4 December 1896 – 1 October 1901, p. 23: A.B. Bousfield – C. Rae, 1896-12-14.

199. TAB: SS. 4475, R. 10063/94, pp. 106-119: C. Rae verzoekt een stuk ... grond te Roodepoort om eene kerk & school op te bouwen, 1894-09-26.

Rae was ewe ongeduldig met die swartmense se integrering in die Westerse samelewing. Hy het die tradisionele Afika-leefwyse binne die ‘stambestel’ as luiheid beskou en sou, as hy kon, die ZAR-regering aangespoor het om hulle so gou as moontlik te onderwerp sodat hulle kon leer om te werk.²⁰⁰ Al sou Rae nie daarmee saamgestem het nie, het die BSG met hulle sendingwerk ‘n soortgelyke einddoel as hy voor oë gehad: Vir die Berlynse sendelinge hét kerstening van swartmense die afsweer van ‘stamgebruike’ ingehou; die opvoeding tot ‘beskaafde’ en getroue onderdane van die staat behels; die aansporing tot [Westerse] ‘deug’ en vlytigheid in die vooruitsig gestel.²⁰¹ Hulle metodes was egter vreedzaam. Afhangende van die persoonlikheid van elke individuele sendeling, was ‘n element van dwang nie noodwendig ingebou in hulle werkwyse nie.²⁰² Sonntag was, in teenstelling met Rae, baie geduldig van geaardheid. Die volgende aanhaling bevestig dit:

[Sondag 29 Junie 1889]

Die een is al oud en kan nie mooi hoor nie. Die ander is gestremd en kan die eenvoudigste dinge nie begryp nie. Een vrou het klein kindertjies by die huis en kan nie gereeld kom nie. So moet die een in die eerste, die ander in die tweede, en nog ander in die derde, vierde en vyfde hoofstuk onderrig word. Maar wat help dit. ‘n Mens moet geduld hê. Hoeveel meer geduld het ons Heiland nie met elkeen van ons nie.²⁰³

Voortspruitend uit sy karaktereienskap ‘geduld’, was Sonntag meer geneë om die menswaardigheid van ander te respekteer. Rae was geneig tot kleinlike kompetisie selfs met ander Engelse kerk-denominasies, soos die Wesleyane.²⁰⁴ Sonntag het sy griewe met hulle so diplomaties as moontlik probeer oplos.²⁰⁵ Tog sôú Sonntag, soos Petrus van ouds, die Afrika-protokol eerbiedig solank hy alleen tussen die mense

200. C. Rae, *Malaboeh* ..., pp. 106-107.

201. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, pp. 147, 145 & 149.

202. Historici soos T.J. Makhura, *The Baganwa polity* ..., p. 95, sou waarskynlik ernstige probleme hê met hierdie stelling. As *vraagteken* (nie teenargument) op die eenduidige standpunt dat sendelinge veroweringsagente was, die volgende aanhaling uit Doris Lessing se outobiografie: “What is it that he was *wanting* all this time? ... What he - they [the Africans] - were wanting was a warmhearted, generous, open sharing of the benefits of ‘white’ civilization, instead of doors shut in their faces, coldness, stinginess of the heart.” (D. Lessing, *Under my skin: volume one of my autobiography, to 1949*, soos aangehaal in H. Aucamp, *Onder Afrika se vel, Insig*, November 1996, p. 32).

203. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 76. Vertaling L.K.

204. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received March 1895 – September 1895: C. Rae – H.B. Bousfield, 1895-08-13.

205. EA BMG: Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaubeurg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd.2: Das Eindringen der Wesleyaner in unser Missionsgebiet von Blaubeurg, 1894-10-04, p.13. In dié verslag, wat hy aan sy eie Genootskap in Berlyn geskryf het, vra hy homself af watter negatiewe en onooruigende indruk die wedywering tussen die verskillende wit denominasies op swartmense moes maak.

was,²⁰⁶ maar weer voorrang gee aan die Westerse, 'blanke', staat-regtelike bestel, sodra hy gelyktydig met die twee stelsels gekonfronteer is.²⁰⁷

Dit kan nie uit die oog verloor word dat Rae en Sonntag se siening van swartmense voortgespruit het uit hulle beskouings oor hulle eie Westerse kultuur, soos dit in die negentiende eeu daar uitgesien het nie.

[T]he mood engendered by late-nineteenth-century imperial expansion ... tended to exacerbate more racist notions of black and brown racial inferiority in combination with Darwinian conceptions of evolutionary struggle and 'survival of the fittest'. With the growing interest in colonial adventure fiction such as that of G.A. Henty and Rider Haggard, 'savage' societies were not ones to be emulated as ideal social models but rather to be 'civilised' and, as far as possible, 'uplifted'.²⁰⁸

Die vertaler van Sonntag se dagboek, letterkundige van beroep, het in sy nabetragting oor die sendeling-figuur, onder meer 'n mate van arrogansie by hom geïdentifiseer.²⁰⁹ Dieselfde geld vir Rae - vanuit die oogpunt van die laat-twintigste-eeuse interpreteerder. Vir die Westerse beskawing, was die imperialistiese laat 1800's immers 'n arrogante tyd.

Uit die voorafgaande, kry die ondersoeker 'n indruk van die soms ooreenstemmende, soms teenstellende kragte wat Rae en Sonntag gedurende hulle onderskeie loopbane beïnvloed het. Die heersende wêreldbeskouing van hulle tyd, die onvermydelike tydgebonde subjektiwiteit waarna Van Jaarsveld verwys,²¹⁰ is sopas in die voorafgaande paragraaf aangedui.

Die groepe en persone wat 'n rol kon speel in die vorming van die vooroordele van die twee waarnemers van die Blouberg-gebeure, is ook uitgewys. Die mate waartoe 'n persoon daaraan uitgelewer is om sy groep (of invloedryke individue) se vooroordele as sy eie aan te neem en die intensiteit waarmee dit aangeneem word, is natuurlik nie eensydig berekenbaar nie. Sielkundiges soos Charlotte Buhler wys byvoorbeeld op die spanning tussen 'n persoon se temperament en karakter: temperament - dit waartoe 'n mens 'van nature' geneig is; karakter - word met tyd gevorm en is afhanklik van konteks en blootstelling. Karakter moet in hierdie sin ook

206. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 5-9.

207. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 49.

208. P. Rich, the quest for Englishness, in G. Marsden (ed.), *Victorian values. Personalities and perspectives in nineteenth-century society*, p. 221.


209. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.

210. F.A. van Jaarsveld & J.I. Rademeyer, *Teorie en metodiek vir Geskiedenisonderrig*, p. 40. Van Jaarsveld was tot 1986 hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

verstaan word as selfverbetering van 'minder geslaagde' (temperamentele) eienskappe. Sommige mense sal dan beter 'karakterbouers'²¹¹ wees as ander. Toepassing van hierdie persoonlikheidspsigologie vereis die kundigheid van 'n gekwalifiseerde sielkundige en val nie heeltemal binne die kader van hierdie ondersoek nie. Tog gee beskouings soos dié van Buhler die ondersoeker 'n beter indruk van die komplekse en wispelturige aard van getuies se persoonlike subjektiwiteit. Per geleentheid verdedig Rae byvoorbeeld die posisie van die Hananwa, ander kere propageer hy steun vir hulle onderwerping.²¹²

In volgende hoofstukke gaan daar gevra word na die betroubaarheid van Rae en Sonntag se getuienis oor die Blouberg-gebeure. Biografiese gegewens en afleidings daaruit oor die subjektiwiteit van die twee getuies, sal onmisbare rigtingwysers wees, maar kan nie alleen dien as onweerlegbare bewyse vir die betroubaarheid van hulle weergawes, al dan nie. Waar moontlik, moet die korroborerende getuienis van derde, vierde en vyfde bronne gevind word. En die tekste van getuies Rae en Sonntag sêlf, moet fyn gelees word. Terwyl die betroubaarheid van inligting 'n belangrike vraag in die vergelyking van die twee tekste is, is dit waarskynlik selfs insiggewender hoe vergelyking leidrade bied oor die totstandkoming van betekenis in die twee tekste (onbetroubare inligting het immers ook 'n baie beduidende betekenis).

211. Persoonlike inligting: L. van Molle, Departement Geschiedenis, Katholieke Universiteit Leuven, Blijdeinkomststraat 21, Leuven, België, 1995-11-29.
212. C. Rae, *Malaboeh* ..., pp. 63 & 140.



Kaart 7: Sendingstasies in Transvaal teen die einde van die negentiende eeu.
Uit: J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, p. 57.

V DIE VERTELLERS IN DIE RAE- EN SONNTAG-TEKSTE

In hierdie hoofstuk word 'n aanvang geneem met die redaksionele dekonstruksie van die Rae- en Sonntag-publikasies, soos teoreties in die eerste hoofstuk uiteengesit. Die vraag wat gestel word, is: Wie vertel? Sonntag se teks word eerste ondersoek.

Christoph Sonntag se dagboek, *My friend Maleboch*

1. Eerstepersoonsverteller, mede-vertellers, vertaler

My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains, is 'n dagboekvertelling in die eerste persoon. Christoph Sonntag, die Berlynse sendeling van Blouberg, wie se biografiese agtergrond in die vorige hoofstuk bespreek is, vertel die leser onder datum-opskrifte hoe die oorlog van 1894 tussen die Hananwa en die Boere ontstaan, verloop en afgeloop het. Met die erkennings en inleiding afgehandel, kom hy op p. 1, op Sondag 20 Augustus 1892, aan die woord. 'n Kort *Postscript* op p. 129, is in die derdepersoon geskryf en skets Mmalebôh se situasie nadat hy as gevangene na Pretoria weggevoer is. Met die uitsondering daarvan, bly sendeling Sonntag tot op 24 Julie 1895 (p. 161) self aan die woord, of is dit hy wat sprekers aan die woord stel. Op hierdie datum eindig die gepubliseerde dagboek.

Wanneer die leser die Sonntag-publikasie ter hand geneem en die erkennings en voorwoord deurgewerk het, is sy reeds bewus dat daar, naas die sendeling-eerstepersoonsverteller, Christoph Sonntag, ook mede-vertellers in die gepubliseerde teks aanwesig is: 'n Eerste mede-verteller is F.A. van Jaarsveld, seker een van die invloedrykste Afrikaner-historici tot op hede. Professor Van Jaarsveld was hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria ten tye van die publikasie van *My friend Maleboch*. Hy het vanuit die flapteks die betroubaarheid van die sendeling-verteller en die aktualiteit van sy storie, aangeprys. In die vertaler se eie woorde, sou hierdie publikasie van die sendeling se teks nie moontlik gewees het sonder Van Jaarsveld se aansporing, voorstelle en advies nie.¹

'n Mede-verteller wat nog sterker en met volgehoue betrokkenheid na vore tree, is die vertaler, Konrad Sonntag.

1. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), p. xii; Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.

Konrad Sonntag is die oudste seun uit sendeling Christoph Sonntag se tweede huwelik (met Magdalene Trümpelmann). Hy was ses jaar oud toe sy vader op 19 Januarie 1919 oorlede is, waarna die gesin Tšhakoma in Venda verlaat het en na Middelburg, waar Konrad se oupa Trümpelmann gewoon het, verhuis het. Konrad Sonntag was sedert die middel-vyftigerjare in Pretoria woonagtig. Sy vrou, Annegret Sonntag, het die transkribering van haar skoonvader se manuskrip uit die ou Süterlin-teks onderneem. Die taak het haar etlike maande besig gehou. Daar bestaan nog 'n ander, getikte transkripsie van die dagboek, wat (teen vergoeding), in opdrag van wyle G. Sonntag, 'n dogter van die sendeling, gemaak is. Konrad en Annegret Sonntag het hierdie transkripsie ook onder oë gehad, maar was teleurgesteld dat die transkribeerder daarvan skynbaar makliker as Annegret tou-opgegooi het met die ontsyfering van die sendeling se handskrif.² Die klein blanko ruimtes en vraagtekens plek-plek tussen hakies in die getikte teks, getuig daarvan.³

Konrad self was verantwoordelik vir die vertaling van die transkripsie in Engels. Dit is net minder as negentig jaar na die aanvanklike tydgenootlike teboekstelling van die gebeure waarvan dit vertel, voltooi.⁴ Konrad Sonntag was 'n uiters geskikte kandidaat vir die vertaalwerk.

Wat sy motivering vir die onderneming van so 'n reuse-projek betref, kan Sonntag nouliks daarvan verdink word dat hy die vertaling aangepak het as 'n huldeblyk aan 'n vader vir wie hy groot bewondering gehad het. Dit sou die geloofwaardigheid van die werk reeds vanaf die wortels ondermyn het. Konrad Sonntag erken self dat hy niks van sy vader kon onthou nie, behalwe dít wat ander hom vertel het: dat hy 'n baard gehad het en pyp gerook het.⁵ Die vertaling is aangepak as 'n soort verkenningstog, 'n poging om 'n onbekende man wat noodwendig groot nuuskierigheid by sy kind sou aanwakker, uit sy eie woorde te leer ken. Met die vertaalprojek afgehandel, was

-
2. Persoonlike inligting: K. & A. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28; C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. xi-xii.
 3. C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek. Op p. 205 kan voorbeelde van albei hierdie aanduidings van 'onleesbaarhede' in die oorspronklike teks, gesien word. Waar die Sonntags hieroor ongelukkig was, was dit vir my, soos uit hierdie hoofstuk sal blyk, 'n teleurstelling dat hulle op hulle beurt skynbaar arbitrêr besluit het watter dele van hulle beter getranskribeerde weergawe die leser in vertaalde vorm sou kon sien. Die benadering van die onbekende transkribeerder van die teks van mevrou G. Sonntag, om voor die voet alles te transkribeer en dan presies aan te dui waar daar gapings was, was myns insiens eerliker.
 4. Prof. Gerrit Schutte, historikus aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, bespreek die boek so vroeg as Mei 1983 in *Zuid-Afrika* 60(5), p. 77. Prof. F.A. van Jaarsveld, in daardie stadium hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, se resensie in *Historia* 29(1), p. 58, het eers 'n jaar later verskyn. Dit is teleurstellend dat die publikasie self ongedateer verskyn het.
 5. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.

Sonntag ook nie huiwerig om te praat oor die minder vleiene karaktertrekke wat hy uit die sendeling se dagboekinskrywings afgelei het nie.⁶

Ook sy taalkennis en -vaardigheid maak van Konrad Sonntag 'n ideale vertaler. Barzun & Graff beskou die geloofwaardige vertaler as een wat die taal waaruit vertaal word, as moedertaal ken en die taal waarin die werk vertaal word, as geoefende skrywer magtig is.⁷ Al beskou Konrad Sonntag self Engels as die taal wat hy die heel beste magtig is, is Duits, die taal waaruit vertaal is, inderdaad sy moedertaal en huistaal. (Magdalene Trümpelmann was Duits en kon nié goed Engels praat nie). Sy jarelange ondervinding as dosent in Engels aan die Onderwyskollege in Pretoria,⁸ verklaar die hoë standaard van die vertaler se skryfvaardigheid in die doeltaal. Anders as die Rae-publikasie, het *My friend Maleboch* se vloeiende skryfstyl 'n boeiende impak op die leser. In 'n aantal steekproewe wat gedoen is, kon die ooreenstemmende Engelse en oorspronklike Duitse Sonntag-teksgedeeltes nogtans selfs frase-vir-frase vergelyk word.⁹ Barzun & Graff beklemtoon dat die bedoeling van 'n outeur, die betekenis van die teks – en nie in die eerste plek los woorde en sinne nie – vertaal moet word.¹⁰ Die vertaler slaag dus skynbaar goed daarin om 'n balans te behou tussen akkurate vertaling (per frase/sin) en die oordrag van die outeur se bedoeling met 'n spesifieke stuk teks.

Die ondersoeker moet egter verder kyk as wat die steekproef-vergelyking van 'n paar arbitrêr-gekoose stukke teks te kenne kan gee: Hierdie vertaler beperk homself nie tot die interpretasieprosesse wat onvermydelik is in die oor-vertel van 'n teks in 'n ander taal- (en dus ook ander kulturele verwysingsraamwerk) nie. Die vertaler tree ook berekend op as redakteur. Binne die gepubliseerde teks, is sy eie stem, sy teks, sigbaar naas die vertaalde teks van die sendeling, wat deur hom aangebied word.

Die vertaler se sigbare teks binne die publikasie, behels die volgende: Kaarte, illustrasies, 'n titelblad waarin hy die gepubliseerde teks klassifiseer, 'n *colofon*, 'n opdrag, 'n inhoudsopgawe en lys van illustrasies, erkennings, 'n inleiding, 'n voorwoord, hoofstukindelings met beskrywende titels, asook voetnote. Aangesien die vertaler byna 'n eeu in tyd van die gebeure in die dagboek verwyder gestaan het, was die raadpleging van die kundiges, historici en geograwe, wat op p. xi bedank word,

-
6. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28. Konrad Sonntag verduidelik dat sy Duitse vader, "nie so *easy-going* soos die Engelsman nie", miskien effens arrogant was.
 7. J. Barzun & H.F. Graff, *The Modern researcher*, p. 354.
 8. Persoonlike inligting: K. & A. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.
 9. Vergelyk byvoorbeeld die inskrywing op Dinsdag, 29 Mei 1894. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 203; C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 44.
 10. J. Barzun & H.F. Graff, *The Modern researcher*, p. 354.

noodsaaklik. Die sigbare aktiwiteite van die vertaler-redakteur, soos hierbo opgenoem, was bevorderlik vir die akkuraatheid van die werk.

Die redakteursrol van die vertaler raak eers problematies sodra dit nie meer vir die leser *as sodanig* voorgedou word nie. Op p. 1 betree die leser skynbaar die gedagte-wêreld van die sendeling en ontmoet so die ‘eintlike?’ eerste-persoonsverteller: Christoph Sonntag. Die agtergrond is in die voorwoord geskets, die titelblad dui aan dat die boek aangepas en vertaal is uit die oorspronklike Duitse manuskrip, voetnote gee verklarings en illustrasies en kaarte bied verdere toeligting, maar wat die leser van p. 1 tot 161 aantref, is ‘n sendeling aan die woord in sy dagboek. Dit is Christoph Sonntag wat vertel. Die inligting, soos dit dag-vir-dag ingeskryf staan onder die verskillende datum-opskrifte, kom uit die sendeling se mond; dit is sy teks ... maar is dit?

2. Vertaler K. Sonntag as verskuilde verteller

Tot dusver is aangedui waar die redakteur-vertaler hom kenbaar gemaak het as mede-verteller in die publikasie, maar daarnaas verskuil hy ook sy eie stem binne dié van die sendeling-verteller. Hy praat vanuit ‘n twintigste-eeuse agternaperspektief in die stem van ‘n 1894-getuie - sonder dat hy in die gepubliseerde teks enige sigbare aanduiding gee dat dit eintlik die vertaler is wat op daardie spesifieke tydstop vertel. Dit is misleidend, kom neer op spookskrywery en is dus volgens Shafer se eksterne kriteria, tóg ‘n mate van vervalsing.¹¹

‘n Ontslaglike hoeveelheid arbeid en baie spesifieke taalvaardigheid moes gekombineer word om die ontoeganklike handgeskrewe Duitse manuskrip in leesbare Engels om te gesit het. Gemeet daaraan, is die vermenging van die vertaler-redakteur en die sendeling se eie vertelstem binne-in die sendeling se veronderstelde teks, soveel te meer betreurenswaardig. Dit is nie te betwyfel dat die vertaalde Sonntag-dagboek vir die historiese navorser ‘n onskatbare vonds is nie. Maar die werkwyse wat gevolg is maak, om terug te kom tot Elton se woorde, “the purposes served by the human beings who first created it”,¹² ontsettend moeilik agterhaalbaar - of te ontwar van die *purposes served by the human being who first translated and published it!* ‘n Vertaler-redakteur behoort die wetenskaplike betroubaarheid van sy publikasie te

11. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, pp. 128 & 135.

12. G.R. Elton, *Return to essentials. Some reflections on the present state of historical study. The Cook Lectures delivered at the University of Michigan, 1990*, p. 55.

verskans deur enige aktiwiteit, of verhelderende opmerkings, wat strenggesproke die perke van transkripsie en vertaling oorskry, as sodanig aan te dui.¹³

Die vertaler-verteller se bedoeling was nie om die leser te mislei nie - intendeel. Daarvoor spreek sy ontvanklikheid vir die advies van vakkundiges, sowel as sy volgehoue arbeid aan en verfyning van 'n vollediger Engelse (en ook Afrikaanse) vertaling, van té 'n groot openheid.¹⁴ Enige wysigings wat aangebring is, was juis daarop gemik om die akkuraatheid van die oorspronklike te verhoog, of om die gebeure van 1894 te Blouberg so verstaanbaar as moontlik en met die minste moontlikheid om aanstoot te gee, aan die laat-twintigste-eeuse leser voor te hou. Die resultaat van hierdie inherent 'goeie' bedoeling om die implisiete leser¹⁵ in ag te neem, is uiteindelik nietemin misleidend, en dus negatief.

[D]e kern van dit probleem [ligt] minder in de onvermijdelijke subjectiviteit, dan in de mogelijkheid de gemaakte keuze te controleren. De betrouwbaarheid van een dagboekuitgave hangt voor een groot deel af van de verantwoording door de bewerker.¹⁶

Die grootste punt van kritiek teen hierdie redakteur is dus nié dat hy afleidings maak en interpreteer nie, maar dat hy sy stem laat saamsmelt met dié van die sendeling-verteller. Vir die leser wat die publikasie onverhoeds ter hand neem, is dit onmoontlik om, binne die veronderstelde sendeling-tekste, te onderskei tussen outentieke en redaksionele uitsprake. Tekste is weggelaat en verduidelikings is bygevoeg om by te dra tot die geheelbeeld wat gepubliseer is. Op die vraag "wie vertel?", is die antwoord "die sendeling", maar hy is soms woorde in die mond gelê, soms stilgemaak en ongetwyfeld só aan die leser voorgehou dat sy gefragmenteerde dag-tot-dag weergawes uiteindelik 'lees' soos 'n tragedie.

Hierdie proses word onder drie besprekingspunte uiteengesit. Eerstens, die aard en effek van toevoegings, of wysigings, gemaak tot die sendeling-tekste; tweedens, die aard en effek van weglatings. Toevoeging en weglating van tekste, die hele proses van

-
13. Die volgende geannoteerde publikasie is 'n goeie voorbeeld van waar so 'n beleid wél gevolg is: S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven van ..., luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemzelve beschreven* (red. O.J.O. Ferreira). Pretoria, 1975. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Bronnepublikasie III, 1975.
 14. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg. Pretoria, 1994-07-28; C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. xi-xii.
 15. Implisiete leser: "... nie 'n werklike leser nie, maar 'n ideële of hipotetiese een wat deur die ondersoeker gekonstrueer word. Dit kan kortliks omskryf word as die rol van die leser soos dit in die teks self vervat is en deur die geheel van teksaanwysings opgeroep word. Daaruit kan 'n werklike leser aflei hoe 'n teks gelees 'behoort te word'." H. Ohlhoff, Hoofbenaderings in die literatuurstudie, in T.T. Cloete, E. Botha, C. Malan (reds.), *Gids by die literatuurstudie*, p. 54. Sien hoofstuk vyf.
 16. M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere?, *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, p. 12.

seleksie deur die redakteur, is deel van die werkwyse waarvolgens 'n einde-gerigte verhaal/storie gekonstrueer word.¹⁷ Die vertaler-verteller probeer nie die verhaalagtige resultaat van sy publikasie ontken nie. Volgens hom het die dagboek van die sendeling asof vanselfsprekend in die baie spesifieke verhaalsoort, die tragedie, ontvou. Hy gee derhalwe in die didaskalia (hoofstukindeling) eksplisiete aanduidings van die voorafbestemde tragiese verloop van die 1894-gebeure. Dit dan die onderwerp vir die derde besprekingspunt.

a. Toevoegings en wysigings deur die vertaler-redakteur

Volgens Shafer kom dit voor dat dagboekhouers soms lank nadat die aanvanklike inskrywings gemaak is, toevoegings maak of veranderinge aan hulle eie teks aanbring met die opregte bedoeling om (hoewel 'n vergissing) akkuraatheid te verhoog.¹⁸ In die geval van die Sonntag-publikasie, is dit deur die dagboekhouer se seun, die vertaler, gedoen.

Op Dinsdag 27 Oktober 1892, het sendeling Christoph Sonntag 'n gebeurtenis in sy dagboek opgeteken wat vir hom vanuit 'n persoonlike oogpunt, maar ook ter wille van sy werk as sendeling, 'n belangrike mylpaal was: sy eerste ontmoeting met Kgalusi.¹⁹ Die toevoegings en wysigings wat die vertaler in sy weergawe van dié ontmoeting in *My friend Maleboch* aangebring het, is insiggewend.

Die sendeling self het soos volg geskryf oor die gunstige afloop van sy besoek aan Mmalebôh:

Gerade wie der Häuptling von allen in tiefster Ehrfurcht *mit großer Löwe* begrüßt wurde, so wurde auch mir diese Ehre zutheil.²⁰

Só lui die 1983-vertaling, die wysigiging tot die sendeling-teks gekursifeer:

Just as the Chief was, in the deepest awe, addressed by all who saw him, *as Great Lion, Awesome Monster, Fiery Dragon, Mighty Ox*, so also I was accorded this honour.²¹

-
17. In hierdie afdeling geniet slegs die seleksie-proses tydens die redaksionele fase aandag. Die aard van die seleksies gemaak deur die sendeling-as-waarnemer, word in 'n volgende hoofstuk ondersoek.
18. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 134.
19. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 134-136; C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 5-9.
20. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief: Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: A. 1281, pp. 477-478: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-10-27.
21. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 8.

Hierdie uitgebreider, kleurvoller omskrywing vergoed vir die moontlikheid dat die moderne leser se insig in die Hananwa-kultuur gebrekkiger mag wees as waarvoor die sendeling in die 1890's al voorsiening kon maak.

Die volgende wysiging is waarskynlik ook aangebring ter verheldering van die implisiete leser se insig in die 1892-omstandighede:

Auch jetzt wurde sein früherer Widerwille gegen *den Lehrer* und das Wohnen des Lehrers in dem Land mit keinem Worte Erwähnung gethan.²²

Dit is soos volg vertaal:

Again no mention was made of his previous antipathy towards *the teachers of my Society* and whether I would be allowed to stay in his country.²³

Die sendeling self het geweet waarvan hy praat, maar die vertaler moes die implisiete lesers van sy publikasie in ag neem en hulle genoeg besonderhede gee sodat hulle hulleself kon oriënteer volgens die situasie wat reeds op p. 1 van die vertaalde publikasie vir hulle geskets is:

The departure without leave or farewells of the previous missionary Stech had made a very poor impression on the Chief and his people. ... Solomon and his fellow-apostates probably did their little bit in stirring up the distrust, not only against Brother Stech, but also against all teachers of the Berlin Mission Society.

Dit is opmerklik hoe die vertaler met die volgende toevoeging *sy* interpretasie in die teks in-vertaal, en die implisiete leser die reg ontnem om self 'n soortgelyke, of heeltemal teenstrydige, afleiding te maak:

Fast wolle ich sagen, er [Mmalebôh] überragt all sein Volk über eines Hauptes Lange.²⁴

22. TAB: A. 1281, p. 477: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-10-27. Kursivering L.K.

23. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 8. Kursivering L.K.

24. TAB: A. 1281, p. 474: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-10-27.

Die toevoeging tot die vertaling is gekursiveer:

I was almost tempted to say that *like Saul, king of Israel*, he [Mmalebôhô] was higher than any of the people from his shoulders and upward.²⁵

Die vertaler is vroeg in die drama reeds besig om die implisiete leser positiewer teenoor Mmalebôhô en negatiewer teenoor Kibi te stem as wat die sendeling ten tyde van die gebeure was. Vergelyk bogenoemde wysiging met die onderskeie tekste se vertelling van die sendeling se eerste ontmoeting met Kibi.²⁶

Volgens die sendeling:

Freitag, den 4. November. Heute früh machte ich mich auf den Weg, um unsere Aussenstation bei dem Häuptling Kibi und die Aussenstation Derben zu besuchen. Hauptsächlich war es mir darum zu thun, dem Häuptling Kibi einen Besuch zu machen.²⁷

Volgens die vertaler:

2. Kibi
Friday 4 November 1892
I started my journey to our out-stations in the country of Chief Kibi, *Maleboch's rival*. My main aim was to meet the chief.²⁸

Kibi kon wel as 'n teenstander van Mmalebôhô beskou word, maar dit was, ten minste in daardie stadium, nie so voorop in die sendeling se geheelindruk van dié man as wat die vertaler die implisiete leser wil laat glo nie.

'n Verdere voorbeeld kan geneem word uit die dagboekinskrywing van Dinsdag 21 Maart 1893. Let veral op die gekursiveerde frases. Sonntag is weer op besoek aan Mmalebôhô:

Wie gewöhnlich erkundigte er sich sehr eingehend nach dem Geschick des Landes, besonders was die Bauern sagen, Regierung u.s.w. Ich hatte inzwischen die Post bekommen und mir schien, ein ganzes Lager Neuigkeiten: Überraschung in Lande, Eisenbahn, etc. Für alle Mittheilungen war er ganz Ohr. Besonders aber interessierte ihn der Wahlkampf zwischen Paul Kruger u. Joubert. *Sie folgern vermutlich*

25. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 7. Kursivering L.K.
26. C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 136-137; C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 10.
27. TAB: A. 1281, p. 479: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-11-04.
28. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 10.

so: lägen sich die Bauern selbst in den Haaren, dann haben sie keine Zeit und Kraft sich um *uns* zu kümmern. In der Bemerkung des Häuptlings, da Paul Kruger der frühere Präsident gewesen sei, so sei es doch wohl richtig, wenn er wieder gewählt würde, trat seine Auffassung zu Tage.²⁹

Die ooreenstemmende gedeelte het soos volg in die Engelse publikasie verskyn (die vertaler se toevoegings tot en wysigings aan die Duitse teks is weer eens gekursiveer om dit uit te wys):

*As at our first meeting, he asked penetrating questions about what was happening in the country, especially in connection with the Boers and their Government. As the post had arrived the previous day, I was well-supplied with the latest news. Floods in various parts of the country, buildings, roads, railways. For everything he had a ready ear. What interested him especially, however, was the election campaign between Paul Kruger and Piet Joubert. The chief and his people inferred that as long as the Boers were at loggerheads with each other they could have neither time nor inclination to worry about the Bahananoa. Maleboch's own personal hopes were expressed by the remark that as Paul Kruger was the incumbent President it would only be right if he were chosen again.*³⁰

In die vertaling hierbo, is 'n vermoede van die sendeling-verteller sodanig deur die vertaler gewysig dat dit lyk na 'n stelling uitgespreek deur Mmalebôhō en sy mense. Die *uns* in die sendeling se vertelling het nie noodwendig verwys na *the Bahananoa* in die algemeen, alle onderling-strydende faksies ingesluit, soos wat die vertaler by die implisiete leser wou tuisbring nie. Dit is belangrik vir die leser om te weet dat hierdie versugting, hoewel 'n afleiding namens Mmalebôhō, van die *sendeling* afkomstig was. Hy het nie gehuiwer om die inklusiewe voornaamwoord *ons* te gebruik nie. Sy éie begeerte, om met rustigheid sy sendingwerk te kan doen, is óók in hierdie versugting vervat.

Hierdie wysigings versterk die indruk dat die vertaler daarop ingestel was om die sendeling-verteller se oriëntasie so ondubbelsinnig as moontlik uit te beeld. Die vertaler speel as't ware die 'eintlike antagoniste' in die 1894-konflik teen mekaar af, en isoleer die sendeling daarvan, laat hom terugstaan van enige emosionele betrokkenheid by die gebeure van sy tyd, alhoewel hy dit persoonlik deurleef het. Dit is ongeloofwaardig vir 'n waarnemer om reeds in sy eie tyd die persone met wie hy kommunikeer so klinies te deurskou en as protagonis of antagonis te kategoriseer.

29. TAB: A. 1281, pp. 536-537: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1893-03-21. Kursivering L.K.

30. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 9.

Weer eens, het die vertaler-redakteur sy eie agternaperspektief in die stem van die sendeling ingebou. Daarmee is die potensiële leser in 'n groot mate die voorreg ontnem om die kompleksiteit van interpersoonlike verhoudings, soos deur sendeling Sonntag voor en na die 1894-konflik ervaar, te deurskou. Die sendeling se teks het velerlei leesroetes vir 'n leser ingehou; die vertaler het die roete waarlangs hy gelees het, in die 1983-publikasie op alle latere potensiële lesers afgedwing.

Al die wysigings wat tot dusver genoem is, sou waarskynlik nog die 1983-leser kon help om die ontmoetings tussen die sendeling en die Hananwa-leiers beter te verstaan - nie noodwendig 'meer akkuraat' voor te stel nie. Die wysigings moes as sodanig gemerk gewees het, aangesien die sendeling, soos sake hier staan, 'n onakkurate kwota insig in die toekoms toegedig word.

Die volgende gevalle, is voorbeelde waar die vertaler se spookskrywery skeefgeloop het. Die sendeling ry nou aan die pen oor uitlatings wat hy, volgens die 1983-publikasie, swart op wit, in sy dagboek gemaak het, maar wat eintlik wysigings/toevoegings deur die redakteur was:

Die eerste voorbeeld is 'n feite-'fout', deur T.J. Makhura in sy verhandeling uitgewys. Met Kgalusi Mmalebôhō in die gevangenis in Pretoria ná die 1894-oorlog (tot 1900), het Mmaseketa, die hoofvrou van Matsiokwane, as regentes oor sy onderdane opgetree. (Matsiokwane, Kgalusi se vader, is reeds in 1879 oorlede). Makhura het gelyk wanneer hy in 'n voetnoot verwys na pp. 130-150 van die 1983-publikasie en opmerk: "Sonntag, however, incorrectly calls her [i.e. Mmaseketa] 'Masikele' (Masekela). Masekela was one of the trusted men used as messengers ('Batseta')." ³¹

In die publikasie-teks verwys die vertaler-redakteur (in die vertelstem van die sendeling), inderdaad nie minder nie as vyftien keer na *Masikele*.³² Sendeling Sonntag self noem die *Häuptlingsmutter* wel wanneer hy die eerste keer, op Donderdag 9 Augustus 1894, na haar verwys, *Masekile*. Daarna gebruik hy egter afwisselend die spelling *Masekete/Maseketa*, laasgenoemde meer frekwent namate hy haar (en die uitspraak van haar naam) waarskynlik beter leer ken.³³

Sendeling Sonntag het dus geweet van wie hy praat as hy na die *Chief's mother/Häuptlingsmutter* verwys het; die vertaler het die verkeerde aanname gemaak

-
31. T.J. Makhura, *The Baganawa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, p. 42.
32. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 130, 136, 137, 139, 140, 141, 142, 143, 145, 150 & 151.
33. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 252, 257, 258, 259, 261, 262, 264, 265, 273 & 274.

toe hy die eenmalige skryffout in die dagboek as die korrekte naam beskou en dit deurgaans in sy publikasie gebruik het. Onderzoekers wat die publikasie-tekst raadpleeg, hou egter die sendeling verantwoordelik vir die fout, wat hom kwesbaar maak vir kritiek dat sy kennis van die Hananwa-samelewing maar gebrekkig was.

Die tweede voorbeeld behels nie slegs 'n wysiging van die sendeling-tekst nie, maar ook 'n toevoeging daartoe deur die redakteur. Makhura, wat van die 1983-publikasie gebruik gemaak het, het die frase vir die outentieke uitspraak van Christoph Sonntag aangesien en dit gebruik as uitgangspunt vir heftige kritiek teen die sendeling:

Finally, it was perhaps by far Rev. Sonntag who clearly demonstrated the extent at which the missionaries were accomplices in the political subjugation of the Bagananwa. ... soon after his arrival in Blouberg in 1892 he clarified his programme of action in the following words: "We [the missionaries, unlike the Boers], must simply fight with other weapons: we must use the velvet glove [hierdie gekursiveerde frase, is deur die vertaler bygevoeg]... I had to admit", he concluded, "that the old heathen independence, chiefship and everything that was connected with it... must be superseded by something else if the Word of God was to be successfully preached..."⁷⁴ In keeping with his objectives he sided with the Boers to destroy the independent Bagananwa polity. His diplomatic manoeuvres, which provide a classic example of how a missionary could use an iron hand in a velvet glove, will be dealt with later.³⁴

Die konteks waarbinne die sendeling die uitspraak waarna hierbo (onderstreep) verwys word, gemaak het, die spesifieke woordkeuse gemaak tydens die vertaling, die toevoeging deur die vertaler, sowel as die waarskynlike intertekste waaruit die sendeling se uitspraak kom, vra van die onderzoeker 'n heroorweging van Makhura se argument:

Wat konteks betref: Sonntag was nie hier besig om 'n program van aksie om die onafhanklikheid van die Hananwa-politie te vernietig, uit te spel nie. Pas nadat hy dit vir homself uitgeklaar het dat dit nie die moeite werd was om, soos sy voorganger, aan te dring dat die Hananwa die BSG se besitreg op die stasiegrond erken nie, maak hy die omstrede uitspraak (*We must simply fight with other weapons...*). Direk daarna, erken hy dat die Christene afhanklik is van Mmalebôhō se goedgunstigheids indien hulle sonder enige gewelddadige hindernis in sy land wil woon en werk. Dit

34. T.J. Makhura, *The Baganawa polity ...*, p. 117. Makhura se voetnoot 74 verwys na C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 2 & 28.

dui eerder op 'n erkenning van Mmalebôhō se oppergesag in die gebied as na 'n meesterplan om die Hananwa te onderwerp.

Die woordkeuse in die Engelse vertaling is maar slegs één van meer moontlikhede. Vergelyk *Wir kämpfen eben mit anderen Waffen*,³⁵ met *We must simply fight with other weapons*. Die “*must*” in die Engelse publikasie was geen vereiste vir akkurate vertaling nie. So ook is “*simply*” nie die enigste alternatief vir “*eben*” nie. Indien die sendeling geskryf het: *Ons veg net met ander wapens*, kan die deterministiese Engelse vertaling wel as 'n juiste interpretasie beskou word, die *velvet glove*-toevoeging ingesluit: “Ons sendelinge veg net eenvoudig met ander wápens: ons het dieselfde oogmerke as die Boere-regering, wat die Hananwa belastingpligtig en onderdanig wil sien; ons sal dit net deur subtile indoktrinasië op geestelike vlak, eerder as met fisiese geweld, bewerkstellig.”

Daar bestaan ook die volgende moontlikheid: 'n Ander vertaling vir *eben* is *juis*, of *presies*. Indien die sendeling sou geskryf het: *Ons veg juis met ander wapens*, sou 'n byna teenoorgestelde lesing ook aanvaarbaar kon wees, wat die *velvet glove*-toevoeging onvanpas sou maak. Die sendeling sou daarmee kon impliseer: “Ons doelstellings is juis anders as dié van die regering; vir ons gaan dit juis nie om belasting of grondeienaarskap of politieke onderhorigheid nie, maar oor die aanvaarding van die Christelike geloof” - wat deur Sonntag as 'n vrywillige opsie aan die Hananwa voorgehou is. By 'n latere geleentheid, waar Sonntag 'n Boer tydens die oorlog tereggewys het, het hy 'n soortgelyke uitgangspunt gehad:

Some of the gentlemen were sarcastic about the work of missionaries, remarking: ‘Our manner of taming the Blacks is much faster’. I countered: ‘That is quite true. You as soldiers shoot them dead and then they are quite tame. We as servants of the Gospel are concerned with human hearts, which cannot be tamed so easily’.³⁶

Die oorspronklike Duitse weergawe van hierdie aanhaling laat beter reg geskied aan die oorlogsbeeldspraak, wat Sonntag deurgaans gebruik om sy sêdingwerk te beskryf:

Wir als die das Evangelium haben, haben es mit den Herzen zu thun, die auch mehr Widerstand als der *Krieg* leisten.³⁷

35. Vir die Duitse weergawe, sien TAB: A. 1281, p. 450: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-08-20.

36. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 78.

37. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 222. “Ons dan wat die Evangelie het, het met die hart te doen, wat ook/werklik meer weerstand as *oorlog* bied.” Vertaling, kursivering L.K.

Sonntag gebruik herhaaldelik in sy dagboek Bybelse oorlogsbeelde om sy evangeliseringstaak te visualiseer. Dit is nie geuiter met die bedoeling om in die materiële wêreld teen 'n menslike vyand toegepas te word nie.³⁸ Reeds met sy aankoms by Blaumberg in 1892, het hy homself gestaal om die stryd te begin (“den Kampf zu beginnen”) teen die donker magte van die heidendom (“der dunklen Macht des Heidenthums”).³⁹ Selfs al sou die sonde terugslag op terugslag in sy werk veroorsaak, moes die sendeling, soos 'n soldaat op wag, ook altyd getrou sy pos bly beman; dán sou hy hulp van God ontvang:

Er wird auch über solche Zeit hinweg helfen, wenn wir nur *treu auf unsern Posten aushalten*.⁴⁰

'n Verdere voorbeeld kom uit die wyse waarop Sonntag Mmalebôhō geantwoord het na aanleiding van sy verbasing dat die sendeling nie 'n geweer besit het nie:

Gewiß, König [Mmalebôhō word aangespreek], du kannst es glauben. Du siehst daraus einmal, daß ich *nur mit der einen Waffe, des Wortes Gottes [only one weapon, the Word of God]* zu Euch gekommen bin
...⁴¹

Daar was ook 'n oorlogsverwysing in Sonntag se voorstel hoe sy Genootskap en die Wesleyaanse sendelinge mekaar in die sendingveld moes akkommodeer, volgens “die alte *Kriegsregel* ‘Getrennt marschieren, vereint schlagen ...’”⁴² Dit was asof Sonntag vir sy lydelikheid in ‘wêreldse’ geskille vergoed het met die kragdadigheid van sy godsdiensbeelde.

Uit bogenoemde konteks, lyk Efesiërs 6 na 'n baie waarskynlike interteks om Sonntag se *Wir kämpfen eben mit anderen Waffen*-uitspraak volgens te interpreteer. Die opskrif van die Efesiërs-interteks is “Die geestelike wapenrusting van die Christen”:

-
38. Net so het Sonntag dit sekerlik ook nie letterlik bedoel toe hy per geleentheid, met verwysing na hulle aandrang op besoeke en kuiers, van die Boere gepraat het as die ‘wolwe’ met wie hy noodgedwonge móés heul om as sendeling aanvaar te word nie. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 110.
39. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 126. Kursivering L.K..
40. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 90-91. Kursivering L.K.. “Dit sal ook oor so 'n tyd help, as ons net trou op ons poste uithou.”
41. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 155a. Sien ook C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 10. Kursivering L.K.. “Gewis, koning, jy kan dit glo. Jy sien daaruit nou eenmaal dat ek net met die een wapen, die Woord van God, na u toe gekom het ...” Vertaling L.K..
42. *Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft* (EA BMG): Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaumberg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd.2: Das Eindringen der Wesleyaner in unser Missionsgebiet von Blaumberg, 1894-10-04, p. 19. “... die ou/beproefde *oorlogsreël*: uitgespreid *marsjeer*, gesamentlik toeslaan ...” Vertaling, kursivering, L.K..

Ziehet die volle Waffenrüstung Gottes an, damit ihr gegen die listigen Unläufe des Teufels zu bestehen vermöget; denn wir haben nicht mit Wesen von Fleisch und Blut zu kämpfen, sondern mit den überirdischen Mächten, mit den Gewalten, mit den Weltherrschern dieser Finsternis, mit dem Heer der bösen Geister in der Himmelswelt.⁴³

Soos ook in hoofstuk een reeds te kenne gegee, sou dit naïef wees om te probeer bewys dat die BSG sieleheil sonder traumatiese kulturele veranderinge aan die Hananwa kón voorhou. Sendelinge het inderdaad na Afrika gekom om te verander, in die waan dat hulle sou verbeter.⁴⁴ In die opsig dat elke sendeling, ook Sonntag, van die Hananwa verwag het om ontsettend baie van wat hulle éie was, prys te gee, moet Makhura gelyk gegee word. Maar tensy sendeling Sonntag se uitsprake buite teksverband geïnterpreteer word, substansieer sy dagboek nie die beeld van hom as gedetermineerde politieke en militêre medepligtige in die verowering van die Hananwa nie.

b. Weglatings deur die vertaler-redakteur

Die vertaler-redakteur se motivering vir die weglating van gedeeltes van die sendeling-teks uit die gepubliseerde teks, was tweërlei van aard: om aanstoot te vermy en om 'irrelevante' materiaal, wat nie betrekking gehad het op die 1894-konflik nie en die verhaallyn kon breek, uit te skakel.

Die vertaler-redakteur wou niks in sy vertaling insluit wat mense se gevoelens sou seermaak nie. Derhalwe, het hy dinge wat hy gedink het 'n sendeling "nie veronderstel was om te sê nie", weggelaat.⁴⁵ (Die vertaler se opmerking moet ook gesien word in die lig van die sendeling se amptelike plig om aan die regering van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) lojaal te bly - sien hoofstuk vier en Bylae B.)

'n Openbare voorbeeld van bogenoemde tipe redaksionele weglating, kom voor in die vertaling van die dagboekinskrywing van Woensdag 25 April 1894. Twee afgesante van kommissaris Vorster het na Sonntag gekom met die amptelike versoek

43. *Die heilige Schrift. Alten u. Neuen Testaments. Übersetzt von Dr. Hermann Menge. Handbibel*, p. 271. Die ou Nederlandse vertaling van die ooreenstemmende verse (elf en twaalf), lui soos volg: "Doet aan de geheele wapenrusting Gods, opdat gij kunt staan tegen de listige omleidingen des duivels. Want wij hebben den strijd niet tegen vleesch en bloed, maar tegen de overheden, tegen de magten, tegen de geweldhebbers der wereld, der duisternis dezer eeuw, tegen de geestelijke boosheid in de lucht."

44. J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution. Christianity, colonialism and consciousness in South Africa I*, pp. 309-314.

45. Persoonlike inligting: C. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.

(binne konteks eerder opdrag) om hulle te vergesel tydens die lewering van 'n ulitimum aan Mmalebôhô. Vergelyk die vertaler se Engelse teks met dié van die sendeling:

Die beiden Überbringer des Rapports waren ein gewißer Mulder und ein Rensburg.⁴⁶

Dit stem ooreen met:

The two bearers of the dispatch were a certain Mulder and a Rensburg.⁴⁷

Dit was nie al wat die sendeling te sê gehad het nie. Terwyl die vertaler die bekendstelling van die twee gesante hierby laat, gaan Christoph Sonntag voort:

Der erstere sah ja ein wenig reinlich aus, der andere aber ...!

Es gibt unter den Bauern sehr sympathische, stattliche Erscheinungen, daneben aber stößt man häufig auf Physiognomik, die zu sehr wahre Galgengesichter darstellen. Ein solches besaß der 2. der Rapportträger. Ich mußte unwillkürlich daran denken, bedient sich Transvaal solcher Gesandten bei Verhandlungen mit den Kaffernstämmen, so ist es ein Wunder, ihnen Vertrauen entgegen zu bringen.⁴⁸

Die ondersoeker wat die leefwyse en dryfvere van al die partye betrokke by die 1894-oorlog in sy interpretasie in ag probeer neem, het júis óók hierdie ontboeseming van Sonntag nodig. Dit gee meer insig in Sonntag se beskouings oor die Boere-gemeenskap van die omgewing. Dit bevestig ook die argument dat Sonntag in die vertaalde teks voorgehou word as 'n 'klinieser' waarnemer as wat hy eintlik was. Hy was minder verhewe bo persoonlike toegeneëtheid tot sekere, of afkeer in ander partye, as wat die vertaling impliseer. Sonntag se 'beheerstheid' is in der waarheid die agternaperspektief van die vertalende redakteur!

46. TAB: A. 1281, p. 568: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1894-04-25.

47. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 20.

48. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 187, gekontroleer met TAB: A. 1281, pp. 568-569: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1894-04-25.

“Die eerste een het nog 'n bietjie skoon/sindelik/skaflik daar uitgesien, maar die ander een!

'n Mens kry onder die Boere besonder aangename, imponerende figure, daarnaas kom 'n mens eger dikwels gesigsuitdrukings teë, wat regtig waar lyk of dit dié van 'n skurk is. Die tweede rapport-draer was só een gewees. Ek moes onwillekeurig daaraan dink, as Transvaal [se regering] sulke gesante gebruik by hulle onderhandelinge met die kafferstamme [dié term is wel beledigend in 2001-konteks, maar enige ander benaming sou vir 1894 anachronisties en dus oneg wees], sal dit 'n wonder wees as daar vertrouwe by hulle ingeboesem word.”

Vertaling L.K.

Die vertaler se uitgangspunt om weg te laat wat hy as irrelevant vir die verstaan van die 1894-konflik beskou het, het gelei tot betekenisvolle verskille tussen sy publikasie en die sendeling se teks.

Die volgende verskil sluit nou aan by die vertaler se geneigdheid om sy eie agternaperspektief in die vertellersrol van die sendeling in te bou. Die sendeling in Konrad Sonntag se 1983-tekste is minder emosioneel as die ek-verteller wat in die 1890's geskryf het. Vergelyk die onderskeie tekste se beskrywing van die aanloop tot die sendeling se eerste besoek aan Kibi in November 1892:

For about two hours we travelled mostly uphill on uneven footpaths. Although not quite on the ridge, Kibi's kraal also lay high in the mountains on the Blaauwberg range. Moses had told me that Kibi's mood towards my mission society was not favourable and that he preferred the Wesleyan missionaries. In spite of this, I can really say that I was received in a friendly manner.⁴⁹

Die dele wat deur die redakteur weggesny is, word gekursiveer:

Gegen 2 Std. ging es auf unebenen Fußwegen meist bergan, denn auch die Hauptstadt von Kibi liegt, wenn auch grad nicht auf, so doch dicht unter dem Kamm des Blauberger Gebirges. *Dazu kam noch, daß ich den Weg mit schwerem, sorgenvollem Herzen machte.* Moses erzählte mir *gestern*, daß nach dem Besuch des Wesleyer Missionars die Stimmung des Häuptlings und seines Volkes gegen ihn resp. gegen uns, die erste Mission, eine sehr ungünstige sei. *Nicht vom Häuptling selbst, aber durch andere sei ihm bekannt geworden, daß man ihn aus dem Lande vertreiben wolle. Das drückte mich natürlich sehr und ich schrie fortwährend zum Herrn, daß er sich unserer Sache annehmen möchte. Und der Herr erhört Gebete!* Wider Erwarten fand ich bei Kibi, man kann wohl sagen, recht freundliche Aufnahme.⁵⁰

Nog 'n verskil wat weens die weglating van nie-oorlogverwante inskrywings na vore tree, is dat die ontplooiing van die konflik in die redakteur se teks sneller en vanselfsprekender verloop as wat die sendeling dit aanvanklik beskryf het. In die sendeling se teks kan 'n reeks gebeure byvoorbeeld opgevolg word soos dit

49. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 10.

50. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 138, gekontroleer met TAB: A. 1281, p. 412: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-11-05.

Die gekursiveerde gedeeltes in Afrikaans: "Daarby kom nog die feit dat ek die pad met 'n swaar, bekommerde hart geloop het. ... Nie deur die hoofman [sic] [Kibi] self nie, maar deur ander het dit aan hom [Moses] bekend geword dat die mense hom uit die gebied wou verdryf. Dit het my natuurlik erg ontstel en ek het voordurend na die Heer geroep dat Hy ons saak sou aanneem. En die Here verhoor gebede." Vertaling L.K..

broksgewys, vermeng met vertellings oor ander ervarings, oor verloop van 'n paar dae se inskrywings, gestalte kry. Die vertaler het meermale sulke gebeurereekse geredigeer.

Die teks wat vertel van die November 1892-ontmoeting met Kibi is een so 'n voorbeeld, waar 'relevante gedeeltes' aanmeakaargevleg en as 'n enkele dagboekinskrywing aangebied is. Die vertaler bied dit aan in bietjie minder as 'n bladsy verteltyd, onder die datum *Friday 4 November 1892*.⁵¹ Die reis na en die ontmoeting met Kibi in die getikte transkripsie van die sendeling se oorspronklike dagboek, verloop oor vier bladsye verteltyd.⁵² Die *vertelde* tyd is ook langer; nie slegs 4 November nie, maar ook 5 November. Die eintlike ontmoeting met Kibi hét eers op die vyfde plaasgevind.⁵³

'n Ander voorbeeld van die redigering van verteltyd sowél as vertelde tyd, vind die leser by die vertelling van 22 Desember 1893 in die onderskeie tekste. Vroeg daardie oggend, het 'n groepie Boere en swart polisiemanne 'n aanslag op 'n paar Hananwagehuggies geloods en 'n honderd beeste gekonfiskeer. Sendeling Sonntag het óp die twee-en-twintigste 'n inskrywing daaroor in sy dagboek gemaak.⁵⁴ Die gedeelte wat in die 1983-publikasie onder die datum *Friday 22 December 1893* verskyn, is egter die vertaling van 'n inskrywing wat sendeling Sonntag eers op Woensdag, 21 Februarie 1894 gemaak het. In sy eie woorde soos volg verduidelik:

Am Ende des Tagebuches vom IV. Quartal 1893 berichtete ich, daß der Eingeborenen Kommiss. und Command. Vorster am 22.Dez. den Baganwathos 100 Stück Vieh wegnahm. (Die Sache brachte uns seiner Zeit viel Unruhe und verdarb uns fast das liebe Weihnachtsfest.) Die Geschichte ist jetzt zum vorläufigen Abschluß gekommen und so kann ich im Zusammenhange und in aller Ausführlichkeit darüber berichten. Es war am Freitag, den 22.Dezember. ...⁵⁵

51. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 10.

52. Die term *verteltyd* word geleen uit die literatuurstudie en verwys na die bladsyruimte wat 'n outeur aan 'n bepaalde segment van die gebeure afstaan. Indien relatief meer of minder bladsye verteltyd aan 'n spesifieke insident, teenoor 'n ander, afgestaan word, kan dit dien as aanduiding van die klemlegging binne 'n werk. Sien D.H. Steenberg, Tyd, in T.T. Cloete, E. Botha & C. Malan (reds.), *Gids by die literatuurstudie*, pp. 90-91.

53. C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 136-138. Die verteltyd in die oorspronklike manuskrip beslaan ongeveer veertien bladsye van Sonntag se handskrif. TAB: A. 1281, pp. 407-420: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-11-04 en 05.

54. TAB: A. 1281, pp. 542-543: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1893-12-22.

55. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 182. Gekontroleer met TAB: A. 1281, p. 552: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1894-02-21.

"Aan die einde van die dagboek van die vierde kwartaal 1893, het ek berig dat die inboorling-kommissaris en kommandant, Vorster, op 22 Desember honderd stuks vee van die Bahananwa weggeneem het. (Die saak het in daardie tyd vir ons veel onrus gebring en het ons Kersfees vir ons bederf.) Die gebeure is nou voorlopig afgesluit en so kan ek in samehang en in alle uitvoerigheid daaroor berig:

Dit was op Vrydag, die twee-en-twintigste Desember. ..." Vertaling L.K.

Wat die redakteur in die vertaalde teks gepubliseer het, is dus nie die sendeling se aanvanklike reaksie op die Boere-aanval nie, maar 'n (re)konstruksie van die gebeure wat hy meer as 'n maand na die eintlike insident gemaak het – met al die nabetragting, toevoeging van bykomende getuienis, verwerking van eie waarnemings dáárvolgens, inbegrepe.⁵⁶ Die latere vertelling, dié een wat vertaal is vir die Engelse publikasie, is meer spesifiek oor sekere sake rakende die gebeure op 22 Desember: die aantal beeste wat gekonfiskeer is (een honderd) en dat twee manne van een van die Hananwa-dorpiers deur die aanvallers gevange geneem is.⁵⁷

Betekenisvolle mededelings in die sendeling se teks het egter ook in hierdie redigeringsproses verlore gegaan. Nadat sendeling Sonntag die Hananwa se reaksie op die gebeure opgeteken het -

Die Leute sind der Meinung, daß die Bauern einen Krieg mit ihnen vom Zaune brechen wollen.⁵⁸

- het hy nog twee stappe verder gegaan as waarvan die leser van die Engelse publikasie kennis neem. Hy het sy eie vermoede daaraan toegevoeg:

Auch ich mutmaße es.⁵⁹ [Ook ek vermoed dit.]

... en dit gemotiveer. Sonntag verwys naamlik na 'n koerantberig wat hy gelees het, van 'n witman wat kort vantevore in Modjadji se omgewing vermoor is. Hoewel die moordenaar, volgens die berig, op hoogs ondeurdagte wyse deur die witman getreiter is, het die wit koloniste 'n groot bohaai van die voorval gemaak. Die regering is daarvan beskuldig dat hulle die witmense aan die swart bevolking van Soutpansberg uitlewer. Sonntag stel dit in die dagboekinskrywing op 27 Desember 1893 dat hy 'n verband tussen hierdie voorval en die wegvoer van Hananwa-vee op 22 Desember vermoed. Hy beklemtoon dat dit slegs 'n persoonlike vermoede is en dat hy gerugte van waarheid wil onderskei voordat hy uitvoerig oor die voorval berig,⁶⁰ wat hy dan op 21 Februarie 1894 sou doen. Selfs al het sendeling Sonntag self besluit om hierdie

56. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 179: "Die ganze Angelegenheit im folgenden Quartal im Zusammenhange, und wenn man die Sache übersehen kann, berichten." [Die hele aangeleentheid word in die volgende kwartaal in samehang, en wanneer 'n mens die hele saak kan oorskou, berig]. Vertaling L.K.

57. TAB: A. 1281, pp. 552-554: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1894-02-21.

58. TAB: A. 1281, pp. 543 & 552: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1893-12-27 & 1894-02-21. Dié opmerking is wel herhaal as deel van die 21 Februarie 1894-inskrywing, en het dus ook in die Engelse vertaling tereggekome: "It was the general opinion everywhere: 'The Boers are looking for a pretext for war against us.'" C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 14.

59. TAB: A. 1281, pp. 543: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1893-12-27.

60. TAB: A. 1281, pp. 543-544: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1893-12-27.

vermoede van hom nie in die 21 Februarie-verslag op te neem nie, was dit nie vir die vertaler-redakteur om toekomstige navorsers die moontlikheid om hierdie wenk verder op te volg, te ontsê nie. Teenoor die sendeling se kritiese ingesteldheid om die bronne van sy informasie telkens te toets, staan die vertaler se geneidgheid om alle ‘onnodige detail’ af te ransel. In latere afdelings, sal nietemin blyk dat Colin Rae, die redakteur van die ánder teks wat in hierdie ondersoek bestudeer word, beide Sonntags wat soortgelyke praktyke betref, vér oortref.

Volgehoue weglating van vertellings, of ‘irrelevante materiaal’ van ‘n spesifieke aard, kan die foutiewe indruk skep dat daardie gebeurtenisse óf nie plaasgevind het nie, óf vir die sendeling van geringe belang was. Weglatings van hierdie aard het veral betrekking op Sonntag se dagboekinskrywings oor godsdiensoefening en ander sendingverwante werksaamhede, soos die aanhoor van belydenisse en die versorging van siekes.⁶¹ Dit skep die indruk by die leser dat Sonntag in die eerste plek ‘n tussenganger tussen die Hananwa en die Z.A.R.-regering was en nie daadwerklik probeer fokus het op Christelike arbeid in die ware sin van die woord nie.

Daar is reeds opgemerk dat die Engelse teks Kibi en Mmalebôhō baie prominenter teen mekaar afspeel as die sendeling se Duitse teks. Weglatings tydens die vertaalproses het ook hierin ‘n prominente rol gespeel. Aan die leser van die vertaalde teks, word oorwegend negatiewe inligting oor Kibi bekendgemaak, aangesien dit oënskynlik al is wat die leser nodig het om die 1894-oorlog te verstaan. Daarenteen, is die sendeling se bewondering vir Mmalebôhō so ‘n sterk boodskap in die vertaalde publikasie, dat dit selfs in die titel weerspieël word - *My friend Maleboch*.⁶² Die verhouding tussen die drietal (Mmalebôhō, Sonntag en Kibi) was inderdaad meer verwickeld, soos blyk uit sendeling Sonntag se onvertaalde, ongepubliseerde en dus ongeleeste beskrywings oor Kibi se geaardheid, sy siekte en sy ywer om te leer lees en skryf.⁶³

Ten slotte, is dit nie noodwendig so dat daardie dele wat die redakteur nie as die moeite werd geag het om te vertaal nie, geen potensiaal het om verdere insig in die 1894-konflik te bied nie. Sonntag se kennis van en houding teenoor Hananwa-kultuur

61. Enkele voorbeelde: TAB: A. 1281, pp. 544-546: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1893-12-24 tot 26 (Kersfeesvierings); C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 158-159 (versorging van ‘n kind met ‘n besering; kontrole oor Christene se leefwyse); p. 163 (kerkdienste, raad en medisyne); p. 180 (besoek aan Christene op buitestasies).

62. Die titel is waarskynlik oorgeneem uit die dagboekinskrywing van 21 Maart 1893, toe Mmalebôhō Sonntag as sy vriend aangespreek het: “I welcome you Mijnheer, my friend.” (C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 9; gekontroleer in TAB: A. 1281, p. 536: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1893-03-21.

63. C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 139, 143, 147-149 & 156.

was byvoorbeeld bepalend vir sy betroubaarheid as waarnemer – ook van die oorlog. Sodanige aspekte van Sonntag se sosiale vermoëns, kan nie volledig uit die vertaling nagegaan word nie. Sosiale waarnemingsvermoë word in 'n volgende hoofstuk breedvoeriger bespreek.

3. Van dagboek tot tragedie deur middel van seleksie

Sendeling Sonntag het in die 1890's te Blouberg dagboek gehou; dag-vir-dag inskrywings gemaak, homself soms verspreek, emosioneel met pen-op-papier ontlading gevind, byna niemand gespaar in sy skerpsinnige oordele nie. Die Engelse vertaling deur Konrad Sonntag, wat in 1983 verskyn het, maak daarop aanspraak om 'n vertaalde verwerking van hierdie dagboek te wees.⁶⁴ Die mate waarin die vertaler ingegryp het, maak dit meer gepas om na hom as redakteur te verwys - nog eerder: regisseur van 'n drama. Konrad Sonntag het sy eie werkwyse soos volg gemotiveer: hy het die *drama*, die karakterontwikkeling rondom die 1894-oorlog, in die Duitse dagboek gesien en dit was wat hy wou weergee.⁶⁵ A.P. Grové⁶⁶ definieer die *drama* soos volg:

'n Kunstwerk waarin innerlike of uiterlike handeling die hoofelement is, waarin 'n sekere gebeure by wyse van dialoog en gebare en deur die plasing van karakters in 'n spesifieke milieu voor die oë van die toeskouers (tot hulle reiniging, stigting of vermaak) ontvou en eindelik, oor klimaks en ontknoping heen, 'n onafwendbare slot bereik. Hoofsoorte: tragedie(treurspel), komedie (blyspel), klug.⁶⁷

Die regisseur het nie in elke opsig by die geykte konvensies van die drama gehou nie. Die teks lees steeds soos 'n dagboek, dit doen sigself steeds voor as 'n historiese dokument in dagboekvorm, d.w.s. inskrywings deur 'n eerstepersoonsverteller onder chronologies-opeenvolgende datumopskrifte. Aan die einde van die 'dagboek', vind die leser egter die toneel- en tydsaanduiding, tipies van dié van 'n drama, sowel as 'n lys van *dramatis personae*, "in order of appearance."⁶⁸ Die ontplooiing van die gebeurereeks verloop ook volgens die konvensies van 'n drama, met vyf tonele. Dit word ook so in die inhoudsopgawe aangedui:

64. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, title page.

65. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.

66. Grové was professor in Letterkunde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.

67. A.P. Grové (samesteller), *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*, p. 32.

68. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 163-164.



‘n proloog

FIRST ACT - Prologue
pp. 1-13

‘n stygende spanningslyn

SECOND ACT - Events leading up to the war
pp. 14-36

‘n klimaks

The war
pp. 37-119

‘n ontknoping

Epilogue
pp. 120-129

en

‘n afloop

Aftermath
pp. 130-162.⁶⁹

Vir die historiese gebeure om in hierdie raamwerk in te pas, was seleksie, toevoegings en veral weglatings soos in die voorafgaande afdelings uiteengesit is, onvermydelik. Die plasing van die personasies teenoor mekaar in verhoudings van dramatiese spanning, was ook onvermydelik om getrou te bly aan die gekose genre. Dit blyk veral duidelik uit die wyse waarop die regisseur die Duitse manuskrip gewysig het ten einde Kibi en Mmalebôhô as teenoorstaande *dramatis personae* in die eerste bedryf aan die leser bekend te stel.

Soos blyk uit Grové se definisie, is die drama ‘n deterministiese literêre genre: die slot is onafwendbaar. Met sy oorsprong in die klassieke Griekse kultuur, was die tema van die tragedie die ondergang van die held, ‘n vorstelike en strydende gestalte met groot deugde. Toegepas op *My friend Maleboch*, sou die tragiese held van die drama Kgaluši wees: vors van die Hananwa, in stryd teen die Boere; met deug en imbors wat deur die sendeling beskryf is en deur die vertaler ingesluit is in die drama. Grové se uiteensetting gaan verder:

Deur sy tragiese *skuld (hamartia)*, wat daarin geleë is dat hy uit *hubris (oormoed)*, soms sonder dat hy dit weet, die noodlot tart, word ‘n gebeurtenisreeks aan die gang gesit wat hom uiteindelik vernietig. Die skuld van die held is ‘n soort kosmiese skuld wat miskien so te verklaar is: Die heelal is nou eenmaal op ‘n bepaalde manier ingerig, en wanneer daardie orde versteur word, kan dit alleen herstel word as

69. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. vii.

die versteurende element verdwyn. ... die afloop [is] onvermydelik en in 'n sekere sin geregverdig ... Hoe die tragedie later ook al ontwikkel, dit bly basies: die uitbeelding van die ondergang van 'n groot mens omdat hy bestem is om deur sy eie optrede magte te ontketen waarteen hy nie bestand is nie. Geroepenheid (lotsbestemming) en vrye optrede word in die tragiese situasie dus in fyn balans gehou.⁷⁰

Toegepas op *My friend Maleboch*, sou Grové se teoretiese uiteensetting kon impliseer dat die rede vir Mmalebôhō se ondergang was dat hy nie bereid was om te buig voor die gesag van die Boere-regering van die ZAR nie. Indien Mmalebôhō, 'n onafhanklik-denkende vors met innerlike trots, hom nie verset het teen die Boere nie, sou hy egter ontrou gewees het aan sy eie aard. Sodanige verloëning van sy eie persoonlikheid is ondenkbaar vir die held van 'n tragiese drama, sodat Mmalebôhō nie werklik 'n vrye keuse gehad het nie maar volgens sy lotsbestemming ten gronde móés gaan. Die wêreldbeskouing wat so 'n interpretasie van die gebeure onderlê, sou dan wees dat wit (Westerse) verowering van swart gemeenskappe die onafwendbare verloop van die geskiedenis is.

Om geskiedenis só volgens die konvensies van 'n drama te konstrueer, is om dit 'n omklemmende dwangbaadjie aan te trek. Geoffrey Elton,⁷¹ vir wie die agternaperspektief van die persoon wat geskiedenis bestudeer 'n gelyktydige voordeel en las was, sou Konrad Sonntag se werksaamhede as vertaler beskou het as 'n voorbeeld van die negatiewe effek van agternaperspektief. Hy sou sy advies aan die historiese navorser as kritiek op die werkwyse van die vertaler van *My friend Maleboch* wou uitspreek: "... partial and uneven evidence must be read in the context of the day that produced it; reading it must never be justified by any desire to justify or explain or even just to understand the present."⁷² Die ongeluk is dat mense juis dít doen; ons kán nie die hede waarin ons staan uit 'n verhaal weer nie; ons enigste werktuie om die konteks van gister mee te benader, is dié van vandag. Wat ons wel kan doen, is om te vra waarom 'n wit vertaler 'n swart leier in 1983 as 'n tragiese held wou voorstel. Waarom so 'n voorstelling juis tóé vir hom en sy lesers sin gemaak het en wáttér sin dit vir hulle gemaak het, word in 'n volgende hoofstuk gevra. In hierdie stadium word Elton eers in ten minste een opsig gelyk gegee: 'n vertaler wat homself voordoen as 'n 'agent' wat 'n teks vir lesers toeganklik maak, behoort nie die vorm van die verhaal 'dramaties' te verander en sodoende 'n baie spesifieke betekenis

70. A.P. Grové (samesteller), *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*, pp. 139-140.

71. Een van die strydrosse van modernistiese geskiedskrywing. Sedert die jare sestig het sy *The practice of history*, teenoor Edward Carr se *What is history?* die debat oor wat geskiedenis en geskiedskrywing behoort te behels, oorheers. Keith Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, pp. 2-4, is van mening dat beide dié tekse vandag eenvoudig nie meer geloofwaardig is nie.

72. G.R. Elton, *Return to essentials ...*, p. 65.

daarop af te dwing sonder om sy kaarte op die tafel te plaas nie. 'n Vertaler neem 'n dagboek in ieder geval uit die “context of the day that produced it”; hy doen wat die leser graag self sou wou gedoen het, daarom moet hy baie openlik wees oor die werkwyse wat hy gevolg het. Die vertaler kan byvoorbeeld nie van lesers verwag om te aanvaar dat die ‘onafwendbare’ slot van ‘n drama-tragedie die ‘oorspronklike’ wyse is waarop die volgende versugting van sendeling Sonntag gelees moet word nie:

I had to admit that the old heathen independence, chiefship and everything that was connected with it such as idolatry and witchcraft must be superceded by something else if the Word of God was to be successfully preached. It would fill any missionary who was really interested in the Black people with deep sorrow when he saw how the old splendour - which in spite of the gloom of heathendom did have its good points - was disappearing. On the other hand he knew that the winds of change must blow.⁷³

Soos in die geval van die reeds bespreekte argument rondom Sonntag se uitspraak “We must simply fight with other weapons”, kan ook hierdie aanhaling nie een vaste betekenis gegee word nie. Selfs al wás die aanhaling ‘n verantwoordbare samevatting van sendeling Sonntag se wêreldbeskouing, kón die aantekeninge wat hy dag na dag in sy dagboek gemaak het, nie spontaan in ‘n drama uiteengeval het nie. Die historikus kan nie navorsing doen met die vooronderstelling dat die gebeure van die 1890’s soos legkaartstukke inmeekaargepas het om ‘n drama te verbeeld nie. Indien ‘n letterkundige, in agternaperspektief, die verloop van ‘n drama uit die oorfloed agtergelate inligting saamstel, is dié drama sy eie kreatiewe skepping, sy konstruksie, een van vele moontlike tekste.

Die historikus wat *My friend Maleboch* as bron gebruik, moet deurentyd daarvan bewus bly dat die materiaal waaruit dit gekonstrueer is, geselekteer en sodanig gerangskik is, dat dit sou voldoen aan die eienskappe van ‘n drama. Daar behoort ook nie uit die oog verloor te word dat sendeling Sonntag self in die lys van *dramatis personae* as *narrator*, verteller van die drama, gelys word nie. Dit is nog ‘n aanduiding dat die sendeling in die vertaalde drama-tekste verder van die gebeure verwyder is, maar ook oor meer mag beskik, as in die dagboek wat hy self geskryf het.

Die vertalende regisseur het nie noodwendig ongegronde afleidings gemaak in sy proses van verwerking nie, maar sy resultaat bly ‘n verwerking, en gee die ‘nuwe’ tekste noodwendig ‘n ander persoonlik-gemotiveerde duiding, wat dit histories-krities

73. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 28.

diskwalifiseer as primêre bron van Christoph Sonntag. Die leser word ongelukkig nie in die teks daarop attent gemaak nie.

Rae en die samestelling van sy *Malaboeh*-publikasie

1. Rae as eerste persoonverteller en outeur

Die boek waaraan Rae kort na afloop van die 1894-veldtog begin werk het, het in 1898 verskyn. Soos met die Sonntag-publikasie (*My friend Maleboch*), kan reeds uit die titel van sy publikasie afgelei word dat die leser ook hier 'n eerste persoonvertelling ter hand neem: *Malaboeh or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboeh of Blaauwberg ...*⁷⁴ Die Anglikaanse geestelike, wie se biografiese agtergrond reeds in hoofstuk vier verstrekkend is, word op die titelblad aangedui as die outeur van die “notes from my diary”: “By the Rev. Colin Rae, late chaplain to the Malaboeh forces”. Verdere bevestiging dat die outeur (Colin Rae) en die eerste persoonverteller één is, vind die leser in die opdrag wat die voorwoord voorafgaan: In die sentimentele taal gebruiklik vir daardie tyd, dui die outeur self aan dat hy die vertelling wat volg, opdra aan die lede van die Pretoria-afdeling van die Z.A.R.-magte.⁷⁵ Die voorwoord self verskaf seker dié ondubbelsinnigste getuienis dat Colin Rae self verantwoordelikheid aanvaar vir die publikasie as geheel.⁷⁶ Anders as met die Sonntag-publikasie, is daar geen professor Van Jaarsveld wat as mede-verteller vanuit die flapteks, die kredietwaardigheid van die Rae-tekste aanprys nie. Biskop Bousfield het aanvanklik ingewillig om 'n voorwoord te skryf vir die boek – wat Rae ook aan hom wou opdra. Toe Rae die biskop tydens 'n ernstige siekbed te veel gepols het oor die beloofde bydrae, het Bousfield aan hom laat weet dat hy glad nie meer met die publikasie geassosieer wou word nie.⁷⁷

74. C. Rae, *Malaboeh, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboeh of Blaauwberg, District Zoutpansberg, South African Republic*, p. iii.

75. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. v.

76. C. Rae, *Malaboeh ...*, pp. vii-x.

77. *Historical and Literary Papers Library, Archives of the Church of the Province of South Africa (CPSA), University of the Witwatersrand*: AB. 383 BOUSFIELD, letters received March 1895 – September 1895: C. Rae – A.B. Bousfield, 1895-09-27.

2. Skynbaar-deursigtige werkwysie van die outeur

Nog 'n belangrike verskil tussen die vertelinstansies van die Sonntag- en Rae-tekste, is dat dit in laasgenoemde geval nie nodig was om 'n vertaler by die vertelproses te betrek het nie. Na sigwaarde beoordeel, maak dit die vertellersrol in Rae se teks minder kompleks as dié van Sonntag. In die vorige afdeling is in diepte ingegaan op die vertaler-redakteur/-regisseur van die Sonntag-publikasie se hantering van die ouer sendeling-tekste. Rae se teks was natuurlik óók as intertekste aan hierdie vertaler bekend. Die opdrag wat vertaler Sonntag tot sy publikasie toegevoeg het, vorm só 'n opsetlike kontras met dié van Rae negentig jaar tevore, dat dit as intertekstuele kommentaar op die Rae-publikasie aangesien kan word: Rae dra sy werk op aan die Pretoria-afdeling van die ZAR-magte;⁷⁸ vertaler Sonntag dra sy publikasie op aan die teenoorgestelde party, die Hananwa, asook daardie lede van die Boeremagte wat volgens sy mening die Hananwa simpatiek gesind was.⁷⁹ Hierdie is nie die enigste aanduiding dat vertaler Konrad Sonntag die Rae-publikasie as intertekste in sy verwerking van die sendeling se dagboek gebruik het nie. Deur direkte verwysings na die redes vir die 1894-oorlog, soos aangevoer in Rae se publikasie,⁸⁰ doen hy 'n beroep op die lesers van sy teks om Rae se redes met dié van sendeling Sonntag te vergelyk.

Die feit dat daar geen vertaler betrokke was by die publikasie van Rae se dagboek nie, beteken nie noodwendig dat wat die leser hier ter hand neem nader aan 'n oorspronklike dagboek-tekste is as in die geval van die Sonntag-publikasie nie. Hoewel Rae die indruk handhaaf dat hy deurlopend in beheer van die hele proses was, gee hy tog in sy voorwoord 'n breedvoerige (skynbaar-volledige) oorsig van al die fases van verwerking wat deurloop moes word voordat die bestaande tekste in sy 1898-publikasie tot stand gekom het. Hy maak geen geheim daarvan dat hy die rowwe kopie aan 'n amanuensis gedikteer het en dat hy hulp gehad het met transkripsie en hersiening van sy tekste nie. Hy stel dit ook duidelik dat hy "some details" oor skermutselinge en voorvalle in die koerant *The Press* opgekyk het.⁸¹ Rae erken dus dat die tekste wat in gepubliseerde vorm aangebied word, aan redigering onderwerp is. Anders as met die *My friend Maleboch*-publikasie, was die eerste persoonverteller en die redakteur een en dieselfde persoon: Colin Rae blyk dus as't ware self redakteur van sy eie tekste / "notes" te gewees het.

78. C. Rae, *Malaboch ...*, p. v: "To the officers, non-commissioned officers, and troopers of the Pretoria Contingent as a tribute of cordial friendship; and in admiration of their conduct in the camp and the field during the expedition against Malaboch, the following narrative is affectionately inscribed by the Author."

79. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*: "Dedicated to the Bahananoa, past and present, and to the memory of Commandant Grobler, Native Commissioner Potgieter, and Field-Cornet Kruger".

80. Vergelyk C. Rae, *Malaboch ...*, pp. xvii-xix, met C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. xvi-xviii.

81. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. vii-x.

Skynbaar het Rae-as-verteller nougeset daarop gelet om nie die mededelings van ander getuies met sy eie vertelling te laat saamsmelt nie. Onder die hoofstuk-opskrif “The real cause of the war”, word die bron van die informasie as ‘n prominente sub-opskrif aangedui: “*Mr. Anthony Vlotman’s verbatim Narrative.*” In ander gevalle, is die vertellings van die informante wat deur die Rae-verteller aan die woord gestel word, in kleiner lettertipe geset. Sien byvoorbeeld ene korporaal Vlok se vertelling oor sy noue ontkoming op 6 Julie 1894.⁸² Op die oog af, blyk Rae besonder erkentlik te wees teenoor eksterne bronne van informasie. Dit lyk asof hy die leser op hoogte wil hou van die aard en oorsprong van die intertekste wat in sy vertelling tereggekome het.

Die vraag wat die ondersoeker behoort te stel, is of hierdie indruk wat Rae skep, van die verantwoordbare self-redigering van sy eie “notes”, geloofwaardig en eg is. Anders as in die geval van die Sonntag-publikasie, waarvan die Duitse oorteks bykans ongeskonde bewaar gebly het, het die ondersoeker geen oorspronklike Rae-notas waarvolgens die Anglikaan se boek gekontroleer kan word nie. Rae se voorwoord mag die indruk skep dat sy eie konsensieuse ywer en moeite om selfs detail in koerantberigte na te gaan, verdere kontrole deur die leser van sy boek, oorbodig maak:

The sudden death of poor [Dr. F.B.] Tobias⁸³ affected me in more ways than one.

He was special correspondent for the *Volkstem* [sic], Pretoria, and when writing his despatches used multigraph copying-books. He invariably read these despatches to me before sending them away, and promised, on our return to Pretoria, to present me with a complete English translation; but his untimely death prevented this arrangement. Depending on these notes, I did not take such minute particulars as I should otherwise have done, [*die indruk word by die leser gewek dat Rae in die reël ‘n oplettende waarnemer was*] and I am indebted to the *Press* for some details of engagements and incidents recorded herein which the doctor had better opportunity of obtaining than I had. [*Die leser word weer eens beïndruk: hierdie beskeie, erkentlike outeur is gesteld op fyn detail.*] I have to thank Mr Mauritz Preller for supplying me with the copies of the *Press*.⁸⁴

Openhartig soos wat Rae in sy voorwoord voorgee om te wees, bied hy die ondersoeker min konkrete leidrade. Die moontlikheid om enige van die intertekste, veral sy eie oorlogstekste, wat die publikasie vooraf moes gegaan het, op te spoor en te

82. C. Rae, *Malaboeh* ..., pp. 136-137.

83. Geneesheer en vriend van Rae, in sy slaap oorlede op 18 Augustus 1894. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 207.

84. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. viii.

kontroleer, word uitgesluit. Slegs die kopieë van die tydgenootlike koerant, *The Press*, waaraan Rae erkenning gee vir die kontrolering van *besonderhede*, is tot die beskikking van die hedendaagse navorser.

3. Rae se bron-tekste: *The Press*

Nadere ondersoek van 1894-eksemplare van *The Press*, het aan die lig gebring dat Rae veel meer as ontbrekende fyner besonderhede uit die koerantberigte nagevors het. *The Press* was in der waarheid die ‘verlore’ oertekste waaruit die Malaboch-publikasie tot stand gekom het. Indien Rae oor sy eie “notes” oor die oorlog beskik het, moes dit maar besonder gebrekkig gewees het. Al die eksemplare van *The Press* wat vanaf 19 Mei – die dag waarop Rae afgevaardig is om as oorlogskapelaan te optree – tot 6 Augustus 1894, verskyn het, is met die tekste in Rae se boek vergelyk. Twee-derdes (65%) van die reëls wat in Rae se boek gedruk staan, stem woordeliks ooreen met die *Press* se koerantberigte oor die oorlog. Hoewel die oornames van koerantberigte om die aktualiteit van hulle verhale te verhoog nie ‘n ongewone gebruik onder skrywers in die laat-negentiende eeu was nie,⁸⁵ kan die impak wat Rae se plagiaat op ‘n teks wat as ‘n akkurate ooggetuieverlag voorgehou is, nie geringgeskat word nie.

Hierdie kennis werp onder meer lig op die rol van die amanuensis wat Rae in sy voorwoord bedank het:

Particularly I am indebted to Mr. R.H. Wilson, who wrote the whole of ‘Malaboch’ in its rough stage, from my dictation, in his residence, “the house in Pilgrim’s Creek,” ...⁸⁶

Rae het waarskynlik direk uit die koerant aan sy skriba gedikteer - vandaar die leesteken- en derhalwe, soms selfs betekenisverskille, tussen die koerant en die boek. Volgens die koerant:

It was remarkable that, during all this time, the guns at this fort, which were supposed to cover our people, were silent; but the startling discovery was made on the men’s return that there were

ONLY THREE SHELLS LEFT IN THE FORT.

At the time the order was given to fall back, six men were appointed to act as rear guard, ...⁸⁷

85. E. Jenkins, Children’s literature and the War. Paper presented at the Autumn School of the English Academy of Southern Africa: Writing the ‘Boer War’, Claude Malan Museum, 27 May 2000.

86. C. Rae, *Malaboch* ..., p. x.

87. *The Press*, 1894-07-14.

Volgens Rae se boek:

It was remarkable, that during all this time the guns at that fort, which were supposed to cover our people, were silent; but the startling discovery was made, on the return of the men, that there were only three shells left in the fort at the time the order was given to fall back. Six men were ordered to act as rear guard, ...⁸⁸

Rae het hom skuldig gemaak aan wat Shafer *forged interpolations*⁸⁹ noem - krasser gestel: blatante plagiaat. Rae het die koerantberigte van korrespondente Stent en Jenkins, soos dit in *The Press* van 1894 verskyn het, op geringe uitsonderings na, woordeliks tussen sy eie vertellings in sy *Malaboch*-teks opgeneem. Vervalsing van hierdie omvang, verdwerg die invloed wat vertaler Konrad Sonntag se redaksionele wysigings op die egtheid van *My friend Maleboch* gehad het. Dit diskwalifiseer die *Malaboch*-teks nie slegs as primêre bron vir studie van die 1894-oorlog nie; dit plaas Rae se algehele geloofwaardigheid as getuie, ernstig onder verdenking.

Rae het inderdaad durf gehad, of moes intellektueel bloot besonder naïef gewees het, om ander outeurs se koerantberigte, onder die voorwendsel dat dit sy eie dagboeknotas was, in boekvorm te publiseer. Wat miskien nog meer verbaas as dít, is dat sy werkwyse so lank verhuld kon gebly het, ongeag die eksplisiete 'leidraad' wat hy self in sy voorwoord daartoe gee.⁹⁰ "Some detail"⁹¹ kry in die lig van dié nuwe bewyse 'n teenoorgestelde betekenis!

Vir meer insig in Rae se teks, is meer inligting oor die intertekstuele vertelinstantie, *The Press*, en by name verslaggewers Stent en Jenkins, nodig. Waar Rae dan wysigings aangebring het aan hierdie geleende koerantteks, kan die aard en omvang daarvan bydra tot beter insig in sy motiewe en oortuigings.

The Press, as Engelstalige koerant, sou uit die koerante wat in die 1890's in die ZAR beskikbaar was, vir Rae die vanselfsprekende keuse gewees het. Die koerant, wat ook die *Weekly Press* en 'n Nederlandse uitgawe (*De Pers*) ingesluit het, is in 1889 gestig.⁹² Teen 1894 het *The Press* daagliks (Sondae uitgesluit) verskyn. Die oorspronklike eienaar, A.H. Nellmapius, 'n vertroueling van president Paul Kruger, het die koerant tot en met sy dood in Julie 1893 beheer. Ook sy opvolger,

88. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 127.

89. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 133.

90. In die ondersoek na die Boer-Hananwa-oorlog wat tot dusver onderneem is en in die voorwoord en in hoofstuk een genoem word, is die egtheid van Rae se boek as 'n ooggetuieverslag geensins bevraagteken nie.

91. C. Rae, *Malaboch* ..., p. viii.

92. C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, p. xvii.

mynmagnaat J.B. Robinson, was 'n goeie vriend van Paul Kruger. Die hoofredakteur ten tye van die 1894-oorlog, was Leo Weinthal, 'n Suid-Afrikaans-gebore Duitse Jood wat ingestel was op die uitgangspunte van die Afrikaner en gekant was teen buitelandse inmenging in plaaslike vraagstukke.⁹³

Sonder dat dit sy bedoeling was, het Rae, toe hy *The Press* as interteks gekies het, nie bloot 'n keuse oor taal uitgeoefen nie. Hy het ook die politieke standpunt van *The Press* geselekteer om in sy boek geabsorbeer te word. Vergeleke met ander tydgenootlike koerante, was *The Press*, wat betroubaarheid as inligtingsbron betref, 'n gelukkige keuse. Eugene Marais se *Land en volk* het die 'progressiewe' generaal Piet Joubert teen Paul Kruger gesteun en die sogenaamde Afrikaner-saak op 'n fanatieke wyse probeer bevorder - ten koste van betroubaarheid. Die *Volksstem* weer, self betreklik pro-Kruger in sy benadering, het *The Press* gekritiseer as die algemeen-erkende mondstuk van die regering. Teen 1970 het C.T. Gordon se navorsing nogtans uitgewys dat *The Press*, veral nadat Kruger in 1893 herkies is as president, alles behalwe 'n slaafse na-prater van die ZAR-regering was. Progressiewe (Joubert-) ideale en aksies is ook deeglik in beriggewing gedek.⁹⁴ Gordon som sy analise van *The Press* soos volg op:

The general tone of the *Press*, conceding its preference for Kruger over Joubert, was fair, tolerant and reasonably balanced. Its predictions and analyses in the political field often showed a shrewd common sense. ... On the whole, with the provisos I have mentioned, it may be taken as a fairly reliable source of information.⁹⁵

Dit is dus onwaarskynlik dat Rae se keuse op spesifiek *The Press* enige opspraakwekkende effek op die boodskap van sy boek sou gehad het. Die koerant-uittreksels wat hy gekopieer het, was boonop oorwegend afkomstig uit direkte verslaggewing oor die oorlog, eerder as vanaf die redaksionele kommentaar, waarin daar meer doelbewuste meningsvorming en dus sterker sprake van duiding, was. In soverre die koerant se vooroordele teenoor sendelinge⁹⁶ en swartmense⁹⁷ as

93. C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, p. xvii.

94. C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, pp. xvi-xvii. Gordon se boek, wat reeds in 1970 deur *Oxford University Press* uitgegee is, het 'n ondersoek na die ontwykende "movement of popular opinion" indrukwekkend uit die koerante van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) nagespeur. Die boek is steeds 'n nuttige venster op aspekte van die ZAR se geskiedenis in die 1890's wat so dikwels deur die Anglo-Boereoorlog oorskadu word.

95. C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, p. xviii.

96. *The Press*, 1894-06-01, Editorial: "... but then missionaries generally are at the bottom of nearly every kafir disturbance in South Africa."

97. *The Press*, 1894-05-28, Editorial: "For too long have the chiefs been allowed to regard themselves as semi-independent, paying just as much or as little of the taxes levied on them as they chose. The time has come when the natives of the State must be taught a lesson ... result ... The natives will be brought to

verteenwoordigend van die openbare mening van die tyd beskou kan word, het Rae se ‘persoonlike menings’ wel die tydgees geadem. Hierdie aspek word in meer diepte in ‘n volgende hoofstuk ondersoek.

Die koerant self het nie die naam van die outeur by elke berig aangedui nie. Die berigte is bloot gemerk “From ‘Press’ special correspondent”. By heelparty berigte word wel onderskei tussen die korrespondent “with the Burgher Force” en die korrespondent “with the Artillery”.⁹⁸ Rae het wel geweet wie hierdie twee korrespondente was en hy identifiseer by verskeie geleenthede sêlf die vertellers wie se berigte hy besig was om te kopieer.

a. Verslaggewer A.C. Jenkins

Gedurende die wintermaande van 1894, het *War in the North* ‘n staande hoof in *The Press* geword. In die uitgawe van Saterdag 23 Junie 1894, verskyn ‘n lang berig, wat reeds op Donderdag 21 Junie deur “our Press Special Correspondent” geskryf is, onder dié opskrif. Hy berig soos volg oor ‘n noue ontkoming tydens die Z.A.R.-magte se gesamentlike aanval die vorige dag:

Whilst we were moving towards our original position, we were the recipients of continuous volleys from the mountain, and when half way came between a cross-fire, the kafirs having got on to the hills behind us. There was a constant pit-pat as the bullets cut up the ground at our feet, and *your correspondent* had a pretty narrow shave at this time.⁹⁹

Hierdie skermutseling van 20 Junie 1894 is deur Rae persoonlik ook meegemaak. Die *Special Correspondent* sluit sy berig soos volg af:

The Rev. Rae, who is very popular both with the English and Boers, and is Chaplain to the forces, accompanied the Pretoria Contingent into action.¹⁰⁰

Met die uitsondering van hierdie afsluitingsreëls, het Rae die volledige koerantberig vanaf pp. 73 tot 87 in sy publikasie opgeneem. Hy het ook die fout gemaak om op p. 90 van sy boek sy kopiëring uit 23 Junie se *The Press* te hervat, sonder om agter te

their bearings and incidentally the question of a cheap and adequate supply of future labour too will be settled.”

98. *The Press*, 1894-05-19 – 1894-08-06.

99. *The Press*, 1894-06-23. Kursivering L.K.

100. *The Press*, 1894-06-23.

kom dat die tweede berig in die koerant van daardie dag eintlik ouer was as die eerste. Rae het nie gesien dat hierdie tweede berig duidelik “(delayed)” gemerk is en vertel van die gebeure op die twee dae wat die skermutseling waaraan hy op die 20ste sou deelneem, voorafgegaan het nie! Die opeenvolging van gebeure in Rae se boek, vanaf pp. 73 tot 94, is dus ‘n Babelse verwarring van tydspronge. Plek-plek voeg Rae boonop flitse uit sy eie geheue in tussen die koerant-plagiaat. Op bladsy 90 vertel hy van ‘n man wat in ‘n oop graf geval het en homself so erg beseer het dat hy vir weke nie kon loop nie. (Volgens Sonntag moes dit op 25 Junie gebeur het).¹⁰¹ Op p. 91, het hy weer teruggekeer tot sy kopieerwerk uit *The Press* en moet hy vertel hoe die einste-beseerde man te perd aangery kom! (Indien Rae die moeite gedoen het om die tydaanduidings in die koerantberig te volg, sou hy gesien het dat dit ‘n insident was wat voor die ongeluk, op 19 Junie, plaasgevind het). Rae beredder die skynbaar-onmoontlike deur ‘n frase by te jok by wat hy uit die koerant afgeskryf het: die man “had now [baie skielik] recovered from his accident”. Dit is onmoontlik om te sê op watter datum in sy eie vertelling Rae hom op p. 91 bevind.

Terug by die eerste berig in 23 Junie se koerant: Aangesien Rae inderdaad wel die 20 Junie-skermutseling beleef het, was hy gretig om ‘n paar anekdotes oor sy persoonlike wedervaringe toe te voeg tot wat hy uit die koerant gekopieer het. Terwyl hy op ‘n rots gestaan het om ‘n beter uitsig te kon hê, het ‘n koeël byvoorbeeld by sy linkeroor verbygevlieg.¹⁰² Nog ‘n ‘verbetering’ wat Rae aan die koerantberig aangebring het, was om *The Press* se spesiale oorlogskorrespondent as ene meneer Jenkins te identifiseer. Vergelyk sy relaas met dié uit die koerant, soos hierbo aangehaal:

Whilst we were moving towards our original position, we were the recipients of continuous volleys from the mountain, and when half-way, came between a cross-fire, the Kafirs having got on to the hills behind us. There was a constant pit-pat as the bullets cut up the ground at our feet. *Mr. Jenkins, the “Press” war correspondent*, had a very narrow shave at this time; ...¹⁰³

Waar Rae aanvanklik so bedagsaam was om die korrespondent wie se berig hy gesteel het, vir die lesers van sy boek te identifiseer, assimileer hy ‘n paar bladsye verder selfs die mymering van dié verteller (in die eerste persoonsvorm) as sy eie. Die volgende woorde, steeds uit dieselfde koerantberig, verskyn ook identies só op p. 82 in Rae se boek:

101. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 79.


102. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 80-81

103. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 77. Kursivering L.K. Ook op p. 181 bring Rae presies dieselfde verandering aan in ‘n berig wat hy uit *The Press* van Saterdag 4 Augustus 1894 oorgeneem het.

Whilst some of the men drove the cattle ahead, the others remained to return volley for volley, and I [Jenkins, NIE Rae NIE] should say the [K]afirs must have suffered [a] severe loss, for after a few minutes of warm work[,] they ceased to molest us.¹⁰⁴

Rae het nie eens die hoofstuk oor die skermutseling wat hy persoonlik meegemaak het, self geskryf nie. Die ondersoeker kan dus nie anders as om skepties te wees oor die egtheid van die res van sy oorlogsvertellings nie.

Dit was nie vir Rae te moeilik om vas te stel dat “your correspondent” “Mr. Jenkins” was nie. Dit blyk duidelik uit *The Press* self (steeds die Saterdag 23 Junie-eksemplaar), asook uit die *Malaboch Extinguisher* (Figuur 6), álbei tekste wat Rae wél onder oë gehad het.



Figuur 6: Die voorblad van die *Malaboch Extinguisher*
Historical and Literary Papers Library, University of the Witwatersrand, The Malaboch Extinguisher, 1894-06-22.

104. *The Press*, 1894-06-23; C. Rae, *Malaboch ...*, p. 82.




Die *Malaboch Extinguisher* was 'n kampkoerantjie wat eenmalig in Junie 1894, vir die vermaak van die Engelstaliges in die Pretoria-kommando, saamgestel is.¹⁰⁵ Die redakteur en kranige spotprenttekenaar daarvan, was Fred Neel,¹⁰⁶ 'n mediese assistent in wie se geselskap Rae homself dikwels bevind het. Neel is ook een van die mense wat deur Rae in die voorwoord van sy boek bedank word - een van sy sketse is teenoor p. 51 in Rae se boek te sien.¹⁰⁷ Die inligting wat Rae oor die *Malaboch Extinguisher* verskaf, is deel van daardie oorblywende derde van sy boek wat hy nie gekopieer het nie, maar skynbaar self verantwoordelikheid voor kan aanvaar.¹⁰⁸ Dit lyk dus redelik seker dat Rae die *Extinguisher* wel self onder oë gehad het en nie – soos met vele ander verwickelinge – slegs in *The Press* daarvan gelees het nie.¹⁰⁹ Hyself word immers ook by name en op hartlike wyse in die *Extinguisher* bedank en aangeprys vir sy werk as kapelaan.¹¹⁰ Dus: Rae moes baie goed op die hoogte gewees het met die inhoud van die *Extinguisher*; 'n substansiële deel waarvan meer lig werp op “Mr. Jenkins”. Dié verslaggewer se bydrae tot die *Extinguisher* is vergesel van meer spesifieke besonderhede. Hy was naamlik A.C. Jenkins:

Special war correspondent
to the “Press” Pretoria
With the Burgher Force.¹¹¹

'n Karikatuur wat Fred Neel van Jenkins geteken het en ook in die *Extinguisher* ingesluit het (Figuur 7), sowel as verwysings na hom onder die afdeling “Chat of the camp”, bevestig dat “Mr. Jenkins”, vir die manne in die Pretoria-kamp en dus ook vir Rae, sinoniem met *The Press* was.¹¹²

-
105. *Historical and Literary Papers Library, University of the Witwatersrand, The Malaboch Extinguisher*, 1894-06-22, p. 2. Volgens *The Press*, 1894-06-26 (berig van Jenkins) is slegs die enkele kopie van die koerant deur die kamp gesirkuleer. Van die idee om meer uitgawes met 'n *cyclostyle* te kopieer, te verkoop en die opbrengs vir tabak en medisyne vir die Pretoria-manne te benut, het niks gekom nie.
106. *The Press*, 1894-06-26.
107. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. ix-x, 47, 51, 86 & 96.
108. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 87.
109. Neel het *The Malaboch Extinguisher* op Vrydag 22 Junie 1894 gedateer; Rae voer aan dat dit op Saterdag 23 Junie beskikbaar was; volgens *The Press*, 1894-06-26, waarin Neel se naam verkeerd gespel is, sou dit eers op Maandag 25 Junie in die Pretoria-kamp verskyn. Dit skep die indruk dat Rae selfs onder die eerste mense kon gewees het wat die *Extinguisher* onder oë gehad het.
110. *The Malaboch Extinguisher*, 1894-06-22, p. 22.
111. *The Malaboch Extinguisher*, 1894-06-22, p. 17. Met dié dat Jenkins sy arm op Dinsdag 17 Julie gebreek het en sy kollega in diens van *The Press* dit nodig geag het om die lesers daarvoor in te lig, het die navorser ook 'n tweede, onafhanklike bevestiging van Jenkins se portefeulje: “Mr. Jenkins, the Press special with the burgher force, fell last night, breaking his arm, and is in hospital.” – *The Press*, 1894-07-20. Hierdie teksgedeelte is nie deur Rae vir sy boek gekopieer nie.
112. *The Malaboch Extinguisher*, 1894-06-22, pp. 21 & 26.



Figuur 7: 'n Karikatuur van "Mr Jenkins", oorlogskorrespondent vir *The Press*, deur Fred Neel.
Uit: *Historical and Literary Papers Library, University of the Witwatersrand, The Malaboch Extinguisher*, 1894-06-22.

In *The Press* van 23 Junie 1894, hou Jenkins nie vol met die verwysing na homself as "your correspondent" nie; uiteindelik identifiseer hy homself tog by name, as A.C. Jenkins. Soos reeds aangedui, het Rae die twee berigte uit hierdie eksemplaar van *The Press* met so min begrip vir die chronologiese opeenvolging en samehang van die gebeure, oorgeneem, dat dit onwaarskynlik is dat hy eers met die lees van *The Press* ontdek het wat die naam van die korrespondent was. Reeds op p. 77 verbeter hy die koerant se "your correspondent" na "Mr. Jenkins"; eers op p. 91 neem hy die koerant-uitreksel waar Jenkins as "representing the Press" geïdentifiseer word, in sy teks op. Dit was nie Rae se werkwyse om terug te gaan op foute nadat 'n stuk koerantteks eers in sy boek-tekste opgeneem is nie. So word die skiet-insident waarby Jenkins op p. 91 eers betrokke is, op p. 85 al genoem asof dit reeds die vorige dag plaasgevind het. Gevolgtrekking: Colin Rae het reeds ten tye van die 1894-veldtog geweet wie die persoon was wat die berigte vir *The Press* geskryf het. Hy het selfs kaart gespeel,¹¹³ pikniek gehou en visgevang¹¹⁴ saam met die persoon wie se intellektuele eiendom hy vir homself toegeien het, maar geen gewetenswroeging daarvoor gehad nie.

113. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 124.

114. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 174-175.

b. Verslaggewer V.P. Stent

Terwyl Jenkins *The Press* se korrespondent was wat by die burgermag, spesifiek die Pretoria-kommando, moes inskakel, was Vere Stent die korrespondent “with the artillery”. Die Staatsartilleriekorps het, soos die Pretorianers, op Saterdag 19 Mei 1894 uit Pretoria vertrek¹¹⁵ en teen die begin van Junie by Blouberg aangekom.¹¹⁶ Bergh se kaart voor in die proefskrif, teenoor die titelbladsy, dui die ligging van die verskillende Boerekommando’s se kampe en forte aan. Jenkins en Stent se lokaliteit by Blouberg kan ook daarvolgens vasgestel word. Jenkins sou in die Bealey-vallei, noordoos van Mmalebôhō se hoofsetel, in die Pretoria-kamp gestasioneer wees. Dit was ook die sogenaamde ‘hoofkamp’, die hoofkwartier van die Boere se gesamentlike magte. Die kamp van die Staatsartillerie, wat deur Stent vergesel is, was net wes van die hoofkamp, by die ingang van die Bealey-vallei.¹¹⁷ Dit moes vir beide Stent en Jenkins die gerieflikste basis gewees het om goeie toegang tot die Boerebevelvoerder en sy staf, die jongste nuus onder die gekommandeerdes en die posdiens, te verkry. Spesiale fietsryers is tussen Blouberg en Pietersburg gebruik om berigte na Pretoria te versend.¹¹⁸ (Figuur 8).



Figuur 8: “F. Kelly, een van die boodskapryers tussen Pietersburg en Blaauwberg,” hoewel die pad tussen die berg en die dorp heelwat anders as dié studio-agtergrond moes gelyk het.

Uit: Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Pretoria: Foto 26083.

115. *The Press*, 1895-05-21 & 1895-05-22.

116. TAB: SS. 4700, R. 2004/95: *Verslag of Algemeen Overzicht van den Commandant-Generaal van den gevoerden krijg tegen de oproerige Kafferstammen van Malaboeh (Blouberg), Seleboel, Magoeba, Mahoepa en anderen, wonende in de Lage Velden van het district Zoutpansberg*, p. 3, 1895-02-20.

117. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, pp. 36 & 201 – 204.

118. *The Press*, 1894-06-22 & 1894-06-28.

Vanaf die kampkompleks in die Beaulay-vallei kon die korrespondente aan skermutselinge van die Artillerie en die Pretorianers (wat by aanvalle vanuit die weste sowel as die ooste betrek is) deelneem. Soos wat die veldtog gevorder het, is tyd ook saam met die manskappe in hulle forte in die berg deurgebring. Stent en Jenkins het ook geredelik aan die voet van die gebergte rondbeweeg, byvoorbeeld vanaf die hoofkamp weswaarts tot by die Rustenburg- en Waterberg-kampe en sendeling Sonntag se sendingstasie (ongeveer tien kilometer).¹¹⁹

Rae self maak nie in sy boek 'n duidelike onderskeid tussen Jenkins en Stent se portefeuljes as verbonde aan die burgermag en artillerie onderskeidelik, nie. Die *The Press* self werp wel lig op Stent se rol:

DEPARTURE OF THE ARTILLERY

...

Accompanying the [artillery] force is Captain Stent, of the Chartered Company's Service, from whose pen something in connection with their progress may be shortly expected.¹²⁰

Vere Palgrave Stent (1872-1941) was soldaat en joernalis van beroep. Soos die verwysing na die (British South African) *Chartered Company* in bostaande koerantuittreksel aandui, dateer sy verbintenis met Cecil John Rhodes reeds uit die periode vóór die Maleboch-veldtog, toe hy nog leerling-ingenieur by die De Beersmyn in Kimberley was. Gedurende die jaar voor die konfrontasie te Blouberg, was hy in bevel van 'n eskadron wat saam met die *Imperial Column* na Bulawayo is. Hy sou ook verskeie ander militêre veldtogte voor en tydens die Anglo-Boereoorlog Oorlog dek. Ná dié oorlog, in 1903, het hy redakteur van die *Pretoria News* geword, 'n pos wat hy tot 1920 sou beklee.¹²¹

Die verskil in fokus tussen die twee Press-verslaggewers, bied reeds 'n sinvolle verklaring waarom Rae vir sy boek byna twee keer soveel uit Jenkins se berigte geleen het as uit dié van Stent.¹²² Rae en Jenkins was albei verbonde aan die Pretoria-kommando. Rae, in sy poging om 'n huldeblyk aan die lede van dié kommando te

119. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, pp. 36 & 201 – 204; *The Press*, 1894-06-18; 1894-06-26 & 1894-06-30.

120. *The Press*, 1894-05-21.

121. C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 646-647.

122. Teenoor die nagenoeg 23 Jenkins-berigte waaruit Rae gekopieer het, het hy slegs tien, hoogstens twaalf, van Stent se berigte geraadpleeg. Die gedeeltes Stent-tekste wat woordeliks in Rae se boek oorgeneem is, is oor die algemeen ook heelwat korter as die Jenkins-tekste. Vanaf die tweede helfte van Julie is die balans tussen geraadpleegde Stent- en Jenkins-tekste wel meer eweredig. Dit word reeds voor Jenkins se armreek-ongeluk van 17 Julie merkbaar. Die raadpleging van Jenkins-tekste neem ook nie af na sy ongeluk nie, sodat afgelei moet word dat die ongeluk geen direkte effek op Jenkins se berigskrywing gehad het nie. *The Press*, 1894-05-24 - 1894-08-06.

skryf, sou dus geneig wees om sake vanuit dieselfde invalshoek as waaruit Jenkins sy berigte benader het, te sien. Daarby was Rae klaarblyklik op persoonlike, en waarskynlik ook op ideologiese vlak, gemakliker met Jenkins se teks as met dié van Stent.

Soos reeds aangedui, was Rae en Jenkins dikwels tydens die 1894-veldtog in mekaar se geselskap. Daarteenoor, verwys Rae in sy boek maar slegs twee keer direk na Stent, albei gevalle eers teen die einde van die oorlog. Die eerste verwysing is deel van Jenkins se berig in *The Press* van Saterdag 28 Julie, wat op uitsondering van enkele reëls na, volledig deur Rae in sy boek oorgeneem is:

My confrere, viz., Capt. Stent, met with a slight mishap today whilst firing his revolver. He was coming down the mountain with Dr. Laxton and emptied his weapon in the direction of a cave, when, by some mischance, he received a wound in the forehead, which, however, is not likely to incapacitate him for more than a day or two. [was not serious. - Rae]¹²³

Die kursivering en vierkantige hakies dui aan wat Rae in sy boek weggelaat/gewysig het. Rae het dus nie hierdie inligting oor Stent doelbewus, of met enige beplande funksie, oorgedra nie. Indien hy werklik simpatie met Stent gehad het of meer persoonlike inligting oor die voorval bekom het, sou hy meer besonderhede bygevoeg het, eerder as om die vertelling korter te knip. Die weergawe van Stent se ongeluk was bloot deel van die berig wat hy besig was om te kopieer en was gerieflik dáár om die inhoud van sy boek aan te vul.

Rae se tweede en laaste direkte verwysing na Stent, het hy gevind in *The Press* van 2 Augustus 1894. Teen hierdie tyd moes Rae afgelei het wie Stent was. Dit blyk duidelik uit Jenkins se vewysing na Stent as sy kollega in die koerantteks hierbo aangehaal. Dit blyk ook uit die einste gedeelte wat Rae uit die 2 Augustus-koerant kopieer, waarin Stent weer terugverwys na Jenkins.

Die wyse waarop die 2 Augustus-tek in Rae se boek opgeneem is, skep die misleidende indruk dat hy die inligting persoonlik van Stent bekom het. Hier volg eers 'n uittreksel uit Stent se koerant-tek:

123. *The Press*, 1894-07-28; C. Rae, *Malaboch ...*, p. 165.



WITH THE ARTILLERY

...

Saturday, July 28th

...

Last Wednesday I spent a night upon the mountain. It was, to say the least of it, exciting. The first part of the night was dark as pitch, ...

...

Mr. Jenkins is getting better. He has asked me to a pic-nic to-morrow. I have a great respect for "Jenks", but a man who wants to go picnicking up the mountain for amusement, well, what do you think? I've been up the mountain all the week, and tomorrow being Sunday, I want to eat my dinner in peace.¹²⁴

Só is die koerantteks in Rae se boek opgeneem (wat hier aangehaal word is, weer eens, slegs 'n uittreksel. Stent se volledige vertelling beslaan ongeveer twee bladsye in Rae se boek):

CHAPTER XXVIII A NIGHT ON THE MOUNTAIN IN THE MOONLIGHT - MR. JENKIN'S PICNIC PARTY

A FEW days prior to Malaboch's surrender, Captain Stent spent a night upon the mountain. The following is his description of the time so spent. It was, to say the least of it, exciting:-

"The first part of the night was dark as pitch ...

...

Captain Stent proceeds: "Mr. Jenkins is getting better and has asked me to a picnic tomorrow." (I should have stated that Mr. Jenkins the special *Press* war correspondent had unfortunately broken his arm). "I have a great respect for 'Jenks,' but a man who wants to go picnicking up the mountain for amusement! well what do you think? I have been up the mountain all the week, and tomorrow being Sunday I want to eat my dinner in peace ..."¹²⁵

Dit vorm dan die somtotaal van Rae se verwysings na Stent. Dit is opmerklik dat Rae dit nie in een van die twee verwysings pertinent stel dat Stent óók 'n *The Press*-verslaggewer was nie. Dit het òf nie werklik tot hom deurgedring nie; òf hy het dit nie nodig geag om dié inligting aan sy lesers deur te gee nie. Daarteenoor, het Stent, as opmerksamer verslaggewer, nie in sy koerantberigte nagelaat om Rae in 'n goeie lig te probeer stel nie. Sy eerste gewaarwording van Rae was op Vrydag 13 Julie 1894, toe Rae ene Schmidt se begrafnis gelei het. Die spelling van Rae se van in hierdie koerantberig is foutief,¹²⁶ wat 'n aanduiding mag wees dat Stent nog nie

124. *The Press*, 1894-08-02.

125. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 173-174.

126. *The Press*, 1894-07-16. "The coffin was covered with the *vierkleur* and strewn with maiden-hair ferns and wild flowers. The Rev. Mr. Raes [sic] officiated." Sien ook C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 138-139.

werklik goed met die Engelse kapelaan bekend was nie. Stent se volgende beriggewing oor Rae is besonder vleidend, hoewel eerder gemik op Biskop Bousfield se voorsienigheid as op Rae se persoonlike hoedanighede:

Well done, Bishop!

...

Thursday, 19 July

...

I was much impressed at Schmidt's funeral the other day, at which the Rev. Mr. Collin [sic] Rae officiated; and it occurred to me to point out that while a number of dissenting clergymen, such, for instance, as Mr. Underwood, were holding meetings and seeking notoriety by means of speeches, the Bishop of Pretoria had quietly ordered a priest [sic] to accompany our men to the field. This priest is the only one that has been here the whole while and who has also gone into action with the men. this should be counted to the credit of the English Church and its Bishop.¹²⁷

c. Jenkins/Rae v/s Stent/Sonntag

Stent was inderdaad ewe vrygewig met sy goeie kommentaar op sendeling Sonntag se werk. Dit is egter opmerklik dat al Stent se verwysings na die sendeling juis sorteer onder daardie stukke koerantteks wat Rae uit sy publikasie geweerd het.¹²⁸ Die volgende weglating, waarin Stent sterk na vore kom tot Sonntag se verdediging, is veral veelseggend:

There is a good deal of ill feeling against missionaries in general and their relations with the natives, which I must confess I do not share. Mr. Sonntag, for one, has, I am sure, done his utmost to persuade the rebels to submit, and has proved most useful as an ambassador.¹²⁹

Sodanige seleksie gee 'n sterk aanduiding van Rae se distansiëring van sendelinge soos Sonntag. Hy het dit immers in sy (seldsame) eie woorde geformuleer nadat hy Sonntag op 1 Julie ontmoet het: dat hy simpatie met Sonntag gehad het, aangesien hy goed bekend was met die selfverloënde aard van sendingwerk. Hy kon hom egter nie met die werkwyse van die sendeling vereenselwig nie.

Skynbaar is hierdie vertelling oor die begrafnis Rae se eie werk, maar hy het tóg die sinnetjie oor die vierkleur op die kis woordeliks uit die koerant oorgeneem.

127. *The Press*, 1894-07-24.

128. *The Press*, 1894-07-11; 1894-07-13 & 1894-07-24.

129. *The Press*, 1894-07-13.

Volgens Rae:

In bringing the natives out from their strongholds, and thus dispossessing the petty chiefs of their powers, the Government is doing a much better work than any Christian missionary has yet accomplished. While in his kraal the native lives an idle, useless life; ... this is the state of affairs when the Kafir is left to himself, and the missionary works among such people. His (the missionary's) first objective should be to teach them ... "That if any would not work, neither should he eat."¹³⁰

Rae se afsydige houding teenoor Sonntag blyk dus net soveel uit sy eie vertelling as uit die koerant-gedeelte wat hy nié vir sy boek geselekteer het nie - 'n koerantgedeelte wat deur Stent geskryf is. Hierdie ideologiese distansiering is ook van die teenoorgestelde kant af toetsbaar. Sonntag het, by afsonderlike geleenthede, persoonlik met beide Rae en Stent ontmoet. Soos reeds in hoofstuk vier aangedui, was Sonntag se reaksie op Rae nie juis positief nie. Vergelyk dit met die wyse waarop die sendeling vir Stent opgesom het:

Of all the reporters I have met so far he made the best impression on me. He seemed to have some understanding for the Blacks.¹³¹ He told me that ... six men of the Pretoria Commando, under the protection of a white flag, had approached the spot where it was thought the cave was located in which the dynamite was to be laid. Mr. Stent strongly condemned this action of performing an act of war under a white flag.¹³²

Rae het dieselfde wit-vlag-insident waarna Stent hierbo verwys het, sonder 'n sweempie kritiek uit Jenkins se koerantberig¹³³ oorgeneem en in sy boek geplaas.¹³⁴ Dit lyk inderdaad asof 'n korrelasie getrek kan word tussen die twee *The Press*-verslaggewers en die twee opstellers van die ego-dokumente onder bespreking. Rae het hom sterker met Jenkins vereenselwig en Sonntag het homself nader aan Stent gevoel. Uiteindelik was beide Jenkins en Stent, soos laasgenoemde dit gestel het, "in hot water all about the flag of truce business."¹³⁵ Let egter op dat dit Stent, nie

130. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 105-106.

131. Hierdie frases verskyn eers op 20 Julie 1894 in die sendeling se oorspronklike dagboek. In sy *My friend Maleboch*-publikasie, het die vertaler dit verskuif na die dagboekinskrywing van 4 Julie. Die motivering was waarskynlik om die moderne leser reeds met die eerste bekendstelling van Stent op 4 Julie in te lig oor die aard van die verhouding tussen die korrespondent en die sendeling. Hierdie verhouding het egter nog nie op 4 Julie bestaan nie. Die sendeling self was nie so vinnig om mense op te som as die redakteur van sy dagboek nie. Sien C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 228 & 236.

132. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 90, 1894-07-04.

133. *The Press*, 1894-07-07.

134. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 110.

135. *The Press*, 1894-08-09.

Jenkins nie, was wat wéér eens die saak in die koerant aanhangig gemaak het. Let óók op dat Rae nié hiérdie verwysing in sy boek opgeneem het nie. Daar is beslis ‘n nouer verwantskap tussen Rae en Jenkins as tussen Rae en Sonntag se vertroueling, Vere Stent.

d. Rae se aanwending van *The Press* problematies

Binne *The Press* self was die beriggewing hoegenaamd nie eenduidig nie. Behalwe vir die verskil in aanslag tussen die verslaggewers onderling, het die redaksionele kommentaar ook nie altyd dieselfde gesindheid as die berigte van die dag openbaar nie. In *The Press* van 20 Julie 1894 haal die redakteur Piet Joubert oor die kole oor die trae verloop van die veldtog teen Mmalebôhò; in dieselfde koerant prys verslaggewer Stent Joubert vir ‘n “unparalleled act of chivalry”.¹³⁶ Teen die einde van die veldtog, het die kritiek teen Joubert in Stent se berigte wel toegeneem,¹³⁷ sodat selfs nie ‘n enkele verslaggewer se uitsprake buite konteks as konstantes aangesien kan word nie. Binne elke berig word immers ‘n eie redenasie lyn gevolg.

Binne die eie orde van die koerant, kan hierdie skynbaar teenstrydige tekste geakkommodeer word. Gordon se evaluering van *The Press* is reeds aangehaal. As ‘n pro-Kruger-koerant, moes die navorser die anti-Joubert-propaganda in die redaksionele kommentaar te wagte gewees het. Die verslaggewers het inderdaad gestreef na gebalanseerde beriggewing. Stent se opmerking oor die weerstand wat Mmalebôhò gebied het: “It was all done in fair fight for the home of his fathers and grandfathers”¹³⁸ (óók nie in Rae se boek opgeneem nie), is ‘n artilleris se poging om die oorlog uit die ‘vyand’ se perspektief te probeer sien. Selfs by Jenkins is hierdie verbintenis tot deurdagte verslaggewing te sien in sy ywer om eerstehandse informasie te bekom:

Yesterday morning, in order to satisfy themselves as to the truth of a report which had reached the laager as to the effect that a Mr. Smicht [sic], one of the hospital staff, had gone up to Malaboch’s kraal, Mr. A.C. Jenkins, representing the *Press*, and Mr. W.R. Ebbage, correspondent of *South Africa*, rode to Mr. Sonntag’s [sic] mission station.¹³⁹

136. *The Press*, 1894-07-20.

137. *The Press*, 1894-08-06 & 1894-08-09.

138. *The Press*, 1894-07-31.

139. *The Press*, 1894-06-23.

volgende uittreksel uit Stent se berig is byvoorbeeld deur Rae gebruik, maar slegs die gekursiveerde woorde. Die verwysings na die kantien, wat dui op die omvang van drankgebruik tydens die veldtog¹⁴³ en Rae se eie misbruik kon impliseer, verskyn nie in sy boek nie:

*Outside three cheers were raised by some of the Pretoria people for Captain Schiel, and he was carried on the shoulders of the crowd to the nearest canteen, where the drinks flew round at the expense of some enthusiast.*¹⁴⁴

Waarom het Rae nie liefs die hele insident uit sy vertelling weggelaat nie? Waarom het hy doelbewus gekies om dit in te sluit? In die lig van die ondersoeker se meerdere biografiese kennis oor Rae, is sy wysiging van die daaropvolgende reëls, openbarend. In hierdie geval was die insluiting van die drankmisbruik-insident in sy vertelling sinvol vir Rae, aangesien dit simpatie inwin vir slagoffers - soos hyself. Hier volg eers die koerantteks:

Without doubt Schiel's speech carried not only the court, but also the public with it, and he may be congratulated upon having made an advance in public favour by his spirited defence of an unfortunate *uitlander*, whose worst crime was that of having looked upon the wine when it was red.¹⁴⁵

So lui Rae se improvisering:

Without doubt, Schiel's speech carried not only the court but the public with it, and he was to be congratulated for his spirited defence of an unfortunate *Uitlander*, whose worst crime was not looking upon the wine when it was red, but partaking, not wisely, though too freely, of the whisky.¹⁴⁶

Verteller Rae het inderdaad eerstehandse kennis van whisky as die sondebok gehad en vanuit sy vertellerstoel in 1898, het hy inderdaad geweet dat dit nie wys was om te veel daarvan te drink nie. Waarskynlik ontvang meer ingeligte toehoorders hier 'n bekentenis, maar tegelykertyd ook 'n pleidooi vir 'n sagter oordeel, oor 'n verteller wat skuldig voel.

143. Sien *The Press*, 1894-05-25 & *The Malaboch Extinguisher*, 1894-06-22, pp. 10-12 vir verdere bevestiging dat die Pretoria-manne se whisky-konsumpsie tydens die veldtog noemenswaardig was.

144. *The Press*, 1894-07-27; C. Rae, *Malaboch ...*, p. 163. Die insident waarna verwys word, is die krygsraad wat gehou is om te beslis oor die lot van ene George Nefdt, wat hom aan wangedrag skuldig gemaak het. Volgens die koerant was die verhoor op Vrydag 20 Julie, en nie op 29 Julie soos Rae beweert nie.

145. *The Press*, 1894-07-27.

146. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 163.

Die vertellers van die Rae- en Sonntag-tekste is in hierdie hoofstuk geïdentifiseer. Die vertelinstantie kon nie in een van die twee gevalle direk gelykgestel word aan die biografiese Rae en Sonntag wat in hoofstuk vier bekendgestel is nie. Die biografiese Rae was in groter mate in beheer van die redigering van sy gepubliseerde vertelling as die biografiese Sonntag, wat nie eens meer gelewe het met die publikasie van sy dagboek nie. Hoewel wysigings, toevoegings en weglatings van 'n eie aard in albei gevalle geïdentifiseer is, bly die vertelling in die Sonntag-publikasie deurlopend veel nader aan die egte sendeling-vertelling as wat Rae se boek 'n weerspieëling is van die egte vertellersvermoë van die Anglikaanse priester. In hoofstuk vyf word die komponent wat teenoor die verteller in die kommunikasiemodel staan, die ontvanger of toehoorder, onder die loep geneem.

VI DIE ONTVANGS VAN RAE EN SONNTAG SE TEKSTE

Waar die vraag “Wie vertel?” in die vorige hoofstuk gevra is, word hier gevra “Aan wie word vertel?”, met die fokus op die ontvanger-pool van die sender-boodskap-ontvanger-kommunikasiemodel. Aangesien ‘n sender/outeur/verteller skryf (sy boodskap stuur) met ‘n bepaalde gehoor in gedagte, het die veronderstelde gehoor (ook genoem *implisiete leser*) van die onderskeie tekste, reeds tydens die ondersoek rondom die outeur/verteller ter sprake gekom. Hierdie ‘lesersrol’, soos dit tydens die konstruksie van die teks daarin ingebou is, word vervolgens verder verken. Die lesers wat uiteindelik die boek onder oë kry, korreleer selde volkome met die implisiete leser, die leser vir wie die boek, volgens die outeur, veronderstel was. In die tyd verander die lesers van die boeke ook, en daarmee saam die verwysingsraamwerk en verwagtingshorison waarmee die boek benader word. Die werklike ontvangs van die twee boeke onder bespreking, deur opeenvolgende geslagte reële lesers, behoort die ondersoeker te help tot ‘n beter verantwoording van haar eie lesing en kategorisering van die tekste.¹

Die veronderstelde ontvangers van die (verskillende) Sonntag-tekste

Sendeling Sonntag se dagboek, soos dit tans in die Nasionale Argief in Pretoria bewaar word, en die Engelse vertaling wat as *My friend Maleboch* gepubliseer is, was op twee uiteenlopende groepe ontvangers afgestem.

1. Die sendeling se implisiete leser

Riglyne van die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) werp lig op wie sendeling Sonntag as leser in gedagte gehad het toe hy sy manuskrip geskep het. Sedert 1867 is ‘n stelsel gevolg waarvolgens ‘n superintendent toesig verkry het oor die sendelinge in sy streek. Hulle moes hulle dagboeke, kwartaal- en jaarverslae aan hom beskikbaar stel, sodat hy ‘n studie daarvan kon maak met die oog op voorstelle vir beleidsformulering aan die komitee in Duitsland. Om dagboek te hou van sy werksaamhede en wedervaringe, was een van die sendeling se pligte.² Daar is van die

-
1. Vir die teoretiese begroning van hierdie paragraaf, verwys terug na die eerste hoofstuk. Sien ook A.P. Grové (samesteller), *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*, p. 67; C. Malan, Die literatuurwetenskap: aard, terreine en metodes, in T.T. Cloete, E. Botha & C. Malan (reds.), *Gids by die literatuurstudie*, pp. 7-25 & 54.
 2. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 18.

Lutherse sendelinge verwag om neer te skryf wat elke dag gebeur het: wat hulle gedoen het en wat hulle waargeneem het. 'n Oordadige godsdienstige gemymmer is afgeraai. Die vereiste om 'n dagboek te hou, was vir die Genootskap 'n manier om beheer oor die sendelinge uit te oefen. Dit het die sendelinge verplig om voortdurend van hulle doen en late verantwoording te doen.³

Sonntag het dagboek gehou met die bedoeling dat sy superintendent dit sou lees. By verskeie geleenthede verwys hy in die teks self na dié proses van dagboeke voorberei.⁴ Op Dinsdag, 27 September 1892, skryf hy:

Hoffentlich kann ich noch vor Abschluß des Tagebuchs berichten, daß ich den Besuch beim Häuptling gemacht habe ...⁵

Op Woensdag 27 Desember 1893:

Da ich in so kurzer Zeit nicht erfahren kann, in wie weit die im Volke gehenden Gerüchte auf Wahrheit beruhen, und was für einen Fortgang die Sache überhaupt nehmen wird, so will ich mich über den Vorgang nicht weiter verbreiten, sondern wills Gott, so Gott will und wir leben, im folgenden Quartal ausführlich berichten.⁶

Op 21 Februarie 1893 volg hy dit op:

Am Ende des Tagebuches vom IV. Quartal 1893 berichtete ich ...⁷

Op Maandag 1 April 1895 skryf hy selfs hoe hy in die geselskap van nog 'n sendeling na superintendent Krause reis, sopnatgereën in die donker by Mphome aankom en, onder meer, die "Tagebücher überreicht".⁸

Oswald Krause was vanaf 1892 tot 1908, dus vir die volle duur van Sonntag se termyn op Blauberg, die BSG se superintendent vir Noord-Transvaal. Toe hy in 1892 na Mphome verhuis het, het nie minder nie as elf sendingstasies, elk met sy eie


3. Persoonlike inligting: A. Schultze, Humboldt Universität, Berlin, 2001-10-09.
4. Sommige van dié gedeeltes is ook reeds in ander verband aangehaal.
5. C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, pp. 132-133. "Hopelik kan ek nog voor die afsluiting van hierdie dagboek berig dat ek die besoek aan die hoofman [sic] gebring het." Vertaling L.K..
6. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 179. "Aangesien ek nie in so 'n kort tydjie kan bepaal in hoeverre die gerugte wat onder die mense rondgaan op waarheid berus nie, of watter verloop die saak verder sal neem nie, wil ek my nie nou verder daaroor uitlaat nie. Maar as God wil en ons lewe, sal ek in die volgende kwartaal uitvoerig daaroor berig." Vry vertaal L.K.
7. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 182. "... aan die einde van die dagboek van die vierdie kwartaal 1893, het ek berig ..." Vertaling L.K..
8. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 276. ("... die dagboeke oorhandig.")

buiteposte, onder Krause se beheer gekom. Hy sou gedurende sy ampstermyn ‘n verdere twee stasies daartoe byvoeg.⁹ In hoofstuk vier is reeds aangedui dat Krause ‘n gunstige indruk van Sonntag gehad het.¹⁰ In die dagboek-manuskrip tot die ondersoeker se beskikking, is daar geen aanduiding dat Sonntag anders oor sy superintendent gevoel het nie – hoewel dit, toegegee, onwaarskynlik is dat hy aanduidings van spanning in die eerste dokument wat vir sy senior bestem was, sou gee. Dít dan heel waarskynlik die eerste moontlike leser wie Sonntag in gedagte gehou het soos wat hy sy dagboek geskryf het.

Die BSG het ook die gebruik gehad om uittreksels uit die dagboeke en ander korrespondensie van sendelinge van oor die Genootskap se hele sendingveld wêreldwyd, in die *Berliner Missionsberichte* te publiseer. Dit maak die Duitse publiek van die 1890’s, wat ook die potensieële donateurs van die Genootskap was, die volgende groep lesers wat waarskynlik deur Sonntag voor oë gehou is soos wat hy geskryf het. Berigte oor Blauberg is in en 1893 en 1895 in die *Berichte* gepubliseer.¹¹ Hierdie berigte is oorgeneem uit die ‘amptelike’ dagboek van Sonntag, soos dit tans nog in die BSG-argief in Berlyn bewaar word, en nie uit die manuskrip in die Pretoria-argief, wat tot dusver, vir die doeleindes van hierdie studie, die ‘oorspronklike dagboek’ genoem is nie.

Die Pretoria-manuskrip was die persoonlike eiendom van Sonntag – in besit van sy kinders, totdat hulle dit in 1972 aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Argief geskenk het.¹² Daar is reeds in hoofstuk een geargumenteer dat dit wat Krause, die BSG-amptenare in Berlyn en uiteindelik die Duitse publiek te lese gekry het, in ‘n verdere stadium van verwerking was as hierdie manuskrip wat deur die vertaler gebruik is en wat nou ook tot beskikking van die Suid-Afrikaanse navorser is.¹³ Die voorkoms van die Pretoria-manuskrip skep dan ook die indruk van ‘n werksdokument – Sonntag het nie geaarsel om gedeeltes deur te haal ten einde homself te korrigeer, of beter uit te druk nie. (Sien Figuur 9.)

-
9. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, pp. 110-111; L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hulle nageslag*, pp. 215-216.
 10. Sien weer *Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft* (EA BMG): Acta betreffend Nord-Transvaal, März 1894 – December 1897: ABT 4 no. 5, pp. 4-6: O. Krause – Comité. 1894-04-16.
 11. *Berliner Missionsberichte*, 1893:5/6, pp. 476-478 & November 1894 – September 1895, pp. 106-126.
 12. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.
 13. Hoofstuk een, pp. 17-18.



Figuur 9: 'n Bladsy uit sendeling Christoph Sonntag se persoonlike dagboek, waaruit hy die netjiese weergawe wat na sy superintendent gestuur is, oorgeskryf het en waaruit sy seun Konrad en skoondogter Annegret jare later die transkripsie en vertaalwerk vir die 1983-publikasie gedoen het. Die inskrywing is op Woensdag, 21 Februarie 1894 gemaak.

Uit: Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB): A.1281 Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, p. 627: 1894-02-21.

Die vertaler en die navorser het dus die voordeel dat die teks tot hulle beskikking waarskynlik die eerlikste, mees uitgesproke weergawe van Sonntag se daaglikse lewe is, wat tans nog bestaan. Die teks mag uit plig ontstaan het en Sonntag moes die superintendent en die sending-komitee as moontlike lesers in gedagte gehou het, maar hierdie oorspronklike teks doen nie aan as 'n dokument direk en spesifiek aan dié

twee instansies gerig nie. Dit is in die eerste plek 'n persoonlike dokument, met 'n individuele vitaliteit wat die benaming "Notizen aus dem täglichen Leben" gestand doen. Sonntag het waarskynlik in die eerste plek aan homself geskryf.¹⁴ Soms neem sy skrywe die vorm van 'n gebed aan: "Dem Herrn sei Lob und Dank für Seine Hilfe."¹⁵ Soms gebruik hy pen en papier om sy gedagtes vir homself te orden.

Es will mir nun scheinen, als ob Moses sich ebenfalls habe erbittern lassen ... Und so kann ich wohl verstehen ...¹⁶

Só redeneer hy by homself oor 'n kerkaangeleentheid. Tydens die oorlog soek hy in sy dagboek verligting vir sy innerlike wroeging:

Lange und eingehend überlegte ich gestern abend: Kann, darf, soll, muß ich noch einmal zu Maleboch gehen?¹⁷

Tog is die teks nie só selfgerig dat dit obskuur en ontoeganklik is nie - selfs nie vir die mees 'onwaarskynlike' reële leser 'n honderd jaar nadat dit tot stand gekom het nie. Dit is, intendeel, tegelykertyd selfgerig én universeel. Dit is asof Sonntag geskryf het met 'n bewustheid dat hy besig was om geskiedenis, gebeure wat in betekenis die lengte en reikwydte van sy eie lewe sou oorskry, op te teken. Met sy dagboekskrywery onderskryf Sonntag Hamerow se argument dat die mens 'n inherente behoefte het "to transcend the limits of our short span of years on earth, to see our own existence as part of the common existence of our nation, society, civilization, or of the entire human race."¹⁸ Dit blyk reeds uit die manier waarop hy homself op die eerste bladsy, nog te Neu-Halle, op 2 Oktober 1886, bekendstel:

Bevor ich beginne die Erlebnisse, Erfahrungen und Lehren des täglichen Lebens hier nieder zu schreiben, möchte ich gerne einen kurzen Rückblick auf mein bisheriges Leben von Jugend auf, thun.¹⁹

14. Dit waarna Arthur Ponsonby verwys het as 'n "itch to record". A. Ponsonby, *English diaries. A review of English diaries from the sixteenth to the twentieth century with an introduction on diary writing*, p. 30. Sien ook T. Mallon, *A book of one's own. People and their diaries*, p. xii: "I would have a notebook full of my reflections ...' If, that is, I hadn't allowed myself to become so absorbed by my own worries that I could no longer savor experience in the curious pleasure of writing it down. I resented it all being wasted ..."
15. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief: Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Pretoria: A. 1281, p. 478: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-11-05. "Lof en dank aan die Here vir Sy Hulp." Vertaling L.K.
16. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 139, 1892-11-05. "Dit wil vir my voorkom asof Moses eweneens verbitterd geraak het ... en dus kan ek heeltemal verstaan ..." Vertaling L.K.
17. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 218 & C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 71 (1894-06-19). "Last night I considered long and exhaustively: Can, may, shall, must I once more go to Maleboch?"
18. T.S. Hamerow, *Reflections on history and historians*, p. 34.
19. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 1. "Voordat ek begin om die belewenisse, ervaringe en leer van die daaglikse lewe hier neer te skryf, wil ek graag 'n kort terugblik op my lewe tot dusver, van my kinderdae af, verskaf." Vertaling L.K.

Dit geld veral vir sy skrywe tydens die aanloop tot en verloop van die 1894-oorlog. Die wyse waarop hy 1894 se dagboek afsluit, sluit aan by die voorlopige gevolgtrekking waartoe in hoofstuk een gekom is, dat Sonntag se amptelike verslae nie aansienlik kon verskil het van dié persoonlike manuskrip nie. Die datering van die naskrif plaas wel 'n vraagteken agter die argument dat hierdie 'oorspronklike dagboek' inderdaad die oorteks was. Dit kon moontlik reeds 'n verwerking van 'oorspronklikker' inskrywings of notas gewees het:

31. Dezember. Das Tagebuch des vergangenen Jahres schloß ich mit ungefähr folgenden Worten: Das alte Jahr eilt seinem Ende zu, was wird uns das neue bringen? Vielleicht Krieg und Kriegsgeschrei? daß der Herr aber in allen schwierigen Verhältnissen und Lagen Licht, Weisheit und Kraft von oben schenken wolle, um stets ein rechter Friedensbote sein zu können, das ist das Gebet seines unnützen Knechtes. -- Das Jahr, in welches wir mit Zittern und Zagen eintraten, liegt nun hinter uns. Was wir befürchteten ist uns nicht erspart geblieben. Der Krieg mit all seiner Not und seinem Elend ist über uns ergangen. Der Herr hat aber auch unser Gebet erhört über Bitten und Verstehen, und blicke ich noch einmal auf das alte Jahr zurück, so kann ich alles, was mein Herz bewegt, in keine anderen Worte kleiden als in diese:

Mir ist Erbarmung widerfahren

...

Blauberg, 15. März 1895

Ch. Sonntag.

Schlußbemerkung: Die Fertigstellung dieses Tagebuches hat sich lange verzögert. Ich bitte um gütige Nachsicht. Von Beendigung des Krieges bis Ende des Jahres war ich körperlich und geistig so matt und müde, daß ich kaum die nötigsten Arbeiten verrichten konnte. -

D.O.²⁰

Hierdie naskrif van 15 Maart kon, aan die ander kant, tog wel 'n nabetragting gewees het. Nadat sendeling Sonntag die kwartaal se berigte bladsy-vir-bladsy vir versending aan die superintendent oorgeskryf het, was hy waarskynlik diep onder die indruk van al die 'probleme' wat hy tydens dié kopiëring in sy eie teks gevind het.²¹ Dit kon hom beweeg het om die inskrywing van 15 Maart as 'n verskoning in die superintendent se manuskrip in te sluit, maar om dit dan ook as 'n rekord vir homself in sy eie

20. C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 266-267.

21. T. Mallon, *A book of one's own. People and their diaries*, p. xiii: "J.M.Barrie once wrote that the 'life of every man is a diary in which he means to write one story, and writes another; and his humblest hour is when he compares the volume as it is with what he vowed to make it.'"

manuskrip by te gevoeg het. In watter konteks die naskrif ook al geskryf is, dit bevestig nietemin 'n sleutel-argument: dat, veral vir die periode waarna hyself hier verwys, die dryfveer agter Sonntag se skryfwerk nie die stigting of vermaak van een of ander populêre gehoor was nie, maar in die eerste plek verantwoording van sy optrede.

2. Die vertaler se implisiete leser

Wanneer die bogenoemde 1894-jaarafsluiting uit die tydgenootlike manuskrip, met die wyse waarop die vertaler dit in die in die 1983-*My friend Maleboch*-publikasie opgesom het, vergelyk word, blyk die verskil tussen die vertaler en die sendeling se persepsie van 'n implisiete leser, duidelik daaruit. Die vertaler vertel met die veronderstelling dat die Engelse leser van byna honderd jaar na die gebeure, baie meer leiding nodig het as wat sy 1894-interteks verskaf. Let veral op die gekursiveerde frases:

I closed the *diary of 1893* with the words: 'The old year is at an end. What will the new year bring? Perhaps war and rumours of war. That the Lord may, in difficult situations and circumstances, bestow light, wisdom and strength from above, so that he will be a true messenger of peace, that is the prayer of his unworthy servant. *The year 1894*, which we entered with trembling and anxiety, lay behind us. We were not spared what we had feared. The war with all its misery, distress and dangers had passed over us.²²

Die volgende is 'n toevoeging deur die vertaler:

Our prayer to God Almighty is that he will grant the homeless, shattered Bahananoa a happier existence in 1895.²³

Die naskrif, waarvan 'n vry vertaling in Afrikaans hier volg, het die vertaler weer onnodig geag om die moderne leser mee te bemoei:

Slotopmerking: Die voltooiing van hierdie dagboek is lank vertraag. Ek vra om welwillende toegewendheid. [tweede moontlikheid: vriendelike nasorg]. Van die beëindiging van die oorlog tot die einde van die jaar was ek liggaamlik en geestelik so mat en moeg, dat ek skaars die noodsaaklikste arbeid kon verrig.²⁴

22. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 146.

23. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 146.

24. Sien voetnoot 15. Vertaling L.K.

Die veronderstelling van die vertaler was dat die lesers van sy publikasie in die dramatiese gebeure van 1894 geïnteresseerd sou wees; nie in die wyse waarop die dagboek tot stand gekom het nie. In hierdie lig gesien, was die vertaler nie daarop ingestel om te mislei nie, maar het hy bloot nie 'n histories-kritiese leserspubliek vir sy verhaal in die vooruitsig gestel nie.

Dergelike wysigings en toevoegings, om die moderne leser tot beter begrip van die 1894-situasie te begelei, is reeds in die vorige hoofstuk bespreek. Ook die gebruik van anachronismes²⁵ dui aan dat die vertaler die 1983-tekst aan sy eie tydgenote gerig het. Die verwysing na mense as “Blacks”,²⁶ was nie outentiek aan die sendeling se tekst nie. Dit sou vir 'n 1894-leser vreemd aangedoen het, maar die wysiging van die negentiende-eeuse terme bevredig die verwysingsraamwerk van die moderne implisiete leser. Nog 'n voorbeeld: die woord “Kaffernkorn”²⁷ is vertaal as “maize”.

Die vertaalde Sonntag-tekst en die Rae-publikasie deel 'n sterk ooreenkoms, wat dit lynreg teenoor die ‘oorspronklike’ sendelingtekst plaas: albei is in die eerste plek geskep met 'n groot gehoor in gedagte. 'n Lesersgetal wat publikasie sou regverdig, is tydens die skryfproses in die vooruitsig gestel - vandaar ook die ruim insluiting van visuele materiaal in die twee uitgawes. Die Sonntag-publikasie moes toeganklik-uiteengesit en dramaties wees; watter merkers in die Rae-tekst kan as die outeur se aanduidings vir die implisiete leser beskou word?

Die veronderstelde ontvangers van die *The Press*-tekst en die Rae-tekst

Voordat 'n antwoord op hierdie vraag gesoek word, moet eers weer in ag geneem word dat twee-derdes van Rae se vertelling nie sy eie is nie, maar oorgeneem is uit *The Press*. In die volgende twee opsigte, is die profiel wat Rae van die potensiële koper van sy boek moes gehad het, versoenbaar met die koerant se implisiete lesers: 'n Koerant, soos 'n boek, word geskep met die oog op openbare verspreiding; *The Press* en Rae se lesers sou dieselfde tyd-ruimtelik- en groepsbepaalde subjektiwiteite gedeel het.²⁸

25. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 131.

26. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 104. Sendeling Sonntag het afwisselend die benaminge “Kaffern”, “Leute” (“mense”, Afrikaans: “volk”?) en “Bahananoa” gebruik. Sien byvoorbeeld C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 147; C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 236.

27. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 147; C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 268.

28. Vir 'n verduideliking van subjektiwiteit, sien F.A. van Jaarsveld & J.I. Rademeyer, *Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig*, p. 40; J. Rüsen, *Studies in metahistory*, *Human Sciences Research Council series in methodology* (ed. J. Mouton), 1993, pp. 50-51.

Die redaksionele kommentaar in 1894 se *The Press* kan dus ten minste dien as aanduiding van watter tipe leser Rae vir sy boek in die vooruitsig gestel het – hulle beskouings oor die posisie van swart gemeenskappe in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR), byvoorbeeld:

The time has come when the natives within the state must be taught the lesson that there is only one authority in the Transvaal Republic ...²⁹

... hulle veralgemening oor sendelinge:

...but then missionaries generally are at the bottom of nearly every kafir disturbance in South Africa.³⁰

...’n voortdurende bewustheid van die spanning tussen ‘Boer’ en ‘Uitlander’:³¹

It has always been our desire to see boer and *uitlander* working heartily and harmoniously together. Six months ago it looked as if the two great sections in this Republic were forgetting their nationalities and animosities and were only remembering that the salvation of the state depended on the inhabitants being, one and all, true Transvaalers. We have therefore, watched the events of the last few months with feelings of profound sadness. The passing of the dynamite monopoly ... rejection ... of the aliens’ appeal for the Franchise, the cyanide application, the special taxation directed at the aliens, the education question, and the stern enforcement of the Commandeering Law [spesifiek vir die Malaboch-veldtog], have together had the regrettable effect of arousing in the breast of the aliens sentiments of bitter hostility.³²

Gedurende die tyd, na die 1894-veldtog, dat Rae sy boek vir publikasie voorberei het, het die Jameson-inval³³ ook plaasgevind en was die spanning wat in 1899 op volskaalse oorlog in die ZAR sou uitloop, steeds aan die oplaai.

29. *The Press*, 1894-05-28.

30. *The Press*, 1894-06-01.

31. *Uitlanders*: Inwoners van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) wat nie Boere was nie – ‘n gemeenskap wat geweldig aan die Witwatersrand gegroei het weens die goudmynbedryf. Die ZAR het dit vir hulle besonder moeilik gemaak om stemreg te verkry. C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 179.

32. *The Press*, 1894-06-22.

33. Die poging van Leander Starr Jameson om die regering van die ZAR einde Desember 1895 namens sy vriend, Kaapse eerste minister Cecil Rhodes, omver te werp. Die inval uit Rhodesië het misluk. Jameson en sy vyfhonderd man het aan die Transvaalse magte oorgegee en die beplande ‘Uitlander’-opstand in Johannesburg het ook nie volgens verwagting verloop nie. Ná die inval, wat hoofsaaklik gesteun is deur ‘Uitlanders’ wat gevoel het dat president Paul Kruger nie die goudmynbedryf volgens hulle verwagtinge ontwikkel het nie, het spanning tussen Brittanje en die ZAR, wat nou met die Vrystaat saamgespan het, opgelaa. C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 95.

Onder die toenemende spanning tussen Boer en Brit sedert 1896 sou daar gewis lesers gewees het wat 'n dik vraagteken agter 'n Britse onderdaan se gewillige deelname aan 'n Boereveldtog wou plaas. Nogtans sou dit eensydig wees om die Engelstalige leser van die jare negentig se verwagtingshorison tot Boer-Brit-spanning te reduseer. Die literêre aanbod van die tyd het 'n groot aantal herinneringskrifte oor koloniale veldtogte teen swart gemeenskappe ingesluit. Wat al hierdie tekste in gemeen gehad het, was die avonture van witmense wat die ongetemde verken het, gevare getrotseer het en bygedra het tot die kragdadige vestiging van wit oppergesag oor swart gemeenskappe. Die uitgewershuis Macmillan het byvoorbeeld 'n *Colonial Library*-reeks gehad. In 1893 verskyn *Adventure in Mashonaland by two hospital nurses*, Rose Blennerhassell and Lucy Sleeman in hierdie reeks.³⁴ 'n Ander voorbeeld, is die 1897-publikasie *With Plumer in Matabeleland. An account of the operations of the Matabeleland relief force during the rebellion of 1896* deur Frank W. Sykes³⁵ In die inhoudsopgawe is die eerste onderafdeling, soos in die geval van Rae se boek, "Causes of the Rebellion". Ook in 1898, dieselfde jaar waarin Rae se boek sou verskyn, word Lieut.Col. E.A.H. Anderson se *With the Mounted Infantry and the Mashonaland field force, 1896* deur Methuen & Co uitgegee.³⁶ In die voorwoord bevestig Anderson dat die een veldtog-boek aanleiding tot die volgende gegee het en dat die belangstelling in koloniale veldtogte van so 'n aard moes gewees het dat die boeke daarvoor 'n betekenisvolle aantal lesers kon bedien: "This idea assumed definite form when Colonel R.S. Baden-Powell's book *The campaign in Matabeleland, 1896* and Lieut.-Colonel Plumer's *An irregular corps in Matabeleland*, appeared, and the thought, "why not Mashonaland too?" cropped up." Rae se boek sluit na vorm en inhoud beslis aan by dié genre. Dis asof Rae, of sy uitgewer, gevra het: "Why not the Malaboch Campaign too?"

Rae kon self baie goed onthou waarmee hy besig was toe hulle die eerste nuus van die Jameson-inval op die nag van 31 Desember 1895 ontvang het. Hy was juis besig om aan sy boek te werk, saam met Dan Matthews, die persoon wat hy in die voorwoord sou bedank vir die *nasien* van die manuskrip.³⁷

Dit bevestig dat die grootste gedeelte van sy boek, dit wat handel oor die Malabochveldtog, nie vanuit die agternaperspektief van die Jameson-inval geskryf is nie. Rae het ook nie probeer om die spanning tussen die Krugerregering, die 'Uitlanders' en

34. London, MacMillan and Co. New York, 1893.

35. (assisted by C.G. Cöningen C.E. and others). Archibald Constable & Co, 2 Whitehall Gardens. Westminster, 1897.

36. 36 Essex Street, W.C. London, 1898.

37. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. x & 219.

die Britse regering 'n fokuspunt van die vertelling te maak nie. Om die kommandering van 'Uitlanders' vir die 1894-veldtog by sy vertelling te betrek het, sou vir Rae, wat glad nie aan die Engelse gemeenskap se protes daarteen deelgeneem het nie, in 'n ongemaklike posisie plaas. Om te probeer voorkom dat hy sy boek by voorbaat reeds onder 'n groot groep potensiele lesers ongewild maak, het Rae hierdie aspek van Boer-Brit-spanning vermy. Die 'Uitlander-aangeleentheid' was na die Jameson-voorval, teen die tyd dat die boek uiteindelik gedruk moes word, uiters aktueel. Indien Rae dit op 'n wyse wat homself nie sou inkrimineer nie, in sy publikasie kon insluit, sou dit die belangstelling in sy boek kon verhoog. Dit bied 'n moontlike verklaring waarom "A synopsis of the Johannesburg Crisis of 1896" as slothoofstuk by die Malaboch-boek ingesluit is:³⁸ om te voorsien in wat die 'post-Jameson-' implisiete leser se verwysingsraamwerk sou vereis.

Rae se beskouings oor Suid-Afrikaanse politiek, oor swartmense en hulle gewaande gebrek aan werkywer, is reeds aangeroer.³⁹ Dit skakel in by die volgende kommentaar uit *The Press* (hou in gedagte dat die koerant, in sy tyd, as gematigd beskou is):

In England it is a well-cherished belief that the negro is a man and a brother, in all respects equal to the white man. The reason for this is partially due to the fact that kafirs are exceedingly rare in England and when observed are in an exceedingly exotic state ... Another reason is to be found in the missionaries who at irregular intervals give accounts of their experiences amongst the poor black heathen ...

Another cause for the tenderness of JOHN BULL for the kafir can be traced to the eloquence of the great emancipation orators, and to Mrs. HARRIET BEECHER STOWE'S "Uncle Tom's Cabin"⁴⁰ and kindred works.

... to us South Africans who know what the kafir really is it appears exasperating and absurd. ... Mr. RHODES, who hates the kafir with all the fervour of a true South African ruler, ... is nevertheless bound, in deference to the [Imperiale regering] ... to coddle the innumerable natives who swarm in the Cape Colony, Mashonaland and Matabeleland.⁴¹

38. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 219-248.

39. Sien weer C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 105-107.

40. Harriet Beecher Stowe (1811-1896) het *Uncle Tom's Cabin* in Cincinnati geskryf. Die boek is in 1852 gepubliseer en het groot opslae gemaak as pleidooi vir die vrystelling van slawe in Amerika. Ook die verhoogopvoering van die roman was besonder gewild. Mev. Stowe self was 'n gewilde kampvegter vir die saak van swart slawe en is deur president Lincoln "the little lady who made this big [civil] war" genoem. H. Brogan, *The Pelican history of the United States of America*, pp. 293, 309 & 341-2.

41. *The Press*, 1894-08-11.

Hiervolgens, het Rae Suid-Afrikaanse Engelssprekendes, wat met sy vooroordele sou kon identifiseer, as lesers van sy boek in die vooruitsig gestel. Die opdrag in die titelblad bevestig dit ook. Hy was wel, uit die aard van sy profesie, versigtiger in sy woordkeuse as byvoorbeeld Piet Joubert; derhalwe verander hy die generaal se “impossible for a kafir” na “not part of kafir nature.”⁴² Volgens Rich se beoordeling van die era, sou die Britse leserspubliek van die 1890’s egter nie meer heeltemal só afsydig gestaan het teenoor Britse koloniste se ‘insigte’ as wat *The Press* hierbo beweer nie. Volgens hom het die romantiese beskouings van die ‘edel barbaar’, teen die agtergrond van laat negentiende-eeuse imperiale uitbreiding, begin plek maak vir ‘n sterker gevoel van superioriteit oor bruin en swart rasse. Met die groeiende belangstelling in koloniale avonture, soos dié van Rider Haggard,⁴³ het die idealisering van “savage’ societies” begin taan. ‘Beskawing’ en ‘opheffing’ van die ‘barbare’ het die ideaal geword.⁴⁴ In die lig van Rich se insigte, sou Rae selfs in Brittanje ‘n leserspubliek vir sy boek kon vind.

Met sy inkonsekwente uitsprake, slaan hy as’t ware ‘n brug tussen die Europese en die koloniale uitkyk en bly hy vaag genoeg oor sy eie posisionering om geen potensiele leser van sy boek te vervreem nie. In die volgende aanhaling konfronteer hy nog die leser met die ouer, romantieser persepsie van nie-Europese gemeenskappe:

... all through the campaign the poor Malabochians were seldom, if ever, the aggressors, their attitude being nothing more or less than a gentle protest against what they considered an unjust encroachment on their ancestral rights.⁴⁵

Vergelyk dit met die volgende uitspraak, wat die meer Darwinistiese gees, van ‘oorlewing van die sterkstes’,⁴⁶ adem:

Once let the natives get the idea that they can beat the whites in open war, and chaos will ensue. The blacks number about ten times as many as the whites; but, though the latter are numerically so inferior, yet it is only natural that they should take the lead. Enlightenment and civilization must rule, and it is absolutely necessary for the safety and progress of the country that the native races should be subdued and compelled to submit to the laws of the land, instead of being governed

42. *The Press*, 1894-08-06; C. Rae, *Malaboch ...*, p. 187.

43. Haggard het, terloops, ook ‘n boek oor Blouberg die lig laat sien: *The people of the mist*.

44. P. Rich, The quest for Englishness, in G. Marsden (ed.), *Victorian values. Personalities and perspectives in nineteenth-century society*, pp. 220-221.

45. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 63.

46. P. Rich, *The quest for Englishness ...*, p. 221.

by their own petty autocratic chiefs, who are a great hindrance to the proper development of the country.⁴⁷

Naas bevestiging van hulle rasse- en politieke beskouings, het die implisiete lesers waarvoor Rae geskryf het ook ander behoeftes gehad.

Hulle wou geamuseer word met vermaaklike vertellings: ‘n Jong man, ene George, is lig in die nek gewond. Toe hy sy nek met albei hande vasgegryp en soos ‘n fanatikus (Rae se woordkeuse) begin rondans het, terwyl hy skree “I have got it!”, “the incident proved to be of a most laughable nature.”⁴⁸ Daar was ook die hondjie wat sy kop in ‘n ketel laat beland het en met groot gesukkel deur Rae en ‘n vriend bevry is. “‘Malaboch’ in a kettle became a camp by-word after that.”⁴⁹ Tydens die piekniek wat Rae teen die einde van die veldtog saam met A.C. Jenkins meegemaak het, het die twee dit vreeslik vermaaklik gevind om drie makkers wat gaan swem het, skrik te maak:

Jenkins and I were blowing a whistle and a small tuning trumpet, which resembled in sound the war-horns of the Kafirs, and the fun was kept up for some time, until a laugh of the conspirators relieved the anxiety of the bathers.⁵⁰

Rae het gedink dat sy lesers sou wou hoor van allerlei aandenkings en produkte wat vreemd aan hulle eie kultuur was:

...curious, such as claypots, calabashes, caskets, sticks of tobacco leaf, and neck ornaments. Coetzee, one of the party, brought back a necklace, quite a work of art, made from the bones of a mamba.⁵¹

Daar was ook die graanmandjies van die Hananwa:

enormous baskets of corn buried in the earth; ... quite a work of art, and must have taken a long time to make. They varied in diameter from twelve to twenty-five feet.⁵²

47. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 139-140.

48. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 59.

49. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 107.

50. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 175-176. Daar is nog baie voorbeelde: pp. 75, 121, 125, 174 ...

51. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 66.

52. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 69.

Teenoor 'n foto van “MEMENTOS FOUND IN THE HOOFDSTAD”, wy Rae uit oor wat buitgemaak is nadat Mmalebôhō oorgegee het:

Sergeant Lovell Taylor discovered a kafir pillow with a snuff calabash attached, a battle-axe, and a part of a New Testament, roughly bound at the back with a piece of prepared buckskin. These last findings he presented to me.⁵³

Veral moes Rae se vertelling die implisiete leser bly boei, deur 'n atmosfeer van spanning en avontuurlus te skep. Wanneer hy middel-Junie een nag saam met die Pretoria-manskappe in Fort Holzer, wat net noord van die Pretoria-kamp opgerig is, deurbring, verwys hy na huilende 'wolwe' wat die nag, bo en behalwe die oorlogsgeluide, nog meer onheilspellend gemaak het.⁵⁴ Ook in die volgende paragraaf, wat verwys na die tydperk middel-Julie, probeer Rae om die leser te oorweldig met 'n indruk van deurentyd-dreigende gevaar :

With regard to the [Pretoria] laager itself, it was thought ... that at least five hundred men would be required to effectually defend it; and as most of our men were always on the mountain, matters would have been very serious had Malaboch taken it into his head to create a diversion by paying it a visit. This was thought to be highly improbable; but, nevertheless, many a sleepless night I spent in thinking of the possibility of such an event.⁵⁵

Verder moes die implisiete lesers se sentimentele Victoriaanse harte verwarm word vir al die arme siek, gewonde, gepynigde en gevalle figure. Rae “received pathetic notes from some of the combatants asking me to write to mothers, sisters, and last, but not least, sweethearts, in the event of casualties.”⁵⁶ “Poor Nel”,⁵⁷ “poor Van der Merwe”,⁵⁸ “poor Schmidt”⁵⁹ en “poor Leclercq”⁶⁰ is almal dood. “Poor Lottering” se verhaal is veral grimmig:

...the doctor, as a last resource, had amputated the arm, so as to do everything possible in order to save his life, but it was a hopeless case from the beginning: mortification had set in long before the operation was performed.⁶¹

-
53. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 182.
54. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 66.
55. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 146.
56. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 72.
57. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 89.
58. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 122.
59. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 139.
60. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 151.
61. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 148.

Sonder om afbreuk te doen aan die tragiek van hierdie wit sterfgevallen, is dit tog opmerklik dat sterftes onder die sogenaamde “friendly natives” wat die Boere se oorwinnings vir hulle help beklink het, weinig aandag geniet het. (Vergelyk hoofstukke drie en nege en Bylae A vir die rol van hierdie krygers.)

Dit is opmerklik die vertellings uit bogenoemde vier kategoriëe (die amuserende, die eienaardige, die spannende en die sentimentele vertelling), nie uit die *The Press*-interteks voortgespruit het nie. Dit is hoofsaaklik afkomstig uit daardie oorblywende een-derde van die *Malaboch*-boek, waarvoor Rae self verantwoordelik was.

Die vraag of die reële lesers se behoeftes gekorreleer het met dié wat vertellers (Christoph en) Konrad Sonntag en Colin Rae vir die implisiete lesers geantisipeer het, kan nou beantwoord word.

Reële lesers van Rae en Sonntag se boeke

Die reële leser is die persoon wat werklik die boek lees; wat die teks deur middel van sy/haar leesaktiwiteit vir hom/haarself skep.⁶² ‘n Boek word deur die jare deur verskillende generasies lesers hanteer. Volgens die uitgangspunt van Hans-Robert Jauss, benader elke generasie die teks met ‘n eie verwagtingshorison. Elke generasie lesers se werklikheidsbeskouing verskil; elke generasie is blootgestel aan en bewus van ánder tekste wat dan as maatstawwe gebruik word om die betrokke teks te beoordeel. So kan ‘n hele diachroniese reeks lesers identifiseer word en kom daar sprake van ‘n resepsiegeskiedenis vir elke teks.⁶³

Dit is debatteerbaar of ‘n resensent se beskouings oor ‘n teks werklik verteenwoordigend is van dié van die breër leserspubliek, maar resensente bly ‘n groep lesers waarby ten minste ‘n skerpsinnige en verantwoordbare verwagtingshorison veronderstel kan word. Weinig ander lesers doen soveel moeite om hulle resepsie van tekste noukeurig op papier te formuleer. Vir die naspur van ‘n resepsiegeskiedenis, bly hulle dikwels die enigste reële lesers waarop ‘n navorser kan terugval. Weens die publikasiedatum (1898), kon daar veral nie oor die eerste generasie reële lesers wat op Rae se boek reageer het, soveel inligting gevind word as in die geval van die Sonntag-tekste nie. Resensies was ‘n onontbeerlike bron. Daar word eers stilgestaan by die Rae-lesers.

62. C. Malan, *Die literatuurwetenskap ...*, p. 23.

63. H. Ohlhoff, *Hoofbenaderings in die literatuurstudie*, in T.T. Cloete, E. Botha & C. Malan (reds.), *Gids by die literatuurstudie*, pp. 52-53.

1. Die werklike lesers van Rae se boek

The Press en die Johannesburgse koerant *The Star* het Malaboch onderskeidelik op 16 Januarie en 28 Februarie 1899 geresenseer. Vir die reële lesers was die spanning wat in Oktober daardie jaar op oorlog sou uitloop, dus reeds prominenter op die verwagtingshorison as vir die implisiete leser wat Rae, toe hy byna vyf jaar vantevore aan die boek begin werk het, voor oë gehad het.⁶⁴

The Press se resensent was beleefd, maar nie positief in sy kommentaar nie. Die boek word beskryf as ‘n interessante reeks herinneringe vir voormalige lede van die Pretoria-kommando, meer spesifiek diegene wat tydens die 1894-veldtog persoonlik met Rae geassosieer is. Rae word gekritiseer dat hy die boek voorhou as ‘n omvattende geskiedenis van die oorlog, wat dit beslis nie is nie. Rae se skryfstyl word ook gekritiseer. Volgens die resensent reflekteer die onsamehangende vertelling hoegenaamd nie die geleerdheid of vermoëns van die skrywer nie. Rae word dan inderdaad ook daarvoor gekritiseer dat hy die protes-aksie van die Britse onderdane wat vir die veldtog gekommandeer is, in sy boek afgeskeep het. Rae se insluiting van sy vertelling oor die Jameson-inval en daaropvolgende verhoor, het toe ook nie die gewenste uitwerking gehad nie. Volgens die resensent is dit ‘n onvolledige weergawe van ‘n insident waaroor daar reeds oorvloediglik geskryf was. Dit is verbasend dat die *The Press*-resensent Rae so ligtelik laat afkom van die plagiaat wat hy uit die einste koerant gepleeg het: “... we think that the author has erred in attempting to make history from newspaper cuttings, which are not even very well edited.”⁶⁵

The Star se resensent was besonder venynig, persoonsgerig en afbrekend in sy kritiek op Rae. Die sarkasme is so snydend dat almal behalwe Colin Rae dit waarskynlik vermaaklik sou vind:

The Rev. Colin Rae has ... perpetrated a huge joke. How huge can be well imagined when we inform the reader that it runs through 248 pages of a book called “Malaboch.” The title itself is no inconsiderable portion of the joke, as it undoubtedly should have been “The Rev. Colin Rae,” whose doings are far more minutely detailed than those either of the vanquished chief or his vanquishers. The author has absolutely no sense either of perspective or proportion, and we can imagine him as an artist covering his canvas with flies the same size as his elephants and everything perfectly flat and unmodelled.

64. Volgens ‘n brief van Rae aan biskop Bousfield, het hy teen November 1894, nog te Roodepoort, reeds met die boek begin. *Historical and Literary Papers Library, Archives of the Church of the Province of South Africa (CPSA), University of the Witwatersrand*: AB. 383 BOUSFIELD, letters received August 1894 – February 1895: C. Rae – A.B. Bousfield, 1894-11-08.

65. *The Press*, 1899-01-16 (book review).

No! We forget an important exception. The Rev. Colin Rae would be depicted in all his pictures in the words of poor Bessie Bellwood's song: "All very fine and large." Seriously speaking, the naivete of the author would be admirable if it were not so ridiculous.⁶⁶

Die volgende punte van kritiek stem ooreen met dié van die *The Press*-resensent: Dat die teks slegs diegene wat by Colin Rae belang het, kan interesseer; dat die boek nie die omvattende stuk geskiedskrywing oor die veldtog is waarop dit aanspraak maak om te wees nie; dat die skryfstyl swak is. Anders as *The Press*, maak die *Star*-resensent geen melding van Rae se hantering van die kwessie rondom die kommandering van Britse onderdane, of sy naskrif oor die 1896-Jameson-krisis nie. Die *Star*-resensent dui ook nie aan dat hy daarvan bewus was dat twee-derdes van Rae se teks uit *The Press* gekopieer is nie.⁶⁷

Die twee resensies bied openbarende insig in die verwagtingshorison van die reële Engelse leser in die ZAR in 1899. Vir hierdie lesers was 'n *native war* in sigself geen noemenswaardige geskiedenis is nie. *The Star* maak dit af as "an, in any case, uninteresting campaign to vindicate the right of the Boers to certain kaffir taxes."⁶⁸

Volgens *The Press*:

The circumstances of the ['Uitlander'] protest form *the most interesting* feature of the Malaboch War, and constitute history, and this the author has passed over with very slight mention.⁶⁹

Besonder openbarend, is dat *The Press* die resensie van Rae se boek gebruik het as *vechile* om die koerant se apologie vir Suid-Afrika se rassebeleid, te propageer:

We are glad to see that the author is not one of those misguided persons who hold the opinion that anything done in the way of punishing the native must of necessity be oppressive or wrong.⁷⁰

Daarop volg 'n lang aanhaling uit die passasie waarin Rae sy eie rassebeskouings uiteensit – die einste passasie wat ook vir die doeleindes van hierdie ondersoek, reeds herhaaldelik na verwys is.⁷¹ Die aanhaling word opgevolg met: "Such a statement [sendelinge besef nie dat swartmense van nature lui is en deur blankes onderwerp moet word om te leer werk nie] coming from a clergyman is encouraging ..."⁷² 'n

66. *The Star*, 1899-02-28 (book review).

67. *The Star*, 1899-02-28 (book review).

68. *The Star*, 1899-02-28 (book review).

69. *The Press*, 1899-01-16 (book review). Kursivering L.K.

70. *The Press*, 1899-01-16 (book review).

71. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 105-107.

72. *The Press*, 1899-01-16 (book review).

Onverwagse aanduiding dat die *The Press*-koerantresensent nie die enigste leser was wat hierdie sentiment met Rae gedeel het nie, kom uit die eksemplaar van Rae se boek, tans in besit van die Universiteit van Pretoria. Die voormalige eienaar van die boek, W.H. Younger, wat sy eksemplaar vroeg in die twintigste eeu gedateer het, het langs Rae se uitlating die volgende opmerkings ingeskryf: “quite true” en “missionaries cannot always be trusted when native troubles are on.”⁷³

Dit wil lyk of Rae se tydgenote hulle deur die boekresensies in die koerante laat lei het. In April 1899 ontvang Rae ‘n brief van Bousfield, waarin die biskop noem dat hy gehoor het dat *The Star* die verkope van die boek benadeel het.⁷⁴ Rae het ook geen noemenswaardige inkomste daaruit gegeneer nie. Teen April het selfs Bousfield nog nie eens ‘n eksemplaar onder oë gehad nie. Rae sou vir hom een gestuur het, maar hy het reeds in Januarie sy outeursvoorreg verbeur toe hy nie die uitgewers ‘n verlangde £150 kon betaal nie.⁷⁵

Net om te bevestig dat resensente nie met hulle uitsprake ‘n monopolie oor enige leserspubliek verkry nie, die volgende aanhaling uit Bousfield se brief aan Rae: “I am glad of the *favourable* criticisms.”⁷⁶ Dié was daar dus ook. Die persoon wie se boek in die versameling van die Universiteit van Pretoria opgeneem sou word, het immers met sy kantaantekeninge ook sekere ‘ligpunte’, vir sy generasie ontvangers van die teks, identifiseer.

Wat histories-kritiese lesers gedurende die twintigste eeu betref, het die resepsiegeskiedenis van Rae se teks soos volg verloop:

In 1944 het N.C. Weidemann ‘n magister-verhandeling oor die *Malabochoorlog* aan die Universiteit van Pretoria voltooi.⁷⁷ Dit toon aan dat die verwagtingshorison van vyftig-estig jaar vantevore, toe Engelstalige koerante die veldtog as oninteressant en van weinig betekenis, afgemaak het, nie meer gegeld het nie. Weidemann

73. C. Rae, *Malaboch ...*, (Copy donated to the Academic Information Centre, University of Pretoria), pp. 106 & 104.

74. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-books, Church Record Library 1890-1899, p. 390: A.B. Bousfield – C. Rae, 1899-04-13.

75. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letters received November 1898 – May 1899: C. Rae – A.B. Bousfield, 1899-01-03.

76. CPSA: AB. 383 BOUSFIELD, letter-books, Church Record Library 1890-1899, p. 390: A.B. Bousfield – C. Rae, 1899-04-13. Kursivering L.K.

77. N.C. Weidemann, *Die Malabochoorlog (1894)*, M.A.-verhandeling, U.P., 1944. Weidemann se verhandeling is ook gepubliseer (Die Malaboch-oorlog (1894), *Historiese Studies* 7(1), Maart 1946). Vir ‘n omvattende bespreking van die Afrikaner-nasionalistiese paradigma waarin Weidemann geskryf het, word verwys na L. Kriel, Die Boer-Hananwa-oorlog (“Malaboch-oorlog”) van 1894: ‘n oorsig oor navorsingsuitsette, *New Contree* 43, September 1998, 34p. Hier word slegs die aspekte wat direk betrekking het op Weidemann as leser van Rae se boek, aangeroen.

verteenwoordig 'n nuwe geslag lesers van Rae se teks. Hyself het dit volkome onkrities gelees. Vir die skryf van sy verhandeling, het hy wel ook *The Press* van 1894 gelees, maar geen verband tussen Rae en die koerant-vertellings opgemerk nie – waarskynlik omdat die elf voetnootverwysings na *The Press* wat in sy verhandeling aangedui word, slegs die periode tot 20 Junie en dan eers weer vanaf 18 Augustus 1894, dek.⁷⁸ Weidemann gee voorkeur aan Rae se *montages* bó die egte koerantberigte. Die verhandeling bevat 34 voetnootverwysings na Rae se teks.⁷⁹ Daarvan is 21 oorgeneem uit die teksgedeeltes wat Rae reeds uit *The Press* oorgeneem het.⁸⁰ Weidemann, wat niksvermoedend van Rae as bron gebruik gemaak het, se seleksie uit die Rae-teks was dus besonder verteenwoordigend: Ongeveer een-derde van Rae se eie uitsprake; ongeveer twee-derdes uit die oorgeneemde koerantberigte. Dit korreleer verhoudingsgewys met die samestelling van Rae se eie teks.

Konrad Sonntag, die vertaler van sendeling Sonntag se teks, was waarskynlik een van die eerste meer kritiese lesers van Rae se teks. Wat hy gelees het in sy vader se teks, het hom 'n nuwe verwagtingshorison gegee om Rae se teks mee te benader. Met die vertaling en publikasie van sy vader se dagboek, het hy hierdie verwagtingshorison ook vir 'n hele nuwe generasie lesers, oopgestel. Tog het histories-kritiese lesers nie onmiddellik op die uitdaging om hulle lesings van die Rae- en Sonntagtekste te vergelyk, gereageer nie. Gedurende die 1980's en 1990's het navorsers soos J.A. van Schalkwyk en T.J. Makhura die twee tekste naas mekaar gebruik, as gelykwaardige bronverwysings.⁸¹ Rae se kopiëring uit *The Press* bly daarin steeds onvermeld. In 'n 1991-artikel, kry hy krediet vir 'n verwysing wat hy woordeliks uit A.C. Jenkins se *The Press*-berig van 17 Julie 1894 oorgeneem het:⁸²

Besides some oral tradition handed down about the hardship of the times, interesting anecdotes were also told. One such is that the Hananwa women had to make bullets from soapstone ... Originally,

-
78. N.C. Weidemann, *Die Malabochoorlog (1894)*, M.A.-verhandeling, U.P., 1944, voetnote 53 (hoofstuk I); 10, 17, 18, 19, 20, 49, 70 (hoofstuk II); 12 (hoofstuk III); 15 & 16 (hoofstuk V).
79. Daarvan verwys dertien na gedeeltes uit die Rae-teks waarvoor die outeur nie *The Press* as interteks gebruik het nie: voetnote 30 (hoofstuk I); 12, 40, 67, 73, 74 (hoofstuk II); 8, 19, 86 (hoofstuk III); 25, 73 (hoofstuk IV); 1 & 17 (hoofstuk V).
80. N.C. Weidemann, *Die Malabochoorlog (1894)*, M.A.-verhandeling, U.P., 1944, voetnote 28 (hoofstuk II); 23, 42, 46, 65, 68, 93 (hoofstuk III); 27, 29, 59, 66, 68, 70, 71, 74, 75, 76, 78, 79, 81 (hoofstuk IV) & 2 (hoofstuk V).
81. Sien byvoorbeeld J.A. van Schalkwyk & S.M. Moifatswane, The siege of Leboho: South African Republic fortifications in the Blouberg, northern Transvaal, *Military History Journal* 8(5), June 1991, pp. 175-183; T.J. Makhura, Mercenaries and missionaries in the Boer subjugation of the Bagananwa in the northern Transvaal, 1894-1895. Paper presented at the African Studies Association Annual General Meeting, San Francisco, 24 November 1996.
82. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 143-144; *The Press*, 1894-07-17.

this was thought to be a myth, but later a reference was found in the work of C. Rae that confirms this.⁸³

2. Die werklike lesers van *My friend Maleboch*

Soos wat die dreigende oorlog tussen Boer en Brit die verwagtingshorison van die lesers van Rae se teks in 1898 en 1899 gevorm het, het die ideologie en politiek van die 1980's die eerste generasie lesers van die Sonntag-publikasie – en ook diegene wat Rae in die 1980's herlees het – beïnvloed.

Die talle resensies wat met die verskyning van *My friend Maleboch* geskryf is, verleen insig in hoe aktuele sake die verwagtingshorison van (veral die blanke) Suid-Afrikaanse leser van die 1980's gekleur het. Die resensent-lesers wou deur die lense van hulle eie tyd kyk om aan die Mmalebôh-Verhaal betekenis te gee.

Vir die resensente van twee Engelstalige koerante was die twintigste-eeuse gedwonge hervestigingspolitiek van die Suid-Afrikaanse regering, die invalshoek van waaruit die 1894-Boer-Hananwa-oorlog benader moes word. Jack Blades van die *Sunday Times* begin en eindig sy resensie met sy eietydse situasie, “[n]ow, ninety years after the little war in the mountains”,⁸⁴ wanneer die Hananwa, verlig oor die ongegrondheid van gerugte dat hulle hulle tradisionele grond sou moes prysgee vir ‘n natuurreservaat, steeds wantrouig is teenoor vreemdelinge. Die *Pretoria News* resenseer *My friend* onder die opskrif “Long history of forced removals” en bring die ZAR se veldtog teen die Bagananwa in 1894, in verband met die verskuiwing van mense van kleur uit Distrik Ses en Sophiatown in die laat 1950's:

With the establishment of the Group Areas Board in 1950 and the Bantu Resettlement Board four years later, the statutory structure of separate development was given a massive boost.

Shanty towns and squatters' camps have since been bulldozed with the same distressing regularity as they have sprung up; whole tribes of black people have been summarily uprooted and 'resettled' elsewhere at the stroke of a bureaucrat's ballpoint. ...

But these did not, as many observers are all too eager to accept, appear on the scene as the exclusive aftermath of the National Party's accession to power in 1948.

As far back as the 1880s and 1890s ...⁸⁵

83. J.A. van Schalkwyk & S.M. Moifatswane, The siege of Leboho: South African Republic fortifications in the Blouberg, northern Transvaal, *Military History Journal* 8(5), June 1991, pp. 175(aanhaling) & 181(voetnoot-verwysing na Rae).

84. J. Blades, New light on an old mountain war, *Sunday Times*, 1984-02-19.

85. J. van der Merwe, Long history of forced removals, *Pretoria News*, 1985-07-18.

Dit was nie vir resensente nódig om na spesifieke aangeleenthede soos *forced removals* te verwys nie. Die algemene terme waarin die politieke klimaat van hulle dag as deel van hulle resensies onder woorde gebring is, gee eweneens te kenne dat *My friend* gelees is met 'n “desire to justify or explain or even just to understand the present”.⁸⁶

Die konserwatiewer *Patriot* in 1983:

Daar is vir ons vandag nog heelwat uit die boek te leer oor *wit-swart verhoudinge*. ... die vraagstuk en boodskap so ontsettend eietyds en ernstig ...⁸⁷

Die *Pretoria News*, twee dae voor 'n landwyse noodtoestand, wat uiteindelik vyf jaar sou duur, op 20 Julie 1985 afgekondig is:⁸⁸

... a state of affairs which is being watched with ever-increasing alarm by those who seek peaceful solutions to South Africa's very real *socio-ethnological problems*. ...South Africa's progress towards an acceptable measure of *racial harmony* remains as sluggish as ever.⁸⁹

Vir wit lesers was die jare tagtig 'n hede van groeiende ongemak: internasionale isolasie, druk vanuit die swart gemeenskap self en hervormingspogings van die regerende Nasionale Party, het die onafwendbaarheid van politieke verandering en die wankelbaarheid van hulle heersersposisie aan die lig gebring. Wit Suid-Afrikaners moes hulleself verantwoord oor hulle toekomsvisie en hulle posisioneer ten opsigte van die menslike lyding om hulle. Wanneer die resensent van *Pretoria News* dan op die vooraand van die noodtoestand lees hoe sendeling Sonntag om genade en goedertierendheid vir die neergeslane Hananwa bid, bring hy dit spontaan in verband met die behoeftes van swart Suid-Afrikaners in sy eie tyd:

...doubtless something a lot of people in South Africa would like men of God of the ilk of Desmond Tutu, Alan Boesak and Beyers Nauce to pray for.⁹⁰

Ongeag ideologiese klemverskille binne die ‘blanke politiek’ (vergelyk *Die Patriot* en *Pretoria News*), kon resensente *My friend* interpreteer op 'n wyse wat hulle

86. G.R. Elton, *Return to essentials. Some reflections on the present state of historical study. The Cook Lectures delivered at the University of Michigan, 1990*, p. 65.

87. M.H. (pseud.), ‘n Tragiese verhaal van misverstand, *Die Patriot*, 1983-07-01. Kursivering L.K.

88. T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, p. 439.

89. J. van der Merwe, Long history of forced removals, *Pretoria News*, 1985-07-18. Kursivering L.K.

90. J. van der Merwe, Long history of forced removals, *Pretoria News*, 1985-07-18.

verwagingshorison(ne) gepas het. Die volgende Afrikaner-resensent is wel ontugter in een van die aannames waarop sy verwagtingshorison berus het, naamlik dat die Boere gedurende die vorige eeu eerbaarder krygsmanne as die Britte was:

Ontstellend is die beskrywing van hoe die Boeremagte ook die Britse slagspreuk van verdeel en heers probeer toepas het deur een stam as bondgenoot te neem, met gewere te bewapen en teen ander swartes in die veld te stoot, met vernietigende gevolge.⁹¹

Die wit liberale Engelssprekende resensent se negatiewe aannames oor die Boere is met die lees van *My friend* bevestig, maar hy het tog subtiel te kenne gegee dat sy positiewe aannames oor die wenslikheid van die Britse onderwerping van swart gemeenskappe, uitgedaag is:

Maleboch was promised permanent “location rights” by the authorities after his people had lived peacefully in the Blaauberg for generations. This *hopefully sincere* British undertaking was summarily shelved by the Boers after their victory over their “oppressors” in 1881.⁹²

Hierdie aanduidings dat lesers iets anders in *My friend* gelees het as wat hulle verwag het, is gering. In sy geheel het *My friend* se inhoud nie die wit resensente vervreem van hulle verwagtingshorisonne nie. Die aannames en oortuigings wat hulle reeds voor die oopslaan van die boek gehuldig het, is uit die lees daarvan bevestig en versterk. Vanuit die selfregverdiging waarmee hulle hulleself in die eietydse situasie probeer handhaaf het, fel hulle ‘n sagte oordeel oor die rolspelers in 1894. Geen spesifieke party nie, maar swak kommunikasie en misverstande is blameer vir die konflik van 1894 - soos die rassekonflik van hulle eie dag beskou is as die gevolg was van misverstande in die verlede:

Uit [Sonntag se] aantekeninge verrys ‘n tragiese verhaal van misverstand en wantroue en versuim aan beide kante ...⁹³

* * *

Ninety years ago it was a different story, though there were plenty of misunderstandings too. ... It was in this atmosphere of suspicion and misunderstanding that President Kruger’s government lost patience...⁹⁴

* * *

91. M.H. (pseud.), ‘n Tragiese verhaal van misverstand, *Die Patriot*, 1983-07-01.

92. J. van der Merwe, Long history of forced removals, *Pretoria News*, 1985-07-18. Kursivering L.K.

93. M.H. (pseud.), ‘n Tragiese verhaal van misverstand, *Die Patriot*, 1983-07-01.

94. J. Blades, New light on an old mountain war, *Sunday Times*, 1984-02-19.

Much of the trouble that resulted in the local war between Chief Maleboch and the Boer Command was due to poor communications between Boers, British and blacks. Except for Sonntag, none showed much sense of diplomacy.⁹⁵

* * *

Die probleme van toe is vandag nog ons probleme: wanbegrip van die swartmens, veral van die stedelike swarte van vandag.⁹⁶

* * *

Sonntags dagboekantekeninge onthulle iets van die gronde van die verbittering en het wantrouwen dat als gevolg van zulke historiese kontakte en konflikte is ontstaan. Afgesien van die geskiedkundige betekenis, is dat - na prof. dr. F.A. van Jaarsveld in sy aanbeveling van dit boek op die flap ervan teregt opmerk - die aktuele betekenis ervan.⁹⁷

Die terugkerende verontskuldigende retoriek skep 'n indruk van selfgenoegsaamheid; 'n optimisme dat beter kommunikasie enige gronde wat daar vir wit-swart-konfrontasie was, of is, uit die weg behoort te ruim. Die redenasie is dat die bedoelings van die heersende bevolkingsgroep nog altyd goed was en dat dit binne die vermoë van die witmense is om soortgelyke konflik as dié van 1894 in die toekoms te vermy. Die publikasie en lees van 'n boek soos *My friend* is beskou as 'n stap in die regte rigting: witmense moes sake ook vanuit 'n swart oogpunt beskou. Hoewel die vertaler nie self daarop aanspraak gemaak het nie, het resensente die boek tog as sodanig gekategoriseer:

'My friend Maleboch' is an interesting little piece of Africana, offering a view of the Maleboch War in the Transvaal from the black point of view as recorded by the missionary Christoph Sonntag.⁹⁸

* * *

Daaruit kom die ware 'swart Afrika' te voorskyn.⁹⁹

95. ROSE, B., Ethnic and sometimes sad comment on African life, *Rand Daily Mail*, 1893-06-20.

96. F.A. van Jaarsveld, Boekbespreking, *Historia* 29(1), Mei 1984, pp. 57-58.

97. G.J. Schutte, Mijn vriend Maleboch, *Zuid-Afrika* 60(5), Mei 1983, p. 77.

98. ROSE, B., Ethnic and sometimes sad comment on African life, *Rand Daily Mail*, 1893-06-20.

99. F.A. van Jaarsveld, Boekbespreking, *Historia* 29(1), Mei 1984, pp. 57-58.

Ironies dat 'n 'ware swart' leser die Sonntag-dagboek met 'n totaal-andere verwagtingshorison benader het. In T.J. Makhura se verwagtingshorison:

[t]he Boer-Bagananwa War of 1894 should be comprehended as the main feature of the Bagananwa resistance against colonial encroachment.¹⁰⁰

Vanuit hierdie benadering stel Makhura sendelinge dan gelyk aan agente in die koloniale onderwerping van swart gemeenskappe:

... the Berlin Missionaries who worked among the Bagananwa should, on the whole be seen as another agency of conquest, operating consciously and unconsciously in collaboration with other colonial agencies ... towards a similar goal of subjugating the Bagananwa. This contention has been put more forcefully by Majeke.¹⁰¹

Makhura se verwysing na Nosipho Majeke¹⁰² dui daarop dat sy verwagtingshorison ingekleur is met die ideologiese benadering van die sogenaamde revisioniste binne die Marxistiese tradisie in die Suid-Afrikaanse historiografie.¹⁰³ Majeke se 'kragdadiger' standpunt was dat die verhaal van Suid-Afrika een is van 'n voortgaande plundering van grond en vee deur Europese invallers, van verwoesting en verstrooiing van swartmense, gevolg deur hulle ekonomiese verslawing.¹⁰⁴ Volgens Makhura se uitgangspunt was die Hananwa die veronregte party; die 1894-veldtog was die kulminasie van 'n lang periode waartydens daar op hulle grond, hulpbronne en vryheid inbreuk gemaak is. Gevolglik beskou Makhura *weerstand* as die hooftema in negentiende-eeuse Hananawa-geskiedenis:

[In the 1870s] ominous clouds were gathering on the horizon, the impact of which unleashed a far-reaching political and socio-economic destabilisation of the Bagananwa society. The new order imposed upon the Bagananwa society was really ushered in by the activities of the Berlin missionaries, but was significantly hastened by the discovery of diamonds in Kimberly in 1869. The transformational process was also given an added sustenance by the British annexation of the Transvaal between 1877 and 1880 and compounded by the discovery of gold on the Rand in 1886. The essentially communal Bagananwa society was thereby gradually transformed towards a capitalist mode of

100. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*. M.A. dissertation, UNIBO, 1993, p. 11,

101. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 95.

102. Sien N. Majeke, *The role of missionaries in conflict*, p. 4, bespreek in J. du Bruyn & N. Southey, *The treatment of Christianity and Protestant missionaries in South African historiography*, in H. Bredekamp & R. Ross, (eds.), *Missions and Christianity in South African history*, p.38.

103. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 3-4.

104. F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, p. 141.

production and a process of underdevelopment was initiated. These demands and pressures upon the local people tragically set the stage for a major military showdown in 1894.¹⁰⁵

Die lees van Sonntag se dagboek het vir Makhura sy aannames bevestig. As reële leser staan hy volkome buite die kader van wat die vertaler as implisiete leser van sy publikasie veronderstel het. Uit die sendeling se eie dagboekinskrywings ontmasker Makhura hom as medepligtige in die Boere se onderwerping van die Hananwa:

... it was perhaps by far the Rev. Sonntag who clearly demonstrated the extent at which the missionaries were accomplices in the political subjugation of the Bagananwa.¹⁰⁶

... en Sonntag ...

cannot be absolved from the general reprehensible role he played in hastening the subjugation of the Bagananwa.¹⁰⁷

Uit die swart oogpunt van Makhura, was die 1894-oorlog 'n tragiese verhaal, maar nie van misverstand nie. Anders as met die wit resesente, word daar geen ruimte gelaat vir verontskuldiging van die Britte, die Boere en die sendelinge vir die oorwegend-negatiewe rol wat hulle gespeel het nie. Die 1894-veldtog was die Boere se berekende onderwerping van Mmalebôhō se Hananwa-politie met die doel om hulle grond, belasting en arbeid te bekom. Daarin was sendeling Sonntag 'n gewillige en vaardige handlangster, aldus Makhura.

Die eietyds-ideologiese verwagtingshorison waarmee 'n leser 'n teks benader, beïnvloed beslis die interpretasie daarvan. Die resensies van *My friend* het bewys dat dit die geval is onder die ingeligte breër publiek wat historiese tekste vir ontspanning lees. Die korrelasie tussen Makhura se benadering tot en afleidings uit die Sonntag-tekste, het bewys dat histories-kritiese navorsers dieselfde geneigdheid openbaar. Makhura is nie die enigste voorbeeld nie. Ook in die geval van antropoloog J.A. van Schalkwyk, korreleer die navorsers se afleidings uit die Sonntag-tekste (hoewel radikaal verskillend van dié van Makhura):

... eerwaarde C. Sonntag [het] 'n groot rol as bemiddelaar tussen die twee strydende partye tydens hierdie [1894-] oorlog gespeel.¹⁰⁸

105. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 2.

106. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., pp. 95 & 117.

107. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 135.

108. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing: 'n antropologiese studie van die Hananwa van Blouberg*, D. Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA, 1995, p. 106.

... met die uitgangspunt waarmee hy die teks aanvanklik benader - weer eens, verskillend van dié van Makhura:

To view local communities, their structures and contemporary predicaments, purely as the product of external historical forces - i.e. colonial capitalism - is to render them inert and vacuous, to deny them any active role in the dialectics of their own history.¹⁰⁹

Hierdie ontlening aan John Comaroff is die motto waaronder Van Schalkwyk die “Probleemstelling en metode” van sy tesis uiteengesit het.

Die wetenskaplike leser word noodwendig, soos enige ander leser, deur sy eietydse verwagtingshorison gerig. Dit is ongewens wanneer dié eietydse neigings in die politiek òf die historiografie ten koste van deeglike ondersoek na die aard van die tekste as sodanig, aangewend word om die betroubaarheid en bruikbaarheid daarvan te bepaal.

Slegs een resensent, D.W. van der Merwe (Schellack), het toe Sonntag se dagboek in 1983 verskyn het, ‘n bron-gerigte benadering gevolg en in diepte daarop ingegaan om die diskrepans tussen die gepubliseerde teks en die sendeling se manuskrip-teks te probeer uitwys.¹¹⁰ Makhura erken dat die oorspronklike manuskrip waarskynlik ‘gedokter’ is vir die vertaalde publikasie,¹¹¹ maar ondersoek nie die implikasies daarvan nie. Ook vir historici het die eietydse historiografiese en politieke verwagtinge rondom Sonntag as sendeling en as tussenganger tussen wit en swart, ‘teoretiese’ vrae oorskadu. Gevolglik is ‘n publikasie wat daarop afgestem was om ‘n breë leserspubliek te bevredig, deur historici verhef tot die status van primêre bron en as sodanig gebruik om Sonntag se rol in die 1894-konflik te beoordeel. Die oordele, soos reeds gesien, was uiteenlopend, want dit is gefel vanuit die uiteenlopende probleemstellings wat elke navorser se projek gerig het.

Anders as Sonntag, het Colin Rae nie in die verwagtingshorison van die laat-twintigste-eeuse leser aanspraak gemaak op dieselfde kritiese evaluering van sy rol tydens die oorlog nie. Uit politieke oogpunt was hy nie aktueel nie - hy was nie soos

109. J.L. Comaroff, *Dialectical systems, history and anthropology: units of study and questions of theory*, *Journal of Southern African Studies* 8, 1982, p. 145, soos aangehaal in J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, p. 2.

110. W. van der Merwe, *Dagboek van ‘n Duitse sendeling*, *Beeld*, 1983-05-16. Dr. Werner van der Merwe was met die skryf van hierdie resensie as senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika verbonde.

111. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 135.

Sonntag 'n bemiddelaar in 'rassekonflik' nie. Omdat hy geen sendeling was nie, het die debat in die Suid-Afrikaanse sending-historiografie, oor die rol van sendelinge as agente in die koloniale onderwerping van swartmense, hom ook nie geraak nie. Volgens die laat-twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse persepsie was die rol van 'n Anglikaanse priester soos Rae nie omstrede nie. Navorsers met teenoorgestelde interpretasies van Sonntag se teks, het Rae se getuienis onvoorwaardelik as bewysmateriaal vir wetenskaplik-historiese ondersoek aanvaar. Sy rassistiese retoriek, die ongevoeligheid jeens die Hananwa en sy persoonlike probleme is nie gesien as inkriminerend vir sy geloofwaardigheid as getuie nie - so ook nie sy selfbehepte eiewaan, waarop sy tydgenootlike lesers van negentig jaar tevore, sy verhaal gekelder het nie. In die 1990's is Rae se mening oor byna elke aspek van die 1894-gebeure rondom Blouberg, as gesaghebbend weergegee ...

... deur Van Schalkwyk:

Colin Rae wat as prediker saam met die Pretoria-kommando die veldslag meegemaak het, skryf onder meer hoedat die burgers die Hananwa se graanhouers en die inhoud daarvan aan hulle perde gegee het as voer (Rae 1898)..

....

Die gevolge van hierdie optrede op die Hananwa se ekonomie was van so 'n omvang dat van die ouer segspersone selfs vandag nog kan onthou dat hulle ouers van die hongersnood wat daarop gevolg het, vertel het (kyk ook Rae 1898).¹¹²

... en deur Makhura:

Rev. Rae's description of this grimmest episode is worth quoting: 'Most of the unfortunate creatures', he [eintlik, A.C. Jenkins in *The Press* van 28 Julie 1894] wrote, 'showed visible signs of exhaustion ...'¹¹³

* * *

Although Rae's [Jenkin's] description of this awesome spectacle is somewhat long, its aptness necessitates its reproduction here: "Malaboch looked about thirty years of age ..."¹¹⁴

112. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie* ..., p. 99.

113. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., pp. 199-200; C Rae, *Malaboch* ..., p. 171; *The Press*, 1894-07-28.

114. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., pp. 201-202; C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 177-178; *The Press*, 1894-08-04.

Makhura het wel Rae se vooroordeel genoteer: “Rae, the chaplain of the Pretoria Commando welcomed the use of [a] barbaric method in a manner characteristic of the Boer [+ British, etc. = white?] racial prejudice of the period”¹¹⁵ Maar hierdie kritiek bly beperk tot die ideologiese inhoud van die bron en spreek nie die aard van die bron as sodanig, aan nie.

Tosh waarsku navorsers teen die die aanwending van ‘n probleem-gerigte benadering ten koste van ‘n bron-gerigte benadering. Sonder buigzaamheid tussen dié twee, loop historici die risiko om hulleself die bewyse waarna hulle gesoek het, wys te maak, maar die volle potensiaal van die bron, te mis.¹¹⁶ Die verwagtingshorisonne waarmee lesers historiese tekste benader, bevorder die instandhouding van eietydse mites. Opeenvolgende generasies reële lesers, en teenoorstaande lesers binne dieselfde generasie, het uiteenlopend op die Rae- en Sonntagtekse reageer. Dikwels het hulle reaksies dramaties verskil van wat die outeur vir sy implisiete lesers beoog het. Tollebeek en Verschaffel verklaar dit soos volg:

Er worden geen morele en politieke waarden uit het verleden afgeleid; die waarden gaan de studie van de verleden altyd vooraf. Het is een illusie te denken dat iemand door de konfrontatie met het verleden (noodzaaklikerwijs) tot een bepaald moreel of politiek standpunt zou komen of van standpunt zou veranderen. Het is integendeel zo dat het vooraf bestaande standpunt bepaald wat men - wanneer men met morele of politieke bedoelingen naar het verleden kijkt - in het verleden zal zoeken, én zal vinden.¹¹⁷

Die pogings wat in hierdie hoofstuk aangewend is om die verskillende lesersrolle te konstrueer en te vergelyk, was nie ‘n sinnelose teoretiese oefening nie, maar bevestig die waarde van ‘n bron-, of teks-gerigte benadering om die neerslag van eietydse mites in ons geskiedbeeld van die negentiende-eeu bloot te lê. Vir die leser wat die volle potensiaal van die Rae en Sonntag-tekste wil benut, is dit noodsaaklik om dit so grondig moontlik as bronne te klassifiseer. Naas die inhoud van die teks, moet die leser haarself ook van die vorm daarvan vergewis.

115. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 139.

116. J. Tosh, *The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history* (London, 1993), pp. 54-55.

117. J. Tollebeek & T. Verschaffel, *De vreugden van Houssaye. Apologie van de historische interesse*, p. 95.

Die Rae- en Sonntag-publikasies as egodokumente

Die Rae- en Sonntag-publikasies kwalifiseer albei as sogenaamde egodokumente. Egodokumente is “die historiese bronne waarin die gebruiker zich gestel ziet teenover een ‘ik’ (...) als schrijvend en beschrijvend subject.”¹¹⁸ Anders gestel: Dit is dokumente waarin die outeur sy eie handelinge en gevoelens, of sake wat hom persoonlik besig hou, weergee.¹¹⁹ Die twee tekste word in die eerste plek binne hierdie omvattende versamelterm omskryf, aangesien dit nie so vanselfsprekend is om enige van die twee dokumente te klassifiseer as een van die spesifieke soorte – dagboek, outobiografie, joernaal of herinneringskrif - binne dié genre nie.

Albei publikasies is deur lesers en navorsers gebruik as oorlogsdagboeke, waarvolgens dit behoort te kwalifiseer as eksterne dagboeke. Eksterne dagboeke het betrekking op gebeure buite die persoon self, teenoor interne dagboeke, wat betrekking het op die interne belewingswêreld van ‘n persoon.¹²⁰ Sonntag se dagboek kan tot op sekere hoogte kwalifiseer as ‘n joernaal, ‘n dagboek wat van ampsweë gehou word,¹²¹ aangesien die byhou daarvan een van sy sendingpligte was. Rae, wat eerlik daaromtrent was dat sy boek eers na die Blouberg-veldtog geskryf is, se publikasie het meer die karakter van ‘n herinneringskrif. Beide die Rae- en Sonntag-publikasies was gemik op ‘n breër gehoor en, soos breedvoerig in die vorige hoofstuk reeds aangedui, is wysigings met die oog op publikasie aangebring. Volgens Hugo, laat verloor dit die geskifte hulle “waarde as ‘onmiddellike getuienis’”.¹²²

Nie een van hierdie kategoriserings is werklik bevestigend nie. Hoewel daar geskryf is oor die oorlog, breek die interne gevoelswêreld van die vertellers tóg in albei publikasies deur, sodat dit nie aan die eng definisie van ‘n eksterne dagboek voldoen nie. Sonntag se dagboek bevat ook te veel “gewaarwordinge, belewenisse en opvattinge van die skrywer”¹²³ om as tipiese joernaal beskou te word. Albei tekste is wel gepubliseer om ‘n groter gehoor te bereik, maar dit was nie die aanvanklike bedoeling met Sonntag se teks nie. Die Sonntag-publikasie is aanvanklik glad nie eens beoog as oorlogsdagboek nie, dit was deel van ‘n sendelingsdagboek wat

118. J. Presser, *Uit het werk van J. Presser*, pp. 277-282, soos aangehaal in R. Dekker, Egodokumente: een literatuuroverzicht, *Tijdschrift voor geschiedenis* 101, 1899, p. 161.

119. H.W. von der Dunk, Over de betekenis van egodokumenten, *Tijdschrift voor Geschiedenis* 83, 1970, pp. 147-161, soos aangehaal in R. Dekker, Egodokumente: een literatuuroverzicht, *Tijdschrift voor geschiedenis* 101, 1899, p. 161.

120. M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere?, *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, p. 5.

121. M. Hugo, Die dagboek as histories bron - met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell, *Historia*, November 1989, p. 111.

122. M. Hugo, Die dagboek as histories bron - met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell, *Historia*, November 1989, p. 112.

123. M. Hugo, Die dagboek as histories bron - met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell, *Historia*, November 1989, p. 111.

‘versekulariseer’ is om die drama van die stryd tussen die Z.A.R. en die Hananwa te verbeeld. Uit die voorafgaande is dit ook reeds bekend dat meer as die helfte van Rae se teks nie eens as herinneringskrif kwalifiseer nie, maar gekopieer is uit ‘n koerant.

Historici en literatoure berus toenemend daarin dat (die (outobiografie en) die dagboek, vanweë die uiteenlopende variasies waarin dit voorkom, nouliks as genre tipeerbaar is. Dit doen immers nie afbreuk aan die betekenis daarvan nie.¹²⁴ Egodokumente se nut is nie beperk tot die onmiddellikheid van hulle getuienis nie. Volgens Van Faassen behoort die ‘berugte’ subjektiwiteit van egodokumente nie die gebruik daarvan te vereng nie. Soos met enige ander primêre bron, is nie die subjektiwiteit nie, maar die betroubaarheid van die egodokument deurslaggewend. Dit is die maatstaf waarvolgens die Rae en Sonntag-tekste as bronne geklassifiseer behoort te word.

Die vraag wat lesers behoort te vra, is of die twee publikasies inderdaad is wat hulle voorgee om te wees.¹²⁵ Rae se boek is hoegenaamd nie die notas uit sy dagboek, soos hy volgens die titel beweer nie; hy het lesers doelbewus mislei om te glo dat sy boek ‘n ooggetuie-verslag was wat binne vier jaar na die eintlike gebeure reeds tot publiseerbare vorm verwerk is. Sonntag se dagboek is waarop dit aanspraak maak om te wees: ‘n verwerkte en vertaalde weergawe van die sendeling se eie manuskrip. Die bewerker se keuses en werkwyse is egter nie vir die doeleindes van kritiese navorsing, uit die publikasie self kontroleerbaar nie. Dit skaad die betroubaarheid van die bron vir hierdie tipe gebruikers.¹²⁶ Weens die bewerker se ontbrekende verantwoording, is *My friend Maleboch* benut met die aanname dat die vertaalde teks so goed as die sendeling se eie manuskrip is. In die gebruik daarvan, is hierdie boek dus ook nie wat dit voorgee (of aangesien is) om te wees nie.

Die waarde van die twee dokumente lê uiteindelik daarin dat dit gelees en benut sal word as wat dit inderdaad is en met ‘n sensitiwiteit vir die spanning tussen wat dit is en wat dit voorgee om te wees. Wanneer die Rae- en Sonntag-publikasies krities gelees word, kan dit nie gedoen word sonder inagneming van hulle ‘oer-’-intertekste, *The Press* en die Duitse dagboek-manuskrip, nie. Die vindingryker benutting van dagboeke - vir meer as die ooglopende politieke en biografiese informasie daarin - gaan hand-aan-hand met ‘n sorgvuldiger lesing daarvan.¹²⁷ So is daar in hierdie hoofstuk gevind dat Rae se boek nuttiger is in die konstruksie van ‘n resepsie-

124. R.Dekker, Egodokumente: een literatuuroverzicht, *Tijdschrift voor geschiedenis* 101, 1899, p. 174.

125. M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere?, *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, pp. 5-7.

126. M. van Faassen, Het dagboek: een bron als alle andere?, *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, p. 12.

127. E. Van Heyningen, The diary as historical source: a response, *Historia* 38(1), May 1993, p. 14.

geskiedenis van tekste oor wit-swart-konflik die afgelope honderd jaar, as vir die minder betroubare, tweedehandse politieke en militêre informasie wat daaruit ontgin kan word.

As inligtingsbron oor die 1894-politieke en -militêre intrige, is *My friend* bruikbaar as Rae se boek: Sonntag se publikasie is veel nader aan wat dit voorgee om te wees as Rae se teks en die oorspronklike manuskrip is immers toeganklik vir die kritiese leser wat die gepubliseerde weergawe wil kontroleer. Dit lyk nie of die fundamentele nut van die Sonntag-tekste daarin lê om die sendeling se rol in die 1894-oorlog vanuit sy eie mond te kan beoordeel nie. Hierdie aanname is ondermyn deur die wyse waarop die uiteenlopende verwagtingshorisonne van die onderskeie kritici hulle tot lynregteenoorsaande interpretasies gelei het. Die hieropvolgende hoofstukke sal bevestig dat die grootste aanwinst van die Sonntag-tekste die sendeling se sensitiewe waarnemingsvermoë is - daaruit is dit selfs moontlik om veel oor die karakter en persoon van die Hananwa-leier, Mmalebôhò, te verhaal. Die weg daartoe lê, weer eens, in die sorgvuldige lees van die dagboek, met 'n bedagtheid op die konvensies waarlangs dit sigself aanbied.

Die onsamehangendheid van Rae se boek het in 1898 negatiewe kritiek van resensente uitgelok; 'n alternatief is om te aanvaar dat beide Rae en Sonntag se tekste vanweë die aard daarvan noodwendig diskontinu en fragmentaries behoort te wees. Die resultaat van die dag-na-dag verslaglewering van gebeure (*i.e.* beide Rae se koerantberigte en Sonntag se 'egter' dagboekinskrywings) is 'n gerigtheid op die onmiddellike; hoofsaaklik 'n korttermynperspektief. Nòg Rae se nabetraging tydens die teboekstelling van sy herinneringe, nòg vertaler Sonntag se tempo-versnelling van verwickelinge om die dagboek as drama aan te bied, doen afbreuk aan dié intrinsieke eienskap van die twee egodokumente.

Dit is juis geloofwaardig dat die vertellers in egodokumente inkonsekwent mag wees in hulle uitsprake en optrede. Per geleentheid toon Rae begrip dat die Hananwa die Boere-optrede as onregverdige inbreuk op die grond van hulle voorvaders beskou, maar hy onderskryf ook die lied waarin die Boere sing dat Maleboch moet boet vir sy sondes en dat sy bose daade beëindig moet word.¹²⁸ Toe Sonntag Mmalebôhò nie kon oorhaal om die oorlog te vermy nie, het hy plegtig onderneem om homself vir goed van die Hananwa-leier te distansieer. Kort daarna, op 28 Julie 1894, besoek hy Mmalebôhò weer, as 'n nuwe vredesinisiatief.¹²⁹

128. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 63 & 41-42.

129. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 109.

Die leser moet versigtig wees om ‘n enkele uitspraak (soos dié oor die “velvet glove”) as verteenwoordigend van ‘n persoon se vooropgestelde plan van aksie aan te haal. ‘n Dagboek is nie ‘n beleidsdokument waarin vaste prosedure uiteengesit word nie. “Human feelings and actions are highly overdetermined, bound to have several causes and contain several meanings.” Mense is “buffeted by conflicts, ambivalent in their emotions, intent on reducing tensions by defensive stratagems, and for the most part dimly, or perhaps not at all, aware why they feel and act as they do”¹³⁰, aldus Peter Gay¹³¹ oor die kompleksiteit en wispelturigheid van menslike optrede. Die verteller se optrede oor ‘n tydperk sal sekere van sy uitsprake bevestig en ander weerspreek. Die leser kan die materiaal wat die dag-na-dag-weergawes in die tekste bied, gebruik om ‘n kontinuum van die gebeure en ‘n profiel van die getuie te konstrueer.

Volgens so ‘n profiel sal die verteller nie, soos in sy eie dagboek, noodwendig die hoofrolspeler wees nie. In sy eie dagboek, die teks wat hy inisieer, doen die dagboekskrywer homself voor as inisieerder van gebeure. Met die ondersoeker se voordeel van agternaperspektief, kan die verteller se ‘inisiatiewe’ gelees word as reaksie op die inisiatiewe van persone met wie hy in ‘n verhouding gestaan het. Onbedoeld gee die verteller die leser leidrade om dié ánder persone se inisiërende handeling vas te stel. Dit geld vir Rae en Sonntag se interaksie met mekaar en veral vir wat Sonntag se interaksie met Mmalebôhò oor laasgenoemde se vindingrykheid en insig onthul. Die subjektiewe aard van die dagboek kan juis een van die grootste aanwinste in die gebruik van dié tipe bron wees.

130. P. Gay, *Freud for historians*, p. 75.

131. Met die publikasie van *Freud for historians* in die middel-tagtigerjare, was Peter Gay *Sterling Professor of History at Yale University*.

VII DIE SAMESTELLING VAN DIE NARRATIEWE

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die samestelling van die boodskap, of inhoud, wat deur die vertellers van die twee tekste onder bespreking, aan hulle onderskeie groepe ontvangers gekommunikeer is. Die komplekse aard van die vertelinstansies in beide tekste, is reeds in hoofstuk vyf bespreek. Die fokus in hierdie hoofstuk is op dit wát vertel word, die ‘grondstof’ waaruit die tekste gekonstrueer is en hoe dit gerangskik is. Rae en Sonntag was ooggetuies van sekere gebeure; ander inligting het hulle uit eerstehandse ervaring opgedoen; in nog ander gevalle het hulle van koerante gebruik gemaak; beide was afhanklik van mededelings deur informante. Ongeag wát hierdie inhoud is waarmee die Rae- en Sonntagtekste onderskeidelik gevul is, word die historiese betekenis van elk uiteindelik steeds geskep deur die vorm waarin dit opgeteken is.¹ Derhalwe word die hoofstuk afgesluit met ‘n uiteensetting van die wyses waarop die boustene in die twee tekste gerangskik is.

Vir Shafer begin die brongerigte lees van ‘n teks met ‘n ondersoek na die vermoëns van die getuies.² Die vaardighede waaroor Rae en Sonntag beskik het om inligting te kon waarneem en weergee, bepaal die betroubaarheid van hulle eie getuienis, maar word ook gereflekteer in hulle keuse van informante en die hantering van dié se sekondêre getuienis. Dit werk ook deur na die wyse waarop persberigte aangewend word. Die minder vaardige verteller kan dit oorneem om te kompenseer vir sy eie onvermoë om getuienis waar te neem en weer te gee. ‘n Meer kritiese en vergelykende aanwending, sal weer die verteller se eie vaardigheid as waarnemer onderskryf.

Die vermoë van Rae en Sonntag om inligting waar te neem en weer te gee

Indien historiese stellings, soos Nipperdey beweer, afhanklik is van die persoonlikheid van die historikus,³ kan die waarneming waarop die stellings berus, ook nie heeltemal ontkom aan die persoonlike subjektiwiteit van die waarnemer nie. Getuies se vermoë om waar te neem sowel as om inligting weer te gee, is ook vir Shafer onlosmaaklik van hulle vooroordele, trots, ambisie - watter geestestoestand hulle hulleself ook al in bevind.⁴ Watter persoonlikheidsgebonde swakhede, of pluspunte, sou Sonntag en Rae se betroubaarheid kon beïnvloed?

-
1. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 140.
 2. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, pp. 153-155.
 3. T. Nipperdey, Can history be objective?, *Historia* 23(1), Mei 1978, p. 3.
 4. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 155.

In Sonntag se guns, tel sy konsensieuse persoonlikheid: so vasberade soos hy was om van die Blauberg-sendingstasie ‘n sukses te maak, so getrou soos hy was in die uitvoering van sy sendingpligte, so het hy ook sy dagboek gehou - met dieselfde “Duitse deeglikheid” (een van die opmerkings wat die vertaler te aanmatigend geag het om te publiseer) wat hy in dokter Hohls se kamp-hospitaal sou waardeer:⁵ Dit korreleer met sy persoonlikheid dat hy die gebeure rondom die 1894-oorlog met dieselfde noukeurigheid en opregte erns sou aanteken as waarmee hy geskryf het oor sy pogings om Mmalebôhō die eerste keer te ontmoet:

Tuesday 27 September 1892

To be in a position to attend not only to the Christians but also to be able to go to the heathens and move freely everywhere, it was essential that I interviewed the chief first;⁶

... sy werksaamhede op die sendingstasie:

Wednesday 25 April 1894

The building operations claimed my attention to such an extent that nothing was further from my mind than politics and related subjects;⁷

... en die bediening van die Woord:

Sunday 20 June 1894

...after having given Petrus instructions for the church service, I set off with Khobe’s men and one of my Christians.⁸

In die lig hiervan, kan ‘n mens die volgende uitspraak van Sonntag as ‘n uiteensetting van sy *modus operandi* beskou:

May the Lord have pity on our people and give me wisdom from above so that I will always do what is right and what is in harmony with my profession as missionary.⁹

Gestroop van die religieuse ondertoon, is “always do what is right” inderdaad ‘n *verbintenis* tot ‘n waarheid, ‘n *strewe* na onpartydigheid, al is dit nou vanuit die *per se*-partydige sendelingkamp. Sonntag openbaar minstens in sy redenasies dié insig dat daar meer as een perspektief op gebeure bestáán.

-
5. Persoonlike inligting: K. Sonntag, Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.
 6. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), p. 4.
 7. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 20.
 8. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 53.
 9. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 21.

‘n Eienskap van Sonntag wat teen hom kan tel, is sy uiterse gesteldheid op wat ander van hom dink, sy selfregverdiging, wat soms oorgaan in selfverontskuldiging. Dit blyk onder meer uit die manier waarop Sonntag sy optrede probeer regverdig wanneer hy in ‘n gevorderde fase van die veldtog teen die Hananwa besluit dat dit te gevaarlik sou wees om Mmalebôhō nog ‘n keer te besoek. Hy praat weg van sy eie vrees en projekteer al die verwyt op kommandant Malan:

...I gave up my plan, to the evident satisfaction of Commandant Malan. He and his men were not at all co-operative and treated me perhaps not openly but quite noticeably more like a spy than someone who was prepared at the risk of his life to render him and his people a valuable service. Commandant Malan had driven my enthusiasm for the mission right out of me.¹⁰

Tog lyk dit nie asof hierdie geneigdheid van Sonntag sy persoonlike verbintenis tot die korrekte weergawe van gebeure geskaad het nie. Dit wil eerder voorkom asof dit hom red van ‘n oorgaan tot absolute subjektiwiteit soos wat hy hom deur die loop van die vertelling al hoe meer met die lot van die Hananwa vereenselwig (“For our poor, shattered Bahananoa we prayed for grace and clemency”).¹¹ Wanneer hy dan geleidelik al meer uitgesproke raak, is dit ten opsigte van sy simpatie met die Hananwa sowel as sy gesteldheid op korrekte optrede teenoor die Transvaalse regering:

I had most explicitly explained my attitude to the whole situation to General Joubert and Commandant Vorster, as well as later to Commandant Grobler. Besides, it was common knowledge that I had done my utmost to persuade the Bahananoa to submit peacefully. In these circumstances I deserved something better than to be suspected of espionage.¹²

* * *

Through this verdict Maleboch gained time. Gradually he would recover his peace of mind and be in a better position to defend himself than now. Because he had refused good advice he had brought the war on himself. For this he deserved punishment but not death.¹³

10. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 94.

11. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 119.

12. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 67-68.

13. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 123.

Soos Shafer waarsku,¹⁴ is Sonntag immers deurlopend in sy uitsprake geïnhibeer deur sy sosiale en wetlike posisie in die Z.A.R. Hy was onderhewig aan alle landswette van dié staat. Enige ‘verdagte optrede’ deur swartmense moes onmiddellik aan die Z.A.R. gerapporteer word, tensy die sendeling homself as medepligtige wou laat brandmerk,¹⁵ wat sy verblyf en werksaamhede onder die Hananwa sou beëindig. Die Hananwa-ministers se herhaalde besoeke aan die sendingstasie en hulle druk gesprekvoering met die sendeling, nadat die eerste Boere-ultimatum reeds oorhandig is,¹⁶ kon dus deur Boere beskou word as ‘n oorspeling van sy hand deur Sonntag. Die volgende dreigement was miskien nie die amptelike standpunt van die Boere-oppergesag nie, maar bevestig dat Sonntag rede gehad het om sy onderhorigheid aan Boere-gesag duidelik uit te spel:

On their return journey Solomon and his comrades were stopped by three Boers, either Rustenburgers or Waterbergers, who said that they, the Christians and the mad Zending were solely responsible for the war. Let them take care, because if they again crossed the path of the Boers, they would be thrashed. Let them tell the Zending that for him the bullet was waiting.¹⁷

Sonntag se retoriek van onderhorigheid en lojaliteit jeens die Boere was ‘n voorvereiste om sy waarnemer-status op die Boer-beheerde oorlogsterrein te beveilig. Dit verteenwoordig nie die noodwendig ‘n eensydige oortuiging van waaruit hy die gebeure opgeteken het of sy eie optrede gerig het nie.

‘n Veel groter bedreiging vir betroubaarheid is die persoonlike beskouing van sy rol by Rae as by Sonntag. Teenoor Sonntag se diensbaarheid, merk ‘n mens ongemaklik dikwels in Rae se vertelling verwysings na ander se diensbaarheid aan hom. Om maar net enkele insidente te noem: Tydens hulle besoek aan die *Warm Baths Hotel* op die terugtog na Pretoria ná die Blouberg-veldtog, moet luitenant Schroeder in die bed vol miere slaap, omdat die *reverend* te veel gril.¹⁸ Dit laat die leser wonder hoeveel moeite hy sy vriende tydens die veldtog moes aangedoen het. Wonder bo wonder, werp hy self lig daarop: Rae bring die yskoue nag in die Pretoria-fort deur onder ‘n geleende oorjas, sorg dat hy, met net een kombes vir die drie van hulle, tussen Preller en Brook lê en vertel dan tong-in-die-kies hoe hy, terwyl die ander twee dán oop en

14. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 154.

15. D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 14.

16. Sien C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 26, 30, 35, 50 & 71 vir verwysings na ontmoetings op 2 Mei, 3 Mei, 8 Mei en 8 Junie. Op 19 Junie 1894 het Sonntag Mmalebôhō in sy hoofsetel / *mošate* gesprek.

17. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 79 (23 Junie 1894).

18. C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, p. 196.

dán toe was, “fairly well off all the time”¹⁹ was. Dit is nie soseer die goedgunstigheids wat Rae geniet nie, maar die manier waarop hy daarvoor praat, wat die ondersoeker agterdogtig maak oor sy vermoë om hoegenaamd die implikasies van oorlogsonthoring te deurgrond, wat nog te sê betroubaar daarvoor verslag te doen.

Rae is nie so konsensieus soos Sonntag nie; hy was van plan om sy eie verhaal aan te vul met Tobias, ‘n mede-kommandolid, se koerantberigte en erken gevolglik dat hy in sy eie notas nie veel aandag aan besonderhede gegee het nie. Dat hy in die eerste plek bereid was om hom op ‘n ander se waarnemings te verlaat en op die ou einde daarsonder klaargekom het, bewys dat hy nie in so ‘n mate ingestel was op kritiese vergelyking van verskillende weergawes as wat hy kon gewees het nie.²⁰

Die ondersoeker mis Sonntag se inisiatief, doelmatigheid en erns in Rae se doen, late en skrywe. Selde tree Rae alleen op;²¹ dikwels vertel hy hoe hulle die tyd met musiek, visvang en piekniek verwyd het.²² Dit staan in skerp kontras met Sonntag se deurlopende besorgdheid oor sy gesin, sy Christene en die Hananwa se welvaart,²³ wat spreek van die veel groter verantwoordelikeidslas op Sonntag se skouers. In die totale periode waaroor die oorlogsgebeure strek, verneem die leser maar van ‘n paar dae wat Sonntag werklik opsyt om te ontspan. Die inskrywing op Woensdag 29 Augustus is tekenend daarvan:

We started the return journey in the Moletsi wagon. God be praised! It had done me the world of good to relax for a few days in different air amongst other people and to exchange thoughts and experiences with loved ones. I would have welcomed a longer rest, but this was not possible. Kibi’s attitude persaged the worst and therefore we hurried home.²⁴

Uit die aard van sy persoonlikheid, is Rae se ervaring en waarneming van die oorlog, in geheel beskou, meer self-bewus as dié van Sonntag. In die bepaling van die betroubaarste getuie, het Rae dus reeds ‘n agterstand wanneer daar oorgegaan word tot die vergelyking van meer spesifieke waarnemingsvaardighede.

19. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 121.

20. C. Rae, *Malaboch* ..., p. viii.

21. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 123. “I left the mountain shortly afterwards, being escorted by Messrs. Watkins and Brook.” Dit sou onregverdig wees om net op die negatiewe te wys; Rae het wel ook die dokters op hulle mediese rondtes vergesel en wonde help verbind (sien pp. 87 & 104), hoewel, weer eens, skynbaar nooit op eie inisiatief nie.

22. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 124-125; 175 & 194.

23. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 55, 56 & 88.

24. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 139.

1. Fisiese vermoëns en ruimtelike posisie van die waarnemer²⁵

Nòg Rae nòg Sonntag gee enige aanduiding of hulle sintuiglike gebreke gehad het wat hulle waarnemingsvermoë kon belemmer. Foto's van die twee predikante lewer ook nie juis leidrade op nie;²⁶ sodat die ondersoeker nie werklik afleidings oor hulle sig- of gehoorvermoëns kan maak nie (Figuur 10 en Figuur 11). Dit geld ten minste nie ten opsigte van hulle gebruik van die vermoëns wél tot hulle beskikking nie! Teenoor Sonntag, met sy noukeurige opmerkings (“[F]rom the south-west we heard”; “[W]e could see distinctly with the bare eye”; “[T]rough the binoculars I could clearly distinguish”),²⁷ erken Rae reeds in sy voorwoord ‘n swakheid waarteen Shafer waarsku: ‘n waarnemer wat nie sy volle aandag gee aan dit waaroor hy moet rapporteer nie.²⁸ Soos met die bespreking van sy persoonlikheid, is Rae se versuim om deeglik aan te teken waaroor hy beoog het om later verslag te doen, weer ter sprake.²⁹ Hoe onverdeelde kon sy aandag gewees het as hy elke ervaring deurgemaak en elke gesprek aangehoor het met die gedagte dat iemand anders wel noukeurig sou oplet?



Figuur 10: Sendeling Christoph Sonntag, soos uitgebeeld in die frontispies van die 1983- Engelse uitgawe van sy dagboek. Die foto bied geen leidrade oor moontlike fisieke gebreke nie.
Uit: C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), frontispiece.

25. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 154.
26. C. Rae, *Malaboch ...*: Opposite p. xi, photograph: ‘The author’, s.a.; C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*: Frontispiece, photograph: ‘Christoph Sonntag (1862 - 1919)’, s.a..
27. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 59.
28. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 154.
29. C. Rae, *Malaboch ...*, p. viii.



Figuur 11: Foto van Colin Rae soos dit geplaas is in die frontispies van sy 1898-publikasie, *Malaboch*.
Uit: C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, frontispiece.

Teenoor die onsekerheid rondom fisiese vermoëns, kan die vraag of Rae en Sonntag se ruimtelike posisionering hulle telkens tot eerste- of tweedehandse informasie toegang gebied het, wel opgevolg word. Die kaart van Blouberg voor in die proefskrif gee 'n goeie aanduiding van die ligging van Rae en Sonntag se onderskeie 'bassise' tydens die oorlog. Rae was saam met A.C. Jenkins in die Pretoria- en hoofkamp, in die Beuley-vallei suidoos van Mmalebôhō se hoofsetel gestasioneer (en het sekerlik meer tyd daar deurgebring as die beweeglike korrespondent – sien hoofstuk vyf). Sonntag se sendingstasie was suidwes van Mmalebôhō se *mošate*, onder die bergspits Lenare geleë. Die Waterberg- en Rustenburgkommando's het hulle kamp ongeveer 'n kwartier se stap, dit wil sê net noordoos van die sendingstasie, opgerig. Die terrein by Sonntag se stasie was digby een van die punte van waar die gebergte vir die eerste groot aanval op 14 Junie 1894 bestyg is.³⁰

Wat waarneming van die oorlogsgebeure betref, was Sonntag oor die algemeen in die voordeligste posisie. Hy was een van die weinige wit persone wat deur die verloop van die oorlog van die Boere se aanvalskant af tot binne-in Mmalebôhō se *mošate* kon kom.³¹ Nie alleen kon hy, vanaf die sendingstasie as basis, vir 'n groot deel van die vyandelikhede eerstehands met lede van beide vegtende partye skakel nie;³²

30. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, pp. 36 & 201 – 204.

31. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 71 & 110.

32. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 39 (Sonntag besoek Mmalebôhō), p. 47 (Sonntag besoek Boeremagte maar verkry inligting oor dieselfde insident ook van die Christen-familie van die beweerde 'gesneuwelde' Hananwa).

Hananwa-leiers,³³ manskappe en offisiere uit verskillende kommando's sowel as ander hoogeplaastes in die Transvaalse magte, het hom almal op die sendingstasie kom besoek.³⁴ (Sien figure 12 en 13).



Figuur 12: Sendeling Sonntag se woning op Blaumberg-sendingstasie. Tydens die vyandelikhede van 1894 was dit 'n ontmoetingsplek vir figure so uiteenlopend soos Mmalebôhò se gesant Maemeletsa, oorlogskorrespondente, Hollandse en Engelse predikante sowel as kommandant-generaal Piet Joubert.

Uit: Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Pretoria: Foto 22748.



Figuur 13: Penskets van die kerkie op die Blaumberg-sendingstasie uit die versameling van die Berlynse Sendinggenootskap. Die datum en kunstenaar is onbekend. Te oordeel aan die foto's waartussen dit gevind is, moes die skets ná Sonntag se termyn op Blaumberg, iewers in die eerste helfte van die twintigste eeu, gemaak gewees het.

Uit: *Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft* (EA BMG): ongenommerde fotoversameling.

33. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 22, 43, 45, 50, 53 & 55. Hananwa-krygers en -leiers kon die stasie wel net aan die begin van die vyandelikhede (tot voor middel-Junie), totdat die Boerekampe te na aan die sendingstasie opgerig is, besoek.
34. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 66, 77-78. Op 22 Junie het Sonntag die volgende persone by die sendingstasie ontvang: dr. Mader (die militêre geneesheer), sy assistent, kmdt. Pretorius van die artillerie, ds. Coetzee van Pietersburg en kmdt.-genl. Piet Joubert met sy volledige generale-staf.

‘n Paar dae na die Boere se bestorming van Blouberg op 14 Junie 1894, toe Sonntag daarvan beskuldig is dat hy die Hananwa met die lui van die sendelingklok gewaarsku het, het hy wel, met sy kenmerkende selfregverdiging, die ligging van die sendingstasie as uiters ongeskik vir die waarneming van oorlogsmaneuvers afgemaak:

Surely any sensible person must realise, after throwing a single glance over the terrain, that it was quite impossible for any person to observe military manoeuvres if his view - as in my case - was impeded on all sides by closely surrounding mountains? The Bagananwa, high up in their berg, could do that much better than any spy down below.³⁵

Tog was dit wat Sonntag reeds óp 14 Junie in sy dagboek aangeteken het, deur sy eie noukeurige waarnemings te kombineer met inligting ontvang van ‘n wye spektrum informante,³⁶ ‘n baie geskakeerde weergawe van die bestorming van die berg. Die geïsoleerde aard van Rae se vertelling steek skerp daarteen af. Fisies beperk tot die terrein van die Pretoria-kommando, het die strategiese betekenis van die dag se gebeure by hom verbygegaan en word die staaltjie van ene George se noue ontkoming die kern van sy waarneming.³⁷

Hierdie beperking op Rae word natuurlik ‘n voordeel sodra die fokus van waarneming vanaf die militêre vordering met die oorlog na die komplewe in die Pretoria-kommando verskuif. Al wat Sonntag byvoorbeeld op 21 Julie 1894 oor dokter Mader kon meedeel, was die algehele ontevredenheid met hom en die sprake dat Hohls hom sou opvolg.³⁸ Uit Rae se eerstehandse waarneming, verneem die ondersoeker die besonderhede. Dokter Mader het onder moeilike omstandighede gewerk; die Boere het hom byvoorbeeld nie toegelaat om ‘n pasiënt se been te amputeer voordat dokter Hohls (en die Hollandse predikant) nie ook daarvan oortuig is nie.³⁹ Rae was voorts letterlik in ‘n ‘posisie’ om die storie op te volg en op 26 Julie te kan getuig dat Mader toe self bedank het.⁴⁰

Geen waarnemer kon in 1894 ‘n voëlvlug oor die hele oorlogsterrein verkry het nie. Die beste weergawes is saamgestel deur die persoon wat sy fisiese posisie kon aanwend om sy eie waarnemings te vergelyk en te kombineer met die waarnemings van ander mense wat sy fisiese lokaliteit deurkruis het. Dit was ook vir die twee waarnemers moontlik om hulle fisiese lokaliteit te verander en so die aard van die

35. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 67.

36. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 59-62.

37. C. Rae, *Malabocho* ..., pp. 58-59.

38. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 105.

39. C. Rae, *Malabocho* ..., p. 151.

40. C. Rae, *Malabocho* ..., p. 158.

waarnemings en weergawes waarmee hulle hulle eie weergawe moes opstel, te varieer. Dit in ag geneem, was Rae eintlik veronderstel om die verloop van die veldtog aan Boerekant beter waar te neem as Sonntag. Rae was in dieselfde fisiese lokaliteit as korrespondente Stent en Jenkins en het die geleentheid gehad om skermutselings in die berg mee te maak, 'n aktiwiteit wat nie lynreg sou bots met sy missie as oorlogskapelaan nie. Tog korreleer dit nie met die resultate nie. Sonntag het op sy eie 'n beter verstaanbare weergawe van die Boere se oorlogstrategie saamgestel as wat Rae met Stent en Jenkins se berigte kon uitrig. Goeie posisies was nie veel werd sonder 'n weetgierigheid en 'n duidelike fokus by die waarnemer nie.

'n Ander aspek van fisiese waarneming waar Sonntag se eie bekentenisse moontlik teen hom kan tel, is die moontlikheid dat die buitengewone emosionele spanning sy waarnemingsvermoëns nadelig kon beïnvloed.⁴¹ Veral sedert Sonntag se laaste tog na Mmalebôhō op Blouberg (Saterdag 28 Julie 1894), moet die ondersoeker sy getuienis gebruik met die voorbehoud dat dit gemaak is deur 'n emosioneel neergeslane en fisies uitgeputte waarnemer:

For a moment I felt that I was losing consciousness because mentally and physically I was as near exhaustion as anyone could be.⁴²

Tog getuig Sonntag se skerp redenasies in sy dagboek in hierdie dae - hoewel nie meer van 'n poging om te objektiveer nie - ook nie juis van mentale disoriëntering nie. Daar is wel 'n passiwiteit in sy handeling te bespeur (heelwat minder persoonlike waarnemings as inligting ontvang van ander waarnemers, word opgeteken); Sonntag se eie handeling is bevries deur sy amptelike lojaliteit teenoor die staat en sy private empatie met Mmalebôhō - nietemin hou hy steeds vol om albei standpunte te beredeneer, asof hy weet dat sy individuele mening teen die tydgees ingaan. Al hierdie punte word prakties geïllustreer in sy dagboekinskrywings rondom die inhegtenisname van Mmalebôhō (wat hyself nie fisies waargeneem het nie!):

My heart ached terribly. The Bahananoa might be obdurate, hardened heathens, but I still felt a deep compassion for them. What must it not have cost a man like Maleboch to tread this painful path! ... In my present emotional condition it would be more than I could bear to see him now.⁴³

* * *

41. H.C. Hockett, *The critical method in historical research and writing*, p. 45.
42. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 117.
43. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 120.

Commandant Trichard, ... was courteous and helpful. [*Dus nie 'n stereotipering van alle Boere nie*]. I heard from him ... Neither reason for this mishap satisfied me and I hoped to discover the truth sooner or later. I was sorry indeed that the chief had burnt himself. His face must now be badly disfigured, and this, especially now before his trial, would count against him. ... By the way, he was led down the mountain at the end of a rope!⁴⁴

* * *

The General was surprised that I had not yet seen Maleboch since his surrender. ...I could not tell him that what prevented me from seeing Maleboch was the pain and sorrow caused me by the thought that such a noble man, the leader of a proud and independent people, should have come to such a disastrous and degrading end.⁴⁵

Die opmerkings wat Sonntag in hierdie stadium maak, is dus allemins nutteloos, maar sy bespiegeling moet deur die ondersoeker onderskei word van eerstehandse fisiese waarneming. Die feit dat Sonntag meer onderhewig is aan Hockett se laasgenoemde punt van kritiek as Rae, is egter slegs 'n enkele kriterium en nie voldoende om hom as die minder betroubare getuie te klassifiseer nie. Rae was in hierdie stadium in elk geval eerder aan die visvang of piekniek hou⁴⁶ as fisies teenwoordig by die laaste oorlogsgebeure. Opgeweg teen Rae se liggeraaktheid, blyk Sonntag se emosionele ontwrigting die minder skadelike faktor te wees in die belemmering van betroubare waarneming.

2. Kennis van taal

Afgesien van die fisiese en ruimtelike voorwaardes vir waarneming, is Rae en Sonntag se geloofwaardigheid ook beïnvloed deur hulle bekendheid, al dan nie, met dit wat hulle gesien en ervaar het - daardie faktore wat Shafer die sosiale vermoëns van die waarnemer noem.⁴⁷ Een van daardie faktore, taalvaardigheid, word in hierdie afdeling bespreek. Verdere sosiale faktore, word onder die volgende drie opskrifte bespreek.

Sonntag self lewer miskien die verdoemendste van alle getuïenis teen Rae se vermoë om waar te neem: Engels was die enigste taal wat hy kon praat en verstaan.⁴⁸ Rae

44. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 120-122. Kursivering L.K.

45. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 124.

46. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 174 & 177.

47. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 154.

48. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 82.

erken self dat hy nie *Dutch* kon praat nie - enkele Afrikaanse aanhalings gee te kenne dat hy miskien hier en daar 'n paar woorde kon begryp, maar 'n eerstetaal-toespraak kon hy nie volg nie.⁴⁹ Daarenteen was Sonntag, afgesien van sy moedertaal (Duits), ook Nederlands en Sepedi/Noord-Sotho magtig. 'n Skriftelike eksamen in Nederlands en 'n skriftelike én mondelinge eksamen in Sotho was deel van die opleiding van 'n Berlynse sendeling,⁵⁰ soos reeds bespreek in hoofstuk vier. Uit sy dagboekinskrywings lei die ondersoeker af dat Sonntag al hierdie tale - plus Engels - gebruik het - dus met die sprekersgroep van elke taal gekommunikeer het.⁵¹ Weliswaar was Sonntag se kennis van die Hananwa-variëteit van Sepedi nie naastenby dié van 'n moedertaalspreker nie. Hy was ook die eerste om te erken dat daar Boere was wat beter met die Hananwa in hulle eie taal kon kommunikeer as hy,⁵² sodat die ondersoeker moet aanvaar dat fyn pragmatiese en idiomatiese nuanses sy waarneming sou ontduik het. Volgens Van Warmelo het die Berlynse sendelinge teen die 1890's in daardie omgewing 'n soort Sotho van Sekhukhuneland, deurspek met 'n aantal woorde en vorme wat slegs in Pietersburg voorkom, as standaard gebruik.⁵³ Nietemin was die verskille tussen die Sotho-variëteite in die Pietersburg-omgewing nie van so 'n aard dat dit geredelike kommunikasie tussen die verskillende Noord-Sotho-groepe belemmer het nie.⁵⁴ Die indruk geskep in Sonntag se dagboek, dat hy óók geredelik met hulle kommunikeer het, kan dus as geloofwaardig aanvaar word.

Rae se gebrekkige talekennis hou omvangryke implikasies in vir sy waarnemingsvermoë: teenoor Sonntag s'n, was sy verstaanswêreldjie bitterklein en enige waarnemings wat hy daar buite-om moes maak, tweede- en derderangs, verwerk, bes moontlik verdraai en verwring. As al wat hy van die kommandant-generaal se toespraak kon verstaan, die luide gejuig daarna was, wat voer hy aan as begronding vir sy begrip vir Boerepolitiek? As die Engelse persberigte al was wat hy kon verstaan, en hy sou miskien daarvan verskil, met watter eerstehandse waarnemings sou hy dit kon weerlê?⁵⁵

49. C. Rae, *Malaboeh* ..., pp. xvii, 50, 75 & 16.

50. C. Sonntag, *My friend Maleboeh* ..., p. xiii.

51. C. Sonntag, *My friend Maleboeh* ..., pp. 22, 32, 45, 102 & 104.

52. C. Sonntag, *My friend Maleboeh* ..., p. 22.

53. N.J. van Warmelo, *Ethnological publications V. A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa*, p. 3.

54. General Staff, War Office, *The Native tribes of the Transvaal* (London, 1905) (Reprint by the University of South Africa, Pretoria, 1962), p. 46.

55. C. Rae, *Malaboeh* ..., pp. 16 & 140-141.

3. Kennis van militêre aangeleenthede en die gevegsterrein⁵⁶

Nie een van die vertellers was militêre strateë nie en hulle was allermens die laaste om dit te erken.⁵⁷ Sonntag het boonop in militêre sake die verdere nadeel ervaar dat hy nie die volle vertroue van al die Transvaalse soldate geniet het nie:

During my stay at the camp I got the feeling that the mountain would be stormed in the very near future and that everybody was keen to hide this fact from me. However, a young Hollander whom I knew very well ...⁵⁸

Shafer is baie skepties oor die nut van leke se militêre waarnemings, maar Sonntag moet minstens dié krediet gegee word dat hy die gevegsterrein teen die tyd toe die vyandelikhede losgebars het, reeds baie goed geken het.⁵⁹ Terwyl Rae hom verwonder het aan die natuurskoon en die goggas⁶⁰ en uitvoerig verduidelik het hoe 'grotte' opgeblaas sou word,⁶¹ was Sonntag in staat om sinvolle opmerkings te maak. Te danke aan sy reedsgenoemde taalvaardigheid, kon hy in die opteken van gebeure ook nog peil trek op die Christen-Hananwa se deeglike kennis van hulle bergwêreld. Op 30 Junie 1894 skryf hy:

... it was thought that there was an enormous cave near the royal kraal in which the Bahananoa had found refuge. As I had never before heard of such a cave, I asked the Christians. They assured me that such a cave did not exist. However, the mountain-slope above the kraal was strewn with tremendous boulders ...⁶²

Tog is dit miskien 'n oorskatting van Sonntag se vaardighede en 'n onderskatting van die Hananwa-Christene se integriteit om soos T.J. Makhura te beweer dat hulle die Boere van "vital information"⁶³ omtrent die terrein voorsien het – ten minste nie uit bladsye 72 tot 77 uit *My friend Maleboch* (19 en 20 Junie 1894), wat hy as een van sy stawende bronne aangee nie.⁶⁴ Op 19 Junie skryf Sonntag in sy dagboek dat hy 'n tydjie gelede, op 'n vraag van kommandant F.A. Grobler van Waterberg, geantwoord

56. Die plekname waarna in hierdie onderafdeling verwys word, kan op kaart voor in die proefskrif nagegaan word.

57. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 74-75; C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 72.

58. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 56.

59. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 23.

60. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 98 & 65.

61. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 117.

62. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 81.

63. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, p180.

64. In die paragrafe wat hier volg, word die weergawe in die gepubliseerde Sonntag-dagboek gebruik om 'n alternatief op Makhura se interpretasie voor te stel – dit was immers dieselfde teks wat deur Makhura gebruik is om tot sy gevolgtrekking te kom. Die uittreksels waarna verwys word, stem in die vertaalde vorm grootliks ooreen met die oorspronklike Duitse teks. Dit wat deur die vertaler uitgelaat is en dus ook nie deur Makhura in aanmerking geneem kon word nie, word in die voetnote aangedui.

het dat die bergterrein nie vir die Boerekrygers te veel probleme behoort te voorsien nie, aangesien dit deurkruis was met begaanbare voetpaadjies. Dit was kwalik wat Grobler wou geweet het. Die Boere was waarskynlik eerder op soek na 'n begaanbare roete om hulle kanonne die berg op te kry. Toe dit tot Sonntag begin deurdring, het hy besef dat die Boere kon dink dat hy besig was om hulle doelbewus vir die gek te hou. Derhalwe het hy sy "latest viewpoint", wat eerder klink na 'n vermaning om van die berg af te kom as strategiese informasie, aan Grobler gestuur:

Anyone who encountered these footpaths for the first time would say they were not ways for human beings at all, but only for goats. I had always walked here with stick in hand and book in pocket and in this peaceful work had never thought of war. I had little knowledge of military matters, but I could not but realise that it was quite another thing to scale these mountains with gun in hand or still worse, with a cannon, and to have to fight for their possession. They rose up into the sky like so many shelves piled on top of each other, so forming a great number of natural forts.⁶⁵

Sonntag het gewis ook nie soos Makhura skynbaar aanneem, van Hananwa-Christene verwag om die Boere te help nie. Op 28 Junie ignoreer hy so 'n versoek en merk die volgende in sy dagboek op:

Was he [Grobler] really expecting these two men, who, disregarding their lives, had done everything in their power to persuade their people to submit, now to be guides, that is spies, in a military action against their own people? ... Had [his request] reached me in writing I would have answered in writing that I had no right to influence my Christians to carry out such tasks.⁶⁶

Die geval op 20 Junie, toe kommandant H. Pretorius van die Staatsartillerie en kommissaris Potgieter van Waterberg 'n gids gesoek het en Sonntag vir Philippus Morapedi aan hulle beskikbaar gestel het, staaf ook nie die argument dat die Hananwa-Christene die Boere inligting gegee het wat hulle die stryd help wen het nie. Die Waterbergers, tesame met 'n afdeling van die Staatsartillerie en die Langa-Ndebele "friendly natives", het op daardie dag vanaf Fort Erasmus verder noordooswaarts in die rigting van die Hananwa-hoofsetel opgeruk.⁶⁷ Fort Erasmus was die Boereskuiing op Lenare-kop net bo-kant die sendingstasie, vandaar dat Sonntag en die stasiebewoners by dié aanval betrek is. Die twee Boere was bekommerd oor die verloop van die geveg (die Hananwa-Christene het toe reeds vir

65. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 72; C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886 - 1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, pp. 218-219.

66. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 80; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 224.

67. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. ..., pp. 202.

Sonntag vertel dat die Boere aan die vlug was) en het die aanwysings na 'n punt bo in die berge gevra van waar hulle op die gevegte kon afkyk. Soos ek Sonntag se dagboekinskrywing verstaan, het sy kennis van daardie deel van die berge hom laat besef dat die twee offisiere nie veel sou kon vermag nie.⁶⁸

I gave them Philippus. It puzzled me how they hoped to negotiate on horseback the track that even on foot was hard and difficult. How strange the haste of the two gentlemen was! Were our people [swart Christene] right after all?⁶⁹

Vertaler Konrad Sonntag se voetnoot, dat kommissaris Potgieter een houtbeen⁷⁰ gehad het, maak die futiliteit van die twee manne se missie nog duideliker. Pretorius het na 'n lang tyd alleen teruggekom⁷¹ en Potgieter nog veel later (dit is nie duidelik wanneer Philippus hulle aan hulleself oorgelaat het nie. Die twee het geensins tot die geveg bygedra nie, behalwe dat Pretorius 'n dokter vir die gewondes by die hoofkamp gaan kry het en Sonntag gevra het om die Hananwa-Christene aan te sê om water na die gewondes te dra. Asof om sy verontwaardiging met hierdie opeising van sy mense se dienste te kenne te gee, berig Sonntag in sy dagboek: "I provided *myself* with refreshments and bandages and ascended the mountain ..."⁷²

Die enkele skermutseling waarin Rae onder Hananwa-vuur deurgeloop het, sou ook op daardie selfde dag, 20 Junie, plaasvind. Terwyl die Waterbergers bo-kant die sendingstasie in die ooste geveg het, het Rae saam met die Pretoria-kommando in die weste probeer om Boschkopje en Lehalahale-bergspits vanuit die Beuley-vallei in te neem.⁷³ Die grootste gedeelte van Rae se avontuur bereik die leser van sy dagboek ook maar in die woorde van die *De Press*-korrespondent, A.C. Jenkins. Rae is heel openlik daarvoor dat dit vir hom 'n verwarrende ervaring was:

-
68. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 73; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 219. Volgens sendeling Sonntag se oorspronklike dagboek was die twee manne wel vergesel van 'n "klein afdeling" artilleriste.
69. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 73; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 291.
70. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 73; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 219. Sendeling Sonntag het dit wel in sy oorspronklike dagboek vermeld dat Potgieter 'n "houtvoet" gehad het. Vertaler Sonntag het die inligting slegs vollediger gemaak: weens 'n skietwond wat hy as kind reeds opgedoen het en wat nooit genees het nie, is Potgieter se regterbeen toe hy 25 was, onder die knieg geamputeer.
71. Volgens C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 219, sonder Potgieter, maar saam met die Artilleriste.
72. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 74. Hierdie sin van die vertaler is wel misleidend. Volgens C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 220, word Pretorius se versoek in die dagboek opgevolg met die opmerking "'Das geschicht sofort.'" (Dit gebeur dadelik.) Dit was waarskynlik nie van enige inwoner van 'n sendingstasie te wagte dat hulp aan enige gewondes geweier kon word nie.
73. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika* ..., pp. 202.

*When the first shots came whistling about our ears most of the men hurriedly placed themselves under cover. [Van hier af neem Rae die vertelling by Jenkins oor:] I jumped, or rather fell, off the stone on which I was standing and ran to a much smaller one, behind which were four men lying down flat. I followed their example, keeping my head well down. While in this position a young fellow came to me with the question: "Are you lying on my cartridges?" without raising my head I felt for them and drew out an old pocket-handkerchief full of cartridges ... All this time the missiles were flying round us with a ping and a whiz, and I fancied I received one in the leg; it was only a fancy however, for it struck a young fellow named Haupt, who was lying on my right, and who marvellously escaped unhurt ...*⁷⁴

Dit kom voor of die werklik betekenisvolle weergawes van militêre aangeleenthede in beide Rae en Sonntag se tekste hoofsaaklik oorgeneem is uit die mededelings van offisiere, krygers en oorlogskorrespondente wat meer ondervinding daarvan gehad het.⁷⁵

4. Begrip vir kultuurverskille

"Culture is crucial because it shapes our very perception of 'reality' and thus provides us with the insights about the world which determine our assessment of a given situation and guide our actions,"⁷⁶ aldus Vansina. Die term *kultuur* verwys na die oorkoepelende kognitiewe konstellasie van konsepte, voorstellings en interpretasies wat die wêreld vir mense laat sin maak. 'n Persoon deel sy/haar "cultural makeup" met baie ander; die basiese aksiomas van 'n kultuur word oor eeue heen deur opeenvolgende geslagte aan mekaar oorgedra. In die sogenaamde Westerse, of Europese *beskawing* ('n kulturele erfenis wat oor millennia tot stand gekom het en oor 'n breë spektrum gedeel word), is kultuur deur formele opvoeding oorgedra. Die opvoeding is gekategoriseer as godsdienstig, wetenskaplik of sekulêr-ideologies en as sodanig geïnstusionaliseer. Die belang van skrif in opvoeding, of kultuur-oordrag, verklaar waarom Europeërs formele skole gebruik het om die jeug te inisier.

Die Bantoe-sprekendes van Suidelike Afrika se kulture is nie skriftelik nie, maar mondelings oorgedra. Die onderskeid tussen godsdienste, wetenskap en ideologie was

74. C. Rae, *Malaboeh ...*, pp. 74-75; *The Press*, 1894-06-23. Gekursiveerde gedeeltes oorgeneem uit die koerant.

75. Vergelyk ook in hiërdie verband C. Sonntag, *My friend Maleboeh ...*, pp. 72-74. In Rae se geval, was dit die berigte van Stent en Jenkins wat hy uit *The Press* oorgeneem het, wat die sinvolle krygsinformatie bevat het.

76. J. Vansina, *A clash of cultures: African minds in the colonial era*, in P. Curtin *et al*, *African history from earliest times to independence*, p. 469.

nie afgebaken nie en kultuur is nie volgens hierdie kategorieë deur gespesialiseerde agente aan lede van die gemeenskap toegedeel nie. “Religion, education, science or ideology were all part and parcel of every type of activity, from farming to healing, from commerce to ruling ...”⁷⁷ Die verwarrende konfrontasie met ‘n kultuur wat op sulke gans ander aksiomas as hulle eie berus het, het baie Europeërs tot die gevolgtrekking laat kom dat die mense van Afrika geen [formele] opvoeding, godsdiens of [boek-] geleerdheid gehad het nie - dat hulle ‘onbeskaafd’ was.⁷⁸ Sonntag was sensitiewer as Rae vir die wyse waarop die Hananwa se kultuur hulle wêreldbeskouing bepaal en hulle handeling gerig het. As sendeling wou hy hierdie kultuur wysig en moet hy soos Rae daarvoor gekritiseer word dat hy die Westerse norm as superieur bo dié van Afrika beskou het. As waarnemer het sy begrip vir en insig in ‘n stelsel vreemd aan sy eie, egter in sy guns getel en hom wat betroubaarheid betref, ver superieur bo Rae gestel.

a. Kennis van die Hananwa-kultuur

Dit spreek vanself dat Sonntag se kennis van die Hananwa se taal en die omgewing waar hulle woon, ook sou bydra tot kennis van hulle kultuur. Teen 1894 was hy immers reeds twee jaar as sendeling onder hulle werksaam⁷⁹ en talle uitsprake in sy dagboek bevestig sy ingesteldheid op begrip vir die denk- en leefwyse van dié gemeenskap.⁸⁰ Hy was uit die staanspoor daarvan bewus dat hy hier met ‘n ander kulturele bestel as sy eie te doen gehad het:

Tuesday 27 October 1892

In other circumstances I would have taken it very much amiss if he had called me an ape, but today I was overjoyed to receive this extraordinary title of honour. The ape was, if one may use such words, the coat-of-arms of the royal kraal of the Bahananoa, or the honorary title of the inhabitants of the kraal.⁸¹

77. J. Vansina, *A clash of cultures ...*, p. 469.

78. J. Vansina, *A clash of cultures ...*, p. 470.

79. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. xiii.

80. Sien byvoorbeeld die volgende uitsprake, C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 40: “No dispute between White and Black could be resolved unless ... gain the confidence of the Black man. (...) This is not wishful thinking influenced by my friendly feelings for Black men, ... Such Boers are living now ... These men are not only highly respected by the Blacks of that district, but also by Maleboch and his people,” & p. 28: “It would fill any missionary who was really interested in the Black people with deep sorrow when he saw how the old splendour – which in spite of the gloom of heathendom did have its good points – was disappearing. On the other hand he knew that the winds of change must blow. He would of course hope and pray and, if necessary act, to assure that this change occurred in a friendly, humane and peaceful manner.”

81. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 8. Die Duitse woord *der Affe* wat Christoph Sonntag in die oorspronklike dagboek (C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886 – 1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, p. 136), gebruik, kan as *aap* of *bobbejaan* vertaal word (G.P.J. Trümpelmann & E. Erbe, *Woordeboek. Wörterbuch. Afrikaans-Duits. Deutsch-Afrikaans*,

Sonntag was dus nie totaal onbewus van of veroordelend oor die totem-beskouing onder die Hananwa nie. Dit is telkens hierdie meerdere kennis wat sy uitsprake meer geloofwaardig as Rae s'n maak.

Rae weet byvoorbeeld nie eens dat Mmalebôhó die leier van die Hananwa is nie, en noem hulle somer "Malabochians";⁸² die juwele en gebruiksvorwerpe van die Hananwa is vir hom voorwerpe uit 'n vreemde wêreld; *curios*, *valuables* wat hy nie verbind met die daaglikse sy van menswees nie, sodat hy en sy makkers dit onnadenkend verwyder sonder om te besef dat hulle aanstoot gee.⁸³ Hierteenoor raak Sonntag reeds ontsteld as die Hananwa se landerye verniel word:

Would this disrespect for the property of the Blacks not engender in their hearts a hatred for the White man?⁸⁴

Weens sy onkunde, kon Rae nie soos Sonntag begryp hoe veelseggend die stuur van 'n olifant tand as vredesgebaar was nie.⁸⁵ (Die hoë waarde van olifant tande in 'n swart gemeenskap blyk uit Bruwer se opmerking dat die opperhoof alleenreg daarop besit het en dat ivoorjuwele dikwels slegs deur die adel gedra is).⁸⁶ Vir Rae is die konflik met die Hananwa eenvoudig: as die Boere Mmalebôhó van die begin af verseker het dat sy lewe gespaar sou bly, sou hy, volgens Westerse logika, wetend dat hy die swakste party was, baie gouer oorgegee het.⁸⁷ Sonntag, hoewel hy dit ook nie verstaan nie, besef dat daar kulturele faktore is wat die konflik ingewikkelder maak: selfs al wóú Mmalebôhó oorgee, was hy volgens tradisie as jong leier verplig om hom deur die ou raadgewers te laat lei;⁸⁸ volgens tradisionele oorlogspraktyk is vredesonderhandeling na 'n nederlaag waarin lewensverlies gelei is, juis onwaarskynliker.⁸⁹ Die laaste ding waarmee die generaal Mmalebôhó tot oorgawe sou kon dwing, was om hom mee te deel dat hy nie meer as leier gereken word nie: weens die kulturele gaping is sy vredesposering geïnterpreteer as 'n uitdaging.⁹⁰

Aangesien Sonntag vir Rae op hierdie punt so totaal oormeester, kan die persepsie by die ondersoeker ontstaan dat Sonntag 'n antropologiese kenner van die Hananwa by

p. 380). Aangesien laasgenoemde dier algemeen as die Hananwa se totem beskou word, kan aanvaar word dat *bobbejaan* hier 'n meer juiste vertaling sou wees.

82. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 63.

83. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 66 - 67 & 182.

84. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 41.

85. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 116; C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 92.

86. J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, pp. 116-118.

87. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 63.

88. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 37-39.

89. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 64.

90. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 49.

uitstek was. Die volgende stap, waarop reeds gewys is, sou wees om Sonntag se beskouing van die Hananwa aan hulle eie ervaring gelyk te stel - nie so nie: Sonntag het steeds die lojale onderdaan van die Z.A.R. gebly.⁹¹ Ten spyte daarvan dat sy empatie by die Hananwa lê, verneem die leser slegs van sy hulp aan Boere-gewondes; vir die gewonde Hananwa kom sy hulp nie verder as 'n privaat-versugting in sy dagboek nie; hy bly evalueer ook Mmalebôhō se optrede met die Z.A.R. se maatstawwe vir skuld en onskuld.⁹² Daar kon geen aanduidings gevind word dat Sonntag Mmalebôhō se omstandighede na die oorlog in die gevangenis in Pretoria te wete probeer kom of verbeter het nie.⁹³ Ten spyte van sy daadwerklike pogings om die Hananwa te help om hulle beeste voor die oorlog te herwin en sy verontwaardiging oor hulle verlies aan beeste ten gunste van die Boere tydens die konflik,⁹⁴ bly sy beskouing van beeste dié van 'n Westerling; beeste het ekonomiese waarde; nêrens besin hy oor die kulturele implikasies van 'n verlies aan beeste, wat die middelpunt van 'n Sotho-gemeenskap se seremoniële gebruike vorm,⁹⁵ nie.

Hierdie kulturele onvermoë selfs van Sonntag, hierdie bewyse dat hy hom nie volkome oorgegee het aan sy subjektiewe menslikheid nie, dra ironies genoeg, by tot die betroubaarheid van die inligting wat hy oor die Hananwa deurgee. Sonntag wil lojaal wees teenoor die Boere; dit maak dit onwaarskynlik dat sy waarnemings wat hierdie lojaliteit verontagsaam, onjuis sal wees.

b. Kennis van die Boerekultuur

Hoewel veel nouer daaraan verwant as die Hananwa-kultuur, was Sonntag en Rae se Europese kulturele agtergrond nie identies aan dié van die Boere-gemeenskap nie. Sonntag het teen 1885 uit Duitsland in Suid-Afrika aangekom; Rae niks later as 1890 nie. Die Boere van Transvaal het reeds 'n eeue-lange verbondenheid aan Afrika gehad en baie was reeds vir geslagte in hulle noordelike Republiek woonagtig. Nòg Sonntag nòg Rae kon die gebeure in die noorde van Transvaal in 1894 betroubaar opteken sonder inagneming van die unieke en die eiesoortige in Boere-kultuur.

Net soos in die geval van hulle beskouings oor die Hananwa, tel dit weer eens in Sonntag se guns dat hy die Boere se taal, en dus ook hulle kultuur, beter as Rae kon

91. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 133.

92. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 77, 62 & 123.

93. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 129; P. Fitzpatrick, ... *South African politician. Selected papers, 1880-1906* (eds. A.H. Duminy & W.R. Guest), p. 57.

94. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 16, 81, 92, 58 & 66.

95. J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, p. 111.

verstaan. Tog kompeteer Rae en Sonntag op gelyker voet wat hulle betroubaarheid oor waarnemings omtrent die Boere betref as wat die geval met die Hananwa was.

Beide identifiseer byvoorbeeld die Transvaalse Boere se rassistiese konserwatisme, maar ironies genoeg, waar Rae ook daarméé identifiseer,⁹⁶ openbaar Sonntag die vermoë om die diversiteit binne die Boerekultuur raker vas te vat. Hy onderskei geleerde Boere en Boere sonder enige opleiding;⁹⁷ Boere mét en Boere s ónder integriteit;⁹⁸ Boere met gesins- en ander belange wat traag was om te veg;⁹⁹ Boere met groot rasseverdraagsaamheid, of anders gestel, tolleransie vir kultuurverskille.¹⁰⁰

Die Boere het wel sekere algemene houdings openbaar wat hulle as groep onderskei het,¹⁰¹ maar was nes die Hananwa ook nie 'n monolitiese groep nie. Deurdat hy hom daarvan weerhou om te stereotipeer, bring Sonntag se waarnemings die rasionaal agter Boere-optrede na vore, soos die feit dat kommandant Malan 'n Kruger-ondersteuner was en dus met rede uitdagend teenoor dié se groot teenstander, kommandant-generaal Joubert, opgetree het.¹⁰² Sulke motiverings getuig van insig in die Boere se politieke kultuur¹⁰³ en is dus geloofwaardig.

Die twee waarnemers se mate van begrip vir kultuurverskille kan direk teen mekaar opgeweeg word volgens hulle onderskeie beskrywings van 'n diep-ingeburgerde kommando-tydverdryf: beesvelry.¹⁰⁴ Sonntag het, in die lig van die ongelukkige uiteinde van so 'n beesvelry-insident wat hand-uit geruk het en die dood van 'n Hananwa veroorsaak het, die ideale geleentheid gehad om die Boere te inkrimineer. Tog doen hy in sy vertelling eerder sy uiterste bes om die voorval binne Boerekultuurverband te sien. Die jong Boere, onnadenkend soos dit was, het immers nie eens vermoed dat hulle idee van pret vir kultuurvreemdes vreesaanjaend en selfs dodelik sou wees nie:

Young Boers, especially when in camp and at a loose end, indulged in a very popular passtime called "riding the ox-skin." ... Anyone who was very nimble and adept at the game could stay on his feet no

96. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. viii-ix & 139-140.

97. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 85.

98. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 54, 66, 99 & 101.

99. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 70-71.

100. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 40 & 129.

101. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 101 & 105.

102. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 101.

103. C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, pp. 207-209 skets die kop-aan-kop uitslae in die 1893-presidentsverkieping en bevestig dat 'n verdeling tussen Kruger- en Joubertmanne 'n werklikheid was in die Transvaal van die vroeg 1890's.

104. F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 204, staaf Sonntag en Rae se beskouings van beesvelry as 'n tipiese Boere-vermaaklikheid van die tyd.

matter how fast ... A novice at the game, however, cut a very comical figure, and would even fall off ... In the exuberance of youth they decided to have some extra fun.¹⁰⁵

Rae verberg nie sy verontwaardiging in sy neerhalende beskrywing van beesvelry nie: "This idiotic practice seemed to gratify the childish minds of our Boer friends."¹⁰⁶ Hy skroom selfs nie om dit openlik in sy gepubliseerde werk uit te spel nie. Dit is moeilik te versoen met sy propagering (elders in hierdie sêlfde publikasie), van uitlander-tegemoetkomendheid jeens die Boere as toekomstige mede-landsburgers.¹⁰⁷ Nie alleen getuig dit van kulturele takteloosheid nie, maar boonop van kortsigtige onkunde in die lig van die hewige debat wat in Pretoria tussen sy uitlander-kultuurgenote en die Boere-regering gewoed het oor die kommandering van uitlanders vir die veldtog teen Mmalebôh.¹⁰⁸

Nietemin kan Rae se waarnemings van Boere se optrede op kommando, groot nuttigheidswaarde hê in die verklaring van die Boer se kommando-ervaring. Om maar 'n paar aspekte te noem wat hy juis bespreek het omdat dit vir hom eienaardig was: hulle deurbring van die Sabbat, hulle vrees vir amputasie, hulle gebrek aan dissipline en hulle ongelukkigheid as uitlanders nie hulle taal kon praat nie!¹⁰⁹

Die aanwending van persberigte

Koerant-berigte was die 'boustof' waaruit Rae 65 persent van sy teks gekonstrueer het. Die berigte was almal afkomstig van een enkele koerant, *The Press*, en is *per se* vir die inligting wat dit gebied het, oorgeneem - in die meeste gevalle, woordeliks. Hierdie aktiwiteit van Rae verwys na die fase ná die 1894-oorlog, toe die teks in Johannesburg en Pelgrimsrus tot stand gebring is. Die geringe wysigings wat wel aan *The Press* aangebring is, getuig, soos reeds gesien, nie werklik van kritiese analise aan die hand van wat tydens die veldtog waargeneem is nie. Rae se terugval op koerant-inligting ná die 1894-oorlog, staan in skerp kontras met Sonntag se benutting van en kritiese kommentaar op koerant-berigte [en gerugte] as deel van sy daaglikse aktiwiteit van dagboek-hou - reeds sedert voor die oorlog.

105. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 30.

106. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 34.

107. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 140-141.

108. H.C. Abercrombie, *The secret history of South Africa or sixty-five years in the Transvaal*, pp. 84-95; S.J.P. Kruger, *The memoirs of ...* (eds. H.C. Bredell & P. Grobler), pp. 138-139.

109. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 28, 89, 58 & 50-51.

mense as veglustig. Hierdie inligting in Sonntag se dagboek vermenigvuldig die historikus se insig in die 1894-situasie: Mmalebôhō se vernuftige aanwending van die sendeling tot sy eie voordeel; Sonntag se diplomatieuse werkwyse om Mmalebôhō se guns te wen; die wyse waarop die koerante van die tyd die kulturele gaping en gevolglike agterdog en vooroordeel tussen wit en swart bevestig het. Ongelukkig moes die ondersoeker terugkeer na die oorspronklike Duitse Sonntag-manuskrip om die dagboekinskrywing oor die Lobengula-oorlog op te spoor.

Tydens hulle oorlogs-wedervaringe het beide Rae en Sonntag toegang tot koerantberigte gehad - Rae skynbaar meer geredelik as Sonntag. So moes Sonntag tydens hulle kennismaking op 1 Julie van Rae verneem

... that the episode of the bell-ringing, together with all the suspicions directed against me, had been reported in the Pretoria newspapers.¹¹⁵

Die entoesiasme waarmee Sonntag op 20 Julie “a number of papers”¹¹⁶ van ‘n goedgegunstige Vere Stent ontvang, bevestig dat hy immer gretig was vir koerant-nuus, maar nie in dieselfde gelukkige posisie as Rae was nie:

Indeed, I [Rae] looked much forward to the mail days, and I have to tender my sincere gratitude to Mrs. Bousfield for sending me regularly the illustrated and other papers, which were much enjoyed by all.¹¹⁷

In die enkele gevalle waartydens Sonntag tydens die veldtog wel toegang tot koerante gekry het, was hy skynbaar slegs geïnteresseerd in sy eie beeld as sendeling. In kontras met Rae, het koerantberigte dus ‘n geringe rol gespeel in Sonntag se dag-na-dag-weergawe van die konflik tussen die Boere en die Hananwa.

Dat Rae koerant-inligting nie aanvullend en vergelykend tot sy eie gewaarwordings aangewend het nie, is dus, volgens sy eie getuienis, nie te wyte aan onverkrygbaarheid van dié bronne ten tyde van die veldtog nie, maar aan ‘n eie onwilligheid of gebrek aan die nodige vaardigheid.

Die volgende paragraaf is deel van ‘n *The Press*-berig wat Rae ná die oorlog, van pp. 98 tot 101, in sy boek opgeneem het. Jenkins het dit oorspronklik op 30 Junie 1894 geskryf het en dit het in *The Press* van 3 Julie verskyn:

115. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 84.

116. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 104.

117. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 87.

It was reported that a white man, or rather a half-cast, was fighting for Malaboch; he was said to be married to two of the Chief's women, and his brother belonged to the Middelburg laager. It was supposed that he was the marksman whose accuracy of aim at long distances had so astonished our people.¹¹⁸

Indien Rae einde Junie 1894 te Blouberg teenwoordig was, moes hy op een of ander manier van hierdie gerugte te hore gekom het. Selfs Sonntag het daarvan kennis geneem. Op 29 Junie 1894 het hy geskryf:

There was a rumour that during the recent back and forth movements of the combatants, a White man was seen directing the operations of the Bagananoa. Nonsense! I am sure Maleboch himself was seen: he is very light-complexioned. But as everybody who entered our house insisted that the story was true, I made enquiries among our Christians. They ridiculed the idle talk.¹¹⁹

Rae het in sy agterna-gekonstrueerde weergawe geen eie interpretasie tot die koerant-weergawe wat hy gekopieer het, toegevoeg het nie. Dit bevestig dat sy geheue oor wat hy waargeneem het ten tyde van die veldtog, hom reeds parte gespeel het teen die tyd toe hy dit weer met pen op papier probeer oproep het. Dit bevestig dat waarnemings wat nie onmiddellik na gebeure opgeteken word nie, nie alleen met verloop van tyd as herinneringe verdraai kan word nie, maar selfs heeltemal verlore kan gaan. Sónder bevestiging uit koerante, is Sonntag se waarnemings in hierdie geval betroubaarder en nuttiger as Rae se herinnerings, wat hy met koerant-berigte probeer verfris het.

Die strukture waarbinne die informasie aangebied is

Tot dusver in hierdie hoofstuk is die 'grondstof' in die twee tekste geïdentifiseer met die ek-verteller/hooffiguur van elke 'verhaal' as uitgangspunt. Uit die ondersoek in die vorige hoofstukke het dit nietemin duidelik geword dat beide ek-vertellers, Colin Rae en sendeling Sonntag, deur die redakteursaktiwiteit van die 'werklike' Colin Rae en Konrad Sonntag gemanipuleer is. Om te besef hoe ingrypend die redakteurs se rangskikking van die 'boustof' op die betekenis van die teks inwerk, word die insigte van Hayden White, soos bespreek deur Keith Jenkins en Alun Munslow, in hierdie verband in oënskou geneem.

118. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 100.

119. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 81.

I begin by distinguishing among the following levels of conceptualization in the historical work: (1) chronicle; (2) story; (3) mode of emplotment (4) mode of argument ; and (5) mode of ideological implication. I take ‘chronicle’ and ‘story’ to refer to ‘primitive elements’ in the *historical account*, but both represent processes of selection and arrangement of data from the *unprocessed historical record* in the interests of rendering that record more comprehensible to an *audience* of a particular kind. As thus conceived, the historical work represents an attempt to mediate among what I will call the *historical field*, the *unprocessed historical record*, other *historical accounts*, and the *audience*.¹²⁰

Volgens White behels geskiedskrywing die omvorming van die relatief ongeprosesseerde historiese rekord, ook genoem ‘spore’, tot ‘n kroniek, dan tot ‘n storie en uiteindelik tot ‘n narratiewe konstruksie. In die narratief, waarvan die storie slegs ‘n growwe voorloper is, staan dit die historikus vry om sekere aspekte in die opeenvolging van gebeure groter prominensie as ander te gee. White gaan uit van die standpunt dat sodanige geskiedenis, of narratief, in dieselfde mate as wat dit in die ‘spore’, of primêre bronne gevind is, ook deur die historikus uitgedink is.. White beweer dat historici die narratief ‘opmaak’, of ‘opskryf’ deur gebruik te maak van die elemente van verduideliking: argument, intrigering en ideologie, waaronder elk vier verskillende modusse, of metodes te kies is. Die taal waarin die historikus skryf, is geen tegniese taal met spesifieke terminologiese sisteme nie, maar “ordinary educated speech” wat, volgens White, metafories werk en dus onder een van die vier trope van poëtiese taal geklassifiseer kan word. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

VERDUIDELIKING DEUR ARGUMENT	VERDUIDELIKING DEUR INTRIGERING	VERDUIDELIKING DEUR IDEOLOGIE	TROPE
formisme	roman	anargisme	metafoor
organismisme	komedie	konserwatisme	sinekdogee
meganisme	tragedie	radikalisme	metonimia
kontekstualisme	satire	liberalisme	ironie

Volgens White se terminologie, sou die oerteks, die oorspronklike sendelingdagboek soos dit tans in die Nasionale Argief bewaar word, die ‘spore’ van die *My Friend Maleboch*-publikasie genoem kon word. Tot dusver kon die ‘spore’ van die *Malaboch*-publikasie van Rae gedeeltelik geïdentifiseer word as berigte uit *The Press* van 1894, terwyl daar vermoedelik ook notas moes gewees het wat ten tyde van die veldtog deur Colin Rae gemaak is, maar waartoe die hedendaagse ondersoeker nie

120. H. White, *Metahistory. The historical imagination in nineteenth-century Europe*, p. 5, as quoted in K. Jenkins, *On ‘What is history?’ From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 149.

toegang het nie. Die vraag is of White se uiteensetting van die konstruksie van 'n narratief op die Rae- en Sonntag-publikasies van toepassing gemaak kan word. Dit blyk dat die redakteursaktiwiteit waaraan die 'spore' waaruit Rae en Konrad Sonntag hulle onderskeie publikasies geskep het, van sodanige omvang was dat dit wel tot op sekere hoogte as geskiedskrywing volgens White se definisie kan deurgaang. Ongeag die sterk inhoudelike ooreenkomste tussen die 'spore' en die publikasies, was redakteurs Colin Rae en Konrad Sonntag se aktiwiteite van seleksie, ordening en verduideliking te ingrypend vir die twee publikasies om bloot as kronieke beskryf te kan word.

White thinks that the chronicle is organised into a story form by the 'further arrangement of the events into the components of a 'spectacle' or process of happening, which is thought to possess a beginning, middle, and end.' ...[The] "... transformation of the chronicle into a story is accomplished by characterising some of the 'events' in the chronicle as having a certain location and a certain importance relative to other events so that, as White puts it, a 'hierarchy of significance' is established ...¹²¹

In Konrad Sonntag se hierargie van belangrikheid dra die begin van die storie, die oorsprong van die konflik van 1894, veel swaarder gewig as by Rae. Omdat Rae nie die geregverdigheid van die oorlog met dieselfde agternaperspektief as 'n Konrad Sonntag bevraagteken het nie, sien die aanloop van sy storie heeltemal anders daar uit. 'n Gedetailleerde beskrywing van die kommando's se tog na Blouberg is vir hom die aanloop tot sy oorlogstorie, nie die gebeure wat die mobilisasie nodig gemaak het. Vir Rae is die einde van sy storie, oorwinning van die 'regverdiges' oor die 'rebelle', asook die persoonlike verering wat hyself vir sy aandeel ontvang het, die belangrikste. Sonntag se storie eindig by die oorwonne Hananwa, wat probeer sin maak uit hulle nuwe omstandighede na die oorlog.

Die vraag ontstaan of die werk van redakteurs Colin Rae en Konrad Sonntag van so 'n omvangryke aard was dat die twee tekste sal voldoen aan die vereistes wat White aan 'n narratief stel, naamlik of die struktuur van elke storie geskep word deur 'n modus uit elk van die volgende drie elemente van verduideliking: intrigering (emplotment), argumentasie en ideologie en of die modus wat onder elk van hierdie drie elemente gekies word, op 'n basieser, die linguïstiese vlak, deur 'n bepaalde troop ondersteun word. Vervolgens word probeer om hierdie narratiewe elemente van verduideliking, soos voorgestel deur White, eers in Konrad Sonntag se *My friend Maleboch* en daarna in Colin Rae se *Malabocho* te identifiseer. Die deurslaggewende toets sal wees of die

121. H. White, *Metahistory. The historical imagination in nineteenth-century Europe*, p. 6, soos aangehaal in K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 150.

redakteurs nie in so 'n mate deur hulle gegewe boustof aan bande gelê is dat hulle nie in staat was om hulle gekose verduidelikings (deur *emplotment*, argumentering en ideologiese implikasie) in die metaforiese taal wat dit sou onderskryf, uit te druk nie.

1. Kort uiteensetting van die narratiewe elemente van verduideliking: argument, *emplotment* en ideologie

Onder die element, verduideliking deur *argumentasie*, onderskei White tussen die *formistiese*, *organistiese*, *meganistiese* en *kontekstualistiese* paradigmas. 'n *Formistiese* verduideliking sal behels dat die historikus sy/haar waarnemings voorstel in presiese, beskrywende prosa.¹²² 'Beskrywende prosa' is 'n akkurate weergawe van wat die oorgrote meerderheid van Rae se teks – die gedeelte waarvoor hy persoonlik verantwoordelik was – behels. Tog neig sekere van sy uitsprake, veral by die geleentheid waar hy sy ideologiese oriëntasie uitspel, om eerder *organisties* te wees. Die organistiese historikus wil sekere beginsels identifiseer en alle aspekte van die geskiedenis integreer in 'n enkele makrokosmiese proses, in Rae se geval, die vooruitgang van wit beskawing. Hierdie aspek sal weer ter sprake gebring word wanneer ideologie as element van verduideliking aan die beurt kom. In hierdie stadium lyk dit egter onwaarskynlik of Rae, wie se vermoë tot integrasie reeds na aanleiding van wat in vorige hoofstukke van hom afgelei is, verdag is, in staat sou wees om 'n *organistiese* modus van verduideliking te kon volhou. 'n *Organistiese* verduideliking veronderstel die vorming van 'n sintese waarin elke onderafdeling die struktuur van die groot geheel weerkaats. Rae kon wel sulke voornemens gehad het, maar sy diskordante eindresultaat weerspieël nie veel daarvan nie.

Die derde modus onder verduideliking deur *argumentasie*, is die *meganistiese* paradigma, waarin duidelike onderskeid getref word tussen oorsaak en gevolg. Marxistiese geskiedskrywing sou onder hierdie modus tuishoort. Soos in die geval van die *formistiese* argument, word by die *meganistiese* argument eintlik te 'n sterk filosofiese onderbou veronderstel om dit by narratiewe wat uit dagboekinskrywings saamgestel is, te verwag. Konrad Sonntag se redaksionele werk hoort eerder onder die vierde en laaste modus van *argumentasie*, *kontekstualisme*. *Kontekstualisme* behels matige integrasie van inligting, wat beskrywend is van die aard en omvang van Konrad Sonntag se ingrype in Christoph Sonntag se oerteks. Die dagboekinskrywings van die 6de en die 15de Julie 1894 sou byvoorbeeld saamgevoeg word sodat die leser nie 'n week hoef te wag om die uiteinde van 'n insident te ontdek nie.

122. K. Jenkins, *On 'What is history?'* From Carr and Elton to Rorty and White, p. 156.

Kontekstualisme, soos die naam aandui, behels verder dat die historikus die gebeure in hulle konteks skets. Konrad Sonntag is by uitstek die kontekstualiseerder van die sendeling se oervertellings. Persone word deurlopend geïdentifiseer en gebeure word in verband gebring met voorafgaande verwickelinge en die algemene stand van sake.

Die spesifieke formele *argument* wat deur 'n historikus gekies word as element van verduideliking, staan in nou verband met die *ideologiese* benadering wat hy in sy/haar narratief voorstaan. Hoewel skynbaar nie so rigoristies daaraan gekoppel nie, blyk dit tog uit White se verduidelikings dat ook wat *emplotment* betref, dieselfde modus telkens die mees waarskynlike sal wees om met 'n bepaalde modus-paar van *argumentasie* en *ideologie*, te kombineer. (Sien bostaande tabel). Om te hou by White se volgorde, word *emplotment* ook eers behandel voordat die *ideologiese* element van verduideliking ondersoek word.

Die uiteenlopende *plotte*, of intriges in die Rae- en Sonntag-narratiewe oor die Boer-Hananwa-oorlog, bevestig White se standpunt dat daar geen voorafbestemde plot in die verlede te ontdek is nie, maar dat elke verteller 'n *plot* skep wat sy/haar *ideologiese* oriëntasie en modus van *argumentasie* die beste pas. White onderskei tussen die vier modusse (*roman*, *komedie*, *tragedie* en *satire*) omdat dit, volgens hom, die hele spektrum mites in die Westerse literêre tradisie verteenwoordig en derhalwe by Westerse lesers aanklank sal vind. Ten einde 'n gehoor te bereik, moet die verteller hom immers wend tot 'n vorm van intrige wat vir sy toehoorders herkenbaar sal wees, wat sal voldoen aan hulle verwagtingshorisonne. In 'n *roman* word die oorwinning van goed oor kwaad uitgebeeld. Die *satire* is die teenoorgestelde van die *roman*: 'n drama waarin swaarkry en lyding nie opgeklaar, of gewreek word nie, maar waarin die siening dat die mens 'n gevangene van sy lot is, triomfeer. *Komedie* en *tragedie* staan tussen *roman* en *satire*. In die *komedie* word die mens se tydelike oorwinnings oor negatiewe omstandighede uitgebeeld, maar die moontlikheid word nie uitgesluit dat dinge kan verkeerd gaan nie. In 'n *tragedie* is die lewensbeskouing nie heeltemal so somber soos in die *satire* nie, maar berus die figure hulle by die beperkende omstandighede waaronder hulle hulle lewens moet slyt: "They set the limits on what may be aspired to and what may be legitimately aimed at for security and sanity in the world."¹²³

Rae se narratief huiwer tussen *roman* en *komedie* en dié van Sonntag tussen *satire* en *tragedie*. Wanneer Rae homself voorberei op die oorlog teen Mmalebôh, stel hy dit

123. H.White, *Metahistory. The historical imagination in nineteenth-century Europe*, soos aangehaal in K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 162.

baie duidelik dat die swartmense in die *Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR)* op hulle plek gesit moet word. Die triomflog van die Boeremagte na Pretoria waarmee hy sy vertelling afsluit, dra by tot die indruk dat Rae 'n verhaal vertel van 'n regverdige stryd wat gestry en oorwin is, dit wil sê, 'n *roman*. Wanneer die onderwerping van die Hananwa egter as die handhawing van die *status quo* beskou word en die kollig geplaas word op die talle ontberings wat die Engelse wit Transvalers deurmaak ten einde as medekrygers en landgenote deur die wit Boere aanvaar te word, kry die narratief die aansien van 'n *komedie*. Veral wanneer die verhaal gelees word met die bylae, oor die Jameson-inval, as alternatiewe slot, word die *komiese* inslag duidelik: die protagoniste is nou 'n groep wit Engelsprekendes wat tydens die Malabochveldtog tydelike oorwinning behaal oor hulle status as tweederangse burgers, maar uiteindelik moet swig voor die Boer-Brit 'rassespanning' wat met die Jameson-inval tot uitbarsting kom.¹²⁴

In Sonntag se narratief loop dinge onherroeplik verkeerd: die Hananwa word deur die Boere verslaan; hulle verloor hulle leier en hulle onafhanklikheid. Die lot van die Hananwa in die Sonntag-narratief is inderdaad, soos Jenkins dit stel, "suffering without any obvious redemption."¹²⁵ Selfs wanneer die redakteur die verhaal op 'n hoopvolle noot wil laat eindig:

... later the Government will be obliged to recognise the superior qualities of Maleboch's son.¹²⁶

en die plot so wil laat huiwer op die rand van 'n *tragedie*, waarin almal berus in die lot wat deur die heersende magte vir hulle uitgestip is, word hy gepootjie deur wat in die voorafgaande paragrawe staan:

[The Hananwa] leadership ... would for the future in any case be devoid of most, if not all its former glory ...¹²⁷

As kritiek op die volgorde waarin White in *Metahistory* die elemente van verduideliking behandel (dieselfde volgorde wat tot dusver gevolg is), voer Keith Jenkins aan dat die *ideologie* waaruit 'n historikus sy narratief gemotiveer het, die ondersoeker se vertrekpunt moet wees ten einde ook die ander elemente van verduideliking, soos voorgestel deur White, te kan identifiseer. Hy baseer sy argument daarop dat die keuse van watter *argumentasie*strategie, of watter *plot*struktuur die

124. Stawende voorbeelde uit die Rae-tekste word in die volgende afdeling, wanneer trope ter sprake kom, bespreek.

125. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 162.

126. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 161 (1895-07-24).

127. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 160 (1895-07-24).

beste geskik sal wees vir die tipe storie wat die historikus wil vertel, nié epistemologies of metodologies van aard is nie, maar ook berus op die etiese, *ideologiese* oortuigings van die verteller. Wanneer *ideologie* vervolgens behandel word, behoort die keuses van modusse onder *emplotment* en *argumentasie*, terugskouend, dus meer voor die hand liggend te wees.

Historici kan nie daarvan weekom dat hulle vanuit die hede na die verlede op soek gaan nie. Vir White is dit onvermydelik dat die beskouings waarmee ons hierdie soektog na die verlede aanpak en deurvoer, min of meer sal ooreenstem met die beskouings waarmee ons die hede en die toekoms bejêen. Deur te put uit die werk van Karl Mannheim, identifiseer hy vier ideologiese posisies (*anargisme, konserwatisme, radikalisme, liberalisme*) met as uitgangspunt ons beskouings oor die ideale tempo van sosiale verandering, 'n beskouing waarteenoor geen historikus neutraal kan wees nie. Dit hou in dat selfs die persoon wat daarop aanspraak maak dat hy/sy geen *ideologie* voorstaan nie, hom/haarself betrap dat hy/sy 'n teenswoordige/verlede *status quo* verdedig, en hom/haar dus posisioneer teenoor diegene wat daardie *status quo* uitdaag.¹²⁸

Voorstanders van 'n *anargistiese ideologie* is ten gunste van 'n snelle tempo van sosiale verandering; sodanige historici voorsien selfs kataklismiese veranderings. In soverre Rae die onderwerping van die Hananwa beskou as die goeie stryd wat teen die slegte rebelle geveg moet word, val hy in hierdie *ideologiese* kategorie. Dit is die *ideologiese* Rae wat 'n roman sou skryf, waarin die verhaal van 'n wit oorwinning oor die swart bedreiging vertel word, 'n verhaal wat eindig met die Boere se triomftog na Pretoria en Rae se heldeverering vir sy persoonlike bydrae. *Formisme* sou dan die modus van argumentering wees wat Rae die beste sou pas: waarnemings bevestig in noukeurige, beskrywende prosa. Anargisme word normaalweg egter eerder geassosieer met die omverwerping van die regering wat 'n houvas oor die protagonis gehad het. As stoere ondersteuner van die wit Boereregering se hardhandige optrede teenoor swartmense, kom Rae egter eerder voor as 'n konserwatis.

Indien Rae se *ideologiese* posisie as *konserwatief* geïnterpreteer word, sou dit daarop neerkom dat hy die *status quo* wou handhaaf. Sy uitgangspunt sou dan gewees het dat witmense (Boer en Brit) moes voortgaan om saam te staan ten einde hulle superioriteit teenoor swartmense te handhaaf. Hy sou traag wees om 'n verandering in hierdie *status quo*, d.w.s. die opbreek van die wit koalisie en 'n toename in Boer-Brit 'rassespanning', te aanvaar. Sy *argument* van verduideliking, sou dan 'n

128. K. Jenkins, *On 'What is history? From Carr and Elton to Rorty and White*, pp. 163-164.

organistiese een wees, naamlik dat swartmense op hulle plek gehou moes word, en dat hulle hulle rol moes speel as arbeiders in die beskawing wat deur die witmense beheer word. Sy verhaal sou dan as ‘n *komedie geplot* word, want tydens die Malaboch-veldtog slaag die wit Boere en Britte daarin om saam aan hierdie ideaal te werk. Van hulle gaan dood, soms breek die spanning tussen die twee wit gemeenskappe deur, maar saam onderdruk hulle die swartmentse. Met die Jameson-inval laai die spanning tussen die twee wit ‘rasse’ weer op, maar die hoop leef voort dat hulle hulle geskille in diens van die groter ideaal sal oplos.

Die *radikale ideologiese* posisie sou, in die plek van die *anargistiese*, ook vir Rae oorweeg kon word, maar nie met veel oortuiging nie. Soos in die geval van dié Rae wat die *status quo* wou gaan verander deur die Hananwa te gaan verower, voorsien die *radikale* historikus ook die moontlikheid van kataklismiese transformasie, maar hy is meer besorg as die *anargis* oor die organisatoriese masjinerie om dit te weeg te bring. In daardie opsig is Rae, as verteller/historikus, sowel as figuur wat in die narratief optree, in elk geval ‘n hopelose kandidaat. Dit ondanks die aanname in Westere literatuur dat die radikalis eerder ‘n teenstander, as ‘n stoere ondersteuner, van die regering wat oor hom gesag voer, sal wees. *Radikalisme* as *ideologie* veronderstel boonop ook dat die historikus *meganisme* as modus van *argumentasie* moes kies, en in die rangskikking van gebeure volgens ‘n streng patroon van oorsaak en gevolg, blink Rae beslis ook nie uit nie. Boonop is sy speelse narratief allermins ‘n *tragedie*, die *plottipe* wat die nouste met *radikalisme* en *meganisme* geassosieer word.

Konrad Sonntag se *ideologiese* posisie stem die sterkste ooreen met dié van die *liberalis*. Die tempo van verandering wat hy voorstaan, is die sosiale ritme van parlementêre debat of ewolusionêre verandering. Dit is die ideale *ideologiese* posisie vir die verteller wat hom ten nouste identifiseer met Christoph Sonntag, die onderhandelaar-protagonis in die verhaal. Die verteller keur nie noodwendig die verloop van omstandighede goed nie, maar voorsien ook nie dat weerstand teen die heersende magsgroepe enigeen se lot kon verander nie – intendeel, hy betreur dit dat die Hananwa hulle daarteen verset het; het hulle maar gespeel volgens die reëls van die groep met mag, die witmense, sou hulle beter daaraan toe gewees het. Hierdie *ideologiese* posisie verklaar ook waarom die verteller in *My friend Maleboch kontekstualisme* as die modus van *argumentasie* gekies het; sodat hy die gebeure in sinvolle konteks kon plaas. Dit behels dat hy ook aan die heersende witmense sou kon verduidelik waarom hulle onderhandelinge gefaal het – en in die 1980s steeds faal. Dit volg dan logies dat die verhaal as *satire* geplot sal word: dinge loop

verkeerd, en daar is nie veel wat die mens daaraan kan doen nie. Tog is dit asof die vertaler Konrad Sonntag die sendeling Sonntag se uiterse sininsme wil temper en die satire minder uitsigloos wil maak, asof hy die hoop aan die leser wil voorhou dat die moontlikheid tóg bestaan dat sake wél kán uitwerk. Hayden White voorsien dan die moontlikheid dat ‘n verteller sy narratief as ‘n satiriese tragedie, of ‘n tragiese satire, kan plot. Wanneer die didaskalia deur vertaler Konrad Sonntag aan die Engelse publikasie verleen en sy keuse van passasies en die spesifieke plasing daarvan in ag geneem word, moet *My friend* myns insiens as ‘n tragiese satire beskryf word. Die sendeling se satiriese lewenshouding is nie volkome uit die teks geweer nie en hoewel die vertaler aan die stuur van ‘n tragiese plot staan, het hy herhaaldelik ‘n duidelike voorkeur vir ironiese beeldspraak vertoon.

In hierdie stadium kan reeds voorsien word dat die mees waarskynlike saamgroepering van bepaalde modusse uit elke element van verduideliking, soos op bladsy ... in tabelvorm uiteengesit is, moeilik op die Rae-tekste toegepas sal kan word. Hoewel ‘n saak uitgemaak kan word dat Rae se *emplotment* dié van ‘n roman is en die argumentasie wat hy gebruik formisties is, is dit moeilik om te aanvaar dat dit van die predikant ‘n anargis moet maak. Sy ideologiese posisie blyk veel eerder dié van ‘n konserwatis te wees, wat goed inskakel by die komiese geneigdheid van sy *emplotment*. Tog kan dit nie aanvaar word dat Rae, met sy onoordeelkundige sameflansing van ander mense se koerantberigte, ‘n organistiese modus van argumentasie regdeur sy ‘narratief’ volgehou het nie – dit te sê as sy sameflansing werklik die noemer narratief waardig is.

Hayden White het die volgende te sê oor sodanige verbreking van die skynbaar ‘ideale’ kombinasie van modusse uit elk van die vier elemente van verduideliking:

These affinities are not to be taken as *necessary* combinations of the modes of a given historian. On the contrary, the dialectical tension which characterises the work of every master historian usually arises from an effort to wed a mode of emplotment with a mode of argument or of ideological implication which is inconsonant with it. For example ... Michelet tried to combine a Romantic emplotment and a Formist argument with an ideology that is explicitly liberal. So, too Burkhardt used a Satirical emplotment and a Contextualist argument in the service of an ideological position that is explicitly Conservative and ultimately Reactionary. Hegel emplotted on two levels – Tragic on the microcosmic, Comic on the macrocosmic – both of which are justified by appeal to a mode of argument that is Organicist, with the result that one can derive

either Radical or Conservative ideological implications from a reading of his work.¹²⁹

Rae hoort nouliks in die geselskap van die meesters van geskiedskrywing waarna White hier verwys en sy kombinasie van onharmonieuse modusse was waarskynlik onbedoeld, vandaar dat die effek van sy boek op die leser eerder 'n gevoel van diskordantheid is as die gewaarwording dat 'n meesterstuk ontdek is. Dit is asof Rae twee narratiewe tegelykertyd wou konstrueer en nie volledig in een van die twee geslaag het nie. Die hieropvolgende bespreking van trope behoort meer lig te werk op die wyse waarop hy sy teks gekonstrueer het.

2. Trope

In die voorafgaande beskouing van *My friend* en *Malaboch*, is aangedui dat daar 'n geneigdheid in narratiewe bestaan vir sekere modusse van *argumentasie*, *emplotment* en *ideologie* om telkens saam te groepeer: 'n Radikale ideologie veronderstel byna 'n *meganistiese* verduideliking en daar kan verwag word dat so 'n narratief as 'n *tragedie geplot* sal word. Dieselfde geld vir die *konserwatiewe*, *anargistiese* en *liberale ideologieë*. Hierdie is allermins waterdigte kategorieë – dit sal beslis nie in elke historiese teks 'ontdek' word nie. Nogtans het White in sy studie van negentiende-eeuse historiese werke heelparty aanduidings van 'n geneigdheid tot bepaalde groeperings gevind. Dit was voldoende dat hy die afleiding kon maak dat die korrelasie tussen bepaalde modusse onder die verduidelikings-elemente *argumentasie*, *emplotment* en *ideologie*, waarskynlik deur 'n nog basieser element van verduideliking 'gestut' blyk te word. Soos Keith Jenkins dit stel:

White argues that the recurrence of patterns in the various levels on which interpretation takes place suggests to him that such an arrangement might be held together by something operating at a more basic level which, as it were, metaphorically 'underpins' them.¹³⁰

White identifiseer hierdie element as taal self – vandaar sy teorie van *trope*: Omdat daar geen tegniese taal (soos in chemie of fisika) vir geskiedskrywing bestaan nie, wend historici hulle tot gewone taal. White is dit eens met Richard Rorty dat 'gewone taal' metafoeries werk. Die historikus maak die onbekende (en die onpeilbare) bekend en gee 'n bepaalde betekenis daaraan deur gebruik te maak van beeldspraak. White gaan verder deur te beweer dat 'n historikus se voorkeur vir 'n

129. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 154.

130. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 166.

bepaalde tipe beeldspraak sy *ideologiese* uitgangspunte, sy manier van *argumentasie* sowel as sy uitleg van die intrige (*emplotment*) van die narratief rugsteun. Dit is juis op hierdie punt dat Jenkins White kritiseer. Hy beweer dat White die leser met die indruk laat dat *trope* alle ander elemente van verduideliking bepaal, terwyl dit tog voor die hand liggend is dat *trope* manifestasies is van die historikus se *ideologiese* posisie.

Volgens Keith Jenkins:

VERDUIDELIKING DEUR IDEOLOGIEBEPAAL AAN WATTER TROOP VOORKEUR GEGEE SAL WORD...	...WAARUIT AFGELEI KAN WORD WATTER MODUS VAN ARGUMENTASIEEN WATTER MODUS VAN EMPLOTTMENT DIE MEES WAARSKYNLIKE SAL WEES.
anargisme	metafoor	formisme	roman
konserwatisme	sinekdogee	organisisme	komedie
radikalisme	metonimia	meganisme	tragedie
liberalisme	ironie	kontekstualisme	satire

Jenkins pleit dus dat, hoewel die tipe beeldspraak/troop waaraan 'n historikus voorrang gee, 'n aanduiding is van die modusse van *argumentasie*, *emplotment* en *ideologie* wat in sy narratief verwag kan word, daar nie uit die oog verloor moet word dat die aard van die beeldspraak in die eerste plek deur die historikus se *ideologiese* uitgangspunte bepaal word nie. Hierdie kommentaar op White sal duideliker word wanneer spesifieke voorbeelde uit die Sonntag-, maar veral die Rae-teks, behandel word.

Die implikasie van White se teorie van *trope*, ongeag of Jenkins se kommentaar geldig is of nie, is verrykend. Dit beklemtoon die bepalende rol van die historikus, of dan dagboekhouer, memoirskrywer of redakteur, in die spesifieke betekenis wat aan 'n stuk verlede gegee word:

... as White goes on to explain, ... the figure – the shape – of the relationships which, in the finished account, will appear to be inherent (intrinsic) in the events of the area under study, will actually have been externally imposed on the field of study by the historian. In other words, because the events of the past cannot describe themselves and their 'relationships' (that they cannot 'figure themselves out') then it is the historian who, 'in the very act of identifying and describing the objects that he finds [in the past]... constitute[s] their subjects as possible objects

of narrative representation by the very [tropological] language they use to describe them.¹³¹

Met soveel verskillende narratiewe daaroor tot ons beskikking, bied die Boer-Hananwa-oorlog 'n uitstekende toetsterrein vir hierdie gewaarwording dat 'n narratief, hoe betroubaar dit die verlede ook al probeer weergee, steeds die skeppende werk van 'n verteller bly. Die *ideologiese* posisie van die vertellers in onderskeidelik die Rae- en Sonntag-tekste het tot gevolg gehad dat dieselfde gebeurtenis in twee uiteenlopende narratiewe tereggekrom het. Dit blyk nou duidelik dat die waarnemingsvermoë van die onderskeie vertellers, soos ondersoek in die eerste afdeling van hierdie hoofstuk, insigself nie voldoende is om die uiteenlopende aard van die narratiewe te verklaar nie. Die verskil tussen die twee tekste is nie bloot 'n graadverskil wat betref die outeurs se verbintenis tot betroubare waarneming, of selfs die betroubare weergawe van daardie waarnemings nie. Wanneer die beeldspraak in die twee tekste vergelyk word, kom dit na vore dat elke narratief in sy geheel 'n konstruksie is, waarin die tipe taalgebruik meewerk met die ander drie elemente van verduideliking om 'n verhaal tot stand te bring wat uiteindelik waarskynlik meer verrai van die vertellers as van die gebeure self!

a. Ironie as oorheersende troop in *My friend Maleboch*

Die tipe beeldspraak wat by verre oorheers in die *My friend*-publikasie, is ironie. Volgens hierdie spraakgebruik word die teendeel van wat bedoel word, spottenderwys gesê.¹³² “Ten einde te slaag, moet die ironiese uitdrukking 'n aanduiding bevat dat dit wat gesê word binne die bepaalde konteks 'n verhulde betekenis het en dus nie letterlik opgeneem moet word nie.”¹³³ – aldus Réna Pretorius. Pretorius skets ook die wesenskenmerke van die *ironie*, wat soos volg opgesom kan word: ironie behels 'n diskrepansie tussen skyn en werklikheid; 'n voorgegewe onkunde by die ironikus en 'n element van distansiestelling, onbetrokkenheid, afsydigheid. Anders as wat Pretorius beweer, dat ironie 'n element van objektiwiteit en onbevooroordeeldheid aan die kant van die ironikus veronderstel, wys Jenkins daarop dat ironie dikwels met skepsisme of sinisme gepaard gaan.¹³⁴ Die ironikus se aanspraak op objektiwiteit en onbevooroordeeldheid, is dus vir die leser wat oortuig is van die onbereikbaarheid van hierdie twee posisies, insigself ironies!

131. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 169.

132. A. P. Grové (samesteller), *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*, p. 59.

133. T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, pp. 190-191

134. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 170.

Kontrole met die oorspronklike dagboek, het aan die lig gebring dat die meeste van die ironiese taalgebruik in *My friend* nie die skepping van die redakteur was nie, maar eerder deur hom by die Duitse sendeling oorgeneem is. 'n Voorbeeld: Sonntag skryf dat die Christene die eerste Hananwa was wat hulle belasting aan die ZAR betaal het en dat hulle daardeur hulle eie lewens in gevaar gestel het. Die onvermoë van die ZAR om sulke gehoorsame swartmense te beskerm of te beloon (die Wesleyaanse sendelinge se stasie is deur 'n groep Boere geplunder), word dan soos volg uitgedruk:

*As a reward they were robbed*¹³⁵

... korreleer met die oorspronklike Duits:

.... *Zum Dank* dafür wurden sie beraubt ...¹³⁶

Wanneer die identifikasie van die ander modusse van verduideliking soos vroeër in dié hoofstuk behandel in gedagte geroep word, blyk dit dan dat die gepubliseerde Sonntag-dagboek heel knus in White se teorie inpas. 'n Liberale ideologiese uitkyk word gemanifesteer in die troep *ironie*; die modus van argumentasie is kontekstualisme en die intrige is 'n satire, of hoogstens 'n satiriese tragedie. Alvorens die wyse waarop ironiese beeldspraak kohesie in die narratief bewerk het aan die hand van meer voorbeelde uit die teks bespreek kan word, moet enkele probleme rondom die vertelinstansies in die oerteks (Duitse dagboek) en die *My friend*-publikasie eers opgeklaar word.

Die vraag ontstaan of die ironiese trope intrinsiek aan elke dagboekinskrywing was, of elke dag se inskrywing as't ware 'n satire in die klein was, met ander woorde, of sendeling Sonntag vanweë sy besondere wêreldbeskouing, sy liberale ideologiese posisie, tot geen ander vorm van narratief as 'n satire in staat was nie? Dit is onwaarskynlik dat 'n persoon in só 'n mate 'n gevangene van sy ideologiese posisie sal wees dat letterlik elke woord wat uit sy pen kom ironiese beeldspraak sou wees. Natuurlik het Sonntag in sy lewe ook sekere insidente as komies ervaar en as sodanig opgeteken. Voorbeelde daarvan is in die gepubliseerde dagboek opgeneem.¹³⁷ Sommige dagboekinskrywings het weer bloot die opnoem van gebeure behels, en was spore, of hoogstens kroniek of storie, om White se primitiewe elemente van verduideliking as konsepte te gebruik. Nietemin hou White se argument stand dat, wanneer dit gaan om meer as die anekdotiese, waar historici probeer sin maak uit 'n

135. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 79 (1894-06-23).

136. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 223 (1894-06-23).

137. Sien byvoorbeeld C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 148-149, of C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 269-270 (1895-01-12).

hele spektrum verskynsels, die verlede inderdaad voorgestel word soos wat ook die hede gesien word en die toekoms verwag word.¹³⁸ Dit is dus heeltemal versoenbaar met White se teorie dat Sonntag sy waarnemings, hetsy dit as geskiedskrywing geklassifiseer kan word of nie, *oorwegend* vanuit een en dieselfde ideologiese hoek sou opgeteken het, naamlik dié siening wat hy van die hede gehad het en die verwagtinge wat hy vir die toekoms gekoester het. Dit is dan ook te wagte dat daar bepaalde metaforiese aspekte aan sy taalgebruik sou wees aan die hand waarvan hierdie ideologie geïdentifiseer sou kon word.

Hierdie gewaarwordings plaas beperkinge op die mate waartoe die redakteur in staat sou wees om Sonntag se daaglikse inskrywings in 'n andersoortige narratief te omskep as waartoe die bestaande ironiese beelde hom sou toelaat. Die redakteur se vermoë om die uiteindelijke gepubliseerde narratief te manipuleer, is dus deur die basiese weefsel, die figuurlike taalgebruik, van die oorspronklike teks aan bande gelê. Aangesien die ideologiese posisie van die sendeling so diep in die talige laag van sy teks ingebed is, sou dit vir die redakteur baie moeilik gewees het om die teks te vertaal indien sy eie ideologiese raamwerk lynreg met dié van die sendeling verskil het. Daar is immers vroeër reeds opgemerk dat dit in elk geval nie die oogmerk van die redakteur was om te mislei of te vervals nie. Sy omhelsing van die ironiese beeldspraak in die oorteks bevestig nou dat hy eerder daarop ingestel was om die houdings van die sendeling na te volg en sy liberale ideologie te propageer.

Nogtans was die redakteur se ingrype verreikend vir die betekenis van die gepubliseerde dagboek. Wat hy wel gedoen het, was om die daaglikse vertellings, waarvan heelparty inderdaad satires in die klein was, maar waarvan veel ander bloot spore in die ware sin van die woord was, almal in 'n groter narratief in te pas. Dit is bereik deur die aksentuering van gegewe ironiese beelde (sommige onmetaforiese opmerkings is selfs as ironieë vertaal), deur die weglating van dele van, of volledige inskrywings, deur die toevoeging van bykomende kontekstualiserende argumentasie, of deur die seleksie en plasing van insiggewende waarnemings op 'treffender' plekke in die teks. Aan sodanige seleksie en ordening, is reeds 'n vorige hoofstuk gewy. In die hieropvolgende bespreking word spesifiek voorbeelde gegee van bogenoemde redaksionele aktiwiteite waarby ironie as oorwegende vorm van beeldspraak ter sprake was.

Sendeling Sonntag het die woordspel van ironie in sy dagboek tot so 'n kuns verfyn dat die leser die indruk kry dat hy, in die woorde van Van Wyk Louw, selfs leer

138. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton, to Rorty and White*, pp. 158 & 164-165.

‘ironies lewe’ het: Met die einde van die oorlog tussen Mmalebôhō en die Boere in sig, skryf Sonntag op Sondag 22 Julie dat ‘n twaalfal Boere van die Middelburgkommando hom kom besoek het “to have a closer look at the dangerous Zending”.¹³⁹ Sonntag het homself allermins as gevaarlik beskou. Hy spot met die beeld van homself as ‘n samesweerder met die Hananwa teen die Boere. Sonntag beweer dat hy nie skuldig was aan die Boere se aantyging dat hy die sendelingsklok met die uitbreek van die oorlog gelui het om die Hananwa te waarsku nie. Die hedendaagse leser sou tog ‘n saak kon uitmaak dat hy wel vir die Boere gevaarlik was in soverre hy Mmalebôhō gehelp het om tyd te wen. Dat Sonntag die woorde wel ironies bedoel het, blyk nietemin uit sy se opmerking dat die leier van die agterdogtige party “became more and more congenial and at last departed with the friendliest countenance imaginable.”¹⁴⁰

Sonntag stel sy eie rol elders weer in ironiese lig: wanneer die Boere na die oorwinning oor die Hananwa met gevangenes vanaf Blouberg vertrek, laat hulle al die siek en gewonde Hananwa by Sonntag agter. Sy kommentaar: “The Zending was good enough for this sort of thing.”¹⁴¹ Sonntag aanvaar nietemin sy ironiese lot: as misverstane bemiddelaar wat die Boere se vuil werk vir hulle moet doen; hy put selfs bevrediging daaruit. Hieruit blyk duidelik dat Sonntag se ideologiese posisie, dié van liberalisme, sy ironiese taalgebruik bepaal. Soos reeds genoem, probeer die liberalis sosiale verandering binne konstitusionele raamwerke beding. Vir die liberale Sonntag het die “sosiale ritme van parlementêre debat”¹⁴² waarna Jenkins verwys, die owerheidstrukture van die Boerestaat, met daarbinne, en ondergeskik daaraan, die gesagstrukture van die Hananwa behels. Sonntag het, in sy eie oë, sy bes gedoen om die Hananwa en die Boere oor te haal om deur onderhandeling ‘n skikking te bereik. Toe dit nie gebeur het nie, het hy die situasie met ‘n mate van skepsisme aanvaar:

I was glad the war was over, but my heart bled for Maleboch. His realm was a thing of the past, his rule was at an end. He was a noble character. Who knows what would have become if he had accepted God’s word? Even if he had remained a heathen, but had listened to me and submitted to the Government at the beginning, he would have become one of the best Black chiefs in the Transvaal.¹⁴³

139. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 108 (1894-07-22).

140. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 108 (1894-07-22). Sien ook C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 239: “Ich hatte denn Eindruck, als ob der Besuch halb offiziell wäre, nämlich als ob er sich den gefährlichen Zending einmal näher in Augenschein nehmen wolle.”

141. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 131 (10 Augustus 1894). Sien ook C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 254: “Wahrlich keine angenehme Gabe. Dazu ist der Zending gut.”

142. K. Jenkins, *On ‘What is history?’ From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 164.

143. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 119 (1894-07-31).

I could not tell him [General Joubert] that what prevented me from seeing Maleboch was the pain and sorrow caused me by the thought that such a noble man, the leader of a proud and independent people, should have come to such a disastrous and degrading end.¹⁴⁴

Every missionary knows that Black heathen chiefship is Satan's strongest bulwark. This I expressed quite openly to Brink. ... But I had my own private thoughts which I kept to myself. Would the so-called magistrate not be as big a stumbling block as for the missionary, if not a bigger one, than the heathen-chief? Did Brink really expect me, by putting my signature to his petition, to prevent Maleboch or his relatives from succeeding to the leadership of the Bahananoa, a leadership which would for the future in any case be devoid of most, if not all its former glory?¹⁴⁵

Hierdie skeptiese uitlatings teen die einde van die *My friend*-publikasie, adem "the apprehension that man is ultimately a captive of the world rather than his master",¹⁴⁶ soos Jenkins White se tipering van 'n satiriese plotstruktuur beskryf. Weer eens is dit op die vlak van trope, met Sonntag se ironiese opmerkings, dat die satiriese plot van die *My friend*-narratief ontvou. Dit bewys inderdaad, soos White opmerk, dat 'n gebeurereeks insigself nie tragies, komies of satiries kan wees nie, maar dat dit slegs as sodanig gekonstrueer kan word "by the imposition of the structure of a given story type and its imposition upon the events that endow them with meaning."¹⁴⁷ Let in die volgende voorbeelde op na die bedrywige hand van die redakteur in die konstruksieproses om aan die gebeurereeks die 'gewenste' betekenis te gee.

'n Vroeë aanduiding dat die redakteur daarop ingestel was om die gebeurereeks as satire te plot, of te enkodeer, word gevind in die vertaling van 'n dagboekinskrywing op 23 Mei 1894. Die sendeling-verteller se skyn-beleefdheid teenoor kommissaris Barend Vorster (sr) onthul sy skeptiese gevoel jeens hierdie regeringsamptenaar wat veronderstel is om die vrede te bewaar, maar na die sendeling se oordeel eerder besig is om die Hananwa en die Boere verder van mekaar te vervreem. Die aanhalings (eers in die oorspronklike Duits en daarna soos duideliker ironies geënkodeer in die Engels) verwys na 'n insident waar Vorster se polisiemanne 'n aantal van die sendingstasie se beste gekonfiskeer het, Vorster getalm het om dit terug te besorg en uiteindelik, toe Sonntag 'n besoek aan hom gebring het, die onus na die sendeling verskuif het om die verlore diere te kom opeis:

144. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 124 (1894-08-03).

145. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 160. Sien ook C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 287 (1895-07-24).

146. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 162.

147. H. White, *The content of the form* (Baltimore, 1987), pp. 44-47, soos aangehaal in K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 160.

Der Herr Kommissaris meinte mit der größten Unverfrorenheit: Hier befand sich ein Spann Ochs, ob das nicht vielleicht meine Ochs waren. Die Galle hätte einem überlaufen können. Ich fragte natürlich: Aber ich bitte Sie, Herr Kommissaris von Zoutpansberg, haben Sie den meinen Brief nicht empfangen. Antwort: Ja, ich glaube. Lassen Sie doch die Ochs holen, damit sie nicht etwa andern geben, die Gefallen hätten.¹⁴⁸

Konrad Sonntag het dit soos volg in Engels vertaal:

Without batting an eyelid, the Commandant remarked: "There is a span of oxen here. Could they by any chance be yours? Again my wrath was excited." "But my dear Commissioner of the Zoutpansberg, didn't you receive my letter?" "I think so. Send somebody to fetch them, otherwise they might get lost."¹⁴⁹

Die ironiese implikasie van die aanspreekvorm is duidelik. Reeds in die Duits kan die uiters formele aanspreekvorm as ironie geïnterpreteer word: Met die skyn van respekbetoning gee Sonntag eintlik sy verontwaardiging, selfs minagting, vir die Kommissaris te kenne. Die Engelse vertaling is minder subtiel. Vertaler Konrad Sonntag noem Vorster "dear Commissioner" terwyl hy eintlik 'geslepe, skelm', of selfs 'geklike' bedoel het.

Die redakteur se vasberandenheid om kommissaris Vorster se geslepenheid en derhalwe sy onvermoë om verhoudinge tussen die Boere en die Hananwa te koördineer, uit te beeld, blyk duidelik uit die volgende 'geknip-en-plak' uit verskillende dagboekinskrywings:

'n Wesleyaanse Hananwa-Christen, Hendrik, is as gevolg van 'n misverstand deur ander swart helpers van die Boere doodgemaak terwyl hy 'n opdrag van kommandant Grobler uitgevoer het. Dit het op 6 Julie 1894 gebeur. In die Engelse vertaling, word die dagboekinskrywing vir 6 Julie soos volg afgesluit:

During the investigation that followed, Grobler requested me to send one of my Christians to the Mogalakwena to fetch the diseased Hendrik's tax receipt, as Commandant Vorster, to whose commando Hendrik had belonged, insisted obstinately that the man killed was no Christian at all but an escaped Mohananoa prisoner of war. [En dan die ironiese opmerking wat die insident as deel van 'n satiriese gebeurereeks plot:] This characterised admirable Vorster's way of doing things.¹⁵⁰

148. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 201 (1894-05-23).

149. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 42 (1894-05-23).

150. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 93 (1894-06-06).

In die Duits het die opmerking bloot soos volg gelui: “Das charakterisiert so recht Vorsters Weise.”¹⁵¹ – geen “admirably” om ‘n ironiese verbuiging aan die betekenis te gee nie.

Die Duitse dagboek onthul ook dat redakteur Sonntag die moord en die aanvraag van die belasting-kwitansie, wat eintlik tien dae uitmekaar gebeur het, alles in een dag gekondenseer het. So het hy die ironiese effek van sy vertaling selfs verder verhoog ten einde in die gebeurereeks sterker satiriese inslag te gee: ongeag hóé die Hananwa hulle ook al posisioneer het; teen Vorster kon hulle eenvoudig nie wen nie.

Die volgende voorbeelde van ironiese kommentaar op die verloop van die veldtog teen Mmalebôhō moet veral in gedagte gehou word wanneer die plotting van dieselfde gebeure in Rae se teks ter sprake kom:

Sonntag lewer soos volg kommentaar op die kwistige gebruik van ammunisie:

Manche von den Weißen, die Posten stehen, sind ja so bange, daß sie auf jedes durch einen Windhauch bewegtes Blatt schießen. Kurz, sofort begann von allen Seiten das heftigste Schießen, in das die Bahananoa sich auch einmengten. Es dauerte eine halbe Stunde ehe den Schießen Einhalt geboten werden konnte, so sind Tausend und mehr Patronen unnötig verschossen worden. Der General kann es ja bezahlen.¹⁵²

Konrad Sonntag se Engelse weergawe in *My friend*:

Some of the Whites doing guard-duty were so nervous that they fired at every leaf set aquiver by a gentle breeze. Not a Mohananoa was in sight anywhere but all at once a frenzied fusillade erupted on all sides. It lasted half an hour. This meant that thousands and thousands of cartridges were unnecessarily expended, not to speak of the cannon-shells. After all, why not? The Government paid.¹⁵³

Sonntag se ironiese kommentaar op opmerkings rondom die ‘makmaak’ van swartmense sal ook ‘n vergelyking met Rae werd wees, aangesien hyself ook sterk opinies (d.w.s. ideologiese uitgangspunte) daarvoor gehad het:

151. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 234 (1894-07-15).

152. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 245 (1894-07-29 en 1894-07-30).

153. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 118. Ook in hierdie geval het die redakteur 29 en 30 Julie se inskrywings albei onder die eerste dag gegroepeer.

Darauf gibt es von einigen Herren eine kleine Spitze gegen das Missionswerk, indem sie meinen: Wir werden mit dem Makmaken der Kaffern doch schneller fertig. Ich erwiderte. Das ist ganz richtig. Sie als Kriegsleute schießen sie todt, dann sind sie ganz zahm. Wir als die das Evangelium haben, haben es mit den Hertz zu thun, die auch mehr Widerstand als der Krieg leisten.¹⁵⁴

Die Engelse vertaling sien soos volg daarna uit:

Some of the gentlemen were sarcastic about the work of missionaries, remarking: "Our manner of taming the Blacks is much faster". I countered: "That is quite true. You as soldiers shoot them dead and then they are quite tame. We as servants of the Gospel are concerned with human hearts, which cannot be tamed so easily."¹⁵⁵

Met dié dat redakteur Konrad Sonntag gekies het om sendeling Sonntag se liberale ideologie, soos bevestig deur sy ironiese beeldspraak, in die publikasie van die oorlogsdagboek na te volg en selfs sterker te aksentueer, het gevolg dat die publikasie as 'n satire geplot is. In die voorlaaste twee voorbeelde hierbo (6 & 15 Julie; 29 & 30 Julie 1894) is reeds gesien dat die vierde element van verduideliking, argumentasie, en in hierdie geval wel argumentasie volgens die modus van kontekstualisme, nou saamhang met die ander drie elemente. Een van die wesenskenmerke van ironie is dat dit konteksgebonde is, vandaar dat die redakteur van *My friend* soveel aandag gewy het aan die integrasie van sekere dagboekinskrywings ten einde te verseker dat die moderne leser voldoende in die konteks ingewy sou wees om die ironie te snap. (Sien weer die samevoeging van die inskrywings van 6 en 15 Julie ten einde Vorster se houding teenoor ene Hendrik uit te beeld). Soos ook reeds in 'n vorige hoofstuk aangedui, het Konrad Sonntag nie geskroom om kontekstualiserende frases in die mond van die sendeling te lê nie. Vir 'n treffende illustrasie van hoe die redakteur argumentasie deur kontekstualisme aangewend het om 'n ironiese troep verstaanbaar te maak en daardeur die liberale lewensuitkyk van die sendeling en 'n satiriese beskouing van die verloop van die lewe oor te dra, word weer teruggegaan na die heel eerste voorbeeld. Hierdie keer sal dit nodig wees om die volledige uittreksels uit die Duits en die Engels aan te haal:

What a state of affairs! When the Christians were the first to submit to the Government and pay their taxes they did so at the risk of their lives, because they were intimidated by heathen Blacks who were not in favour

154. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 222 (1894-06-22).

155. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 78 (1894-06-22).

of the Government. *As a reward* they were robbed of their possessions and their houses destroyed.¹⁵⁶

Die onderstreepte gedeelte in die Engels is 'n baie klinkklare verklaring, maar dit stem nie ooreen met die Duitse teks nie:

Das sind ja tolle Zustände. Wenn die Christen sich sofort unterwarfen und ihre Abgaben entrichteten, so war das für sie mit der größten Lebensgefahr verbunden. Wenn sie dann vereint mit dem Missionar ohne Aufhören das Volk zur Unterwerfung ermahnten, so setzten sie sich auch dadurch stets großer Gefahr aus. *Zum Dank* dafür wurden sie beraubt und ihnen gedroht.¹⁵⁷ [As beloning word hulle beroof en gedreig.]

Die onderstreepte Duitse gedeelte beteken naastebly die volgende: “Wanneer hulle dan, verenig met die sendeling, aanhoudend die Volk [Hananwa] tot onderwerping vermaan, stel hulle hulleself ook daardeur steeds in groter gevaar.” Anders as wat Konrad Sonntag in sy Engelse vertaling insinueer, klink dít asof die Christene eerder die Hananwa probeer intimideer het as andersom ...Diegene wat hulle wel gedreig het, was nie die Hananwa nie, maar dieselfde mense wat hulle beroof het: die witmense se handlangers. Soos soveel kere vantevore, wysig die redakteur detail uit die dagboek om sy narratief meer vaartbelyn te maak. Weer eens word dit duidelik dat *My friend* nie 'n vertaalde dagboek is nie, maar 'n narratief waarin 'n bepaalde betekenis aan die hand van baie spesifieke elemente van verduideliking aan 'n stuk verlede gegee word.

Die ideologiese posisie onderliggend aan die beeldspraak in die oorteks en die redakteur se aanwending van al vier elemente van verduideliking ten einde die narratief *My friend* tot stand te bring, bevestig dus Hayden White se argument dat narratiewe net so min by voorbaat reeds in die verlede ingebed is as wat enige persoon ideologie-loos in sy eie hede waarnemings kan maak en weergee.

b. Metafoor en sinekdogee as die oorwegende trope in Colin Rae se bydrae tot *Malaboeh*

In teenstelling met die Sonntag-teks is dit nie in Rae se teks so voor die hand liggend watter tipe troep oorwegend aangewend word om die ander elemente van verduideliking te stut nie. In die afdeling waar die verduidelikings-elemente argument,

156. C. Sonntag, *My friend Maleboeh* ..., p. 79 (1894-06-23).

157. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 223 (1894-06-23).

emplotment en ideologie vir die Rae-tekste vroeër in hierdie hoofstuk bespreek is, is reeds aangedui dat daar nie werklik 'n harmonieuse kombinasie van modusse uit elk van dié drie elemente tot stand gebring is nie. In hierdie afdeling word daardie gedeeltes van Rae se tekste waarvoor hy mees waarskynlik self verantwoordelik was, gefynkam in die hoop dat sy aanwending van beeldspraak meer uitsluitel kan gee oor die betekenis van sy narratief.

Om aan te sluit by die struktuur wat gevolg is in die bespreking van trope in die Sonntag-publikasie, word vervolgens eers 'n kort uiteensetting gegee van die wesenskenmerke van die trope waarna daar op soek gegaan kan word. Twee van die vier trope kan vir die Rae-tekste by voorbaat buite rekening gelaat word. Ironie, die troep wat die nouste met 'n kontekstualistiese argumentasie geassosieer word, is reeds in detail vir die Sonntag-narratief bespreek en is onwaarskynlik om in Rae se taalgebruik te figureer. Metonimia is die figuurlike taalgebruik waarvolgens slegs 'n gedeelte van 'n saak genoem word ten einde die geheel te verteenwoordig (bv. kroon vir koning). Volgens White is metonimia by uitstek dié tipe beeldspraak waardeur 'n meganistiese modus van argumentasie ondersteun word. Soos reeds verduidelik, kan hierdie modus nie met oortuiging vir die Rae-tekste oorweeg word nie. Dit laat die ondersoeker met twee verdere moontlikhede: sinekdogee en metafoor.

Sinekdogee is by uitstek die troep wat 'n organistiese modus van argumentasie ondersteun, aangesien beide integrerend is. As figuurlike taalgebruik behels sinekdogee (en as modus van argumentasie behels organisisme) die verstaan van besonderhede in terme van 'n geheel. Onderliggend aan beide sinekdogee en organisisme is dus die soeke na 'n oorkoepelende doel en sin; die geloof dat alle gebeure bydra tot een makrokosmiese proses. Soos reeds gesien, herinner dit veel aan Rae uitsprake oor wit-swart-verhoudinge, wat vervolgens deeglik vir sinekdogee as modus van figuurlike taalgebruik ondersoek sal word. Nadat Rae se ideologiese uitsprake vir voorbeelde van sinekdogee gefynkam is, sal sy presiese, beskrywende prosa, die kenmerk van 'n formistiese argumentasie, ook ondersoek word, veral vir die voorkoms van metafore, dié troep wat veronderstel is om die beste daarmee te harmonieer. Daar sal gevra word of die voorkoms van metafore Rae se pogings om sy verhaalepisodes as 'n roman te plot, ondersteun. 'n Metafoor, wat ook dikwels 'n beknopte vergelyking genoem word, bevat twee elemente wat deur die outeur se siening bymekaar gebring word. Die sogenaamde *tenor*, verwys na die saak wat die outeur eintlik wil stel (die gegewe). Die beeldspraak lê in die *vehicle*, die figuurlike middel wat aangewend word om dit te doen. Die *vehicle* is die toepassing van die

tenor/gegewe.¹⁵⁸ Wanneer Rae van sekere Boere as “feather-bed soldiers”¹⁵⁹ praat, is die sagtheid en snoesigheid van ‘n verebed die *vehicle* waarmee hy die *tenor*, die Boere se gemaksug, saggeaardheid en gebrek aan veglustigheid, uitbeeld.

Afhangende van die wyse waarop sinekdogee en metafoor in die Rae-tekse figureer, sal ‘n saak uitgemaak kan word tussen watter modusse van argumentasie en emplotment sy tekste huiwer en hoe dit deur sy konserwatiewe ideologie geakkommodeer word. Daar word gehoop dat die aard en voorkoms van beeldspraak, of trope, in Rae se tekste sal aandui watter verduidelikingstrategie hy beoog het, hoe suksesvol hy daarin was, hoe hy vir sy tekortkominge gekompenseer het en wat die implikasie daarvan was vir die betekenis van sy narratief.

In navolging van Jenkins se standpunt dat ideologie die uitgangspunt is van waaruit ‘n outeur sy narratief konstrueer, word met die soektog na trope begin by daardie gedeeltes in Rae se tekste waarin hy sy ideologiese posisie pertinent uitgespel het. Dit is opvallend dat Rae ‘n hele aantal bladsye verteltyd spandeer aan die uitspel van die einste ideologiese posisie wat Sonntag ook by van die Boere teëgekomp het en met snydende sarkasme veroordeel het deur gebruikmaking van die troep ironie. (Sien weer Sonntag se kommentaar op die ‘makmaak’ van swartmense in die vorige onderafdeling). Daarmee is enige moontlikheid dat Rae se tekste ooreenkomste kan vertoon met die elemente van verduideliking waarmee die Sonntag-tekste gekonstrueer is, uitgesluit.

Dit is opmerklik dat Rae met die ideologiese uitsprake wat hier volg, inderdaad bevestig hoe sterk hy ingeskakel is in ‘n konserwatiewe ideologie wat, soos Marxistiese teorie dit stel, die gesag van die dominante sosiale klas reflekteer en in stand hou deur die doelbewuste verbloeming van die realiteit van ekonomiese uitbuiting. Daardeur word verseker dat die ekonomiese verhoudinge in die kapitalistiese samelewing natuurlik en legitiem voorkom:¹⁶⁰

... the policy of the Government in subduing these petty chiefs is for the future good of the country, and the general advancement of the native races ...

....as long as the power vested in the Government is used in bringing out the Kafirs from their strongholds of laziness to work for the advancement

158. A.P. Grové (samesteller), *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*, p. 87. Sien ook Ina Gräbe se bespreking van metafore in T.T. Cloete, *Literêre terme en teorieë*, pp. 288-293.

159. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 57.

160. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 184.

of all classes of industry in the State, so long will it have the countenance of enlightened men.¹⁶¹

Na aanleiding van sy besoek aan Sonntag begin-Julie 1894, het hy dit, soos reeds in vorige hoofstukke aangehaal is, duidelik gestel dat hy dit nie heeltemaal eens was met die sendelinge se werkwyse nie, omdat sy simpatie volkome by die regering se beleid teenoor swartmense gelê het. Hy het gevoel dat die [Boere-]regering, deur die swartmense uit hulle vestings te bring en die “petty chiefs” van hulle magte te ontsê, ‘n veel beter taak verrig het as wat enige sendeling nog ooit kon vermag.¹⁶²

Rae gaan vir ‘n volgende bladsy verteltyd voort om sy saak uiteen te sit. Die moontlikheid is natuurlik ook nie uitgesluit dat hierdie alleenspraak, soos soveel van die ander gedeeltes in sy boek, van ‘n vaardiger outeur as Rae self geleen is nie. Die doelbewuste insluiting van so ‘n sterk ideologies-duidende stuk, en die ooreenstemming daarvan met soortgelyke uitlatings elders in die teks, bevestig nietemin dat wat hier gesê word, wel Rae se persoonlike standpunt moet verteenwoordig. Dit was immers geensins ‘n eksentrieke standpunt vir die tyd nie. Ter wille van die beeldspraak daarin vervat, word verdere uittreksels aangehaal:

While in his kraal the native lives an idle, useless life; he struts and squats like a little demi-god, smoking insangu and drinking utyala, and otherwise satisfying his animal passions; his wives do all the work, and wait upon their lord and master, and are looked upon him as his slaves. This is the state when the Kafir is left to himself, and the missionary works among such people. His (the missionary’s) first object should be (and indeed, must be, if any good results are to follow) to teach them that great lesson which was practised and taught by the Great Master Himself, and of which the greatest of His apostles commanded: “That if any would not work, neither should he eat.” Yes, before any good can be done with these people they must be taught to work, and not to expect others to work for them. The Government is to be commended for its tact and forethought; and owing to its oneness of purpose, namely, the safety and good of the country at all hazards, it will eventually succeed. The Kafir when driven from his kraal is not left to starve, but may always find employment in the various mines at a more than fair wage; indeed, his position in this respect is even better than that of the white man, several of whom at this time, men of high standing and ability, I know to be in actual want, and who would be willing to do the most menial work to obtain a living. When the native is taught to *want*, then he will work; it is no use setting him a good example, which he will not follow; something more

161. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. vii.

162. C. Rae, *Maleboeh* ..., p. 105-106.

forcible must be done. He must be kept under control, and subjected to discipline, and the keynote must be work! work! work!¹⁶³

Wat uit hierdie aanhalings afgelei kan word, is dat Rae die rol van swartmense verstaan in terme van wat hulle beteken vir die groter geheel, 'n samelewing van "enlightened men" waarin vooruitgang die mikpunt is en waarin elkeen geïntegreer moet word om mee te werk. Te oordeel aan Jenkins se uiteensetting van die interaksie tussen sinekdogee en 'n organistiese modus van argumentasie, behoort bostaande aanhalings uit Rae dan as 'n uitgebreide vorm van die troep sinekdogee beskou te kan word:

...a synecdochical trope would sanction a 'figuring out' movement from whole to parts; towards the integration of all apparently particular phenomena into a whole so that the particulars are understood in terms of that whole, as expressive of some sort of totality.¹⁶⁴

Die besonderhede, die "native" wat hom gedra soos 'n demi-god, wat leeglê en sy "animal passions" uitleef terwyl hy sy vrouens soos slawe laat werk, gee alles vir Rae uitdrukking aan die groter totaliteit, die inherente luiheid en slegtigheid van swartmense. Al die pogings van die regering om die swartmense aan die werk te kry, is vir hom verdere besonderhede wat verstaan moet word in terme van die groter geheel: die instandhouding van 'n verligte samelewing. Die swartman pas in die groter kapitalistiese geheel in as werker. Sy plig om te werk word afgelei uit die groter skema. Sy onderwerping word geregverdig deur sy eie slegtigheid. Die essensie van swart-wees is vir Rae om te moet werk ten behoeve van die wit stelsel.

White beweer verder dat ...

synecdoche is the basis for all organicist type explanations. So if, for example, one starts with the idea that all history is the history of class struggle (Marx) or all history is the deathbed of aristocracies (Pareto) so all and every act of class struggle or aristocratic decline can be treated as particular expressions of the general no matter how tenuous that whole-part relationship might 'appear'; in the end that relationship will always be 'found', that is 'imposed'.¹⁶⁵

Vir Rae blyk alle geskiedenis die geskiedenis van die vooruitgang van alle verligte mense in 'n kapitalistiese stelsel te wees; anders gestel, die handhawing van wit gesag

163. C. Rae, *Malaboeh ...*, pp. 106-107.

164. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 170

165. K. Jenkins, *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 170.

oor swart onderdane. Die veldtog teen ‘Malaboch’ is ‘n voorbeeld wat hierdie geskiedsbekouing bevestig.

Rae ondermyn homself egter – hy hou nie die integrering van dele in sy voorafbestemde geheel volkome in stand nie, maar verval eerder in beskrywende prosa. Selfs in bogenoemde aanhalings is die frases figuurlike taalgebruik selde modelvoorbeelde van sinekdogee (“strongholds of laziness” sou miskien as sodanig beskou kon word: swartmense is bestem om onderwerp te word sodat hulle kan werk vir witmense en daarom is dit wat hulle wil verskans juis hulle luiheid.). Die ander figuurlike taalgebruik sal eerder deurgaans as eenvoudige vergelykings (“squats around *like* a demi-god”) of metafore (“animal passions”; *tenor* = drifte van die swartman; *vehicle* = onbeheersdheid van ‘n dier). Rae se beskrywings van elke aspek van die landskap (die bome, die bosse, die bergagtige terrein, die rotse) as verteenwoordigend van die Hananwa, die vyand wat verower moet word, geniet meer aandag in hoofstuk nege. Sodanige beskouing van die landskap, kenmerkend van laat-negentiende-eeuse vertellings en geensins vreemd aan ‘krygstaal’ nie, kan moontlik ook as voorbeelde van sinekdogee beskou word.

Die beskrywende prosa wat die oorheersende trant in Rae se teks is (eie werk en plagiaat ingesluit), is natuurlik die onderskeidende kenmerk van ‘n formistiese, en nie ‘n organistiese, modus van argumentasie. Die prosateks is nogtans nie ryk aan metafore nie. Geykte uitdrukkings is volop (“shoulder to the wheel”; “fruitless attempt”).¹⁶⁶ Wanneer Rae wel metafories probeer raak, is dit selde ter ondersteuning van die romantiese plotstruktuur (wat sou kon harmonieer met die formistiese argumentasie), hoewel dit duidelik ‘n verhaal van triomf van goed oor sleg is wat in die opeenvolgende episode-opskrifte geplot word. Enkele voorbeelde:

- THE FIRST SKIRMISH
- FIRST CASUALTIES
- THE FIRST FUNERAL
- MORE CASUALTIES – DEATH OF SCHMIDT
- NEARING THE END – SURRENDER OF WOMEN AND CHILDREN
– MALABOCH SPEAKS
- THE SURRENDER OF MALABOCH
- A COUNCIL OF WAR
- TRIUMPHAL ENTRY INTO PRETORIA – THE RECEPTION
COMMITTEE – THE PRESIDENT’S SPEECH

166. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 26 & 177.

Die enkele metafore waaraan Rae sy hand waag, raak nie regtig ernstig nie, maar omskep wat skynbaar beslissende momente moes gewees het, in amusante insidente, in hierdie geval, waar die Marico-Boere geweier het om 'n fort te bou. (Vergelyk dit met Sonntag se fronsende ironisering van die Boere se vermorsing van ammunisie.)

This circumstance, amounting to mutiny, placed the General in an awkward position. It proved the truth of the proverb of bringing a horse to the water, but the impossibility of making him drink. The Marico men playing the part of the horse, the water is well exemplified by the fort to be built, overlooking a running stream. But even the General's own orders would not make the horse drink, nor prevent his kicking.¹⁶⁷

Rae kan oor alles glimlag, maar, ten minste vir hierdie leser in 2000 (soos ook vir 'n resensent van *The Star* 'n honderd jaar gelede – sien hoofstuk ses oor die ontvangs van die Rae- en Sonntagtekste) vloei veldslae, krygsrade, begrafnisse, skietstilstande, gevangenes, oorwinning en vernedering net té spanningsloos by Rae verby.

Dit lyk, ten slotte, asof Rae se narratief in 'n groot mate misluk omdat sy aanwending van trope hom parte gespeel het. Hy soek nie genoeg geleentheid om voorbeelde te gee van insidente waar witmense optree as hardwerkende “enlightened men” en swartmense optree volgens die verskriklike eienskappe wat hy aan hulle toegedig het nie. Daarmee stort sy organistiese argumentasie, wat moes steun op sinekdogee, in duie. Flou metafore is nie voldoende om wat Rae as amusant beskou amusant aan die leser voor te hou nie. Geslaagde komedie is sy teks dus ook nie. Die metafore hou in 'n mate 'n formistiese argumentasie en 'n romantiese plotstruktuur in stand, maar die laaste hoofstuk oor die dood van vriende en kennisse en die insluiting van die Jameson-inval as bylae ondermyn dit. Dit laat die oorwinning oor die swartes waarop die romanstatus van die teks so swaar moes steun, in die skadu staan van 'n meer komiese plotstruktuur; dat die Engelsprekende Tranvalers hoogstens tydelike oorwinning oor hulle situasie behaal het. Diagrammaties voorgestel, pendel Rae se teks dan tussen die volgende homologieë, met 'n sterker aantrekking tot die onderstreepte modusse:

167. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 142.

ARGUMENTASIE	EMPLOTMENT	IDEOLOGIE	TROOP
formisties	roman	anargisties	metafoor
organisties (word in 'n paar alleensprake geloods, maar kom nooit werklik van die grond af nie)	komedie	<u>konserwatief</u>	Sinekdogee (ondersteun slegs die uitspreek van enkele organistiese voornemens)

Al waarvan die leser seker kan wees, is Rae se ideologiese posisie, wat Jenkins se kommentaar op White, dat ideologie selfs die keuse van trope voorafgaan, ondersteun.

Die nut van White se elemente van verduideliking

Die identifisering van Sonntag en Rae se gekose elemente van verduideliking, laat 'n mens nuwe vrae vra oor die betekenis van elke teks; dit bevestig veral die *invented* aard van die historiese narratief; dat die redakteurs ook alternatiewe keuses kon maak het, dat een enkele waarheid oor die Boer-Hananwa-oorlog nie bereikbaar is nie. Wat White se benadering veral uitwys, is dat die struktuur van 'n historiese teks as 'n geheel, betekenis skep. Betekenis moet nie slegs op mikrovlak uit individuele standpunte probeer afgelei word nie. Soos probeer illustreer is in hierdie hoofstuk, is daar 'n verband tussen die wyse waarop verskillende elemente van verduideliking aangewend word om betekenis tot stand te bring. Die waardevolste insig waartoe White ons waarskynlik kan bring, is dat geskiedenis nie geskryf – of gelees hoëf te word as die resultaat van objektiewe empiriese navorsing of as 'n stuk subjektiewe literatuur nie, maar as “a representation of past life and culture.”¹⁶⁸

Dit is baie belangrik om in gedagte te hou dat 'n narratief alleenlik betekenis kan oordra indien dit gelees word - en dat lees ook 'n aktiewe proses is. By elke herlees word 'n teks opnuut deur die leser geïnterpreteer. Dit maak dus sin dat White beweer dat “the most convincing stories told by historians will be those that echo contemporary cultural myths and beliefs.”¹⁶⁹ Michel Foucault gebruik die konsep

168. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 141.

169. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 157.

epistēm om te verduidelik hoe ‘n kultuur binne ‘n bepaalde historiese periode kennis bekom en organiseer. Die epistēm verbind alle losstaande diskoerse (godsdienstig, wetenskaplik, histories, ens.) in ‘n koherente denkstruktuur gebou op ‘n stel gedeelde aannames wat diep in die menslike bewussyn vasgelê word deur die tropingsproses.¹⁷⁰ Colin Rae, heelparty van die figure in Christophs Sonntag se dagboek (in ‘n mate selfs die sendeling self) en natuurlik ‘n aansienlike aantal van hulle tydgenootlike lesers, het dieselfde epistēm gedeel. Dit verklaar waarom Rae en die Boere in Sonntag se geselskap dieselfde oplossing vir die ‘makmaak’ van swartmense gehad het. Rae se teks het die epistēm van wit Suid-Afrika teen die wisseling tussen die 19de en die 20ste eeu geëggo – soos White dit stel, die keuse van ‘n bepaalde modus van emplotment is uiteindelik ‘n produk van die epistēm waarin dit geskryf is.¹⁷¹ Indien Rae ‘n bedreuer skrywer was en hy sy elemente van verduideliking sterker op die epistēm van sy tydgenote kon afspeel, sou sy boek waarskynlik ‘n groter sukses gewees het – hoe ongeloofwaardig sy verduidelikings ook al vandag vir ons, met ons totaal ander epistēm, klink.

Sendeling Sonntag het in die 1890s sy opinies wat in konflik was met die epistēm van witmense soos Rae, vir homself gehou. ‘n Epistēm, as ‘n denkstruktuur waaruit bepaalde retoriese konstruksies voortspruit en waarbinne ander, as gevolg van die heersende aannames oor kennis, onaanvaarbaar is, het immers implikasies vir die uitoefening van politieke mag tot voordeel van bepaalde groepe ten koste van ander – in 1894, sendelinge en swartmense. Teen die laaste kwart van die twintigste eeu het die epistēm in Suid-Afrika sodanig verander dat daar lesers was wat ontvanklik was vir Konrad Sonntag se verwerking van sendeling Christoph Sonntag se dagboek.

Dit bring ons by Hayden White se politieke agenda met sy teorie oor die skep van betekenis in historiese narratiewe. Sy standpunt dat geen narratief – nóg die Rae-tekste nóg die Sonntag-tekste nóg die narratiewe van die intertekste van hierdie twee tekste – inherent aan die verlede self is nie. Een en elkeen daarvan is ‘n konstruksie en géén konstruksie is ideologies of andersins onskuldig nie. Dit staan óf in diens van die instandhouding van die *status quo* of die ondermyning daarvan. Omdat die narratief nie in die verlede self ingebed is nie, kan dit altyd volgens ‘n alternatiewe emplotment gekonstrueer word. Die Hananwa is nie verdoem om die witmense se houthakkers en waterdraers te wees omdat Rae dit in sy verhaal probeer bewys het nie. Net so min bewys die ‘geskiedenis’ dat mense maar moet berus in hulle lot en onreg moet verduur omdat hulle nie bestem is om die heersende politieke situasie omver te werp

170. A. Munslow, *Deconstructing history*, pp. 182-183.

171. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 157.

nie – al *lyk* dit so volgens Konrad Sonntag se narratief. Dit is wel moontlik om die gebeure van 1894 by Blouberg anders te plot; ‘n historikus soos Tlou Makhura het dit byvoorbeeld in sy MA-verhandeling gedoen. “For in the end, says White, if one wants to liberate oneself from narrative closures of the past, then everything depends on how one studies it and to what end.”¹⁷²

Geen narratief sal die laaste sê oor die Boer-Hananwa-oorlog kan hê nie; die struktuur van ‘n narratief eggo die episteme waarin dit geskryf is, en episteme verskil vir kulture en tye. Vir Frank Ankersmit is die “‘intertextual’ interplay between our historical narratives” al wat historici tot hulle beskikking het. Dit is deur dié voortdurende debat tussen verskillende narratiewe interpretasies, en nié deur ongeïnterpreteerde bewysstukke nie (hoewel die bewysstukke beperkings plaas op die moontlikhede van interpretasies), waardeur historiese kennis gegenereer word, waardeur die verlede betekenis verkry. Solank so ‘n debat in ‘n hede gevoer word, sal die sosiale en politieke klimaat van die alledaagse lewe onvermydelik as nog ‘n interteks by die debat betrek word.

Soos reeds in vorige hoofstukke genoem, was Rae se narratief ‘n interteks vir die konstruksie van Konrad Sonntag se narratief; albei hierdie narratiewe is as intertekste betrek by die narratiewe waarin historici die interpretasie-debat oor die 1894-gebeure gedurende die afgelope dekade voortgesit het. In die volgende hoofstukke word die “intertextual interplay” tussen Rae en Sonntag se tekste voortgesit ten einde te vergelyk hóé wáttter intertekste in die twee narratiewe opgeneem is en wat die effek daarvan was. Alternatiewe interpretasiemoontlikhede word oorweeg vir hierdie intertekste waarop die vergelyking die kollig laat val.

172. K. Jenkins, *On ‘What is history?’ From Carr and Elton to Rorty and White*, p. 144.

VIII DIE OORSAKE VAN DIE BOER-HANANWA-OORLOG VOLGENS RAE EN SONNTAG

Stories are not lived but told. Life has no beginnings, middles or ends: there are meetings, but the start of an affair belongs to the story we tell ourselves later ...¹

... aldus Louis Mink. Ten spyte daarvan dat boeke soos Rae se *Malaboeh* en Sonntag se *My friend Maleboeh* aangebied word asof dit reeds in storievorm was toe dit bloot as uittreksels uit die ‘werklikheid’ opgeteken is, geld Mink se kommentaar net soveel vir hierdie twee tekste as vir enige ander stories. Die begin van die twee tekste was besluite, eerder as ‘ontdekkings’ van die vertellers. Elke poging om uit te lê waarom die konflik van 1894 tussen die Hananwa en die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) plaasgevind het, is die resultaat van agternaperspektief – vandaar die betrekking van ‘n addisionele verteller in Colin Rae se teks om die *Real Causes* van die oorlog te verklaar en die rondspring tussen (en selfs verswyging van) datums by die dagboekinskrywings wat Konrad Sonntag vir die *Prologue* tot *My friend* gekies het. Die sendeling se eie lys redes vir die oorlog, (afleidings wat hy eers *sodra* die oorlog uitbreek, maak – en dan *terugskouend* oor die twee jaar wat hy onder die Hananwa gewoon het) bevestig die filosoof Nietzsche se gewaarwording dat oorsake inderdaad nie die oorspronklike nie, maar die sekondêre gegewens in ‘n konstruksie van die verlede is. Dit is eers soos wat die gevolg duidelik word, dat die storieverteller die oorsake agtermekaar kry.² Soos enige ander aspek van die ‘verledes’ wat ons konstrueer, is ook oorsake nie ‘n vaste gegewe nie, maar ‘n seleksie van bepaalde spore uit die verlede en die kombinasie daarvan op ‘n bepaalde wyse wat die verteller in daardie stadium pas.

Wáárom die Boer-Hananwa-oorlog uitbreek het, is ‘n kwessie wat in geen twee van die ondersoeke wat tot dusver geloods is, ooreenstemmend aangebied word nie.³ Die meeste navorsers (met die uitsondering van Weidemann) het beide *Maleboeh* en *My friend* gelees en inligting uit die twee tekste in hulle verklarings ingewerk. In hierdie hoofstuk word die teksgedeeltes waarin Rae en Sonntag elk hulle eie verklarings vir hulle implisiete lesers aanbied, nie in ‘boustene’ opgebreek om in een omvattender verklaring opgeneem te word nie. Hoe gebrekkig of ongeloofwaardig dit uiteindelik ook al bevind mag word, word die twee opsies eerder as verklarings ‘in eie reg’, naas

-
1. L. Mink, History and fiction as modes of comprehension, *New Literary History* 1, 1970, pp. 541-558, soos aangehaal in A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 161.
 2. Sien bespreking van F.R. Ankersmit, Historiography and postmodernism, *History and theory* 28, 1989, pp. 141-142.
 3. Sien die voorwoord en hoofstukke een en twee vir verwysings na die studies tot dusver onderneem.

mekaar gestel. Die vraag word nie in die eerste plek gestel wat dié juiste voorstelling is nie, maar juis wát die twee redakteurs in hulle onderskeie tekste probeer voorstel het. Daar sal vanselfsprekend teenstrydighede wees tussen die twee tekste onderling, sowel as tussen hierdie twee tekste en dit wat in ander bronne opgespoor kon word. Dit bevestig dat die mees verantwoordbare, mees betroubare, mees omvattende weergawe van die oorsake wat deur 'n historikus gekonstrueer sou kon word, waarskynlik juis dié minste verteenwoordigend sou wees van dié voorstellings van die situasie waarmee elk van die betrokke partye teen die tyd van die gebeure hulle betrokkenheid sou verklaar. Die situasie soos wat die onderskeie kampe dit vir hulleself voorgestel het, was wat hulle genoop het om by die konflik betrokke te geraak het. Nóg Rae en nóg minder Sonntag, of vir daardie onthalwe, enige ooggetuie, kan onproblematies as verteenwoordiger van enige van die vegtende partye beskou word. Derhalwe is die historikus, in haar nuuskierigheid om die onderskeie kampe se voorstellings van die omstandighede wat op oorlog uitgeloop het, te konstrueer, onvermydelik daaraan uitgelewer om te moet raai oor dit wat nie in die twee tekste gesê word nie.

Rae het “The real cause of the war” as inleiding tot sy boek ingevoer. Christoph Sonntag se verklaring vir die konflik is te vinde in ‘n dagboekinskrywing op 19 Mei 1894. Hierdie is dan die uittreksels uit die twee tekste waarop in hierdie hoofstuk gefokus word.

Die waarheid volgens Colin Rae

Die sleutelgetuie in Colin Rae se verstaan van die uitbreek van die 1894-oorlog was ene Anthony Vlotman (Figuur 14), wat kommissaris Barend Vorster in 1890 na Blouberg vergesel het in ‘n poging om belasting van Mmalebôhò in te vorder. Volgens Vlotman het Mmalebôhò nie voor Vorster verskyn waar laasgenoemde aan die voet van die Hananwa se bergvesting op hom gewag het nie. Vlotman se getuienis gee te kenne dat die Hananwa dreigend opgetree het en dat daar in die boodskappe wat Mmalebôhò na die kommissaris gestuur het, geen aanduiding was van enige intensie om onderhorigheid aan die ZAR te betoon nie.⁴

4. C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, pp. xvii-xix.



Figuur 14: Anthony Vlotman (staande, tweede van regs) en Colin Rae (hukkende figuur derde van links) saam op kommando tydens die veldtog teen Mmalebôhò.

Uit: C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, p. 14; Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: Foto 1547.

Nie sendeling Christoph Sonntag nie, maar wel vertaler Konrad Sonntag het Vlotman se getuienis ook in ag geneem in sy verbeelding van die aanloop tot die oorlog.⁵ Dieselfde vertelling is inderdaad in onderskeidelik die inleiding en die voorwoord tot beide publikasies opgeneem, maar met teenoorgestelde effek. Colin Rae verskaf Vlotman se getuienis onder die volgende opskrifte:

INTRODUCTION.
THE REAL CAUSE OF THE WAR.

*Mr. Anthony Vlotman's verbatim Narrative.*⁶

Die woorde “real” en “verbatim” is ingevoeg om geloofwaardigheid aan die vertelling te gee. Dit gee tegelykertyd te kenne dat die redakteur, Colin Rae, self die getuie as geloofwaardig ervaar het. Daar kan aanvaar word dat sekere tydgenootlike lesers dit ook in hierdie gees van vertrouwe gelees het. Die wyse waarop Konrad Sonntag die Vlotman-vertelling uit die Rae-publikasie in sy 1983-publikasie opgeneem het, bevestig dat hy een leser was wat nie die Vlotman-getuienis sonder voorbehoud aanvaar het nie. Die enigste rede waarom hy dié getuienis in sy voorwoord tot die

5. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), pp. xvi-xviii.

6. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xvii.

Sonntag-dagboek plaas, is om sy lesers in staat te stel om dit te vergelyk met die verduideliking wat uit die sendeling se dagboek na vore kom - of eerder, wat hy as redakteur uit die sendeling se dagboek na vore sou *bring*.

Captain Dahl's⁷ and Anthony Vlotman's reasons for the war may be compared with those of Christoph Sonntag in the narrative that follows.⁸

Met hierdie onderbeklemtoonde opmerking, plaas Konrad Sonntag die onus om te besluit of sy sendeling-vader of Rae se weergawe die betroubaarste is, op die leser, maar in der waarheid het hy met die wyse waarop hy Rae se Vlotman-weergawe in sy voorwoord geplaas het, reeds by die leser die verwagting geskep dat wat uit sendeling Sonntag se dagboek gaan volg, veel toereikender gaan wees. Op vernuftige wyse probeer redakteur Konrad Sonntag die leser aan sy kant kry.

Kan die leser dalk meer inligting bekom om die relatiewe betroubaarheid van Vlotman se getuienis te probeer bepaal? Die inligting van Sonntag se informante, wat ook in hierdie hoofstuk onder bespreking kom, bied natuurlik 'n maatstaf waarteen Vlotman se weergawe vergelyk kan word, maar dit sou tog ter wille van die evaluasie van Rae se teks verkieslik wees om die Vlotman-vertelling ook as getuienis in eie reg te ondersoek.

Wie was Anthony Vlotman? Wanneer Rae die name van die persone noem saam met wie hy vir die duur van die veldtog in luitenant Sarel Eloff se *No. 2 mess* ingedeel was, is sersant Anthony Vlotman onder hulle. Rae verwys heel dikwels in sy vertelling na Vlotman, soms heel informeel as "Tony Vlotman".⁹ As lede van dieselfde eenheid moes hulle tussen Mei en Augustus 1894 dikwels in mekaar se geselskap gewees het, wat dit hoogswaarskynlik laat lyk dat Rae wel die vertelling waarmee hy sy boek begin, persoonlik van Vlotman kon gekry het. 'n Brief van kommissaris Barend Vorster wat in die Argief van die Staatsekretaris van die ZAR

7. Gunder Christian Oscar Dahl was in diens van die Deense Marine voordat hy in die vroeë 1870's in die Kaapkolonie aangekom het. Teen die middel-sewentigs was hy reeds as handelaar in die distrik Soutpansberg gevestig. Hy het homself spoedig onderskei as 'kenner' van die swart gemeenskappe en was sedert 1876 as kommissaris gemoeid met die invordering van belasting namens die Transvaalse Regering. Tydens 'n onderbreking in sy dienstyl as kommissaris in die noorde van die ZAR (1889-1895), het hy sy invloed gebruik om die ZAR-regering te berispe omdat hulle alle swart gemeenskappe nie "gelyk" behandel het nie en sekere leiers "ongestraf" laat bly het. Hy was 'n groot voorstander daarvan dat die Venda-leier, Makhado, as magsfaktor geneutraliseer moes word. W.J. de Kock & D.W. Krüger, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, pp.157-158.

8. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. xviii.

9. C. Rae, *Malaboeh* ..., pp. 12, 14, 24 & 28.

opgespoor is,¹⁰ bevestig verder dat ene A.C. Vlotman wel die insident soos deur Rae opgeteken, beleef het.

Vlotman se vertelling en Vorster se verslag stem sodanig ooreen dat daar met redelike sekerheid afgelei kan word dat daar na een en dieselfde insident verwys word. Die volgende inligting word deur albei weergawes ondersteun: Kommissaris Vorster en 'n groepie manne het na Blouberg gegaan om belasting van Mmalebôhō in te vorder. Mmalebôhō het nie van sy bergvesting afgekóm om hulle te woord te staan soos wat Vorster hom laat weet het nie. Vorster en 'n paar manne het toe 'n entjie teen die berg opgegaan en toe hulle afgekóm het, is daar op hulle geskiet. Intussen is twee perde (onder andere die van Vlotman) deur die Hananwa buitgemaak, maar hulle is weer teruggekry. Hooggeplaasde verteenwoordigers van Mmalebôhō het die berg afgekóm om die kommissaris te kom spreek terwyl hy en sy groepie volgelinge deur 'n groot aantal gewapende Hananwa-krygers omsingel is. Beide Vlotman en Vorster het getuig dat hulle vir hulle lewens gevrees het. Uit die onderhandelinge met die Hananwa-afgevaardigdes het dit vir albei duidelik geblyk dat Mmalebôhō nie bereid was om 'n sensus te laat opneem of belasting aan die ZAR te betaal nie. Vlotman se bewering dat Vorster deur die Hananwa-afgevaardigdes vir Mmalebôhō gedreig het dat dit die laaste keer was dat die ZAR-regering hom om belasting sou kom vra, lyk geloofwaardig in die lig van die volgende aanhaling uit Vorster se verslag:

Er blywe dus voor my geene aanbeveling om genade voor hem - Doch ik zou ten strengste aanbevelen om in de beginne van den maand April 1891 eene aanvang zal gemaakt worden om deze Staats Rebel tot hunnen picht te bringen.¹¹

Uit beide weergawes kan afgelei word dat daar ten tye van die verhaalde insident nog geen verwagting gekoester is dat Mmalebôhō se halfbroer, Kibi, en sy volgelinge met die ZAR-regering sou saamwerk nie.

'n Basiese verskil tussen die Vlotman- en Vorster-getuies, is dat Vlotman se vertelling 'n herinnering van 'n paar jaar tevore is, terwyl die Vorster-verslag skynbaar op dieselde dag as waarop die insident plaasgevind het, opgeteken is. In Vlotman se herinnering het sy daterings en persepsie van tydsverloop verwronge geraak.

-
10. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Pretoria: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, pp. 77-80: Wd Landdrost Pietersburg zendt Rapport van Commissaris Vorster waarin hy meldt van botsingen die hy had by de vordering van belasting by Kapitein Malleboch, 1890-12-19.
11. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, p. 79: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19.

Vorster se verslag, waarin hy die konfrontasie van “heden ohtend” verhaal, is gedateer 15 Desember 1890. Ook ander argivale dokumente uit die tyd¹² en opmerkings wat Vlotman self maak,¹³ bevestig dat sy datering van die insident ‘n jaar later, in Desember 1891, ‘n geheue-fout moes gewees het. Dit onderstreep hoe riskant dit vir ‘n navorser sou wees om Vlotman se getuienis sonder korroborasie as bewysmateriaal vir Rae se boek aan te haal. Nog ‘n anachronisme is Vlotman se beskrywing van die plek waar Vorster en sy afdeling gekamp het “at the foot of the mountain close to the Rev. Sonntag’s mission station.”¹⁴ Christoph Sonntag het eers in Augustus 1892 op Blauberg aangekom.¹⁵ Ten tye van die voorval moes die sendingstasie dié van sy voorganger, Carl Heinrich Christian Stech,¹⁶ ‘n vriend van kommissaris Vorster, gewees het.¹⁷ In ag geneem dat Vlotman die situasie in 1894 vir Rae, wat geen agtergrondkennis gehad het nie, probeer skets het, is dit wel te verstane waarom hy Sonntag se stasie vermeld. Dit is immers ‘n verwysingspunt wat vir Rae bekend sou wees.

Bo en behalwe die foutiewe jaartal, dui die vergelyking met Vorster se verslag ook aan hoe tydsaanduiding in dae en ure in Vlotman se herinnering vervloei geraak het, terwyl Vorster dit direk na die gebeure nog redelik presies vermeld het. Wat Vlotman in sy vertelling in twee dae inpas, het volgens Vorster eintlik oor vier dae gebeur. Vlotman noem ook slegs ‘n enkele groep boodskappers wat deur die kommissaris na Mmalebôhō gestuur is. Uit Vorster se verslag blyk dat daar ook ‘n tweede afvaardiging moes gewees het, wat opgestuur is om die uitlewering van diegene wat op die kommissaris geskiet het, te eis. Wat Vlotman slegs as die gebeure van “the next morning”¹⁸ onthou het, word meer presies in Vorster se verslag teruggevind onder die tydsaanduiding: “In weinigen tyd (omtrent twee uren) later ...”¹⁹

Vlotman se herinnering, synde ‘n dramatiese vertelling, bevat in heelparty opsigte meer besonderhede as Vorster se saaklike verslag. In sommige gevalle is die ekstra inligting praktiese informasie. Sulke inligting bevestig dat Vlotman wel ‘n fyn waarnemer moes gewees het en dat die detail en uiteensettings wat hy verskaf nie sonder meer afgeskryf kan word as opgemaak in die verbeelding nie. ‘n Paar punte ter illustrasie: Terwyl Vorster slegs geskryf het dat hy Mmalebôhō die oggend van die

-
12. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 849/90, pp. 85-87: Commissaris Kalkbank bericht dat Kapt. Kewe indien hij zijne belasting betaald heeft hulp aanvraag bij de Regering tegen Maleboch, 1890-12-23; R. 17552/90, SR. 813/90, pp. 65-66: Staatssekretaris – Superintendent van Naturellen, 1891-01-14.
 13. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xviii.
 14. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xvii.
 15. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 1.
 16. L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, p. 442.
 17. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, pp. 89-92, C. Stech – B. Vorster, 1891-02-01.
 18. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xviii.
 19. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, p. 78: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19.

twaaftde Desember laat roep het om die berg af te kom, het Vlotman gespesifiseer dat “some of the missionary Kafirs”²⁰ gestuur is om dié opdrag uit te voer. In Vorster se verslag word ook slegs vermeld dat Mmalebôhō op vyftien Desember sy broer in sy plek gestuur het; Vlotman spesifiseer dat tien van Mmalebôhō se hoofindunas van die berg afgekom het om met die kommissaris te onderhandel.²¹ Vlotman se opmerking dat Mapene en Kibi ten tye van die voorval nog die ZAR-regering vyandiggesind was en eers daarna met die Boere begin saamwerk het,²² is ingevoeg ter wille van ‘n persoon so oningelig oor die Soutpansbergse situasie soos Rae. Die hedendaagse leser vind ook baat by sulke verduidelikende opmerkings. Die Vorster-verslag oor die een spesifieke voorval wat op 15 Desember 1890 plaasgevind het, kan natuurlik nie inligting verskaf oor hoe verhoudinge met Kibi daarná, tot en met die 1894-oorlog verloop het nie. Dat sake wel verloop het soos wat Vlotman verduidelik, kan uit ander argivale dokumente van die jare 1891-1894 bevestig word²³ en stel sy integriteit in beter lig.

In ander gevalle kom gespesifiseerde informasie tog voor om deel van Vlotman se vertelstrategie te wees. Na drie en ‘n half jaar haal hy byvoorbeeld steeds Mmalebôhō se “impudent message” in die “exact words” van die Hananwa-leier aan - vergesog as in ag geneem word dat die boodskap teen daardie tyd van die mond van die *kgosi* na die sendeling se boodskappers, na die kommissaris en uiteindelik na Vlotman oorgedra is en boonop uit Sepedi in Nederlands en in Engels vertaal moes word: “I am baas upon this mountain and shall not allow the census to be taken”.²⁴ Indien Mmalebôhō wel hierdie boodskap saam met Vorster se eerste boodskappers (die enigstes waarvan Vlotman vertel) gestuur het, is dit verbasend waarom Vorster dit nie in sy verslag opgeneem het nie. Die wyse waarop hy sy verslag bewoord, sluit nie uit dat ‘n uitspraak van hierdie aard gemaak kón gewees het. Dit kon gebeur het tydens die ontmoeting met Mmalebôhō se afvaardiging – volgens Vorster, ‘n paar uur na die skietvoorval; volgens Vlotman, eers die volgende oggend, te midde van (en daarvoor is die getuies dit eens) dreigende Hananwa-krygers wat hulle omsingel het.²⁵

20. C. Rae, *Malaboch* ..., p. xvii.

21. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, p. 78: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19; C. Rae, p. xviii.

22. C. Rae, *Malaboch* ..., p. xviii.

23. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 849/90, pp. 85-87: Commissaris Kalkbank bericht dat Kapt. Kewe indien hij zijne belasting betaald heeft hulp aanvraag bij de Regering tegen Maleboch, 1890-12-23.

24. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. xvii-xviii.

25. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, p. 78: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19; C. Rae, *Malaboch* ..., p. xviii.

Dat Vlotman die aantal gewapende Hananwa wat hulle omsingel het na 'n paar jaar op tweeduisend skat terwyl Vorster se verslag dit as ongeveer 'n duisend aangee,²⁶ mag dalk dui op oordrywing wat met herinnering ingetree het. Nogtans is dit opmerklik dat Vlotman en Vorster, ongeag die feit dat 'n paar jaar verloop het tussen Vlotman se ervaring van die insident en sy in-herinnering-roep daarvan, in hulle getuienis soortgelyke emosies daaromtrent geopenbaar en die gebeure ook feitlik dieselfde geïnterpreteer het. Dit blyk dus asof inligting met oorlewering nie noodwendig verander word nie, maar dat bepaalde indrukke, in hierdie geval die vyandiggesindheid van Mmalebôhō, tog deur die byvoeging van meer besonderhede aangedik kan word. Ter illustrasie, verdere voorbeelde van hoe Vorster se samevattende getuienis deur Vlotman se gedetailleerde vertelling aangevul word:

Vorster:

Zij weigerde ten eene male om Hut-belastingen te betalen en ook om hulle Census te laten opmaken. De grootste brutaliteit en rebelschap werd hier in dezen dag getoond tegen het Gouvernement der ZAR door deze Malleboch en zijne onderhoriges.²⁷

... onbeschrijflijk was de toestand waarin ik met de achttien man in deze dag verkeerd hebbe. Had ik deze achttien man in deze dag niet met mij gehad, vreesde ik dat ik (volgens geheime waarschuwingen aan mij gedaan) ik met mijne klerk & tolk zeker heden zoude vermoord geweest zijn. De Kaffer (Malleboch) heeft in deze dag getoond dat hij eene Rebel is tegen het Gouvernement der ZAR en is gereed voor oorlog.²⁸

Vlotman:

Before the interview the Commissioner requested the Indunas to leave their guns on the other side of the hedge, which they did. Some Kaffirs, however, were stopped when nearing the spot chosen for the interview, and told to retire to a distance with their arms, and only to approach the Commissioner unarmed. But one Kafir came within the prescribed limits with his gun, and, on the Commissioner personally telling him to go away, he refused. The Indunas were most insulent during the whole proceedings, and all our men stood to their guns, as we quite expected to be massacred.²⁹

... Induna then repeated Malaboch's words, that they did not intend paying any taxes, as they were the rightful owners of the mountain, and

-
26. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, pp. 78-79: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19; C. Rae, *Malaboch ...*, p. xviii.
27. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, pp. 78-79: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19.
28. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, p. 79: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19
29. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xviii.

Dat Vlotman die aantal gewapende Hananwa wat hulle omsingel het na 'n paar jaar op tweeduisend skat terwyl Vorster se verslag dit as ongeveer 'n duisend aangee,²⁶ mag dalk dui op oordrywing wat met herinnering ingetree het. Nogtans is dit opmerklik dat Vlotman en Vorster, ongeag die feit dat 'n paar jaar verloop het tussen Vlotman se ervaring van die insident en sy in-herinnering-roep daarvan, in hulle getuienis soortgelyke emosies daaromtrent geopenbaar en die gebeure ook feitlik dieselfde geïnterpreteer het. Dit blyk dus asof inligting met oorlewering nie noodwendig verander word nie, maar dat bepaalde indrukke, in hierdie geval die vyandigheidsindheid van Mmalebôhò, tog deur die byvoeging van meer besonderhede aangedik kan word. Ter illustrasie, verdere voorbeelde van hoe Vorster se samevattende getuienis deur Vlotman se gedetailleerde vertelling aangevul word:

Vorster:

Zij weigerde ten eene male om Hut-belastingen te betalen en ook om hulle Census te laten opmaken. De grootste brutaliteit en rebelschap werd hier in dezen dag getoond tegen het Gouvernement der ZAR door deze Malleboch en zijne onderhoriges.²⁷

... onbeschrijflijk was de toestand waarin ik met de achttien man in deze dag verkeerd hebbe. Had ik deze achttien man in deze dag niet met mij gehad, vreesde ik dat ik (volgens geheime waarschuwingen aan mij gedaan) ik met mijne klerk & tolk zeker heden zoude vermoord geweest zijn. De Kaffer (Malleboch) heeft in deze dag getoond dat hij eene Rebel is tegen het Gouvernement der ZAR en is gereed voor oorlog.²⁸

Vlotman:

Before the interview the Commissioner requested the Indunas to leave their guns on the other side of the hedge, which they did. Some Kaffirs, however, were stopped when nearing the spot chosen for the interview, and told to retire to a distance with their arms, and only to approach the Commissioner unarmed. But one Kafir came within the prescribed limits with his gun, and, on the Commissioner personally telling him to go away, he refused. The Indunas were most insulent during the whole proceedings, and all our men stood to their guns, as we quite expected to be massacred.²⁹

... Induna then repeated Malaboch's words, that they did not intend paying any taxes, as they were the rightful owners of the mountain, and

-
26. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, pp. 78-79: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19; C. Rae, *Malaboch* ..., p. xviii.
27. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, pp. 78-79: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19.
28. TAB: SS. 4140, R. 17552/90, SR. 813/90, p. 79: Rapport van Commissaris Vorster, 1890-12-19
29. C. Rae, *Malaboch* ..., p. xviii.

not the Boers. The Commissioner told the Indunas to tell Malaboch that that was the last appeal the Government intended to make for taxes. The Kafirs then retired, and in doing so made a big demonstration by blowing their “walt hoorns” (war horns), and firing their guns in the air at intervals.³⁰

Wat Vorster in ‘n paar woorde vertel, word met groter omhaal deur Vlotman beskryf - getuienis van insidente waarvan die historikus wat slegs op argivale regeringsverslae aangewese was, nie bewus sou wees nie. Die gedetailleerde beskrywings wat Vlotman se weersin in die Hananwa en sy vasberadenheid om sy luisteraars daarvan te oortuig, verraai, staan byvoorbeeld in die volgende geval op onverwagse wyse in diens van die ondersoeker:

The interview ended about an hour before sunset, and then they brought nine of the most wretchedly miserable bullocks they could procure, and on presenting them to the Commissioner, the head induna said: ‘These nine bullocks represent a pinch of snuff from Malaboch to the Transvaal Government.’³¹

Vorster maak in sy verslag geen melding van hierdie beeste wat van die Hananwa ontvang is nie. Verdere getuienis wat in hierdie hoofstuk ondersoek sal word, sal gerugte en beskuldigings aan die lig bring dat Vorster se pogings om homself op onregverdigte wyse aan die beeste van die Hananwa te help, ook bygedra het tot die wrywing tussen die Boere en die Hananwa. Die verswyging van die ontvangs van nege beeste in ‘n regeringsverslag dra geensins by om hierdie beskuldigings die nek in te slaan nie.

Die inligting wat Vlotman verskaf, kan as ‘n waardevolle ooggetuieverslag nie geringgeskat word nie. Die insident, wat direk gekoppel kan word aan die ZAR se besluit om Mmalebôhō aan te val, is slegs in Rae se weergawe van die veldtog opgeneem; daar is geen aanduiding in Sonntag se dagboek dat die sendeling ook daarvan bewus was nie. Nogtans is Vlotman se getuienis vir die hedendaagse leser van weinig waarde indien dit nie binne konteks en met sekere voorbehoude beskou word nie.

In die evaluering van Vlotman se getuienis soos deur Rae opgeneem in sy weergawe van die oorlog, moet in ag geneem word dat dit as ‘n herinnering aan gebeure van meer as drie jaar tevore, mank gaan aan vervaagde tydsaanduidings. Die ondersoeker moet ook bedag wees op dramatisering van gebeure ter wille van verhoogde effek op

30. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xix.

31. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xix.

die destydse luisteraars, wie se veronderstelde vooroordele herbevestig moes word: Colin Rae self en uiteindelik ook sy gehoor moes oortuig word van die geregverdigde posisie van die ZAR-magte in hulle eerbare stryd teen die aggressiewe, rebelse Hananwa. Dat redakteur Rae reeds sodanige vooroordeel by sy potensiële lesers vermoed het, lyk waarskynlik gemeet daaraan dat hy drie bladsye verteltyd voldoende geag het om 'n militêre veldtog wat hy in meer as tweehonderd bladsye beskryf, te motiveer. Selfs vir 'n leser wat nie uit die staanspoor die vooroordeel van die verteller en sy idiële lesers gedeel het nie, kan die ophaal van 'n enkele insident as rede vir die oorlog aanleiding gee tot die maak van veralgemenende aannames oor die aard van die Hananwa - as 'vyand'.

Soos die reedsgenoemde sinspeling van Konrad Sonntag aandui, sluit die Vlotman-vertelling talle ander insidente wat ook die oorlog voorafgegaan het en die leser se houding teenoor die Hananwa anders sou kon beïnvloed, uit. Vlotman het sodanige insidente waarskynlik nie met opset uitgelaat nie. Hy mag van heelparty daarvan nie eens bewus gewees het nie. Sy persoonlike ervaring (en die mentaliteit in die kringe waar hy beweeg het), het hom net só sterk oortuig van die Hananwa se 'opstandigheid' dat daar vir hom geen insentief was om 'n alternatiewe interpretasie te oorweeg nie. Dit is opmerklik dat dit in die Vlotman-getuienis die verteller se vooroordele en vrese is - en nie sy waarnemings insigself nie - wat die Hananwa veroordeel as weerbarstig ('recalcitrant'), brutaal (impudent), parmantig/onbeskof (insolent), skurkagtig (roguish) en diefagtig (thieving). Die woorde van Mmalebôhō wat Vlotman aanhaal om hom in die beskuldigingsbank te plaas (dat die Hananwa en nie die Boere nie, die regmatige eienaars van Blouberg was)³² kan deur 'n ander gehoor, of ander geslag lesers, juis as die regverdiging vir Mmalebôhō se manhafige, en dan nié weerbarstige optrede nie, geïnterpreteer word.³³

Christoph en Konrad Sonntag se waarheid

Vertaler Konrad Sonntag het vir die proloog tot sy publikasie 'n paar dagboekinskrywings geselekteer en onder vier opskrifte gerangskik: 1. Maleboch, 2. Kibi, 3. Native Commissioner B. Vorster, 4. Enmity between Maleboch and Kibi. Hy kies dus en stel in sy proloog sy drama se protagonis, Mmalebôhō, en twee antagonist, Kibi en Vorster, bekend deur gebruik te maak van inligting uit die Duitse

32. C. Rae, *Malaboch ...*, p. xix.

33. Om weer die aanhaling uit hoofstuk ses te herhaal: "Het is integendeel zo dat het vooraf bestaande standpunt bepaald wat men - wanneer men met morele of politieke bedoelingen naar het verleden kijkt - in het verleden zal zoeken, én zal vinden." J. Tollebeek & T. Verschaffel, *De vreugden van Houssaye. Apologie van de historische interesse*, p. 95.

dagboek.³⁴ Hierdie dagboekinskrywings sal, tesame met ander intertekste, weer ter sprake gebring word wanneer sendeling Sonntag se uiteensetting van die redes vir die oorlog van nader beskou word.

Christoph Sonntag is op 18 Mei 1894 deur ene Huysteeck,³⁵ 'n jong Nederlandse handelaar, in kennis gestel dat kommandant-generaal Piet Joubert en die Staatsartillerie na Blouberg op pad was en dat 1500 (wit) Transvalers gekommandeer is om teen die Hananwa te gaan veg. Teen daardie tyd was kommandant Vorster en sy swart helpers geruime tyd reeds besig om Hananwa-landerye af te brand en het die meeste Hananwa van die nedersettings aan die voet van die berg reeds op die vlug geslaan. Huysteeck se nuus moes vir Sonntag die gewaarwording gewees het dat die ZAR op die punt was om formeel en volskaals teen die Hananwa op te tree. Op Saterdag 19 Mei, dieselfde dag dat Colin Rae deur biskop Bousfield in kennis gestel is dat hy die gekommandeerde Pretorianers na Blouberg moes vergesel, het die sendeling hierdie toedrag van sake in sy dagboek probeer uitpluis. Hy het eers berig van sy besoek aan Mmalebôhō vroeër die dag (in die geselskap van ene Norson, 'n mynagent, en 'n verteenwoordiger van elk van die twee Christelike denominasies waaraan Hananwa-bekeerlinge behoort het: 'n 'Berlyner' en 'n 'Wesleyaan').³⁶ Sonntag se pogings tydens die besoek om Mmalebôhō oor te haal om vreedsaam aan die Boere se eise gehoor te gee, was tevergeefs. In 'n uitgebreide redenasie in sy dagboek, herhaal hy eers die Hananwa se reaksie op sy versoek dat hulle met die

-
34. Inligting is uit die volgende dagboekinskrywings opgeneem: *Vir Mmalebôhō*: 20 Augustus 1892, 22 Augustus 1892, 27 Augustus 1892, 2 September 1892, 27 September 1892, 27 Oktober 1892, 21 Maart 1893. Sien C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 1-10; C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 127-136 & 155-155a. *Vir Kibi*: 4 November 1892 volgens C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 10; 5 November 1892 volgens C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 136-138. *Vir Barend Vorster sr*: 17-18 Oktober 1892. Sien C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 10-12; C. Sonntag, *Notizen ...*, pp. 133-134.
35. Hierdie Hollandse handelaar kon moontlik een van die kleinseuns uit die eerste huwelik, of seuns uit die tweede huwelik van Jan Heijstek gewees het. Jan Heijstek, stamvader van die Heystek-familie in Suid-Afrika, het in 1862 via Durban in Transvaal aangekom. Twee van die seuns uit sy eerste huwelik, Jan (gebore 1848) en Joost (gebore 1847) het bekendheid in Transvaal verwerf, maar was teen 1894 reeds te oud om Sonntag se beskrywing van 'n jong Hollandse handelaar te pas. Dit is sou ook vreemd wees dat geen verwysing na Mmalebôhō in hulle opgetekende herinnerings ingesluit is indien een van hulle die Hananwa-leier wel verskeie kere ontmoet het nie. Waarskynliker kandidate is die kleinseuns van die stamvader, Jan se seun Daniël Elardus Erasmus Heijstek (gebore 1871), of Joost se seun Jan Heijstek (gebore 1872). Eersgenoemde se bedrywighede was egter hoofsaaklik tot die distrik Rustenburg en laasgenoemde tot die distrik Waterberg beperk. Die ander seuns van Jan en Joost was, soos al die kinders van hulle jonger broers Hendrik (gebore 1850) en Abram Eliza (gebore 1857), te jonk (onder vyftien) om teen 1894 reeds as handelaar te kon optree. Drie van die seuns uit stamvader Jan se tweede huwelik is wel moontlike kandidate vir Sonntag se 'jong Hollandse handelaar': Petrus Johannes (gebore 1864, maar ook hoofsaaklik in distrik Rustenburg bedrywig), Johan Roza (gebore 1865, maar hoofsaaklik woonagtig in die distrik Waterberg) en laastens, Daniël Johannes, wat in 1874 gebore is en waaroor niks verder bekend is nie. 'n Vierde seun uit die tweede huwelik wat binne die waarskynlike ouderdomsgroep val, Antonie Marius (gebore 1872) was verbonde aan die Staatsartillerie en teen 1899 reeds speurder in die Geheime Diens van die ZAR – na alle waarskynlikheid dus nie die Heijstek wat Sonntag in 1894 te Blouberg ontmoet het nie. Sien J. Ploeger, *Nederlanders in Transvaal 1850-1950*, pp. 70-71; N.A. Coetzee, *Die Heystek familieboek. Herdenkingsuitgawe 1862-1987*, pp. 114, 155, 259-275 & 277-385.
36. Petrus Tsita en Solomon Maloba. Sien **BYLAE A** vir meer inligting oor die identiteit van die *Majakane*, die Hananwa-bekeerdes.

Boere moes vrede maak en daarna probeer hy stapsgewys uitpluis waarom die Hananwa bereid was om teen die Boere oorlog te maak.³⁷

Daar is heelparty verskille tussen Christoph Sonntag se Duitse manuskrip en Konrad Sonntag se Engelse weergawe van die dagboekinskrywings van 18 en 19 Mei 1894. Om mee te begin: Ook in hierdie geval het die vertaler-redakteur die uiteensetting van die redes vir die oorlog meer vaartbelyn probeer aanbied deur Huysteeck se nuus van 18 Mei eerder saam met die gebeure van 19 Mei te groepeer en die uitbreek van pokke op die sendingstasie te verswyg. Die eerste pokke-slagoffers was nuwe aankomelinge op die stasie, waaruit afgelei kan word dat die siekte elders reeds onder die Hananwa moes gewoed het. Pokke, soos ook syphillus, was 'n nuwe-komplikasie van die trekarbeiderstelsel: mans het dit op die Kimberlyse en Witwatersrandse myne opgedoen en na die distrik Soutpansberg toe versprei.³⁸ Die verspreiding van pokke is dus nie noodwendig so irrelevant soos die vertaler dit geag het nie.³⁹ Dit kan 'n aanduiding wees van 'n toenemende terugkeer van trekarbeiders na Blouberg ter voorbereiding van die dreigende konfrontasie met die Boere. Gedurende die eerste maande van 1894 het die Transvaalse regering wel elders in die Soutpansberg-distrik drastiese pogings aangewend om swartmense teen pokke te laat inent,⁴⁰ maar daar kon geen aanduiding van sodanige stappe in die geval van die Hananwa gevind word nie. In die lig van die dreigende oorlog en die Hananwa se pogings om interaksie met die Boereregering sover as moontlik te ontwyk, kon dit ook nie te wagte gewees het nie. Dit lyk dus nie asof die Hananwa 'n pokke-epidemie op hande gehad het nie (volgens Tempelhoff was pokke nie in enige stadium gedurende die laaste kwart van die 19de eeu endemies in die Soutpansberg-distrik nie).⁴¹ Tog het die vertaler, deur die inligting oor pokke weg te laat, afbreuk gedoen aan die geskakeerdheid waarmee die hedendaagse leser die uitdagings wat die Hananwa in die gesig gestaar het, vir hom of haar sou kon voorstel: Benewens die plundering van hulle vee, die afbrand van hulle oeste en die vlug uit hulle huise, moes ten minste ván die Hananwa ook aansteeklike siektes trotseer. Sendeling Sonntag se hantering van die pokke-gevalle op sy sendingstasie onthul veral aan die leser dat sy aandag nie so volkome by die ontplooiing van die Boer-Hananwa konflik was as wat die vertaalde dagboek laat blyk

37. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 37-40; C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 198-200 (1894-05-18 & 1894-05 19).

38. J.W.N. Tempelhoff, Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 60, p. 158.

39. Tydens dr. L.S. Jameson en Cecil Rhodes se veldtog van 1893 teen Lobengula van Matabeleland, is Lobengula se krygers byvoorbeeld deur pokke lamgelê. Sien T. Pakenham, *The scramble for Africa, 1876-1912*, p. 493.

40. J.W.N. Tempelhoff, Die okkupasiestelsel ..., p. 159.

41. J.W.N. Tempelhoff, Die okkupasiestelsel ..., p. 159.

nie; sy eie kinders se gesondheid was ook in die gedrang en hy het sy besorgdheid daarvoor uitgespreek.⁴²

Tekens van die sendeling se byna paniekerige vrees vir wat volskaalse en langdurige oorlog vir homself en die Hananwa sou inhou, blyk juis uit sy reaksie op die handelaar Huysteeke se verwagting dat die oorlog maandelank sou duur:

Solch ein Unsinn. Ich möchte wissen, für wie stark man Maleboch hält.
100 Mann müßten doch in kurzer Zeit mit der Sache fertig werden.⁴³

Dit is te verstane waarom hierdie uitlating, wat in agternaperspektief inderdaad na onsin moes klink, uit latere weergawes van Sonntag se dagboek verwyder is. Die Hananwa sou immers vir ongeveer drie maande gedugte weerstand bied teen, weliswaar, nie die mees energieke klomp burgers nie!⁴⁴ Kon Sonntag ander, soortgelyke koloniale veldtogte, waar swart gemeenskappe inderdaad vinnig deur 'n klein aantal wit soldate met gesofistikeerde wapens afgemaai en tot oorgawe gedwing is, in gedagte gehad het?⁴⁵ Of was Sonntag besig met wensdenkery? Dit is verbasend dat Sonntag, ten spyte daarvan dat hy tussen die Hananwa gewoon het, so oningelig was oor hulle militêre vermoëns en die wapens tot hulle beskikking. Tlou Makhura het in sy magisterverhandeling al die weë waarlangs die Hananwa volgens hom wapens en ammunisie kon bekom, byeengebring.⁴⁶ Hy verwys na die sogenaamde 'swart skut'-stelsel, waarvolgens die Boere van Hananwa-jagters gebruik gemaak het; die Hananwa se kontak met Lobedu- en Venda-middelmannes wat met die Portugese handelaars en slawevangers van Delagoabaai handel gedryf het en kontak met die

-
42. Sien C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 198 (1894-05-18) vir inligting oor pokke.
43. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 198. "Sulke onsin. Ek sou graag wou weet vir hoe sterk hulle Maleboch aansien. Honderd man behoort tog in 'n kort tydjie die saak af te handel." Vry vertaal, L.K.
44. Sien die volgende verwysings vir aantygings dat die Boere eerder sou skuil as veg: C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 62 & 105. Die bespreking op p. 105 is 'n aanhaling word: "An elderly Boer remarked to me the other day: 'Things are still going far too quickly and violently. We must proceed more slowly, so that we don't lose a single man'". Dit is merkwaardig hoe hierdie houding gedurende die Anglo-Boereoorlog by die Boerekrygers sou verander: in talle persoonlike dokumente word vertel van 'n koel en berekende veglus wat 'n man in die hitte van die stryd beetgepak het; diegene wat nie hulle vrese kon oorkom nie, is aangestel om die perde ver buite die gevaarzone op te pas – sien F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 154-159.
45. Soos in hoofstuk twee beredeneer, moet dit nie uit die oog word verloor dat die 1890's 'n dekade van bloedige Europese oorwinnings oor Afrikane was nie. Carl Peters was besig om Tanganjika (Tanzanië) vir Duitsland in te palm; LS Jameson het Lobengula juis in 1894, kort voor die uitbreek van die Boer-Hananwa-oorlog, met gemak in die huidige Zimbabwe verslaan. Dit moes Sonntag se ervaring gewees het dat 'swart' weerstand nie vir lank stand kon hou teen wit aanvalle nie. Sien M. Ferro, *Colonization. A global history*, pp. 81-85. Dit is ook opmerklik dat A. de Wet, die Britse agent in Pretoria, in sy verslag aan die Britse Hoë Kommissaris, Sir Henry Loch, presies net soos Sonntag gereageer het: "... it does seem very strange that 1500 to 2000 men should be sent up to quell a disturbance that could easily and quickly have been settled by hundred of the artillery and a few Boers form that neighbourhood." (*Public Record Office (PRO), London: Enclosure to CO. 417/120, 10894: Commandeering of British subjects, A. de Wet, Pretoria – H. Loch, Cape Town, 1894-05-28*).
46. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, pp. 156-157.

voortstrewende geweerhandelaars van Botswana. Hy verwys ook na die rol van sommige Berlynse sendelinge, soos Sonntag se voorganger Stech, wat gewere herstel en op 'n manier opleiding in die gebruik daarvan gegee het. Die vyfde faktor is veral insiggewend, omdat dit verklaar hoe die Hananwa in staat was om vir gewere te betaal. Makhura wys op Mmalebôhō se vernuftige regulering van Hananwa-trekarbeid ten einde die politie van 'n aansienlike kontantinkomste te voorsien.

Laastens spekulêr Makhura oor wit handelaars wat vermoedelik ook met gewere gesmokkel het. Hy motiveer nie werklik op grond waarvan hy reeds genoemde handelaar Huysteeck en veral mynagent Norson in die smokkelbesigheid impliseer nie. Dit is vreemd, aangesien sendeling Sonntag op die eerste bladsye wat deur Makhura as verwysing aangegee word, in redelike besonderhede Huysteeck se goeie verhouding met die Boere beskryf en Norson as 'n "ware heer", wat volgens sy oordeel nooit in onwettige wapenhandel betrokke sou raak nie, tipeer. Sonntag se oordeel het hom vantevore in die steek gelaat⁴⁷ en dit is nie heeltemal onwaarskynlik dat 'n mynagent as bysaak ook 'n geweer of twee van die hand kon sit om die ekstra inkomste in sy sak te steek nie. Die storie oor Norson se beweerde smokkelbedrywighede soos wat Sonntag dit van Vorster verneem het en soos Makhura dit in sy verhandeling opgeneem het, strook egter nie met Sonntag se standpunt, reeds sedert sy aankoms te Blouberg twee jaar tevore, dat hy as sendeling niks met gewere en ammunisie te doen wou hê nie. Vorster se aantyging was dat twee Hananwa-mans tydens die oorlog betrap is met splinternuwe gewere wat hulle na bewering kort voor die oorlog, helder oordag, in Sonntag se teenwoordigheid, op die sendingstasie, van Norson gekoop het.⁴⁸ Die vraag ontstaan nou of twee 'gewone' Hananwa-mans 'n prys vir die kontraband sou kon betaal wat die risiko vir Norson winsgewys die moeite werd sou maak. Indien persoonlike gewin nie Norson se hoofoorweging was nie; indien hy sulke slenters ingesluit het by sy pogings om die Hananwa in 'n arbeidsooreenkoms met hom in te lok,⁴⁹ sou hy sekerlik nie die wapens aan gewone Hananwa-mense aangebied het nie, maar eerder aan Mmalebôhō self. Hy het immers persoonlike kontak met Mmalebôhō gehad: hy het hom minstens twee keer in Sonntag se geselskap besoek en terwyl Sonntag geen aanduiding gegee het dat dit hy was wat Norson aan Mmalebôhō voorgestel het nie, kan aanvaar word dat daar meer ontmoetings tussen hulle moes gewees het.⁵⁰ Teen die agtergrond van die volgende redaksionele kommentaar in die dagblad *The Press*, lyk dit al hoe onwaarskynliker dat

47. Soos met die eerste uitspraak dat 'n honderd man genoeg sou wees om met die Hananwa af te reken.

48. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 102 (1894-07-18).

49. Cecil Rhodes het byvoorbeeld in 1889 aan Lobengula van die Ndebele noord van die Limpoporivier (diegene wat onder Mzilikazi daarheen uitgewyk het) 'n duisend gewere gegee in ruil vir 'n monopolie op mynregte in Mashonaland. Sien T. Pakenham, *The scramble for Africa, 1876-1912*, p. 389.

50. Vir Norson se ontmoetings met Mmalebôhō, sien C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 27 (1894-05-03); 30-32 (1894-05-08 & 1894-05-09), p. 37 (1894-05-19).

dit tot 'n mynagent se voordeel sou wees om die Hananwa aan te hits om teen die Boere te veg.

... during the day we may expect to hear whether the chief has at the last moment considered discretion the better part of valour, or has decided to stand to his guns and mountain in defiance of General JOUBERT. In the former event he and his people will be quietly removed to a location situated within easy reach of the Capital, and instead of being a source of anxiety to the Government, will do something towards solving the labour difficulty at Witwatersrand.⁵¹

Mynagent Norson se pogings om saam met Sonntag die Hananwa tot vreedsame onderwerping aan te moedig, lyk dus geloofwaardiger as Vorster se aantyging, soos deur Makhura oorgeneem, dat Norson 'n wapensmokkelaar was. Die ironie, soos binnekort duideliker sal blyk, was dat Vorster self kon voorsien om munt te slaan uit 'n gewapende veldtog teen die Hananwa.

Hoofsaak is dat die ánder moontlikhede wat Makhura aan die hand doen vir die Hananwa om wapens te bekom, meer waarskynlik lyk as die beweerde Norson-Huysteeck-verkope. Veral hou dit die belangriker implikasie in dat die Hananwa se verkryging van wapens in 'n groot mate op hulle eie inisiatiewe geskoei kon gewees het en nie soseer afhanklik sou wees van witmense wat hulle kom opsoek het nie. Mmalebôhô se vooroorlogse kanalisering van die inkomste uit die trekarbeidstelsel ná sy eie politie en wég van die Boere-belastingvaarders, het die kapitaal gegenereer wat aangewend kon word vir wapenaankope op die goud- en diamantvelde, sowel as van die Tswana-handelaars van Botswana en die Lobedu- en Venda-handelaars van die areas oos van Blouberg. Makhura self ondersteun immers hierdie argument van Hananwa-inisiatief wanneer hy verwys na die Hananwa se ammunisie-tuisnywerhede.⁵²

Sonntag het wel vermoed dat die Hananwa lank reeds besig was om hulleself op 'n moontlike Boere-aanval voor te berei (hy spreek homself daaroor uit in een van die inskrywings wat vertaler Sonntag vir die proloog tot die drama gekies het),⁵³ maar hy het óf verkies om hom nie van die besonderhede daarvan te vergewis nie, óf hy het, soos sy tydgenote, die Hananwa se vindingrykheid onderskat. Eersgenoemde moontlikheid kan ten minste nie uitgesluit word nie: Sonntag was nie vanaf 1892 tot 1894 as 'n vredesmonitor by Blouberg gestasioneer om oor Boer-Hananwa-

51. *The Press*, 1894-06-11.

52. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 157.

53. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 9. (1893-03-21).

verhoudinge verslag te lewer nie. As sendeling was sy fokus op alle sake wat sy sendingwerk geraak het; die spanning tussen die Boere en die Hananwa was heel waarskynlik heel dikwels vir hom minder belangrik (deel van die onafwendbare verloop van sake in sy siniese wêreldbeskouing) as voorbereidings vir die volgende sinodesitting, die dek van die sendelingwoning se dak, die instandhouding van die boerdery, die opsoek en teregwyding van 'afgedwaalde' lidmate en die voorbereiding van preke.⁵⁴ Wetende dat dit agterdog by die Hananwa kon wek, het hy homself so min as moontlik met die Boere bemoei. Vir Sonntag, wat self nie 'n geweer besit het nie en tot elke prys teen gewelddadigheid gekant was, sou gewapende konflik neerkom op die ontwrigting van sy dagtake soos pas beskryf. Daar kan nie aangeneem word dat Sonntag noodwendig voortdurend op die hoogte van die Hananwa se wapentransaksies of hulle krygsvermoë sou wees nie. Toe die kwessie van konflik (en dan boonop die moontlikheid van 'n lang-uitgerekte konfrontasie), waarop hy nie in die eerste plek ingestel was nie, dan aan hom voorgehou is, het hy hom onmiddellik gewend het tot ander voorbeelde van koloniale verowering. In sy tyd was dit immers gebruikelik vir betreklik min wit soldate om groot swart gemeenskappe vinnig op hulle knieë te dwing.

Noudat die leser daarvan bewus is dat sendeling Sonntag nie lang-uitgerekte trauma nie, maar 'n kortstondige en beslissende bloedbad verwag het (of voor gehoop het), is sy pleidooie aan Mmalebôhō om selfs dié minder ontwrigtende tipe konfrontasie wat hy as 'n moontlikheid voorsien het, af te weer, insiggewend. Die sendeling het duidelik empatie met die Hananwa gehad; hy wou nie graag sien dat hulle aan langdurige fisieke lyding onderwerp moes word nie. Dit mag wees dat Sonntag nie voorsien het dat die Hananwa hoegenaamd 'n kans teen die Boere gestaan het nie en dat hy derhalwe nie hulle 'hardkoppigheid', soos hy dit genoem het, kon verstaan nie. Meer nog, lyk dit asof hy nie kon verstaan waarom geweld gebruik moes word vir geskille waarvoor daar volgens sy oortuiging steeds 'n bloedlose oplossing bereik kon word nie. Hoe harder Sonntag probeer het om die Hananwa daarvan te oortuig, hoe moeiliker het dit vir hom geword om te verstaan waarom hulle dit nie soos hy gesien het nie. Dit is tot die voordeel van die hedendaagse leser dat hy wel hulle sienswyses, selfs dié wat hy as onsinnig beskou het, opgeteken het.

Met honderd jaar se agternaperspektief en veral met die insigte van John en Jean Comaroff as interteks, kan hierdie leser 'n konteks voorstel waarbinne die sendeling sy afleidings gemaak het en besluite geneem het. Terugskouend is dit 'n konteks waarin 'n vreedsame skikking wat beide die Boere en die Hananwa tevrede sou stel, vergesog lyk. Verstrenkel in sy eie omstandighede, kon sendeling Sonntag nie

54. Sien onder meer C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 155, 162, 163, 169, 177 & 180.

voorsien in watter mate die groter konteks, die langer-durende proses van kolonisering, sy vredesideale aan bande gelê het nie. Johnny van Schalkwyk het die Comaroffs se werk vir sy proefskrif ingespan en treffend soos volg saamgevat:

Die dominante tema in die moderne geskiedenis van prekoloniale samelewings in Suidelike Afrika is die proses van opname in 'n koloniale en later 'n na-koloniale staat. Die Comaroff's dui egter daarop dat die begrip 'staat' twee betekenis het: 'n institusionele orde van politieke bestuur en 'n toestand van bestaan, dit wil sê 'n struktuur en 'n toestand, albei waarvoor koloniseerders beheer probeer kry. Gevolglik verwys hulle na hierdie proses as die kolonisasie van die inheemse mense se bewustheid en hulle bewustheid van kolonisasie (Comaroff & Comaroff 1992: 235-236).

Dit was egter nie 'n eensydige proses nie en die pre-koloniale samelewings het aktief hieraan deelgeneem. Dié proses is in die meeste gevalle eerste deur die sendelinge na hierdie samelewings gebring, maar is kort daarna gevolg deur politieke onderwerping. In die een geval het die Hananwa teruggeveg, in die ander het hulle die sendelinge gebruik om 'n wêreld wat bedreig word, te probeer beskerm.⁵⁵

Sonntag het wel probeer om die vernietigende implikasies wat selfs vreedsame onderwerping aan die Boere vir die outonomie en soewereiniteit van Hananwa sou ingehou het, in te sien. Hy het dit selfs oorweeg dat hy, in al sy ywerige pogings om die Hananwa te help en hulle belange op die hart te dra, eintlik besig was om dieselfde einddoel as die koloniseerders voor te staan. Op 3 Mei 1894 het hy dit selfs in woorde omgesit:

55. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing: die Hananwa van Blouberg*, pp. 93-102. Die verwysing na die Comaroffs is uit J. & J. Comaroff, *Ethnography and the historical imagination*, pp. 235-236.



Christoph Sonntag, <i>Notizen aus dem täglichen Leben</i>	Konrad Sonntag (red.), <i>My friend Maleboch</i>
Kennen wir uns auch noch so sehr in das Fühlen und Empfinden aus sich freidenkenden Heidenvolkes für uns versehen, ja vermögen wir es sogar ihre gutmüthigen Gehülfe zu sichern, so wissen wir doch andererseits, wenn wir uns den nüchternen Blick wahren, daß die alte Unabhängigkeit, Häuptlingsshaft und was mit dies. allem zusammenhängt: Finsterniß und Zauberei, mit einem Wort, das ganze Heidentum, die <i>Finger des Satans</i> sind, die erst zerbrochen werden müssen, wenn das Wort des Herrn wirklich Eingang finden soll. Es wird jeder Missionar einerseits mit tiefem Wehe erfüllen, wenn er sieht, wie die alte Herrlichkeit, die ja trotz der Finsterniß auch einige gute Seiten hatte, zusammenbricht, andererseits aber weiß er, daß es nun einmal sein muß. Natürlich wird er hoffen und bitten und falls er handelnd eingreifen muß, daß dieses auf freundlichem Wege geschieht. Der Gedanke, selbst von den Heiden als Freund der Bauern angesehen zu werden, darf den Christen nicht schwankend machen. Er muß Farbe bekennen. Für das andere wird Gott sorgen. (pp. 191-2)	It may be possible for me, as a White person, to enter into the feelings and emotions of the members of a heathen people imagining themselves to be free, to share in their patriotic sentiments and to enthuse over their self-reliance. But if I wanted to preserve a sober viewpoint, I had to admit that the old heathen independence, chiefship and everything that was connected with it such as idolatry and witchcraft must be superceded by something else if the Word of God was to be successfully preached. It would fill any missionary who was really interested in the Black people with deep sorrow when he saw how the old splendour –which in spite of the gloom of heathendom had its good points – was disappearing. On the other hand he knew that the winds of change must blow. He would of course hope and pray and, if necessary, act, to assure that this change occurred in a friendly, humane and peaceful manner. The thought that he would appear before the heathens as a friend of the Boers must not deter him. He must fearlessly avow his principles. For the rest God would care. (pp. 27-28)

Dit is asof Sonntag oorweeg het om hom oor te gee aan sy bewondering vir die Hananwa se staat van bestaan, maar dan weer teruggeval het in die veiligheid van die ideologie waarin hy geïnisieer was. Dit is asof hy die hele register van metafore wat die Hananwa se onafhanklike staat as ongewens uitgebeeld het, moes ooptrek om hom tot sy 'taak' terug te roep. (Die vertaler het gedink "die Vinger van Satan" was darem te erg om sy 1983-lesers aan bloot te stel). Sonntag het baie empatie met die Hananwa gehad, maar hy kon nie die diepte van hulle bestaanskrisis peil nie. Dit het nie tot hom deurgedring dat die Hananwa se insluiting in 'n wit staat nie net "old splendour" nie, maar die staat waarin hulle hele bestaan (ekonomies, sosiaal, polities en psigologies) opgesluit was, sou omverwerp. Die ironie is dat sy kersteningsaktiwiteite onder die Hananwa aan diéselvfde staat probeer wegkalwe het

en in wese van die Hananwa 'n soortgelyke totale prysgawe vereis het as wat vreedsame onderwerping aan die Boere sou vereis. Sonntag se lae 'bekeringskoers' was geen misterie nie: wat hy van 'n Christen verwag het, het nie aantreklik gelyk nie. Daarteenoor was daar veel aantrekliker, onmiddellike voordele vir individuele lede van die Hananwa-gemeenskap in die reeds-genoemde trekarbeiderstelsel en die bedrywighede van handelaars in hulle gebied – en die kapitaliste en mynmagnate daaragter het gewis veel openliker en met minder gewetenswroeging as sendeling Sonntag die verbrokkeling van die ou Hananwa-'staat' aangehelp.

Dat die vervanging van die Hananwa se onafhanklike staat van bestaan met 'n staat van onderworpenheid selfs in die geval 'n vreedsame skikking met die Boere traumaties sou wees, is skynbaar nie 'n interteks wat aan die vertaler van die Sonntagdagboek bekend was nie. Die leser sal, uit die vergelyking van die Duitse en die Engelse weergawes hieronder, die indruk kry dat die vertaler die sendeling se pogings om die Hananwa tot vreedsame onderwerping aan te moedig, in die Engelse weergawe soveel as moontlik *geforeground* het omdat dít na sy mening die hoogste goed was waartoe Christoph Sonntag as individu kón aspireer. In sy pogings om die vrede te bewaar, sou sendeling Sonntag uiteindelik tog, vanweë sy toewyding aan Mmalebôhô, dikwels onwetend, beslis op heel ander wyses as wat hyself, die Boerekoloniseerders en waarskynlik ook die vertaler kon voorsien, deur die Hananwa gebruik word.

Die sendeling se uiteensetting van die aanloop tot die oorlog word vervolgens met twee intertekste as 'ondertoon' gelees: Eerstens is daar dan die dubbele betekenis van die konsep 'staat' soos hierbo deur die Comaroffs verduidelik. Die tweede interteks waarmee Sonntag se redes vir die oorlog gelees word, is natuurlik die Vlotmanweergawe van die aanloop tot die oorlog soos opgeneem in Colin Rae se publikasie. Konrad Sonntag se vertaling van Christoph Sonntag se dagboek, word gelees as repliek op die Vlotman-Rae-voorstelling van die "real causes of the war". Dit is 'n repliek waarin Konrad Sonntag die blaam vir die konflik, wat Rae en Vlotman op die Hananwa gelê het, wou omswaai en op die Boere wou plaas.

In 'n poging om sendeling Sonntag, vertaler Sonntag en die Hananwa-leiers se intertekste te ontwar, word die weergawes van 19 Mei se dagboekinskrywing soos dit in onderskeidelik die Duitse en die Engelse Sonntag-tekste tereggekóm het, hier naas mekaar geplaas in die hoop dat dit die bespreking sal vergemaklik. Wysigings en byvoegings deur Konrad Sonntag word kursief aangedui.

<p>Christoph Sonntag, <i>Notizen aus dem täglichen Leben</i></p>	<p>Konrad Sonntag (red.), <i>My friend Maleboch</i></p>
<p>In Begleitung von Norson, der noch hier ist, da er eben hofft, die Leute werden sich freiwillig ergeben und er wird dann Arbeitsleute bekommen, Petrus und Salomo machte ich heute wieder einen Besuch auf der Hauptstadt, um wieder und wieder den Versuch zu machen Häuptling und Volk zur Einsicht zu bringen. (p. 198)</p>	<p><i>This news (verwys na die inligting wat die handelaar Heysteek die vorige dag verskaf het, dat die Boeremagte se bevelvoerder en die Staatsartillerie reeds op pad was na Blouberg toe) was an added incentive for Mr Norson, Petrus, Solomon and myself to go to the royal kraal. Norson still hoped he could persuade Maleboch to stop short of war and provide the mines with Black labour. While there's life there's hope, and I intended to hammer away at Maleboch and his people in the hope that they would at last soften and capitulate. (p. 37)</i></p>

Die byvoeging, “this news was an added incentive” illustreer duidelik hoe die redakteur ‘n narratief bou uit wat onsamehangende dagboekinskrywings kon gewees het.

Die wyse waarop die vertaler mynagent Norson se intensies weergee, sluit baie nou aan by die redaksionele opmerking in *The Press*, soos hierbo aangehaal, dat selfs indien die vrede bewaar sou word, dit die bedoeling van die Boere was dat die Hananwa geensins meer in dieselfde soewereine posisie as vantevore moes wees nie. Die Boere was gereed om die Hananwa in ‘n staat van onderwerping te bring, hetsy bloedloos of gewelddadig. In die oorspronlike Duits is dit nog veral duidelik dat dit nie op 19 Mei tot sendeling Sonntag deurgedring het hoe drasties selfs ‘n bloedlose afloop van die krisis die Hananwa sou raak nie.

Mmalebôhō en sy raadgewers se skynbare geduld met Norson mag daarop dui dat die rekrutering van mynwerkers tot en met die oorlog, in ‘n Hananwa-politie wat vir alle praktiese doeleindes nog onafhanklik van die ZAR geregeer is, nie as bedreiging ervaar is nie. Tot en met die 1894-oorlog het die Hananwa-leiers nog in ‘n groot mate die arbeid van hulle onderdane beheer. Solank as wat die Hananwa nie gedwing was om te werk ten einde belasting aan die Boere te kon betaal nie, kon kontant-inkomste tot voordeel van individue en die politie as geheel – veral vir die aankoop van wapens – aangewend word. Faktore soos hierdie begin dit duideliker maak hoeveel die

Hananwa gestaan het om te verloor indien hulle aan die Boere se eise, om ‘n sensus te laat opneem en hulle belastings te betaal, gehoor sou gee. Soos die Comaroffs tereg aandui, die Hananwa se politieke ‘staat’, maar ook hulle ‘staat’ van bestaan, sou radikaal verander word. Die insig waartoe Christoph Sonntag, soos hy hierbo in sy dagboek geskryf het, die Hananwa wou bring, om ter wille van vrede aan die Boere se eise gehoor te gee, was vir die Hananwa hoegenaamd geen insig nie. Met hulle antwoord op die pleidooie van die wit besoekers, probeer hulle hulle eie insig tuisbring:

<p>Immer wieder bringen sie die alten Meinungen an. Besonders kehrt immer wieder: Sie suchen nicht Abgabe, sondern nur den Kopf des Häuptlings. Wie kann der Häuptling, wenn er es sieht, dem Feind nun noch seinen Kopf hintragen. Da mögen sie sich ihn doch lieber holen. (pp. 198-199)</p>	<p>Again and again <i>Maleboch and his ministers</i> repeated the <i>two latest incidents, which they would not accept as having been accidental. So they talked themselves into believing that what had happened made it impossible for them to submit. And of course the old suspicion</i> always recurred: “They don’t want taxes, they want the head of the Chief. Why should he carry his own head to the enemy? Let them come and fetch it.” (pp. 37-38).</p>
--	---

Soos ‘n mens teen hierdie tyd te wagte kon wees, interpreteer die vertaler ter wille van sy laat-twintigste-eeuse lesers. “Die alten Meinungen” (dieselfde ou opinies) waarna die sendeling verwys, word deur die vertaler gelykgestel aan twee insidente wat albei op 8 Mei 1894 deur Sonntag opgeteken is. Terwyl Konrad Sonntag dit ‘n “tragiese verhaal van misverstand” maak, probeer die Hananwa verduidelik dat die belastingkwessie net ‘n voorwendsel was waardeur die Boere volkome beheer oor hulle leefwêreld wou verkry. Hierdie interpretasie pas in by (of maak ek dit gedienstig aan?) die beleidsbesluite wat die ZAR reeds in 1886 vir die Soutpansberggebied geneem het – dat hierdie hele gebied ‘n nominale deel van die ZAR tot werkende en ordelike komponent daarvan omskep moes word. Boere en swartmense in die gebied moes, letterlik, vasgevat word: hulleself beperk tot vaste vestigingsgebiede, belasting betaal en hulle arbeid vir die ontwikkeling van die gebied beskikbaar stel. Die Soutpansberggebied moes gekoloniseer word en hoewel die Hananwa nie dié terme geken het nie, het hulle beeldspraak hulle insig in die situasie goed opgesom: die Boere het Maleboch se kop gesoek. Gelees as sinekdogee, het hulle die essensie gesoek waarvoor Mmalebôhō gestaan het: die outonomie van die Hananwa. Die byna onhaalbare eise in die laaste twee ultimatus wat op 7 Mei en 5 Junie deur generaal Piet Joubert aan Mmalebôhō bestel is, kan ter ondersteuning van

hierdie lesing van die teks herhaal word. Die volgende is ‘n uittreksel uit die 7 Mei-ultimatum:

... ziende dat gij steunt en vertrouwt op de bergen en vestingen, waarin gij U thans genesteld hebt, en waarbij gij U veilig woont, en alzoo de wetten trotseeren en de orders van de Regeering verachten Daarom wordt gij hiermede gelast in naam van de Regeering en volk dezer Republiek, om binnen ACHT (8) dagen op het ontvangst hiervan de vestingen en bergen te verlaten en U ten woon te gaan vestigen, op de Locatie gronden voor U en uw volk ter woning bestemd daar waar reeds eenige van uw volk wonen n.l. tusschen de lynen en bakens als hier aangegeven ...⁵⁶

Gelees teen hierdie agtergrond, maak vertaler Sonntag heeltetal te veel van die twee insidente waarvan die sendeling op 8 Mei geskryf het en onderskat hy waarskynlik die Hananwa se vermoë om hulle eie situasie te deurgrond. Die vertaler se bygevoegde afleiding, “*So they talked themselves into believing that what had happened made it impossible for them to submit*” verklar dat hy gevoel het dat daar ‘iets’ moes gebeur het wat dit vir die Hananwa onmoontlik gemaak het om hulle vreedsaam aan die Boere te onderwerp. Deurdat hy na daardie ‘iets’ op soek gegaan het en dan so prominent met twee spesifieke insidente vorendag kom, misgis hy homself met die insiggewendheid van die Hananwa se eie argument, dat die Boere Mmalebôhō se kop gesoek het. Hy lei egter ook die leser om die Hananwa se eie verklaring as onsinnigheid af te maak. (“*And of course the old suspicion always recurred*”). Sendeling Sonntag het ook nie verstaan wat die Hananwa bedoel het nie, maar ek lees nie sy teks as dat hy die hele oorlog aan twee misverstande wat dit vir die Hananwa onmoontlik gemaak het om verder rationeel te dink, toeskryf nie.

Die twee insidente waarna verwys word, is die volgende: ‘n Hananwa-man is op 8 Mei 1894 in ‘n ongeluk dood nadat hy ingedwing is in die spel van ‘n groepie jong Boere wat hulleself vermaak het deur mekaar “osvel te laat ry.” Later dieselfde dag is twee Hananwa-mans deur die manne van Matlala wat die Hananwa se landerye vir die Boere gepatrolleer het, doodgemaak toe hulle probeer oes het.⁵⁷ Beide hierdie

56. TAB: SS. 4700, R.4002, pp. 152-153: P.J. Joubert – Malaboch, Waarschuwing en ultimatum, Pietersburg, 1894-05-07.

57. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 30-31 (1894-05-08). Sien ook TAB: KG. 78, CR. 1672/94: B.J. Vorster, Blauwberg – P.J. Joubert, Pietersburg, 1894-05-08. Vorster het sy verslag oor die dood van die twee Hananwa-mans aan die hand van die Matlalapolisie dieselfde dag nog aan generaal Piet Joubert geskryf. Die twee partye het die insident met teenoorgestelde effek opgehaal. Die gebeurtenis het vir die Hananwa bewys het dat die Boere hulle wou vernietig. Vir Vorster was dit in daardie stadium nog nodig om die huiwerige Piet Joubert te oortuig dat ‘n volskaalse veldtog teen die Hananwa geregtig was. Deur in sy verslag daarop klem te lê dat die Hananwa besig was om ‘n Boerebevel, om nie te oes voordat belasting nie betaal is nie, te verontagsaam en dat hulle na bewering gewapen was toe hulle deur die Matlala gekonfronteer is, het hy Joubert oorgehaal dat die Hananwa uitdagend was. Hy het selfs sy polisiemanne as die slagoffers, wat in groot gevaar verkeer het en ‘n dringende behoefte aan meer ammunisie gehad het, uitgebeeld.

insidente moes inderdaad kragtige polariseerders gewees het wat vir die Hananwa al hulle agterdog jeens die Boere laat vermenigvuldig het, maar dit neem nie weg dat daar ‘n verklaring vir die agterdog self moes gewees het nie. Vir die Hananwa het die twee insidente onderstreep waarvan hulle reeds oortuig was: dat die Boere verbind was tot meer katastrofale inmenging in hulle politie as om net belasting te kom invorder: hulle wou Mmalebôhō se bewind (kop) met Boereheerskappy vervang.

Ich wurde fast zornig. Häuptling, sage ich: Ihr begeht ja den größten Selbstbetrug. Ihr bemüht Euch gerade Eure Augen der Gefahr, die Euch bedroht, zu verschließen. Sagst du auch den größten Unsinn, so haben deine Großen und jeder, der sich je dir naht, kein anderes Wort als ja, ja du bist der Herr, der König, das große Thier. Hast den Nagel auf den Kopf getroffen. Ich folge ihnen nicht in dieser Weise. Ihr alle belügt Euch untereinander. Denkt doch an die Zukunft, lauft nicht ins Verderben, springt nicht ins Feuer, hört doch. Alles scheint vergeblich zu sein. (p. 199)

I almost lost my temper. “Chief, you are deceiving yourself. You are actually going out of your way to close your eyes to the dangers confronting you. Even if you speak the greatest amount of balderdash, your Great Ones and all your other subjects bow deeply before you and say: ‘Yes, yes, you are the lord, the master, the king, *the Great Ape*, you have hit the nail on the head, *you can make no mistake!* I do not copy your great ones. *They deceive you and lie to you, or else* you are all deceiving and lying to each other. Think of the future, *of your children.* *Pause, consider, do not destroy yourselves. Stop playing with fire. Stop and think and listen to reason.*” All in vain. (p. 38).

Vir sendeling Sonntag was oorlog teen die witmense die ergste moontlike ramp wat die Hananwa kon tref en soos hier gesien, sou hy alles in sy vermoë doen om hulle daarvan te laat afsien. Wat tog opval is hoeveel Mmalebôhō van Sonntag duld – dit terwyl Sonntag, wat nie hoor wat die Hananwa vir hom probeer sê nie, daarop aandring dat Mmalebôhō na hóm moet luister! Mmalebôhō moes voortdurend bewus gewees het van die nut wat ‘n sendeling wat die Hananwa se belange (hoe misplaas geïnterpreteer ook al) op sy hart gedra het, tydens ‘n konfrontasie met die Boere vir die Hananwa kon inhou. Dit is opmerklik dat sendeling en vertaler hier in hulle gesprek met die Hananwa in dieselfde tydsjektiewe stereotipering van swartmense verval as wat in die dokumente van die Boereregering gevind word. Mmalebôhō word aangespreek as ‘n stout kind wat ongehoorsaam is, met die implikasie dat hy behoort te weet dat die wit ‘ouers’ noodwendig van beter sou weet.



Vervolgens verontskuldig sendeling Sonntag homself eers in die hele toedrag van sake; asof dit nie werklik sy plig was om hom met die lotgevalle van die (heiden-) Hananwa te bemoei nie; asof sy teenwoordigheid in hulle midde as sendeling geen invloed op die spanning tussen die twee partye gehad het nie; sonder dat dit tot hom deurdring dat hy hom met hierdie houding juis skaar aan die kant van die Boere, wie se oppergesag in die ZAR hy nie bevraagteken nie. Vanuit hierdie ideologiese posisie, strek hy dus, in sy eie oë, baie ver om die Hananwa te probeer ‘help’:

<p>Mehr als einmal habe ich mir vorgenommen, mich nicht mehr im geringsten zu bemühen, da doch alles in den Wind geredet ist. Ich kann jedoch die Hoffnung, daß doch noch alles zum freundlichen Abschluß kommt, noch nicht aufgeben. Immer wieder rate ich dem Häuptling, doch seine Abgaben zu geben. (p. 199)</p>	<p>More than once I had made up my mind not to exert myself any more with these Bahananoa, as all one’s efforts were just a waste of breath. But I could not give up all hope that everything would not still come to a peaceful conclusion.</p> <p>Repeatedly I begged the Chief to take the <i>sternest precautions to assure that no one would be able to accuse the Bahananoa of having started hostilities.</i> (p. 38)</p>
--	--

Die redakteur se ingrype is hier merkwaardig. Waar hy frases vroeër só verbuig het dat dit, sterker as by die sendeling, die indruk gelaat het dat die Hananwa nie rede kon herken as dit aan hulle voorgehou is nie, is hy nou hier meer besorg as die sendeling dat die Hananwa dalk (in sy oë, verkeerdelik,) as die aggressors voorgehou sal word. Waar hy die sendeling se standpunt volg dat niks so erg kan wees soos die wending tot geweld nie, wil hy die Hananwa dit spaar om deur die Boere as krygslustig en bloeddorstig uitgekryt te word. Dit is asof die vertaler met sy eie voorstelling die stereotipe voorstelling van die Hananwa wat onder die Boere (en selfs Engelse Transvalers – sien weer Vlotman se vertelling) gesirkuleer het, wou weerspreek. Hy was so bewus van die negatiewe konnotasie aan swart aggressie in sy eie wit gemeenskap, dat hy enige tekens van aggressie by die Hananwa sou probeer versag of verdoesal ter wille daarvan om hulle meer aanvaarbaar te maak in die oë van sy wit lesers van die 1980’s.⁵⁸ Dit is veel meer as waartoe sendeling Sonntag homself negentig jaar tevore verbind het.

Wat vertaler Sonntag hier doen, is nie so uitsonderlik nie. Isabel Hofmeyr het dit immers ook in die mondelinge oorleweringe van die Kekana-Ndebele van die

58. Hy voorsien nie die moontlikheid dat swart aggressie, soos wit “daadkrag” ook as geregverdig, selfs heldhaftig, voorgestel sou kon word nie.

Potgietersrus-omgewing waargeneem. Waar die aggressie en uitdagendheid van die Ndebele in ouer weergawes van hulle mondelinge oorleweringe as uitings van dapperheid en manhaftigheid gekoester is, het latere vertellers die Ndebele se daadkrag getemper en hulle eerder in die rol van onskuldige slagoffer geplaas. Daar was vir hierdie latere vertellers geen sin daarin om die wit voorstelling van swartmense as ‘bloeddorstige barbare’ verder te versterk nie.⁵⁹ Die Ndebele-inisiatief en -innovasie word wel in die verhale behou deur die slimigheid waarmee die Ndebele-helde wat die Boere uitoorlê het, besing word. Ironies genoeg, word die slimigheid van die een weer deur die ander gestereotipeer as skelmheid en agterbaksheid. Meer oor die Hananwa se voorstellings van hulleself in hulle mondelinge oorleweringe volg later in hierdie hoofstuk.

Nadat Sonntag dan die gebeure van die dag in sy dagboek vertel het, neem hy sy eie posisie en houdings teenoor die Hananwa in oënskou en in die privaatheid van sy dagboek begin hy tog die vraag vra hoe dit moontlik was dat die Hananwa so ‘hardkoppig’ kon wees. Hy neem dan al die faktore wat hulle, volgens sy kennis, kon beïnvloed, in ag en probeer homself in hulle posisie stel:

<p>Man wird fragen: Was führen die Bahananoa im Schilde? Sträuben sie sich den durchaus sich zu unterwerfen und ist es ihre Absicht mit der Regierung dieses Landes zum Kriege?</p> <p>Daß sie gegen eine Oberherrschaft der Weißen wären, kann man kaum sagen. Als die Engländer im Besitz von Transvaal waren, haben sie sich gerne denselben unterworfen und ihre Abgaben bezahlt. <i>Es kann nicht geleugnet werden, daß die Bahananoa von der Herrschaft der Bauern nicht viel wissen wollen.</i> (p. 199)</p>	<p><i>I had often asked myself: What do the Bahananoa hope to achieve? Have they any secret designs? Are they really so opposed to the idea of submitting to the Government that they would rather wage war against it? One could hardly say that they were opposed to an overlordship of the Whites. When the English were in command of the Transvaal, the Bahananoa were prepared to submit to them and pay taxes.</i> (p.38)</p>
---	--

Sonntag beredeneer die Hananwa se situasie duidelik vanuit sy eie verwysingsraamwerk as hy homself afvra of hulle selfs bereid sou wees om so ver te gaan as om die Regering van die Land uit te daag. Die legitimiteit van die

59. I. Hofmeyr, *We spend our years as a tale that is told. Oral historical narrative in a South African kingdom.* Sien veral pp. 152 & 171.

Boereregering is dus nie vir hom verdag nie. Dit is, vanuit ‘n hedendaagse perspektief, moeilik om te glo dat sendeling Sonntag die kwessie van die Hananwa se gewaande bereidwilligheid om ‘n wit’ opperheerskappy te erken, so ligtelik afmaak, tensy in ag geneem word dat ook dít gesê word vanuit sy denkraamwerk waarin witmense vanselfsprekend die heersersrol oor swartmense ingeneem het.

Die weggelate sin in die Engelse weergawe ondersteun bogenoemde interpretasie. Uit die vertaalde weergawe lei ek af dat die Hananwa nie só uitdagend en rebels (wetteloos) was dat hulle nie bereid sou wees om die ‘goedgunstige’ oppergesag van witmense te aanvaar nie. Die vertaler se Hananwa lyk heeltemal in staat om ‘wit’ rede in te sien. Hulle is inderdaad nie so weerbarstig (“recalcitrant”), brutaal (“impudent”), parmantig/onbeskof (“insolent”), skurkagtig (“roguish”) en diefagtig (“thieving”)⁶⁰ soos wat Anthony Vlotman hulle voorgestel het nie en verdien daarom nie sulke ongenaakbare behandeling nie. ‘n Mens moet in gedagte hou dat vertaler Sonntag voortdurend in gesprek is met sy Rae-interteks. Colin Rae en Anthony Vlotman wou die Hananwa voorhou as rebelse niksnuts wat hulle verdiende loon gekry het. Dit lyk asof vertaler Sonntag hulle as die ongelukkige slagoffers van omstandighede wou uitbeeld; asof hy steeds hard aan die probeer was om die aggressor-beeld van die Hananwa af te breek. Die ironie is dat die poging om van die Hananwa passiewer, willoser slagoffers te probeer maak, hulle juis ontnem van die geleentheid om as selfstandige mense met ‘n eie wil op te tree.

Sendeling Sonntag se opmerking (wat slegs in die Duitse dagboek voorkom) wat volg op die verwysing na die Hananwa se bereidwilligheid om die Britte se heerskappy te aanvaar, gee aan die Hananwa ‘n weerspanning en motief vir handeling wat ‘n gemeenskap met ‘n intelligente leierskap gestand doen. In Afrikaans vertaal, lees dit soos volg:

Es kann nicht geleugnet werden, daß die Bahananoa von der Herrschaft der Bauern nicht viel wissen wollen. – Dit kan nie ontken word dat die Hananawa nie veel van die heerskappy van die Boere wil weet nie.

In die oorspronklike Duitse teks is die Hananwa dus minder die slagoffer van die verteller se simpatie as in die Engelse teks.

Die Duitse teks ontsluit ook die moontlikheid dat die Hananwa die Britse ingrype van 1877-1881 in Transvaal verwelkom het as ‘n teenvoeter vir die Boerebedreiging waarmee hulle sporadies reeds sedert die vroeg-negentiende eeu gekonfronteer is.

60. C. Rae, *Malaboeh* ..., pp. xvi-xviii.

Heelparty insidente wat sinspeel op 'n lang aanloop tot die Boer-Hananwa-spanning wat in 1894 breekpunt sou bereik, kon opgespoor word: Reeds so vroeg as 1836 het Louis Trigardt in sy dagboek melding gemaak van sy groep se onvriendelike verhouding met Kgaluši Mmalebôhō se voorganger.⁶¹ In die 1850's en 1860's is van die Hananwa se onderhorige en buurgemeenskappe deur Boere aangeval en van hulle as arbeiders gevange geneem. In sy memoirs het Barend Vorster Senior vertel van 'n bloutjie wat hy in die jare vyftig met die Hananwa geloop het toe hy die Kekana-Ndebele-verdagtes in die bekende Makapansmoorde-insident by Blouberg gaan soek het.⁶² Volgens oorlewering ingesamel deur Tlou Makhura het die Hananwa die Vendaleier Rammutla (Rambuda) tydens 'n Boereaanslag in 1863 selfs aktief bygestaan en huisvesting aan vlugteling verskaf.⁶³ Blouberg se reputasie as 'n skuiling vir mense wat by die Boere in onguns verval het, is dus vroeg reeds in die Boere se bewussyn vasgelê – en daarteenoor, natuurlik, in die Hananwa-bewussyn, die Boere se reputasie as aggressors wat mense ontwrig en op die vlug laat slaan. Die groeiende aantal wit jagters wat sedert die laat jare sestig in die Hananwa se gebied geopereer het, het hulleself ook per geleentheid ongewild gemaak deur te versuim om die gebruikelike groet- en bedankingsgeskenk aan die Hananwa-leiers te gee as erkenning van die Hananwa-prerogatief om hulle in die jaggebied toe te laat. In 1877, op die vooraand van die Britse oorname van Transvaal, het die *Berliner Missionsberichte* berig van die dood van 'n aantal Hananwa wat geweier het om sekere Boere se jagtog te fasiliteer.⁶⁴ Soos Makhura dit stel: “Thus from an early period the contact between the Boers and the Bagananwa led to a relationship of tension.”⁶⁵

Teen hierdie agtergrond van konflik en bedreiging, maak dit sin dat die Hananwa die Britte met hulle oorname van Transvaal in 1877 sou beskou as bondgenote teen die Boere. Dit sou ook sin maak dat die Britte so 'n beeld van hulleself sou verwelkom. Dit was immers kenmerkend van die werkwyse van die Britte en ander koloniale moondhede (insluitend die Boere) in hulle verowerings in Afrika om een groep teen 'n ander af te speel ten einde uiteindelik beheer oor albei te kry.⁶⁶ In die lig van Makhura se aanbieding van die inligting wat hy oor die Britse interregnum ingesamel

-
61. L. Trigardt, *Die dagboek van ...* (red. T.H. le Roux), p. 6. Volgens die geslagsregister wat Tlou Makhura opgestel het, moes dié konfrontasie in die bewindsjare van Mmalebôhō Matsiokwane plaasgevind het.
62. TAB: A. 126, pp. 66-67: Herinneringsboek van Barend Jacobus Vorster, 1913-08-20. Die Kekana-Ndebele van Mankopane en Mokopane het in September 1854 tydens drie afsonderlike insidente 28 Boere vermoor. Mokopane en sy volgelinge het in grotte gaan skuil waar die berugte Boerebeleg en die dood van duisende Ndebeles teen November van daardie jaar gevolg het. Sien I. Hofmeyr, *We spend our years as a tale that is told*, pp. 110-111.
63. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 89-90.
64. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 82-83.
65. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 84.
66. K. Shillington, *History of Africa*, p. 304.

het, maak sendeling en vertaler Sonntag se aanname dat die Hananwa werklik bereid was om onder Britse (en derhalwe ‘n bepaalde ‘wit’) gesag in te val, nie sin nie. (Sien weer bo-staande tabel: “When the English were in command of the Transvaal, the Bagananwa were prepared to submit to them and pay taxes”.) Die ironie is dat dit juis die Britte was wat in 1878 die Hananwa vir die eerste keer ingelig het dat hulle van hulle grond verwyder sou word, in ‘n reservaat geplaas sou word en belastingpligtig gemaak sou word. Voordat die Britte egter hierdie voorneme, wat vanselfsprekend deur die Hananwa teengestaan is, kon implementeer, het ‘n opvolgingskrisis in die Hananwa se eie geleedere ontstaan en het die Britte en die Boere onder mekaar slaags geraak tot en met met die uiteindelijke herowering van Transvaal deur die Boere in 1881. Soos Makhura dit stel :

On this basis, it may be concluded that the effect of the British intervention in the Transvaal upon the Bagananwa was still unfolding when their rule was terminated. Thus British interregnum was too brief to have had an overwhelming impact on the Bagananwa polity. Both the Bagananwa and the British were similarly faced with their own internal crises. Nonetheless, it was the nature of the state structure that the British had created which was to be decisive in shaping the Bagananwa-Boer relations after 1881.⁶⁷

Die Britse interregnum was te kort om ‘n oorweldigende impak op die Hananwa-politie te gehad het, maar omdat dit so voortydig beëindig is, het dit die potensiaal behou om as ‘n beter alternatief as Boereheerskappy onthou te word – nie net deur Sonntag nie, maar ook deur Mmalebôhō self. Met dié dat geen van die Britte se planne wat die Hananwa tot nadeel sou strek deurgevoer is nie, het die herinnering aan hulle nadelige intensies gou vervaag teenoor die langdurige bedreiging en reële ultimatus van die Boere. Dat die Britte die Boere se 1894-veldtog in beginsel sou ondersteun;⁶⁸ dat die Boere eintlik deur hulle veldtog ‘n Britse plan sou volvoer, gee ‘n ironiese strekking aan Sonntag se aanname dat die Hananwa-leiers in beginsel bereid sou wees om hulle vreedsaam en vrywillig, sonder te veel ontwrigting, aan ‘n wit owerheid te onderwerp. Sonntag se afleiding dat die Hananwa, op grond van hulle Britse ervaring, oorgehaal sou kon word om wit heerskappy te aanvaar, het nie daarmee rekening gehou dat die skynbaar aanvaarbare Britse heerskappy van 1877-1881 ‘n onvolkome geïmplementeerde heerskappy was nie. Indien die Britte self

67. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 132.

68. Nieteenstaande al die teenkating teen die kommandering van Britse onderdane om teen Mmalebôhō te gaan veg en die Britte se veroordelende kommentaar op soveel aspekte van die wyse waarop die Boere die Hananwa behandel het, was die Britse regering in beginsel nié gekant teen die onderwerping van swart gemeenskappe nie. Soos in hoofstuk drie bespreek, was hulle immers self elders daarmee besig. Sien TAB: KG.81, CR. 2167/94, s.a. vir ‘n telegram van gelukwense van die Britse Hoë Kommissaris aan president Paul Kruger met die inname van Mmalebôhō se bergvesting.

hulle planne kon deurgevoer het, sou die Hananwa net so sterk daarteen weerstand gebied het as wat hulle in 1894 teen die Boere gebied het. Wanneer sendeling Sonntag mymer dat die Hananwa dit nie teen wit oorheersing as sodanig gehad het nie, gee hy sy eie onvermoë te kenne om te begryp hoe ingrypend wit oorheersing die Hananwa-staat sou omverwerp.

Wat was Mmalebôhō en die ander Hananwa-leiers se houding teenoor die Britte? Makhura is daarvan oortuig dat die Hananwa, soos die ander swart gemeenskappe van Transvaal, aanvanklik geglo het dat “the British rule would deliver them from the Boer pressures.”⁶⁹ Die Britse planne van 1878, om hulle na ‘n reservaat te verskuif en aan belastings te onderwerp, moes dus ‘n groot teleurstelling gewees het. Soos reeds genoem, is die daaropvolgende Britse pogings om belasting onder die Hananwa in te samel, met verzet begroet. Tog is daar ander aanduidings dat die Hananwa in die daaropvolgende twee dekades nie hulle hoop op die Britte volkome laat vaar het nie. Sendeling Robert Franz, Sonntag se opvolger, het daarop aanspraak gemaak dat hy die Hananwa tydens die Anglo-Boereoorlog laat afsien het van hulle plan om die Britte teen die Boere te help met die oog op dividende na dié oorlog.⁷⁰ Selfs vroeër reeds, teen die einde van die Boer-Hananwa-oorlog van 1894, het Mmalebôhō Sonntag meegedeel dat hy nie aan die Boere belasting kon betaal nie omdat hy reeds ‘n verpligting gehad het teenoor die Britte wat hom in 1881 beloof het dat hulle na Transvaal sou terugkeer. Te oordeel aan wat sendeling Sonntag voor die oorlog van die Hananwa verneem het, blyk hierdie nie die vernaamste rede te wees waarom die Hananwa nie bereid was om hulleself aan die Boere te onderwerp nie. Dit is duidelik dat die sogenaamde lojaliteit wat die Hananwa veronderstel was om tussen 1881 en 1894 aan die Britte verskuldig te wees, geensins Mmalebôhō se mag in die Blouberg-gebied aan bande gelê het nie.

69. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 131.

70. G.H. Franz, Mmalebogo *Die Huisgenoot* 23(881), 1939-02-10, p. 89.



Was ich bei verschiedenen Unterredungen zu verschiedenen Zeiten, an verschiedenen Orten, von verschiedenen Personen von Abneigung – wenn ich so sagen kann – gegen das Bauern-Regiment erfahren habe, woraus das Zögern der Bahananoa sich erklären läßt, ist dann folgendes: ⁷¹ (p. 199)	<i>Although it was extremely difficult to get to the root of the problem, my careful, thorough and wideranging investigations have convinced me that quite apart from the latest two incidents, the burning of the already harvested corn lying in heaps on the lands, and the removal by Vorster of the hundred head of cattle plus the rather inexplicable retention of ten of them, the following reasons for the grievances of the Bahananoa and their hesitation to submit to the Government of the Boers, might be worthy of consideration: (p. 38)</i>
--	---

Die redakteur se in-vertaal van sy eie interpretasie in die Sonntag-dagboek is hier maar al te duidelik, net so ook dat die redakteur steeds in gesprek is met die Vlotman-interteks. Anders as Vlotman, wat een insident van Hananwa-aggressie as regverdiging vir die Boere se oorlogsverklaring teen die Hananwa aanvoer, wys die redakteur vir die leser dat die oorsake vir die konflik veel ingewikkelder was, dat Sendeling Sonntag baie moeite gedoen het om dit te probeer verstaan en dat hy nie slegs een nie, selfs nie slegs twee insidente van Boere-aggressie jeens die Hananwa kan aandui nie, maar dat daar boonop selfs nog meer redes was waarom die ‘goedhartige, sagsinnige’ Hananwa huiwerig was om hulle onderhorigheid aan die Boere te betoon. Hoewel Konrad Sonntag nie huiwer om die hardkoppigheid van die Hananwa as rede vir die oorlog uit te wys nie, plaas hy die blaam vir die uitbreek van die geweld vierkant in die kamp van die Boere, juis omdat onverstandige optrede van hulle kant af volgens sy oordeel ook die hardkoppigheid by die Hananwa veroorsaak het.

Die kontras tussen, aan die een kant, Rae en Vlotman se eenduidige blamering van die Hananwa vir die 1894-konflik en, aan die ander kant, sendeling Sonntag se noukeurige bymekaarbring van bewyse teen die Boere soos versamel tydens “verskillende besprekings, op verskillende tye, op verskillende plekke, met verskillende persone”,⁷² is opvallend. Dit is asof sendeling Sonntag probeer sê: “as ek my nek sover kan uitsteek om te praat van ‘n afkeer in die Boereregering, dít is wat

71. “Wat ek uit verskillende besprekings op verskillende tye, op verskillende plekke van verskillende persone van ‘n afkeer – as ek so kan sê – in die Boere-regering ervaar het, waaruit die Hananwa se woede verklaar word, is dan die volgende:” Vertaling L.K..

72. Vry vertaal uit die Duits soos aangehaal uit C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 199.

ek daarvoor gehoor het: ...” Die vertaler het met die voordeel van agternaperspektief natuurlik lank reeds die blaam vir die konfrontasie op die Boere (een spesifieke Boer, soos binnekort sal blyk) geplaas. Hy hoef derhalwe slegs daardie redes van die sendeling in sy publikasie te gelys het wat hy nie reeds in sy verwerkte weergawe ingesluit het nie. In Bylae C agter in die proefskrif word die lys redes vir die oorlog soos gevind in die Duitse en die Engelse tekste onderskeidelik, in tabelvorm naas mekaar geplaas en in die laaste kolom bespreek.

Sendeling Sonntag se openheid oor die bronne van sy informasie en die geredelikheid waarmee hy wat hy ingesamel het vir sy leser aanbied, ongeag of hy hom persoonlik daarmee vereenselwig of nie, maak van sy dagboek ‘n merkwaardige egodokument:

<p>Viele dieser Beschwerden haben ja ihre Berechtigung. Viele sind unbegründet. (p. 200)</p>	
--	--

Dit is asof die leser die geleentheid kry om hom te vergesel deur die insamelings- en besluitnemingsproses waardeur hy aan sy vertelling vorm gee. Konrad Sonntag het sy eie afleidings gemaak tydens hierdie leesproses en dit in die Engels in-vertaal, of liever, wat hy as ongegronde besware beskou het, uit-vertaal. Ironies genoeg doen die vertaler se weglating van die sendeling se subjektiewe opmerkings juis afbreuk aan die geloofwaardigheid van sy vertaalde weergawe. Wat vir die sendeling (vertaler) ongegrond was, kon juis daardie argumente gewees het wat vir ‘n ander leser die Hananwa se posisie duidelik maak. Vegeleke met die oorspronklike, is Konrad Sonntag se argumentasie ook net té op die man af, té gepoleerd en eenduidig om die dagboekinskrywing te wees van ‘n man wat die gebeure van die voorafgaande dae vir homself probeer uitpluis het. Gevolglik bied die Engelse teks nie dieselfde verskeidenheid interpretasiemoontlikhede as die Duits nie. Wanneer in gedagte gehou word dat Konrad Sonntag steeds in gesprek was met die Colin Rae-interteks, waarin die Hananwa as gevaarlike aggressors uitgebeeld is, maak dit sin dat hy met sy publikasie ‘n spesifieke, eie interpretasie wat hierdie beeld kon ‘korrigeer’, sou wou oordra. Hierdie moontlikheid word versterk deur die volgende verskil tussen die Duitse teks en die Engelse publikasie:

<p>Lege ich mir die Frage vor, will das Volk überhaupt hören, dann muss ich sie verneinen. (p. 200)</p>	<p><i>As contradictory as it might seem and in spite of their aversion for the Boers and their Government, and especially for Vorster and his modus operandi, my answer to the question, Do the Bahananoa really want war? would be in the negative. (p. 39)</i></p>
---	--

Waarom sou Konrad Sonntag iets kwytgeraak het wat die sendeling na alle waarskynlikheid nie eens geskryf het nie? Die vraag of die Hananwa werklik wou veg of nie, pas nie in by die voorafgaande sin (wat die vertaler doelbewus weggelaat het?) of die daaropvolgende sinne nie. (Dit is ook opmerklik dat dit slegs in die vertaling is dat hierdie volgende sin in ‘n nuwe paragraaf geplaas word. In die Duitse teks volg dit direk op die omstrede stelling). Die volgende sinne brei uit op die kwessie of die Hananwa na die sendeling se raad om die vrede te handhaaf, sou *luister* of nie: Die konteks ondersteun nie die vertaler se vraag of die Hananwa wou veg of nie.

<p>Mehr als einmal war es, als ob ich Häuptling nähmlich überwunden hatte und als ob er meine Ratschläge befolgen wolle. Jedesmal aber, wenn er sich zurückzog und – wie es schien – mit den Alten Rat gehalten hatte, war er wieder wie umgewandelt.(p. 200)</p>	<p>More than once during my meetings with Maleboch, I had the impression that he was on the point of accepting my advice. But then he retired, apparently with the purpose of consulting his old advisers. When he returned, he was as inflexible as ever. (p. 39)</p>
---	--

Wanneer sendeling Sonntag dan self verderaan in hierdie paragraaf mymer: “Planning a war was most definitely not their intention,” is dit ‘n opmerking wat inskakel by die groter bespreking oor die kwessie of die Hananwa-oudstes na sy raad sou *luister* of nie. Sendeling Sonntag was besig om te bespiegel oor die invloed wat hy eintlik op die Hananwa gehad het, die mate waarin hy werklik in staat was om aan hulle voor te skryf. Daar moet in gedagte gehou word dat ‘n dagboek vir die sendeling ‘n manier was om sy leefwêreld hanteerbaar te maak deur dit op papier te konstrueer in ‘n vorm waaroor hy beheer kon uitoefen. In die lig hiervan is Sonntag se besorgdheid oor die kwessie of die Hananwa na hom sou *luister* of nie, geen geringe bekentenis nie. Dit is ‘n onbewaakte oomblik waarin die sendeling te kenne gee dat hy nie so sterk in beheer van sy verhouding met die Hananwa was as wat hy homself verbeel het nie en veel meer ontvanklik was vir beïnvloeding van hulle kant as wat hy openlik sou erken. Dit is jammer dat die vertaler die moontlikheid van hierdie interpretasie van sy Engelse lesers ontnem.

Deur die oorlogskwessie in die plek van die ‘*luister*’-kwessie in die inleidende opmerking te plaas, het Konrad Sonntag die onderwerp onder bespreking verander. ‘n Moontlike verklaring hiervoor is dat Konrad Sonntag so vasberade was om Anthony Vlotman se beeld van die Hananwa as die aggressors en die inisieerders van die geweld af te breek, dat hy dit baie duideliker in die teks na vore wou bring dat die

Hananwa nie regtig wou veg nie. Terwyl dit sy doelstelling was om die Hananwa in 'n beter lig te stel, kan sy voorstelling ook 'n teenoorgestelde interpretasie ontlok: dat die Hananwa so papbroekig was dat hulle eerder hulle leier se kop (simbolies van hulle soewereieniteit, selfbeskikking, selfrespek) op 'n skinkbord vir die Boere sou gee as om vas te skop en hulleself te verdedig. Deur te veel vir die Hananwa te probeer opkom, neem die vertaler alle inisiatief uit hulle hande.

Wat nie misgekyk moet word nie, is dat sendeling Sonntag se teks ruimte laat vir houdingsverskille binne Hananwa-geledere. Ongeveer 'n derde van Mmalebôhō se onderdane sou uiteindelik besluit om hulle belastinge wel aan die Boere te betaal ten einde gewelddadige onderwerping te ontwyk.⁷³ Maar dan was daar ook Mmalebôhō se ouer raadgevers wat nie bereid was om enige toegewings aan Boere-eise te maak nie en by implikasie eerder sou veg voor hulle sou toegee. Sonntag voer aan dat Mmalebôhō, anders as dié ouer generasie, begin besef het dat die Boere se mag teen 1894 sodanig toegeneem het dat die Boerebedreiging hierdie keer nie weer met dieselfde taktiek as in die verlede – hetsy deur 'n geïsoleerde voorval van konflik of deur Boere-eise bloot met 'n ontwykende antwoord te begroet – afgeslaan sou kon word nie. Omdat Sonntag 'n gewelddadige konfrontasie ten alle koste wou vermy en hy oortuig was dat enige optrede behalwe om toe te gee en belasting te betaal daarop sou uitloop, het hy die Hananwa-oudstes se raad as 'sleg' geklassifiseer:

Das bringt mich auf den Gedanken, daß unter den alten Männern eine Anzahl ist, die den Häuptling schlecht beraten. (p. 200)	I suspected than among the old men there were at least some who advised him badly. (p. 39)
---	--

Dit is duidelik dat die sendeling onder die indruk was dat daar 'n spesiale verhouding tussen hom en die Hananwa-leier was en dat hy daarvan oortuig was dat hy 'n aansienlike mate van invloed oor hom uitoefen het. Soos Sonntag homself hier voordoën, kan hy dus ingelees word in die klassieke sendeling-rol, waarin hy Hananwa-tradisies aan die ondermyn is ten einde 'n 'beter' bestel te skep. Belangrikste is, soos later ook weer bespreek sal word, dat Mmalebôhō nié vir Sonntag luister nie. Wat minder opvallend is (omdat Sonntag self die laaste een sou wees om dit te erken), maar wat tog deur die sendelings tekste ondersteun kan word, is dat Mmalebôhō vir Sonntag willens en wetens sy rol as 'wit wyse' gegun het. Die rede hiervoor sou wees dat Sonntag se geloof in 'n spesiale verhouding met Mmalebôhō hom meer geredelik beskikbaar en meer gedienstig aan Mmalebôhō gemaak het. Soos reeds aangedui, het Mmalebôhō die versierendheid gehad om

73. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 25 (1894-04-30).

sendeling Sonntag uit die staanspoor, sedert sy aankoms by Blouberg in 1892, te laat verstaan dat sy sendingaktiwiteit in die omgewing volkome berus het by die goedgunstigheids van die Hananwa-leier. Teen 1894 was Sonntag dus reeds vir twee jaar in die 'gewoonte' om só op te tree dat hy hierdie guns kon behou.

Terug by die dagboekteks: Sendeling Sonntag gee vervolgens 'n uiteensetting van die wyse waarop die ou manne volgens hom geredeneer het om by die 'slegte raad' wat hulle aan Mmalebôhê gegee het, uit te kom. Die volgende frases is deur die vertaler uit die Engelse publikasie uitgelaat:

<p>Sie kennen die Bauern an zu 40 und 50 Jahre, wie sie einst in einem Gewaltstreich den Bah. sämtl. Vieh abnahmen, als sie grad an einem Tage erreichen konnten und dann abziehen. Das jetzt Transvaal vor ihnen steht, das begreifen sie nicht. (p. 200)</p>	<p>(p. 39)</p>
--	----------------

Dit is ironies dat Sonntag se volgehoue pogings om vrede tussen die Boere en die Hananwa deur onderhandelinge te bewerkstelling, ondermyn word deur hierdie inligting wat hyself hier in sy dagboek opgeteken het – waarskynlik daarom dat die vertaler dit uitgelaat het. Daar is vroeër ook reeds verwys na die lang geskiedenis van gespanne verhoudinge tussen die Boere en die Hananwa. Nêrens in hierdie lang interaksie het die Boere egter, tot en met die jare negentig, naby daaraan gekom om die Hananwa te verower en te onderwerp nie. Boerebedreigings is vantevore nog altyd sonder prysgawe van selfbeskikking hanteer. Vanuit hulle bergvesting kon die Hananwa aanslae trotseer. Die prysgawe van Hananwa-soewereiniteit was eenvoudig nie op die agenda nie – so laat as 1890 het selfs die Boere (sien weer Vlotman se 'aanhaling') besef dat Mmalebôhê nog baas op Blouberg was. Vir hierdie Hananwa-leiers om dan eensklaps in 1894 te begin optree asof die Boere hulle meesters was, om by hulle dekade-lange vyande te gaan pleit om genade, hulle daartoe te verbind om belastings te betaal en ongekende Boere-inmenging in hulle samelewing te duld, was eenvoudig te veel gevra.

Dit is nie noodwendig te sê dat die Hananwa-oudstes, soos Sonntag beweer het, nie besef het dat hierdie laaste Boere-aanslag veel ernstiger as die voriges sou wees nie. Die Hananwa was waarskynlik dan ook nie so naïef soos wat die daaropvolgende opmerking van Sonntag hulle mag laat vertoon nie:

Sie nehmen an, Vorster wird wohl endlich müde werden des Wartens und dann abziehen. p. 200)

They [die ouer Hananwa leiers] apparently supposed that Vorster would at last tire of waiting and leave them alone. (p. 39)

Dit was waarskynlik eerder 'n geval dat die Hananwa-oudstes besluit het om die beproefde taktiek wat vantevore reeds teen die Boere gewerk het, weer in werking te stel: naamlik om nie konfrontasie uit te lok nie maar hulleself so goed as moontlik, met soveel as moontlik ammunisie, in hulle bergvesting te verskans. Soos die Boere, moes die Hananwa, anders as die goedgeelowige Sonntag wat gehoop het dat almal in harmonie sou kon saamleef, baie goed geweet wat op die spel was: Mmalebôhō se kop; die Hananwa se onafhanklikheid. Waarom sou hulle bereid gewees het om dit vrywillig prys te gee terwyl die Boere telkens vantevore nie in staat was om dit van hulle weg te neem nie?

Wat moet die leser dan maak van Sonntag se volgende opmerking:

Daß sie einen Krieg heraufbeschwören wollen, ist durchaus nicht ihre Absicht. (p. 200)

Planning a war was most definitely not their intention. (p. 39)

Vertaler Sonntag is haastig om die vredeliewende aard van die Hananwa weer so veel as moontlik te *foreground*. Die Duitse teks laat ruimte vir 'n ander interpretasie: "Die Hananwa was beslis nie van plan om 'n oorlog *uit te lok* nie"⁷⁴ - maar dit sluit nie uit dat die Hananwa voorbereidings getref het om hulleself te verdedig as dit daarop sou aankom nie. Sonntag was duidelik nie op die hoogte met die Hananwa se verdedigingstrategie nie, waarskynlik omdat hy van die Hananwa geglo het ook net wat hulle hom toegelaat het om te glo. Indien Sonntag op die hoogte gehou is van hulle pogings om wapens bymekaar te maak, sou hy verplig gewees het om dit by die Transvaalse owerhede aan te meld. Dit het die Hananwa gepas dat Sonntag die persepsie van hulle gehad het wat hy hier aanbied. In 'n mate was Konrad Sonntag se afleidings in die kol wat betref die beeld wat die Hananwa graag in die sendeling se oë sou wou hê. Indien die Hananwa aan Sonntag sou onthul dat hulle uitgestel het met 'n antwoord aan Vorster omdat hulle inderdaad besig was om vir oorlog voor te berei, sou hulle sy simpatie verloor het. Die Hananwa kon nie hulle 'vredesgesant' onder die indruk bring dat hulle eintlik vir 'n geveg gereed gemaak het nie.

74. Vertaling en kursivering L.K.

Anders as Sonntag, was die Hananwa-oudstes nie vatbaar vir die retoriek waarmee die Boere, so tiperend van 'n koloniale veroweringsmag, die onderwerping van 'n Afrikagemeenskap geregverdig het nie. Hulle kon nie ongehoorsaam, opstandig of rebels wees teenoor 'n owerheid wat hulle nie erken het nie. Hulle kon bloot, gekonfronteer, uitgedaag, of bedreig word en hulle het beperkte opsies gehad hoe hulle daarop sou reageer. Om te beplan vir oorlog, was 'n baie waarskynlike opsie.

Sonntag vervolg sy verduideliking van die Hananwa-oudstes se 'slegte raad' aan Mmalebôhō met die volgende opmerking:

<p>Der Häuptling ist leider noch ein verhältnismäßig junger Häuptling und so muß er den Ratschlägen der Alten sein Ohr leihen. (p. 200)</p>	<p>As head of a tribe, Maleboch was still a comparatively young man and therefore tribal custom obliged him to lend his ear to the advice of the old men. (p. 39)</p>
---	---

Die vraag ontstaan of Sonntag gelyk gehad het dat die jong Hananwa-leier, Mmalebôhō, anders as sy ou raadgewers, die onvermydelikheid van Boere-onderwerping, hetsy vreedsaam of gewelddadig, besef het en derhalwe ten minste *oorweging* geskenk het aan die moontlikheid om vreedsaam oor te gee. Mmalebôhō was nie oningelig oor die gedetermineerdheid waarmee koloniseerders gedurende die 1890's in suidelike Afrika opgetree het nie. In Oktober 1893 het hy by Sonntag laat navraag doen om meer besonderhede te kry omtrent die situasie in Mashonaland,⁷⁵ waar Lobengula se Ndebele in die daaropvolgende weke deur 'n British South African Company-mag onder leiding van dr. L.S. Jameson verslaan sou word. Indien Mmalebôhō enigiets uit Lobengula se lot wysgeword het, was dit hoe beperk 'n swart leier se opsies voor die onstuitbare golf van kolonisering was.⁷⁶ Indien onderwerping

75. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 170.

76. Sien T. Pakenham, *The scramble for Africa, 1876-1912*, pp. 490-495. Dit is merkwaardig met hoeveel gemak die storie van Mmalebôhō se onderwerping in dieselfde patroon ingepas kan word as waarin Pakenham die geval van Lobengula verpak het. Dit is asof Pakenham 'n meesternarratief vir koloniale veldtogte blootgelê het. Soos vertaler Sonntag met die 'verhaal van Mmalebôhō', beskou Pakenham die 'verhaal van Lobengula' as 'n tragedie: "Lobengula was illiterate but highly intelligent. Like the victim of Greek tragedy, he found himself caught in the toils. For years he had been besieged by concession hunters of various nationalities, including Boers. He recognised that his kingdom, blessed with a soil and climate superior to that of any of the other South African states, would be the next target for European expansion. Only its remoteness had saved it so far." (Pakenham, p. 382). Hierdie paragraaf kon, met die uitsondering van die gesogtheid van die terrein wat gekoloniseer sou word, net so vir Mmalebôhō oorgeneem word. Naas die motiverings van plaaslike amptenare soos Vorster, wat groot buit sou maak tydens die veldtog, is reeds aangedui dat Mmalebôhō deel van die Transvaal-'pakket' was om wit vestigingsgebied elders te beveilig en om die uitskakeling van hulle eintlike vyand, Makhado, uit te skakel. Die volgende ooreenkomste is nietemin baie duidelik: In albei gevalle was daar 'n koloniale amptenaar wat persoonlike voordeel uit die onderwerping van die swart gemeenskap sou trek, op die toneel (Ndebele: dr. L.S. Jameson; Hananwa: Barend Vorster sr.); in albei gevalle is insidente geïdentifiseer wat dit vir 'n koloniale moondheid moreel regverdig kon maak om 'n militêre veldtog te onderneem (Ndebele-aanval op Fort Victoria, Julie 1893; Hananwa-'uitdagendheid' soos beskryf deur Barend Vorster). In albei gevalle sou die Afrikaleiers, sodra die koloniale magte gemobiliseer is, hulle

aan wit gesag onvermydelik was, sou die mees taktiese besluit vir Mmalebôhō gewees het om ten minste te gronde te gaan terwyl hy die wil van sy raadgewers uitvoer. Sou Mmalebôhō besluit het om geen weerstand te bied nie, sou hy die kans gestaan het om verguis te word as een wat nie die belange van sy volgelinge verdedig het nie, wat hulle aan die Boere uitgelewer het en op niks anders as 'n eerlose vrede kon roem nie.

Wat vir Sonntag en wat vir die Hananwa-raadgewers die 'eerbare' besluit sou wees om te neem, het dus lynreg met mekaar gebots. Dit volg hieruit dat Mmalebôhō dan ook net in die oë van 'n wit waarnemer wat, soos die sendeling en verál die vertaler na die gebeure gekyk het, as tragiese held beskryf sou kon word. Vir 'n leser wat vreedsame onderwerping as die verstandige keuse sou beskou, was Mmalebôhō se besluit om te veg eerder as om aan die Boere se eise te voldoen, sy tragiese skuld, sy *hamartia* waardeur hy sy volgelinge lyding en dood op die hals gehaal het. Sy oormoed (*hubris*) sou daarin gelê het dat hy die noodlot getart het deur die onafwendbare (wit superioriteit) teen die prys van vele menselewens, tevergeefs probeer afweer het; dat hy homself teen sy beterwete teen die witmense verset het. Hierdie beskouing verval sodra die leser buite die paradigma van wit superioriteit beweeg. Vir so 'n leser het Mmalebôhō wel soos die tragiese held getrou aan sy aard opgetree, maar het daardie optrede nie die uitspeel van 'n fout behels nie. Vir so 'n leser was Mmalebôhō se besluit om sy mense teen Boere-aggressie (aanvanklikstruktureel en daarna eers gewelddadig) te verdedig, die 'regte' ding om te doen.

Veral in die volgende paar paragrawe uit die dagboek gee die sendeling en die vertaler hulle wêreldbeskouings, waarin dit 'n vanselfsprekendheid is dat witmense die bo-ton voer, te kenne. Die verskille tussen sendeling Sonntag se redenasie en die vertaler se uiteensetting daarvan, is veelseggend. Afgesien van aansienlike byvoegings, is die volgorde van die paragrawe in die laaste gedeelte van Sonntag se 19 Mei 1894-dagboekinskrywing, sodanig deur Konrad Sonntag gewysig dat dit aansienlike betekenisverskille impliseer. Ten einde die veranderde volgorde van argumente aan te dui, word die ooreenstemmende gedeeltes met kleurkode aandui. Byvoegings deur Konrad Sonntag is steeds swart en in kursief. Dele in die Duitse dagboek wat nie in die Engels voorkom nie, is ook gekursiveer:

tot die volgende taktiek wend: hulle sou probeer tyd wen; met geskenke die koloniale bevelvoerder probeer paai en op die punt voordat hulle finaal verslaan is, 'n afkoopbedrag aan die koloniale magte aanbied. Sien weer hoofstuk drie vir sootgelyke gevalle uit Wes-Afrika. Vergelyk hoofstuk vyf vir verwysings na die tragedie as narratief.



Während die Alten durch die Politik des Hinhaltens und Zögerns gewinnen, werden sie das ganze Volk ins Verderben stürzen.

Ich bin fest davon überzeugt, daß der Kommiss., wenn er gewagt hätte Maleboch persönlich einen Besuch zu machen und in gemüthlicher Unterhaltung ihm und seinen alten Minister den Standpunkt in aller Ausführlichkeit klar und deutlich gemacht hätte und die Sachen von beiden Seiten behandelt hätten, mit der ganzen Angelegenheit in kurzer Zeit zu Rande gekommen wären. Oft genug habe ich es ihm nahegelegt, sich mit ihren Beschwerden direkt nach Pretoria zu wenden, man würde ihnen dort Gehör schenken und ihnen Gerechtigkeit widerfahren lassen, wenn sie sich bereit erklären der Forderung der Regierung Folge zu leisten. Ich bemerkte jedoch sogleich, daß dazu keine Lust war. *Die Alten waren wohl der Meinung, hinziehen, hinziehen. Dann wird Vorster uns in Ruhe lassen und ganz Transvaal.* Nachdem ich alles gethan hatte, was in meiner Macht stand und geraten so viel ich konnte, muß ich Gott dem Herrn das Weitere überlassen. (p. 200)

Often enough I had advised them to go direct to Pretoria with their grievances. I told them that, provided they were to submit to the reasonable demands of the Government, they would be well and justly treated. I noticed at once, however, that they were not inclined to do this, and it would have been unwise if I had undertaken something in this direction without their express wish.

The old men probably hoped to win by their policy of procrastination and hesitation, but I feared that by this course they would plunge their people into destruction.

No dispute between White and Black could be resolved unless the white man realised that his first and foremost aim must be to gain the confidence of the Black man. He must be willing to unbend and have the courage to personally visit the Black man, in this case Maleboch, wherever he may be. In a cordial, patient and protracted conversation going into the minutest detail, such a man would put the standpoint of the Government, justifying the proposed actions of the Boers in even the most trivial matters. It would not have taken such a man a great deal of time to bring the dispute to a satisfactory conclusion for both parties.

This is not wishful thinking influenced by my friendly feelings for Black men, in particular Maleboch. Such Boers are living now, in the persons of Native Commissioner Potgieter and Commandant Grobler, both of the Waterberg. These men are not only highly respected by the Blacks of the district, but also by Maleboch and his people.



	Having done everything in my power to <i>assist</i> the Bahananoa, I had to leave the rest in the hands of the Lord God. (pp. 39-40)
--	--

Die volgende vier basiese stellings kon in albei uittreksels geïdentifiseer word:

- Die Hananwa-oudstes het gehoop om met uitstel en ontwyking te wen, maar dit sou hulle in die verderf lei.
- Dit was Vorster se verantwoordelikheid om die inisiatief te geneem het en met die Hananwa te gaan onderhandel. Indien hy dit gedoen het, sou die saak vinnig afgehandel gewees het.
- Sonntag het die Hananwa geadviseer om hulle saak direk met die Boereregering in Pretoria te gaan opneem, maar hulle was nie daarvoor te vinde nie.
- Nadat die sendeling sy bes gedoen het, het hy die saak in die hande van die Here gelaat.

In die vertaalde weergawe, is die volgorde egter soos volg:

- Sonntag het die Hananwa geadviseer om hulle saak direk met die Boereregering in Pretoria te gaan opneem, maar hulle was nie daarvoor te vinde nie.
- Dit was Vorster se verantwoordelikheid om die inisiatief te geneem het en met die Hananwa te gaan onderhandel. Indien hy dit gedoen het, sou die saak vinnig afgehandel gewees het.
- Die Hananwa-oudstes het gehoop om met uitstel en ontwyking te wen, maar dit sou hulle in die verderf lei.
- Nadat die sendeling sy bes gedoen het, het hy die saak in die hande van die Here gelaat.

Waar sendeling Sonntag in die oorspronklike dagboek sy eie rol in die laaste twee stellings verduidelik het, het die vertaler die hele gedeelte met die sendeling se rol omraam deur die twee stellings waarin hy 'n aandeel gehad het, heel eerste en heel laaste te plaas (rooi en pers). Daarmee gee die vertaler aan die sendeling self dié prominentste rol. Daarteenoor, gee hy aan die Hananwa 'n passiewer, meer ondergeskikte aandeel in hulle interaksie met die Boere; letterlik die derderangse rol (blou), ná dié van die sendeling en die kommissaris.

Sendeling Sonntag was in die oorspronklike dagboek veel minder aktief by die spanning tussen Boer en Hananwa betrokke as wat die vertaler dit wou gehad het. In



sy oorspronklike dagboekinskrywing het die sendeling die Hananwa-oudstes, die voorwerp van sy waarneming, se vrese geïdentifiseer; daarna het hy die verantwoordelikheid om Hananwa-vrese te besweer, op kommissaris Vorster geplaas en laastens eers homself verontskuldig vir sy eie passiwiteit. Hierdie optrede strook met ander uitsprake wat Sonntag elders reeds in sy dagboek gemaak het. Vergelyk die Duitse en die Engelse weergawe van 'n inskrywing gemaak op 26 April 1894:

... überhaupt, hielt ich es für geraten, erst mehr den passiven Zuschauer zu spielen. Man muss sehen, wann die Zeit zum aktiven Handeln gekommen ist ...⁷⁷

Quite apart from this, I thought it advisable, at first, to play the part of the passive observer ... One must let things develop and then decide whether the time was ripe to take part actively in the negotiations ...⁷⁸

So seker soos wat sendeling Sonntag van die gewaande wysheid van sy raad aan die Hananwa was, so duidelik spreek sy eie onvermoë om sy wil op die Boere óf die Hananwa af te dwing, uit die wyse waarop sy dagboekinskrywing gekonstrueer is. As die Hananwa nie gereed was om na hom te luister nie, sou hy niks aan die verderf waarin hulle hulle volgens hom begeef het, kon doen nie – daarom dat Sonntag, in die oorspronklike teks, nadat hy sy eie voorstel aan die Hananwa gestel het, terugkom na hulle eie vaste oortuigings en dan toegee dat al wat vir hom oorgebly het, was om vir hulle te bid:

Oft genug habe ich es ihm nahegelegt, sich mit ihren Beschwerden direkt nach Pretoria zu wenden, man würde ihnen dort Gehör schenken und ihnen Gerechtigkeit widerfahren lassen, wenn sie sich bereit erklären der Forderung der Regierung Folge zu leisten. Ich bemerkte jedoch sogleich, daß dazu keine Lust war. *Die Alten waren wohl der Meinung, hinziehen, hinziehen. Dann wird Vorster uns in Ruhe lassen und ganz Transvaal.* Nachdem ich alles gethan hatte, was in meiner Macht stand und geraten so viel ich konnte, muß ich Gott dem Herrn das Weitere überlassen.

In die Duitse teks ontmoet die leser 'n huiweriger verteller wat homself probeer verontskuldig. Daarteenoor is die eerstepersoonsverteller in die vertaalde teks 'n veel prominenter hoofrolspeler as wat hy in die Duitse sendeling se oorspronklike, eie teks was. Vertaler Sonntag se sendeling is alwetend: hy identifiseer die probleem; hy bied aan om dit op te los, word nie toegelaat nie en doen dan aan die hand hoe die witmense veronderstél was om op te getree het. Meer nog: wat hy aan die hand doen, is eintlik 'n verklaring waarom wit en swart tot die huidige dag toe nie oor die weg

77. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 188.

78. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 22.

kom nie: omdat witmense nie weet hoe om hulle gesag vreedzaam op swartmense af te dwing nie.

Dit is opmerklik hoe redakteur Konrad Sonntag die Duitse aanhaling soos hierbo in groen aangedui, aangepas en uitgebrei het om vir sy Suid-Afrikaanse lesers in die jare tagtig van die twintigste eeu in rasseverhoudinge te onderrig:

No dispute between White and Black could be resolved unless the white man realised that his first and foremost aim must be to gain the confidence of the Black man. He must be willing to unbend and ...

Onvergeeflik soos dit vir die redakteur was om die sendeling bo-staande woorde in die mond te gelê het, adem sy 1983-redenasie ongeveer dieselfde ideologiese houding as sendeling Sonntag se benadering tot die situasie in 1894: “As die witmens net geweet het hoe om die swartmens (wit) rede te laat insien.” Die vertaler het selfs die name van witmense wat hierdie rol sou kon vervul, in die gedeelte bygevoeg. Dit was waarskynlik met die ‘goeie’ bedoeling, hoewel swaar gebukkend onder paternalistiese bagasie, om aan te dui dat daar wel witmense was wat, anders as Vorster, vir swartmense omgee het. Daar is tog vir hierdie leser ‘n nuanseverskil tussen die sendeling en die vertaler se neerbuigende houding: die 1983-vertaling, wat immers geskryf is vanuit ‘n post-koloniale konteks, veronderstel steeds dat die swartman, sodra hy verstaan wat die witman van hom wil hê, sonder enige protes daarby sal inval. My interpretasie van Sonntag se redenasies in die Duitse dagboek, is dat hy tog geglo het dat die Boere, indien ‘n diepgaande beraadslaging sou kon plaasvind, beter insig in die Hananwa se probleme sou gekry het en tog toegewings aan hulle sou maak. Maar ook vir sendeling Sonntag, kind van sy tyd, was wit superioriteit so vanselfsprekend en die oppergesag van die Boere in Transvaal so ‘n onveranderlike gegewe, dat hy nie, soos die Hananwa, daar buite-om kon redeneer nie.⁷⁹

Dat sendeling Sonntag in 1894 van die Hananwa verwag het om ‘n afspraak met die Boereregering in Pretoria te reël, ‘n afvaardiging daarheen te stuur en hulle daar te gaan te woord staan, lyk in elk geval na ‘n growwe vergissing met die mentaliteit van beide die Hananwa en die Transvaalse Boere. Dit was idealisties van Sonntag om te

79. Toe Mmalebôhê op 4 Mei 1894 vir Sonntag meegedeel het: “Abgabe bezahlen tödtet ein Volk”, het Sonntag dit letterlik geïnterpreteer en vir die Hananwa-leier die name van mense wat belasting betaal het, opgenoem en naïef opgemerk dat hulle almal nog lewe – en boonop goed lewe. Dit het nie tot Sonntag deurgedring dat ‘n sekere soort lewe, ‘n ‘staat van bestaan’, soos die Comaroffs dit noem, inderdaad sou uitsterf as die Hananwa sou begin belasting betaal nie. Dit sou die einde van hulle selfbeskikking en onafhanklikheid wees, en in daardie opsig sou belasting betaal vir die Hananwa die afsterwe wees van ‘n bestaanswyse wat tot in daardie stadium vir hulle so vanselfsprekend was soos wat dit vir die Boere was dat dit beëindig moes word. Sien C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 193. Hierdie frase [“om belasting te betaal beteken die dood van die ‘volk’”] is nie in die Engelse vertaling opgeneem nie.

gedink het dat swartmense in Transvaal met witmense kon onderhandel soos wat witmense met mekaar onderhandel het. Sonntag het eenvoudig die jarelange spanning en agterdog tussen die twee gemeenskappe buite rekening gelaat. Waarvoor hy gelyk gegee moet word, is dat die Hananwa in sy idealistiese wêreldbeeld wel deur die Boere as volwaardige onderhandelaars, en nie as ongehoorsame kinders nie, behandel sou moes word. In hierdie opsig sou die oorlog vir sendeling Sonntag 'n groot leerskool wees wat sy naïwiteit sou temper. Hy sou vind dat selfs nie die swart Wesleyaanse evangeliste van die omgewing, wat normaalweg hulle sendingstasies met weinig wit hulp beheer het, tydens die vyandighede in staat (Comaroffs: “in ‘n staat”) sou wees om basiese probleme met die Boere-leiers te gaan uitpraat nie. Die ervaring van die swart Wesleyaanse Christene tydens die oorlog sou wees dat hulle nie kon staande bly sonder om vir hulleself 'n wit beskermheer en segspersoon te identifiseer nie. Die Wesleyaanse sendeling Thomas Wainman het die stand van sake so vroeg as 1891 reeds treffend opgesom:

...[I]t must not be forgotten that we are in the Transvaal, that a Kafir though the Englishman has appointed him teacher, is still only a kafir & he is harassed & hindered especially in the wilder parts of the country by the farmers & others who object to the natives being taught either secular or religious education.⁸⁰

In wese het Mmalebôhō vir Sonntag om dieselfde rede en op dieselfde wyse as die Wesleyaanse Christene gekoöpteer – hoewel dit, soos in die volgende hoofstuk aangedui sal word, vir die Christene meer voordele as vir Mmalebôhō sou inhou. Ten einde dinge in Transvaal gedoen te kon kry, moes 'n swart persoon dikwels voorgee dat hy bereid was om die rol te speel wat aan hom toegesê is en die wit weldoener die paternalistiese rol te gun waarop hy aanspraak gemaak het.⁸¹

Dit is nodig om tog nog 'n laaste keer terug te kom na die Hananwa-oudstes se motivering, soos deur Sonntag verwoord, waarom hulle nie aan die Boere se eise gehoor sou gee nie. Ek haal die Duitse frase aan wat nie deur Konrad Sonntag in sy vertaling ingesluit is nie:

80. *Wesleyan Methodist Mission Society (London) Archive, South African Correspondence (WMMS): H. 2711, Box no. 329, Tvl. S.A. 31, 1891, No. 1025a: T.H. Wainman, Good Hope, Smitsdorp – M. Hartley, London, November/December 1891*

81. In sy artikel “The invention of tradition in colonial Africa” in T. Ranger & E. Hobsbawn (eds.), *The invention of tradition*, p. 252, haal Terence Ranger vir John Iliffe aan om te verduidelik hoe die mense van Oos-Afrika in 'n gekoloniseerde ‘staat’ gefunksioneer het: “The British wrongly believed that Tanganyikans belonged to tribes; Tanganyikans created tribes to function within the colonial framework ... Europeans believed Africans belonged to tribes; Africans built tribes to belong to.” (J. Iliffe, *A modern history of Tanganyika*, p. 324.) Die Hananwa se optrede op die vooraand van die 1894-oorlog kan op 'n soortgelyke wyse verklaar word: Die Boere het verkeerdelik geglo dat 'n swartman nie op gelyke voet met hulle kon onderhandel nie, derhalwe het Mmalebôhō en die Wesleyaanse Christene vir hulle 'n wit sendeling gekry wat wel deur die wit owerheid ernstig opgeneem sou word.

Die Alten waren wohl der Meinung, hinziehen, hinziehen. Dann wird Vorster uns in Ruhe lassen und ganz Transvaal.

Dit is moeilik om te glo dat die Hananwa-raadgewers werklik so kortsigtig kon wees om te dink dat hulle volstruistaktiek die Boere-bedreiging sou laat verdwyn. Is dit werklik die boodskap wat Sonntag aan sy implisiete lesers wou oordra? Sonntag het begrip vir die Hananwa se rasionalisering van hulle optrede reeds verloor toe hy nie die implikasie besef het van die frase wat hulle – die hele tyd vir hóm – herhaal het nie: dat die Boere Mmalebôhō, hulle leier, se kop gesoek het. Vrede met die Boere sou vir die Hananwa teen ‘n veel groter prys kom as wat sendeling Sonntag kon bereken. Die noord-Sotho gesegde: “šako la hlako thobela ke mojanō”(in a country without a chief, chaos prevails)⁸² verduidelik presies wat die implikasie sou wees as Mmalebôhō se kop, om ‘n Westerse uitdrukking te gebruik, sou rol. Die Boere wou Mmalebôhō as magsfaktor in Transvaalse politiek uitskakel en vir die Hananwa sou dit chaos impliseer. Hulle het geweet dat dit onvermydelik was dat dié konfrontasie een of ander tyd moes plaasvind.⁸³ Wat Sonntag die Hananwa-leiers se uitstel en getalm noem, was vir hulle aan die een kant uitstel van die onvermydelike,⁸⁴ maar aan

82. A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, p. 31.

83. Die ironie is dat selfs Sonntag dit besef het. So vroeg as 18 Oktober 1892 het hy in sy dagboek geskryf: “A few half-hearted attempts to persuade the people of the Blaauwberg to pay their taxes had failed. That was the status quo at the moment. But over the heads of the unfortunate people the sword of Damocles hung all the time. ... When the Government had, however, at last decided to take decisive action, the time would have come for the missionary to advise the black people as well as the white authorities as to how peace should be preserved.” (Sien C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 12 & *Notizen ...*, pp. 133-134.) Maar Sonntag het nie besef dat die Boere se “decisive action” vir die Hananwa onderwerping impliseer het nie. Mmalebôhō se kop was die ononderhandelbare prys; dit sôu geneem word – hetsy vreedsaam of gewelddadig, sou die Boere se “decisive action” vir die Hananwa ‘n verlies van onafhanklikheid en derhalwe chaos, beteken. Sonntag se onvermoë om hierdie afleiding te maak, is myns insiens grootliks geleë in sy aanname dat hy veronderstel was om die Hananwa op hulle *andersheid* as witmense te takseer. Het hy die Hananwa bloot binne ‘n universeler raamwerk probeer plaas van ‘n gemeenskap wat op die punt was om deur ‘n magtiger vyand verower te word, sou die ‘koning se kop’-beeldspraak hom dalk nie ontwyk het nie. Die ooreenkoms tussen dit wat ‘n ‘koning’ vir Europeërs en Afrikane impliseer, is immers ooglopend: ‘n (Europese) koning is “a symbolic figure of rule” – sien H. Biedermann, *The Wordsworth Dictionary of symbolism*, p. 195; die Hananwa-*kgoši* word tot die huidige dag beskou as “a sign of unity and power” – sien A.P. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, p. 38. Dat Sonntag die Hananwa hier so *anders* beskou en elders van hulle verwag om so eenders as witmense, na Pretoria toe te gaan en met die wit regering te gaan onderhandel; dat Sonntag op 19 Mei 1894 so onbewus kon gewees het van die gewaarwordings wat hyself op 18 Oktober 1892 opgeteken het, is natuurlik weer eens tekenend van die aard van die dagboek as historiese bron. Die inligting wat uit vroeëre dagboekinskrywings versamel word, sal nie noodwendig korreleer met wat die outeur by ‘n volgende geleentheid kwytgeraak het nie. In die hitte van een argument, kom die afleidings wat twee jaar tevore onder ander omstandighede as deel van ‘n ander argument gemaak is, nie noodwendig weer by die verteller op nie. Die leser hoef dus nie ‘n dagboek net te lees vir wat wel daarin staan nie.

84. Dit was geen unieke situasie vir ‘n Afrikaleier wat verbete koloniale uitbreidingsdrange en ‘n oormag koloniale troepe moes trotseer nie. Vergelyk Lobengula se reaksie in 1889-1890 op die vooraand van die *British South African Company* se inname van Mashonaland: “After Jameson had gone, Lobengula twisted and turned. He saw no escape. He could easily wipe out a small column like Jameson’s. But he knew Cetshwayo’s fate. The Europeans were irresistible. His only tactic was to buy time.” T. Pakenham, *The scramble for Africa, 1876-1912*, p. 389.

die ander kant ook ‘n meganisme om tyd te wen: om meer ammunisie te bekom, krygers bymekaar te kry, vroue en kinders te verskuil, beeste na veiliger oorde te verskuif⁸⁵ en kos bymekaar te maak.

Om vir die Boere hulle sin te gee, om Mmalebôhō se kop vir hulle sonder verset te oorhandig, om onafhanklikheid sommerso prys te gee, sou vir die Hananwaleiers chaos wees. Vir Sonntag sou oorlog chaos wees – die verderf wat hy beweer het die Hananwa-oudstes hulle mense heen sou lei. Die ironie is dat Sonntag en Mmalebôhō albei hulle eie chaos in die vooruitsig gestel het. In hierdie opsig neig die Konrad Sonntag-tekste, as dit met die sendeling- en die Colin Rae-tekste as intertekste gelees word, na erger as ‘n tragedie, ‘n satire. Indien die sendeling voor die regbank van die geskiedenis gedaag moes word, sou dit nie wees omdat hy die Hananwa aangeraai het om vrede te maak nie – Mmalebôhō het dit self oorweeg – maar omdat hy nie besef het hoe ongemaklik so ‘n vrede vir die Hananwa sou wees nie. Indien die vertaler voor die regbank geplaas word, sou dit wees omdat hy honderd jaar ná die satiriese tragedie die neerbuigende laat negentiende-eeuse beskouing van die Hananwa onwetend steeds in sy interpretasie van die 1894-gebeure – en sy toepassing daarvan op sy eie tyd – bly handhaaf het. Vanuit die veronderstelling dat wittes die mag het om geregtigheid te laat geskied, dat hulle meer versiene is en die prerogatief het om voor te skryf, predik die vertaler rasseversoening: as die witmens weet hoe om die swartmens na sy kant oor te haal, sal daar vrede wees.

Versagte omstandighede vir sendeling Sonntag is dat hy, te midde van sy omklemmende koloniale verwagtingshorison, ten minste bereid was om selfs daardie Hananwa-argumente wat hy as onsin beskou het, op te teken en sodoende ‘n historiese teks met ryk interpretasiemoontlikhede nagelaat het. Verder het Sonntag, juis omdat hy so toegewyd was aan sy eie ideologie, dit baie hoog op prys gestel het dat die Hananwa vreedsaam in die Boere se koloniale staat opgeneem moes word. Dit het aanleiding gegee tot die ironiese situasie dat Sonntag, omdat hy hom vir dié doel voortdurend met die Hananwa bly bemoei het, deur hulle benut kon word as boodskapper, nuusdraer en tydwen-meganisme en sodoende eindelijk sy eie vredespogings ondermyn het.

Die merkwaardige is dat Sonntag dan, op die koop toe, deur sy dagboekinskrywing die moontlikheid oopgelaat het dat die Hananwa se optrede uit ‘n ander tyd en hoek

85. TAB: SS. 4700, R. 2004/95: *Verslag, of Algemeen Overzicht van den Commandant-Generaal van den gevoerden krijg tegen de oproerige Kafferstammend van Malaboeh (te Blauwberg), Seleboel, Magoeba, Mahoepa en anderen, wonende in de Lage Velden van het District Zoutpansberg*, 1895-02-20, p. 3. In hierdie verslag het Joubert vertel van “een Kapiteintje, genaamd Tawitzala,” wat langs die Mogalakwenarivier gewoon het en “ruim 700 beesten” vir Mmalebôhō opgepas het.

óók beskou sou kon word. Die afdeling “Herinnering as konteks” wat in hoofstuk drie as deel van die *ekstrateks* vir die lees van Sonntag se dagboek opgestel is, is in die paragrawe wat hier volg, direk van toepassing. Sonntag se teks staan nie net in verhouding tot die Boer-Hananwa-oorlog nie, maar ook in verhouding tot die kollektiewe / sosiale herinnering aan hierdie en talle ander koloniale konflikte.

Die Hananwa kan ook geloofwaardig uit die sendeling-dagboek gekonstrueer word as die “dapper veronregtes”: Die Hananwa was nie lamgelê deur vrees nie; hulle was bereid om te veg. Hulle het gekies om eerder die kans te waag en te veg as om maar net te kapituleer. Dit is die tipe verhaal waaruit ‘n nageslag mites sou kon spin – die Anglo-Boereoorlog, dié stryd waarin die Britte aan die Boere gedoen het wat hulle vyf jaar tevore aan die Hananwa gedoen het, was nóg so ‘n stryd wat uit die staanspoor as verlore beskou sou kon word, maar wat vir die verloorders ‘n stryd was wat gestry móés word. Omdat Mmalebôhò teen die Boere stelling ingeneem het, is hy deur die Hananwa onthou as ‘n goeie leier en ‘n dapper vegter, ‘n verteenwoordiger van die Hananwa se identiteit, ‘n held vir wie ‘n pryslied vandag nog gesing word.⁸⁶ Indien Mmalebôhò met die Boere ‘n ooreenkoms gesluit het, sou die Hananwa-oorleweringe hom verguis het soos hulle sy halfbroer Kibi, wat met die Boere saamgesweer het, verwyf. Hierdie lesing van die teks laat die ironieë ophoop: Sonntag sêlf het reeds tydens die Boer-Hananwa-oorlog ook eerder vir Mmalebôhò as die eerbare karakter beskou en hóm probeer bystaan. Net soos in die Hananwa-herinnering, het Sonntag ook vir Kibi as die anti-held beskou.

Soos met die Anglo-Boereoorlog, stel die feit dat die Hananwa die wapen opgeneem het, hulle nageslag in staat om die deelnemers aan die oorlog te konstrueer soos die konteks vereis: óf as veronregte slagoffers, óf as vasberade uitdaggers van die lot wat deur ander oor hulle beslis is – natuurlik twee kante van dieselfde munt. Die Hananwa se pryslied bevestig hierdie verskynsel: in opvoerings van die lied oor die 1894-oorlog, word verliese aan beide kante vermeld.⁸⁷ Aanvanklik klink dit na ‘n kompliment vir die dapperheid van albei groepe, uiteindelik kan dit ‘n subtiele verwyf jeens die Boere word: dat albei partye moes veg in ‘n sinnelose oorlog wat nie deur

86. Sien A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, pp. 29-47. “The recital of the poem should also be interpreted in the light of the important role that history plays as a stabilizing and unifying force in the life of the Hananwa. As indicated by [Isabel] Hofmeyr, for almost all colonized societies, the confrontation with colonial forces was an ‘apocalypse’. Many societies experienced ‘deepened demographic disaster, as well as crises of leadership’ as a result. These were times of social change and adaptation, conditions which are often characterized by a yearning for the past. By continual recital of a historical incident such as this one, the narrator is able to establish continuity with a heroic past.”

87. A. Joubert & J.A. van Schalkwyk, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity, *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999, p. 44.

die Hananwa se toedoen aan die gang gesit is nie. Die Hananwa-herinnering staan immers baie sterk daarop dat die oorsaak van die oorlog Boere-aggressie was – ook ‘n saak wat met geloofwaardigheid uit sendeling Sonntag se dagboek gemotiveer sou kon word.

Die hoogste vorm van ironie lê myns insiens in die verskynsel dat die herinnering aan die oorlog tot die huidige dag toe soveel prominensie in Hananwa-kultuurbeoefening geniet. Ook in die wit en akademiese leeskultuur het die Engelse vertaling en die Duitse heruitgawe van uittreksels uit die oorspronklike dagboek heelwat rimpelings gemaak. Kortom, die lewendige herinneringe aan die oorlog het ‘n interteks geword wat sendeling Sonntag se standpunt weerspreek en aan die Hananwa-aristokrasie gelyk gee: Sonntag se ‘wysheid’ van vrede het in die geskiedenis geen hond haar-af gemaak nie. Die Hananwa van Mmalebôhê se besluit om nie toe te gee aan die Boere se eise nie en te veg om te verdedig wat hulle gehad het, was trou aan hulle aard, dít het aan hulle roem en, vir minstens die afgelope honderd jaar, onsterflikheid gegee. Die herinnering aan die óorlog het Hananwa-identiteit laat voortleef. Gesien in hierdie lig was Mmalebôhê se keuse teen vrede, veel verrykender as wat ‘n keuse om na die sendeling te geluister het, sou wees. Die Hananwa-pryslied onthou byvoorbeeld nie eens die sendeling nie; sy aandeel in die verhaal as Hananwa-diensbode is weglaatbaar. Eweneens lê die waarde van Sonntag se dagboek nie in die eerste plek in wat hy ons vertel oor wat hy gedóén het nie, maar veral in wat hy van die ander, groter, rolspelers waargeneem en opgeteken het.

Colin Rae en Christoph Sonntag het albei ‘n weergawe van die Boereveldtog van 1894 teen die Hananwa nagelaat. In die een teks is die redes waarom die veldtog onderneem is, so sterk deur die ideologie van die verteller en sy implisiete lesers ondersteun, dat enkele bladsye verteltyd wat aan ‘n enkele insident gekoppel is, as voldoende beskou is om die konflik te verklaar. Vir die ander verteller was die uitbreek van konflik tussen die Boere en die Hananwa so ‘n netelige kwessie dat hy, na noukeurige oorweging, ‘n lys van oorsake wat na verskeie insidente oor ‘n lang tydperk verwys het, bymekaar gebring het. Die eerste verteller, Colin Rae, plaas die blaam vir die oorlog onomwonde op die Hananwa, wat opstandig, ongehoorsaam, aggressief en uitdagend was. Die tweede verteller, sendeling Christoph Sonntag, verskaf in sy dagboek talle voorbeelde van insidente waar die Hananwa deur die Boere geprovokeer is, waar die Hananwa se vertrouwe in Boereleiers geskend is, sowel as insidente waaruit duidelik blyk dat sommige Boereleiers heelwat voordeel uit die

IX DIE VERLOOP EN AFLOOP VAN DIE BOER-HANANWA-OORLOG: VOORSTELLINGS VAN RUIMTE EN TYD

As we ascended, I saw many of Botha's men, concealed in the bushes, trying to persuade the Pretoria men from going up. They said it was too dangerous, and that they would all be cut off. They were evidently surprised to see me pass, for I heard them remark, "Kijk! daar gaan de Predikant" ...¹

Só skryf Colin Rae op 20 Junie 1894 van homself in een van die raar momente waar hy van die *The Press*-berigte afwyk en hom op sy eie skryfvernuf verlaat. Twee dae tevore het Christoph Sonntag soos volg opgeteken wat die swart Christene, Petrus Tsita en Solomon Maloba, terwyl hulle met 'n boodskap na Mmalebôh se hoofsetel op pad was, by Hananwa-krygers gehoor het:

[Petrus and Solomon] recounted: At one place where the shrubs were especially thick, they had heard a Mohananoa calling softly to his comrade: "Enemy, enemy, up, let us shoot." Another voice was heard: "Where?" "There, there!" Again a voice: "Don't shoot, don't shoot, I see the trousers of the Mynheer." (Solomon was wearing black trousers). Soon the messengers were recognised and allowed to pass on.²

Bogenoemde aanhalings onthul die teenoorstaande posisies wat Colin Rae en Christoph Sonntag in hulle eie oë tydens die Boer-Hananwa-oorlog ingeneem het: Rae het gevelei gevoel deur die bewondering van die Boere; Sonntag deur die vriendskap van die Hananwa. Die komplekse verwantskap tussen die ruimte waarin 'n verteller beweeg en die ideologiese ruimte waaruit hy dit waarneem, kan aan 'n leser nuwe moontlikhede bied om homself op sy beurt teenoor die Rae- en Sonntag-tekste te posisioneer.

Die leser wat geïnteresseerd is in die besonderhede rondom die verloop en afloop van die Boer-Hananwa-oorlog, is in die gelukkige posisie om hom/haarself te kan wend tot die weergawes van verskeie historici wat elk, weliswaar vanuit sy besondere ideologiese posisie, 'n oortuigende en betroubare voorstelling van die gebeure te Blouberg vanaf Mei tot Augustus 1894 bied. Die bedoeling met die vergelyking tussen Colin Rae en Christoph Sonntag se voorstellings van die verloop en afloop van die Boer-Hananwa-oorlog wat in hierdie hoofstuk beoog word, is nie om met bestaande weergawes te kompeteer nie. Van die jongste interpretasies van die

1. C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, p. 75.
2. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), pp. 96-70.

besonderhede uit verskeie bronne, sal, intedeel, van tyd tot tyd in verband gebring word met die vertellings van Rae en Sonntag. Soos in die vorige hoofstuk, sal probeer word om die voorstellings in elke teks (Rae se *Malaboeh* en Sonntag se *My friend Maleboch*) as 'n narratief in eie reg te beskou, eerder as om dit te dissekteer in brokstukkies wat in 'n meer omvattende voorstelling opgeneem moet word. Rae en Sonntag sal spesifiek vergelyk word met die kommunikatiewe kategorieë tyd en ruimte as uitgangspunt.

Tydruimtes en landskappe

Soos in enige literêre skepping, gaan die voorstelling van ruimte gepaard met die aanduiding van tydsverloop. Ruimtes verander immers met verloop van tyd en tydsverloop word ervaar in ruimte. Letterkundiges gebruik die konsep *chronotopos* (tydruimte) om die verwikkeldheid van die twee kategorieë aan te dui. M.M. Bakhtin stel dit soos volg:

In the literary artistic chronotope, spatial and temporal indicators are fused into one carefully thought-out, concrete whole. Time, as it were, thickens, takes on flesh, becomes artistically visible; likewise, space becomes charged and responsive to the movements of time, plot and history.³

Anders as in 'n fiktiewe roman of drama, was dit inderdaad nie vir enige van die twee ooggetuies moontlik om 'n fantasielandskap uit die duim te suig nie. Wat wel duidelik is, is dat die skepper van 'n fiktiewe roman soveel waarde heg aan wát hy met tyds- en ruimteaanduidings kommunikeer, juis vanweë die ooglopende korrelasie wat hierdie kategorieë met lesers se werklikheidsbeleving het. "Ruimte is ... 'n kategorie van die mens se denke om homself en sy posisie in die universum van waardes en norme waarbinne hy staan."⁴ Daar sal in hierdie hoofstuk aangedui word dat, ten minste in die geval van die persoonlike dokumente van Colin Rae en Christoph Sonntag, tyd en ruimte 'n dimensie van waarneming is wat deur selfs die 'objektiefste' verteller by tye emotief ervaar word en dat ideologiese oriëntasie nie onbetrokke is in die wyse waarop tydruimte op papier beslag gegee / voorgestel word nie.⁵ Sodra tyd en ruimte binne 'n teks – hetsy fiksioneel/literêr of histories –

3. M.M. Bakhtin, *The dialogic imagination*, p. 84, soos aangehaal in L.S. Venter, Ruimte (Epiek), in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 455.

4. L.S. Venter, Ruimte (Epiek), in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 455.

5. Volgens letterkundige Henriëtte Roos kan die strukturering van ruimtelike elemente in 'n verhaaltteks op drie vlakke waargeneem word, naamlik *storiëruimte*, *verhaalruimte* en *vertellersruimte*. *Storiëruimte* verwys na die herkenbare wêreld waarbinne die verhaalgebeure voorgestel word. *Verhaalruimte* verwys na die ruimtelike patrone wat die leser op diskoersvlak kan onderskei; ordening by wyse van onder meer kontraste, siklusse, parallelle of simmetriese aanbiedings van die ruimtelike gegewe. *Vertellersruimte*

voorgestel word, word dit gedienstig aan die skepper-outeur se vertelhandeling, dit wil sê, keuses wat voortdurend uitgeoefen word en 'n bepaalde betekenis oordra. Die keuses van die dagboekhouer is inderdaad nie so deurdag en berekend en allermins nie so verbeeldingryk-wyd soos dié van die meesterromanskrywer nie. Tog vind die manier waarop die dagboekhouer die 'wêreld beskou' beduidend neerslag in die manier waarop hy die wêreld *voorstel*, net soos wat die ideologie van 'n verteller 'n invloed uitoefen op die keuse van bepaalde modusse uit die ander elemente van verduideliking waardeur 'n narratief tot stand gebring word – sien weer hoofstuk ses vir Hayden White se beskouing van die rol van ideologie, argumentasie en enkodering (*emplotment*) in die konstruering van 'n narratief.

Die vergelyking tussen Rae en Sonntag se verwysings na tyd en beskrywings van die oorlogsruimte sal vanselfsprekend ooreenkomste, maar ook heelparty verrassende verskille, tussen elk se oriëntasie tot die vegtende partye aan die lig bring. Die voorkeur vir sekere tipes beskrywings, onthul veel oor wie die onderskeie vertellers se informante was en waarin hulle tydens die veldtog geïnteresseerd was. Hierdie voorkeure staan beslis nie los van die voorkeure van die groep waarbinne elk beweeg het nie en tot op 'n sekere hoogte kan die dagboekhouders se tyd- en ruimtebeleving dus as verteenwoordigend van 'n bepaalde groep beskou word. Oor die insiggewendheid van Rae se voortdurende verwysings na die Boere se swart gekommandeerdes in die Blouberg-ruimte en Sonntag se voorkeur vir inligting wat hy van swart Christene ontvang het, word binnekort uitgebrei.

Dit is nie toevallig dat die voorstellings van chronotopieë (tydruimtes) in Rae en Sonntag se vertellings so openbarend is van die houdings wat elk teenoor onderskeidelik die Boere, die swart gemeenskappe wat hulle bygestaan het, die Hananwa, en hulle eie aandeel in die konflik gekoester het nie. Soos met menige militêre konflik, was die oogmerk met 'verowering' vir die een groep en 'verdediging' vir die ander, die behoud of verlies van 'n bepaalde terrein, in hierdie

verwys na die verteller se letterlike gesigspunt sowel as sy ideologiese perspektief: letterlik en figuurlik wáár die verteller in die verhaal staan. "Deur te kyk na watter tonele wel uitvoerig en herhalend beskryf word, kan die unieke vertellersruimte bepaal en sodoende insig in die aard van die verteller verkry word." (T.T. Cloete, E. Botha & C. Malan (reds.), *Gids by die literatuurstudie*, pp. 127-130). Afgesien van die ooglopende strukturele ooreenkomste tussen fiktiewe letterkundige tekste en die persoonlike dokumente hier onder bespreking, sowel as die vanselfsprekende toepassingsmoontlikhede wat literêre teorie vir die bestudering van herinneringskrifte inhou, is daar tog die duidelike onderskeid tussen 'n teks wat 'n *verisimilar*, waarskynlike verhaal probeer voorstel en die herinneringskrifte waarin Rae en Sonntag verbind is tot 'n betroubare weergawe van wat hulle waargeneem het. Dit is dan nie die hoofoogmerk met hierdie hoofstuk om die Rae- en Sonntagtekste as literêre werke te ontleed nie, maar eerder om vas te stel waarin die geloofwaardigheid van elke verteller se weergawe lê – hoeveel dit ook van die ideologie van die leser mag verskil. Derhalwe word die literêre teorie soos hierbo bespreek, nie as rigiede voorskrif gebruik nie, maar eerder as breër rigtingwyser in die aanbieding van hierdie hoofstuk in gedagte gehou.

geval die Hananwa se Blouberg-vesting. Die Boere wou die berggebied verower en die Hananwa daaruit dryf, hulle dit letterlik laat ontruim. So kry die gekoloniseerde landskap die implikasie van ‘n leë landskap. Die verdere implikasie sou wees dat die gebied slegs gekoloniseer en verower was vir dié wat dit as ontruim beskou het. Toe die Boeremagte hulle kamp aan die voet van Blouberg afgeslaan het, vas oortuig dat Mmalebôhê en daarmee saam die Hananwa uit die berg verdryf is, het sommige vir Sonntag gevra wanneer hy ook sou vertrek,⁶ asof daar geen rede was om in ‘n leë ruimte agter te bly nie. Die leë landskap was egter veel meer ‘n persepsie van die Boere as die belewenis van die Hananwa wat wél na die oorlog in die gebied agtergebly het. Die Belgiese skilder René Magritte stel dit soos volg:

This is how we see the world. ... We see it as being outside ourselves even though it is only a mental representation of what we experience on the inside.⁷

Historikus Simon Schama brei verder hierop uit:

What lies beyond the windowpane of our apprehension, says Magritte, needs a design before we can properly discern its form, ... And it is culture, convention and cognition that makes that design ...⁸

Waar skilders hierdie ontwerpe met verf op doek gestalte gee, skilder dagboekhouers in woorde. Die verflandskappe en die woordlandskappe het albei in gemeen dat dít wat voorgestel word ontwerpe is wat deur kultuur, konvensie en kennis ingegee is. Dit geld vir enige voorstelling van die omgewing – selfs die wildernis, ‘n beskrywing wat beide Rae en Sonntag vir die Hananwa se leefruimte gebruik: “The wilderness, after all, does not locate itself, does not name itself”⁹ – dit is ‘n waardeoordeel wat die waarnemer oor ‘n ruimte fel wat déúr hom afgebaken is. Teen hierdie agtergrond maak dit sin om beide Rae en Sonntag se pensketse van die Blouberg-omgewing as *landskappe* te beskou. Schama stel in sy boek *Landscape and memory* ‘n beskouing van die konsep *landskap* voor wat teruggryp na die oorsprong van die woord:

It entered the English language, along with herring and bleached linen, as a Dutch import at the end of the sixteenth century. And *landschap*, like its Germanic root *Landschaft*, signified a unit of human occupation, indeed a jurisdiction, as much as anything that might be a pleasing object of depiction. So it was surely not accidental that in the

6. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 131 (1894-08-09).

7. R. Magritte, soos aangehaal in S. Whitfield, *Magritte* (London, 1992), p. 62, soos opgeneem in S. Schama, *Landscape and memory*, p. 12.

8. S. Schama, *Landscape and memory*, p. 12.

9. S. Schama, *Landscape and memory*, p. 7.

Netherlandish flood-fields, itself the site of formidable human engineering, a community developed the idea of a *landschap*, which in the colloquial English of the time *landskip*. Its Italian equivalents, the pastoral idyll of brooks and wheat-gold hills, were known as *parerga*, and were the auxiliary settings for the familiar motifs of classical myth and sacred scripture. But in the Netherlands the human design and use of the landscape ... was the story, startlingly sufficient unto itself.¹⁰

Paul Shepard het hierdie seining lank voor Schama reeds gehuldig en daarby gevoeg dat die sewentiende-eeuse Nederlandse landskapskilders, met hulle voorstellings van heuwels, woude, kastele, ruïnes, valleie, hange, stede en dorpe 'n sleutelrol sou speel in die ontwikkeling van 'n Engelse sin vir die skilderagtige ("enthusiasm for the picturesque"). Waardes, soos wat dit in prente voorgestel is, is volgens hom geleidelik oorgedra na die landskap self. Vir die Westerse oog het drie eeue se voorstellings van die omwêreld in prente so diep in die kollektiewe herinnering ingeëts geraak dat die westerling, waar hy ool al gekom het, hierdie 'prente' in die omgewing begin soek en selfs daarop probeer afdwing het.¹¹

Om dan Magritte, Schama en Shepard se uiteensetting op te som: Landskappe is voorstellings van die omgewing wat ontwerp is met die kulturele en ideologiese waarnemingsinstrumente tot die beskikking van die waarnemer en derhalwe gelaai met ooreenstemmende betekenis. Hierdie beskouing van die omgewing-voorgestel-as-landskappe, sal met groot vrug in die hieropvolgende ondersoek benut word.

In kort opgesom, lewer 'n vergelyking tussen Rae en Sonntag se voorstellings van die verloop en afloop van die Boer-Hananwa-oorlog, aan die hand van hulle ervaring van tyd en ruimte, die volgende interpretasie op:¹²

Tussen Mei en Augustus 1894 voltooi Colin Rae 'n vol sirkel in die ruimte: vanaf Pretoria na Blouberg en terug. Op hierdie avontuurreis neem hy 'n landskap vol van avontuur waar – beskrywings van die omgewing neem dan ook 'n aansienlike deel van Rae se verteltyd in beslag. Die meeste van sy beskrywings is van 'n landskap waarin die Hananwa ver in die agtergrond bly. Ondanks Colin Rae se breedvoerige beskrywings van die Blouberg-omgewing, is die 'vyand', die Hananwa, baie vaag op sy skilderdoek, amper asof hulle deur die skilderagtige landskap verswelg word. Rae het die Hananwa dikwels in hulle afwesigheid waargeneem: in die "curios", die

10. S. Schama, *Landscape and memory*, p. 10.

11. P. Shepard, *Man in the landscape. A historic view of the aesthetics of nature*, pp. 123-124.

12. Wat in die volgende drie-en-'n-half bladsye volg, is 'n vooruitskouing van wat in fyner besonderhede in hierdie hoofstuk behandel sal word. Verwysings en voorbeelde word dus nie hier ingesluit nie, aangesien dit 'n herhaling sal wees van wat onder die volgende onderopskrifte uiteengesit sal word.

kunswerke en die kos wat hulle, asof vir die Boere, nagelaat het om te ‘ontdek’. Dit is asof Rae in sy teks uit die staanspoor met die Hananwa handel volgens wat die uitkoms van die veldtog teen hulle moes wees: hulle word uit hulle omgewing geweer.

Teenoor Rae, is Sonntag se bewegings vir die duur van die oorlog en ook daarna, beperk tot Blouberg en omstreke. Vir Sonntag is die landskap ‘n oorbekende agtergrond waarteen die Hananwa in krisis verkeer. Beide manne beweeg by tye teen die berg op en weer af, maar Sonntag, wat tot bo by Mmalebôhō in sy hoofstad gaan, doen dit veel meer dikwels as Rae. Dit was in Sonntag se oë lewensnoodsaaklik dat Mmalebôhō so vinnig as moontlik vrywillig van die berg moes afkom. Wanneer Sonntag wel die landskap beskryf, is dit om die krisis waarin die Hananwa verkeer, te aksentueer – of om die Boere in te lig oor hoe moeilik begaanbaar die bergterrein is. Dit is ironies dat Mmalebôhō nie in Sonntag se geselskap is wanneer hy wel die berg verlaat nie en dat hy uiteindelik saam met Colin Rae in Pretoria eindig.

Vir Colin Rae was die Malabochveldtog ‘n rustige ervaring. Daar was genoeg tyd vir stories lees, sing langs die vuur, verkenning van die veld, die bymekaarmaak van “curios”, ‘n piekniek en ‘n paar konserte. Wanneer Rae en sy vriende hulleself wel haas, is dit dikwels net om sodra hulle hulle bestemming bereik, verder te wag. Daar was duidelik ‘n mate van frustrasie onder Rae se groep oor die trae vordering met die militêre veldtog, maar Rae self het geen dringende sake gehad wat in Pretoria op hom gewag het nie. Soos reeds in die biografiese bespreking genoem, was die veldtog eintlik vir biskop Bousfield ‘n uitkoms om Rae in ‘n werkshoedanigheid te akkommodeer. Vir Sonntag, daarenteen, was daar geen monotone oomblike tydens die Boere se teenwoordigheid te Blouberg nie. Hy moes onophoudelik mense by die sendingstasie ontvang en bedien. Daar was vir hom ‘n dringendheid aan die verbygaan van tyd wat ‘n diepgaande besorgheid oor die Hananwa weerspieël het. Hy het hom voortdurend van die een plek na die ander gehaas en na lang ure uitgeput by die huis aangekom. Hy het dikwels teen tyd gespeel in sy pogings om die Hananwa te oortuig om oor te gee en, ironies genoeg, in die proses vir hulle tyd gewen om hulleself te staal vir ‘n volgende fase van die oorlog.

Die afwesigheid van die Hananwa in Rae se pensketse van die landskap het natuurlik veel te doen met die posisie waarin hy tydens die oorlog verkeer het. Wanneer Rae wel die Hananwa te siene gekry het, was dit as groepies gevangenes wat deur die Boere bymekaar gebring is. Dit was slegs in enkele gevalle dat Rae ‘n skermutseling ervaar het, en dan het hy nie baie aktief daaraan deelgeneem nie. Verder het Rae nie

werklik met 'n uiteenlopende groep ooggetuies kontak gehad nie – en boonop is hy deur die whiskybottel ook nog besiggehou – daarom dat hy hom so sterk op die *The Press* se berigte moes verlaat. Sonntag was selfs nog minder as Rae in skermutselings tussen die Hananwa en die Boere-alliansie betrokke, maar anders as Rae, het Sonntag feitlik op 'n daaglikse basis 'n toeloop van 'n groot aantal uiteenlopende getuies na sy huis toe gehad. (Dit was 'n bykomende rede waarom sy tyd vir hom so kosbaar was.) Hierdie getuies se vertellings het deur die loop van die oorlog in Sonntag se dagboek neerslag gevind. Teenoor Rae se beperkte reeks informante, het Sonntag Boere, Hananwa en sogenaamde “friendly blacks” se getuienis opgeteken – laasgenoemde twee kategorieë het hy selfs in toenemende mate na afloop van die oorlog te woord gestaan.

Wanneer swartmense wel Rae se landskappe gevul het, was dit swartmense wat die Boere bygestaan het: touleiers, bediendes (“Boys”) en veral sogenaamde “friendly natives” wat gekommandeer is om vir die Boere te veg. Dit is opmerklik dat Rae selde 'n goeie woord vir die Boere se swart helpers gehad het. Hulle is dikwels as wreed, lafhartig of lomp uitgebeeld. Die ironie is dat Rae en sy makkers se rustige belewenis van tydsverloop tydens die veldtog in 'n groot mate aan die werk van hierdie rolspelers toe te skryf was. Swart gekommandeerdes het opgetree as draers, het paaie gemaak en is dikwels in die voorste gevegslinies geplaas. Rae en ander wit waarnemers het hulle verag vir hulle wreedheid teenoor die Hananwa, maar telkens is die erkenning vir oorwinnings oor dié *gemeenskaplike* vyand vir wit krygers opgeëis. Rae het hom nie alleen daarteen blindgestaar dat die witmense aandadig was aan die wreedheid van swart helpers weens die voordeel wat hulle daaruit getrek het nie. Ook ander negatiewe beskrywings is gereserveer vir swartmense. Wanneer witmense hulle aan min of meer soortgelyke wangedrag skuldig gemaak het, is dit met 'n sagter konsep oorgesien – in der waarheid nie oorgesien nie, maar in die eerste plek nooit as 'n wandaad beskou nie. Soos so tipies van die imperiale literatuur van outeurs soos Rider Haggard, veroordeel Rae ook “friendly blacks” se buitery op dieselfde bladsy as wat hyself Hananwa-eiendom vir homself toe-eien. Juis omdat hierdie handelinge en houdings vir Rae so vanselfsprekend was, is hierdie beskouing van swartmense in sy teks 'n waardevolle refleksie van die mentaliteit van die groepe waarmee hy geassosieer het. Dit is ook 'n besondere bydrae tot die historiografie oor die Boer-Hananwa-konflik. Derhalwe is die wyse waarop Rae sy landskappe met swartmense vul en ontruim, 'n meer in-diepte bespreking werd.

Waarskynlik dié prominentste swartmense in Sonntag se teks, nie soseer vanweë hulle aandeel in die oorlog as weens die aard van die waarnemings wat hulle as

ooggetuies aan Sonntag gerapporteer het nie, is die Hananwa-Christene. Dit is 'n kategorie getuies wat nie in Rae se teks figureer nie. 'n Aansienlike aantal opmerkings in Sonntag se teks wat die Hananwa-standpunt verteenwoordig, is oorgeneem van hierdie manne wat as boodskappers deur die Boere gebruik is en juis déúr die volvoering van hierdie taak regdeur die oorlog met die Hananwa kontak behou het. Dit was ook hierdie Christene wat vir Mmalebôhō 'n skerm gebou het nadat hy deur die Boere in hegtenis geneem is en toenemende inisiatief sou neem in die rehabilitasie van die Hananwa wat na die oorlog by Blouberg agtergelaat is. Die swartmense wat Sonntag se landskappe bevolk, is die Hananwa self. Die ruimtes word beskryf deur Hananwa-Christene wat daarin grootgeword het. Die sogenaamde “friendly natives” figureer ook in Sonntag se vertellings – die Christene was immers by verskeie geleenthede slagoffers van hulle wreedheid. Soos Rae en die meeste witmense van die tyd, het Sonntag ook hierdie wreedheid veroordeel, maar anders as in die Rae-tekste is daar nie van die sendeling se optrede wat verdoesel moet word deur swart wreedheid in die kollig te plaas nie. Uit inskrywings wat slegs in die oorspronklike dagboek voorkom, word selfs die ‘wrede Matebele’ ook meer genuanseerd uitgebeeld.¹³ Sonntag het verder sy agterdog uitgespreek oor die Boere se onvermoë om hulle swart gekommandeerdes te dissiplineer, met die implikasie dat die ‘onvermoë’ eerder as ‘n traagheid, selfs ‘n onwilligheid, geïnterpreteer sou kon word. Sonntag het wel die inisiatief en selfstandigheid waarmee die Hananwa-Christene opgetree het, onderskat¹⁴ – waarskynlik omdat erkenning daarvan op herkenning van sy eie onvermoë om sy Christenhelpers te beheer, sou neerkom. Die beskrywing en benutting van ruimte deur die Hananwa-Christene soos tydens en na afloop van die Boer-Hananwa-veldtog deur Sonntag opgeteken, bring aan die lig dat swart Christene, soos die Hananwa-leierskap, hoewel hulle in ‘n sendelingsdagboek tot tweederangse karakters gereduseer is, wel as hoofkarakters gelees kan word.

In ‘n poging om die vergelykende interpretasie wat hierbo opgesom is met voorbeelde te substansieer, word die hoofstuk in die volgende onderafdelings uiteengesit: Eerstens word Rae en Sonntag se ervaring en voorstelling van ruimte vergelykend ontleed ten opsigte van wat en wie déúr wie beskryf is. Daarna word hulle ervaring

13. C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, p. 223 (1894-06-24).

14. Selfs Makhura lees die Hananwa-Christene gewoon in die rol waarin Sonntag hulle wou gehad het: as “protégés” van die sendeling. Weens sy ideologiese beskouing van sendelinge, maak dit die Hananwa-Christene in sy oë noodwendig meelopers van die Boere (T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*. M.A. dissertation, UNIBO, 1993, pp. 173 & 196). Makhura mis myns insiens hier die punt dat persone vanuit die rol wat in ‘n koloniale bestel aan hulle toegeken is, wel innoverend kon wees en die belange van hulle eie gemeenskap kon dien. Deur tot op sekere hoogte te konformeer, het die Hananwa-Christene se veronderstelde rolle hulle juis bemaatig om, deur gebruik te maak van die sendeling, vir hulle eie mense beter opsies te beding.

en benutting van tyd gedurende en na afloop van die veldtog vergelyk. Die sogenaamde “friendly natives” en die Christen-Hananwa waarna herhaaldelik verwys sal word, word in Bylaag 1 in meer besonderhede bekendgestel.

Die ervaring van ruimte in die Rae- en Sonntagtekste: die landskappe van die ‘Malaboch-veldtog’

Die negentiende Mei 1894 was vir Christoph Sonntag ‘n neerdrukkende dag: die dag waarop hy verneem het dat burgers gekommandeer is vir ‘n veldtog teen Mmalebôhō. Hy het die Hananwa-leier dieselfde dag nog besoek en, waarskynlik met sy terugkoms by die sendingstasie, die redes vir die konflik tussen die Hananwa en die Boere (soos breedvoerig in die vorige hoofstuk bespreek) probeer uitpluis: “What do the Hananwa hope to achieve? Have they any secret designs? Are they really so opposed to the idea of submitting to the Government that they would rather wage war against it?”¹⁵ Terwyl Sonntag gewroeg het met hierdie vrae, het Colin Rae daardie Saterdagmiddag ‘n versoek van biskop Bousfield ontvang om die Boere-gekommandeerdes op die veldtog teen Mmalebôhō te vergesel en om te sien na die Engelssprekendes se geestelike behoeftes. Daar was ‘n opgewondenheid aan Rae se reaksie: hy het die versoek geantisipeer en hy was haastig om te vertrek op die avontuur wat voor hom uitgestrek het: “I lost no time in acceding to the request ... I immediately consented ... promising to be ready to start at half a day’s notice.”¹⁶

1. Ruimtebeleving tot en met Colin Rae se aankoms te Blouberg

Vir die een en twintig dae van 23 Mei tot 12 Junie bevind Rae hom dan op pad na Blouberg. In die letterkunde is die chronotopos van die pad ‘n besonder algemene en veelseggende tema: dit maak van die reisiger ‘n avonturier wat voortdurend beweeg van die een ontmoeting na die volgende belewenis.¹⁷ Rae omhels hierdie rol van die reisiger in sy vertelling en gee die leser ‘n deeglike indruk van sy ontberings en genietinge in die ruimte. Die voortdurende reën was veral ‘n aspek wat hom die ruimte emosioneel laat ervaar het: “The wagons dragged along heavily, for it was still raining hard, which made everything wretched and miserable.”¹⁸ Hy verwys ook na “another very wretched night owing to the incessant downpour ... very glad

15. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 38 (1894-05-19).

16. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 2 (1894-05-19).

17. L.S. Venter, Ruimte (Epiek), in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, p. 455.

18. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 21.

when daylight appeared.”¹⁹ Te midde van al die klagtes oor die reën, vind hulle darem ‘n “pretty little spot”²⁰ om uit te span.

Rae was veral op soek na skoonheid in die omgewing. Die volgende is een van die eerste voorbeelde waar hy reeds gedurende sy avontuurreis die landskap losmaak van mense en dan spesifiek swartmense. “The trek today was continued through very beautiful scenery, and we passed a few homesteads on the way. (asof witmense verdien om in die mooi scenery te woon). I walked up a small kopje with several companions and saw a number of salamanders (a species of lizard).”²¹ Ook die diere was vir Rae ‘n welkome toevoeging tot sy landskap. ‘n Paar dae later beskryf hy die uile op ‘n koppie tesame met die “old ruins of forts and schanzes”, die enigste oorblyfsels van wat eens ‘n “Kafir stronghold”²² moes gewees het. ‘n Verdere aanduiding van Rae se geneigdheid om swartmense uit ‘aangename’ landskapstonele uit te sluit, is sy relaas van sy besoek aan die Berlynse sendeling, eerwaarde Georg Parisius.²³ Die sendingstasie Matlala was vir hom ‘n idilliese landskap:

This station is prettily situated under the shelter of a huge kopje. The house is approached by a very pretty avenue of the poisonous Euphorbia; the garden was well-stocked with orange-trees, which were laden with delicious fruit, and I was invited to help myself.²⁴

Eers nadat hy hierdie toneeltjie beskryf het, betreur hy die moeilike lewe van ‘n sendeling vir wie die eensaamheid net nou en dan deur die besoek van ‘n wit vreemdeling verlig word. Swart bekendes word by implikasie nie in staat geag om die “solitariness”²⁵ van die sendeling ongedaan te maak nie.

Soos wat sy reis die einde nader, “we caught a first glimpse of the enemy’s mountain, and this was our landmark for the rest of the journey.”²⁶ Hiermee gee Rae te kenne wat ‘n prominente rol landmerke in sy werklikheidsbelewenis speel. Rae lê hier die assosiasie, wat ook in ander tydgenote se uitsprake sou voorkom, van die Hananwa met hulle bergvesting, vas. Dieselfde ruimte wat vir die Hananwa skuiling gebied het, sou ook hulle grootste struikelblok word. So gelees, het die Hananwa se

19. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 23.

20. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 26.

21. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 33.

22. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 51.

23. Johann Georg Karl Wilhelm Parisius het die Berlynse sendingstasie Matlale (volgens J.S. Bergh, *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: die vier noordelike provinsies*, p. 57, eerder *Matlala*) vanaf 1884 beman. Die omstandighede op die stasie is as uiters moeilik beskryf. Sien L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, p. 329.

24. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 44.

25. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 45.

26. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 34.

landskap in die oë van wit waarnemers die essensie geword van wíé – wát? – verower moes word en kan Blouberg as ‘n sinekdogee vir die Hananwa self beskou word. Die oorwinning van die Hananwa sou dikwels geassosieer word met die verowering van ‘n landmerk, die berg. In sy *Lost Trails of the Transvaal* het T.V. Bulpin byvoorbeeld groot gewag van die berg gemaak:

Above the mission, the great mass of the Blouberg towered up 2046 metres to its highest point on a summit known to the Africans, from the absence of grass or bush, as *Monna a Senna Moriri* (the man with no hair). It was a magnificent mountain, looming up from the surrounding flat bush country like the Rock of Gibraltar standing in the sea. From its heights there was an immense view over half the Transvaal and far away into Botswana and across the Limpopo.²⁷

Bulpin het ook die volgende aanhaling uit *The Press* van 24 Julie oorgeneem:

From fifteen hundred to two thousand Europeans, armed with Martini rifles, field guns, machine guns, and rockets, have been sitting around a mountain for weeks in the endeavour to subdue a disorganised crowd of Kafirs not fifteen hundred strong.²⁸

Teen die einde van sy (besonder kritiese) vertelling, verpersoonlik Bulpin die berg as die objek van die Boere-verowering: “In the solitude of the bush Blouberg was left to brood on the most tragic military fiasco in the history of the republic.”²⁹ Soos ook vir die Boere wat ver wag het dat Sonntag Blouberg na die veldtog sou verlaat, was ‘n landskap sonder witmense vir Bulpin ‘n leë landskap. Rae se ontruiming van swartmense uit landskappe is dus ‘n aanduiding van ‘n algemener neiging in tydgenootlike literatuur.

Terug na Rae se reis na Blouberg: Nog nader aan die eindbestemming, met die landmerk wat al hoe duideliker in sig kom, teken Rae ‘n insiggewende gesprek tussen kolonel Ferreira en *kgosi* Matlala³⁰ op.

The Chief Mathala came out to meet the Colonel and held a long conversation with him. He (the Chief) wished to know where the Colonel had got the Kafir corn from, which he saw in the wagon. He was most impudent, and said we had no right to steal the corn from his lands, and that we should not have outspanned where we did the previous night.³¹

27. T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, p. 339.

28. Soos aangehaal in T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, p. 341.

29. T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, p. 342.

30. Leier van die Koni, ‘n gemeenskap afkomstig uit die destydse distrik Waterberg. Sien **BYLAE A**.

31. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 44.

Die teregwyding van Matlala bring dit onder die aandag van die Boere dat sy vriendskapsbande met hom hulle geen reg gegee het om sy omgewing te skend nie. Vir die leser (want dit gaan ongesiens by Rae verby) is hierdie 'n vooruitskouing op hoeveel te meer die Boere die Hananwa, wat hulle vyand was, se ruimte sou skend. Tydens 'n oorlog sou dit waarskynlik in 'n groot mate onvermydelik wees, maar soos hieronder uit Sonntag se teks aangedui sal word, het hierdie optrede reeds voorgekom terwyl die Boere amptelik nog probeer het om Mmalebôhō tot vreedsame onderwerping oor te haal. Daar was by Rae en sy wit tydgenote die aanname dat swartmense se hulpbronne tot hulle beskikking was vir gebruik. Reeds aan die begin van die heenreis het een van Rae se reisgenote, Durbin Brice, sonder gewetenswroeging en sonder teregwyding van die predikant, drie osse by onbekende swartmense afgeneem.³²

Wat Sonntag in die tussentyd te Blouberg waargeneem het, bevestig hierdie argeloosheid waarmee wit magte swart grondgebied betree het – meer nog, die Soutpansbergers onder Vorster was reeds voor die aankoms van Rae en die Pretoria-kommando besig met grootskaalse vernietiging deur die afbrand van Hananwalanderye.³³ Op 23 Mei het Sonntag kommandant Vorster se kamp soos volg beskryf:

It was a pity that the camp should be situated right in the middle of a corn-land, so that God's rich blessing was trampled into the ground and that the cattle of the commando caused similar damage in the adjoining corn-land. Would this disrespect for the property of the Blacks not engender in their hearts a hatred for the White man?³⁴

In hierdie geval was kommandant Vorster se optrede waarskynlik meer berekend as kolonel Ferreira se eiegeregtigheid in Matlala se gebied: Vorster wou waarskynlik aan die Hananwa die boodskap stuur dat dit sy bedoeling was om hulle te onderwerp net soos wat hy hulle omgewing vertrap het. Hy wou aan hulle illustreer dat sy teenwoordigheid by Blouberg daarop gemik was om die Hananwa uit die gebied te dryf.

Verwysings na die weersomstandighede in hierdie tyd is 'n goeie aanduiding van hoe Sonntag sy Blouberg-landskap met Hananwa bevolk het, terwyl Rae, wat nog op pad daarheen was, hom in sy reislandskap beperk het tot die belewenisse van homself en sy makkers. Rae se landskapbeskrywings dui op 'n pre-okkupasie met sy eie groep;

32. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 14.

33. C. Sonntag, *My friend Maleboeh ...*, p. 38 (1894-05-19).

34. C. Sonntag, *My friend Maleboeh ...*, p. 41.

Sonntag s'n op 'n besorgdheid oor die Hananwa. Rae skryf soos volg: "The nights and the mornings were cold, and this morning the ground was covered with a thick hoar frost."³⁵ By Rae was daar 'n mate van verwonding aan die koue landskap; terwyl Sonntag dit onmiddellik gelykgestel het aan die ontbering wat die Hananwa in die gesig gestaar het:

... tomorrow and the day after tomorrow a big *pitso* would be held. It was extremely and unusually cold for local conditions. How the poor people would freeze in the bushes and among the rocks!³⁶

Sonntag het hierdie besorgdheid oor die Hananwa nie slegs gedurende die eerste fase nie, maar regdeur die oorlog, volgehou. Op 21 Julie sou hy weer so 'n opmerking maak. Terwyl hy bly was dat die uitermate koue weer en swaar ryp die veldbrande wat sy stasie bedreig het, geblus het, het hy sterk bewus daarvan gebly dat die koue nie vir die Hananwa voordeel ingehou het nie:

The cold brought us an unusually fiery frost for this area. Everything was white. The banana trees were frosted. The veld-fires had gone out and we had been saved from great danger. Quite apart from the hunger and thirst they were already suffering, this unprecedented cold would add to the distress of the old, the sick, the wounded Bahananoa and the little children.³⁷

In die Duitse teks vind die leser dat die vertaler selfs 'n emosionele uitroep tot hierdie inskrywing bygevoeg het: "Mein Herz will schier brechen!"³⁸ (My hart wil byna breek!)

2. Rae en Sonntag saam by Blouberg

Rae het sy aankoms te Blouberg op 12 Junie om 14:00 aangeteken.³⁹ Sonntag was juis daardie oggend in die Boerekamp om genl. Joubert en kmdt. Vorster te woord te staan omtrent beskerming vir Christene en ander swart gemeenskappe wat bereid was om aan Boere-eise gehoor te gee. Hy het dit soos volg opgeteken: "As I was on the point of leaving the camp, the impressive Pretoria Commando arrived, about seven

35. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 28.

36. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 45 (1894-06-02).

37. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 104-105 (1894-07-21).

38. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 237.

39. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 55.

hundred men strong.”⁴⁰ Vanaf hierdie datum is Rae en Sonntag se waarnemings dan albei vanuit die gevegsterrein self.

Die Blouberg waar Rae homself vir die daaropvolgende paar weke sou bevind, was vir hom ‘n avontuurbaan vol onopgeëiste vondste om te ontdek. Nadat sy makkers ‘n klomp Hananwa-hutte gaan afbrand het, “...[t]hey returned with many curios”, een daarvan ‘n halssnoer wat “quite a work of art”⁴¹ was. Rae het dikwels die woorde “explore” en “discover”gebruik, asof hy en sy makkers die eerste mense was wat in ‘n lank-reeds ontruimde, of onteierende, gebied inbeweeg het. Vanuit hierdie vertrekpunt, ontsê Rae die Hananwa dus uit die staanspoor eienaarskap van hulle eie produkte en artefakte: wat nie aan hulle behoort het nie, kon nie van hulle gesteel of gekonfiskeer word nie, maar bloot ‘ontdek’ en ‘gevat’ word. Dit was asof Rae selfs die Voorsienigheid erken in die vondse wat in verlate Hananwa-nedersettings vir hulle lê en wag het om ‘gevind’ te word:

On our return to camp we visited a kraal that was burned on our arrival, and found our men very busy digging; they had discovered enormous baskets of corn buried in the earth ... the corn was very good. It was a glorious find, as our horses were almost out of food. The baskets were quite a work of art, and must have taken a long time to make.⁴²

Vir ‘n tweede keer bewonder Rae sy Hananwa-vondse. Rae openbaar geen haat of weersin in die Hananwa nie, maar eerder ‘n nostalgie asof vir ‘n gemeenskap wat lank reeds nie meer veronderstel was om te bestaan nie. Die Hananwa verteenwoordig nie vir hom mense, ‘n lewende gemeenskap met ‘n behoefte aan grond en voedsel nie, maar eerder ‘n entiteit wat uit die landskap opgeruim moes word, maar hier en daar tog spore agtergelaat het. Die volgende aanhaling uit 16 Junie 1894 illustreer Rae se beskouing verder:

Early in the morning, Gerard, Jacques, Austin and myself went out to explore. It was a very pretty spot, densely wooded and there were wild oranges and peaches growing in the bush; ferns too, grew in great profusion. On a rock close by, we saw the marks of the enemy’s bullets, [die Hananwa self figureer nie, letterlik net die merke wat hulle in die landskap agterlaat] which were fired at the skirmish already described by Austin Brook. In a cave which we ventured into we found some tobacco leaf tied in split sticks, two of which I brought away with me.⁴³

40. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 57 (1894-06-12).

41. C. Rae *Malabocho* ..., p. 66.

42. C. Rae, *Malabocho* ..., p. 69 (1894-06-18).

43. C. Sonntag, *Malabocho* ..., p. 67 (1894-06-17).

Teenoor Rae, sien Sonntag Blouberg as die tuiste van die Hananwa. Dit was vir hom 'n bewoonde landskap, “criss-crossed by passable footpaths.”⁴⁴ Die Hananwa-‘krale’ was nie vir hom anonieme terreine waar rondgekrap kon word vir “curios” nie, maar nedersettings waarin mense met 'n eie identiteit gewoon het en nou deur die oorlog uitgedryf is – met traumatiese gevolge. Dit is opvallend dat hy hierdie sentiment kon uitspreek omdat hy in kontak was met Christen-Hananwa. Daar is 'n besliste korrelasie tussen die verteller se fisiese posisie (storie- en verhaalruimte) en ideologiese posisie (vertellersruimte) van waarneming:

The direction taken by the whites was clearly marked out by the tremendous smoke-columns shrouding the mountains arising up into the sky from the kraals set on fire by the exploding shells. Then the kraals higher up burst into flames. As each one burned, our people, who had grown up in the mountains and knew every spot, gave it its name.⁴⁵

Daar was dus mense wat elke kolletjie van Blouberg geken het. Dit onderstreep die teenstrydigheid in Rae en sy makkers se ‘ontdekking’ van soveel ‘nuwe’, ‘eienaarlose’ dinge in die gebied.

Dit is opvallend in hoeveel beskrywings Rae klem lê op die skoonheid van die Blouberg-landskap. Die volgende twee aanhalings is veral tekenend: Weer eens, was die inwoners van die gebied nie deel van Rae se voorstelling van die landskap nie. Hy beskryf die omgewing reeds soos wat die eindresultaat van die veldtog dit wou hê: met die Hananwa uit die weg geruim.

The next morning the mountain was enveloped in smoke [waarskynlik eerder mis], so that nothing could be seen of the enemy's tactics. At an early hour, the Colonel, in charge of sixty men, started for the purpose of making another attack. After the sun had risen, the smoke gradually disappeared, and [teen die verwagting in van hierdie leser, wat vermoed het dat die vyand nou dat die mis opgeklaar het, sigbaar sou wees] the various shades of green on the mountain were very artistic. I saw many huts still burning in various places [die Hananwa se leefruimtes vir hulle ontruim], and they formed a vivid and gruesome contrast to the otherwise peaceful appearance of Blaauwberg [die smeulende Hananwa-hutte bederf die uitsig oor Blouberg soos dit veronderstel was om te wees: mooi en vreedsaam]. Presently through my field-glasses, I espied our artillery [steeds nie die ‘vyand’ nie] at the summit of one of the koppies preparing to shell the bush [die teiken is weer eens die *landskap*, 'n eufemisme vir die Hananwa, wat slegs geïmpliseer word].⁴⁶

44. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 72, (1894-06-19).

45. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 73 (1894-06-20).

46. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 65 (1894-06-16).

Na twee jaar se verblyf te Blouberg, was Sonntag nie onsensitief teenoor die natuurskoon nie, maar “artistic” was nie die tipe adjektief wat hy sou gebruik nie en dit boonop in dieselfde asem as ‘n verwysing na Hananwa-hutte besig om nog te smeul. Vergelyk Rae se natuurbeskrywings met die volgende een van Sonntag:

The mist which in the early morning had covered the whole mountain-range, disappeared and made way for the brightest [volgens die oorspronklike Duitse teks “freundlichsten” / vriendelikste] sunshine. *Then again* the mountains echoed and re-echoed from rifle- and gun-fire.⁴⁷

Sodra die skietery weer begin, verloor die landskap vir Sonntag sy vriendelikheid.

‘n Honderd jaar nadat dit deur Rae neergeskryf is, kom sy besinging van die natuurskoon vir ‘n leser van vandag byna oordadig voor, sodat ‘n mens wil weet watter betekenis daaraan geheg kon word. Besinging van die natuur was nie ongewoon in literatuur van die tyd nie. Die verslaggewers van *The Press*, wat Rae so gereeld aangehaal net, het vir hom ‘n voorbeeld hierin gestel. Sien byvoorbeeld in *The Press* van 3 Julie 1894, waar die beskrywings “very beautiful” en “luxuriant”⁴⁸ vir die bergandskap gebruik word. Wanneer Rae op 17 Junie soos volg aan sy asemrowende landskap voortborduur, betrek hy ‘n tweede waarnemer:

It was windy and the cloud-swathed Blaauwberg presented a beautiful spectacle in the gleam of the early sunlight. I drew the Colonel’s [Ferreira] attention to it, who remarked: “I don’t remember seeing anything more beautiful.”⁴⁹

Vertaler Sonntag wou ook iets van hierdie landskapsverering aan Boerekant voorstel. Op 22 Junie het die Generaal en sy staf Sonntag op sy sendingstasie besoek (insigself intelligente taktiek om sy strategiese woonruimte onder Boere-‘toesig’ te plaas). Volgens die vertaler het die sendeling die volgende opmerkings opgeteken:

Their enthusiasm about the wilderness, the inaccessibility and the natural beauty of the mountains knew no bounds. General Joubert was certain that with one hundred and ninety-eight horsemen and a small number of well-armed burghers he could, with his base on the mountain, keep an army of many thousands at bay.⁵⁰

47. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 80 (1894-06-29).

48. *The Press*, 1894-07-03.

49. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 70.

50. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 78 (1894-06-22).

In die oorspronklike dagboek het sendeling Sonntag slegs genoem dat die “Herren wußten nicht genug die Wildheit und Unzugänglichkeit des Gebirges zu schildern.”⁵¹ Die skilder-verwysing is, indien hoegenaamd, ‘n baie subtieler verwysing na die natuurskoon as die eksplisiete byvoeging van die woorde “natural beauty.”

Soos Rae, praat Joubert in bogenoemde Engelse aanhaling oor Blouberg asof die Hananwa reeds daaruit verdryf is. Die Boereaanvoerders se opmerkings is in dieselfde trant as dié van Colin Rae, behalwe dat hulle, vanselfsprekend vir militêre personeel, sterker ingestel sou wees op die strategiese waarde van die terrein as op die skoonheid van die berge. Die natuurskoon van Rae en kolonel Ferreira bevestig nietemin in net so ‘n groot mate as die strategiese potensiaal van die terrein dat die Hananwa, volgens hulle aanvallers, nie in hierdie berglandskap behoort het nie. Die klem op die waarde en skoonheid van die terrein word asof die Boere en hulle Engelse makkers se regverdiging vir die oorlog; ‘n rede om voor te veg. Om aan die Hananwa ‘n landskap met sülke voortreflike einskappe toe te vertrou, sou op vermorsing teëkom; die Boere moes dit oorneem sodat dit beter benut kon word. (Die Hananwa kon natuurlik ook nie langer toegelaat word om die strategiese voordeel van die berge, wat hulle onder die (wan)indruk gebring het dat hulle magtig genoeg was om met die Boere kragte te meet, te geniet nie.) Rae se sterk uitgesproke opinie hieroor is reeds in ‘n vorige hoofstuk aangehaal. Slegs uittreksels word hier weer genoem: “While in his kraal, the native lives an idle, useless life ... when driven from his kraal ... may always find employment in the various mines at a more than fair wage ...”⁵² Verdere tydgenootlike bevestigings van hierdie beskouing kon opgespoor word: Reeds in Februarie 1891 het Sonntag se voorganger, eerwaarde Carl Stech, die volgende geskryf in ‘n brief aan Vorster, wat dié uiteindelik na Pretoria aangestuur het as deel van sy pleidooie vir optrede teen die Hananwa: “...dit land is te goed voor dit volk, niets anders doende en denkende dan het maat van dag tot dag voller te maaken voor den toorn des Heeren.”⁵³

In die herinneringskrif van S.P.E. Trichard, kommandant van die Middelburgkommando, kry ‘n mens ook ‘n baie sterk aanduiding dat die swartmense se verblyf in Transvaal iets was wat tot ‘n einde gebring moes word, hoewel daar by hom feitlik geen ingesteldheid op die natuurskoon was nie:

Zoutpansberg is het meest noordelijke district van Transvaal; daar wonen nog vele duizende kaffers in de bergen. [... nog ... asof hulle nie meer

51. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 223 (1894-06-22).

52. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 106.

53. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: SS. 4140, R. 17552/90, pp. 89-92, SR. 152. 91: C. Stech – B.J. Vorster, 1891-02-01.

daar behoort het nie; asof dit 'n uitgediende stand van sake was wat een of ander tyd reggestel sou moes word.] Van af de Limpopo, ook wel krokodilrivier genaamd, bezaten ze daar een groote uitgestrektheid lands, waar ze zich met het zaaiën van Mealies en de veeteelt bezig hielden. [Hierdie is die naaste wat Trichard aan 'n natuurbeskrywing kom; die landskap wat hy waarneem, is wel een van goeie boerderypotensiaal – vir diegene wat die swartmense sou kon verdryf.]

Aangezien het district maar eene kleine blanke bevolking had, voelde de kafferstammen zich daar geheel vrij en deden de enkele Burgers, die daar woonden, soms bittere overlast aan.⁵⁴ [Die nuwe intrekkers, die enkele wit burgers, se verblyfreg word as vanselfsprekend aanvaar; die swartmense is reeds net 'n oorlas – iets waarvan ontslae geraak moet word.]

Die verdrywing van die Hananwa uit Blouberg was teen Junie 1894 egter nog nie 'n voldonge taak nie en dit sou moeiliker blyk te wees as wat Rae en selfs generaal Piet Joubert kon vermoed. Die strategiese waarde, dit wil sê die moeilik-begaanbaarheid en die ontoeganklikheid van die terrein, was 'n tweesnydende swaard: tegelykertyd 'n hindernis en 'n gesogte prys vir die een wat die berg nog moes inneem, maar aan die ander kant nog 'n groot gevegsvoordeel vir die Hananwa wat in daardie stadium wel nog in beheer van die bergterrein was. Die gevolg was toenemend ambigueuse opmerkings oor die bergterrein. Piet Joubert kon wel op 22 Junie in die geselskap van Sonntag gespog het hoe vernuftig hy die strategiese waarde van die bergtop sou kon uitbuit indien hy beheer daarvoor gehad het, maar slegs twee dae tevore moes hy in 'n résumé aan die regering erken dat hy die terrein nog nie oormeester het nie. Om nie self die blaam daarvoor te dra nie, het hy by daardie geleentheid die einste terrein wat hy eintlik begeer het om te beheer, as, letterlik, die struikelblok beskryf. Dat die Hananwa, wat met 'slegte bedoelinge' in daardie stadium nog beheer het wat Joubert wou verower, uit die terrein verdryf moes word, is wel 'n konstante wat regdeur al die Boere-vertellers se opmerkings loop:

Omtrent de Blauwbergen, waar die vijand in genesteld is, kan ik nog het volgende zeggen. De bergstreken en vestingen, waarin Malaboeh zich bevindt, zijn nauwelijks toegankelijk voor een baviaan, en slechts geschikt als verblijfplaats voor ongedierte tenzij man er zich in wenscht schuil te houden met slechte bedoelingen. Het zijn de ontoegankelijkste Bergen, die ik ooit in Zuid-Afrika heb leeren kennen.⁵⁵

54. S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven van ..., luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R.. door hemzelve beschreven* (red. O.J.O. Ferreira). Pretoria, 1975. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Bronnepublikasie III, 1975, p. 57.

55. TAB: SSA.2, RA 14/94, p. 27: Résumé re houding Magato en andere kapiteins en vermelding van feiten omtrent den oorlog tegen Malaboeh volgens Minute R.6039/94, 1894-06-20.

Vir diegene wat werklik belang gehad het by die konflik, skuif natuurskoon dan spoedig na die agtergrond en word die verwysings oorheers deur besorgdheid met die onmiddellike en wesenlike probleem om die bergterrein te bemeester, of te verdedig. Vergeleke met die militêre aanvoerders, was Rae se byna oordadige besinging van die natuurskoon dan uitsonderlik. Enersyds was dit, sonder dat hy dit waarskynlik so bedoel het, 'n uitspel van sy ideologiese posisie, dat hy die Hananwa uit die omgewing wat té mooi en té goed vir hulle was, wou 'uit'-skryf. Andersyds lyk dit asof Rae met sy natuurbeskrywings kompenseer het vir sy eie gebrekkige waarneming van die oorlog self en sy onvermoë om meer sinvolle opmerkings oor die verowering van die terrein te maak. Vergelyk byvoorbeeld Rae se impressionistiese landskappe met Sonntag se spesifieke omskrywings van die gevegsterrein (wat hy van die Hananwa-Christene ontvang het):

I was told that ... the Bahananoa had themselves set fire to [the royal kraal] and sought cover in the rocky projections, ravines and fissures situated above the kraal. On the other hand, it was thought that there was an enormous cave near the royal kraal in which the Bahananoa had found refuge. As I had never before heard of such a cave, I asked the Christians. They assured me that such a cave did not exist. However, the mountain slope above the kraal was strewn with tremendous boulders which were piled on top of each other in such an unusual way that one had the impression of being in a long artificially constructed tunnel, which, not being roofed over, could not be described as caves of vaults.⁵⁶

Dit is opvallend dat die onderwerp (subjek) in Sonntag se sinne die Hananwa is. Sonntag se Hananwa is handelende persone; vir Rae is hulle vae, onwaarneembare skimme. Die volgende aanhalings gee gelyk aan Rae se gebrek aan verwysings na die Hananwa – die Boere se vyand was inderdaad onsigbaar. Anders as vir Rae, was die onsigbaarheid van die Hananwa vir hierdie waarnemers, wat nouer as Rae by die oorlog betrokke was, 'n noemenswaardige probleem: hulle was opgesaal met die verantwoordelikheid om die Hananwa uit die berge te dryf; hulle móés die Hananwa te siene kry en kon nie soos Rae slegs vassteek by die bewondering van die ideale landskap soos dit ná die Hananwa daar sou uitsien nie:

Die eerste aanhaling is 'n uittreksel uit *The Press* wat deur Rae in sy boek opgeneem is. Soos die vorige aanhaling van Sonntag, verwys dit na die stand van sake op 30 Junie 1894. Die joernalis se uiteensetting is 'n goeie voorbeeld van hoe

56. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 81 (1894-06-30). In C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 225, is dit nog duideliker dat Sonntag sy inligting van die Hananwa-Christene gekry het: "Sie erzählen mir aber ..." (Hulle het my egter vertel ...).

natuurbewondering oorgaan in meer praktiese informasie oor die terrein soos wat militêre optrede dit vereis:

The country after leaving Fort Jonker, was very beautiful, for after crossing over a neck, the road ran through a wood, which teemed with luxuriant ferns and foliage. On emerging from this we came to a fine open plain, with here and there fine clumps of bush. To the rear of us about a thousand yards away, the mountain rose clear and barren. To our left, in which direction Malaboch's stronghold lay, the hills were covered with trees and bush so thickly that the movements of the enemy there could not be observed. An advance through country of this description might naturally be supposed to be fraught with considerable danger, but strangely enough, the Pretorians never found occasion to fire a single shot, nor a Kafir to be seen.⁵⁷

Die volgende aanhaling is die herinnering van 'n anonieme verteller wat in Augustus 1911 in *Die Brandwag* gepubliseer is:

Eindelik komen er openingen in het dichte gordijn dat ons omringt, een voor een komen de bomen, bossen en randjes en koppies te voorschijn. Nu kunnen wij eerst zien, waar wij ons bevinden. Recht voor ons een tamelijk gelijke vlakte ... Links van ons een tamelijk hoge ruig begroeide spits kop met grote klippen bezaaid en en rechts een ruige bosrand. Van de vijand is niets te zien.⁵⁸

Die laaste aanhaling oor die onsigbaarheid van die Hananwa as die Boere se vyand, is weer van Joubert self:

De berg is naar gissing tusschen de 8000 of 9000 yds. hoog omtrent 1500 of 1800 voet hoog, op den hoogsten punt, en van de eene tot andere einde met groote dasklippen en kransen afgedeeld en versterkt en zoo ruig van houtboschen begroeit dat men zoo te zeggen of lievers hoegenaamd van den vijand kan zien.⁵⁹

Wanneer die Hananwa wel op die Boerewaarnemers se oorlogstoneel verskyn, word dit in die volgende trant beskryf: "... every now and again Kafirs would come out from a cleft in the rocks, and, after firing a few shots, *mysteriously* disappear again ..."⁶⁰

57. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 98; *The Press*, 1894-07-03. (1894-06-30).

58. V.N., Uit onze geschiedenis. Een gebeurtenis uit de Malaboch Oorlog, *Die Brandwag* 2(5), 1911-08-01.

59. TAB: SS.4140, R.5964/94: P. Joubert – Uitvoerende Raad, 1894-06-04, pp. 122-123.

60. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 100; *The Press*, 1894-07-03 (1894-06-30).

Danksy sy twee-jaarlange verblyf in die gebied en veral sy deurlopende kommunikasie met die Hananwa-Christene, was die Hananwa se bewegings vir Sonntag minder van 'n misterie as vir Rae en ander waarnemers aan Boerekant. Uit Sonntag se vertellings kom veral die ambigieusheid van die terrein voortdurend na vore: die klipperigheid en ruigheid van die omgewing kon die een oomblik 'n bedreiging wees; 'n ondeurdringbare skans wat die krygers se vordering belemmer het en waaruit daar boonop op hulle geskiet kon word. Die volgende oomblik kon die einste rotse en ruigtes die krygers beskerm deur hulle onsigbaar te maak ook vir hulle vyande. In hierdie opsig styg Sonntag se waarnemings uit bo die eensydige perspektief van Rae en ander waarnemers aan Boerekant. Die Hananwa word veral ook as volwaardige krygers gesien. Die volgende aanhalings ter staving daarvan:

The high grass, the boulders and the dense bushes made it possible for the Bahananoa to withdraw effectively from the sight of their enemies.⁶¹

By geleentheid toe die Hananwa die Boere, met hulle Langa-Ndebele-krygers⁶² op die voorpunt, in 'n lokval gelei het:]

The Bahananoa made only half-hearted attempts to defend almost impregnable positions such as thickly-wooded ravines and rocky fastnesses which, from a military point of view, were a godsend for the defender and a headache for the attacker.⁶³ [Dit is natuurlik gedoen sodat die smal stukkie begaanbare terrein, sodra die Hananwa uiteindelik aangeval het, téén die Boere en die Ndebele gebruik kon word om hulle vas te keer. Onnodig om te vermeld, het die Hananwa se taktiek geen vermelding in *The Press*-weergawe van die konfrontasie gekry nie.]⁶⁴

-
61. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 61 (1894-06-04).
62. Die Langa-Ndebele was afkomstig uit die destydse distrik Waterberg. Sien **BYLAE A** vir 'n vollediger uiteensetting van die onderskeie Ndebele-gemeenskappe. Rae verwys in sy teks na die Langa-Ndebele-krygers wat die Boere bygestaan het, as die 'Matabele'. Vir die oorblywende gedeelte van hierdie hoofstuk, word hierdie krygers bloot met die benaming *Ndebele* aangedui.
63. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 74 (1894-06-20). Soos teen hierdie tyd te wagte kon gewees het, het die vertaler die tweeledige aard van die terrein sterker uitgelig as wat dit in die oorspronklike dagboek te vinde is. Die argument dat sendeling Sonntag daarvan bewus was dat die twee vegende partye teenoorstaande beskouings van die ruimte moes hê, kan nietemin ook uit sy Duitse teks aangevoer word: "Selbst die für den Verteidiger wertvollsten, für den Angreifer fast uneinnehmbaren Position, Berg, Schluchten und Bergkegel, die nur mit Mühe zu passieren waren, wurden von den Bahananoa nach kaum nennenswerter Gegenwehr im Stich gelassen." (C.Sonntag, *Notizen* ..., p. 220).
64. Sien C. Rae, *Malaboch* ..., p. 83: "They were allowed to proceed some distance with nothing more than a desultory fire to face, then they were suddenly attacked on every side, and awoke to the fact that they have been entirely surrounded." Dit is nie verbasend dat die koerantberig, wat die pro-Boerelesers in Pretoria moes bevredig, aangevoer het dat die Waterberg-Boere "gallantly" geveg het om hulleself uit die lokval te bevry nie. Ene dokter Schmitt, van wie Sonntag sy weergawe van die skermutseling gekry het, het egter die volgende verhaal vertel: "... where only a short while before every single Bahananoa was believed to have fled, the flying Boers and Matabele were met by a rain of bullets at almost point-blank range. ... At last the Commandant took up his post on a hillock and threatened to shoot down anybody who fled farther." Sien C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 75.

Selfs so laat as 29 Junie het die Hananwa nog die voordeel van die terrein geniet:

In the last attempt there was very little resistance on the part of the Bahananoa, who seemed to have lost their fighting fervour. Without much opposition they retreated into their almost impenetrable environment.⁶⁵

Uit bostaande drie beskrywings van Sonntag kan dan 'n verklaring aangebied word waarom Rae se makkers die einste landskap wat hy met soveel peïteit beskryf het, in die spreektaal en in hulle skryfwerk begin aanval en beveg het asof dit die vyand self was. Terwyl nog onder die indruk dat die Hananwa power soldate was, was die Boere oortuig dat die moeilike terrein hulle nie sou kortwiek om die Hananwa te onderwerp nie:

The remarks about the fighting qualities of the Bahananoa were most derogatory, even contemptuous, and everyone was confident that they would be beaten very soon, in spite of the difficult terrain ...⁶⁶

Soos wat die Boere weerstand van die Hananwa begin ondervind het, het hulle die landskap daarvoor begin blameer. Rae en die ander waarnemers sou almal in hulle vertellings begin kompenseer vir hulle onvermoë om die (onsigbare) Hananwa te oorwin. So kry die leser dan vir die duur van die oorlog by die *The Press*-verslaggewers wat deur Rae aangehaal word, sowel as by die Boeraanvoerders, toenemend beeldspraak waarin landmerke geblameer en aangeval word, terwyl direkte verwysings na en veral beskrywings van die Hananwa-vyand skaars bly:

Die eerste voorbeeld is 'n aanhaling van genl. Piet Joubert op 4 Junie 1894: "Hier aangekomen, vind ik den berg heel anders als hij voorgesteld werd in de gedaante van een molshoop." Met hierdie treffende beeldspraak gee Joubert te kenne dat Malebôhê deur die *Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR)* onderskat is: Joubert het teen Mmalebôhê opgetrek met die gedagte om spoedig met hierdie geringer leier af te reken, so van hom 'n voorbeeld te maak en daarmee die Boere se eintlike vyand, die Venda, die skrik op die lyf te jaag. Joubert verkies nou om aan te voer dat hy hom met geografie eerder as met die vermoëns van sy teenstander vergis het.

Die volgende voorbeeld is 'n berig uit *The Press* oor die aktiwiteite van 29 Junie 1894: "The artillery had been shelling the mountain all morning, and the Marico men had also been firing on the kraal ..." ⁶⁷ Hierdie taalgebruik is in skerp kontras met dié

65. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 81 (1894-06-29).

66. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 61-62 (1894-06-14).

67. C. Rae, *Malabocho* ..., p. 97; *The Press*, 1894-07-02 (1894-06-29).

van Sonntag op dieselfde dag: “Then again the mountains echoed and re-echoed from rifle- and gun-fire.”⁶⁸ Sonntag maak nie van die berg die sondebok waarop geskiet moet word nie.

Sonntag het ook wanneer hy die Boere se taktiek in sy dagboek probeer verduidelik het, hulle optrede in terme van die oornameword van landmerke beskryf: “Such haste was not part of the nature of the Boers. They were quite willing to spend a great deal of time devising plans to take this mountain or that valley without the loss of a single life ...”⁶⁹

Christoph Sonntag het op 5 Julie ‘n Hananwa-Christen se kommentaar op die Boere se geweervuur aangeteken wat, onbedoeld, skerp ironiese kommentaar gelewer het op bogenoemde waarnemers se taal, waardeur die Boere se aanvalle gerig is op landmerke wat hulle vyand moes verteenwoordig: “Petrus remarked drily: ‘They are hunting the rocks, not the Bahananoa.’”⁷⁰ Soveel soos wat ‘n kryger ook al die ruimte verwyd het; dit was sy vyand self, en nie die bosse of die klippe wat verower moes word nie. Die feit dat soveel Hananwa-mense dit uiteindelik reggekry het om van die berg af te vlug, bevestig dat die Boere se bemeestering van die ruimte insigself nie voldoende was om die Hananwa as ‘n gemeenskap te ontbind, soos dit in die Uitvoerende Raadsbesluit wat na die oorlog geneem is, voorsien is nie.⁷¹

Uit die genoemde voorbeelde kan dan afgelei word dat, solank as wat die Hananwa nog ‘n bepaalde ruimte beheer het, daardie ruimte in hulle aanvallers se oë die vyand verteenwoordig het. Eers wanneer die Hananwa uit die ruimte verwyder is, of hulleself uit die voete gemaak het, sou die landskap wees soos wat die witmense veronderstel het dit moes gewees het: leeg van swartmense en daarom ‘n krygstrofee.

Was die wit krygers se stryd teen die landskap ‘n eufemisme om die brutaliteit van hulle oorlogsdade meer verteerbaar te maak (soos wat die Ndebele en die ander “friendly natives” vir al die oorlogswreedheid verantwoordelik gehou is?) Of was dit eenvoudig minder kwetsend vir ‘n witman se selftrots om te erken dat die terrein hom probleme besorg het eerder as die vernuftigheid van die Hananwa (dat dit in die eerste plek Hananwa-vernuftigheid was om die betrokke terrein teen die Boere aan te wend, daar gelaat). Bevestigende antwoorde kon op beide vrae gevind word, en wel in teksgedeeltes wat Colin Rae uit *The Press* oorgeneem het. Die twee insidente waarna

68. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 80 (1894-06-29).

69. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 101 (1894-07-18).

70. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 93.

71. TAB: SS. 4413, R.8813/94, p. 8: URB 440, 1894.08.27: “... besluit ... dat het volk van Malaboch als afsonderlijke stam zal worden opgebroken ...”

verwys sal word, hou nou met mekaar verband. Die eerste het te make met die beskrywing van 'n skermutseling waarin die Hananwa hulle vyand uitoorlê het. Die tweede verwys na die stories wat daarna onder die Boere in omloop gekom het soos wat hulle toenemend onder die indruk van die Hananwa se krygsvernuf gebring is:

Soos reeds met die aanhaling van 'n vorige voorbeeld ter sprake gekom het, het die Hananwa die Waterbergkommando en die Ndebelekrygers wat vir hulle op die voorpunt geveg het, op 20 Junie in 'n lokval gelei. Sonntag het die verhaal soos dit deur twee ooggetuies, kommissaris Potgieter en ene dr. Schmitt, aan hom meegedeel is, opgeteken.⁷² Colin Rae het Keith Jenkins se weergawe van die gebeure soos dit in *The Press* van 23 Junie verskyn het, in sy boek oorgeneem. Jenkins het nie self die gebeure gadeslaan nie, maar moes dit, soos Sonntag, van ander ooggetuies verneem het. Volgens Sonntag se getuies, moes die Ndebele en die Boere hals-oor-kop teruggeval, deur 'n landskap wat Sonntag as 'n hindernisbaan vir die Boeremagte beskryf. In Sonntag se vertelling was die Hananwa duidelik in beheer van die landskap: hulle suksesvolle krygstaktiek het in hierdie geval grootliks neergekom op die benutting van die gevegsterrein tot hulle eie voordeel:

In the wildest, most uncontrolled panic they [Boere en Ndebele] rushed over rocks and stones, down slopes and declivities, through ravines and thickets. Not only from behind, but suddenly from all sides, where only a short while before every single Bahananoa was believed to have fled, the flying Boers and Matabele were met by a rain of bullets at almost point-blank range. It was a miracle that in this frantic furious chase nobody broke neck and bones and that anybody at all survived.⁷³

Jenkins was veel meer optimisties oor die Boere se dapperheid:

The natives came on with great assurance, and the utmost difficulty was experienced in repelling them, although our fire must have created considerable panic amongst them.⁷⁴

Let veral op hoe Jenkins/Rae die Hananwa se landskap met die Hananwa se eie bloed inkleur, die Hananwa daarmee geen erkenning vir hulle taktiek gee nie en selfs die Boere se terugval in 'n heroïese daad omskep. In Jenkins se vertelling is die pad, asof dít die teiken was, bloedbevlek; kry die landskap die merk van die oorwonnene.

72. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 74; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 220 (1894-06-20). Soos gewoonlik, is die Duitse teks meer spesifiek as die Engelse vertaling oor die bron van die getuies: Volgens die Duitse teks het Sonntag die vertelling "besonders von Doktor Schmitt" gehoor; Konrad Sonntag het dit vertaal as die verhaal "as far as the Boers were concerned".

73. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 75.

74. C. Rae, *Malabocho* ..., p. 83.

Jenkins val ook terug op die ou mite van ‘n handjievol witmense wat hulleself teen ‘n oormag swart krygers moes staande hou en so asof verontskuldig word.⁷⁵ Die Hananwa wat val, is nooit deur hom as volwaardige mense, individue, aangebied nie. Hulle bly vae, maklik-vervangbare hordes wie se enigste superioriteit in hulle getalleoorwig gelê het. Hulle bloed in die grond was uiteindelik al oorblyfsel wat bewys het dat hulle vroeër daar was. Dit was makliker regverdigbaar om teen so ‘n gesiglose vyand te veg as teen ‘n gemeenskap ingekleur met karaktertrekke soos wat aan ‘n waarnemer soos Sonntag bekend was. Die pad-metafoor is dan wel ‘n eufemistiese verwysing na die Hananwa wat tydens die Boere se terugval gedood is, maar ook ‘n metode om weg te skram van ‘n erkenning dat die Hananwa die pad, wat hulle met hulle bloed gemerk het, behou het; dié terrein is juis nié aan die Boere afgestaan nie; die Boere het daaruit gevlug:

So a retrograde movement commenced, and, to use the graphic language of one who was in the fight, “the path taken along the retreat was marked with blood”; for every Kafir that must have fallen, others seemed ready to take his place. The Waterberg commando fought gallantly, but it was a fight for life.⁷⁶

Wat veral verstommend is, is hoe Jenkins met hierdie woordkeuse die sleutelrol wat die Ndebele in hierdie skermutseling vir die behoud van die Boere gespeel het, wegskryf. Die Hananwa self het in hulle oorleweringe die pad “marked with blood” beskryf as *Tsela ya Matabele* – die Matabele Oorlogspad – “owing to the fact that not only had the Matabele opened the way for enemy [Boer] cannons towards the summit, but had also paid dearly as evidenced by a great number of the fallen.”⁷⁷ Volgens Sonntag is een Ndebele gedood en ses gewond. Volgens Jenkins was dit die getalle vir die witmense, maar is tien Ndebele gewond. Wie ook al gelyk het, wat wél duidelik blyk, is dat Jenkins van die Hananwa, Boere- en Ndebele-ongevalle slegs dié van die Hananwa, hulle vyand, gebruik om die landskap mee te merk.

Teenoor Jenkins se versigtigheid om enigiets oor die Boerevernedering aan die koerantlesers in Pretoria te onthul, kon Sonntag van die talle kommandoede wat sy sendingstasie besoek het, afgelei het dat “[e]verybody had quite a different opinion of

75. Vergelyk die herinneringskrifte in die voorwoord bespreek, byvoorbeeld V.N. (pseud.), Uit onze geschiedenis. Een gebeurtenis uit de Malaboeh Oorlog, *Die Brandwag*, 1911-08-01; G.G. Munnik, *Kronieke van Noordelike Transvaal: die herinneringe van senator ...*, pp. 96-97; S.P.E. Trichard, *Geschiedenis, werken en streven van ... luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemzelve beschreven* (red. O.J.O. Ferreira). Pretoria, 1975. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Bronnepublikasie III, 1975, pp. 57-67.

76. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 83.

77. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, p. 182.

the Bahananoa now.”⁷⁸ Dit bring ons by die tweede insident ter staving van die Boere se geneigdheid om die Hananwa se krygsvernuf te ontken en die frustrasie met hulle eie onvermoë om deur die loop van Junie 1894 die oorlog in hulle eie guns te beklink, na ander faktore te verplaas. As dit nie die landskap was nie, was dit die sendeling⁷⁹ of een of ander misterieuse witman wat die Hananwa bevoordeel het. Rae het die volgende uit *The Press* van 3 Julie oorgeneem:

It was reported that a white man, or rather a half-cast, was fighting for Malaboch; he was said to be married to two of the Chief's women, and his brother belonged to the Middelburg laager. It was supposed that he was the marksman whose accuracy of aim at long distances had so astonished our people.⁸⁰

Dit kom voor asof die wit kommandoede geredeneer het dat ‘n skut wat só goed was, onmoontlik swart kon gewees het. Om goed te kon skiet, was waarskynlik nie ‘n karaktertrek wat deel gevorm het van die gemiddelde Boer se verwagtings rondom ‘n swartman nie. Dit was waarskynlik die *The Press*-verslaggewer wat die moontlikheid van ‘n persoon van gemengde wit en swart herkoms meer waarskynlik gevind het en dit as eie interpretasie in die berig bygevoeg het. Sonntag, wat die gerug van die ‘wit Maleboch’ die vorige dag immers reeds verneem het van elke persoon wat by sy huis aangedoen het, verwys geensins dáárna nie. Om die gerug die nek in te slaan, het Sonntag dit bloot nodig gevind om die bewerings teenoor die Hananwa-Christene op te merk, en “[t]hey ridiculed the idle talk”.⁸¹

Dit is opvallend dat Colin Rae self, teenoor die teks wat hy uit *The Press* oorgeneem het, nie in die teksgedeeltes wat aan hom persoonlik gekoppel kan word, werklik daaraan meegedoen het om die landskap as die vyand uit te beeld nie. Hy was onbetrokke genoeg by die gebeure dat hy regdeur die oorlog kon volhou met sy mooiskrywery. Wat hom teruggeruk het na die werklikheid van oorlog, was nie die Hananwa nie, maar die “sleepy, careless Kafirs” wat aan die Boere se oorlogspoging meegedoen het deur kiste dinamiet die berg op te dra:

We started at 3:30 A.M. ... Here I noticed, to my surprise, more than a hundred Kafirs, armed with assegais and knobkerries, at this early hour [asof hy nie gedink het dat swartmense so vroeg kon opstaan nie]. ...

78. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 76.

79. Voorbeelde hiervan is reeds by vorige geleentheid opgehaal. Sien onder meer Sonntag se inskrywing van 23 Junie, waar ‘n groep Rustenburgers en Waterbergers die Wesleyaanse evangeliste voorgekeer het en daarvan beskuldig het dat “they, other Christians and the mad Zending were solely responsible for the war.” C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 79.

80. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 100; *The Press*, 1894-07-03. Die berig self is gedateer 30 Junie 1894. Die *The Press*-korrespondent het na die man as ‘n *bastard* verwys; Rae het dit verander na ‘n *half-cast*.

81. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 81 (1894-06-29).

... It was a tremendous climb ...

...

The mountain scenery, as we ascended, was very lovely: indeed, I do not remember seeing finer vistas of bush-clad kloof and berg anywhere. Presently we passed a level, grassy plateau, intersected by streams of limpid water, and anon, we entered a wild ravine, the sides water-torn by mountain-torrents. Our progress was hindered by boulders of all shapes and sizes in chaotic confusion. Owing to the enemy allowing us to proceed unmolested, [dus 'n duidelike onderskeid tussen die –steeds onsigbare – vyand en die landskap] I was able to drink in, as it were, the natural beauty and grandeur of our immediate surroundings. But my admiration of the scenery was rudely disturbed, and my thoughts brought back suddenly to the realities of war by a Kafir clumsily dropping a box of dynamite ...⁸²

Indien Rae so 'n lae dunk van die vermoëns van die swartmense wat die Boere vriendelik gesind was, openbaar het, hoeveel te meer sou hy en die Boere nie op hulle vyand, die Hananwa, neergesien het nie? Soos Wendy Katz dit stel, het witmense vir die verowering en beheer van swartmense 'n stelsel nodig gehad om hulle diktatoriale optrede te regverdig. Rassisme het dit gebied: swartmense móés gesien word as minderwaardig sodat hulle leiding gegee kon word; of as onbeskaafd, sodat hulle beheer kon word.⁸³ Hetsy dit die Hananwa was, wie se grondgebied verower moes word, of die “friendly natives”, wat die Boere in dié proses moes bedien, swartmense moes gesien word asof hulle hulle onderhorigheid verdien het – en witmense, asof hulle hulle baasskap waardig was.

Dit was dus nie alleen vir 'n witman in die proses om Blouberg te probeer verower, moeilik om die Hananwa se suksesvolle verdediging van die terrein gade te slaan nie (daarom dat 'n wit aanvoerder “invent” is). Dit was vir hom ewe moeilik om ván die krediet vir die eindelike verowering van die Hananwa aan ánder swartmense af te staan. Swart hulptroepe was nie kamerade nie; soos enige swart gemeenskap, moes hulle stewig onder wit beheer gehou word. Derhalwe was dit vir Rae vanselfsprekend dat hulle lomp en dom moes wees – ongeag die feit dat hulle vyftig pond-kiste dinamiet uitgedra het teen wat vir Rae, sonder bagasie, 'n “tremendous climb” was. Rae was self in die imperialistiese beskouing van swartmense as die minderwaardige ondergeskiktes in-gesosialiseer. Hierdie verwagting het hy dan geprojekteer op die “friendly natives” – daarom ook dat hy so verbaas was dat die groep swartmense hierbo genoem so vroeg in die oggend al wakker was. Die stereotipe waarmee hy na Blouberg gekom het, was dat swartmense lui laatslapers was. Nog 'n voorbeeld is

82. C. Rae, *Malaboeh ...*, pp. 114-115 (1894-07-07).

83. W.R. Katz, *Rider Haggard and the fiction of empire. A critical study of British imperial fiction*, p. 131.

waar hy die swart helpers van die Waterbergkommando beskryf: "... they were arrant cowards, and always fled as soon as they heard a shot fired by the enemy."⁸⁴ Hierin sien 'n mens dat 'n geestelike soos Colin Rae, hoewel hy, anders as 'n sendeling, selde direk met swartmense te doen gekry het, beslis meegedoen het aan die koloniserings van Suid-Afrika se swartmense in die wyse waarop hy die houdings en aannames van 'n koloniserende samelewing met sy eie optrede en uitsprake bevestig en uitgebou het.⁸⁵

Wanneer Christoph Sonntag se houding teenoor die Hananwa dan in oënskyn geneem word, moet dit gedoen word teen die agtergrond dat die houdings in die vorige paragraaf beskryf, vir 'n aansienlike aantal van sy tydgenote die norm was. Vergeleke met die Colin Rae's van sy tyd, was Sonntag, wat volgens die teorie veronderstel was om as sendeling aan die voorpunt van die koloniseringsaksie te gewees het, ten spyte daarvan dat hy wel by tye heeltemal teruggeval het in die wit beskouings van sy tyd,⁸⁶ steeds 'n merkwaardige trae medespeler. Dit was in 'n groot mate toe te skryf aan sy deurlopende kommunikasie met die Hananwa (gedurende die oorlog hoofsaaklik Christen-Hananwa), wat hom in staat gestel het om die oorlogsterrein as 'n bewoonde landskap te sien. Soos wat Sonntag die swart bewoners, die Hananwa, en hulle swart aanvallers, die Boere se Ndebele-helpers, beskryf, is dit moeilik om te glo dat hierdie selfstandig-handelende figure dieselfde week "Malabochians" en dom, lomp "Matabeles" was waarvan Rae vertel het:

Die eerste voorbeeld is gedateer 17 Junie, toe Sonntag gewonder het of hy die Christene Petrus en Solomon moes aanmoedig om Mmalebôhō weer te besoek:

I dared not urge them too much. In the present circumstances the journey to the royal kraal would be a deadly hazard. For one thing, the murderous Matabele were moving around everywhere and secondly, we did not know what the feelings of the Bahananoa were at the moment.⁸⁷

Die tweede voorbeeld verwys na 28 Junie, toe kommandant Grobler Petrus en Solomon as gidse wou gebruik:

This was really asking me to do more than was fair. Was he expecting these men, who, disregarding their lives, had done everything in their

84. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 112. Die ironie is dat die Boere deur verskeie waarnemers op 'n soortgelyke wyse beskryf is en dat Rae self waarskynlik óók so beskryf sou kon word.

85. Sien D. Chidester, *Savage systems, colonialism and comparative religion in Southern Africa*, p. xiii.

86. Op 24 Julie 1895 klink Sonntag byvoorbeeld feitlik soos Rae wanneer hy oor die Hananwa opmerk: "After all, they had lounged about idly long enough and hard work has never yet harmed anybody." Sien C. Sonntag, *My friend, Maleboch ...*, p. 158.

87. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 67 (1894-06-17).

power to persuade their people to submit, now to be guides, that is spies, in a military action against their own people?⁸⁸

Teenoor Sonntag se bewoonde landskap, word Rae se idilliese landskapsbeskrywings deur die loop van sy boek, soos die oorlogsbeskrywing vorder, toenemend geassosieer met ruimtes wat reeds deur die Boere van die Hananwa verower is. Sy ideale landskap bly dus konstant, regdeur sy verhaal, ruimtes waaruit die swart gemeenskappe verwyder is:

Later on we came to the mealie gardens, where I first experienced being under fire, and there I examined the rock on which I stood and from which I fell. The place was quiet enough now though, as all the Kafirs had fled to their Chief for safety.⁸⁹

‘n Verdere voorbeeld: Op die dag dat Mmalebôhô gereed gemaak het om oor te gee, het Rae en sy vriende gaan piekniek hou op ‘n plekkie waar al die skoonheid na die landskap terugkeer het:

A most delightful spot had been selected close by the water’s edge, and the high banks were simply one mass of maidenhair ferns. We were beautifully sheltered by large trees.⁹⁰

Dit was inderdaad die Boere se oogmerk om die Hananwa uit Blouberg te verwyder, soos bevestig deur beide Rae:

The next morning, on my way to visit the wounded, I saw about two thousand friendly Kafirs sent by the chief Malitse⁹¹ for the purpose of skirmishing and *clearing the mountain* of the enemy ...⁹²

...en Sonntag:

... the dry grass had been set on fire to drive out the Bahananwa who had hidden in the bushes.⁹³

88. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 80.

89. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 123 (1894-07-08).

90. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 175 (1894-07-29).

91. Rae verwys na die Moletše-Kwena, afkomstig van die area noord van Pietersburg. Sien **BYLAE A**.

92. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 151. Kursivering L.K.

93. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 104. Kursivering L.K. Sien ook C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 237 (1894-07-20).

Uiteindelik is die Hananwa egter nie oorwin deur hulle uit die berg te jaag nie. Heelparty van die wat uitgejaag is, het eintlik by die Boere verby gevlug en sodoende losgekóm. Generaal Piet Joubert was met rede teleurgesteld dat so min Hananwa op 31 Julie 1894 saam met Mmalebôhó oorgegee het:

That only such a small band of people had come out with Maleboch had shaken him to the core. He could think of no other explanation but that before the commandoes had enclosed the royal kraal from all sides the people had already from time to time left their Chief.⁹⁴

Sonntag het dit soos volg verduidelik:

In many instances the Blacks are wilier and much more intelligent than one usually expects them to be. Many a Mohananoa accomplished his escape past the pickets of the Boers with a superiority and an adroitness that could only command the very highest respect ...⁹⁵

Die leser kon dit te wagte gewees het dat *The Press* se korrespondent, Keith Jenkins, nie bereid sou wees om soveel erkenning aan die Hananwa te gee nie: Soos vantevore in Rae se boek, word die Hananwa se optrede as 'n misterie voorgestel:

Coetzee's contingent was the first to arrive on the spot [waar Mmalebôhó voor sy oorgawe geskuil het], and discovered that the cave, or rather the numerous large crevices, were completely deserted, the enemy, who had been holding possession, having disappeared in the most *mysterious* manner. It was impossible to understand how they broke through our lines, or to form an accurate idea as to where they had gone ...⁹⁶

Heelparty Hananwa het dus tot en met die einde van die veldtog vir die Boere onsigbaar – en derhalwe vry – gebly. Nóg dinamiet, nóg swawel en petroleum, het vir die Boere die oorwinning oor Blouberg se rotse en bosse gebring. Die landskap het vir die Hananwa sy voordeel verloor toe hulle beheer oor hulle watervoorraad beëindig is.⁹⁷ Die Hananwa wat deur die Boere oorwin is en moes oorgee, was dié wat nie uit die berg verjaag is nie, maar wat daar vassekeer is en verkies het om, of nie vroeër kon, vlug nie. Dit was dié wat beheer oor die gevegsterrein verloor het, maar dit steeds beset het. Die einste terrein wat hulle vir die duur van die veldtog sodanig tot hulle voordeel ingespan het dat die Boere selfs begin praat het asof hulle dáárteen geveg het, is nou suksesvol téén die Hananwa aangewend. Omdat

94. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 124 (1894-08-03).

95. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 138; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 258 (1894-08-19).

96. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 180; *The Press* 1894-08-04. Kursivering L.K.

97. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 109 (1894-07-27).

Mmalebôhō self onder hierdie groep was wat oorgegee het, was dít die insident wat die veldtog vir die Boere beëindig het. Weer was dit Sonntag, wat voortdurend bewus was van die ambigieusheid van die terrein, wat in sy waarnemings uitgewys het hoe die landskap, wat eers die Boere se vyand was, einde Julie 1894 teen die Hananwa gedraai is. Die mense moes nou self uitkom uit wat eens hulle ondeurdringbare skuilplekke was:

I noticed some women and children emerge timorously from the groups of rocks.

.....
Sejome broke out of the bush. How the poor fellow had been brought low! The face was nothing but skin and bones. The eyes lay deep in their sockets. I could not restrain my tears.⁹⁸

Teenoor Rae, wat in die ‘Hananwa-vrye’ ruimtes mooi piekniekplekke gevind het, was die gekoloniseerde landskap vir Sonntag ‘n geskende ruimte: “Among some heavy boulders there were still a few huts.”⁹⁹ In sy verbeelding het Sonntag die landskap vir hom probeer rekonstrueer soos dit was toe die Hananwa dit nog bewoon het:

The protective poles and the underbush all around [the royal kraal] had been destroyed by shell-fire. Where there had formerly always been life and movement there was now deathly silence.

.....
Out of one of the huts still standing came the doleful bleating of a solitary goat. It was without a doubt the last head of cattle and goat herds numbering many thousands in the hey-day of Maleboch’s glory.¹⁰⁰

3. Rae en Sonntag se ruimtebeleving na afloop van die Boer-Hananwa-oorlog

In skerp kontras met Rae, vir wie die ‘Hananwa-vrye’ ruimtes die tonele vir idilliese pensketse was, was dit die ‘Boer-vrye’ ruimte, wat nagelaat is sodra al die kommando’s Blouberg verlaat het, wat vir Sonntag ‘n aantreklikheid verkry het. Hy kon byvoorbeeld nie verstaan dat daar Boere was wat van hom verwag het om Blouberg saam het hulle te verlaat, asof dit leeg sou wees wanneer hulle vertrek het

98. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 112; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 242 (1894-07-28).

99. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 112; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 242 (1894-07-28).

100. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 111-112; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 241 (1894-07-28).

nie.¹⁰¹ Op 10 Augustus berig hy soos volg (dit is opvallend dat dit weer die Chirsten-Hananwa Petrus en Solomon was wat die terrein vir Sonntag verspied het):

At nine o'clock Petrus and Solomon returned from the camp. The Boers had left to the last man. The other commandoes had already departed the previous day. Blaauwberg seemed to be free of the Whites and we could breathe again.¹⁰²

Op 9 Januarie 1895 het Sonntag die voormalige kampplekke van die Rustenburg- en Waterberglaers soos volg beskryf (in die oorspronklike Duitse dagboek kom die woord 'mooi' twee keer in hierdie gedeelte voor):

The rain which for weeks had fallen splendidly, had caused mealies and corn to germinate and shoot up into the air, transforming the formerly so sinister and dangerous-looking camps into a huge thickly-planted corn- and maize-field.¹⁰³

Voor die aanbreek van die nuwejaar, voordat die voedsame koring die oorlogslittekens in die landskap begin toegroei het en die vlugteling-Hananwa na Blouberg begin terugkeer het,¹⁰⁴ was daar nietemin 'n tussenfase waarin Sonntag met 'n groot uitdaging by Blouberg agtergelaat is. Toe die Boere in Augustus 1894 vertrek het, het hulle 'n sestigtal Hananwa, hoofsaaklik siekes, gewondes en bejaardes in die sendeling se sorg gelaat. Mmalebôh se moeder, Mmaseketa, wat na sy gevangeneeming as regentes sou optree, was ook onder hierdie groep.¹⁰⁵ Die vooruitsig om hierdie mense te akkommodeer en die vrees dat Kibi die mandaat wat hy van die Boere ontvang het om die oorblywende Hananwa uit te wis,¹⁰⁶ sou deurvoer, het Sonntag gedryf tot die versugting om uit sy omklemmende ruimte te kon vlug:

The end of the war has left me so limp, languid and weary that I can neither work nor think. I wish I were far away from here and could forget

-
101. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 131; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 253 (1894-08-09).
102. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 131; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 253 (1894-08-10).
103. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 147; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 268 (1895-01-09). Dit is tog ook opvallend dat die Pretoria-kamp wat Rae vroeër, met die aanvang van die oorlog, beskryf het, in sy oë alles behalwe sinister en gevaarlik daar uitgesien het, maar eerder 'n potsierlike bont voorkoms gehad het: Sien C. Rae, *Malaboch* ..., p. 67 (ca. 1894-06-17): "We found everything very quiet; most of the men were busily engaged erecting tents of extraordinary shapes; they consisted of blankets of all shades of colour."
104. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 147, C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 269 (1895-01-12). Die sendeling gebruik die veelseggende term *Heimat* vir die hartland waarheen die Hananwa teruggekeer het. Die vertaler se term *homeland* mag in die lig van twintigste-eeuse lesers se kennis van Groot Apartheid 'n onnodig-gelade betekenis hê.
105. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 131 (1894-08-10); C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 257 (1894-08-17).
106. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 128 (1894-08-08). Dié gedeelte was in die oorspronklike dagboek eers op 10 Augustus 1894 ingeskryf. Sien C. Sonntag, *Notizen*..., p. 254.

everything. But now is the most impossible time to think of deserting Blaauwberg.¹⁰⁷

Dit was op hierdie selfde dag, 16 Augustus 1894, dat Colin Rae, pas terug in Pretoria na 'n genotvolle terugtog, vir die eerste en laaste keer vir Mmalebôhō ontmoet het. Dit was ook die dag waarop Mmalebôhō in die Pretoria-tronk gesit sou word. Wanneer Rae dan uiteindelik wel die Hananwa en hulle leier, wat so lank vir hom 'n onsigbare vyand was, te siene kry, is dit in 'n heeltemal onvanpaste milieu vir dié mense wat drie maande lank hulle bergvesting verdedig het. Vir Rae daarenteen, kon die Hananwa waarskynlik nie in 'n meer gepaste situasie waargeneem word nie: hier was hulle letterlik verwyderd uit die Blouberg-landskap waarin Rae in elk geval nooit aan hulle laat reg geskied het nie. Dit moes vir hom asof 'n vervulling gewees het van die idilliese 'Hananwa-vrye' landskappe wat hy tydens die veldtog beskryf het. Of dié eindresultaat hom beïndruk het of nie; Rae het hier die situasie gesien soos wat dit van die begin van die veldtog af volgens hom veronderstel was om te wees. Dit lyk wel of die hoë ouderdomme van die gevangenes hom laat wonder het of Blouberg werklik so leeg agtergelaat is as wat die veronderstelling was:

The next day the Rustenburgers arrived at Wonderboom [net noord van Pretoria] with their prisoner and his followers, and there awaited instructions. I was driven out from Pretoria with Canon Fisher and Lieutenant Holzer, and, on our arrival, we saw a number of natives (I think about one hundred and fifty men) squatting on the ground, but the absence of young men was very noticeable. Malaboch and his indunas were secured in a wagon. I climbed on to a Voorkist and asked him if he were really Malaboch, and where his fighting men were, as nearly all our prisoners were decrepit old men.¹⁰⁸

Rae het Mmalebôhō en sy krygers dus steeds nie werklik te siene gekry nie: die werklike krygers het hulleself nie laat vang nie. Om op 'n kis te klim en Mmalebôhō in 'n wa te sien sit, vergelyk ook nie met dié Mmalebôhō wat Sonntag vroeër in al sy glorie, met sy volle *entourage*, te siene gekry het in sy hoofsetel te Blouberg, wat letterlik ure geneem het om te bestyg nie. Die Mmalebôhō wat Rae ontmoet, kon nie eers sy eie woord gestand doen nie. Hy moes teenoor Rae beken dat hy nie sy Engelse vrae verstaan het nie en dat Rae eerder met sy neef moes praat. Sy gesig was boonop geskend deur brandwonde wat hy pas na sy inhegtenisname in die Rustenburgkamp opgedoen het. So 'n ontmoeting kon slegs bygedra het om die vooroordele wat Rae reeds teen die Hananwa en ander swart gemeenskappe gehad het, te versterk.

107. . Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 136; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 257 (1894-08-16).

108. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 205 (1894-08-16).

Die skouspel het voortgeduur:

We returned in time [na Pretoria] to see them [Mmalebôhō en die ander Hananwa-gevangenes] brought in. The burghers rode to the Raadzaal, where the President awaited them, and, standing on the steps, His Honour asked the Commandant whether the prisoner he had brought in was the rebel Chief Malaboch, and being satisfied with his reply, congratulated the burghers on their success, and then ordered the removal of the prisoners to the State gaol, where the Chief still remains.¹⁰⁹

Met die wegsluit van Mmalebôhō agter die tronkmure, het Rae se veldtog 'n volle sirkel geloop: vanuit Pretoria, die koloniserende sentrum, is 'n veldtog geloods waarheen die objek van die veldtog, die 'rebel' Mmalebôhō, saam met die suksesvolle troepe teruggebring is. Die koloniserende sentrum het dus sy mag getoon om tot by die Hananwa se hoofsetel, op sy periferie, te strek en 'n onwillige 'onderdaan', Mmalebôhō, te verswelg – hom letterlik voor die aangesig van sý 'voormalige' onderdane, te laat verdwyn. Vir Rae was dit inderdaad die geval. Wanneer hy in 1896 verwys na die wegsluit van die deelnemers aan die mislukte Jamesoninval in die einste gevangenis waarin Mmalebôhō hom steeds bevind het, laat roep die tronk-ruimte die Hananwa-leier nie eers weer in sy gedagtes op nie.¹¹⁰

Die vraag ontstaan of die Boere-koloniseerders se verdwyn-truuk met Mmalebôhō só oortuigend was dat selfs Sonntag, wat die Hananwa-leier as sy vriend beskou het, daardeur oorweldig is. Dit lyk inderdaad of dit die geval was. Wanneer die ongunstige omstandighede waaronder Mmalebôhō en sy mense in Pretoria aangehou is in ag geneem word,¹¹¹ wil dit 'n groot vraagteken plaas agter Sonntag se skynbaar volkome distansiëring van Mmalebôhō na sy verwydering van Blouberg. Sonntag se konformerings tot die Boerebestel het ver genoeg gestrek dat hy hom nie met hulle beslissings oor die Hananwa-leier sou inmeng nie.

Blouberg sonder Mmalebôhō, waar Sonntag agtergebly het, was natuurlik nie leeg nie; net so min ná as tydens die veldtog toe Rae sy ongerepte natuurtonele beskryf het. Deur die bemiddeling van die Christen-segsmanne Petrus en Solomon, het die sendingstasie dan gedurende die jaar na die oorlog vir die Hananwa-regentes en ander vlugtelingen 'n relatief-veilige hawe gebied om te herstel – vir die Wesleyaanse gemeente selfs om te floreer.¹¹² Die Hananwa wat op sendinggrond 'n heenkome

109. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 206 (1894-08-16).

110. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 241 (1896-05-30).

111. Sien J.P. Fitzpatrick, ... *South African politician. Selected papers, 1888-1906* (eds. A.H. Duminy & W.R. Guest), pp. 47 & 57.

112. *Evangelisches Archivzentrum, Berlin: Berliner Missionsgesellschaft (EA BMG): Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blauberg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd.2: Das Eindringen der Wesleyaner in*

gevind het, se getalle het teen Maart 1895 tot vyfhonderd aangegroei.¹¹³ Die logiese afleiding sou wees dat Sonntag hiermee 'n groot slag geslaan het om die Hananwa onder die invloed van die Christendom te bring en in sy kerk te kry. Dit was geen uitsonderlike verskynsel dat koloniale verowering bestaande sosiale strukture verswak het en swart gemeenskappe sodoende meer vatbaar vir sendinginvloede gemaak het nie.¹¹⁴ Deur bloot hierdie elders beproefde resep op die Hananwa te gaan toepas, sou die historikus egter die mate waarin swartmense in Suid-Afrika die Christelike boodskap in daardie stadium al vir hulleself opgeëis en aangepas het, onderskat. Juis in dié tyd toe die onafhanklike swart Christelike kerke onder leiding van 'Makenna' (Mangena M.) Mokone in Transvaal tot stand gekom het,¹¹⁵ het die Wesleyaanse Christene te Blouberg ook geruime tyd reeds betreklik onafhanklik van hulle wit 'toesighouers' gefunksioneer.

Die Berlynse sendingstasie te Blouberg was in 1895 die toneel van onafhanklike optrede deur die Wesleyaanse evangeliste wat gespreek het van innoverende benutting – of dan, uitbuiting – van sendeling Sonntag se invloed en fasiliteite. In die relatiewe veiligheid van die sendingstasieruimte, het Solomon Maloba onverhindert met sy kerkaktiwiteite voortgegaan. Heelparty van die Hananwa wat tydens hulle verblyf op die stasie begin het om hulle gasheer, Sonntag, se preke by te woon, het dan geleidelik eerder oorgegaan na Solomon se dienste.¹¹⁶ Was hierdie situasie, waarvoor Sonntag steen en been gekla het, ten spyte van, of juis toe te skryf aan, die streng toesig en vereistes waaraan die Berlynse sendeling 'sy' gemeente onderwerp het?¹¹⁷ Dit kon waarskynlik gewees het dat Solomon Maloba, as 'n charismatiese swartman, veel beter as Sonntag met sy luisteraars geïdentifiseer het en verwagtinge gekoester het wat meer in harmonie met hulle leefwyse was. Indien dit die geval was, sou hy noodwendig meer aanklank by die Hananwa vind. Die ironie is dat Sonntag nie soseer vir Solomon vir die toedrag van sake blameer het nie, maar vir Thomas Wainman, die wit sendeling verantwoordelik vir die Blouberg-omgewing. Hier is dus nog 'n bewys van 'n swartman wat die gestereotipeerde verwagtinge aangaande hom,

unser Missionsgebiet von Blaueberg, 1894-10-04, pp. 14-21. Sien ook L.Kriel, A contest for converts? Missionary rivalry and the conquest of the Blue Mountains: The Boer-Hananwa War of 1894. Paper presented at the Nineteenth Congress of Historical Sciences, University of Oslo, 6-13 August 2000.

113. TAB: SS.4403, R.8527/94, pp. 88-145: SR.60/95: Commissaris Kalkbank meldt dat Zendeling Sonntag hem gevraagd heft wat te doen met ongeveer 500 kaffers van Malaboch, die van den berg afgekomen zijn en gewillig zijn zich te onderwerpen, 1895-03-05, pp. 100-108.
114. F.K. Ekechi, Studies on missions in Africa, in T. Falola (ed.), *African historiography. Essays in honour of Jacob Ade Ajayi*, pp. 145-146.
115. D.W. van der Merwe, Die Berlynse Sendinggenootskap en kerkstigting in Transvaal, 1904-1962, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 50 II, p. 12.
116. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 299 (1895-11-12).
117. C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 160-161 & 299; EA BMG: Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaueberg, 1894-1905: III, 5, 8, Bd.2: Das Eindringen der Wesleyaner in unser Missionsgebiet von Blaueberg, 1894-10-04, pp. 14-21.

in hierdie geval dat hy veronderstel was om onder die toesig van 'n wit sendeling te werk, as 'n skuiwergat gebruik het om sy eie inisiatief aan die dag te lê sonder om die blaam daarvoor hoef te dra.¹¹⁸

Sonntag was nie werklik in 'n posisie om die Hananwa se optrede te dikteer nie. Die geval was eerder dat hy met sy stasie steeds in 'n posisie was waar hy vir die Hananwa van nut kon wees. Soos dit vir die Christene gegeld het, het dit ook vir die Hananwa-aristokrasie onder Mmaseketa gegeld. Mmalebôhō se vyand, Kibi, was met Boeregoedkeuring daarop uit om die oorblywende Hananwa nie net uit die berge te verdryf nie, maar ook uit te wis. Die Hananwa wat op Sonntag se stasie geskuil het, was dus ook onder bedreiging. Soos sedert die aanvang van sy werk te Blouberg, was Sonntag vir die Hananwa van nut omdat hy 'n vriendelike en wetsgehoorsame verhouding met die hoogste Boeregesagsfigure gehandhaaf het. Piet Joubert en Sonntag was op baie goeie voet toe hulle begin Augustus 1894 van mekaar afskeid geneem het.¹¹⁹ Kibi sou dit nie sommer waag om 'n sendeling met so 'n reputasie se stasie aan te val nie. Wat die normaalweg oordrewe wetsgehoorsame Sonntag bereid was om te doen ten einde Kibi ook van die Hananwa wat steeds in die berge was, weg te hou, is spesiale vermelding werd. Dat die godsdienstige en diplomatieke aktiwiteite van die Hananwa-evangeliste Solomon en Petrus nie klinkklare kategorieë was nie, blyk ook uit die volgende uiteensetting. Sonntag se beoordeling van die Blouberg-situasie was, soos tydens die veldtog, steeds in 'n groot mate gesinchroniseer met die waarnemings en mededelings wat hy van die Christene ontvang het. Op 8 Augustus het Sonntag geskryf:

Kibi was preparing himself once more for war against the Bahananoa still hiding in the mountains.

.....

The Christians begged me to do everything in my power to restrain Kibi. They feared that if he now unleashed the dogs of war and murder, the remaining Bahananoa would, instead of coming down to the plain, remain in their beloved mountains and peace would never be.¹²⁰

118. Vir meer besonderhede rondom die wedywing tussendie Berlynse en Wesleyaanse denominasies, sien L. Kriel, A contest for converts? Missionary rivalry and the conquest of the Blue Mountains: The Boer-Hananwa War of 1894. Paper presented at the Nineteenth Congress of Historical Sciences, University of Oslo, 6-13 August 2000.

119. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 124 (1894-08-03).

120. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 128; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 254 (1894-08-10).

Sonntag het Kibi dan op 12 Augustus gaan besoek en hom streng vermaan om die Hananwa op vreedsame wyses te probeer oortuig om die gebergtes te verlaat:

I informed him succinctly that I would keep an eye on future developments.

With his mouth Kibi concurred, but I do not think with his heart. I felt, however, that my words had given him a wholesome fright.¹²¹

Soos in die geval met Mmalebôhō vantevore, is dit natuurlik onwaarskynlik dat Sonntag werklik in staat was om soveel mag oor Kibi uit te oefen as waarop hy met sy dagboekinskrywing aanspraak maak. Aan die ander kant, moet in gedagte gehou word dat Kibi 'n ander mentaliteit as Mmalebôhō gehad het: hy was 'n Boere-meeloper; hy het Boere-aansprake nie uitgedaag soos Mmalebôhō nie. Hoewel 'n mens nie die rol van Sonntag se verbeelding in die wyse waarop hy homself hier in beheer van die situasie voorstel, moet onderskat nie, kan 'n mens waarskynlik tog betekenis heg aan die wyse waarop Kibi teenoor Sonntag gereageer het onmiddellik nadat die sendeling by hom opgedaag het:

... Kibi ... received me friendly, but gave me the impression of a man who did not have a good conscience. He even requested to hold a church-service.¹²²

Dit is onwaarskynlik dat Sonntag hierdie ontvangs van Kibi versin het. My afleiding is dat Sonntag hier tog 'n sweempie respek, dalk eerder vrees, afgedwing het by 'n man wat, anders as Mmalebôhō, en veral net na die oorlog, in die gewoonte was om te maak soos wat witmense hom beveel het. Die feit dat Kibi daarna wel by kommissaris Vorster gaan kla het dat Sonntag hom 'n teenstrydige opdrag as die Boere gegee het deur hom te beveel om die Hananwa in die berge genadig te wees,¹²³ asook dat hy inderdaad nie 'n poging aangewend het om die Hananwa op die sendingstasie skade aan te doen nie, bewys dat Sonntag wel 'n impak op Kibi moes gemaak het. Die merkwaardigste is waarskynlik dat Sonntag in hierdie geval bereid was om sy reputasie by die Boere en daarmee saam sy posisie as sendeling op die spel te plaas ten einde 'n bloedbad af te weer. Toe Vorster Sonntag uiteindelik met Kibi se aantyging gekonfronteer het, het hy homself met meesterlike diplomاسie uit die kommissaris se kloue gepraat.¹²⁴ Dit was wel duidelik dat hy die selfvertroue gehad

121. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 133; C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 255-256 (1894-08-10).

122. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 133; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 255 (1894-08-10).

123. TAB: SS. 4403, R. 8527/94, pp. 88-145: SR. 1645/94, Commissaris Kalkbank zendt in rapport over zaken bij Blaumberg, 1894-11-06, pp. 128-132.

124. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 144-145; C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 264-265 (1894-10-30 tot 1894-11-21).

het om dit te doen, omdat hy daarvan vas oortuig was dat generaal Joubert hom nie van ongehoorsaamheid aan die ZAR-regering sou verdink nie.

Terwyl Rae se apatie in pas was met sy ideologiese posisie, maak Sonntag se volgehoue bemoeienis met die Hananwa en sy bereidheid ná die oorlog om berekende risiko's vir hulle saak te waag, dit selfs meer onverstaanbaar hoe hy homself so volkome van die posisie van Mmalebôhò kon distansieer. Deur 'n mens weer eens te wend tot Sonntag se ervaring van die Blouberg-ruimte, kan die volgende moontlikheid voorgestel word:

Christoph Sonntag was in die eerste plek 'n sendeling en daarna die waarnemer van 'n koloniale konflik. Terwyl Sonntag onder die Hananwa gewoon het, was sy hoofmerk om hulle tot die Christendom te bekeer en toe te sien dat sy bekeerlinge sy persepsie van 'n Christelike leefwyse handhaaf. Asof hy in 'n mikroskoop ingestaar het, het hy die Blouberg-landskap van só digby waargeneem, dat dit as't ware sy hele leefwêreld geword het. In al sy bewegings, in al sy optrede, in al sy pogings om verhoudinge op te bou met figure wat aan daardie wêreld verbonde was, het hy één visie gehad: om 'n werkbare sendingomgewing daar te stel. In hierdie wêreld wat hy op die bladsye van sy dagboek gekonstrueer het, het hy verantwoordelikheid aanvaar vir die mense wat daartoe bygedra het om sy sendingomgewing in stand te hou. So lank as wat hierdie mense, hierdie rolspelers, deel van die sendinglandskap was, sou hy bereid wees om so ver as wat hy moontlik kon, binne die grense van ZAR-wetgewing te strek ten einde hulle by te staan of hulle situasie te bevorder. Dit was asof hy egter sódanig opgeneem is in sy eie naby-blik van Blouberg dat dit nie by hom opgekom het om sy fokus te verskuif om die spore van mense wat sy dagboekwêreld verlaat het, te volg nie. Dit was asof, sodra 'n figuur, soos Mmalebôhò, uit Sonntag se sendinglandskap verwyder is, sodra so 'n figuur irrelevant geword het; hy letterlik van die 'toneel' verdwyn het.

Rae en Sonntag se belewing en benutting van tyd tydens en na die 'Malabochveldtog'

Soos met hulle ervaring van ruimte, is ook Rae en Sonntag se aanwending van en verwysings na tyd 'n aanduiding van die onderskeie waarnemers se houdings teenoor die teenoorstaande partye in die Boer-Hananwa-konflik.

Colin Rae het biskop Bousfield se opdrag om die Engelsprekende deelnemers aan die Malaboehveldtog te vergesel en geestelik te bedien, met byna oorgretige haas aanvaar:

I lost no time in acceding to his request having but little doubt as to its purpose.

...

I immediately consented promising to be ready in half a day's notice.¹²⁵

Dit was natuurlik heeltemal te verstane wanneer die omstandighede waaronder Rae homself in Mei 1894 in Pretoria bevind het, in ag geneem word.¹²⁶ Ná die snelle aanloop het die tempo waarteen die veldtog vir Rae sou verloop, aansienlik vertraag. 'n Mens lei uit sy verwysings af dat sy ervaring van die veldtog in die algemeen besonder rustig was. Hier volg 'n paar voorbeelde:

Só beskryf Rae die aandete wat hy en sy vriende van die Pretoria-kommando op 16 Junie in Fort Holzer, wat oos van Blouberg opgerig is, geniet het:

Everything was perfectly calm, not one of the enemy being visible. We made our supper of coffee and army rations, and last, but not least, the cake which Mrs Burnham had so thoughtfully packed amongst the other nice things ...¹²⁷

Hoewel Rae die volgende oggend sê dat hulle "anxiously awaited our relief", het hulle genoeg tyd gehad om die omgewing te "explore", te bewonder, van Hananwa-eiendom te beroof en om ontbyt te eet voordat hulle teruggekeer het na die Pretoria-kamp aan die voet van die berg. Daar aangekom, duur die rustigheid voort: "We found everything very quiet; most of the men were busily engaged in erecting tents of extraordinary shapes ..."¹²⁸ Daarná was die rustigheid steeds nie verbly nie: "On Monday [18 Junie 1894], as nothing definite had been settled regarding action, most of the men went out fishing."¹²⁹ Twee dae later skryf hy soos volg:

After the attack on the mountain, and the excitement consequent thereon had subsided, the camp was quiet; and to relieve the monotony of our life Fred Neel suggested the publication of a cyclostyled newspaper

...¹³⁰

125. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 19.

126. Sien hoofstuk drie vir meer besonderhede.

127. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 65 (1894-06-16)

128. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 67 (1894-06-17).

129. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 67 (1894-06-18).

130. C. Rae, *Malaboeh ...*, p. 78 (ca. 1894-06-20).

Vir die beskrywing van die gebeure op 5 Julie het Rae die volgende opmerking van Vere Stent uit *The Press* oorgeneem: “Camp-life now became very monotonous ...”¹³¹

Die sloerende kampele soos hier deur Rae beskryf, is saam met ander manskappe ervaar en gee dus ‘n goeie aanduiding van hoe rustig, of vervelend, die meeste wit deelnemers so ‘n veldtog moes ondervind. Dit is nie buitengewoon vir sulke omstandighede nie. Herinneringskrifte uit die Anglo-Boereoorlog bevestig immers hierdie verskynsel.¹³² Die volgende aanhalings dui aan dat Rae se ervaring van kampele selfs rustiger as dié van die deursnee-rustige Burger moes gewees het:

Mr. Fred Neel, who had been on the mountain for some days, returned into camp this morning; he left Dr. Mader still at the scene of operations. Neel immediately set to work to visit patients and dress their wounds.¹³³

Die vraag ontstaan waarmee Rae dan sy tyd verwyd het terwyl Neel weg was. Die volgende voorbeeld verwys na die tweede week in Julie 1894:

Some of our men had come down the mountain for a few days.

.....
Whilst we were idling in the camp, our comrades on the mountains were busy enough.¹³⁴

Die implikasie is dat Rae reeds voordat “some of our men” by hom kom aansluit het, sy dae ledig in die kamp moes deurgebring het.

Teenoor Rae se talle onverantwoorde dae, gee Sonntag met sy tydsaanduidings eerder die indruk dat hy voortdurend gejaagd was, asof hy gedurig in ‘n wedloop teen die horlosie was; asof sake lelik kon skeefloop tensy dit teen ‘n sekere tyd afgehandel kon word. Talle voorbeelde hiervan kon opgespoor word. Die tydsaanduidings word telkens gekursiveer:

Without delay I galloped off to Vorster’s camp. [om te gaan voorspraak doen vir ‘n gemeenskap wat besluit het om belasting aan die Boere te betaal, maar toe ontnugter is deur Vorster se streng vredesvoorwaardes.]¹³⁵

-
131. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 124; *The Press*, 1894-07-11 (1894-07-05).
132. Sien F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 126-127.
133. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 95 (1894-06-28).
134. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 124 (ca. 1894-07-11).
135. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 41 (1894-05-23).

Almost daily I encouraged the men of the congregation to go to their lands and cut their corn, otherwise it would dry up or be destroyed and there would be no food.¹³⁶

Very early I sent a messenger to Commandant Vorster for the loan of a horse as I wished to speak to him and the General about Khobe and other matters. The messenger was back *in good time* with the horse and I trotted off to the camp.¹³⁷

[Op pad na Mmalebôhō op die laaste dag van ‘n skietstilstand:] Because I did not want to waste any time, I walked *fast*.

....

I *hurried* home and arrived there at two o’clock. *Soon* Grobler and Potgieter came, and I reported to them.¹³⁸

As the two men [Christene Petrus en Solomon] had *still* not returned [van ‘n besoek aan Mmalebôhō in sy hoofstad] and I had heard nothing at all about them, I became uneasy.¹³⁹

To visit him [i.e. Piet Joubert, ten einde toestemming te vra om Mmalebôhō te besoek en weer eens te probeer oorhaal tot oorgawe] there [die fort van die Pretoria-burgers] would have meant too much loss of time, because one cannot reach the royal kraal from there. It would entail my coming back and ascending the mountain from the south to get to Maleboch’s kraal. All this could not be done *in one day*, and time was precious. [... omdat die Boere op die punt was om die Hananwa-vesting met dinamiet te probeer opblaas].¹⁴⁰

Die kere dat Colin Rae wel haastig was, was dit gewoonlik nie toe te skryf aan omstandighede buite sy beheer nie. Sy haas was gewoonlik te wyte aan sy eie swak beplanning, gewoonlik nadat hy te veel tyd aan ontspanningsaktiwiteite bestee het: Wanneer hy byvoorbeeld tydens die heenreis na Blouberg skryf dat hy en sy vriende “hurried back to camp, reaching there just before dark”,¹⁴¹ was dit omdat hulle besoek aan die Berlynse sendeling Georg Parisius op sy stasie te Matlala só aangenaam was dat hulle nie betyds daar kon wegkom nie. Die ander geval was tydens Rae se terugreis na Pretoria, toe hy saam met luitenant Schroeder eers vir die naweek by die Warmbaths Hotel oorgebly het, die Maandagoggend in die geselskap van twee dames croquet gespeel het en almal die middag op ene Potgieter se plaas onthaal is:

Mr Kaiser (die hotelbestuurder) gave us a most pressing invitation to stay the night as his guests; but this we could not do, as it would take us all our

136. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 44 (1894-05-29).

137. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 55 (1894-06-12).

138. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 71-72 (1894-06-19).

139. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 85 (1894-07-04).

140. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 91-92 (1894-07-05).

141. C. Sonntag, *Malaboch* ..., p. 48.

time to catch up with the train of wagons before they reached the Thorns.¹⁴²

Tydens die veldtog het Rae wel sy frustrasie met die trae verloop van tyd te kenne gegee. Hy en sy makkers se stiptelikheid is dikwels beantwoord met vertragings van die kant van hulle bevelvoerders of die res van die burgers. Op pad na Blouberg het hy byvoorbeeld geskryf dat hulle “retired early as we had to resume the march betimes the next morning.”¹⁴³ Die kommando het toe eers 12:15 die volgende middag vertrek. Met die terugtog was dit ook vir Rae-hulle heeltemal onnodig om Mr. Kaiser by die Warmbaths Hotel se uitnodiging van die hand te gewys het. Hy en sy vriende het die kommando-waens verbygesteek en lank voor die “Reception Committee” uit Pretoria by Wonderboom opgedaag. “We filled up the time with rifle practice and football.”¹⁴⁴ Dat *The Press* van 18 Augustus spesifiek daarvan melding maak dat die kommando se optog deur Pretoria “a little ahead of the appointed time” begin het en dat dit “strange for South Africa” was, onthul die kulturele gaping tussen Boere- en Europese tydsbeleving.¹⁴⁵

Die hoofbron van frustrasie vir die meeste buitelandse deelnemers aan die veldtog¹⁴⁶ was natuurlik die feit dat die veldtog insigsself te lank gesloer het. Dit het volgens hulle opinie hopeloos te lank geduur voordat daarin geslaag kon word om Mmalebôhō uit sy vesting te dryf. Nog te Blouberg, in Julie, het Rae ook sy stem by hierdie kommentators gevoeg:

There had been too much dilly-dallying. The General, although a capable commander, owing to his thorough knowledge of the Kafir character and their war tactics, was, in my opinion, too much of a *dilettante*; for had a bold attack been made when first arrived, matters would have been brought to an issue long ago, and without much loss of life.¹⁴⁷

Sonntag het soortgelyke kommentaar in sy dagboek aangeteken waar hy verslag gedoen het van ‘n gesprek wat hy met die einste generaal gehad het:

The General considered his task far more difficult than that of a military general. I agreed wholeheartedly. Add to this that the General had to deal not only with his own people, the Boers, but also with foreigners who

142. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 196 (1894-08-13).

143. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 51.

144. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 198 (1894-08-15).

145. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 200 (1894-08-15).

146. Dit sluit natuurlik die vyf gekommandeerdes wat geheel en al teen die ‘Uitlander’-deelname aan die veldtog gekant was en teen wil en dank as gevangenes saamgesleep is, uit. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 5; G.G. Munnik, *Kronieke van Noordelike Transvaal: die herinneringe van senator* ..., pp. 96-97.

147. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 159 (ca. 1894-07-28).

made up a fair proportion of the commandoes. These were, to a greater or lesser degree, forced into service. They wanted to return home as quickly as possible and were dissatisfied with the deadly-slow tactics of the Boers. They wanted to advance quickly in order to put an end to the Maleboch business as soon as possible. Such haste was not part of the nature of the Boers. They were quite willing to spend a great deal of time devising plans to take this mountain or that valley without the loss of a single life, yes, even without having anybody wounded.¹⁴⁸

Ter verdediging van genl. Piet Joubert moet bygevoeg word dat daar ook in *The Press* opgemerk is dat 'n Europese offisier dit nie langer as 'n week sou uithou om bevelvoerder van die Boere te wees nie.¹⁴⁹ Die ironie is dat die Boere, wat deur die Europeërs as tydsaam gekritiseer is, veel te sê gehad het oor die tydsaamheid van swartmense. Dit is verder ironies dat 'n vinniger, meer besliste militêre benadering volgens Rae lewensverlies sou minimaliseer, terwyl dit juis met dié doel voor oë was dat die Boere so stadig vorentoe wou beweeg.

Sonntag het self ook by tye gevoel dat die veldtog vinniger tot 'n einde gebring moes word. Sy frustrasie met die trae verloop van die veldtog was primêr kommer oor die toestand van die Hananwa: Onder sy versugtinge wat wel vertaal is, was die volgende:

May all danger and distress soon be over!¹⁵⁰

We had expected nothing else but that the Whites would resume the fight quickly and advance forcefully towards the royal kraal. The more determined and faster this advance, the sooner the war would be over. But there was no sign of action.

Day and night I was troubled by the thought: How are the poor Bahananoa faring who were wounded yesterday, and, lying among the cold rocks without succour and medical attention, could so easily now be suffering from hunger and thirst and pain?¹⁵¹

Waar daar by Sonntag 'n dringendheid was dat die Hananwa se lyding – weliswaar ook sy eie beproewing – tot 'n einde gebring moes word, kom Rae se frustrasie hoofsaaklik oor as verveling. Anders as vir die deursnee nie-Boeredeelner, was daar geen dringende sake wat in Pretoria op Rae gewag het nie.

148. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 101 (1894-07-18).

149. *The Press*, 1894-07-28.

150. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 62 (1894-06-14).

151. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 62 (1894-06-15).

Met sy terugkoms in Pretoria het hy geskryf:

I remained the guest of the Bishop and Mrs Bousfield until the 22nd of August, Mrs Bousfield, with great consideration, allowing me to make my own arrangements for spending my time.¹⁵²

Dit was nie soseer die gebrek aan verpligtinge wat Rae tydens die veldtog te Blouberg frustreer het nie. Met dié dat die veldtog so lank gesloer het, het dit net al hoe moeiliker geraak om interessante tydverdryf te vind. ‘n Mens kry die indruk dat Rae dikwels ledig moes gewees het en dan maar gedoen het wat sy hand kon vind om te doen: daar is reeds verwys na die enkele kere wat hy die Pretoria-kommando vergesel het wanneer hulle die berg opgegaan het om teen die Hananwa te gaan veg, byvoorbeeld die nag wat hy in Fort Holzer deurgebring het.¹⁵³ Verder, in sy eie woorde: “I often accompanied the doctors on their rounds, and assisted in dressing the wounds of those maimed in the attacks on the mountain ...”¹⁵⁴ – hoewel hyself nooit ‘n aanduiding gee dat hy op eie inisiatief siekebesoeke onderneem het nie. Daar is reeds verwys na die keer toe Fred Neel vir dae op die berg was en Rae self in dié tyd skynbaar niks gedoen het nie, maar Neel eers op sy rondtes vergesel het toe dié terugkeer het na die kamp. Uit die aard van die hoedanigheid waarin hy die veldtog meegemaak het, het Rae gereeld kerkdienste gehou: “I held regular services every Sunday morning and evening, generally under the spacious tent of the medical officer.”¹⁵⁵ By een geleentheid het hy die tema van sy preek genoem: “death.”¹⁵⁶ Dit was ‘n gewilde Victoriaanse onderwerp. Die woorde van die lied wat Rae vir hierdie preek gekies het, kan gelees word as ironiese kommentaar op die eentonigheid en traagheid waarmee die veldtog in daardie stadium vir die Pretorianers verloop het: “Days and moments quickly flying ...” Die predikant wou waarskynlik eerder sy gehoor se aandag vestig op die tweede frase: “When our heads are bowed with woe.”¹⁵⁷ Rae het juis ook gehelp met die voorbereidings vir en die lei van ‘n enkele begrafnisdiens.¹⁵⁸ Dit dan die somtotaal van sy verpligtinge tydens die veldtog.

Uit die vertaalde dagboek mag die leser die indruk kry dat Sonntag minder aktiwiteite wat hom kon besighou, opgenoem het as Rae. Dit is dus belangrik dat die aard van die aktiwiteite wat opgeteken is, in gedagte gehou moet word. In die vorige pragraaf is Rae se aktiwiteite reeds gesnoei tot wat as verpligtinge beskou sou kon word. In ‘n

152. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 206.

153. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 65 (16 Junie 1894-06-16). Sien ook p. 114-115 (1894-07-07).

154. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 87 (middel-Junie 1894).

155. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 95 (1894-06-28).

156. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 122 (1894-07-08).

157. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 122 (1894-07-08).

158. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 138 (1894-07-13).

volgende paragraaf sal die talle minder-dringende aktiwiteite waarmee hy sy dae gevul het, ondersoek word. Wat Sonntag betref, moet daar in gedagte gehou word dat die vertaler van sy dagboek gefokus het op Sonntag se aandeel as bemiddelaar in die konflik tussen die Boere en die Hananwa en voorkeur gegee het aan die vertaling van dáárdie episodes. Bo en behalwe Sonntag se rondbeweeg tussen die Boerekampe en die Hananwa-leiers, het hy ook die basiese funksies wat in die vorige paragraaf by Rae onderskei is, vervul: hy het, soos Rae erediensste gehou¹⁵⁹ en siekes versorg¹⁶⁰ – al die besonderhede waarvan nie in die vertaling opgeneem is nie. Daarbenewens het Sonntag steeds, soos voor die oorlog, die sendingstasie bestuur en probleme rondom sy gemeentelede hanteer.¹⁶¹ Bykomend, was daar tydens die veldtog ‘n daaglikse toeloop van Boerebesoekers aan sy huis.¹⁶² Ter wille van die handhawing van sy betrekkinge met die Boerebevelvoerders, moes hierdie besoekers beleefd ontvang word. Die veiligheid van die Hananwa-Christene op die sendingstasie sowel as Sonntag en dié Christene se vermoë om met Mmalebôhō kontak te behou, het daarvan afgehang. Sonntag moes hierdie gasheerrol boonop vanaf 28 Junie sonder die hulp van sy vrou, wat toe saam met hulle kinders na Moletsi vertrek het, hanteer.¹⁶³

Benewens al hierdie aktiwiteite, was Sonntag ook die bemiddelaar wat die vertaler van hom gemaak het. Daardie dae waarop Sonntag as boodskapper tussen die Hananwa- en Boereleiers beweeg het, was hy gewoonlik van sonop tot sononder op sy voete: “I arrived home very late and very tired.”¹⁶⁴ (... na ‘n besoek aan Mmalebôhō om ‘n boodskap van Piet Joubert aan hom te gaan meedeel.) Dieselfde gebeur weer ‘n paar dae daarna, op 10 Junie, wanneer Sonntag die Boereleiers namens hoofman Khobe gaan spreek: “Before sunrise I was roused by knocking at the door. It was a mission from Chief Khobe.”¹⁶⁵ “I was exhausted when I arrived at home long after sunset.”¹⁶⁶ In die oorspronklike dagboek neem die leser kennis dat hy by die huis deur ‘n siek vrou en kind begroet is.

Sonntag se daaglikse skedule was so vol dat hy stil dae as ‘n welkome afwisseling en geleentheid om weer tot verhaal te kom, verwelkom het. Op 21 Junie skryf hy:

-
159. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 59 & 67 (1894-06-14 & 1894-06-16); C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 226 (1894-07-01).
160. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 73, 77 & 80 (20, 21 & 29 Junie 1894). Wat byvoorbeeld nie in die Engelse vertaling opgeneem is nie, is dat Sonntag homopatiëse middels aan Veldkornet Botha, wie se seuns altwee gewond is, voorsien het. Sien C. Sonntag, *Notizen*, pp. 224 & 226 (1894-06-28 & 1894-06-30).
161. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 44 (1894-05-30).
162. Sien, onder andere, C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 60-62, 66, 68, 76, 80 (14, 15, 16, 17, 20 & 29 Junie 1894); pp. 82, 95, 96, 98 & 100 (1, 7, 10, 12 & 16 Julie 1894).
163. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 80 (1894-06-28).
164. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 50 (1894-06-06).
165. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 53; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 207 (1894-06-10).
166. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 55; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 208 (1894-06-10).

“After yesterday’s uproar it was pleasantly quiet today. Hardly a shot fell and there was only a few visitors.”¹⁶⁷ Lang en uitputtende dae vir die sendeling-onderhandelaar sou wel daarna weer, tot en met die einde van die veldtog, opduik. Op 28 Julie, toe Mmalebôhò te kenne gegee het dat hy wou oorgee, maar dat hy eers die sendeling wou sien, skryf Sonntag: “I was awakened before sunrise by a man from the Rustenburg Commando.”¹⁶⁸ Nadat hy die uitputtende dag se belewenisse op papier vasgelê het, sluit hy af: “Dead tired I arrived home at sunset.”¹⁶⁹

Waar ‘n mens sou kon verwag dat Rae, wat soveel meer tyd as Sonntag op hande gehad het, noukeuriger waarnemings oor die verloop van die veldtog sou kon maak, het die teenoorgestelde gebeur: Sonntag se vol skedule het hom genoop om nog een aktiwiteit daaraan toe te voeg: die noukeurige optekening van dit wat sy dae gevul het. Dit was asof hy soveel inligting uit soveel uiteenlopende oorde ontvang het dat hy dit moes neerskryf om daaruit sin te kon maak. Die swaar vraag inligting kon asof deur die skryfaksie ‘afgelaai’ word en so verligting in sy gemoed bring.¹⁷⁰ Daar moes waarskynlik só ‘n persoonlike rede agter Sonntag se laat-aand skryfywer, na menige vermoeiende dag, gewees het. Weliswaar nie sy sendingowerhede vir wie hy veronderstel was om te skryf – selfs nie eens vertaler Konrad Sonntag wat ‘n nuwe lig op die oorlog wou werp – was geïnteresseerd in al die besonderhede wat hy kwytgeraak het nie. Elke stukkie besonderheid was natuurlik van die grootste belang vir die leser wat homself Sonntag se ervaringswêreld honderd jaar later probeer voorstel.

Wat veral opval, is die verskeidenheid stemme wat Sonntag aan die woord gestel het. Die meeste van hierdie stemme is redelik verteenwoordigend uit die oorspronklike Duitse dagboek in die Engelse vertaling opgeneem: Die talle Boere-stemme is dikwels ook elders, in hulle eie dagboeke en in amptelike dokumente, hoorbaar gemaak. Sonntag se voorstelling van die rol van hierdie figure teenoor die wyse waarop hulle hulleself voorgestel het, is reeds verskeie kere in hierdie ondersoek aangeroer. Daar was byvoorbeeld Barend Vorster, wat ‘n vooraanstaande Boer was, maar vir wie Sonntag maar min respek gehad het. Rae self, wat in sy eie boek die geliefde, dapper Engelse predikant met die oorwoë mening is, het vir Sonntag na alles behalwe ‘n geestelike gelyk. Oor Sonntag se voorstelling van prominente Hananwa-leiers, soos Mmalebôhò, is in hierdie en talle ander ondersoeke ook reeds veel geskryf. Selfs Sonntag se beligting van Kibi, Mmalebôhò se aartsvyand, het in die Engelse

167. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 77; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 221 (1894-06-21).

168. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 109 (1894-07-28).

169. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 118 (1894-07-28).

170. P.A. Spalding, *Self-harvest. A study of diaries and the diarist*, pp. 44-45.

dagboekweergawe en in ondersoek soos dié van Makhura aansienlike prominensie geniet.

Wat betref die sogenaamde “friendly blacks”, maar veral die swart Christene wat op die oorlogstoneel teenwoordig was, is daar ‘n geneigdheid in die vertaalde teks om hierdie figure eendimensioneel, effens in die skadu, te hou. Dit is asof die Ndebele onnadenkend oor die stereotiperende kam van swart wreedheid geskeer is en asof Sonntag se Christenhelpers as net té vanselfsprekend beskikbaar en diensbaar voorgestel is. Die doel van die vertaling was immers om sendeling Sonntag as die bemiddelaar tussen die Boere en die Hananwa voor te stel; daar was nie werklik in die vertaler se narratief verteltyd oor om alle randfigure ook tot hulle reg te laat kom en as volronde karakters te laat ontwikkel nie.

Die talle kere dat sendeling Sonntag in die geselskap van ‘Petrus’ of ‘Solomon’, soms ‘Lazarus’ of ‘Philippus’, opgetree het, dui nietemin selfs vir die leser van die vertaalde teks aan dat hierdie figure ‘n aansienlike hoeveelheid tyd saam met die sendeling deurgebring het. Die interaksie tussen die sendeling en ‘sy’ Christene is, in die lig van die tyd wat die sendeling self daaraan gewy het, ‘n nadere ondersoek werd. Veel van die ‘oorbodige’ inligting wat deur ‘n vertaler wat sterker op die sendeling self wou fokus, weggelaat is, kan in die oorspronklike dagboek nagegaan word. Hierdie inligting kan lei tot ‘n interpretasie waarvolgens talle van sendeling Sonntag se sogenaamde inisiatiewe eerder as gesamentlike inisiatiewe beskryf sou kon word. Voorts ondersteun die oorspronklike dagboek ook wat reeds uit die lees van die Engelse dagboek vermoed kon word, dat dit hoofsaaklik die informasie was wat sendeling Sonntag van sy Christen-helpers ontvang het, wat hom vir die groter Hananwa-gemeenskap relevant gehou het. Dit was ook veral die getuienis wat Sonntag van hierdie swart Christene opgeteken het, wat sy dagboek as historiese dokument onderskei van die meeste ander herinneringskrifte en verslae waarin die heersende laat-negentiende-eeuse wit beskouings oor rasseverhoudings en die superioriteit van die koloniseerder, bloot geëggo word. Die groot hoeveelheid inligting wat Sonntag se dagboek oor die Hananwa-Christene op sy stasie verskaf, is ‘n aanduiding van hoeveel tyd hy saam met hulle deurgebring het. Dit is, meer nog, ‘n leidraad dat hierdie mense se aandeel in die volgende sake veel groter was as wat die sendeling, as die hooffiguur in sy eie dagboek, pertinent sou uitspel: bemiddeling tussen die Boere en die Hananwa; die volgehoue kommunikasie met Mmalebôhò tot en met sy wegvoering na Pretoria; die onderhandelings tussen die Hananwa-regentes Mmaseketa en haar sendeling-‘gasheer’ na die oorlog.

Ook wat hierdie aspek betref, is daar 'n skerp kontras tussen Rae en Sonntag se weergawes van die Boer-Hananwa-konflik. Rae het nie insiggewende gesprekke met informante (of noemenswaardige belewenisse van die oorlog) gehad wat hy in groot besonderhede kon opteken nie. Daarvoor moes hy telkens *The Press* geraadpleeg. Naas sy natuurtonele en ideologiese uitsprake (soos in hoofstuk 5 bespreek), was die aspekte wat Rae in die fynste besonderhede opgeteken het, die onbenullighede wat sy ledige ure gevul het:

An amusing incident happened while we were breakfasting [the] next morning; a tiny dog with a big head, which had been found in one of the kraals, and named Malaboch, got his head inside a small kettle, and could not get it out again. He was howling most piteously; I tried my best to extricate him, but failed. Sergeant Vlotman also tried, with the same result. At last, I held the kettle, while Vlotman pulled the dog; we were some minutes pulling and tugging, but at last succeeded in pulling him free. I quite expected the animal to leave his head in the kettle, but he did not. He was soon running about again, just as though nothing had happened. "Malaboch in a kettle" became a camp by-word after that.¹⁷¹

Some of our men had come down from the mountain for a few days. In order to relieve the monotony, Corporal George Waldeck, who had accidentally hurt his hand, and was therefore incapacitated from duty, asked if there were any in the camp who could run, saying that if there were, he would give any of them ten yards out of a hundred and run away from them easily. The winner was to receive ten shillings, the loser paying it. Mauritz Preller accepted the challenge, and Lieutenant Rice was the starter. The runners toed the line, and "Go" was given, and off Mauritz bounded like a deer. Waldeck turned, and ran away from him in an opposite direction. Hence, Mauritz lost his bet, but payment was not insisted on.¹⁷²

Bogenoemde twee vertellings verwys albei na insidente tydens die veldtog, te Blouberg. Rae het die konserte wat hy onderweg na Blouberg en op pad terug na Pretoria help reël het, ewe breedvoerig beskryf. Selfs die woorde van die Malaboch War Song¹⁷³ en die program van die konsert by die Warm Baths Hotel is in sy boek ingesluit.¹⁷⁴ Rae was meer as in staat tot deeglike beskrywing, maar die aard van hierdie beskrywings is 'n duidelike aanduiding waar sy belangstelling tydens die veldtog nié gelê het nie – by die veldtog self. Die karige inhoud van Rae se

171. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 107 (1894-07-02).

172. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 124-125 (ca. 1894-07-11).

173. C. Rae, *Malaboch ...*, pp. 37-43.

174. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 194. Rae het die program uit *The Press* afgeskryf. Sy ingesteldheid op besonderhede soos hierdie was dus geen ideosinkratiese gier nie, maar 'n weerspieëling van die mentaliteit van Pretoria se wit "society".

persoonlike waarnemings tydens die veldtog self, steek sleg af teen die uitvoerige detail waarmee hy die heen- en terugreis na Blouberg beskryf het. Enkele voorbeelde:

Tydens die heenreis:

At daybreak we were off again, and trekked till 5:30 A.M. As soon as we had outspanned, the Colonel's two dogs barked and scampered off in pursuit of a poor little rabbit, which had ventured into the camp; but it got away, and the dogs were soon back, and I came to the conclusion that they were as good at hunting as myself, and that was not saying much.¹⁷⁵ [Selfspot; 'n uitvoerige poging om verskoning te maak vir sy swak jagtersvaardighede; of mooiskrywery om die boek dikker te maak ..?]

... during their idle time the men amused themselves by "throwing the oxhide", a most foolish and dangerous pastime, practised by the Boers. [Daarop volg 'n goeie beskrywing van wat die speletjie behels:] An oxhide is procured and held by about twelve men; an unfortunate bystander is placed in the middle of the hide, and at a given signal jerked up in the air by the twelve, who catch him in his descent; some were thrown up a tremendous height and fell all of a heap, and it is a marvel to me no bones were broken. Durbin Brice, who was thrown much against his will, ricked his neck, and felt the effect for some days. This idiotic practice seemed to gratify the childish minds of our Boer friends, until the Commandant forbade it under penalty of a heavy fine.¹⁷⁶ [Vir Rae was die eintlike toneelspelers in sy verhaal die twee 'wit rasse' in Transvaal; die verowering van 'n swart gemeenskap was 'n vanselfsprekendheid. Die eintlike kwessie was hoe Boere en Britte mekaar moes akkommodeer. Vergelyk Rae se beesvel-insident, 'n konfrontasie tussen Boer en Brit, met Sonntag se beskrywing daarvan as 'n konfrontasie tussen Boer en Hananwa.]

The evening was cold, and we gathered round the wagon of Dr. Tobias and held an *al fresco* concert. The doctor sang for the first time the "Malaboch War Song" of his own composition, all joining in the chorus vigorously, betokening that their sorrow of the morning was but skin-deep. By 9 P.M. all lights were out, and silence reigned in camp; this was as it should be, considering the enemy's close proximity.¹⁷⁷

Die opteken van hierdie 'onbenullighede' is natuurlik van onskatbare waarde indien 'n mens 'n voorstelling sou wou konstrueer van die gedrag van 'n groep mans in 'n laat-negentiende-eeuse militêre kamp onderweg na 'n koloniale veldtog. Meer leidrade volg uit Rae se verhaal van die terugtog na Pretoria:

175. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 28.

176. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 34.

177. C. Rae, *Malaboch ...*, p. 35.

About a hundred wagons passed us here [iewers suid van Pietpotgietersrus] and nearly four hundred men, who were on their way to the low country, and were to relieve the Rustenburgers. Lovell Taylor offered a bandolier to one of the Boers for seven shillings and sixpence. He took it away to his wagon and straightway disappeared in the dust raised by the train of wagons – there was nothing more seen of the Boer or the bandolier, which belonged, not to Lovell Taylor (he was commissioned only to sell it), but to Gerard, and was his own private property and not part of Government equipment.¹⁷⁸ [Dit is opmerklik dat Rae soveel gewag van hierdie diefstal maak, terwyl hy met hulle heenreis na Blouberg geen probleem gehad het met die konfiskering van swartmense se osse om hulle wa te trek nie.]

The next morning (Sunday, August 12th), through the kindness of Mr. Kaiser, I held a religious service in the drawing-room of the hotel. Mr. Kaiser was good enough to accompany the hymns on his piano. It had been arranged that the whole of the contingent should dine at the hotel, but owing to one of our men attacking and half killing the coolie cook, this idea had to be abandoned, much to the disgust of all, as our provisions were very scarce.¹⁷⁹ [Vir Rae volg godsdiensoefening en aanranding mekaar onproblematies op. Die verontwaardiging met die aanval op die kok is nie oor die man se pyn en vernedering nie, (synde dat hy 'n "coolie" was het hy dit tien teen een verdien – dát hy 'n "coolie" was, was vir Rae verklaring genoeg vir die aanval), maar die afdeling se verlies aan 'n middagmaal.]

In sy oorblufte genieting van sy vreemde reis en buitelugavontuur en in sy onvermoë om die 'sake van sy dag' meer deurgrondelik weer te gee, het Rae die onnoemenswaardige aktiwiteite van gewone witmense noemenswaardig gemaak. Daardeur kry die veronderstelde formidabele kommandogangers uit Pretoria - die sentrum van Boerekolonisering – 'n feilbaarder aangesig. Die Pretoria-kommando was nie deurgaans 'n toonbeeld van hardwerkendheid en daadkrag nie. Die Engelssprekendes en die Boere het nie altyd dieselfde sienswyses gehad nie en in albei hierdie faksies het diefstal sowel as aggresiewe optrede teenoor swartmense voorgekom. Sonder dat dit Rae se bedoeling was, het hy te kenne gegee dat die witmense aandadig was aan die einste negatiewe eienskappe wat hulle aan swartmense toegedig het en waarmee hulle hulle veldtog teen Mmalebôhō geregverdig het. Een van die verstommendste voorbeelde hiervan kom uit Rae se eie optrede. Hierdie voorbeeld onthul boonop ook daardie één aktiwiteit waaraan Rae se onvermoë om in besonderhede oor veel meer as onbenullighede verslag te doen, verál te wyte was, maar wat hy glad nie sou waag om teenoor sy gerespekteerde lesers te

178. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 193.

179. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 195.

erken nie: Met die kommando se terugkeer na Pretoria, het Rae en sy vriende op Vrydag 3 Augustus digby Tubaan's Loop by die swartmense van die omgewing¹⁸⁰ besoek afgelê:

We visited the various kraals, where there was a great beer drink on. Numbers of young girls were marching round the huts singing. The married and elder women were more or less drunk, and, for our amusement, engaged in hand-to-hand conflicts, with dried amabele stalks for weapons, slashing each other savagely over the bare shoulders, and raising huge weals. [Die swartvrou in haar 'savage' staat is dus vir hierdie witmans 'n bron van "amusement".]

I asked to see the Chief, and was directed to his hut. On calling to him, he crawled out on his hands and knees; he, too, had been imbibing too freely, but had sense enough to understand that I was a Mfundisi, and was desirous of speaking to his people. [Waarom Rae, wat soveel geleenthede om sy beroep uit te leef in die voorafgaande maande by hom laat verbygaan het, en wat volgens sy eie belydenis glad nie gemaklik gevoel het met sendingwerk nie, die swartmense hier in hulle feesvieringe wou onderbreek, is onverklaarbaar.] He was somewhat grumpy at my request, but yielded, and gathered together about thirty, who sat down in a semicircle, he in their midst. As they had all been drinking very heavily, I spoke to them of the evils of intemperance. This was too much for the Chief, who evidently felt very uncomfortable. [Hoe ongemaklik moes Colin Rae nie gevoel het toe hy hierdie woorde in 1898, nadat hy deur die Kerk oor sy eie drinkery tereggewys is, vir sy boek hersien het nie.] He got up and went away, excusing himself by saying that he was very old, and could not sit in that position for long at a time. Messrs. Eddie Cooper and Fred McArthur acted as interpreter.¹⁸¹

In 1894, toe Rae hierdie preek oor die "evils of intemperance" gelewer het, was hyself in die gewoonte om hom daaraan oor te gee. Rondom 1898, teen die tyd dat hy dié herinnering vir publikasie in sy boek voorberei het, het hy aan sy biskop verklaar dat hy sy drinkgewoontes laat vaar het. Was Rae in 1894 besig om vir homself te preek? Het die oormoed van 'n 'pas-bekeerde' hom in 1898 oordadig uitgesproke gemaak oor sy afgelegde sonde? Wanneer die pligsversuim waartoe Rae se drinkgewoontes hom gebring het in ag geneem word,¹⁸² is dit moeilik om sy preek vir die swartmense by Tubaan's Loop anders as aanmatigende skynheiligheid en dubbele standaarde te sien. Hierdie aanklag van dubbele standaarde word versterk wanneer verder in ag geneem word dat Rae doelbewus enige aanduidings dat

180. Waarskynlik Koni-mense van Matlala. Uit Rae se vertelling kan afgelei word dat die gemeenskap vir wie hy gepreek het, drie uur per ossewa vanaf Matlala se hoofsetel gewoon het. Sien C. Rae, *Malaboch* ..., p. 190. Sien ook **BYLAE A**.

181. C. Rae, *Malaboch* ..., pp. 189-190.

182. *Historical and Literary Papers Library, Archives of the Church of the Province of South Africa (CPSA), University of the Witwatersrand*: AB. 383 BOUSFIELD, letter-book 12 January 1894 – 4 December 1896, pp. 350-351: H.B. Bousfield – C. Rae, 1895-01-28 & 1895-01-29; letter-book 1893-1898, p. 64, 1895-01-29.

witmense hulleself tydens die Malaboch-veldtog aan drank vergryp het, in sy boek verswyg het. In Rae se boek maak hy, deur wat hy verswyg, drankmisbruik eksklusief 'n 'swart' swakheid:

Die volgende was byvoorbeeld één uittreksel uit *The Press* wat Rae nié geskik vir sy boek gevind het nie. Dit verwys na die Pretoria-kommando se uittog uit Pretoria: Hy het sover gekom om aan te haal “Everyone [was] in the highest of spirits”, maar die res eerder weggelaat: “... and when at the hotel beyond Mr. Eloff’s house a halt was made for liquid refreshments, THE BOERS AND THE “UTLANDERS” MINGLED TOGETHER, the former showing no little pleasure in having the foreigners for their allies.”¹⁸³ ‘n Rukkie later het die “high spirits” ontaard in dronkverdriet: “One man ... told me that ... while encamped at Wonderboom Poort, he was nearly shot through the idiotic behaviour of a drunken substitute, who imagined that he was in charge of the camp.”¹⁸⁴ Sendeling Sonntag het ook tydens die veldtog te Blouberg ‘n aangeklamde soldaat opgemerk en bevestig dat, “many canteens had been erected all over the camp”.¹⁸⁵ Rae staan dus tussen die koerantverslaggewers en sendeling Sonntag uit as die enigste ooggetuie in wie se voorstelling geen witmense hulle aan drank te buite gegaan het nie. Dié totale afwesigheid van drank is hoogs onwaarskynlik, maar sodanige vóórstelling deur Rae, moontlik maar al te bewys van sy eie swakheid in dié verband, is wel heeltemal geloofwaardig.

Uit verskeie oorde – bo en behalwe sy eie bekentnisse ná die veldtog (sien weer hoofstuk drie)– is aanduidings gevind dat Rae se drinkgewoontes in ‘n aansienlike mate moes ingemeng het in sy funksionering tydens die oorlog:

Soos reeds genoem, het Rae veel gewag gemaak van sy hulp aan siekes en gewondes tydens die veldtog. Reeds voor die veldtog is hy genooi om lid te word van die Hospital Comforts Committee. Hy was baie trots op die “wagon-load of real comforts”¹⁸⁶ wat tot hulle beskikking gestel is. Volgens die verslaggewer van *The Press*, het hierdie hospitaalvoorraad-wa “also a few cases of champagne, whiskey, sherry, old port and brandy”¹⁸⁷ vervoer. Dit gee ‘n ander betekenis aan die vrome versekering wat Rae in sy boek gee, dat “the stores were faithfully distributed without stint or favour to any who really needed such.”¹⁸⁸ Nie almal het so gevoel nie. Daar is reeds verwys na die verdagte insident op 28 Junie, toe Fred Neel, nadat hy dae lank

183. *The Press*, 1894-05-24.

184. *The Press*, 1894-05-25.

185. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 109 (1894-07-27).

186. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 6.

187. *The Press*, 1894-05-25.

188. C. Rae, *Malaboch* ..., p. 6.

in die berge deurgebring het om die gewondes aan die gevegsfront te help, teruggekeer het na die Pretoriakamp. Hy het dit nodig gevind om onmiddellik na die gewondes in die kamp ook om te sien, terwyl Rae, wat geen verantwoording kon doen vir sy aktiwiteite in Neel se afwesigheid nie, skielik gereed was om Neel te vergesel:

We called at the tent of Veld-Cornet Botha, whose two sons, as I have already stated, were badly wounded. He was standing at the tent door, and as Neel attempted to enter, he stood in his way, refusing to let him see his sons or do anything for them, saying, "Why don't you come sooner and oftener?" He was very angry and abusive.¹⁸⁹

Was Botha se woede net teen Neel gemik? Waarom kon Rae nie maar solank in Neel se afwesigheid, as hy dan te min mediese kennis gehad het om werklik te verpleeg, bloot in sy hoedanigheid as geestelike, die gewondes besoek nie? Botha het dit soos volg aan sendeling Sonntag verduidelik: Dr. Mader se assistente het hulle meer oor die brandewynfles as oor die pasiënte bekommer.¹⁹⁰

Rae se drinkery het hom waarskynlik nie soseer belemmer in sy Sondagpreke, wat hy betreklik getrou in sy boek vermeld het, nie. Omdat hy beslis nie die enigste een was wat gedrink het nie, was sy gedrag in sekere kringe waarskynlik ook minder aanstootlik as in ander. Die tyd wat hy aan sy drinkery bestee het, moes wel inbreuk gemaak het op sy verantwoordelikheid teenoor siekes en gewondes. Dit het hom veral minder effektief gemaak as oorlogsverslaggewer, 'n hoedanigheid wat hy met die skryf van sy boek vir homsêlf opgeëis het. Ten einde sy eie drinkery te verdoesel, het Rae alle drankmisbruik deur witmense verswyg. Vir die tyd wat aan hierdie aktiwiteit bestee is, maar waaroor nie verslag gelewer kon word nie, het Rae 'vergoed' met gedetailleerde vertellings oor ander, dikwels onbenullige waarnemings (soos wat die aanhalings hierbo illustreer). Dat daar onder hierdie 'vuller'-vertellings verwysings na die oordadige drinkgewoontes van swartmense was, is maar net nog 'n bewys van die onnadenkendheid waarmee Rae negatiewe eienskappe op swartmense geprojekteer het en daarmee bygedra het om heersende stereotipes in die wit gemeenskap te versterk.

Ten slotte word gewys op die kontras tussen die aard van Rae en Sonntag se uitvoerige voorstellings. Die spesifieke voorstelling waarna verwys sal word, is Sonntag se gedetailleerde weergawe van sy laaste ontmoeting met Mmalebôhò

189. C. Rae, *Malaboeh* ..., p. 95 (1894-06-28).

190. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 224 (1894-06-28).

voordat hy oorgegee het, die marathon-dagboekinskrywing van 28 Julie 1894.¹⁹¹ Met hierdie uitvoerige uiteensetting verrai Sonntag dat hy bereid was om groot hoeveelhede tyd aan die Hananwa af te staan en dat hy dit ook gedoen het. In die proses het hy homself ook daaraan blootgestel om deur die Hananwa uitgebuit te word. Selfs terwyl hy die gebeure van die dag in herinnering geroep en in sy dagboek neergeskryf het, het dit nie tot hom deurdring dat die Hananwa hom daardie dag gebruik het om tyd te wen nie. Na die lange relaas oor die ontmoeting met Mmalebôhō, maak hy wel die opmerking dat “[m]y mission to Maleboch at least had the advantage that during the cease-fire four hundred old men, women and children had been given the opportunity to come down the mountain.”¹⁹². Soos te wagte kon gewees het in ‘n dagboek, waar die outeur sy eie hoofrol skeep soos wat die gebeure verloop, skryf Sonntag die ontsetting van die vroue en kinders toe aan sý eie optrede; sý inisiatief: dit was hý wat Mmalebôhō gaan spreek het. Dit dring nie heeltemal tot hom deur dat dit die Hananwa was wat hóm ontbied het en dat dit nie noodwendig Mmalebôhō se intensie was om die berg saam met die sendeling te verlaat nie – dat dit eenvoudig ‘n voorwendsel kon gewees het om die sendeling te siene te kry en daardeur ‘n skietstilstand van die Boere af te dwing.

Vanweë sy geduld met Hananwa-tradisies en die respek wat hy die voorafgaande twee jaar vir Mmalebôhō opgebou het, het Sonntag nie die langdradigheid en tydsamheid van sy onderhandelinge met Mmalebôhō bevraagteken nie. Vas onder die indruk dat hy op ‘n missie was om Mmalebôhō so vinnig as moontlik te laat oorgee, het Sonntag steeds al die volgende verdragings gelate aanvaar: Wanneer Mmalebôhō vir Sonntag laat wag het voor hy hom te woord gestaan het, wek dit by die sendeling geen agterdog nie;¹⁹³ dit was immers die manier waarop Mmalebôhō hom normaalweg behandel het.¹⁹⁴ Sonntag vergeet egter dat wanneer sake werklik spoedeisend was, ook die Hananwa vinnig kon optree, soos op 8 Junie 1894, toe “The sun had not yet risen when the Chief’s ambassadors appeared at my door.”¹⁹⁵ Wanneer Mmalebôhō die sendeling eers vra hoe dit met sy vrou en kinders gaan en in die middel van hulle gesprek verdwyn om na sy eie siek kind te gaan omsien,¹⁹⁶ bewonder Sonntag dit as bedagsaamheid. Hy vergeet egter dat wanneer sake werklik dringend was, ook die Hananwa beleefdheidsprotokol kortgeknip het en met die deur by die huis ingeval het, soos toe Sejome, onmiddellik toe hy Sonntag gewaar het, die versekering wou hê dat die vroue en kinders wat uit hulle skuilplekke gekom het, nie

191. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 109-118; C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 240-245.

192. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 117; C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 245.

193. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 109.

194. Sien weer C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 9 (1893-03-21).

195. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 50 (1894-06-08).

196. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 112 & 116.

deur die Boere gemolesteer sou word nie maar kos en water sou kry.¹⁹⁷ Selfs wanneer Mmalebôhō dieselfde ou argumente keer op keer vir Sonntag herhaal en kort-kort verdwyn om die situasie verder met sy raadgewers te gaan bespreek, vermoed Sonntag nie eers die moontlikheid dat die Hananwa besig kon wees om vir tyd te speel nie. Hy verstom hom net oor hoe die Hananwa tot die einde so “unreasonable and deluded”¹⁹⁸ kon wees. Kortom, soveel soos wat Sonntag homself as die inisieerder van sy ontmoeting met Mmalebôhō beskryf het, net so sterk is die moontlikheid van die teendeel: dat Mmalebôhō vir oulaas sy vertrouensverhouding met die sendeling, wat ook ‘n vertrouensposisie by sy vyand geniet het, benut het ten einde soveel as moontlik van sy mense te laat ontvlug alvorens hy oorgegee het. Toe Sonntag opgemerk het dat “Long negotiations would lead nowhere”,¹⁹⁹ het hy nie vermoed dat dit hierheen kon lei nie.

Waar ‘n mens dan by Colin Rae ‘n belangeloosheid en ‘n selfbehepthed wat aanwending van tyd betref, waarneem, vind ‘n mens dat Christoph Sonntag, baie sterker daarop ingestel was om soveel as moontlik in ‘n beperkte tyd af te handel, maar dat hy tog bereid was om die grootste geduld aan die dag te lê in sy tydsame beraadslagings met die Hananwa.

Uit voorafgaande blyk dus, wat waarnemers Colin Rae en Christoph Sonntag betref, ‘n duidelike verwantskap tussen die ideologiese tydruimte waarbinne ‘n verteller beweeg en die wyse waarop hy sy fisiese tydruimte waarneem en weergee. Die korrelasie tussen Rae se aannames en dié van ander Boere- en Engelsprekende tydgenote, dui daarop dat Rae se beskouings veel meer verteenwoordigend van die koloniserende tydgees van die ZAR se wit gemeenskap was as dié van Sonntag. Deurdag Sonntag die ruimtes van die Hananwa betree het en tyd daarin deurgebring het, het hy tot gewaarwordings gekom wat hom genoop het om sy ideologiese ruimte dienooreenkomstig te verskuif. Met die kennis wat hy van die Hananwa gehad het, kon hy nie dieselfde tipe veralgemenende opmerkings oor hulle gemaak het as waarin Rae, in sy onkunde, volhard het nie. In sy aannames oor swartmense se onderhorige posisie en die onvermydelikheid daarvan dat hulle onafhanklikheid ter wille van inskakeling by die wit staat opgeoffer moes word, is Sonntag natuurlik net soveel deel van die laat-negentiende eeuse koloniseerders- ideologiese ruimte as Rae. Dit kan waarskynlik nie van enige verteller verwag word om homself met die

197. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 112.

198. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 114.

199. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 114.

agternaperspektief van 'n historikus volkome van die strukture en konsepte van sy eie tyd los te wikkkel nie. Die tipe waarnemings waartoe Sonntag se omswerwinge in Hananwa-tydruimte hom toegang gegee het, bied nietemin baie ruimer interpretasiemoontlikhede vir die hedendaagse leser as dit waartoe Rae, fisies en ideologies verskans tussen die koloniseerders, in staat was. Dit is veral die waarnemings van soveel uiteenlopende Hananwa – en wit – getuies wat in Sonntag se dagboek opgeteken is, wat sy landskap vir die leser soveel meer genuanseerd maak as Rae se met aannames-toegewasemde venster op die Boer-Hananwa-konflik van 1894. Waar Rae se benutting van *The Press* die eerstehandse kwaliteit van sy weergawe verarm het, is Sonntag s'n verryk deur die wyse waarop hy die Hananwa-Christene, die Hananwa-leierskap, die Boere-leierskap en die gekoöpteerde swart krygers se weergawes opgeteken het.

X SLOTBESKOING

met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word ...

Matt. 7:2

Beste mej. Kriel

Baie dankie vir jou nota van 14 Julie met die afskrifte van Colin Rae se huweliksertifikaat en die brief van mev. C. Wakeling. Ek waardeer die moeite wat jy gedoen het om Colin Rae se lewensdatums vas te stel. Rae was dus vier jaar ouer as Christoph Sonntag.

Ek wil jou gelukwens met jou verhandeling [sic: referaat] "The relationship between the Bagananwa and missionary Christoph Sonntag, 1892-1895." Dit is boeiend, objektief [sic] and [sic] diepgaande. Vergun my 'n paar opmerkings.¹

En dan vervolg Konrad Sonntag deur 'n paar stommiteite in die referaat² uit te wys, waarvoor ek besonder dankbaar was. Sy tweede opmerking is 'n sprekende voorbeeld van daardie 'feite' waarna Ankersmit verwys as juis dié belangrikste feite waaroor historici nie vinnig eenstemmigheid bereik nie.³ Hy reageer hier op my reaksie op Tlou Makhura se interpretasie van Christoph Sonntag se "velvet glove"-uitspraak (vergeelyk hoofstuk vyf):

2. P.5 in verhandeling [sic: referaat] "However, a comparison between the translated diary and the original, reveals that [sendeling Christoph] Sonntag himself had in fact not written those words, but that the phrase referring to the use of the velvet glove was added by the English translator." In dieselfde paragraaf, maar voor Sonntag dit beëindig het met die woorde: "Wir kämpfen eben mit anderen Waffen," het hy geskryf: "... sondern mit Güte beginnen." Güte = helpfulness, greatheartedness, unselfishness, disinterestness, indulgence, forbearance, leniency, patience, friendliness, kindness. Ek het al hierdie moontlikhede – reg of verkeerd – verwerp as onpassend, my kop lank gekrap en toe "velvet glove" uit my geheue in die lewe geroep. Velvet glove beteken: "gentleness, caution, often concealing strength of determination." Strength and determination are not, in my opinion, necessarily synonymous with the rather unyielding "iron" suggested by T.J. Makhura. Ter wille van kompaktheid het ek die

1. Geskrewe inligting: K. Sonntag, Posbus 25294, Monumentpark 0105, 1997-08-11.
2. L. Kriel, The relationship between the Bagananwa and Missionary Christoph Sonntag: 1892-1895, paper presented at the South African Historical Society Biennial Conference, University of Pretoria, 6-9 July 1997.
3. F.R. Ankersmit, Historiography and postmodernism, *History and theory* 28, 1989, p.141.

twee gedagtes langs mekaar geplaas, but “the phrase referring to the use of the velvet glove” was most definitely not “added by the English translator.” It was his translation of Sonntag’s “mit Güte.”⁴

Die ironie is dat Konrad Sonntag, in die proses om sy vertaling te verwerdig, my juis sterk in my argument dat dit die vertaalproses was wat Makhura se kritiek teen die sendeling uitgelok het. Hy bevestig die vermoede wat ek gehad het, dat hy die sendeling laat sê het wat hy hom graag wou laat sê, deur vir my stapsgewys uiteen te sit deur watter gedagteprosesse hy gegaan het om juis dit te doen. Tog het ek en Konrad Sonntag met ons lesing van hierdie spesifieke frase in die sendeling-dagboek, vermoedelik presies dieselfde bedoeling gehad: om die sendeling in ‘n goeie lig te stel. Maar Konrad Sonntag het die bykomende intensie gehad om sy eie vertaalwerk te verdedig terwyl ek bereid sou wees om dit aan te val ten einde Makhura se interpretasie daarvan te *debunk*. En ons is al drie kritiese lesers met ‘n verbintenis tot ‘waarheid’, en die verantwoording van die gevolgtrekkings in ons skryfwerk.

Met die dekonstruksie van elke teks word wéér ‘n teks gekonstrueer, wat met elke keer dat dit gelees word, blootgestel word aan ‘n nûwe dekonstruksie. Die ironie is dat dit ook geld vir elke woord in hierdie proefskrif. Die kommentaar van meer as een kritiese leser van die teks⁵ was dat ek, in wat ek voorgehou het as ‘n dekonstruksie van beide Rae en Sonntag se tekste, eintlik ‘n dekonstruksie van Colin Rae se teks gemaak het ten einde die posisie van sendeling Christoph Sonntag en sy dagboek te verstewig. Tog het die wete van vertaler Konrad Sonntag se wakende oog oor die vordering met my werk (en my respek vir sy toegewyde vertaalwerk en sy kennis van Duits en Engels wat ver superieur bo my eie is) gemaak dat ek hóm versigtiger, byna met ‘n “velvet glove”, begin kritiseer het.

Ek wou vir Rae, wat na my oordeel oor die afgelope honderd jaar soveel onverdiende belangstelling in sy gepubliseerde sameflansing gekry het (en wat geen verteenwoordiger in die hede gehad het wat my versigtiger oor hóm sou laat oordeel nie) laat afsteek by sendeling Sonntag, wat ten tye van die oorlog, soos ek dit gelees het, misverstaan is en vir dekades na die oorlog glad nie geken is nie. Ek wou nie in my eie tyd se historiografie die onverskillige, onnadenkende Rae oordeel laat vryspring terwyl die konsensieuse, toegewyde, ernstige sendeling Sonntag vir die oorlog geblameer word nie.

4. Geskrewe inligting: K. Sonntag, Posbus 25294, Monumentpark 0105, 1997-08-11.

5. Miskien eerder *tekstualiteit*, want met elke hersiening van die teks, word dit ‘n nuwe teks met meer intertekste – ‘n voortdurende proses van betekeniskepping. Vergelyk hoofstuk 1.

... wanneer jy die lewens- en wêreldbeskouings en optredes van Rae somtyds baie skerp, van die Boere skerp en van sendeling Sonntag minder skerp kritiseer, het ek gewonder of jy, kind van die laat-20ste en vroeg-21ste eeu, nie van hulle, kinders van die 19de eeu, verwag om destyds te gedink het soos wat jy vandag dink nie. Miskien is dit my ouderdom wat wil hê dat 'n mens sagter moet oordeel; miskien wil ek sagter geoordeel word.⁶

Dit is woorde om 'n mens effens te laat steier. Natuurlik wil ook ék sagter geoordeel word. (En natuurlik het ek reeds probeer om hierdie kommentaar by 'n laaste hersien van die voorafgaande nege hoofstukke in ag te neem.)

Was die aanvanklike doelstelling met hierdie ondersoek om Colin Rae en Christoph en Konrad Sonntag krities te beoordeel en uiteindelik die een met die 'beste' weergawe as 'wenner' aan te wys? Gaan dit oor die analise van persoonlikhede, of oor die betekenis van tekste? Kan die twee geskei word? Hoe illustreer jy die totstandkoming van betekenis in 'n dagboek sonder om die dagboekhouers daarby te betrek? Is die vergelykende werkwyse wat vir die studie gekies is, nie insigsself 'n veroordelende tegniek nie? Sou die twee tekste bloot gejuksaponeer kon word? ... maar dan bly die oordele wat ek, volgens my lesers, maar te duidelik reeds in die struktuur van my werk ingebou het, net daar vir iemand anders om hardop uit te spreek?

Is dit onvermydelik dat 'n teks (ook my teks) meer van die tyd waarin dit geskryf is verraai as van die tyd waaroor dit skryf? Wat dan nog van die tyd waarin dit gelees word? Ek kon nie eens van die vertaler van *My friend Maleboch* verwag het om in 1983 te gedink het soos wat ek nou dink nie. Geskiedenis is die voorstelling van ons eie tyd in die spieël van ander mense se ervarings in 'n vorige tydperk. Die bestudering van geskiedskrywing is die voorstelling van hoe daardie voorstellings oor tyd verander het, maar wat in die spieël bly terugkaats, is 'n indruk van ons eie ervaring in ons eie tyd. Wat red ons van ons eie narcistiese verledebeeld? Om wanneer ons in die spieël kyk, die raam daar rondom te sien.⁷ Geen voorstelling van die verlede is absoluut of onherroeplik nie. Nie een daarvan is dié werklikheid nie. Sommige stel 'die werklikheid' weliswaar meer geloofwaardig as ander voor, maar geen persoon kan sy/haar voorstelling verhewe ag bo die vergelyking en toetsing daarvan deur ander voorstellers nie. Solank as wat die voorstellings in die spieëls ons

6. Geskrewe inligting: prof. O.J.O. Ferreira, Posbus 2244, Noorsekloof, Jeffreysbaai 6331, 2001-04-24.

7. H. Kellner, Introduction, describing redescrptions, in H. Kellner & F. Ankersmit (eds.), *A new philosophy of history*, p. 14. "At least this is implied by the 'linguistic turn, the tendency of late twentieth century thought to look *at* rather than *through* a telescope (figuratively speaking) and see prisms and lenses, to stand in front of a looking-glass and see the mirror."

nog raak, hou ons dit deel van ons geskiedenis en sal ons dit bly aanpas – Piet Geyl se diskussie sonder einde.⁸

Met hierdie gerusstelling oor die vervlietendheid van voorstellings (dié van Rae, Sonntag en my eie) waag ek my hand daaraan om tot ‘n gevolgtrekking oor die vergelyking in die voorafgaande hoofstukke te kom:

Aangesien die vergelyking getref is tussen tekste waarin die verteller ook ‘n karakter in die verhaal is, is dit vir historici moeilik om Colin Rae en Christoph Sonntag as historiese figure, soos Roland Barthes se dooie “author”⁹, buite die redenasie te hou. In hoofstuk een is aangedui dat dit sendeling Christoph Sonntag se omstrede rol in die historiografie oor die Boer-Hananwa-oorlog was wat aanleiding tot hierdie vergelykende ondersoek gegee het. Die ‘feite’ van dié historici wat hom veroordeel het vir sy aandeel in die Boere-verowering oor die Hananwa en dié wat hom geprys het vir sy bemiddelings- en opheffingswerk in dieselfde gemeenskap, was hoofsaaklik afkomstig uit Sonntag se eie teks. Derhalwe is voorgestel dat die omstrede ‘feite’ oor Sonntag eers teruggeplaas word in die konteks waaruit dit geneem is; en dat daar eers besin word oor die betekenis van die dagboekteks waartoe die individuele stellings gesamentlik bygedra het volgens die manier waarop dit gerangskik en aangebied is. Met inagneming van die bepaalde konvensies, maar ook die teenstrydighede en inkonsekwensies kenmerkend aan die dagboek-vorm, is gehoop om tot ‘n meer verantwoordbare verstaan van Sonntag se rol in die oorlog te kom. Kortom, die veelheid van lae (kontekste en tekste) wat kon bydra tot die betekenis van wat in die *My Friend Maleboch*-publikasie gelees word, moes blootgelê word.

Maar dan was daar Sonntag se nemesis, Colin Rae, wie se teks intussen óók vir feite getap is sonder dat dit die verteller van hiérdie dagboek as ‘n medepligtige in die verowering van die Hananwa geïmpliseer het. Rae se teks was meer as ‘n interteks vir die *My friend Maleboch*-publikasie, laasgenoemde was ‘n onverbloemde repliek op *Malaboch*. Die betekenis van die een teks kon nie anders as in verhouding tot dié van die ander gelees word nie – vandaar die vergelyking, met die doel om die lae van betekenis rondom elkeen af te skil, maar met wáttér einddoel? ‘n Evaluasie van elke individu se aandeel in die oorlog? Dít kom neer op maar ‘n kort opmerkinkie in die kantlyn: in nie een van die twee gevalle, was hulle individuele aandeel so groot soos

8. Nederlandse historikus wat dié bekende uitspraak in sy boek, *Napoleon, voor en tegen in de Franse geschiedschrijving*, gemaak het. H. van Lent, *Historici, leven en werk*, in H. Beliën & G.J. van Setten, *Geschiedschrijving in de twintigste eeuw. Discussie zonder eind*, p. 386.

9. “Death of the author”: Vir Barthes verteenwoordig die outeur nie ‘n persoon nie, maar die probleem wat ondersoek word. Nie dit wat die outeur as persoon se oorspronklike bedoeling was, word ondersoek nie (dit is vir die post-strukturaliste nie vindbaar nie), maar die kettings van interpretasies waarna verwys word as die outeur se naam genoem word. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 62.

wat dit met 'n oppervlakkige lees uit die vertellers se eie voorstellings wou lyk nie. Sonntag se omstredenheid is beslis groter as dié van Rae, maar dit waarvan hy verdink is, dit waarvoor hy deur die vertaler aangeprys is, selfs dit waartoe hyself in soveel woorde geaspireer het, stem nie naastenby ooreen met die bietjie wat hy uiteindelik vermag het nie.

Daar was een Colin Rae, en een Christoph Sonntag, maar daar is 'n veelheid van tekste. Dit is/was nie in *outeurs* Rae en Sonntag se mag om die betekenis wat aan hulle tekste toegeken word, te beheer nie. Die “death of the author” lyk nou meer waarskynlik: Rae en Sonntag kan as *outeurs* ‘dood’ verklaar word in dié sin dat hulle name tekste, verskillende historiese interpretasies, en nie persone nie, verteenwoordig.¹⁰ Aan die ander kant, is daar egter nog die historiese figure, Rae en Sonntag, as karakters in die Rae- en Sonntag-tekste. Die kontekste en tekste waarbinne die ‘feite’ in ‘tweeledige’ ‘Rae’ en ‘Sonntag’ se weergawes tot betekenisdraende narratiewe geweef is en steeds geweef word, moes verken word.

Uit die ondersoek het geblyk dat dit wel vir 'n leser moontlik is om stroom-op, teen die grein in, deur wat vir die figure/karakters Rae en Sonntag en vir vorige lesers die vanselfsprekende storie was, te beweeg en die oorlog van die teenoorgestelde kant af te probeer verbeel. In die tyd waarin ek na die Boer-Hananwa-oorlog kyk, is die fokus in die akademiese diskoers veral sterker op die lot en ervaring van die verowerde (gekoloniseerde) as die koloniseerder. Die gekoloniseerde, wat in koloniale tekste soos dié van Rae en Sonntag die ‘Ander’ is, wek tans beslis meer belangstelling as die selfregverdiging van die koloniseerder. Tog kan daar in beide die twee dagboektekste ook ‘leesroetes’ onderskei word om hierdie netjiese, veralgemenende kategorisering van die deelnemers aan die gebeure uit te daag.

Colin Rae self is as 'n Engelsman reeds 'n onwaarskynlike deelnemer aan 'n Boereveldtog – verhoudinge tussen die twee wit ‘rasse’ het in interpersoonlike kontak nie so netjies uiteengeval as die twee vyandige kampe waarmee ons, vir die doeleindes van historiese verduideliking, veralgemenend werk nie. Met dié dat daar in hierdie studie veral gefokus is op die gekoloniseerdes, die Ander, in die twee koloniale dagboeke, is die moontlikhede wat Rae se teks bied om die talle randfigure in die wit Transvaalse samelewing te ondersoek, nie werklik in die proefskrif ontgin nie. Die selfmoordenaar, die dronkaard, die (Engelse) gekommandeerdes wat die

10. A. Munslow, *Deconstructing history*, p. 62. “For Barthes, the importance of the author of historical evidence is diminished in as much as he/she is perceived as representative of further texts and ideological positions rather than as the originator of meaning”; p. 116: “We could view the historical text ... as possessing no original author at all by assuming that how the narrative is framed depends upon the successive historians through whose hands (and minds) the text has passed.”

“coolie cook” by die *Warm Baths Hotel* aangerand het – daardie figure wat Rae net so ongeërg soos ‘n ‘opgekommandeerde’ bees, of ‘n hondjie wat sy kop in ‘n ketel laat beland, by sy narratief insleep en dan weer laat uitglip, is miskien juis dit wat sy teks besondere betekenis sou kon gee.¹¹ Die hoofokus in Rae se teks, die inligting wat die meeste bladsye in sy boek opneem, die verloop van die Boere se veldtog, is té halfgebak en té tweedehands om ‘n “close reading” daarvan te regverdig. Die betekenis van Colin Rae se teks wat in hierdie dekonstruksie vir my die sinvolste was, is hoe sy aannames, sy stilsywes, sy onkunde, sy ruimtebeleving en sy tydverdryf die vanselfsprekendheid geïllustreer het waarmee die Hananwa vir hom en sy groep aan wit gesag onderwerp moes word. Die teks het immers aangesluit by die veldtog-literatuur van sy tyd, waarin hierdie tipe verowerings die norm was.

Die dekonstruksie van die vorm en inhoud van Colin Rae se teks blyk toenemend na die betekenis van die lewe van Colin Rae self en die mense met wie hy homself geassosieer het, terug te verwys. Daarteenoor, is daar deur die dekonstruksie van Sonntag se vertellings oor sy interaksie met die ‘Ander’ (en ook talle ánder mense) al hoe meer moontlikhede geopen om die betekenis van hulle deelname aan die oorlog te probeer voorstel. Elke keer dat Sonntag geskryf het oor sy pogings om Mmalebôhò en sy raadgevers tot ‘n sekere standpunt oor te haal, het hy aan ons as latere lesers ‘n gesprek nagelaat waaruit ons self die Hananwa se motiverings kan probeer verstaan. Meer nog: elke handeling van Sonntag wat hyself neergeskryf het as ‘n inisiatief wat hy teenoor die Hananwa-leier onderneem het, kan omgekeer word en verbeel word vanuit die oogpunt van ‘n ondernemende, versierende swart leier wat die optrede van die sendeling geantisipeer en tot sy eie voordeel benut en selfs gemanipuleer het.

Só kan Mmalebôhò se verhouding met Sonntag byna gelees word soos Sonntag se verhouding met die Boereregering. Soos hy dit self gestel het, sal ‘n mens selfs met ‘n wolf heul indien die voordeel wat jy daaruit kan trek, belangrik genoeg is. Sonntag het die Boerebevelvoerder by sy huis ontvang en selfs aangebied om die sendingstasie as hospitaal vir Boeregewondes oop te stel, omdat hy van hulle goeie guns afhanklik was om op Blaauwberg aan te bly. Slegs solank as wat die Boereleiers geglo het dat hy hulle goedgesind was, sou Sonntag tot die Hananwa se ‘beskikking wees’ – en dít kon anders geïnterpreteer word deur die Hananwa-leiers as deur Sonntag self. Mmalebôhò kan geloofwaardig uit Sonntag se teks gekonstrueer word as ‘n leier wat verstaan het dat Sonntag nie die Boere kon antagoniseer nie. Mmalebôhò het die sendeling op sy grond verdra, hom selfs sy vriend genoem, vir die skakel wat dit vir

11. C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, District Zoutpansberg, South African Republic*, pp. 17, 163, 195, 13 & 107.

hom met die wit wêreld wat sy gemeenskap bedreig het, beteken het: as 'n 'nuus-insamelings-, vertalings- en versendingsagentskap' sowel as 'n 'afleier' om te gebruik om tyd te probeer wen. So kom daar uit Sonntag se dagboek 'n berekende, besorgde leier na vore en nie die dom-astrante swart 'rebel' waarby die lees van soveel ander tydgenootlike tekste ons laat vassteek nie.

Hoewel dit nie werklik in hierdie studie ontgin is nie, bied Sonntag se teks ook die moontlikheid om die skynbare 'netjiese' kategorieë 'Boere' en 'Hananwa' in uiteenloper, minder homogene groepies te laat uiteenval. Boere: onbeskof, onaansienlik, hoogs beleefd, eintlik Engels, eintlik Duits, eintlik Hollands Hananwa: krygers vir Mmalebôhō, vegters teen Mmalebôhō, oues van dae, belastingbetalers, Christene. Dit is veral die Christene, die *Majakane*, wat in Sonntag se teks gelees kan word as 'n klein groepie swartmense wat op die randgebied van twee verskillende wêrelde geleef het en sêlf nie so onderhorig aan die sendeling en veral sy Genootskap was as wat hy homself in sy eie dagboek verbeel het nie. Wesleyaanse en Berlynse sendelinge het saam na Mmalebôhō omgesien toe hy as gevangene in die Boerekamp aangehou is – en geen ander wit- of swartmense sou (in 'n tyd waarin Sonntag dit skaars kon waag om die swart leier met die hand te groet)¹² in staat kon wees om hierdie rol te vervul nie.

Die vergelyking tussen Rae en Sonntag se tekste was vol ironieë. Daar is reeds in die eerste hoofstuk besluit om weg te beweeg van 'n beoordeling van Rae en Sonntag se onderskeie rolle in die konflik en eerder hulle onderskeie tekste die fokus van die ondersoek te maak. Nie een van die twee publikasies het geblyk besonder eg of betroubaar te wees nie. Albei was verwerkings van 'meer primêre' tekste waarvan die vlakke van verwerking en bewerking nie duidelik in die tekste aangedui is nie. Konrad Sonntag se teks is by verre meer geloofwaardig as Rae se weergawe van die oorlog en daar was by hom beslis 'n veel sterker verbintenis tot die kontrolering van inligting aan addisionele bronne as by Rae, wat by tye nie eers die volgorde van gebeure kon agtermekaar kry nie. Soos wat die ondersoek gevorder het, het die vraag na die totstandkoming van betekenis in die teks nietemin sinvoller begin word as 'n blote besorgdheid oor die staving van besonderhede in die een teks met besonderhede in ander tekste ('n historiese werklikheid om na terug te gaan, bestaan eenvoudig nie, daar is slegs ander tekste). Die gevolgtrekking is dat *My friend Maleboch* 'n ryker teks as *Malabocho* is vir die bestudering van die konflik tussen die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) en die Hananwa in 1894. Daar is selfs in die vertaalde Sonntag-tekste, ongeag die talle weglatings en toevoegings wat nie as sodanig aangedui word

12. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), p. 126.

nie, meer lae inligting in die narratiewe wat ontgin kan word as in die geval van Rae se teks. Maar net soos wat die vertaalde teks noodsaaklik was vir die Duitse teks om as bron 'herontdek' te word, is die relatiewe armoede van Rae se teks die punt van vergelyking in verhouding waartoe die 'vanselfsprekendhede' in Sonntag se teks as temas begin uitstaan om krities gelees te word.

'n Verdere ironie is dat 'n groot deel méér eers oor Rae en Sonntag as handelende en skrywende persone in hierdie proefskrif te wete gekom moes word (ten einde die ekstratekste en die intertekste te kon verstaan) voordat tot die gevolgtrekking gekom kon word dat die rolle van hierdie individue in die 1894-oorlog nie die betekenisvolste inligting is om daaruit benut te word nie. Dit is reeds genoem dat 'n mens geskiedenis en die dink oor geskiedskrywing nouliks meer los van mekaar kan bedryf. Eweneens kan 'n mens die 'gapings' in 'n egodokument wat 'n alternatiewe narratief as dié oor die verteller-outeur-hoofrolspeler moontlik maak, skynbaar ook nie lees sonder om die intertekstualiteit waardeur dié einste verteller se teks tot stand gekom het, te oordink nie.

BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

Cory Library, Rhodes University, Grahamstown

Wesleyan Methodist Mission Society (South Africa)

MS. 15.241: G. Lowe – O. Watkins, 1890-07-08

*Wesleyan Methodist Mission Society (London) Archive, South African
Correspondence*

H. 2711, Box no. 329, 1894-06-23.

Wesleyan Missionary Notices, 1894-1896

Wesleyan Missionary Reports, 1893-1894

Evangelisches Archivzentrum, Berlin, Deutschland

Berliner Missionsgesellschaft

Acta betreffend Nord-Transvaal, März 1894 – December 1897: IV, 5.

Acta von Missionszögling Christoph Sonntag betreffend 1878-1919: II,
3, 13.

Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaumberg, 1894-
1905: III, 5, 8, Bd 1.

Acta betreffend die Tagebücher der Missionare auf Blaumberg, 1894-
1905: III, 5, 8, Bd 2.

Hampshire Record Office, Winchester, England

Miscellaneous: cemetery registers, school log books, etc.

Burials in Winchester Cemetery in consecrated portion of the grounds,
1911, no. 15337. Micro-fysche 58.

Hampshire Genealogical Society, 1987

West Hill Cemetery Winchester, 1809-1946. Inscriptions on memorial
stones scheduled for removal by Winchester City Council,
January 1987.

Historical and Literary Papers Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg

Archives of the Church of the Province of South Africa

AB. 383 BOUSFIELD Acta, 1878-1899.

AB. 383 BOUSFIELD Letters received, Feb. 1893 – Dec. 1901.

AB. 383 BOUSFIELD Letter-book, 1893-1899.

AB. 383 BOUSFIELD Letter-book, Church Record Library – Pretoria, 1890-1894.

AB. 383 BOUSFIELD Letter-book, Church Record Library – Pretoria, 1890-1899.

AB. 383 BOUSFIELD Letter-books, 27 Jul. 1891 – 27 Dec. 1901.

AB. 383 BOUSFIELD Record-book, Church Record Library – Pretoria, 1890-1894.

The Malaboch Extinguisher, 1894-06-22.

Public Record Office, London, England

Colonial Office, High Commission for South Africa

CO. 417/ 120 – 127 Original correspondence, 1894

CO. 545/5 Registers of correspondence, 1893-1894

CO. 546/4 Register of Out-letters, 1894-1896

St. Alban's Cathedral, Pretoria

Anglican Diocese of Pretoria

Cathedral Marriage Register, 21 Feb. 1871 – 6 Mar. 1905.

Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

Argief van die Kommandant-Generaal van die Z.A.R., 1880-1900

KG. 81 Inkomende stukke

KG. 78 Inkomende korrespondensie 1881-1900, CR. 1501 – 1678, 1894.

KG. 639 Brieweboek van kmdt.-genl., 28 Aug. - 20 Okt. 1894

KG 640 Malaboch-Commando. Dagboek, 1894-06-12 – 1894-09-20.

Argief van die Staatsekretaris van die ZAR

SS. 4268, SS. 4140, SS. 4209, SS. 4367, SS. 4403, SS. 4409, SS. 4413, SS. 4475, SS. 4681, SS. 4700.

Argief van die Staatsekretaris van die ZAR, Buitelandse Sake

SSA. 2.

Argief van die Superintendent van Naturelle van die ZAR

SN. 25 - 27 Minutes, 1881 – 1900.

SN. 175 Zoutpansberg: korrespondensie naturelle-kommissaris, 1881 -
1895.

Argief Zoutpansberg

ZZG. 15 Brieweboek, Jan. - Jun. 1894.

Aanwinste

A.126 Herinneringsboek van Barend Jacobus Vorster. 1913-08-20.

A. 1279 Manuskrip Anton Schiel, 1948.

A.1281 Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895.

Fotoversameling

22736 Malaboch: the state prisoner; Malaboch in the Pretoria gaol

22742 Malaboch-veldslag. Staatsartillerie met Maxim-kanonne

Surrey History Centre, Woking, England

Leatherhead

LE/7/ 4 – 5 Service Registers 1897-1919.

6524/3/19 Parish Magazines and *Winchester Diocesan Chronicle*
1908-1909

Letherhead Parish Magazine 30(09), October 1909 –
30(12), December 1909

Winchester Diocesan Chronicle, November 1909.

6524/3/20 Parish Magazines 1910-1911

Letherhead Parish Magazine 31(1), January 1910 –
32(11), November 1911.

II REGERINGSPUBLIKASIES

COSTER, H.J. (red.), *De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-
Afrikaansche Republiek, 1895*. Pretoria, 1896.

GENERAL STAFF, WAR OFFICE, *The native tribes of the Transvaal*.
London, 1905. Reprint by the University of South Africa, Pretoria
1962.

- GENERAL STAFF, WAR OFFICE, *Native Strongholds and locations of the Transvaal*. London, 1907.
- JEPPE, C. & J.H. GEY VAN PITTIUS (eds.), *Statute Law of the Transvaal, 1839-1910 (in force on 31st May 1910) I, 1839-1900 (South African Republic)*. Pretoria, 1910.
- JEPPE, F. (red.), *De Locale Wetten der Suid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885*. Pretoria, 1887.
- KOTZÉ, J.G. (red.), *De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1886-1887*. Pretoria, 1888.
- VAN WARMELO, N.J., *Ethnological publications V. A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa*. Union of South Africa. Department of Native Affairs. Pretoria, 1935.

III PERIODIEKE PUBLIKSASIES

- Berliner Missionsberichte* 4 & 5, 1880, 19 & 20, 1893; 11 & 12, 1895.
- De Volksstem*, 20 Oktober 1894.
- Hampshire Chronicle & General Advertiser for the South & West of England*, July – August 1911.
- Hampshire Observer & County & Local Newspaper & General Advertiser*, July – August 1911.
- The Press*, 1894-05-19 – 1894-08-06 & 1899-01-16.
- The Star*, 1899-02-28.

IV TYDSKIRF- EN KOERANTARTIKELS

- ADLAM, N., Another side of the war. *Collecting*, 1983-09-05.
- ANKERSMIT, F.R., Historiography and postmodernism. *History and theory* 28, 1989.
- ANKERSMIT, F.R., The linguistic turn, literary theory and historical theory. *Historia* 45(2), November 2000.
- AUCAMP, H., Onder Afrika se vel. *Insig*, November 1996.
- BERGH, J.S., Grondregte in Suid-Afrika: 'n 19de eeuse Transvaalse perspektief. *Historia* 40(2), November 1995.
- BERGH, J.S., Die veranderende grense van “Transvaal” 1840-1994. *Historia* 41(2), November 1996.

- BERGH, J.S., African reaction to white penetration: The central districts of the Transvaal in the 1870s. *Historia* 45(1), May 2000.
- BLADES, J., New light on an old mountain war. *Sunday Times*, 1984-02-19.
- BOSWORTH, R.J.B., Explaining Auschwitz: after the end of history: the case of Italy, Forum on Comparative history. *History and theory* 38(1), 1999.
- CONRAD, S., What time is Japan? Problems of comparative (intercultural) historiography, Forum on Comparative history. *History and theory* 38 (1), 1999.
- DEKKER, R., Egodocumenten: een literatuuroverzicht. *Tijdschrift voor Geschiedenis* 101, 1988.
- DU BRUYN, J., Of muffled Southern Tswana and overwhelming missionaries: the Comaroffs and the colonial encounter. *South African Historical Journal* 31, November 1994.
- DU BRUYN, J., Early Transvaal – a historiographical perspective. *South African historical journal* 36, May 1997.
- FRANZ, G.H., Mmalebogo. *Die Huisgenoot* 23(881), 1939-02-10.
- GORDON, D., Review essay on *History as an art of memory* (P.H. Hutton). *History and theory* 34, 1995.
- HUGO, M., Die dagboek as historiese bron - met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell. *Historia* 34(2), November 1989.
- JOUBERT, A. & J.A. VAN SCHALKWYK, War and remembrance: the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity. *Journal of Southern African Studies* 25(1), March 1999.
- KOCHA, J., Asymmetrical historical comparison: The case of the German Sonderweg, Forum on Comparative history. *History and theory* 38(1), 1999.
- KRIEL, L., Christoph Sonntag's Mmalebogo: missionary diary as secular source in the reconstruction of Bagananwa History, 1892-1895. *South African Historical Journal* 36, May 1997.
- KRIEL, L., Die Boer-Hananwa-oorlog (“Malaboch-oorlog”) van 1894: ‘n oorsig oor navorsingsuitsette. *New Contree* 43, September 1998.
- KRIEL, L., Om die verlede te verbeel: ‘Akademiese’ geskiedskrywing en die historiese bewussyn. *Historia* 44(1), Mei 1999.
- LEVY, D., The future of the past: historiographical disputes and competing memories in Germany and Israel, Forum on Comparative history. *History and theory* 38 (1), 1999.

- MAKHURA, T.J., The neglected role of the Boer-Bagananwa War as a factor in the coming of the Jameson Raid, 1894-1895. *Journal of Southern African Studies* 21(2), June 1995.
- MARKS, S., Scrambling for South Africa. *Journal of African History* 23, 1982.
- MAWBY, A.D., The right reverend doctor Henry Brougham Bousfield, first Anglican Bishop of Pretoria: the first phase in the Transvaal (1879-1886). *Historia* 8(2), June 1963.
- M.H. (pseud.), 'n Tragiese verhaal van misverstand. *Die Patriot*, 1983-07-01.
- NIPPERDEY, T., Can history be objective? *Historia* 23(1), May 1978.
- PARTNER, N., Hayden White: the form of the content. *History and theory* 37, 1998.
- RADEMEYER, J.I., Die oorlog ten Magato (M'pefu), 1898. *Historiese Studies* 5(2), Junie 1944.
- ROSE, B., Ethnic and sometimes sad comment on African life. *Rand daily mail*, 1983-06-20.
- RÜSEN, J., Lo(o)s(en)ing the order of history: some aspects of historical studies at the intersection of modernity, postmodernity and the discussion on memory. *Historia* 45 (2), November 2000.
- SCHUTTE, G.J., Geschiedenis: Mijn vriend Maleboch. *Zuid-Afrika* 60(5), Mei 1983.
- SHAPIRO, A.-L., Whose (which) history is it anyway? *History and theory* 36(4), December 1997.
- SMITH, C., Malaboch campaign by witness. *The Citizen*, 1983-04-18.
- VAN DER MERWE, D.W., Dagboek van 'n Duitse sendeling. *Beeld*, 1983-05-16.
- VAN DER MERWE, J., Long history of forced removals. *Pretoria News*, 1985-07-18.
- VAN FAASSEN, M., Het dagboek: een bron als alle andere? *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991.
- VAN HEYNINGEN, E., The diary as historical source: a response. *Historia* 38(1), May 1993.
- VAN JAARVELD, F.A., Boekbespreking: My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains. *Historia* 29(1), Mei 1984.
- VAN SCHALKWYK, J.A., Die kultuurhistoriese betekenis van die Berlynse sendingstasies in die Blouberg-omgewing, Noord Transvaal. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990.

- VAN SCHALKWYK, J.A. & S.M. MOIFATSWANE, The siege of Leboho: South African Republic fortifications in the Blouberg, Northern Transvaal. *Military History Journal* 8(5), June 1991.
- V.N. (pseud.), Uit onze geschiedenis. Een gebeurtenis uit de Malabochoorlog. *Die Brandwag* 2(5), 1911-08-01.
- WEIDEMANN, N.C., Die Malabochoorlog (1894). *Historiese Studies* 7(1), Maart 1946.

V ONGEPUBLISEERDE REFERATE

- ETHERINGTON, N., Poststructuralism, postmodernism and the practice of South African history. Paper presented at the Second Biennial International Conference of the African Studies Association of South Africa, University of Port Elizabeth, 5-8 July 1995.
- JENKINS, E., Children's literature and the war. Paper presented at the Autumn School of the English Academy of Southern Africa: Writing the 'Boer War', Claude Malan Museum, 27 May 2000.
- KRIEL, L., A contest for converts? Missionary rivalry and the conquest of the Blue Mountains: The Boer-Hananwa War of 1894. Paper presented at the Nineteenth Congress of Historical Sciences, University of Oslo, 6-13 August 2000.
- MAKHURA, T.J., The role of women in the Boer-Bagananwa War, 1894-1895. Paper presented at the South African Historical Society Biennial Conference, Rhodes University, 2-6 July 1995.
- MAKHURA, T.J., Mercenaries and missionaries in the Boer subjugation of the Bagananwa in the northern Transvaal, 1894-1895. Paper presented at the African Studies Association Annual General Meeting, San Francisco, 24 November 1996.
- MAKHURA, T.J. 'The softening of the rock': political and socio-economic changes in the BaGananwa society, northern Transvaal, 1895-1910. Paper presented at the South African Historical Society Biennial Conference, University of Pretoria, 6-9 July 1997.
- TEMPELHOFF, J.W.N. & M.H. NEMUDZIVHADI, Riding the storm: Makhado, Venda and the nineteenth century South African Republic (1864-1895). Paper presented at the South African Historical Society Biennial Conference, University of Pretoria, 6-9 July 1997.

VERBEECK, G., New concepts of history for South Africa. Between Europeanisation and globalisation (paper presented at the Biennial Conference of the South African Historical Society, University of the North West, 8-11 July 2001. (Based on the previously published contribution: Een nieuw verleden voor een nieuwe natie. Een Duits model voor Zuid-Afrika in J.Tollebeek, G. Verbeeck & T. Verschaffel (reds.), *De lectuur van het verleden. Opstellen over de geschiedenis van de geschiedschrijving aangeboden aan Reginald de Schrijver*. Leuven, 1998.)

VI LITERATUUR EN LETTERKUNDIGE BRONNE

- AARTS, C.J. & M.C. VAN ETTEN (reds.), *Domweg gelukkig in de Dapperstraat. Die bekendste gedichten uit de Nederlandse literatuur*. Amsterdam, 1995.
- ABERCROMBIE, H.R., *The secret history of South Africa, or sixty-five years in the Transvaal*. Johannesburg, 1952.
- ADU BOAHEN, A., *General history of Africa VII. Africa under colonial domination, 1880-1935*. Paris, 1990.
- AGAR-HAMILTON, J.A.I., *A Transvaal jubilee. Being a history of the Church of the Province of South Africa in the Transvaal*. London, 1928.
- ANKERSMIT, F. & H. KELLNER (eds.), *A new philosophy of history*. London, 1995.
- ATKINS, P., I. SIMMONS & B. ROBERTS, *People, land and time. An historical introduction to the relations between landscape, culture and environment*. London, 1998.
- BADEN-POWELL, R.S.S., *The Matabele Campaign, 1896. Being a narrative of the campaign in suppressing the native rising in Matabeleland and Mashonaland*. London, 1897.
- BARZUN, J. & H.F. GRAFF, *The modern researcher*. San Diego, 1985.
- BEINART, W., P. DELIUS & S. TRAPIDO (eds.), *Putting a plough to the ground. Accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*. Johannesburg, 1986.
- BELIËN, H. & G.J. VAN SETTEN (reds.), *Geschiedschrijving in de twintigste eeuw. Discussie zonder eind*. Amsterdam, 1991.

- BERGH, J.S. (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*. Pretoria, 1999.
- BEYERS, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*. Durban, 1981.
- BIBEL*. Übersetzt von Dr. Hermann Menge. Stuttgart, 1928.
- BIEDERMANN, H., *The Wordsworth Dictionary of symbolism*. (translator J. Hulbert). Ware. 1996.
- BIJBEL*. Door last van de Hoog-Mog. Heeren Staten-Generaal der Verenigde Nederlanden. Amsterdam, 1874.
- BLACK, J. & D.J. MACRAILD, *Studying history*. London, 2000.
- BREDEKAMP, H. & R. ROSS (eds.), *Missions and Christianity in South African history*. Johannesburg, 1995.
- BRAUDEL, F., *On history* (translator S. Matthews). London, 1982.
- BROGAN, H., *The Pelican history of the United States of America*. London, 1988.
- BRUWER, J.P., *Die Bantoe van Suid-Afrika*. Johannesburg, 1963.
- BULPIN, T.V., *Lost trails of the Transvaal*. Johannesburg, 1989.
- BURKE, P., *The French historical revolution. The Annales School, 1929-1989*. Cambridge, 1990.
- BURKE, P., *Varieties of cultural history*. Ithaca, 1997.
- BURKE, P. (ed.), *New perspectives on historical writing*. University Park, 2001.
- CAIN, P. & A.G. HOPKINS, *British Imperialism. Innovation and expansion, 1688-1914*. London, 1993.
- CAIN, P. & A.G. HOPKINS, *British Imperialism, 1688-2000*. London, 2001.
- CHARTIER, R. (translator L.G. Cochrane), *Cultural history. Between practices and representations*. Cambridge, 1988.
- CHIDESTER, D., *Savage systems. Colonialism and comparative religion in southern Africa*. Charlottesville, 1996.
- CLOETE, T.T. (red.), *Literêre terme en teorieë*. Pretoria, 1992.
- CLOETE, T.T., E. BOTHA & C. MALAN, (reds.), *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria, 1989.
- COETZEE, N.A., *Die Heystek familieboek. Herdenkingsuitgawe 1862-1987*. Pretoria, 1987.
- COMAROFF, J. & J., *Of revelation and revolution. Christianity, colonialism and consciousness in South Africa I*. Chicago, 1991.
- COMAROFF, J. & J., *Of revelation and revolution. The dialectics of modernity on a South African frontier II*. Chicago, 1997.

- COLLINS, R.O. (ed.), *Problems in the history of colonial Africa, 1860-1960*. Englewood Cliffs, 1970.
- COSTON, A.P., *Die ontwikkeling van Pilgrim's Rest as museum dorp*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1995.
- CROWDER, M. (ed.), *West African Resistance. The military response to colonial occupation*. London, 1971.
- CURTIN, P., S. FEIERMAN, L. THOMPSON & J. VANSINA, *African history from earliest times to independence*. London, 1995.
- DAVENPORT, T.R.H., *South Africa. A modern history*. London, 1991.
- DAVENPORT, T.R.H. & C. SAUNDERS, *South Africa. A modern history*. Basingstoke, 2000.
- DE KLERK, P., *Geskiedenisvergelyking. Die gebruik van vergelykende metodes wat gerig is op generalisasie in die geskiedkunde*. Potchefstroom, 1973. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Publikasiereeks 23, 1973.
- DE KOCK, W.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*. Kaapstad, 1968.
- DE KOCK, W.J. & D.W.KRÜGER (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*. Kaapstad, 1972.
- DU PLESSIS, J., *A history of Christian missions in South Africa*. London, 1911.
- ELTON, G.R., *Return to essentials. Some reflections on the present state of historical study. The Cook Lectures delivered at the University of Michigan, 1990*. Cambridge, 1991.
- FALOLA, T. (ed.), *African historiography. Essays in honour of Jacob Ade Ajayi*. Ikeja, 1993.
- FERRO, M., *Colonization. A global history*. London, 1997.
- FITZPATRICK, J.P., *The Transvaal from within. A private record of public affairs*. London, 1900.
- FITZPATRICK, J.P., ... *South African politician. Selected papers, 1880-1906* (eds. A.H. Duminy & W.R. Guest). Johannesburg, 1976.
- FRANZ, G.H., *Masilo se oorwinning*. Pretoria, 1957.
- FRANZ, G.H., *Laaste verhale*. Johannesburg, 1965.
- FREDRICKSON, G.M., *White supremacy. A comparative study in American and South African history*. New York, 1981.
- FREDRICKSON, G.M., *Black liberation. A comparative history of black ideologies in the United States and South Africa*. New York, 1995.

- GANN, L.H. & P. DUGAN, *Colonialism in Africa, 1860-1970, I. The history and politics of colonialism*. Cambridge, 1969.
- GAY, P., *Freud for historians*. New York, 1986.
- GILIOMEE, H. & R. ELPHICK (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1840*. Kaapstad, 1990.
- GORDON, C.T., *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*. London, 1970.
- GRIMSEHL, H.W., *Onluste in Modjadziland, 1890-1894*. Elsiesrivier, 1955.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis 18(2), 1955.
- GROVÉ, A.P. (samesteller), *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Goodwood, 1988.
- HAGGARD, H.R., *The people of the mist*. London, 1894.
- HALBWACHS, M., *On collective memory* (edited, translated and with introduction by L.A. Coser). Chicago, 1992.
- HAMEROW T.S., *Reflections on history and historians*. Wisconsin, 1987.
- HAMMOND-TOOKE, W.D. (ed.), *The Bantu-speaking people of South Africa*. London, 1974.
- HINCHLIFF, P., *The Anglican Church in South Africa*. London, 1963.
- HOCKETT, H.C., *The critical method in historical research and writing*. Toronto, 1955.
- HOFMEYR, I., *We spend our years as a tale that is told. Oral historical narrative in a South African Chieftdom*. Johannesburg, 1993.
- HUNT, L., *The new cultural history*. Berkeley, 1989.
- HUTCHEON, L., *A poetics of postmodernism. History, theory, fiction*. London, 1988.
- ISICHEI, E., *A history of Nigeria*. London, 1983.
- JAUSS, H.R., *Questions and answers. Forms of dialogic understanding* (ed. M. Hays). Minneapolis, 1989.
- JENKINS, K., *On 'What is history?' From Carr and Elton to Rorty and White*. London, 1995.
- JEPPE, C., *The kaleidoscopic Transvaal*. London, 1906.
- JOOSTE, G.J., *Ras, volk en politiek in die Berlynse Sendinggenootskap*. D.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1996.
- KATZ, W.R., *Rider Haggard and the fiction of empire. A critical study of British imperial fiction*. Cambridge, 1987.
- KEEGAN, J., *A history of warfare*. London, 1994.
- KOTZÉ, A.E., *Die fonologiese sisteem van Hananwa*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1987.

- KRIEL, L. *Die Boer-Hananwaoorlog van 1894: 'n bronneontleding. Gedoseerde M.A.-verhandeling*, Universiteit van Pretoria, 1997.
- KRÜGER, D.W. & C.J. BEYERS (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*. Kaapstad, 1977.
- KRUGER, L.S., *Die Makgoba-(Magoeba-) oorlog, 1894-1895. M.A.-verhandeling*, Universiteit van Pretoria, 1955.
- KRUGER, S.J.P., *Gedenkschriften van ... geciteerd aan H.C. Bredell (Particulier Secretaris) en Piet Grobler (Gewezen Onder-Staatssecretaris der Zuid-Afrikaansche Republiek)*. Geauthoriseerde Nederlandse uitgawe bewerkt door Frederik Rompel. Amsterdam, 1902.
- KRUGER, S.J.P., *The memoirs of ...*(eds. H.C. Bredell & P. Grobler). Johannesburg, 1986.
- LAMAR, H., & L. THOMPSON (eds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*. New Haven, 1981.
- LE ROY LADURIE, E. (translator B. Bray), *Montaillou. The promised land of error*. New York, 1978.
- LEWIS, C. and G.E. EDWARDS, *Historical records of the Church of the Province of South Africa*. London, 1934.
- MAKHURA, T.J., *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*. M.A. dissertation, University of Bophuthatswana, 1993.
- MALIK, K., *The meaning of race. Race, history and culture in Western society*. New York, 1996.
- MALLON, T., *A book of one's own. People and their diaries*. New York, 1984.
- MAREE, W.L., *Lig in Soutpansberg. Die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Transvaal 1863-1963*. Pretoria, 1962.
- MARKS, S. & A. ATMORE (eds.), *Economy and society in pre-industrial South Africa*. London, 1980.
- MARSDEN, G. (ed.), *Victorian values. Personalities and perspectives in nineteenth-century society*. London, 1990.
- MARWICK, A., *The nature of history*. Basingstoke, 1989.
- MEIJER, M., *In tekst gevat: inleiding tot een kritiek van representasie*. Amsterdam, 1996.
- MERTENS, A. & K. BEEKMAN (reds.), *Intertekstualiteit in theorie en praktijk*. Dordrecht, 1990.

- MOUTON, J.A., *Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis*. Parow, 1957. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 20(1), 1957.
- MUNNIK, G.G., *Kronieke van noordelike Transvaal: die herinneringe van senator* Pretoria, 1922.
- MUNNIK, G.G., *Memoirs of Senator the Hon., covering eighty years of thrilling South African history, politics and war*. Cape Town, 1934.
- MUNSLOW, A., *Deconstructing history*. London, 1997.
- NEMUDZIVHADI, M.H., *The conflict between Mphephu and the South African Republic (1895-1899)*. M.A. dissertation, University of South Africa, 1977.
- OLIVER, R. & J.D. FAGE, *A short history of Africa*. Harmondsworth, 1964.
- PAKENHAM, T., *The scramble for Africa, 1876-1912*. Johannesburg, 1991.
- PEIRES, J.B., *The house of Phalo. A history of the Xhosa people in the days of their independence*. Johannesburg, 1982.
- PIOT, C. & M. AUSLANDER (eds.), *On Of revelation and revolution*. Special topic edition of *Interventions. International journal of postcolonial studies* 3(1). 2001.
- PLOEGER, J., *Nederlanders in Transvaal 1850-1950*. Pretoria, 1994.
- PONSONBY, A., *English diaries. A review of English diaries from the sixteenth to the twentieth century with an introduction on diary writing*. London, 1923.
- PONSONBY, A., *More English diaries. Further reviews of diaries from the sixteenth to the nineteenth century with an introduction on diary reading*. London, 1997.
- PRETORIUS, F., *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad, 1991.
- PRETORIUS, F., *The great escape of the Boer pimperl: Christiaan de Wet. The making of a legend*. Pietermaritzburg, 2001.
- RAE, C., *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*. Cape Town, 1898.
- RANGER, T.O., *Revolt in southern Rhodesia, 1896-7*. London, 1967.
- RANGER, T.O & E. HOBSBAWM (eds.), *The invention of tradition*. Cambridge, 1995.
- RICHTER, J., *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824-1924*. Berlin, 1924.

- ROBINSON, R. & J. GALLAGHER with A. DENNY, *Africa and the Victorians. The official mind of imperialism*. London, 1981.
- RÜSEN, J., *Studies in metahistory*. Pretoria, 1993. *Human Sciences Research Council series in methodology* (ed. J.Mouton), 1993.
- SAID, E.W., *Culture and Imperialism*. London, 1993.
- SANDERSON, G.N. & R. OLIVER (eds.), *The Cambridge history of Africa VI, c. 1870 – c. 1905*. Cambridge, 1985.
- SAUNDERS, C. & N. SOUTHEY (eds.), *A dictionary of South African history*. Cape Town, 1998.
- SCHIEL, A., *Drei und zwanzig Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika*. Leipzig, 1902.
- SCHOLTZ, G.D., *Suid-Afrika en die wêreldpolitiek, 1652-1952*. Johannesburg, 1954.
- SONNTAG, C., *My friend Malaboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag). Unpublished, typed manuscript. S.l., s.a.
- SONNTAG, C., *My vriend Maleboch, kaptein van die Blouberge* (red. K. Sonntag). Ongepubliseerde, getikte manuskrip. S.l., s.a.
- SONNTAG, C., *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek. S.l., s.a.
- SONNTAG, C., *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag). Pretoria, 1983.
- SONNTAG, C., *Mein Freund Maleboch* (herausgegeben und eingeleitet von Ulrich van der Heyden & Konrad Sonntag). Berlin, 1999.
- SCHAMA, S., *Landscape and memory*. London, 1995.
- SCHREUDER, D.M., *The scramble for Southern Africa, 1877-1895: the politics of partition reappraised*. Cambridge, 1980.
- SHEPARD, P., *Man in the landscape. A historic view of the aesthetics of nature*. College Station, 1991.
- SHAFER, R.J. (ed.), *A guide to historical method*. Belmont, 1980.
- SHILLINGTON, K., *History of Africa*. London, 1995.
- SPALDING, P.A., *Self-harvest. A study of diaries and the diarist*. London, 1949.
- TEMPELHOFF, J.W.N., *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899*. Pretoria, 1997. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 60, 1997.
- TOLLEBEEK, J. & T. VERSHAFFEL, *De vreugden van Houssaye. Apologie van de historische interesse*. Amsterdam, 1992.

- TOSH, J., *The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history*. London, 1993.
- TOSH, J., *The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history*. Third edition. London, 1999.
- TRICHARD, S.P.E., *Geschiedenis, werke en streven van ... luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemzelve beskrywen* (red. O.J.O. Ferreira). Pretoria, 1975.
- TRICHARDT, L., *Die dagboek van ...* (red. T.H. le Roux). Pretoria, 1964.
- TRÜMPELMANN, G.P.J. & E. ERBE, *Woordeboek. Wörterbuch. Deutsch-Afrikaans. Afrikaans-Deutsch*. Pretoria, 1983.
- VAN DER MERWE, D.W., *Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900*. Pretoria, 1984. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 46 I, 1984.
- VAN DER MERWE, D.W., *Die Berlynse Sendinggenootskap en kerkstigting in Transvaal, 1904-1962*. Pretoria, 1987. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 50 II, 1987.
- VANDERVORT, B., *Wars of imperial conquest in Africa, 1830-1914*. London, 1998.
- VAN JAARSVELD, F.A., *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*. Johannesburg, 1984.
- VAN JAARSVELD, F.A. en J.I. RADEMEYER, *Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig*. Johannesburg, 1960.
- VAN ONSELEN, C., *The seed is mine. The life of Kas Maine, a South African sharecropper 1894-1985*. Cape Town, 1996.
- VAN SCHALKWYK, J.A., *Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing: 'n antropologiese studie van die Hananwa van Blouberg*. D. Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1995.
- VENTER, W.A. *Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die negentiende eeu*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1961.
- VOELTZ, R.A., *German colonialism and the South West Africa Company, 1894-1914*. Athens, Ohio, 1988.
- WEIDEMANN, N.C., *Die Malabochoorlog (1894)*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1944.
- WESSELING, H.L., *Divide and rule: the partition of Africa, 1880-1914*. London, 1996.

- WHITE, H., *Metahistory. The historical imagination in nineteenth-century Europe*. Baltimore, 1973.
- WHITE, H., *Tropics of discourse. Essays in cultural criticism*. Baltimore, 1978.
- ZÖLLNER, L. & J.A. HEESE, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*. Pretoria, 1984.

VII PERSOONLIKE MEDEDELINGS

1 MONDELING

- JOUBERT, A.P., Departement Afrikatale, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1995-01-12 – 1995-01-15; 1997-07-25; 2000-11.
- MOUTON, dr. A., Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 2001-10-03.
- PRINSLOO, prof. D.J., Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1994-08-16.
- SONNTAG, I.M., Pienaarstraat 249, Brooklyn, Pretoria, 1994-07-28.
- SONNTAG, K. en. A., Menlynweg, Pretoria, 1994-07-28.
- VAN MOLLE, prof. L., Departement Geschiedenis, Katholieke Universiteit Leuven, Blijdeinkomststraat 21, Leuven, België, 1995-11-29.
- VAN SCHALKWYK, dr. J.A., Nasionale Kultuurhistoriese Museum, African Window, Pretoria, Julie 2000.

2 SKRIFTELIK

- DUNCAN, J.E., Managing director, Juta & Company Limited, P.O. Box 14373, Kenwyn, 1994-01-07.
- SONNTAG, K.C.G., Posbus 25294, Monumentpark 0105, 1997-08-11.
- WAKELING, C.J., Archivist, United Society for the Promotion of the Gospel, Partnership House, 157 Waterloo Road, London SE1 8XA, England, 1995-11-28.

VII DIVERSE

- JEPPE, F. & C.F.W. JEPPE, *Jeppe's map of the Transvaal or S.A. Republic and surrounding territories, sheet 2*. Pretoria, 1899.

BYLAE A

CHRISTEN-HANANWA EN 'FRIENDLY NATIVES'

Swartmense wat aan Boerekant teen die Hananwa geveg het.

Dit was gedurende die 1890's geen ongewone gebruik vir die Boere om swartmense as hulpkrygers teen ander swartmense in te span nie. T.J. Makhura beskryf oortuigend, hoofsaaklik met inligting wat hy in Sonntag se dagboek gevind het,¹ hoe die beproefde Boerestrategie om swartmense op die voorpunt van geveg te plaas, ook teen die Hananwa gevolg is:

... the Boer strategy of placing their African allies at the forefront saved many of them, while their surrogates incurred heavy losses. A similar strategy was applied in other earlier Boer encounters elsewhere, especially against the Bapedi and Ndzundza Ndebele in the eastern Transvaal by 1876 and 1882-1883 respectively. Likewise, Fitzpatrick revealed that "They [the Boers] do not like exposing themselves to risk and danger. Their caution and their care for personal safety", he argued, "are such that, judged by the standard of other people's conduct in similar positions, they are frequently considered to be wanting in personal courage."²

Makhura het die aantal swart troepe wat by die Boer-Hananwa-oorlog betrokke was, soos volg bereken: Kibi en Mapene het troepe voorsien wat Vorster se Soutpansberg-laer bygestaan het. Vorster is ook deur Matlala, van vyfhonderd, en deur en Moloto, van tweehonderd krygers voorsien.³ Die Waterbergkommando is vergesel van driehonderd 'Matebele'.⁴ Die Middelburgers het tweehonderd gekommandeerde swartmense gebruik – onder hulle Christene van Botshabelo.⁵ Kommandant Malan van die Rustenburgkommando het drie Kgatla-regimente (ongeveer driehonderd man) uit Saulspoort (Moruleng) en omgewing gekommandeer. Dit kom, volgens Makhura se berekening, neer op 'n totaal van ongeveer tweeduisend "African mercenaries" teenoor vierduisend wit krygers.⁶

-
1. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), pp. 74, 101 & 105.
 2. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*. M.A. dissertation, UNIBO, 1993, pp. 181-182. Aanhaling oorgeneem uit P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within. A private record of public affairs*, p. 41.
 3. Makhura het hierdie inligting afgelei uit die volgende bronne: "W. Motšhemi, *Interview*, Broad Hill, 30 Nov. 1990; T.P. Lebogo, *Interview*, Sesalong, 6 Jan. 1991; C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 10-13, 19."
 4. Soos bevestig deur C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 53 & 74.
 5. Ook soos bevestig deur C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 66.
 6. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity ...*, pp. 162-163.

Uit Bergh se navorsing kan van hierdie gemeenskappe van nader geïdentifiseer word. Kibi en Mapene se troepe was natuurlik uit die Blouberg-omgewing self afkomstig. Kibi se volgelinge was verwant aan die Hananwa van Mmalebôhō, met die breuk tussen die twee faksies moontlik so onlangs as 1879.⁷ Mapene en sy volgelinge was klaarblyklik van Birwa-afkoms. Matlala was die leier van die Koni, 'n gemeenskap wat die Boere reeds so vroeg as 1867 in aanvalle op die Venda bygestaan het.⁸ Die Koni-hartland was geleë noordwes van Pietersburg in die teenswoordige Seshegodistrik.⁹ Met die tweehonderd krygers van 'Moloto' verwys Makhura moontlik na die Kwena van Moletši, ook woonagtig noordwes van Pietersburg, maar oos van die Koni, aan die Houtrivier.¹⁰ Die driehonderd Matabele wat die Waterberg-kommando vergesel het en so 'n reputasie vir hulle gewaande wreedheid verkry het, was van die Langa-Ndebelegemeenskap, wat verdeel was onder die leierskap van Hans en Bakenberg Masebe.¹¹ Die Kgatla van Saulspoort uit die distrik Rustenburg, was daardie lede van die die Kgafêla-Kgatla-gemeenskap wat in die *Zuid-Afrikaanse Republiek* (ZAR) agtergebly het toe Kgamanyane en die meeste van sy volgelinge in 1870/1 na die teenswoordige Botswana migreer het.¹² Makhura het uit 'n tydgenootlike koerant sowel as uit die dokumentasie van die kommandant-generaal bevestiging gekry dat die Kgatla van Rustenburg ook teen die Hananwa gaan veg het. In Breutz se *History of Batswana* het hy selfs name vir die drie regimente opgespoor: Matlakana, Makoba en Matshanko (Majanku)¹³

Die Majakane, of Christen-Hananwa, en die inligting waartoe hulle sendeling Sonntag toegang verleen het

Die Hananwa-Christene wat saam met Sonntag op Blauberg, die BMS-stasie gewoon het, maar ook die Wesleyaanse Christene wat in die gebied gestasioneer was, asook die Christene wat op die BMS se talle buiteposte of tussen ongekerstende Hananwa gewoon het, het Sonntag besondere toegang tot Hananwa-beskouings oor betrekkinge met die ZAR gegee. Die vertaler van die Sonntag-dagboek het gewoonlik slegs die Westerse voorname van die Christene in die Engelse publikasie opgeneem. Uit die oorspronklike Duitse manuskrip en die sendeling se korrespondensie met generaal

-
7. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. ii.
 8. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, p. 188.
 9. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, p. 107.
 10. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, p. 201 & kaart 6.5.
 11. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, p. 221
 12. J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies*, pp 10, 40, 201 & 218.
 13. T.J. Makhura, *The Bagananwa polity* ..., p. 162. Makhura se bronverwysing is soos volg: "... [TAB:] KG. CR6332/96, K.G.CR2206/97 on participation of Chief Mabaal's (Mabalane's) people. P.L. Breutz, *History of Batswana*, p. 342. Breutz specified the three Bakgatla-ba-ga-Kgafela regiments as ... See also, *De Volksstem*, 9 June 1894."

Piet Joubert tydens die 1894-konflik, kan die biografiese besonderhede oor hierdie informante verder aangevul word.

Bekeerlinge van die Berlynse Sendinggenootskap

Petrus, “an elder of the congregation and the charge-’d-affaires between chief and missionary” en “his son in law, the teacher”¹⁴ Thimotheus, is die eerste twee Hananwa-Christene wat aan die leser van die Engelse vertaling voorgestel word. Die Engelse omskrywings van hulle posisies hier aangehaal, is feitlik ‘n letterlike vertaling uit die Duits.¹⁵ Petrus Tsita en Thimotheus Munye was aan die hoof van twee van die vyf families wat op Blauberg-sendingstasie gewoon het. Daar was ook nog Philippus Morapedi, wat saam met sy vrou Kristina en kinders op die stasie gebly het.¹⁶ Van hom word berig dat hy Petrus per geleentheid na kommissaris Vorster vergesel het¹⁷ - ‘n insident wat in die hieropvolgende bespreek word. Die volgende verwysing na hierdie minder-prominente stasiebewoner is gevind in die dagboekinskrywing van 15 Mei 1894, maar dit is nie deur die vertaler by die gepubliseerde teks ingesluit nie: “Nur Philippus meint, Heiden seien Heiden, man kan ihnen nicht trauen.”¹⁸ Dat Sonntag dit opgeteken het, bevestig dat hy kennis geneem van die vooroordeel van Hananwa-gelowiges jeens hulle ongelowige volksgenote. Dit mag wees dat hy die Philippus-opmerking juis opgeteken het omdat dit uitsonderlik was wat betref die hoë mate van wantroue wat daarin gereflekteer is. By die meeste ander gelowiges blyk daar eerder ‘n verontwaardige ontsteltenis te gewees het oor die gerugte dat die ‘ongelowiges’ hulle van samewerking met die Boere beskuldig het. Die blote ontstaan van dié gerug mag ook dui op ‘n skuldgevoel onder die Christene dat hulle nie soos die res van hulle mense teen die Boere stelling ingeneem het nie. Hierdie dimensie van Sonntag se Hananwa-getuies moet deurgaans in die beoordeling van hulle vertellings in ag geneem word.

In die verskillende Hananwa-getuies was daar beslis grade van verdraagsaamheid en vooroordeel werksaam. Sonntag self het selfs in daardie laat stadium, toe Philippus sy uitspraak soos hier aangehaal, gemaak het en toe spanning tussen die Boere en die Hananwa reeds breekpunt bereik het, steeds daarop aanspraak gemaak dat

14. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 2.

15. C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, p. 128.

16. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: KG. 623, p.2: Lijst van gedoopte en ongedoopte volk staande onder toezicht van ondergeteekende - Berlynsche Zendingsgenootschap, 1894-07-26.

17. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 29.

18. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 198.

Mmalebôhō en sy raadgewers die hoogste vertroue in hom gehad het. Dat hy nietemin die vooroordele en vrese van sy stasiebewoners in ag geneem het, verklaar waarskynlik waarom, soos uit die hieropvolgende sal blyk, hy 'n gelykmatiger getuie soos 'n Petrus veel meer dikwels as boodskapper of Hananwa-verteenwoordiger aangewys het, terwyl 'n getuie soos Philippus nie op soortgelyke ekspedisies gestuur is nie.

Nie veel getuienis oor die aanloop tot die konflik is aan die name van enige van die ander families wat op Blaubergstasie gewoon het, gekoppel nie. Daar kan wel aanvaar word dat Sonntag se verwysings na 'die Christene' ook die families van Martinus Mpye, Lasarus Khope en Joseph Ngako moes ingesluit het.¹⁹ Hoewel die stasiebewoners skynbaar redelik vrylik rondbeweeg het, was daar in die drie jaar tussen Sonntag se aankoms te Blouberg en die einde van die oorlog nie juis veel verwisseling van die toelaatbare vyf families op Blaubergstasie nie.²⁰ Dit kom voor asof slegs Thimotheus Munye en sy gesin, wat in daardie tyd na die buitestasie Derben verskuif het, se plek deur 'n ander familie ingeneem is. Teen die tyd dat die oorlog uitbreek het, moes dagboekhouer Sonntag dus reeds goed vertrouwd gewees het met die wyse waarop en aard van inligting wat van sy spesifieke stasiebewoners ontvang is.

Wat die periode voor die oorlog betref, is daar nie in die gepubliseerde Sonntag-tekste veel verwysing na Berlynse Genootskap se bekeerlinge elders as op Blauberg-stasie nie. Die leser ontmoet wel in November 1892 vir Moses S/Lankobolo en Lukas Matabane, wat onderskeidelik in Kibi en 'n mindere *kgosi*, Khobe, se gebied woonagtig was.²¹ Van eersgenoemde het Sonntag inligting oor Kibi se houding teenoor onderskeidelik die Berlynse en Wesleyaanse genootskappe in die gebied ontvang. Ten spyte daarvan dat S/Lankobolo Sonntag voorberei het op die wedywering tussen die twee genootskappe en dat Kibi eintlik die Wesleyane se bearbeiding verkies het, is die nuwe Berlynse sendeling vriendelik deur Kibi - en die Wesleyaanse bekeerlinge - ontvang.

-
19. TAB: KG. 623, p.2: Lijst van gedoopte en ongedoopte volk staande onder toezicht van ondergeteekende - Berlynse Zendingen-Genootschap, 1894-07-26.
20. Ingevolge die 'Plakkerswet' (Wet no. 11 van 1887, soos gewysig deur Wet no. 21 van 1895) is net vyf swart huishoudings per plaas in die ZAR toegelaat. Sien TAB: SN 177, Notule Lokasiekommissie, 1887-12-26, pp. 43-45, soos uiteengesit in J.S. Bergh, Grondregte in Suid-Afrika: 'n 19de eeuse Transvaalse perspektief, *Historia* 40(2), November 1995, p. 43. Sien ook hoofstuk twee. Vir Wet no. 11 van 1887, sien J.G. Kotzé (red.), *De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1886-1887*, pp. 151-152. Vir Wet no. 21 van 1895, sien H.J. Coster (red.), *De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1895*, pp. 226-228.
21. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 10; TAB: KG. 623, p. 8: Lijst van gedoopte en ongedoopte volk staande onder toezicht van ondergeteekende - Berlynse Zendingen-Genootschap, 1894-07-26.

Bekeerlinge van die Wesleyaanse Metodiste-Sendinggenootskap

Dit is veral die “Wesleyan helpers Solomon and Lazarus”²² wat in die Engelse weergawe van Sonntag se dagboek ter sprake gebring word. Hulle maak hulle eerste ‘verskyning’ onder die inskrywing van 6 Mei 1894. Dié twee mans was bang dat hulle en hulle naasbestaendes op die Wesleyaanse stasies, indien vyandelikhede sou losbars, in die middel daarvan sou beland en het hierdie vrees aan Sonntag gaan oordra. Die vertaler het die frase “zwischen zwei Feuern”²³ letterlik as “exposed to the cross-fire of the two opposing sides”²⁴ geïnterpreteer. Die beeldspraak het natuurlik ook die bykomende betekenis dat dit verwys na die twee opsies waartussen al die Wesleyaanse gelowiges sodra die oorlog sou uitbreek, moes kies: of hulle hulp aan die Boere of die Hananwa van Mmalebôhō sou verleen. As wetsgehoorsame belastingbetalers het die Christene hulle amptelik aan die kant van die Boereregering geskaar, maar hulle was steeds traag om hulleself oor te lewer aan die Boere se gesag en opdragte uit te voer wat sou neerkom op openlike vyandigheid teen Mmalebôhō, teenoor wie hulle steeds lojaal gevoel het.

Sonntag het die Wesleyane se dilemma opgelos deur hulle te nooi om tydens die vyandelikhede op sy stasie te kom intrek. Dat die Berlynse sendingstasie die een plek was waar - wel ‘n baie spesifieke groepie - Hananwa tydens die oorlog veilig kon wees en tegelykertyd ‘n redelike mate van beheer kon verkry oor watter aandeel hulle in die konflik wou speel, is nog ‘n stuiwer in die beurs van die voortslepende debat onder hedendaagse historici oor sendeling Sonntag se affiliasie tydens die konflik. Hoewel die Boere vrylik van sy sendingstasie gebruik sou maak tydens die oorlog, sou hulle ook die ‘neutraliteit’ van die Hananwa wat daar gehuisves is, respekteer en dit oogluikend toelaat dat hierdie Hananwa steeds op ‘n gereelde basis met die Boere-vyand, Mmalebôhō, kontak kon maak. Dit is nie vir die leser moontlik om Salomon en Lazarus se intensies uit die teks af te lei nie. Dit sal ‘n ope vraag bly of hulle uit die staanspoor reeds die versindheid gehad het dat hulle verblyf op die ‘neutrale’ sendingstasie hulle in staat sou stel om, onder die voorwendsel van onderdanigheid aan die Boere, steeds met Mmalebôhō te bly kommunikeer. Dat hulle oënskynlike diensbaarheid as boodskappers vir die Boere Mmalebôhō en sy onderdane uiteindelik eerder tot voordeel as tot nadeel sou strek, blyk nietemin wel ‘n geloofwaardige interpretasie van die teks te kan wees.

22. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 29.

23. C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 194.

24. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 29.

Meer volledige besonderhede oor die Wesleyaanse Christene kon in die Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek, opgespoor word juis omdat ván hulle Sonntag se uitnodiging om op sy sendingstasie te gaan skuil, aanvaar het. Die sendeling moes tydens die oorlog 'n lys van al die inwoners van sy stasie aan die Kommandant-Generaal van die ZAR stuur. Volgens daardie uiteensetting, was Salomo[n] Maloba en Lazarus Moremi albei Evangeliste van die Wesleyan Methodist Mission Society. Maloba en vier ander mans word saam met hulle families gelys onder “Volk van Evangelist Salomo’s stasie (thans op mijn stasie blyvende)”.²⁵ Lazarus Moremi is onder die dertien families wat gelys word onder “Volk woonachtig by Onder-Kapitein Khobe”,²⁶ een van Mmalebôh se onderdane wat besluit het om vergelding vry te spring deur vroegtydig aan die Boere oor te gee. Volgens die lys kom dit voor asof Moremi en sy Christen-volgelingen tydens die oorlog by Khobe aangebly het, maar 'n aantekening in die oorspronklike Duitse dagboek stel dit duidelik dat Lazarus en sy mense sedert 10 Mei 1894 op Sonntag se stasie gehuisves was.²⁷ Dat Sonntag traag kon gewees het om die teenwoordigheid van die Khobe-Christene op sy stasie té pertinent onder die Boere se aandag te bring, maak sin: Met dié dat Khobe en sy gemeenskap hulle belasting vroegtydig betaal het, het hulle geensins die ZAR se aanspraak op hulle onderhorigheid afgeweer nie, maar hulleself bloot op vreedsame wyse aan die genade van die wit regering uitgelewer. Die hele gemeenskap is steeds veplig om hulle bergvestings te verlaat en nader aan hulle landerye op die oopte te verskuif. Hierdie ontwrigting was reeds 'n versagte ‘vonnis’ wat deur Sonntag beding is nadat aanvanklik deur die ZAR op verskuiwing na 'n ‘lokasie’ vir hulle besluit is.²⁸ Onder hierdie omstandighede sou dit vir die Khobe-Christene die gemaklikste gewees het om nie van die Berlynse stasie te verskuif nie.

Om te verstaan waarom die Wesleyane onder Lazarus Moremi en Solomon Maloba nie op hulle eie stasies so veilig soos by Sonntag sou wees nie, is meer inligting oor die organisasie van die Wesleyaanse sending, spesifiek in die Soutpansberg-gebied, nodig.

Teen 1894 was die sendingaktiwiteite van die Wesleyan Methodist Mission Society rondom Blouberg hoofsaaklik in die hande van vier swart evangeliste met onder hulle

-
25. TAB: KG. 623, p. 2: Lijst van gedoopte en ongedoopte volk staande onder toezicht van ondergeteekende - Berlynsche Zendings-Genootschap, 1894-07-26.
26. TAB: KG. 623, pp. 1-2: Lijst van het volk behoorende onder het Wesleyaanse Zendings-Genootschap. - De volgende namen zijn door den Evangelist Salomo Maloba opgegeven, 1894-07-27.
27. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 196; sien ook C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 43.
28. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 40-43.

‘n totale lidmaattal van 49.²⁹ Die lesers van Sonntag se Engelse publikasie raak veral vertrouwd met Solomon Maloba, ook bekend as Solomon Thabo, en Lazarus Moremi. Terwyl Moremi suid van Sonntag se stasie by Khobe gestasioneer was, het Maloba selfs nog nader aan die Berlynse sendingstasie gewoon. In die oorspronklike Duitse dagboek beweer Sonntag dat sy stasie binne ‘n uur vanaf Maloba se Wesleyaanse pos bereikbaar was. Dit maak dus sin dat hierdie twee Wesleyaanse evangeliste, wat die naaste aan Sonntag gestasioneer was, die dikwelsste met hom sou kommunikeer en dat dit juis hulle sou wees wat tydens die oorlog by Sonntag sou wou kom skuil. Redakteur Konrad Sonntag begaan ‘n fout wanneer hy beweer dat dié twee evangeliste en hulle volgelinge uit Kibi se gebied (verder oos) na die Berlynse sendeling toe gevlug het.³⁰ Hulle was juis nie in Kibi nie, maar in Mmalebôh se invloedssfeer gestasioneer. Die ander twee Wesleyaanse evangeliste, Samuel Modibe en Elias Potokoe, wat wel in Kibi se gebied gewoon het, het nie rede gehad om te vlug nie, aangesien hulle te danke aan hulle leier se samewerking met die Boere tydens die oorlog ongestoord gelaat sou word. Konrad Sonntag sluit nie werklik die ontmoetings tussen sendeling Christoph Sonntag en hierdie twee Wesleyane by sy weergawe van die aanloop tot die oorlog in nie.³¹

Wat die organisasie van die Wesleyaanse sendinggenootskap in Suid-Afrika betref: Anders as die BMS, het die *Wesleyan Methodist Mission Society* bekeerde swartmense in die noorde van die ZAR teen die einde van die negentiende eeu in ‘n groot mate aan hulleself oorgelaat. Dit was deels weens hulle ervaring en filosofie dat swart bekeerlinge die evangelisasie en onderrig van hulle eie gemeenskappe op hulleself kon neem, maar ook deels daaraan toe te skryf dat hulle nie die fondse of wit mannekrag gehad het om hulle ambisieuse uitbreidingsideale in Afrika alleen te verwesenlik nie. Hulle ywer om al hoe groter en groter dele van Afrika as onder hulle bediending te klassifiseer, het hulle dikwels die beskuldiging op die hals gehaal dat hulle kwansuis ander genootskappe se bekeerlinge sou afrokkel.³² Soos reeds aangedui, was daar ook in Blouberg sprake van sulke spanning. Sonntag het reeds in

29. Cory Library, Rhodes University, Wesleyan Methodist Mission Society (London) Archive: South African Correspondence (WMMS LA SA): H. 2711, Box no. 329, Tvl. S.A. 31, 1894, no. 1040, W.J. Underwood, Pretoria – M. Hartley, London, 1894-06-23.

30. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 34.

31. C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 136, 146, 150-3, 169, 158, 203, 223, 255, 259; TAB: KG 623: Lijst van gedoopte en ongedoopte volk staande onder toezicht van ondergetekende – Berlynse Zendings-Genootskap, C. Sonntag, 1894-07-27. Samuel Modibe was by Kibi gestasioneer en Elias Potokoe by Motheba, ‘n onder-leier in Kibi se invloedssfeer, wat tussen Kibi en Manaka gesetel was.

32. W.A. Venter, *Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die negentiende eeu*. D.Phil-proefskrif, UOVS, 1961, pp. 202, 205, 388 & 423-424; D.W. van der Merwe, *Die geskiedenis van die Berlynse sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 1984 I, p. 158; Cory Library, Rhodes University, Grahamstown: Wesleyan Methodist Mission Society (WMMS SA): MS. 15.241: G. Lowe – O. Watkins, 1890-07-08; WMMS LA SA: H. 2711, Box 329 Tvl SA 31 1893-1894 Nov 1037: T.H. Wainman – M. Hartley, 1894-02-01.

1892 in sy dagboek die voorneme uitgespreek om, anders as sy voorganger, in vrede met die Wesleyane te lewe ten einde die Hananwa so min as moontlik aanstoot te gee.³³ Die Wesleyaanse sendeling verantwoordelik vir Blouberg, Thomas H. Wainman, sou hom na afloop van die 1894-oorlog daarvoor gaan bedank dat hy sy gemeentelede se belange voor die Boerekommissaris verdedig het. Niks van dié interdenominasionele welwillendheid wat in die hieropvolgende getuienis breedvoerig behandel word, is in die amptelike Wesleyaanse nuusbrief gerapporteer nie. Die nuusbrief skram, terloops, ook daarvan weg om die ZAR-regering enigszins in 'n swak lig te stel.³⁴

As enigste wit sendeling in die Wesleyane se Soutpansberg-rondgang, was Wainman, van waar hy op die plaas Good Hope naby Smitsdorp gestasioneer was, kwalik in staat om een keer per jaar by al die stasies onder sy beheer uit te kom. Onder hierdie omstandighede was hy en sy voorsitter, George Weavind, waarskynlik selfs nog meer as die Berlyners daarvan bewus dat die voortsetting van hulle werk afhanklik was van die welwillendheid van die Boereregering teenoor hulle genootskap. Blouberg, ongeveer 120 myl (90 km) vanaf Good Hope, is in die sorg gelaat van reeds genoemde vier Evangeliste - wat goed aan Sonntag bekend was.³⁵ Sover uit Wesleyaanse korrespondensie en Hananwa-getuienis aan Sonntag afgelei kon word, het Wainman een of ander tyd in 1891, waarskynlik in Julie,³⁶ daarna in Oktober 1892,³⁷ toe in Junie³⁸ en November 1893³⁹ en weer vroeg in 1894 (beslis nie later as Mei nie)⁴⁰ by Blouberg gesoek afgelê. Ten einde hulleself in Transvaal van die laat-1800's suksesvol teen die Boere te kon posisioneer, was die hulp van 'n wit segspersoon vir 'n groepie swartmense soos die Wesleyane in Mmalebôhō se gebied onontbeerlik. Wainman se sporadiese besoeke aan die gebied het nie in hierdie behoefte voorsien nie. Toe die bedreiging wat die konflik tussen Mmalebôhō en die Boere vir hulle sou inhou, tot Samuel en Lazarus deurgedring het, was Sonntag, woonagtig in hulle

-
33. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 136; TAB: A. 1281, pp. 479: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-10-31.
34. WMMS SA: G. Weavind, Recent letters from the Transvaal, *Wesleyan Missionary Notices, 1894-1896*, pp. 21-22. Die brief wat hier gepubliseer is, is oorspronklik op 6 September 1894 deur Weavind te Good Hope geskryf. WMMS LA SA: H. 2711, Box 329 Tvl SA 3, 1894 No 1041: G. Weavind - M. Hartley, 1894-09-06.
35. Volgens die sendingverslae is die aantal evangeliste tussen 1893 en 1894 van twee tot vier vermeerder. Vergelyk WMMS SA: *Wesleyan Missionary Reports, 1893-1894*, p. 86; *The eighteenth report of the Wesleyan Methodist Missionary Society (1894) with an account of the contributions received for the financial year 1893*, p. 109.
36. WMMS SA: MS 15.241, Good Hope: T. H. Wainman - O. Watkins, 1891-04-29; WMMS LA SA: H. 2711, Box 329, Tvl SA 31, 1891, No. 1025 & 1026: T.H. Wainman - M. Hartley, December 1891.
37. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 136; TAB: A. 1281, pp. 479: Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1892-10-31.
38. C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 158.
39. WMMS LA SA: H. 2711, Box 329, Tvl SA 31, 1894, No. 1037: T.H. Wainman - M. Hartley, 1894-02-01.
40. WMMS LA SA: H. 2711, Box 329, Tvl SA 31, 1894, No. 1039: G. Weavind - M. Hartley, 1894-05-26.

gebied, die enigste persoon tot wie die Wesleyane hulle kon wend. Uit korrespondensie tussen Wainman se seniors blyk dit dat die wit Wesleyane teen einde April, op die laaste vroeg Mei 1894, toe oorlog onvermydelik begin lyk het, alle moontlikhede om verder met Mmalebôhò, en daarmee saam die Christene in sy gebied, kontak te behou, laat vaar het.⁴¹ Van waar hy uit Pretoria sy brief na Londen geskryf het, kom dit voor asof George Weavind selfs verlig was dat Wainman te ver van die oorlogstoneel was om in enige gevaar te verkeer - of enige invloed op die verloop van gebeure uit te oefen. Die uitspraak in sy brief dat hy Wainman opdrag gegee het om die situasie te Blouberg vanaf Smitsdorp te monitor is,⁴² te oordeel aan die 120 myl tussen die twee destinasies, leë retoriek. So ook sy aanbod om die Hananwa vanuit Pretoria te help. Die wit Wesleyaanse sendelinge was nie eens bewus van die behoeftes van hulle eie gemeentelede op die vooraand van die oorlog nie, wat nog te sê van dié van die *misguided* 'heidene' en hulle leier Mmalebôhò? Dit is opmerklik dat Weavind selfs die protesaksies wat deur enkele wit Wesleyaanse geestelikes in Johannesburg en Pretoria teen die oorlog geloods het, veroordeel het.⁴³ Getrou aan die wense van hulle wit bestuur, het die Wesleyaanse evangeliste by Blouberg nie by die 'politiek' betrokke geraak nie, maar hulle was baie verleë oor die Berlynse sendeling, hulle wit leiers se sterkste kompetisie in die stryd om siele, ten einde die letterlik onhoudbare posisie waarin hulle neutraliteit hulle gemeente geplaas het, te oorleef.

41. WMMS LA SA: H. 2711, Box 329, Tvl SA 31, 1894, No. 1039: G. Weavind – M. Hartley, 1894-05-26.

42. WMMS LA SA: H. 2711, Box 329, Tvl SA 31, 1894, No. 1039: G. Weavind – M. Hartley, 1894-05-19.

43. WMMS LA SA: H. 2711, Box 329, Tvl SA 31, 1894, No. 1040: G. Weavind - M. Hartley, 1894-06-09.

BYLAE B

AANSPRAKE OP DIE BLAUBERG-SENDINGSTASIE-GROND

Op die eerste bladsy van sy vertaalde drama-weergawe van sendeling Christoph Sonntag se dagboek, skryf Konrad Sonntag oor die onmin wat in 1892 tussen die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) en Mmalebôhō veroorsaak is deur “Stech informing Malaboch that the land occupied by the mission-station was the legal property of the Berlin Mission Society.”¹ In hierdie bylae word probeer om ‘n antwoord te formuleer waarom die status van die sendinggrond so ‘n teer punt vir die Hananwa-leierskap was.

Die grond waarop die Blauberg-sendingstasie aangelê is, is in 1868 deur die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) van die regering van die *Zuid-Afrikaanse Republiek* (ZAR) ontvang.² Hierdie praktyk was in ooreenstemming met die sendingbeleid van die ZAR, wat maar pas agt jaar tevore gefinaliseer is.³ Daarvolgens sou die ZAR, slegs nadat ‘n swart leier self die Boereregering met ‘n uitdruklike versoek om ‘n sendeling vir sy mense genader het, aan die betrokke sendinggenootskap ‘n plek aanwys waar ‘n stasie opgerig kon word. Die sendinggenootskap sou genoeg grond ontvang vir die oprigting van ‘n sendelingwoning, kerk, skool en behuising vir plaaslike Christene. Die grond moes ook voldoende wees om in die stasiebewoners se boerderybehoefte te voorsien. Hulle sou besitreg op die grond hê solank hulle dit vir die werksaamhede van die sendingstasie aangewend het en in ooreenstemming met die wette van die ZAR opgetree het.⁴

Kgoši Matsiokwane, *Kgaluši Mmalebôhō* se voorganger, het in 1867 eerwaarde E.B. Beyer se eerste versoek dat hy die ZAR moes nader om ‘n Berlynse sendeling na sy

1. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), p. 1. Vergelyk C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895*. Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, p. 128. Stech het die opmerking gemaak dat die “Grund und Boden, auf dem die Station stehe, der Berliner Miss. Gesellschaft als Eigenthum gehöre.” (... dat die grond waarop die stasie staan, as eiendom aan die Berlynse Sendinggenootskap behoort. Vertaling L.K.)
2. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984 I, p. 68. Die uitreiking van grond, eerder dat dit te koop aangebied word, was in daardie stadium geen ongewone gebruik nie. Daar was byvoorbeeld die bepaling dat elke witman wat homself voor 1852 noord van die Vaalrivier gevestig het, op twee plase geregtig was. (J.S. Bergh, Grondregte in Suid-Afrika: ‘n 19de eeuse Transvaalse perspektief, *Historia* 40(2), November 1995, p. 40.) Die Okkupasiestelsel wat so laat as 1886 in die Soutpansberg-distrik in werking gestel is, het immers ook op die gratis uitreiking van grond-eiendom berus.
3. ‘n “Voorlopig reglement ter regeling van de verkondiging des Evangelies onder de heidensche bevolking der Z.A. Republiek” is in 1860 deur die Berlynse sendelinge C.H.T. Grütznier en A.A.B. Merensky (in samewerking met ds. P.A.C. van Heyningen van die Nederduits Gereformeerde (NG) Kerk) aan die ZAR-regering voorgelê. Dit het die basis gevorm vir die “Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by de uitbreiding van het Evangelie onder de Heidenen” wat op 24 September 1860 deur die Volksraad as wet goedgekeur is. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal ..., pp. 11-14.
4. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal ..., pp. 12-14.

mense te beroep, afgewys. Tog het hy in die daaropvolgende jaar gunstig gereageer, eers op eerwaarde S. Hofmeyr van die Nederduits Gereformeerde (NG) Kerk en daarna ook op Beyer se tweede versoek. Die NG Kerk het nie voorsien dat hulle die stasie in die afsienbare toekoms sou kon ontwikkel nie en het teruggestaan ten gunste van die Berlynse Genootskap, wat toe die stasie te Blouberg ontvang het.⁵ Die plaas, geregistreer as “1071 Leipzig”,⁶ heet na Beyer se tuisstad in Duitsland.⁷ Die moontlikheid dat Matsiokwane se houdingsverandering verband gehou het met die vooruitsig dat hy die sendelinge as wapenagente kon aanwend, word versterk deur sy groot teleurstelling toe Beyer nie vir sy seun ‘n geweer wou skenk nie.⁸

Vreemd genoeg, was daar in die tyd dat die BSG ‘n stasie soos Blauberg op die plaas Leipzig bekom het, nog weinig formele reëlings van die ZAR se kant rakende die grondregte van swartmense. In daardie stadium het Volksraadsresolusie, Artikel 124 van 1853, vanuit die aanname dat al die grond tussen die Vaalrivier en die Limpopo onder beheer van die Voortrekkerowerheid was, voorsiening gemaak dat kommandante grond vir bewoning aan swartmense en hulle nageslag kon toewys – op voorwaarde van die gemeenskap se ‘goeie gedrag’. Eers na die Eerste Anglo-Boereoorlog (1880-1881) het die Boereregering meer formele stappe begin neem en ‘n kommissie aangestel om ‘lokasies’/ reservate vir swartmense af te baken.⁹ Die Hananwa se onwilligheid om na ‘n reservaat te trek (die regering se planne is reeds in 1888 aan hulle bekend gemaak),¹⁰ was nie die hoofrede vir die uitbreek van die 1894-oorlog nie,¹¹ maar as deel van die Hananwa se verzet teen die Boere se ‘ondergraving’ van hulle soewereiniteit, was dit wel onderliggend daaraan. Die Hananwa het die grond wat hulle rondom Blouberg bewoon en benut het, natuurlik reeds ten minste so vroeg as die begin van die negentiende eeu as hulle eiendom beskou.¹² Dit was dus ‘n ironiese, en vir ‘n swart leier, onaanvaarbare situasie dat Berlynse sendelinge op grond kon aanspraak maak wat hulle slegs ontvang het omdat die Hananwa-*kgoši* die ZAR in 1868 uitdruklik daarom versoek het, terwyl die Hananwa self in die oë van die ZAR geen aanspraak gehad het op die grond wat hulle ‘n eeu lank reeds bewoon het nie.

5. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal ..., p. 68; W.L. Maree, *Lig in Soutpansberg. Sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Transvaal 1863-1963*, p. 74.
6. F. Jeppe & C.F.W. Jeppe, *Jeppe's map of the Transvaal or S.A. Republic and surrounding territories, sheet 2*.
7. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal ..., p. 65.
8. D.W. van der Merwe, Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal ..., p. 49.
9. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing: 'n antropologiese studie van die Hananwa van Blouberg*, D. Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA, p. 160; J.S. Bergh, Grondregte in Suid-Afrika: 'n 19de eeuse Transvaalse perspektief, *Historia* 40(2), November 1995, pp. 39-42.
10. T.J. Makhura, *The Baganwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c. 1836-1896*, M.A. dissertation, UNIBO, 1993, p. 143.
11. Sien hoofstuk twee.
12. J.A. van Schalkwyk, *Ideologie en die konstruksie ...*, pp. 35-40.

BYLAE C

DIE REDES VIR DIE 1894-OORLOG SOOS GELYS DEUR SENDELING SONNTAG EN VERTALER SONNTAG

Die verskillende weergawes van die oorsake van die Boer-Hananwa-oorlog soos gevind in die Rae- en Sonntag-tekste en -intertekste, word in hoofstuk agt behandel. Hierdie bylae gee die redes vir die oorlog, soos in Duits uiteengesit deur sendeling Christoph Sonntag en in Engels vertaal deur Konrad Sonntag, in tabelvorm weer. Kommentaar op die verskille tussen die twee weergawes word in die derde kolom en onder-aan die tabelle gelewer.

Christoph Sonntag	Konrad Sonntag	Kommentaar
1. Als 1881 die Bauern Transvaal sich wieder eroberten, soll der in Blauberg residierende Comiss, der Engländer an dem Tag, als er vor den Bauern fliehen mußte, eine Botschaft an Maleboch geschickt haben: Wir Engländer fliehen jetzt, wir kommen aber zurück! Verkauft Euch den Bauern nicht und bezahlt keine Abgaben.	1. It was said that when the Boers reconquered the Transvaal in 1881, the English resident commissioner had sent a message to Maleboch on the day that he had to escape from the Boers: "We English flee now, but we will return. Do not submit to the Boers or pay taxes to them."	Mmalebôhō se Britse 'verskoning' is reeds hierbo ondersoek.
2. Wie wohl bei den meisten Stämmen Südafrikas, so besteht auch bei den Bahananoa eine Abneigung gegen das Bauern-Element.	2. As with most of the Black tribes of South Africa there existed among the Bahananoa a <i>deep-seated natural</i> antipathy to the Boer element. <i>They were by no means enamoured of the knowledgeability or learning of the Boers.</i>	Die historiese aanloop tot die Hananwa se afkeer in die Boere is ook reeds uiteengesit.

Christoph Sonntag	Konrad Sonntag	Kommentaar
<p>3. Die Abneigung richtet sich besonders gegen die Bauern Zoutpansbergs. Nachdem sie sich in Zoutpansberg niedergelassen hatten, mehr als einmal über die Bahananoa herfielen, gewiß nicht ohne Anlaß und mit <i>einem Schein</i> des Rechts über die Bahananoa herfielen und ihnen ihr Vieh abnahmen.</p>	<p>3. This dislike was directed specifically against the Boers of the Zoutpansberg who in earlier times, just after settling here, raided the Bahananoa more than once and removed some of their <i>prime cattle</i>, of course, according to the Boers, justifiably and not without provocation.</p>	<p>Ook hierdie punt van Sonntag kan ondersteun word uit reedsgenoemde bewyse van die lang geskiedenis van Boer-Hananwa-spanning. Opmerklik is hoe Sonntag sy afkeur in die Boere se eiegeregtigheid te kenne gee.</p>
<p>4. Der genannte Kommiss. Besitzt nicht eine Spur von Vertrauen. Um folgender Vorfälle willen ist man der Meinung, daß er nicht von der Regierung geschickt, sondern auf eigne Faust handele:</p>	<p>4. The <i>Native Commissioner B Vorster</i>, although undoubtedly a distinguished member of the Boer community, was not afforded even a glimmer of confidence by the Bahananoa. They honestly believed that Vorster did not represent the Government but acted on his own responsibility.</p>	<p>Vorster se aansien in die Boeregemeenskap, in hierdie spesifieke geval 'n opmerking wat deur die vertaler bygevoeg is, kan uit verskeie oorde bevestig word,¹ maar dit lei geen twyfel dat sy optrede in die Blouberg-omgewing gespanne verhoudinge met die Hananwa aangemoedig het nie. In die Argiefgroepe van die Landdros van Soutpansberg en die Staatssekretaris</p>

van die ZAR, kan insae gekry word in talle die briewe waarin hy die Transvaalse regering se steun vir 'n grootskaalse veldtog teen die Hananwa probeer wen.² Afgesien van die sendeling en die Hananwa, het die Engelstalige pers Vorster ook daarvan verdink dat hy persoonlike finansiële voordeel uit die onderwerping van die Hananwa sou trek.³

1. C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag), p. 11. Sien ook Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: A 126, p. 104: Herinneringsboek van Barend Jacobus Vorster, 1913-08-20: "BJ Vorster was lange jare regter in Zpberg. Hy had nooit 'n lyfwag nie, want sy [wit / Boere-] publiek het hom liefgehad en hy het hulle liefgehad."
2. Sien byvoorbeeld: TAB: SS. 4140, R. 17552/90: Wd. Landdrost Pietersburg zendt rapport van Comms Vorster waarin hy meldt van botsingen die hy had by de vordering van belasting by Kapitein Malleboch, 1890-12-19, pp. 88-98. Sien ook TAB: ZZG. 15: BB. 702/94, 1894-05-09, p. 690; BB. 722/94, 1894-05-12, p. 710; BB. 726/94, 1894-05-12, p. 715; BB. 846/94, 1894-05-21, p. 761.
3. Die Britse agent in Petoria het byvoorbeeld die volgende aan Sir Henry Loch, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, laat weet: "A Gentleman connected with a newspaper up here told me this morning that affidavits will shortly be published to show that the whole disturbance was caused by Commandant Vorster and the Native Commissioner robbing Malapoch's Kafirs of hundreds of cattle under false pretences." PRO: Enclosure to CO. 417/120, 10894: Commandeering of British subjects, A. de Wet, Pretoria – H. Loch, Cape Town, 1894-05-28.

Christoph Sonntag	Konrad Sonntag	Kommentaar
a) Die bekende Wegnahme der 100 Stück Vieh und das unrechtmäßige Zurückhalten der 9 Stück.		Hierdie insident, wat einde 1893 plaasgevind het, is breedvoerig deur Sendeling Sonntag beskryf en ook deur die vertaler in die Engelse publikasie opgeneem, hoewel laasgenoemde dit nie nodig geag het om die gebeure weer hier op te haal nie. Vorster en 'n paar Boere

en swart helpers het naamlik die oggend van 22 Desember 1893 honderd beeste van die Hananwa gekonfiskeer. In antwoord op die brief wat Sonntag in opdrag van Mmalebôhō aan die kommissaris geskryf het, het hy laat weet dat die Hananwa-beeste opgeëis is as vergoeding vir ses-en-dertig beeste wat die Hananwa van hom gesteel het. Teen April 1894 het Sonntag berig dat die beeste, op nege (vertaler beweer tien) na, aan die Hananwa teruggegee is nadat hulle kon bewys dat al die gekonfiskeerde vee wettiglik aan hulle behoort het.⁴

In die lig van die argivale getuienis hierbo genoem, is Sonntag se verklaring vir Vorster se optrede, geloofwaardig: Dat Vorster gehoop het dat hy die Hananwa deur die konfiskering van die beeste sodanig sou kon probeer “to commit some foolish deed which would motivate a declaration of war on them.”⁵ Wat hierdie afleiding van Sonntag verder ondersteun, is wat Vorster met die terugbesorging van die vee volgens Mmalebôhō se hoofvertegenwoordiger kwytgeraak het: “Tell your chief he must take care: one of these days I will haul him out of his mountain-fastness”.⁶

-
4. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., pp. 14-17 (22 Desember 1893 & 1 Januarie – 15 April 1894); C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 178-185 (inskrywing op 21 Februarie 1894)
 5. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 15: “The thought immediately occurred to me that the purpose of the removal of the cattle was to provoke the Bagananoa to commit some foolish deed which would motivate a declaration of war on them.” Sien ook C. Sonntag, *Notizen* ..., p. 182: “Ich hatte sofort den Eindruck: Man will die Bagan. zu irgend einer Thorheit hinreißen, um Anlaß zu haben, ihnen den Krieg zu erklären.”
 6. C. Sonntag, *My friend Maleboch* ..., p. 18: “Tell your Chief he must take care: one of these days I will haul him out of his mountain-fastness.” Sien ook C. Sonntag, *Notizen* ..., pp. 184-185: “Sag deinem Häuptling, er soll sich in acht nehmen, ich werde ihn eines Tages noch aus seinem Felsenest holen.”

Christoph Sonntag	Konrad Sonntag	Kommentaar
<p>b) Schloß mit dem Nebenbuhler von Kibi, dem Feind Malebochs, zuerteilt wurde, bestärkt die Bahananoa in ihrer Vermutung, daß alles nur ein Werk B. Vorsters u. Kibi (Kompanie) sei. In dieser Ansicht wurden sie um so mehr bestärkt, da der Kommiss die Bitte, näher zu kommen abschlug und sein Quartier in der Nähe Kibis aufschlug. Daß der Kommiss. Molebane, den Ärgsten in der Viehgeschichte, beistand, macht die Bahananoa ebenfalls stutzig. Die Furcht der Rapport-Überbr., es könnte ihm der Bauch womöglich aufgeschlitzt werden, Deutsch ausgedrückt in dem Sprichwort: "Was ich selber denk und tu, trau ich auch wohl andern zu."</p>	<p>5. <i>The Bahananoa objected strongly to what might be called a bond of friendship that Vorster had concluded with Kibi, Maleboch's arch-enemy.</i></p>	<p>Anders as in die oorspronklike teks, herhaal die vertaler hier nie weer die gesprekskonteks waaruit afgelei is dat die Hananwa van Mmalebôhō sterk beswaar gehad het teen die vriendskapsbande tussen Kibi en Vorster nie. Ter verheldering word die Engelse vertaling van dié gesprek wat reeds op 3 Mei plaasgevind het, tog hier aangehaal: "Maleboch sent his half-brother to me with two questions: 'Tell me, Mynheer, how can I, the Chief, go to the Commissioner, knowing beforehand that I might meet Molibane, the person who unjustly accused us of cattle-theft? Second question: 'How can I go to him where he has set up his camp near my arch-enemy Kibi?'"⁷</p>

Teenoor Kibi se verskoning dat dit Mmalebôhō was wat hom daarvan weerhou het om belasting aan die Boere te betaal, was dit nie sendeling Sonntag se ervaring gewees dat Mmalebôhō en sy raadgewers daardie onderdane van hulle wat wel besluit het om belasting te betaal, verstoot of leed aangedoen het nie.⁸ Kibi se verskoning was heel moontlik eerder deel van sy algemene taktiek om Mmalebôhō te probeer uitoorlê deur hom in ongunns by die Boere te bring.

7. C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, p. 27; C. Sonntag, *Notizen ...*, p. 191 (1894-05-03). Molebane was die persoon wie se optrede in Desember 1893 daartoe aanleiding gegee het dat Vorster 'n honderd van die Hananwa se beeste konfiskeer het.
8. Sonntag self is byvoorbeeld nie berispe of tereggewys toe hy Mmalebôhō se raadgewers meegedeel het dat hy Khobe se mense aangeraai het om belasting te betaal en bygestaan het om dit aan Vorster te gaan meedeel nie. Die Hananwa-leiers het wel in hulle argumente daarop gewys dat daar Hananwa was wat ten spyte daarvan dat hulle die belasting betaal het, onder Boerebrutaliteit deurgeloopt het. Sien C. Sonntag, *My friend Maleboch ...*, pp. 29, 33 & 43.

Christoph Sonntag	Konrad Sonntag	Kommentaar
5. Der Unglücksfall, der zum Todesfall wurde.		Sendeling Sonntag verwys hier na die ongelukkige Hananwa-man, Induba, wat dood is toe die Boere hom laat osvel ry het – sien weer die dagboek inskrywing op 8 Mei 1894.
6. Was besonders eine freundliche Lösung erschwert, ist der Tod der beiden Leute in den Gärten.		Sendeling Sonntag verwys hier na die ander insident wat ook op 8 Mei 1894 opgeteken is, toe die Matlala-polisie van Vorster twee Hananwa-mans wat hulle lande gaan oes het, doodgeskiet het. Punt 5 verteenwoordig saam met punt 6 die twee insidente waarvan die vertaler vroeër in sy teks reeds soveel gewag gemaak het.
7. Das Verbrennen des bereits geschnittenen Korns.		

Christoph Sonntag	Konrad Sonntag	Kommentaar
8. Das Abbrennen von Kraalen und stehlen von Dingen durch schwartze Polizisten.		Punte 7 en 8 verwys na die Boere se taktiek om die Hananwa se kosvoorraad te vernietig in 'n poging om hulle oor te haal om belasting te betaal. Dit was 'n aktiwiteit waarmee veral Vorster en sy swart polisiemanne druk bedrywig was nog voordat die ander Boerekommando's Blouberg bereik het. ⁹ In plaas daarvan om Mmalebôhō en sy raadgewers oor te haal om belasting te betaal, het dit hulle eerder verder oortuig van Vorster se vasberadenheid om hulle te vernietig.
9. Der Kommiss hätte die Ochsen und das Geld nicht zurückweisen sollen.		Sendeling Sonntag verwys hier waarskynlik daarna dat Vorster ongedisiplineerde optrede deur sy swart polisiemanne oogluikend toegelaat het; hy het immers self aan soortgelyke selfverryking meegedoen.
10. Besonders viel Einfluß hat das Gerücht: Kommt der Häuptling vom Berg herab, so wird er gefangen und getödtet. Diese Furcht lag gleich am Anfang vor. (pp. 199-200)		In die lig van bogenoemde, maak die Hananwa se vrees vir hulle leier se kop selfs meer sin.

9. TAB: KG. 78, CR. 1572/94: B.J. Vorster – P.J. Joubert, 1894-05-08. Sien ook: TAB: ZZG. 15, BB. 702/1894, 1894-05-09, p. 690; BB. 722/94, 1894-05-12, p. 710; BB. 846/94, 1894-05-21, p. 76, asook TAB: SN. 175: B.J. Vorster – Koms. Nat. Rhenosterpoort, 1894-05-12; K.G./ S. Nat – Koms. Nat. Klipdam, 1894-05-16.

SUMMARY

Besides Hananwa memories, the historiography on the Boer Hananwa War of 1894 produced over the past century, forms a significant collection. Very prominent among the written sources from which the course of the war can be (re)constructed, are the published diaries of Anglican priest Colin Rae and Berlin missionary Christoph Sonntag. Rae's *Malaboch, or notes from my diary* and Sonntag's *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* are the only two publications with eyewitness accounts which deal in their entirety with the events of May to August 1894. In the research on the conflict of 1894 undertaken thus far, 'facts' have readily been taken over from the documents, but the way in which meaning was brought about in the texts as a whole; through selection, ordering and the 'conversation' between texts, has not yet been investigated properly. The point of departure in this study is that historical meaning is not being generated on the level of the individual statement, but through the way in which the historical facts are integrated into a historical text. With concepts borrowed from literary theory, a comparative deconstruction is undertaken in an attempt to weigh the relative value and meaning of each text as a history-producing document. Firstly the historical, geographical and biographical contexts in which the texts can be read, are explored. The earlier representations of each text that served as intertexts for the two publications, are unravelled. Then the reception of the texts by different generations of readers is investigated. Lastly, the composition of both narratives in the form of a prelude, course and ending to the war, is compared. It seems as if the narrating authors do not necessarily need to be read as if they were playing the leading roles. In the reading process it is possible to reverse the initiative that at first glance seems to lie with narrator of the narrative. Thus the 'Other', the Hananwa, can also be represented as characters who take initiatives, instead of ones who just respond to the actions of others.

1

Hananwa	Boere	Blouberg	sonnpansoerig	intertekstualiteit
Sonntag	Rae	dagboek	vergelyking	geskiedskrywing
Mmalebôhō	Joubert	Vorster	oorlog	

SUMMARY

Besides Hananwa memories, the historiography on the Boer Hananwa War of 1894 produced over the past century, forms a significant collection. Very prominent among the written sources from which the course of the war can be (re)constructed, are the published diaries of Anglican priest Colin Rae and Berlin missionary Christoph Sonntag. Rae's *Malaboch, or notes from my diary* and Sonntag's *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* are the only two publications with eyewitness accounts which deal in their entirety with the events of May to August 1894. In the research on the conflict of 1894 undertaken thus far, 'facts' have readily been taken over from the documents, but the way in which meaning was brought about in the texts as a whole; through selection, ordering and the 'conversation' between texts, has not yet been investigated properly. The point of departure in this study is that historical meaning is not being generated on the level of the individual statement, but through the way in which the historical facts are integrated into a historical text. With concepts borrowed from literary theory, a comparative deconstruction is undertaken in an attempt to weigh the relative value and meaning of each text as a history-producing document. Firstly the historical, geographical and biographical contexts in which the texts can be read, are explored. The earlier representations of each text that served as intertexts for the two publications, are unravelled. Then the reception of the texts by different generations of readers is investigated. Lastly, the composition of both narratives in the form of a prelude, course and ending to the war, is compared. It seems as if the narrating authors do not necessarily need to be read as if they were playing the leading roles. In the reading process it is possible to reverse the initiative that at first glance seems to lie with narrator of the narrative. Thus the 'Other', the Hananwa, can also be represented as characters who take initiatives, instead of ones who just respond to the actions of others.

OPSOMMING

Naas Hananwa-herinneringe, is die geskiedskrywing van die afgelope eeu oor die Boer-Hananwa-oorlog van 1894, 'n substansiële versameling. Onder die geskrewe bronne waarvolgens die verloop van die oorlogsgebeure ge(re)konstrueer kan word, is die gepubliseerde dagboeke van die Anglikaanse priester Colin Rae en die Berlynse sendeling Christoph Sonntag baie prominent. Rae se *Malaboch, or notes from my diary* en Sonntag se *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* is die enigste twee publikasies met ooggetuieverslae wat in geheel aan die gebeure van Mei tot Augustus 1894 gewy word. In die navorsing wat tot dusver oor die 1894-konflik onderneem is, is 'feite' geredelik uit die tekste oorgeneem, maar die wyse waarop betekenis in die tekste as geheel, deur seleksie, ordening en 'gesprek' met ander tekste tot stand gekom het, is nog nie werklik ondersoek nie. Die uitgangspunt in hierdie studie is dat historiese betekenis nie op die vlak van die individuele stelling tot stand kom nie, maar deur die wyse waarop die historiese feite in 'n historiese teks geïntegreer word. 'n Vergelykende dekonstruksie word met leen-konsepte uit die literêre teorie onderneem om die relatiewe waarde en betekenis van elke teks as geskiedeniskeppende dokument te oorweeg. Eerstens word die historiese, geografiese en biografiese kontekste waarin die tekste gelees kan word, verken. Die vroeëre weergawes van elke teks wat as intertekste vir die publikasies gedien het, word ontrafel, waarna die 'ontvangs' van die tekste deur verskillende generasies lesers nagegaan word. Laastens word die samestelling van beide narratiewe in die vorm van 'n aanloop, verloop en afloop vir die oorlog, vergelyk. Dit blyk dat die vertellende outeurs nie noodwendig in die rol van hoofkarakter gelees hoef te word nie. Die inisiatief wat in die vertellers se narratiewe neig om by hulleself te lê, kan in die leesproses omgekeer word sodat die 'Ander', die Hananwa, ook as handelend voorgestel kan word.

Hananwa	Boere	Blouberg	Soutpansberg	Transvaal
Sonntag	Rae	dagboek	vergelyking	intertekstualiteit
Mmalebôhô	Joubert	Vorster	oorlog	geskiedskrywing